Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

NUWE EN OU DINGE

"Uit die skat van die Koninkryk"

DEUR

Prof. W.J. Snyman

(Versamel en aan hom opgedra deur sy oud-studente by geleentheid van sy sewentigste verjaarsdag)

Redakteur: P.C. Snyman (B.A., Th.B.)

Inhoud

WOORD VOORAF **4**

UIT DIE LEWE VAN PROF. SNYMAN **6**

GELEENTHEIDSREDE TEN TYE VAN SY SEWENTIGSTE VERJAARDAGVIERING OP POTCHEFSTROOM **8**

DEEL I **0**

DIE KERK 0

1. DIE KERK 0
2. DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD "KERK" IN DIE NUWE TESTAMENT 7
3. DIE KERK IN DIE NUWE TESTAMENT — EN VANDAG 17
4. DIE KERK VAN CHRISTUS IN AFRIKA 25
5. DIE KERK EN SY EKUMENIESE ROEPING VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT 32
6. EKUMENIESE BEWEGINGS (1) 39
7. EKUMENIESE BEWEGINGS (2) 41
8. EKUMENISITEIT VAN DIE KERK BY CALVYN 43
9. SAMESPREKING TUSSEN KERKE 48
10. EENHEID VAN DIE KERK 52
11. EENHEID IN VERSKEIDENHEID 54
12. BEWARING EN VERMEERDERING 56
13. UITBREIDING EN BEWARING (1) 58
14. UITBREIDING EN BEWARING (2) 61
15. 'N NUWE KERK 63
16. STEMME UIT AFRIKA 65
17. MY KERK EN EK 67
18. EVANGELISASIE EN DIE AMP VAN GELOWIGES 70

Deel II **72**

DIE KONINKRYK 72

1. RIGLYNE IN DIE OPENBARINGSGESKIEDENIS VAN DIE NUWE TESTAMENT 72
2. DIE VRYHEID VAN EKSEGESE 75
3. JOHANNES DIE DOPER (SY VERSKYNING, OPTREDE EN BETEKENIS) 89
4. JOHANNES DIE DOPER (SY PREDIKING EN DOOP 91
5. JOHANNES DIE DOPER (SY DOOP EN PREDIKING 94
6. DIE NABYHEID VAN DIE KONINKRYK 96
7. DIE KONINKRYK VAN GOD IN DIE NUWE TESTAMENT 107
8. DIE PREDIKING VAN PAULUS — OPENBARINGSHISTORIES 124
9. GESKIEDENIS EN HEILSGESKIEDENIS BY BULTMANN 131
10. LEWE, DOOD EN ONSTERFLIKHEID IN DIE NUWE TESTAMENT 143
11. OOR DIE KOMENDE DINGE 155
12. DIE KOMENDE DINGE 157

Deel III **161**

DIE VOLK 161

1. RASSEVERHOUDINGE IN DIE SKRIF 161
2. RASSEVERHOUDINGE IN DIE NUWE TESTAMENT EN DIE KERK 169
3. LAND EN VOLK IN DIE BYBEL 182
4. 'N RIGTINGGEWENDE BESLUIT 188
5. VOLKSKONGRES OOR KOMMUNISME 190
6. CALVYN OOR DIE LEWE 193
7. DIE KERK EN DIE VOLKSBELANG 196
8. CALVYN OOR KERK EN VOLK 198
9. VOLK EN KERK 200
10. CHRISTELIKE VRYHEID EN HOËR ONDERWYS 202
11. DIE AFRIKAANSE VOLK SE KRAG IS IN CALVINISME 203
12. APE-TEORIE VERSTEWIG NIE SUID-AFRIKA SE BELEID NIE 206
13. HAND IN EIE BOESEM OOR UITVOERING VAN VOLKEREBELEID 208
14. KRAG VAN CHRISTELIKE BEGINSELS NODIG VIR SUID-AFRIKA SE VOLKEREBELEID 210

15. ANTIFRONT NIE GENOEG NIE 212
16. MODERNE MENS STAAN VOOR NUWE GRENSSITUASIES 214
17. WAAR DIE WEË SKEI — SONDE HET NIE RASSE EN VOLKE LAAT ONTSTAAN NIE 217
18. MOENIE NET KERK EN VOLK RAAKSIEN NIE 218
19. NOG KONSERWATISME, NOG LIBERALISME 221
20. IN DIE TEKEN VAN DIE TYD (1) 223
21. IN DIE TEKEN VAN DIE TYD (2) 225
22. SUID-AFRIKAANSE REALISME VEREIS NIE-BLANKE NASIEBOU 227
23. VIER GELOFTEDAG SOOS 'N SONDAG 230
24. KERKROEPING, VOLKERE EN POLITIEKE BELEID 233
25. DIE BYBEL HET VOORUIT GESÊ VAN "WATERBESOEDELING" 236
26. DIE STEM VAN DIE GESKIEDENIS 241
27. LUNTEREN (1) 245
28. LUNTEREN (2) 248
29. LUNTEREN (3) 250
30. CHRISTELIKE WETENSKAP — BYGELOOF VERDRYF MAAR NIE GELOOF NIE 253
31. VERLOSSING 'N TE SWARE TAAK VIR DIE WETENSKAP 256

Deel IV 259

WOORDVERKONDIGING 259

1. NUWE EN OU DINGE 259
2. DIE BEKER VAN GOD 263
3. ONS KERKSEËL 266
4. DIE UITNEMENDE WEG 271
5. DIE EINDEVANGELIE 275
6. TERUGBLIK EN TOEKOMSBLIK 278
7. TERUGKEER EN OPSTANDING 282
8. TUIN EN WOESTYN 283
9. MENSWAARDIGHEID 285
10. TEKENS VAN DIE TYD 287
11. KENŌSIS (ONTLEDIGING) 290
12. ONS IN CHRISTUS — CHRISTUS IN ONS 291
13. GODSDIENS EN ARBEID 292
14. VERDEEL EN HEEL 294
15. VAN DIE AARDE AF — VAN DIE MENSEKINDERS AF WEG 295
16. DIE VRUG VAN DIE LAND 296
17. KONINKRYK EN NASIES 298
18. VIR VOLK EN VADERLAND 300
19. VAN VOLK TOT VOLK 302
20. JESUS EN DIE SAMARITAANSE 304
21. DIE WONDER VAN AANNEMING 306
22. DIE SIMBOLIEK VAN DIE GETALLE IN OPENBARING 308
23. GEDAGTES VIR VRUGBARE SKRIFSTUDIE 310

WOORD VOORAF

Ondergetekendes het die geleentheid van u sewentigste verjaarsdag spontaan aangegryp om aan u, hooggeagte prof. Snyman, hierdie bundel, bestaande uit pennevrugte van u eie hand, as bewys van ons opregte dank vir u teologiese arbeid aan te bied. Op hierdie wyse sal u teologie vir die Kerk en Koninkryk van God in Suid-Afrika van veel groter en blywender betekenis kan wees. Reeds geruime tyd bestaan daar 'n groot behoefte om u werk, wat in 'n hele reeks tydskrifte verspreid lê, in een bundel saam te vat.

Dit spreek vanself dat hier, waar slegs 'n keur van u waardevolste bydraes aangebied word, nie sprake kan wees van 'n versamelwerk nie. En tog kom hierin ook iets van 'n versamelwerk na vore. Daarom is die stof in breë trekke chronologies *ingedeel, terwyl die onderafdelinge — sover moontlik —* logies *geordeen is. Dit bied meteen 'n beeld van u teologiese ontplooiing. 'n Slothoofstuk oor "Woordverkondiging" is bygevoeg, nie alleen omdat ons u daar as uitnemende eksegeet leer ken nie, ook nie bloot omdat die "gewone lidmaat" hiermee iets aan die bundel mag hê nie, maar omdat daaruit blyk dat u eerder* prediker *as* teoloog *is, beter gesê: dat u teologie* beleefde *en* deurleefde *teologie is. Teologie en Kerk/Koninkryk hang onlosmaaklik saam. Teologie wat nie afgestem is op Kerk en Koninkryk nie, is geen teologie nie maar abstrakte teorie wat heerlik ontaard in ideologie. U het ons geleer hóé teologie beléef moet word.*

Die naam van die bundel is "Nuwe en Ou Dinge" — met verwysing na Matt. 13:52, waaroor u eerste preek in hierdie bundel (Deel IV) ook handel — omdat u ganse teologie sentreer rondom die dinge van die Koninkryk (Hand. 1:3; 28:31), waaroor die Here Jesus dit selfs nog ná Sy opstanding vir veertig dae gehad het.

In 'n sekere sin is dit vir u die "hermeneutiese sleutel" van die hele Nuwe Testament.

Waarom dit in die Koninkryk van God nie nét om "nuwe dinge" gaan nie (progressiwisme) maar óók om die "oue", en nie net om die "ou dinge" nie (tradisionalisme) maar ook om die "nuwe", ja, waarom dit selfs eerstens om die "nuwe" gaan, dit alles kan in hierdie bundel gelees word, maar veral in die preek oor hierdie tema.

Ons wens u en u vrou nog veel Koninkryksvreugde en -seën toe.

Langs redaksionele weg wil ons hiermee ook 'n dankwoord laat hoor aan die broeders wat ywerig gehelp het om die stof te versamel, hoewel hulle nie lede van die werkkomitee was nie, nl. ds. T. A. Liebenberg, Bennie van der Walt en G. H. J. Snyman, voorheen van die P.U. vir C.H.O.

Prof. H. C. van Rooy en die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek het alle artikels en stukke fotostaties afgedruk. Ook aan hulle wil ons hiermee baie dankie sê vir hulle bereidwillige hulp.

Mnr. L. J. Malan van die Helpmekaar Hoër Seunsskool, Johannesburg, verdien ons hartlike dank vir sy taalkundige advies.

Ná die ter perse gaan van hierdie manuskrip het nog weer 'n hele aantal artikels en redes van die jubilaris verskyn. Ten einde die bundel nie 'n al te lange tyd terug te hou nie, het ons dit daarsonder laat verskyn. Miskien kan dit goedskiks by eventuele herdruk bygewerk word.

Breë redaksie: *L. Floor,*
T. van der Walt,
P. C. Snyman,
J. H. van Wyk.

Eindredaksie: *P. C. Snyman,*
J. H. van Wyk.

Junie 1974.

UIT DIE LEWE VAN PROF. SNYMAN

> *"Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem, word in die koninkryk van die hemele" (Matt. 5:19).*

Ek het aanvanklik baie gehuiwer toe die werkkomitee van hierdie bundel my gevra het om iets uit die lewe van my vader mee te deel.

Die rede daarvoor is natuurlik daarin geleë dat 'n mens so na aan so 'n persoon staan dat jy miskien nie die regte dinge, die gevraagde dinge vir die doel van so 'n bundel raaksien nie.

By verdere oorweging van die versoek het dit vir my duidelik geword dat daar, behalwe die groot voorreg daarvan, ook 'n hoër opdrag en verantwoordelikheid in lê.

Dit hang saam met die woorde van die Here Jesus in Matthéüs 5, hierbo aangehaal.

Van elke leraar wat met gesag die mense leer, en dus nie soos die Fariseërs wat nie met gesag leer nie ("want hulle praat en doen nie", vgl. Matt. 23:3), word verwag dat sy woorde in ooreenstemming moet wees met sy dade.

Miskien is dit juis ten opsigte van hierdie Koninkryksvereiste, en te meer omdat hierdie boek ook die subtitel, "Uit die Skat van die Koninkryk", dra dat die getuienis van iemand wat náby die geëerde persoon lewe, van waarde kan wees.

My vader het van die Here die gawes ontvang wat vir 'n leermeester nodig is. So iemand moet nie alleen kennis besit nie (en dus hard studeer nie), maar hy moet daarby ook 'n wyse man wees.

Wysheid is dieper toerusting as kennis wat deur studie verkry word.

Die toerusting van wysheid kom dus uit die groot lewe daarbuite met sy lief en leed, soos God 'n mens dit leer ken en aanvaar.

Dit is daar om dat my vader se jeugjare in Steynsburg belangrik is vir die regte begrip van sy werk as wyse leermeester.

Hy het sy ouers albei verloor toe hy 16 jaar oud was. Sy vader, dr. P. C. Snyman, in lewe predikant van Steynsburg (seun van ds. W. J. Snyman van Venterstad), is in die fleur van sy lewe, in die ouderdom van 39 jaar, op tragiese wyse deur die Here weggeneem — 'n maand na die dood van sy vader. Kort daarna is ook my vader se moeder, suster van wyle ds. J. A. van Rooy, oorlede. Haar dood het die gesin, met my vader as die oudste van sewe kinders, alleen gelaat.

Ons kon dit in later jare goed verstaan waarom my vader as predikant so innig kon meelewe met gesinne wat dierbares aan die dood moes afstaan. Die diep deurgronding van leed, self ervaar en oorwin in eie kinderlike gemoed, het hom in staat gestel om by geleentheid van baie begrafnisse 'n troosrede uit te spreek waarin die ervare leermeester na vore gekom het.

Hy kon ook later sy studente met priesterlike bewoënheid in hulle probleme verstaan, en hulle het dit altyd aangevoel en sy raad, selfs in persoonlike sake, gevra en gekry. Iemand wat soos hy die jongmense verstaan en help dra het aan hulle probleme, kon ook later hierdie veelbetekenende woorde neerskryf: "Die taak van die Kerk is jeugsorg. En dan jeugsorg as onderdeel van die amptelike herderlike werk. 'Wei my lammers'. Dan is daar nie 'n jeugprobleem nie, maar jeugprobleme ..." *("Meetsnoere vir die Jeug", 1950, p. 54.)*

Hy was nie net priesterlik toegerus met die regte bewoënheid teenoor sy studente nie. Hy was ook diep *nederig in hulle teenwoordigheid. Wat hy aan aanvaarding van smart geleer het, het hom ook nederig gestem teenoor minderes. So kon hy op 'n dag, nadat hy 'n sekere mening omtrent 'n studente se werk uitgespreek het en agterna*

gesien het dat hy haar met iemand anders verwar het, na haar koshuis terugry, vra om haar te spreek en haar om verskoning vra vir die onreg wat hy haar aangedoen het. Haar ouers het dit jare later aan my in die gemeente vertel.

Tog het sy studente altyd in hulle nederige en simpatieke leermeester 'n streng en gedissiplineerde voorganger gehad. Hy het by hulle (ons) geen twyfel gelaat oor wat van hulle verwag word nie. Die dissipline wat hy in sy lewe en werk ingedra het, het hy ook van sy studente gevra. In die eksamenkamer was hy konsekwent en onpartydig, wie ook al die eksamen moes aflê.

As leermeester was hy ook veelsydig en geseën, nie alleen met insig en versigtigheid nie, maar ook met omsig. Hy kon uiteenlopende rigtings in die wetenskap met groot konsentrasie bemeester. Ons het hom in die sendingveld leer waardeer as iemand met lewenswysheid gepaard met vakkennis. Op 'n dag was ons besig op 'n sendingpos, waarheen hy ons vergesel het. Toe ons in die warm middaguur onder die bome uitrus, het 'n Venda-vrou kom staan en raas omdat "die sendeling se skool haar kind leer om haar nie te gehoorsaam nie".

My vader het ons onmiddellik gemaan om versigtig te wees teenoor die vrou en eers te verneem wat die eintlike probleem was. Viteindelik het dit toe geblyk dat die kinders in die skool *geleer is dat die stamskole skadelik is vir hulle geloof in Christus, vanweë die feit dat hulle heidens is. Wat 'n hewige konflik kon wees, het met sy insig 'n aangename les geword waarin hy ons die dieper probleem geleer het van die botsing van kulture enersyds en die regte van 'n moeder op haar kind andersyds. "Die geestelike verhoudinge maak nie die natuurlikes dood nie, maar verdiep dit", het hy gesê.*

My vader het sy studente altyd geleer hóé om die Bybel te lees (vergelyk ook die laaste stuk in hierdie bundel onder die titel "Gedagtes vir Vrugbare Skrifstudie"). Dit kon hy doen, omdat hy self 'n aktiewe Skrifstudent gebly het. Hy het soggens minstens 'n uur voor ons opgestaan om Bybel te lees. So het ek hom met vakansie by die see die boek Jesaja met die potlood sien deurwerk. Selfs gedurende die dag het hy met Jesaja op die stoepie gesit. Ek weet dat baie van daardie waardevolle gegewens later in sy klasse aangewend is, veral in die Openbaringsgeskiedenis.

Ek het my vader ook leer ken as gebedsman. Vir die opgroeiende kind is 'n biddende vader 'n vanselfsprekendheid. Vir 'n opgegroeide mens is 'n biddende vader 'n diepe gerusstelling en 'n baie groot voorbeeld. Sy openbare gebede en klasgebede was dan ook altyd 'n openbaring van diep deurleefde geloofservaring. Hy was altyd afkerig van gebedsnedes en formuliergebede. Hy sou liewer na woorde soek as om niksseggende woorde te gebruik

As daar 'n Skrifwoord is wat ons as sy studente ter harte behoort te neem. aan is dit die een:

> *"Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig,*
> *want hulle waák vir julle siele as diegene wat rekenskap*
> *moet gee ..." (Hebr. 13:17).*

Daar het nou, op 70-jarige leeftyd, 'n tydperk van welverdiende rus aangebreek. Ons mag ook langs hierdie weg my vader en moeder, wat ook haar beskeie deel bygedra het tot sy vrugbare lewe in diens van skool, Kerk en volk, van harte gelukwens met soveel wat mooi en waardevol is vir ons almal. Ons bede is dat hulle die kroon van die jare se harde werk in hulle ouderdom met vreugde mag dra, ook dat hulle nog veel, op hulle kenmerkende wyse, sal bydra tot die vorming van die wat na hulle kom.

Ds. P. C. Snyman.

GELEENTHEIDSREDE TEN TYE VAN SY SEWENTIGSTE VERJAARDAGVIERING OP POTCHEFSTROOM[1]

Meneer die Seremoniemeester, Hooggeagte professor en mevrou Snyman, Hooggeagte Rektor, Dames en Here,

Soos ons vandag saamgekom het om 'n leermeester te eer, so was daar in die somer van 1929 te Berlyn in Duitsland 'n soortgelyke saamtrek. Leerlinge en vereerders van Adolf von Harnack het saamgekom om die agt-en-sewentigjarige geleerde te huldig. Op daardie akademiese byeenkoms het Dietrich Bonhoeffer die feesrede uitgespreek. In sy huldigingstoespraak het Bonhoeffer 'n opmerking teenoor Von Harnack gemaak wat ek sonder aarseling durf oorneem en op u, die magister, en op ons, die discipuli durf toepas. Bonhoeffer het naamlik gesê: "Dasz Sie unser Lehrer in vielen Stunden waren, ging vorüber; dasz wir uns Ihre Schüler nennen dürfen, bleibt".[2] Hierdie woorde is ook op ons verhouding tot u van toepassing. U was vir 'n kortere of langere tyd ons leermeester en dit het verbygegaan, en met dankbaarheid kan ons daaraan terugdink. Maar ons kan ook met vreugde vasstel dat ons, hoewel die meeste nie meer u klasse kom bywoon nie, tog u leerlinge gebly het. En dit is 'n bewys dat u onderwys 'n onvergeetlike stempel op ons afgedruk het.

Aan my is die eervolle opdrag gegee om vandag hierdie stempel te teken en 'n kenskets van u as teoloog en Nieu-Testamentikus te gee; ek wil dit maar doen met die woorde waarmee u uself aangedui en getipeer het.

Nadat op die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1976 woorde van dank en waardering aan u gerig is, het u op gepaste wyse vir daardie dankbetuiging bedank. U het toe met name gewys op die pad wat die Gereformeerde Kerk in die 40 jaar dat u sinodes meegemaak het, bewandel het. U het met nadruk daarop gewys dat die Gereformeerde Kerk nie die weg van die antitese of sintese met kerke wat verlaat is, gegaan het nie, maar die derde weg, naamlik die van ernstige broederlike samesprekings. Vervolgens het u toe daarop gewys dat die kerke vandag, waar 'n wêreldprobleem hom in Suid-Afrika saamtrek, voor 'n roeping staan. En toe het u, prof. Snyman, hierdie gedenkwaardige woorde gespreek: "Die pad van die Gereformeerde Kerk moet nie deur ander mense (antitese of sintese) bepaal word nie, maar moet deur God bepaal word".[3]

Dit lyk vir my ons vind hier 'n belangrike leidraad ter tipering van u as teoloog, Nieu-Testamentikus en kerkman.

Hooggeagte professor Snyman, as een van u dankbare leerlinge wil ek u vandag namens al u dissipels aandui as *"die man van die derde weg". In hierdie aanduiding lê vir my die karakteristiek van u wetenskaplike arbeid en u optrede en daarom wil ek graag op hierdie tema verder uitbrei.*

"Man van die derde weg". Ek is my bewus dat hierdie tipering wel 'n noukeurige eksegese vra, want hierdie uitdrukking is vatbaar vir allerlei misverstande. Ons kan hierdie tipering, "Man van die derde weg", sowel filosofies as teologies verstaan. Wanneer ons die pad van die filosofie kies, dan kom ons uit by Hegel met die hoëre sintese van tese en antitese. Maar u het juis *in u klasdiktaat,* Besondere Kanoniek van die Nuwe Testament, *ons ernstig gewaarsku teen die invloed van die Hegeliaanse filosofie in die kanoniek van die Nuwe Testament soos dit in die sogenaamde Tübinger Skool onder leiding van F. Chr. Baur sigbaar geword het. U wou niks weet van 'n hoëre sintese tussen Matthéüs en Lukas in Markus nie, en ook het u die gedagte afgewys van 'n sintese tot 'n soort vroeg-Katolisisme in die kleinere briewe van Paulus, tussen Petrus,*

---

[1] Het verskyn in *'n Lig vir die volke,* Pro Rege, Potchefstroom, 1969, pp. 70—78.

[2] E. Bethge, Dietrich Bonhoeffer: Eine Biografie, 1967, p. 175.

[3] Handelinge van die Ses-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1967, p. 605.

die man van die wet en Paulus, *die man van die genade, of, soos u dit self so kostelik in u klasdiktaat uitgedruk het: die sintese van "'n gepauliniseerde Petrus en 'n gepetriseerde Paulus in die Handelinge".*[4]

Ons kan egter die tipering, "Man van die derde weg", ook teologies benader en dan kom ons uit by Calvyn, want ook die hervormer uit Genève kan ons aandui as "'n man van die derde weg". Enersyds het Calvyn hom kragtig verset teen die Rooms-Katolieke Kerk wat die pneumatologie, die leer van die Heilige Gees in die sakramentsleer, begrawe het,[5] *maar aan die ander kant het Calvyn met dieselfde krag van sy gelowige denke die Doperse rigting beveg, omdat daardie rigting Woord en Gees heeltemal van mekaar geskei het.*[6] *Die derde weg, as 'n anti-Roomse en 'n anti-Doperse, ivas vir Calvyn die weg van die* Woord.[7] En *juis hierin ag ons u* as ons *leermeester 'n ware dissipel van Calvyn. U het altyd daarop aangedring dat ons tog veral die kommentare van Calvyn moet bestudeer en by ons eksegese steeds moet luister na die Geneefse hervormer. "Man van die derde weg" beteken dus: "Man van die Woord van God", "Calvinis", "gereformeerde teoloog" in die ware en diepe sin van die woord.*

Ek wil by hierdie feestelike geleentheid graag 'n poging aanwend om kortliks uit u werke aan te toon hoe u konsekwent in u Skrifgebondenheid hierdie derde weg, hierdie pad van die Woord, hierdie heerbaan van die Calvinisme in u wetenskaplike loopbaan bewandel het.

En ek wil dan veral toespits op drie punte waarmee ek tegelyk ál u wetenskaplike arbeid wil saamvat, naamlik op die Kerk, op die Koninkryk van God en op die Volk.

Kerk — Koninkryk — Volk, ook in hulle onderlinge samehang. Hier het ons die drie berge waardeur ons oog geboei word, wanneer ons in die landskap van u teologiese arbeid rondwandel.

U het, professor Snyman, u teologiese arbeid begin met 'n studie oor die Kerk. U proefskrif wat helaas deur die vlamme verteer is, maar nogtans in u gees bly brand het, sou handel oor: Die Kerkgedagte in die Evangelies. U inougurele rede het gegaan oor "Die Kerk", en u eerste rektorale rede het gehandel oor "Die gebruik van die woord 'kerk' *in die Nuwe Testament".*

U *het dus begin met die studie oor die Kerk, en ons kan rustig vasstel dat u nog maar altyd besig is met die leerstuk van die Kerk.*

Wanneer ons noukeurig alles nagaan wat u in die loop van die jare oor die Kerk geskryf het, dan word ons getref deur wat ek wil noem 'n Calvinistiese vashoudendheid. U het altyd maar by daardie Kerkgedagte bly staan en dit steeds verder uitgediep. V verskillende studies oor die Kerk, wat ek hier nie sal opsom nie,[8] *vertoon vir my die* beeld *van verskillende konsentriese sirkels. Vanuit die Kerkgedagte het u u ingegrawe in die probleme van die ekumenisiteit, die eenheid van die Kerk, die roeping van die kerk in die sending, die verhouding Kerk-Koninkryk en die verhouding Kerk-volk.*

Vanuit die bestudering van die Kerkgedagte in die Nuwe Testament het u meer en meer oog gekry vir die Koninkryk van God as die sentrale gedagte wat die Ou en die

---

[4] W. J. Snyman: Besondere Kanoniek van die Nuwe Testament, s.j., p. 21.

[5] J. Koopmans: Het oud-kerkelijk dogma in de Reformatie, bepaaldelijk bij Calvijn, 1938, p. 104.

[6] E. G. van Teylingen: Sacramentum — Instrumentum, art. in: Vox Theologica, Jaarg. 16, no. 4, April 1946.

[7] G. P. van Itterzon: Chr. Encyclopedie Dl 2, 1957,[2] p. 81, s.v. Calvijn.

[8] "Die Kerk", in: Kosbare Goud; "Die gebruik van die woord Kerk in die Nuwe Testament", in: Koers, 1949, Deel XVI, no. 4, p. 111-124; "Die Kerk en sy ekumeniese roeping volgens die N.T.", Aanvullende Agenda, Sinode 1967, p. 349-358; "Die Kerk van Christus in Afrika", in: Koers, 1965, Jaarg. XXXIII, no. 3, p. 234-245; "Die Kerk in die N.T. en Vandag", in: Jaarblad Hammanskraalse Teologiese Skool, 1965, p. 5-17; "Die Kerk en sy ekumeniese roeping", in: Die Kerkblad, Jaargang 69, 1966, no. 1858, 1859, 1860, 1861, 1885, 1888.

Nuwe Testament tot 'n eenheid saambind en wat as die samevattende prediking van die Nuwe Testament beskou kan word. Die sentrale indelingspunt van die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament is vir u die Koninkryk van God en Sy koms.[9]

Ook in dit wat u ons oor die Koninkryk van God en sy koms geleer het, het u trou gebly aan u Calvinistiese uitgangspunt as "Man van die derde weg". Ek sou dit met verskillende voorbeelde kon aantoon, maar die tyd dwing my om my net tot twee voorbeelde te beperk.

Eerstens dink ek aan wat u ons geleer het oor die karakter van God se openbaring in Christus Jesus. Teenoor eensydige beklemtoning van die "leer van Jesus" aan die een kant en andersyds "die lewe van Jesus" het u daarop gewys dat Jesus God nie alleen openbaar in woord óf daad, of in woord én daad nie, maar in sy hele lewe en optrede. "Nie alleen in die opsetlike prediking en dade nie, maar in elke woord wat Hy spreek en in sy hele lewe. Hy is, een en al, Openbaring van God. Hy is die Woord (Joh. 1:1)".[10]

U het vir ons drie lyne gewys in u skildering van die karakter van die openbaring van God in Jesus Christus: a) die passiewe openbaring in wat Jesus is en wat met Hom gebeur; b) die aktiewe openbaring in die woorde en dade, *in die prediking en wonders van Jesus; c) die samevloeiing van aktiwiteit en passiwiteit in die lydings- en opstandingsgeskiedenis. En volgens hierdie drie lyne het u die openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament voor Pinkster dan ook ingedeel.*[11] *Nuwe perspektiewe het u deur u betreding van die "derde weg" vir ons geopen. 'n Tweede voorbeeld wil ek graag aanwys in u benadering van die gelykenisse. Dit bring ons meteens* op *die terrein van die hermeneutiek. In u diktaat,* Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament, *het u 'n analise gegee van die verskil tussen 'n gelykenis en 'n allegorie. Teenoor geleerdes wat in navolging van Augustinus uitgegaan het van 'n allegoriserende uitleg van die gelykenisse*[12] *en teenoor geleerdes wat die gelykenisse van Jesus opgevat het as 'n inkleding van algemeen geldende gedagtes en lewenslesse soos dit veral deur Ad. Jülicher gedoen is,*[13] *het u die klem laat val op die openbaringshistoriese betekenis en verklaring van die gelykenisse. En u het daarby veral aandag gevra vir die verband van die gelykenisse met die Ou Testament. U het ons daarop gewys dat ons via die Ou Testament moet soek na die verklaring van die gelykenisse. Watter wonderlike perspektiewe hierdie "derde weg" open, kan ons lees in u klasdiktaat,* Openbaringsgeskiedenis, Nuwe Testament.[14]

In verband hiermee wil ek nog graag wys op die feit dat 'n mens altyd getref word deur die diepte en die rykdom wat in u eksegese en ook in u openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament aangetref word. Die oorsaak hiervan lê vir my veral in die feit dat u altyd die Ou Testament in u eksegese en openbaringsgeskiedenis laat meespreek. 'n Voorbeeld hiervan is onder andere in u eksegese *van die Bergpredikasie en dan veral van die saligsprekeninge te vinde, waarby u in u noukeurige eksegese van woord na woord teruggaan tot in die Ou Testament.*[15] *As ek daarom 'n poging sou waag om u eksegese te karakteriseer, dan sou ek dit wil aandui as "Koninkryks-eksegese wat gedra word deur die Ou Testament".*

Ten slotte is u ook 'n "Man van die derde weg" in u benadering van die probleme van die verhouding, Kerk-volk. Op hierdie terrein sien ons weer die twee uiterstes: aan die

---

[9] W. J. Snyman: "Riglyne vir die openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament", in: Die Goue Kandelaar, 1962, Jaarg. 1, no. 1, p. 45, 46.
[10] W. J. Snyman, a.art, p. 46.
[11] W. J. Snyman, a.art., p. 45.
[12] H. M. Matter: Chr. Encyclopedie, Dl. 3, 1958^2, p. 135, s.v. gelijkenissen.
[13] Ad. Jülicher: Die Gleichnisreden Jesu, I en II, 1910^2.
[14] p. 58—64.
[15] p. 46—57.

een kant kry ons die opvatting wat die Kerk as 'n geestelike gemeenskap wil losmaak van die volk as 'n natuurlike gemeenskap, terwyl aan die ander kant die Kerk te veel gebind word aan die volk, wat lei tot die volkskerkgedagte.

Teenoor die absolute skeiding van die Christelike en die nasionole, maar ook teenoor die vereenselwiging van die Christelike met die nasionale tot nasionaal-christelik, het u ons gewys op die "derde weg" van Christelik-nasionaal. En veral hierin het u 'n groot bydrae gelewer tot wat ek sou wil noem "die Suid-Afrikaanse teologie".

Deur u skitterende verklaring van die optrede en die prediking, asook die doop van Johannes die Doper[16] *en deur u indringende studie van die verhouding van Koninkryk en volk in die brief aan die Thessalonicense,*[17] *het u op 'n onnavolgbare wyse vir ons duidelik gemaak hoe in die Kerk die volk gered word. Een van u leerlinge het onder u leiding reeds in 'n proefskrif hierdie gedagtes verder uitgebou*[18] *en die sendingbeleid van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die inkorporering van die vrug van die sending in een kerkverband is hiervan 'n ryke vrug.*

En daarom is dit vir ons 'n behoefte van die hart om as u dankbare leerlinge openlik uitdrukking te gee aan ons diepste gevoelens van eerbied en erkentlikheid vir alles wat die Here onse God en Vader deur u aan ons en die Kerk en die teologie gegee het.

Ons wil u eer en huldig as die "Man van die derde weg". En saam met u wil ons die Here dank, omdat dit alleen deur Sy genade aan u gegee is. Van u wetenskaplike en kerklike arbeid kan gesê word:

Hul groei in balsemlugte;
selfs in hul ouderdom
sal daar geen mind'ring kom
van bloei en eedle vrugte.

Iets van daardie bloei en die edele vrugte het ek u probeer wys en daarom wil ek besluit met die Calvinistiese lofprysing, en u kan versekerd wees dat dit kom uit die harte van dankbare en toegewyde dissipels wat graag op die "derde weg" as die weg van die Woord wil wandel soos u dit vir ons gewys het: SOLI DEO GL0RIA!

Prof. L. Floor.

---

[16] W. J. Snyman: "Johannes die Doper, sy verskyning, optrede en betekenis", in: Koers, 1959, Deel XXVII, no. 1, p. 41-43; no. 3, p. 116-119; no. 4, p. 138-140.
[17] W. J. Snyman: Die Koninkryk van God in die briewe aan die Thessalonicense, ongepubliseerde diktaat vir nagraadse studie, 1967.
[18] J. C. Coetzee: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, 1964.

DEEL I

DIE KERK

1. DIE KERK [1]

1. Die woord "kerk".

(a) Ons Belydenis verstaan daaronder: 'n "heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo". Dus, die gelowiges as groot geheel, en wel "van die begin van die wêreld af .... tot aan die einde toe" (Ned. Geloofsbelydenis, Art. 27). In die volgende artikel word "kerk" egter gebruik vir gelowiges in plaaslike verband, deur ons gewoonlik "gemeente" genoem.

Die Heidelb. Kategismus vervang weer "kerk" deur "gemeente" (Sondag 21), en gebruik dan die woord "gemeente" vir al die gelowiges saam.

So ook die Kerkorde (Art. 1). Hier sien "gemeente" op die kerk as geheel, maar dan ook weer op 'n "plaaslike gemeente" (Artt. 4 en 5). In hierdie selfde artikel word die "plaaslike gemeente" ook "kerk" genoem, en word gespreek van kerke (Art. 4) in dieselfde sin as van gemeentes (Art. 5).

Hieruit is duidelik: Die onderskeiding dat "gemeente" 'n versameling sou wees van *versone* (gelowiges) en "kerk" 'n versameling van *gemeentes,* is nie juis nie.

Ewemin die onderskeiding dat "kerk" die gelowiges as groot geheel sou wees, en "gemeente" die gelowiges in plaaslike verband.

Kerk is die vergadering van gelowiges (a) as groot geheel, en (b) ook in plaaslike verband — net soos "gemeente".

In geen geval sien kerk op 'n versameling van gemeentes nie.

(b) "Kerk" is ook nie 'n samekoms *van mense (gelowiges)* sonder meer nie, maar 'n *samekoms met God.*

"Kerk" is afkomstig van die Griekse woordvorm *kuriakè,* wat beteken "die Here s'n", of "eiendom van die Here".

Noem ons die *gebou* waarin die gemeente saamkom "kerk", dan beteken kerk: "Die huis van die Here", en dan beteken ons samekoms in die "kerk" 'n samekoms met die Here.

In eintlike sin is egter die *gemeente* wat in die gebou saamkom, die "kerk". Hiermee word die gemeente dan beskryf as "die Here s'n", "die volk van sy eiendom" (1 Petr. 2:9), wat Hy gekoop het deur sy bloed (Kateg., Sondag 1). Daarom is Hy onse Here (Kurios, Sondag 13), en ons sy eiendom ("Kuriakè", "kerk").

Dink ons verder daaraan dat die "vergadering van die gelowiges" self ook genoem word 'n *gebou van God* (1 Kor. 3:9), dan is die verband duidelik tussen die kerk en die tempel, die plek waar God gewoon het onder sy volk, en hulle met Hom saamgekom het. So is die kerk nou self die tempel, "die woning van God in die Gees" (Ef. 2:22).

Hoeseer "kerk" en "gemeente" dus ook dieselfde mag beteken, wil ons tog die woord "kerk" behou, omdat hierin tot uitdrukking kom: Die *samekoms* met God, wat ons tot *sy eiendom* gemaak het deur die bloed van Christus, en onder ons woon deur sy gees.

So is "kerk" dan (a) al die gelowiges saam, as gebou van God, maar ook (b) die gelowiges in hul samekoms, as samekoms met God.

(c) Kerk is nie alleen 'n saamvergadering *met* God nie, maar ook 'n saamvergadering *deur God:* deur God *saamgeroep.*

Ook hier sal die woord "kerk" vir homself spreek as ons weet dat waar die woorde"roep"

---

[1] Uit *Die Kosbare Goud* (Geref. Geloofsleer), 2de druk 1944, pp. 210-219.

en "roeping" voorkom in die Nuwe Testament, 'n vorm van dieselfde woord staan, wat by ons vertaal is met "gemeente" (kerk). Die oorspronklike is hier "Ekklesia", en as die apostel sy gemeentes toespreek as "geroepe heiliges" (Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2) dan gebruik hy net 'n ander vorm van dieselfde woord.

"Gemeente" lê nadruk op die gemeenskap van gelowiges.

"Kerk" lê nadruk op hul saamvergadering met God.

Die Nuwe Testamentiese woord "ekklesia" lê nadruk op hul sameroeping deur God.

Meer bepaald het die Grieke hierdie woord gebruik vir die vergadering van die volk, saamgeroep deur 'n gevolmagtigde bode.

So is die verband duidelik tussen Kerk en "prediking". Wat is predikant? Dit is om 'n boodskap te bring namens God. Hier is dit die evangelie, die "goeie boodskap" (Jes. 40:9), eers deur God self geopenbaar in die paradys, verkondig deur die aartsvaders en profete, afgebeeld in die skadudiens van Israel, en ten laaste vervul in Christus (Sondag VI). En so roep Christus nog deur sy boodskappers, die apostels, en in aansluiting aan hulle, deur sy predikers (2 Kor. 4:20).

Waar is die kerk? Waar God roep.

Sinds wanneer is daar 'n kerk en tot wanneer? Sinds God roep en solank God roep, d.i. van die begin van die wêreld af .... tot die einde toe (Matt. 16:18b).

Maar dan is ook duidelik dat die predikamp nog glad nie die kerk uitmaak nie (Luthers). Die boodskappers is nie die kerk nie, maar die geroepenes. Kerk is die "vergadering van gelowiges".

(d) Kerk is: *die volk van God.*

"Ekklesia" (gemeente, kerk) in die Nuwe Testament is vertaling van die O. Test. "kahal" (of "eda"): "vergadering". en wel: die vergadering van Israel (vg. Ex. 12, en deurgaans) as 'n vergadering (volk) van God.

Israel was "volk van God" omdat die Here onder hulle gewoon het, eers in die tabernakel ("tent van samekoms", vg. Ex. 27:21, en deurgaans), later in die tempel waar hulle met die Here moes vergader. Maar ook omdat die Here hulle in Abraham *geroep* het, en uit hom op wonderdadige wyse geformeer het. Daarom was hulle syne (Jes. 43:1; 44:2). As "volk van God" is hulle daardeur onderskei dat hulle die woorde van God gehad het (Rom. 3:2) deur sy profete; die diens van die versoening in die tempel met die priester, en geregeer is deur 'n koning, hulle van God gegee. Hulle was 'n "koninkryk van priesters", 'n heilige nasie vir die Here (Ex. 19:6).

In die kerk sien ons egter die vervulling van wat in Israel slegs skadu was. Daarom geld van die kerk met geestelike verdieping, dat die kerk is wat Israel was: die *volk van God* (1 Petr. 2:9 vgl. Ex. 19:6).

Daar moet nog op gelet word dat Israel nie allengs die volk van God *geword* het nie. Hulle was die volk van God van die aanvang af. Die geskiedenis toon veeleer hoe hulle geword het van 'n *vergadering* (Kahal) tot 'n *verstrooiing,* omdat hulle die Here verlaat het.

Maar ook in die Verstrooiing is hulle weer beeld van die Kerk soos dit versprei is oor die ganse aarde. Nou kan Israel nie meer vergader om die tempel nie, maar net nog in aparte samekomste. So ontstaan sinds die ballingskap die "sinagoges": niks anders as die openbaring van die kahal in die verstrooiing. Hulle eie samekomste noem die Christene egter kerke (ekklessia in die meervoud, o.a. Gal. 1:2), en gee daarmee te kenne dat hulle die ware voortsetting is van wat Israel was. Die kerk is die ware volk van God in die plek van Israel.

2. Die eienskappe van die kerk.

"Volk van God" sê vir ons eers wat die kerk wesenlik is. So noem die apostel die kerk

dan ook telkens "gemeente" (kerk) van God (Hand. 20:38; 1 Kor. 10:32; 11:16, 22 ens.) en versier dit met die heerlikste eienskappe: gemeente van heiliges (1 Kor. 14:4), heiliges (Ef. 1:1), in Christus Jesus (Fil. 1:1), geroepe heiliges (Rom. 1:7, 1 Kor. 1:7), heilige en gelowige broeders (Kol. 1:2), geliefdes van God (Rom. 1:7), liggaam van Christus (Ef. 1:23, 4:16, Kol. 1:18, 24), bruid van Christus (Ef. 5:25-32, 2 Kor. 11:2 vg. Openb. 21:2), tempel van God (1 Kor. 3:9, Ef. 2:20, 21). Dit is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry (1 Petr. 2:9), en word deur ons bely as "'n heilige, algemene, Christelike Kerk".

(a) Die kerk is heilig.

Die heiligheid van die kerk mag nie beperk word tot instellings, of tot 'n sekere stand ("geestelikheid"), soos die Roomse doen nie. Die kerk is die *volk* van God en daarom is die volk heilig. Die vólk is die klerus (= die erfdeel van die Here, 1 Petr. 5:3). Onder die heiligheid van die kerk verstaan ons dus: die heiligheid van sy lede.

Die heiligheid is ook nie 'n *ideaal* nie, wat die kerk moet word en nog nie is en moet nastrewe nie. Dit is 'n *eienskap,* d.w.s. iets wat sy lede *eie* is.

Dit is dus 'n (geestelike) werklikheid, wat ons *glo* en nie nog moet hoop nie.

Die heiligheid kom nie tot stand deur 'n uiterlike afsondering van die wêreld nie (Kol. 1:20-23), maar is deel van die gelowiges *in Christus,* wat hulle gewas en gereinig het deur sy bloed, en ook *in beginsel,* deur die inwoning van die Heilige Gees.

Ons het hier te doen met 'n *geestelike* werklikheid wat nie gesien nie en juis daarom geglo moet word.

Tog bly die heiligheid van die kerk nie in die onsigbare terug nie, maar word sigbaar, hoewel onvolmaak, in die bekering van die gelowige en sy vlug vir die bose.

(b) Die kerk is algemeen.

Die woord "algemeen" beteken "wêreldomvattend". Die kerk is wêreldkerk.

Dit is ook 'n wesenlike eienskap van die "volk van God", dat dit nie tot 'n enkele volk beperk mag wees nie, maar al die volkere van die wêreld moet omvat (Matt. 28:19, Luk. 24:47). Die Belydenis gaan hier direk in teen die gedagte van 'n "volkskerk". By Israel het ons nie te doen met 'n volkskerk nie, maar met 'n kerkvolk wat slegs beeld was van die ware volk van God, wat alle volkere omvat.

Maar in hierdie belydenis van 'n wêreldkerk sit nog iets opgeslote: hoewel die volk van God, en derhalwe heilig, vorm die kerk tog nie 'n teenstelling met die wêreld nie. Die wêreld is die skepping van God. Daarom, al is die kerk met God verbonde, bly dit nogtans ook met die wêreld verbonde.

Deur die Roomse Kerk is hierdie "katolisiteit" van die kerk veruitwendig en gevind in die opperhoofdigheid van die pous, en in *oorheersing* van die wêreld. Deur die Skrif word dit gestel in Christus, aan wie alle mag gegee is in hemel en op aarde (Matt. 28:18) en in die roeping van sy kerk om as 'n lig en sout die ganse wêreld en elke gebied van die lewe te deurdring (Matt. 5:13-16).

(c) Die kerk is Christelik.

Dit druk die verband uit tussen Christus en sy kerk.

Ook hier het ons te doen met 'n eienskap van die kerk, en nie met 'n ideaal nie: die verband tussen Christus en sy kerk is nie die los verband van ideaal en navolgers van die ideaal nie.

As eienskap van die kerk sê dit ook vir ons dat die kerk nie die verband moet tot stand bring tussen die gelowige en Christus nie. Daarom is dit ook nie reg om te spreek van 'n saligmakende kerk nie. Jesus is ons Saligmaker, en Hy alleen (Sondag 11). Die kerk is die gemeenskap van verlostes in Christus.

Christelik as eienskap druk uit die *eenheid* tussen Christus en sy kerk. Dit kom tot stand

deur die Heilige Gees (Sondag 20). Die apostel spreek hiervan as 'n "groot verborgenheid" (Ef. 5:32). Die Here Jesus verklaar dit met die beeld van die wynstok en die ranke (Joh. 15:1 vv.). Op grond hiervan word die kerk genoem: die bruid van Christus, en: die liggaam van Christus.

Dit sê vir ons wat Christus vir sy kerk is, nl. die Hoof in wie hulle begrepe is, en in wie hulle besit: "die vergewing van sondes", en verwag: "die wederopstanding van die vlees, en 'n ewige lewe".

Christelik beskryf die kerk dus as 'n gemeenskap van *geloof* en van *hoop.*

Maar dit sê vir ons ook wat die kerk vir Christus is: die lede van Christus, sy organe deur wie Hy werk (1 Kor. 12:12-31). Daartoe is hulle die salwing van Christus (=die Gesalfde) deelagtig, en "deur die Gees gedoop tot een liggaam" (1 Kor. 12:13): Dit is wat plaasvind op Pinksterdag.

Hierdie salwing is tot onderlinge diens, om elkeen "sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend" (Sondag 21: gemeenskap van die heiliges) tot opbouing van die liggaam van Christus (Ef. 4:12): die kerk is nie alleen 'n gemeenskap van *geloof* en van *hoop* nie, maar ook van *liefde* (1 Kor. 13:13).

So is die "Christelike kerk" dan 'n "koninklike priesterdom, 'n heilige volk .... om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Petr. 2:9).

Elke poging om hierdie amp van die gelowiges aan te tas, tas die kerk in sy Christelikheid aan.

(d) Die kerk is een.

Dit word deur die Apost. Geloofsbelydenis onderstel: "Ek glo 'n heilige, algemene, Christelike kerk," en deur die Ned. Geloofsbelydenis uitgespreek: "Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk . . . ."

Die eenheid kan gesien word soos dit voortvloei uit die *algemeenheid* van die kerk, nl., dat daar *net* één kerk kan wees. Daar is dan ook *net één* Middelaar tussen God en mense, die mens Jesus Christus (1 Tim. 2:5); so is daar net één kerk vir alle tye. En, soos Israel enig was onder die nasies van die wêreld, so kan die kerk as "volk van God" ook net een wees uit al die nasies van die wêreld.

Die eenheid kan ook gesien word soos dit voortvloei uit die *Christelikheid* van die kerk, en beskryf dan as eienskap die innerlike eenheid van die kerk. Dit is ook *eienskap* en nie ideaal nie. Die eenheid is iets wat bestaan, wel onsigbaar, maar as 'n geestelike werklikheid in Christus: sy liggaam. Die eenheid bestaan ook in die apostoliese Woord, waarop Christus sy gemeente bou (Matt. 16:18).

Kerkverband bring dus nie hierdie eenheid tot stand nie, maar bring 'n bestaande eenheid tot openbaring. Dit kan egter alleen op die gegewe grondslag van Gods Woord.

Hierdie eenheid is ook gegee in die woord "kerk" = "vergadering" (kahal). In "kerk" sit dus opgeslote die gedagte van "byeenbrenging", en wel in "een liggaam". Die middelmuur van skeiding is hier afgebreek tussen Israel en die nasies (Ef. 2:14 vv.) en alle skeidsmure tussen mens en mens (Gal. 3:23; Kol. 3:11).

Hierdie eenheid in Christus staan teenoor die valse eenheidstrewe om al die nasies in een wêreldryk of sisteem saam te dwing; die Pinksterwonder teenoor Babel.

3. Die kentekens van die kerk.

Die eienskappe sê *wat* die ware kerk is, die kenmerke *waar* die ware kerk is.

Hier moet onderskeid gemaak word tussen die dinge waaraan die kerk *gemerk* en die dinge waaraan hy *geken* kan word. Na die "merktekens om die ware kerk te ken" handel die Ned. Geloofsbelydenis (Art. 29) ook oor die "merktekens van die Christene". Dit is die wandel van die gelowiges. Die bestaan van die kerk word gemerk in die kragte en

invloede wat daar uitgaan van die gelowiges op elke gebied. Hierdie kragte en invloede moet ook georganiseer word om elke lewensgebied vir Christus te verower. So word die kerk sigbaar in die (georganiseerde) aksie van die gelowiges. Die kerk laat hom merk as strydende kerk. Daar is egter "nog groot swakheid" in die gelowiges, waarteen hulle ook moet stry. Daarom is die "merktekens van die Christene" nie genoeg om die ware kerk te ken nie.

Die ware kerk is:

(a) waar die evangelie suiwer gepredik word.

Die kerk kom alleen tot openbaring waar die Woord van God is. Die kerk kom alleen suiwer tot openbaring waar die Woord van God suiwer bedien word. Daarom is suiwere bediening van die evangelie die eerste en vernaamste kenmerk van die ware kerk.

Die Woord van God is vir ons onfeilbaar gegee in die Skrifte van die O. en N. Testament.

Die woord van God soos dit tot afsluiting gekom het in die apostoliese prediking sal uitmaak wat geglo moet word en wat nie, en wie gelowiges is en wie nie (Matt. 16:19; Joh. 20:23; Matt. 28:19). Hierop sal Christus sy gemeente bou (Matt. 16:18).

Om suiwer te wees is alle verdere prediking aan hierdie geopenbaarde Woord van God gebonde.

So is die gelowiges nie oorgelewer aan die amp (Rooms); die prediker is ook nie net mondstuk van die gemeente nie (Independentisme). Ook is die prediker en gelowiges nie onderling van mekaar afhanklik nie (Luthers), maar albei, prediker en gelowiges, is saam afhanklik van die Woord van God. Die prediker bring die Woord van God. Die gemeente het die mag om te oordeel of die prediking "eenvoudig volgens Gods Woord" is.

(b) Waar die sakramente suiwer bedien word.

Die sakramente word suiwer bedien as dit bedien word in Naam van die Insteller. Verder, as dit bedien word aan diegene vir wie dit ingestel is. Eindelik, as alleen die sakramente bedien word wat inderdaad ingestel is.

Die insteller is Christus. Dit word in die naam van Christus bedien, wanneer dit amptelik bedien word deur sy kerk, aan wie Christus dit toevertrou het, en daarom ook *in* die kerk.

Dit is ingestel alleen vir die gelowiges (Mark. 16:16).

Daar is net twee sakramente deur Christus ingestel: die Doop en die Nagmaal.

So teken die sakrament nie net die geestelike daad waardeur God die kerk in aansyn bring (Doop) en dit bewaar (Nagmaal) nie, maar bekragtig dit ook vir die gelowige.

Die Doop beseël die wedergeboorte, waardeur die kerk geestelik ontstaan.

Die Doop onderskei hom ook deur sy omvattendheid. Soos die volk van God deur Johannes die Doper afgesonder is van Israel na die vlees, so moet die apostels deur hul prediking en doop ook die volk van God afsonder uit alle volke (Matt. 16:16; Matt. 28:19): Die Doop teken die kerk af in sy wêreldwye omvang en omvat die gelowiges ook in hul geslagte (Hand. 2:39).

So vergader Christus sy kerk uit alle geslagte, volke, tale en nasies (Openb. 5:9; 7:9). Die Doop kenmerk die kerk as "algemene kerk".

Die Nagmaal kenmerk die kerk as liggaam van Christus in sy geestelike eenheid.

Met die instelling van die Nagmaal het Christus sy wil uitgespreek dat daar 'n onderlinge samelewing en 'n gereelde samekoms van gelowiges sal wees. Die Nagmaal bepaal die kerk in sy plaaslike afgrensing.

In verband met die Nagmaal ontstaan die plaaslike ampte van ouderlingskap, omdat die Nagmaal nie anders as onder toesig met stigting gevier kon word nie; en ook van die diakenskap, omdat die geestelike eenheid ook uiting moes vind in onderlinge steun.

Hierby kom die bediening van die Woord as plaaslike amp in noue samehang met die ouderlingskap (1 Tim. 5:17), as die apostoliese amp verdwyn. Al drie hierdie ampte is oorspronklik opgeslote in die apostoliese: die predikamp (Hand. 6:4), die ouderlingamp (1 Petr. 5:1) en die diakenamp (Hand. 6:2).

(c) Waar die kerklike tug bedien word.

Hoewel geen vereniging sonder dissipline kan bestaan nie, is die eienaardige van die kerklike tug dat dit 'n daad van Christus is deur die gemeente (Matt. 18:18). Hier is dan ook net sprake van die *bediening* daarvan. Dit kan alleen suiwer bedien word in samehang met die apostoliese woord (1 Kor. 5:3 vv.).

Hierdeur word die kerk gehandhaaf as 'n vergadering van ware gelowiges, en as sodanig gaan die toesig nie alleen oor die wandel van die gelowiges nie, maar ook oor die bediening van die Woord.

Ook dit is 'n uitdruklike verordening van Christus tot plaaslike organisasie (Matt. 18:17). Hierin wortel die amp van die ouderlingskap, en deur hierdie instelling is die suiwere bediening van Woord en sakramente enersyds, en die kerk as vergadering van gelowiges die beste gewaarborg.

Uit die suiwere bediening van die evangelie, die suiwere bediening van die sakramente en die kerklike tug kan "met sekerheid die ware kerk geken word, waarvan niemand hom mag afskei nie" (Art. 29, Ned. Geloofsb.) en waarby "iedereen skuldig is om hom te voeg" (Art. 28).

Dit is die kentekens deur Christus self ingestel.

4. Verskillende Aspekte.

(a) Sigbaar en Onsigbaar.

Onsigbaar is die kerk (a) soos dit rus in Gods ewige verkiesing, en soos die "Here alleen ken die wat syne is" (2 Tim. 2:19). (b) Soos dit sentraliseer om die hemelse heiligdom (Hebr. 12:22-24) waar Christus as Hoëpriester intree (Rom. 8:34). (c) Soos dit tot stand kom deur die verborge werkinge van die Heilige Gees. Dit is die "onsigbare kant" van die kerk, wat 'n beter uitdrukking is as "onsigbare kerk".

Hiervan moet dan onderskei word die "sigbare kant" van die kerk, soos dit uitkom in die ampte en bedieninge: die instituut.

Wat is die verband tussen die twee?

Nie so dat die "sigbare kerk" die "onsigbare" voortbring nie. Dan word die sigbare kerk 'n middel tot saligheid, en ons lidmaatskap noodsaaklik as *voorwaarde* tot saligheid. So wil die Roomse Kerk dit. Ons bely Christus as ons enigste Middelaar.

Egter ook nie so dat dit maar net daarop aankom om lidmaat te wees van die "onsigbare kerk", asof die uitwendige kerk iets bykomstigs is, en ook wel só of anders ingerig kan wees na omstandighede, of desnoods geheel kon ontbreek (Lutherse menings).

Lidmaatskap van die sigbare kerk is noodsaaklik — nie as *voorwaarde nie,* maar as *voorskrif* vir die gelowiges. Christus het verordineer dat die gelowiges hulle sal saam voeg, sy dood sal gedenk, ens. Dit na te laat is ongehoorsaamheid, wat nie 'n eienskap van die geloof is nie. Dit is noodsaaklik vir die welsyn van die geloof, om Christus hierin te gehoorsaam. Ook wat die inrigting van die sigbare kerk betref, moet gelet word op die voorskrifte van Christus.

(b) Organisasie (Instituut) en Organisme.

Organisme: Die sigbaar*wording* van die kerk in die wandel van die gelowiges.

Organisasie: die sigbaar*making* deur die instelling van kerklike ampte.

Met die laaste, die instelling van die ampte en deur hom te voeg by die kerk waar dit bestaan, het die gelowige nog nie sy roeping vervul nie. Dit lê ook buite homself in die

samehange van die lewe. Hier is *ook* organisasie nodig. So kan groepe van gelowiges hulle organiseer na leeftyd, geslag, of ook, met die oog op 'n bepaalde doel buite hulle self: Christelike onderwys, wetenskap, politiek, ens.

Hiervan moet onderskei word kerklike organisasie, waar die gelowiges doel het in hulself, eie versterking, toerusting, ens.

(c) "Algemeen" en "plaaslik".

Dit mag nie saamval met die van organisme-instituut nie, asof die enigste manier waarop die algemene kerk sigbaar word, net in die wandel van die gelowiges bestaan. Dit mag veral ook nie saamval met die eerste onderskeiding, asof die algemene kerk onsigbaar bly nie.

In Matt. 16:18 spreek Christus van die kerk in die algemeen, maar dan as georganiseer op die fondament van die Apostels. Die kerk het sy universele organisasie in die apostoliese woord. Dit bind alle gelowiges saam oor die ganse aarde. So 'n band is ook gegee in die doop, wat erken moet word, deur watter kerk dit ook al, op wettige wyse, bedien is.

In Matt. 18:17 spreek Christus van kerk as 'n plaaslike organisasie.

Die één "apostoliese kerk" kan alleen saamkom en saamleef in plaaslike verband. Die eerste is blywend geïnstitueer deur Christus self vir alle tye. Die laaste word geïnstitueer deur die gelowiges self volgens voorskrif van Christus.

(d) "Waar" en "suiwer".

Daar is net één ware kerk: die liggaam van Christus, gebou op die apostoliese fondament (vgl. Kol. 2:7: "gewortel en opgebou"). Maar gelowiges kan nooit sê dat hulle die enige ware kerk ter plaatse is nie, om die eenvoudige rede dat die kerk nog strydend is, en die volmaakte nog nie gekom het nie.

Daarom is daar plek vir meer kerke op een plek in verskillende kerkverband, in die verhouding: suiwerder — minder suiwer.

Die amp van die gelowige is om hom te voeg by die suiwerste, en dit nog meer te suiwer. Waar hierdie amp van die gelowige onderdruk word, is die kerk op valse spoor.

2. DIE GEBRUIK VAN DIE WOORD "KERK" IN DIE NUWE TESTAMENT[1]

Die Griekse woord *ekklêsia*, wat ons vertaal met *kerk* of *gemeente*,[2] kom 112 keer[3] voor in die Nuwe Testament. Drie keer word dit gebruik vir 'n gewone volksvergadering, nl. By die oproer in Efese, Hand. 19, waar ons lees van die "vergadering" wat in die war was (vs. 32) van die "wettige vergadering" wat die stadsklerk in vooruitsig stel (vs. 39) waarmee hy die "vergadering" ontbind (vs. 40). Hier staan telkens *ekklêsia*. Dit herinner aan die oorspronklike betekenis van die woord, nl. "volksvergadering", en meer bepaald die "wettige volksvergadering" van die Griekse stadstaat. In die woord sit die gedagte van 'n offisiële oproeping. Dit het geskied deur 'n herout, wanneer so 'n volksvergadering moet byeenkom om een of ander beslissing te neem. Hierdie afkoms van die woord bring reeds 'n belangrike trek van die Kerk na vore, soos dit sig onderskei enersyds van die Joodse Sinagoge, waartoe 'n mens behoort kragtens afstamming,[4] en andersyds van die heidense (godsdienstige) verenigings wat gegrond is op onderlinge afspraak.[5] Die Kerk is dus andersoortig as 'n volksverband, waarin 'n mens gebore word. 'n Volkskerk is 'n contradictio in terminis. Dit is egter ook iets anders as 'n vereniging, wat deur ons self gevorm word en berus op vrye keuse. Die eiesoortigheid van *Kerk* kom daarin uit dat 'n mens alleen daartoe kan behoort kragtens *roeping*,[6] en wel van Godsweë. As Paulus die gemeentes toespreek as "geroepe heiliges",[7] dan gebruik hy 'n woord wat in *ekklêsia* opgeslote sit.[8]

Verder word die woord *ekklêsia* nog twee keer gebruik vir die Ou-Testamentiese volk van God, Israel, wat sig juis hierin onderskei van al die nasies van die wêreld, dat hulle deur God in aansyn geroep is.[9] Hulle is eintlik 'n kerkvolk. Die een keer word dit vertaal met *vergadering:* "die vergadering in die woestyn" (Hand. 7:38), en die ander keer met *gemeente:* "Ek sal u Naam aan die broeders verkondig, in die gemeente sal ek U prys (Hebr. 2:12). Hierdie laaste is 'n aanhaling uit Ps. 22:23: "Ek wil u Naam aan my broers vertel, in die vergadering u prys". In albei gevalle staan één woord nl. *ekklêsia.* As ons dit in gedagte hou, dan is sonder meer duidelik vir die leser: Die Kerk van die Nuwe Testament is die voortsetting van die Ou-Testamentiese volk van God, 'n historiese eenheid, so oud as die mensheid self.[10]

Wat betref die orige 107 keer, waar die woord dan gebruik word bepaald vir die N.T. Kerk, vind ons hierdie eienaardigheid: 91 keer word dit gebruik vir die *plaaslike* gemeente en 16 keer vir die Kerk in sy *groot geheel.* Hierby moet ons al dadelik die opmerking maak: Nie só, dat dit *gemeentes* omvat nie. Die woord *kerk* word in die Nuwe Testament nooit gebruik in die sin dat dit gemeentes omvat nie.[11] Kerk is altyd

---

[1] Rede gehou by die oordrag van die rektoraat aan die Teoligiese Skool, 29 November 1948. Koers, v. 16, no. 4, 1948/1949, pp. 111-125

[2] Die woord "kerk" kom in ons Afrikaanse Bybel nie voor nie, wel in die Belydenis en K.O. Wat die gebruik betref, is daar geen verskil nie, vgl. Art. 4 K.O., waar "kerk" en "gemeente" albei gebruik word vir die plaaslike gemeente. In Ef. 1:22 word gemeente gebruik vir die Kerk in sy geheel.

[3] Vgl. O. Schmoller: Handkonkordanz zum griechischen Neuen Testament, Gütersloh 1913 (4) S.V. ekklêsia.

[4] Matt. 3:9.

[5] F. W. Grosheide: Gedachten over de Kerk in het Nieuwe Testament, Gereformeerd Theologisch Tijdschrift. Nov. 1930, p. 263.

[6] F. W. Grosheide, t.p.

[7] 1 Kor. 1:2.

[8] klêtos.

[9] O.a. Jes. 43:1.

[10] "Van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe". Heid. Kateg. So. XXI.

[11] Bv. Geref. Kerk van S.A., Ned. Geref. Kerk ens. Hierdie gebruik van die woord *kerk* ken die N.T. nie.

gemeenskap van *gelowiges,* hetsy dan (1) soos hulle verenig is, en georganiseer is in 'n plaaslike gemeente, of (2) soos hulle verspreid is oor die ganse aarde.

Daar is egter één plek in die N.T. wat skynbaar 'n uitsondering maak op hierdie reël, nl. Hand. 9:31. Daar staan: "En die *ekklêsia*[12] deur die hele Judéa en Galiléa en Samaria het vrede gehad". Ons sou hier dan 'n geval hê waarin die woord *kerk* gebruik word vir 'n groep gemeentes van één land of provinsie.[13] Dan sou die woord *kerk* in die N.T. voorkom in vierderlei sin: (1) vir alle gelowiges (universele kerk); (2) in één land (nasionale kerk); (3) in een provinsie (provinsiale kerk).[14] Let wel, die hele konstruksie sou dan berus op een enkele Skriftuurplek. Dit sou inderdaad genoeg wees om die gebou te dra. Maar wat is die geval? Die *"ekklêsia* deur die hele Judéa en Galiléa en Samaria" was inderdaad die universele Kerk. In Hand 9 was die Kerk nog nie verder verbrei nie. Hand. 9:31 maak dus geen uitsondering nie. Ons stelling moet dus bly staan. Ons kan daar byvoeg: Nêrens in die N.T. word die woord *kerk* selfs gebruik vir gelowiges in een land of deel van die wêreld nie.[15] As Paulus spreek met die gelowiges van die provinsie Achaje, dan heet dit: "aan die gemeente van God wat in Korinthe is met al die heiliges wat in die hele Achaje is" (2 Kor. 1:1). In hierdie verband moet nog gewys word op Hebr. 12:23 [16] waar die woord *ekklêsia* gebruik word vir die gesaligdes, die triomferende Kerk. Uit die gegewens in die N.T. blyk dan dat die woord *kerk* in die N.T. gebruik word in *tweërlei* sin: (1) lokaal: die gelowiges van één plek en (2) universeel: die gelowiges oor die hele aarde, en ook die in die hemel omvattend.[17]

1. KERK IN PLAASLIKE SIN

Die woord *ekklêsia* word verbind met plekname: Die *ekklêsia* (kerk, gemeente) in Jerusalem (Hand. 5: H; 8:1; 11:22; 12:5; 15:4), van Antiochië (Hand. 11:26; 13:1; 14:27; 15:3) van Cesaréa (Hand. 18:22), van Efese (Hand. 20:17; Openb. 2:1), van Kenchreë (Rom. 16:1), Laodicéa (Kol. 4:16; Openb. 3:14), Smirna (Openb. 2:8), Pergamus (2:12), Thiatire (2:18), Sardis (3:1), Filadelfia (3:7). Iets besonders is hier: "die *ekklêsia* van God, wat in Korinthe is" (1 Kor. 1:2; 2 Kor. 1:2), en "die kerk van die Thessalonicense, wat in God die Vader en in Jesus Christus is" (1 Thess. 1:1; 2 Thess. 1:1). Dit sê vir ons: Elke plaaslike gemeente is verbonde met God, en ook met Jesus Christus, vgl. Matt. 18:19, waar Christus sy teenwoordigheid toesê aan twee of drie wat vergader in sy Naam. Te meer geld dit dan van die samekoms van die gemeente. Alle plaaslike kerke (gemeentes) staan dus gelyk, omdat almal regstreeks en volstrek van Christus afhanklik is, en aan sy Woord gebonde. Hier is nog iets. In Hand. 20 :28 vermaan Paulus die ouderling van Efese om as herders die *gemeente van God*[18] te

---

[12] Ons vertaling het "gemeentes" (mv.) volgens die Textus Receptus. Dan het ons hier geen uitsondering nie. Bostaande lesing (ekv.) word egter gesteun deur die beste handskrifte.

[13] "Al de gemeenten van Judéa, Galilea, Samaria onder dien éénen naam van ekklêsia in singulari samengevat". Dr. H. Bavinck, Dogmatiek IV, p. 301.

[14] Vgl. Bavinck, a.w., p. 326.

[15] Vgl. dr. A. Kuyper: Dictaten Dogmatiek IV, Loc de Eccl., p. 15: "nooit of nimmer komt ekklêsia voor in de betekenis van Landskerk ... Daarom is het spreken van een Volkskerk door het Nieuwe Testament geoordeeld. Het nationale begrip op de kerk over te brengen, is het loochenen van haar Catholiciteit, het wegcijferen van haar oecumenisch karakter".

[16] Miskien moet dit hier nie vertaal word met kerk nie maar met plegtige vergadering. Vgl. dr. F. W. Grosheide: De Brief aan de Hebreën, opnieuw uit den Grondtekst vertaald en verklaard, J. H. Kok, Kampen 1922, p. 175 v. [Hierdie voetnoot se plek word nie in die gedrukte teks aangedui nie. Aangesien dit verwys na Hebreërs word dit hier geplaas - Willem Swanepoel]

[17] "Dikwijls ook bedoelt de Schrift door den naam *Kerk* de geheele menigte der menschen, over de aarde verspreid, die belijdt dat zij éénen God en Christus vereert; die door den doop in zijn verbond wordt ingelijfd, door de gemeenschap des Avondmaals hare eenheid in de ware leer en liefde betuigt, met het Woord des Heeren instemt..." Johannes Calvyn's Institutie. G. Baum, E. Cunitz en E. Reuss, Kampen 1868, p. 15 vlg.

[18] Ten onregte deur Greydanus vereenselwig met die kerk in sy geheel. Vgl. dr. S. Greydanus: De Brief van den Apostel Paulus aan de Gemeenten in Galatië, H. A. van Bottenburg, Amsterdam,

versorg, *wat Hy* deur sy eie bloed *verkry het.* Die gekursiveerde woorde is aanhaling uit Ps. 74:2, m.a.w.: Elke plaaslike gemeente is ook die voortsetting van die O.T. Israel, die volk van God. Dit verteenwoordig die volk van God op daardie plek.

By hierdie plaaslike gebruik van *ekklêsia* is daar nog 'n belangrike verbesondering, nl. in die sin van *kerklike samekoms.* Paulus wil dat die vroue in die *ekklêsia* sal swyg (1 Kor. 14:23), d.i. nie juis in die kerkgebou, of in enige samekoms van die gemeente nie, maar in die erediens.[19] In 1 Kor. 11:18 sê Paulus: "As julle saamkom in *ekklêsia".* Ons vertaling het "as julle saamkom in die gemeente". 'n Presieser weergawe sou wees: "As julle kerklik saamkom". Van besondere belang in hierdie verband is 1 Kor. 14:23: "As die hele gemeente dan saam[20] vergader het". Twee dinge kan hieruit afgelei word. Die eerste is dat daar dus ook *aparte* samekomste was op verskillende plekke. Dit bied die oplossing van die sg. *huisgemeentes.* Ons lees van die gemeente in die huis van Nimfas (Kol. 5:15), van Archippus (Fm:2), albei in Kolosse, van Priscilla en Aquila ens., in Rome (Rom. 16:3), later in Efese (1 Kor. 16:19). Dit was samekomste om daar kerk te hou, waaraan as deel van die Kerk die naam *kerk* gegee word.[21] Dit beteken nie dat die eenheid van die plaaslike gemeente opgebreek word nie, want al kom die gelowiges vanweë hulle groot getal in verskillende wonings saam, tog vorm hulle een *ekklêsia*.[22] Dit was veral die geval in die groot stede. Van eie kerkgeboue op Romeinse bodem voor die derde eeu weet ons nie.[23] Die tweede punt in 1 Kor. 14:23 is dit: Kerk is *kerk* nie alleen as samekoms nie, maar ook iets wat saamkom, en dus bestaan,[24] al is dit nie juis saam nie.[25] Dit is dus 'n organisasie wat bestaan, afgesien van die kultus.[26] Dit is ook verder duidelik uit die gebruik. Paulus sê: "Ek het die *ekklêsia* vervolg" (1 Kor. 15:9; Gal. 1:13; Fil. 3:6). Is dit die samekoms? Seker nie. Hy het die dissipels gaan opsoek in hulle huise (Hand. 8:1). Paulus wou die gelowiges uitroei en die organisasie vernietig. "Uitwerp uit die *ekklêsia*" (3 Joh. 10) kan nie beteken uitwerp uit die samekoms nie, maar uitsluiting uit die organisasie. Dat ekklêsia dus uitsluitend sou gebruik word vir die samekoms[27] is onjuis, en nie in ooreenstemming met die gebruik van die woord in die N.T. nie. Kerk is 'n plaaslik georganiseerde gemeenskap wat amptelik fungeer, al is dit nie byeen nie, en wel in huisbesoek (Hand. 20:28), in diens van barmhartigheid (1 Tim. 5:16), in tugoefening (Matt. 18:17).

Ons moet nog let op die meervoudige gebruik van *ekklêsia* (kerke, gemeentes) in die

---

1936, p. 50.

[19] Hier straal die oorspronklike betekenis van kerk by ons nog deur, bv. "kerkhou". Dink ook aan die verskil wat ons maak tussen *gemeentelike* en *kerklike* samekoms. Kerk beskryf die gemeente meer van sy offisiële kant. Daarom is dit jammer om kerk geheel te vervang met gemeente.

[20] Volgens die oorspronklike beteken dit "op dieselfde plek".

[21] Vgl. Gysbertus Voetius: Verhandeling over De Zichtbare en Georganiseerde Kerk, uit het Latijn vertaald door R. J. W. Rudolph en dr. F. F. C. Fischer, J. H. Kok, Kampen 1902, p. 154.

[22] Bavinck, a.w., p. 301.

[23] F. Godet: Kommentaar op Paulus eersten Brief aan de Corinthiërs uit het Fransch vertaald door dr. G. Keizer. J. H. Kok, Kampen, 1904, p. 882.

[24] Die gemeente *wat* in Jerusalem *is* (Hand. 11:22), *wat* in Antiochië *is* (Hand. 13:1), ens., d.w.s. die daar *bestaande* gemeente. Dit dui die Kerk aan as gevestigde, waarin ook ampsdraers gevind word. Vgl. dr. F. W. Grosheide: De Handelingen der Apostelen, opnieuw uit den Grondtekst vertaald en verklaard, J. H. Kok, Kampen, 1941, p. 194.

[25] Vgl. 1 Kor. 14:23 met 1 Kor. 11:18.

[26] Om hierdie onderskeiding sterk te beklemtoon, is nog nodig, afgesien van die teorie van Sohm. Ook teenswoordig word weer die nadruk verlê na die kultus.

[27] "Es gibt keine Gemeinden innerhalb der Christenheit mit irgendwelcher die einzelnen bindenden, zusammenfassenden *rechtlichen* Organisation. Es gibt viel mehr nur Versammlungen (Ekklesien) bald grosse, bald kleine... gewissermassen nur Wellen, auf und wieder steigend, kommend und gehend in dem grossen Strom der Christenheit. Hat die Versammlung sich aufgelöst, so ist ihre Spur nich mehr zu finden. Vor ihr, wie in ihr und nach ihr besteht nur eine einzige Grösse, *die ganze Christenheit* auf Erden". R. Sohm, Kirchenrecht I, 1923, p. 66.

N.T. Paulus spreek van die kerke (gemeentes) van Galásië (1 Kor. 16:1; Gal. 1:2), van Asië (1 Kor. 16:19), van Macedónië (2 Kor. 8:1), van Judéa (Gal. 1:22), van Sirië en Cilïcië (Hand. 15:41). Hier het ons dan "provinsiale" en "landskerke". Nooit word hiervoor die woord kerk in die enkelvoud gebruik nie. Daar is in die N.T. geen enkele voorbeeld van dat kerke (gemeentes) van een land of provinsie 'n *kerk* genoem word nie. Ook nie eens die gelowiges van een land nie.[28]

Die Christelike Kerk was verder verdeel in twee groot groepe, die Joods-Christelike en die Heiden-Christelike Kerk. Maar hierdie gangbare terme gebruik Paulus nie. Die Heiden-Christelike Kerk is "al die kerke onder die heidene" (Rom. 16:4), en die Joods-Christelike Kerk is "die kerke van Judéa wat in Christus is" (Gal. 1:22; vgl. 1 Thess. 2:14). Ons vertaling het "Christelike gemeentes in Judéa". Dit is reg. Dit onderskei die Kerke van Christus van die Joodse. Ons het hier dus so iets as die teenswoordige "denominasionele" onderskeiding van kerke. Ook in hierdie sin word die woord *kerk* (enkelv.) nie gebruik nie. Dit kom nie voor om een kerkegroep van 'n ander kerkegroep te onderskei nie.

Wat van die kerke van die *wêreld?* Vorm dit nie saam 'n Kerk nie? Ook hier hou Paulus vas aan sy spraakgebruik: "Al die kerke van Christus groet julle" (Rom. 16:16).[29]

Ons konklusie is: Nooit kan ons uitkom van 'n gemeente by 'n kerk nie, hetsy in provinsiale, nasionale, denominasionele of selfs universele sin nie. Gemeentes saam maak nie 'n kerk uit nie. Of: 'n Kerk bestaan nie uit gemeentes nie,[30] maar uit gelowiges, en wel (1) in plaaslike verband, d.i. kerk in lokale sin, (2) oor die hele wêreld, d.i. in universele sin.

2. KERK IN UNIVERSELE SIN

So kom die woord *kerk* 16 keer voor, buite die geskrifte van Paulus slegs drie keer,[31] en by Paulus buite die gevangeskapsbriewe (Efésiërs, Kolossense) slegs twee keer.[32] In hierdie sin word die Kerk by Paulus veral beskryf as Liggaam van Christus en as Gebou van God.

Die Kerk is die Liggaam van Christus (Ef. 1:22, 23; Kol. 1:18, 24). Om aan die Kerk en aan Christus te behoort, is nie twee aparte sake nie.[33] Die Kerk en die Liggaam van Christus is een en dieselfde.[34] In *liggaam* sit ook weer verskillende gedagtes opgeslote. Die eerste is *rekapitulasie, samevatting onder een Hoof* (Ef. 1:10), nl. van gelowiges uit die Jode en heidene tot een liggaam (Ef. 2:16, 3:4-6). Die Kerk is dus 'n samevatting van die menslike geslag tot 'n nuwe geslag teenoor Jodedom en Heidendom (1 Kor. 10:32).[35] So is die Kerk *ekumenies.* Ekumenies wil sê: "Wêreldwyd in Christus een". Nie gemeentes nie, maar die menslike geslag omvattend. Die tweede gedagte in *liggaam* is die van 'n *groeiende organisme. Die Hoof is ook die* Begin.[36] Hoof *van* die *gemeente moet* dan ook verstaan word in organiese sin, sodat die gemeente Sy liggaam

---

[28] Die voorbeeld het ons gehad in 2 Kor. 2:1.

[29] Vgl. ook 1 Kor. 7:17; 1 Kor. 11:16; 1 Kor. 14:23; 2 Kor. 11:28; 2 Thess. 1:4. [Hierdie voetnoot se plek word nie in die gedrukte teks aangedui nie. Dit word hier geplaas sodat dit nie verlore gaan nie - Willem Swanepoel]

[30] "Alle plaatselijke gemeenten of kerken vormen één geestelijk geheel, het lichaam van Christus", Greydanus, a.w., p. 83.

[31] Matt. 16:18; Hand. 9:31; Hebr. 12:23.

[32] 1 Kor. 10:32; 1 Kor. 12:28.

[33] Vgl. Bavinck, a.w., p. 356.

[34] In Grieks uitgedruk met die lidwoord by die predikaat.

[35] "Sie waren sich ein Geschlecht für sich das triton genos neben Juden und ethnê, den beiden bisherigen Menschengattungen". F. Kattenbusch: Der Quellort der Kirchenidee, Festgabe für Adolf van Harnack, Tübingen 1921, p. 146.

[36] "Archê". Kol. 1:18.

is wat uit Hom groei.[37] Die Kerk is dus geen assosiasie van persone wat buite die Kerk tot geloof kom en hulle verenig nie. Dis 'n organisme met die geheel voor die dele. So gaan die algemene ekklêsia aan die partikuliere vooraf.[38] "Die Gläubigen im Sinne der Urkirche schufen nicht die Kirche durch Zusammentreten als gleichberechtigen Menschen, sondern 'fanden sie vor', 'traten in sie ein'. Nicht die Individuen sind die Konstituante der Kirche; vielmehr ist die Kirche jedem eine Vorangegebenheit, eine tranzendentale supra-naturale Gemeinschaft, für die Menschen als Einzelne von allen Anfang eine 'vorhandene' stiftunggeistlich (himmlische) Art".[39] Vgl. ook die gedagte van inenting by Paulus (Rom. 11:19, 23) en die Doopsformulier waar sprake is van inlywing. "Begin" in Kol. 1:18 is egter nie 'n geestelike beginsel nie. Dit word nader beskryf as Christus "die Eersteling uit die dode". Kerk is dus 'n groeiende organisme met 'n historiese aanvang. Dit rus op die feite van Dood en Opstanding.[40] Daar sit waarheid in as Kattenbusch sê: die kerk is Christus op aarde "als sarx fortlebend", 'n "Geistgrosse" in liggaamlike vorm.[41] Beter: Die voortsetting op aarde van wat met die vleeswording van Christus begin is. Die Kerk is op aarde deur Christus geplant en bestem om te bly (Matt. 16:18b). 'n Derde gedagte opgeslote in liggaam is die van *plêroma* (Ef. 1 :23), nl. dit wat (deur Christus) vervul word.[42] Die volheid Gods woon in Christus liggaamlik (Kol. 2:9) en so deur Christus in die gemeente deur die kennis van die kennis-te-bowegaande liefde (Ef. 3:19). Hoe is dit moontlik? Dit is nie gegee aan die individuele gelowige nie. Dit is die taak van die Kerk van alle eeue (Ef. 3:21).[43] Vir die verkryging van die kennis het die een gelowige die ander nodig; slegs in samehang en samewerking met alle ander gelowiges, ook uit vroeëre eeue, is dit moontlik om die kennis te bekom, meer en meer,[44] so is die Kerk ekumenies. Nie net "wêreldwyd", alle nasies nie, maar ook "deur die eeue heen" alle geslagte omvattend. Die Kerk is 'n groeiende organisme, wat hom histories verwesenlik. Die voorstelling is organies-histories.[45] Ook nog op 'n ander wyse word die volheid van Christus in verband gebring met die ekklêsia. Christus stort sy volheid nie alleen oor in die gelowiges as sodanig nie, maar in hulle in al hulle lewensbetrekkings. Dit word uitgewerk in die laaste gedeelte van die brief, die praktiese vermanings (Ef. 4-6). Die noodsaaklikheid waarom die Kerk moet optree op aarde lê hierin dat die organiese lewe van die menslike geslag moet wedergebore word.[46] Ook die lewensvorme het Jesus nie kom ontbind nie, maar kom vervul. "Es bietet auch das Wort für Sonderart der Mitbeteiligung an Familie (Haus) und Staat (Obrigkeit), für Beëinflüssung, eigenartige Umgestaltung, der naturhaft allgemeinen Lebensformen, die Gott in Christo nicht verwirft, sondern erneuern will und kann".[47] Ekumenies wil dan sê: Die ganse mensheid in volkere en geslagte, maar ook heel die menslike lewe omvattend. Die Kerk staan in organiese samehang met die lewe. Dit is die volk van God op aarde "mit Aufgaben, Kraften, ja auch Betätigungen in der Welt, d.h. ausserhalb ihrer

---

[37] Dr. S. Greydanus: De Brief van den Apostel Paulus aan de Epheziërs, opnieuw uit den Grondtekst vertaald en verklaard. J. H. Kok, Kampen, 1925, p. 44.

[38] H. Bavinck, a.w., p. 301.

[39] F. Kattenbusch: Die Selbstauffassung und Gestalt der Urkirche. Zu O. Lintons Schrift. Studien und Kritiken, 1933 (1), p. 105.

[40] Vgl. die Doop as inlywing in die gemeenskap met die dood en wederopstanding van Christus (Doopsformulier).

[41] F. Kattenbusch: Der Quellort der Kirchenidee, p. 157.

[42] Dr. J. A. C. van Leeuwen: Paulus Zendbrieven aan Efeze, Colosse, Filemon en Thessalonika — H. A. van Bottenburg, Amsterdam 1926, p. 46, en nie "aanvulling", soos Kattenbusch: "Konkrete wechselseitige Ergänzung", a.w., p. 157.

[43] "The whole of the saints may know as a whole, what must forever transcend the knowledge of the isolated individual."

[44] Vgl. dr. S. Greydanus, a.w., p. 77. So kom Paulus uit by die Kerk i.p.v. by die mistiek.

[45] J. A. C. van Leeuwen, a.w., p. 87.

[46] A. Kuyper, a.w., p. 48.

[47] Kattenbusch: Die Selbstauffassung und Gestalt der Urkirche, p. 116.

Versammlungen... die neue Gesamtform der Menschheit."[48] Die Kerk is egter nie net organisme nie maar ook *organisasie.* Dit is die vierde gedagte wat met liggaam verbind word (Ef. 5:22-33).[49] Met liggaam word hier verbind die gedagte van die huwelik. Die Kerk is die Bruid van Christus. Die huwelik bring reeds op institutêre terrein. Die verbinding met die Liggaam van Christus vind plaas deur die Doop (Ef. 5:26).[50] Hier sluit Paulus aan by Johannes die Doper, die Vriend van die Bruidegom,[51] wat deur die Doop die gemeente vergader vir Christus, en deur die Doop Christus verbind met die gemeente. Die Nuwe-Testamentiese Kerk begin met die Doop. Deur die Doop moet die gelowiges afgesonder word uit al die nasies.[52] "Daarom moet de doop met die oecumenische kerk in rapport gebracht: ze lijft niet in een particuliere kerk in ... De particuliere kerk bedient wel den doop, maar als representerende de oecumenische kerk".[53] Dit is een liggaam... een Here ... een Doop (Ef. 4:4, 5). Die ekumeniese Kerk is dus ook georganiseerd. Dit is georganiseerd in die Doop. Organisasie word egter nie alleen in verband gebring met die liggaam nie, dit sit ook in "liggaam" opgeslote (1 Kor. 12:27, 28). As die kerk hier vereenselwig word met die Liggaam van Christus gaan dit nie om 'n groeiende organisme nie, maar teen die gelykheidsbeginsel.[54] Daar is in die Kerk 'n heilige rangorde.[55] Hoof-liggaam wil hier sê: Volksverband onder 'n Heerser.[56] Die eerste plek in die Kerk word ingeneem deur die Apostels, die manne wat reëlreg deur Christus geroep is om sy getuies te wees, en wie se amp van grondleggende betekenis is vir die Kerk van alle tye.[57]

So bring die gedagte van Liggaam vanself op die van *Gebou.* Hier staan organisasie voorop. Die Apostels is nie net die grondleggers van die kerk om dan te verdwyn nie, hulle is self die fondament van die kerk (Ef. 2:20).[58] Hulle getuienis waarop die hele Kerk rus is egter 'n getuienis van die Here Christus, en so rus die gemeente in werklikheid op Hom.[59] Die belangrike hier is dat Christus, die Apostels nie net stigters (grondleggers) van die Kerk is nie, só dat hulle daar self bo en buite staan nie. Hulle vorm self 'n deel van die Kerk. Die ekklêsia is dus 'n eenheidsgebou, rustend op Christus en die Apostels. Gebou, fondament, hoeksteen sê organisasie. So word die gelowiges uit alle volke tot 'n hegte, sierlike eenheid in Christus versamel, so word die wêreldkerk 'n werklikheid[60] nl. as eenheidsinstituut. "De geheele Kerk rust op den arbeid der hier eerstgenoemde drie groepen van ambten".[61] Daar is maar één Kerk, die Apostoliese, die

---

[48] Kattenbusch: Der Spruck über Petrus und die Kirche bei Matthäus, Theol. Studien und Kritiken, 1922 (1/2), pp. 115, 116.

[49] In hierdie hoofstuk kom die woord *Kerk* ses keer voor, altyd in universele sin.

[50] Die waterbad deur die Woord, vgl. Greydanus, a.w., p. 122.

[51] Joh. 3:29.

[52] Matt. 28:19.

[53] Kuyper, a.w., p. 133.

[54] Juis in Korinthe, waar die neiging bestaan om gesag te verwerp, vgl. F. Godet: Kommentaar op Paulus eersten Brief aan de Corinthiërs, J. H. Kok, Kampen, 1904, p. 496.

[55] In die eerste plek — ten tweede — ten derde beteken nie volgorde nie maar rangorde, vgl. Godet, a.w., p. 597.

[56] Kattenbusch: Die Selbstauffassung und Gestalt der Urkirche, p. 108.

[57] Dr. F. W. Grosheide: Paulus eersten Brief aan de Kerk te Korinthe opnieuw uit den Grondtekst vertaald en verklaard, J. H. Kok, Kampen, 1922, p. 157.

[58] "Die fondament van die Apostels" wil sê: die fondament wat deur die Apostels en profete gevorm word, wat hulle self is. Greydanus, a.w., t.p. Vgl. P. A. E. Sillevis Smit: De Organisatie van de Christelijke Kerk in den Apostolischen Tijd, Rotterdam, 1910, p. 132: "niet... een door de Apostelen en profeten gelegden grond..., maar henzelf, als vormende het fundament".

[59] Die hoeksteen. Ef. 2:20.

[60] Dr. H. L. N. Joubert: Die Roeping, Sending en Sendingbewussyn van die Nuwe-Testamentiese Apostel, Amsterdam, 1939, p. 180.

[61] Greydanus, a.w., p. 89.

enigste amp regstreeks deur Christus ingestel.[62] "De Apostelen... droegen een ambt, dat tot heel de kerk, ja tot de gansche wêreld zich uitstrekte".[63] "De instelling van het apostolaat is vooral een krachtig bewijs voor het institutair karakter, dat Christus aan Zijne Kerk op aarde gaf".[64] Die ekumeniese kerk is dus 'n Instituut, sentraal gegee in die Apostolaat, en afgegrens na buite deur die Doop.

Matt. 16:18, een van die mees besproke plekke in die N.T., lewer na die voorgaande weinig moeilikheid. Leerlinge word hier belyers, volgelinge tot aanbidders,[65] m.a.w. dit is die aanvang van die N.T. Kerk. Jesus lê self die grondslag. Die Apostels[66] is die fondament, die gelowiges die stene.[67] Die besondere hier is die mag van die Kerk. Die saligheid word daarmee verbind.[68] Die formele, waar dit veral vir ons op neerkom is dat die Apostoliese Woord bindend gemaak word.[69] Die Apostoliese Woord is vasgelê in die Heilige Skrif. "De Apostelen in hunne geschriften geperpetueerd zijn de blijvende getuigen van Christus. Zoo blijft dus tot het einde toe de kerk een Apostolische, gebonden aan het getuiegenis der Apostelen, die nu nog evengoed getuigenis afleggen dan ze eenmaal mondeling deden".[70] "Toen het God behaagde eenen meer luisterrijken vorm Zijner Kerk daar te stellen, zoo heeft Hij gewild dat Zijn Woord te boek gesteld en door geschrift als verzegeld worden zou".[71] "Zij ons dan dit tot een vasten regel: dat men geen ander Woord van God moet hebben of in de Kerk moet plaats geven, dan hetgeen vooreerst in de Wet en Profeten, en daarna in de Schriften der Apostelen is begrepen".[72] Die Ekumeniese Kerk is georganiseerd, en wel in die een ekumeniese evangelie wat verkondig word aan die ganse mensdom,[73] en in die Doop van die wat glo.[74]

Hieruit volg dat die onderskeiding sigbare en onsigbare Kerk nie saamval met die van lokale en universele Kerk nie, want die universele Kerk het ook 'n sigbare kant, nl. as organisme. Die onderskeiding sigbare en onsigbare Kerk val ook nie saam met instituut en organisme nie, want die Universele Kerk is ook geïnstitueer in die Apostoliese amp, waaraan die Kerk van alle eeue gebonde is. Dit bring by die vraag na die verband tussen die universele en lokale Kerk.

3. VERBAND TUSSEN ECCLÊSIA UNIVERSALIS EN PARTICULARIS

Dit is verskillend ingedink:

1. Die dele gaan op in die geheel. So die Katolisisme. Daar is maar een Kerk, die Katolieke. Die plaaslike gemeentes gaan as parochieë op in die geheel, soos die priester in die biskop, en die biskop in die pous.

---

[62] Vgl. H. Bavinck, a.w., p. 365.
[63] A.w., p. 394.
[64] A.w., p. 359.
[65] Dr. H. N. Ridderbos: Het Evangelie van Mattheüs opnieuw uit den Grondtekst vertaald en verklaard II, J. H. Kok, Kampen, 1946, p. 9.
[66] Petrus tree hier op in naam van die ander.
[67] 1 Petr. 2:5.
[68] "Sleutels van die koninkryk van die hemele."
[69] "Apostel" beteken nie "sendeling" nie, maar gesant, 2 Kor. 5 :20, "plaasbekleder". So het Calvyn dit reeds gesien "hen stellende tot zijn plaats bekleders", a.w., p. 55. Tans word dit weer sterk benadruk, vgl. Gerhard Kittel: Theol. Wörterbuch zum Neuen Testament I, Stuttgart, 1933, p. 414.
[70] Kuyper, a.w., p. 100.
[71] Calvyn, a.w., p. 173.
[72] Calvyn, a.w., p. 176.
[73] Kol. 1:23.
[74] Mark. 16:16.

2. Die geheel gaan op in die dele. So bv. R. Sohm. Die geheel is in elke deel aanwesig,[75] sy sigbare afbeelding.[76] So kom die plaaslike kerke los te staan van mekaar, elk 'n geslote afbeelding van die geheel. Alle vergeesteliking van die universele kerk lei onvermydelik op die weg van independentisme.

3. Die dele teenoor die geheel. So Harnack wat die ontstaan van kerkorganisasie sien as 'n gewone sosiologiese probleem. "Zentral Organisation und Lokal Organisation sind in steten Streit wider ein ander... die Evolution vom Ganzen zum Teil, und eine Summation der Teile zum Ganzen",[77] soos in elke groot organisasie. Die Roomse Kerk het dan ontstaan deurdat die sentrale (apostoliese) oorgegaan het op die lokale (biskoplike). Dit gaan hier dus ten koste van die dele. Anders by Weizsacker. Hy gaan uit van die Missie (Apostolaat). "Die Gemeinden sind aus der Mission für das Reich Gottes hervorgegangen".[78] Maar, waar die Apostoliese Woord in die lewe van die Einzelgemeinde ingryp kan hulle maar net raad gee.[79] Die selfstandigheid van die dele gaan hier ten koste van die geheel. Troeltsch neem twee sosiologiese tipes: Freiwilligheits-kirche (Sekte) en Anstaltskirche (Kerk), naasrnekaar aan as die twee pole waarom die kerkorganisasie sig beweeg, en wat op mekaar inwerk.[80]

4. Die samestelling van die geheel uit die dele, soos ons dit vind by die Kollegialisme. "Dieses System erklärt die äussere, sichtbare Kirche als entstanden aus der Vereinigung einzelner Gemeinden, ecclesiae, solcher die im gleichen Glauben und gleicher Religionsübung verbunden sind zu einer universalis ecclesia".[81]

Wat leer die N.T. hieromtrent? In die Evangelies is daar twee keer sprake van ekklêsia, een keer Matt. 16:18 en die ander keer in Matt. 18:17. In albei gevalle is dit Jesus wat spreek van die ekklêsia. Die eerste keer gaan dit oor die ecclêsia universalis soos gebou op die Apostolaat. Die tweede keer is dit die plaaslike gemeente. Van belang is: Matt. 18:17 volg op en volg uit Matt. 16:18. Ons kry dus nie 'n inmekaar of teenmekaar of *naas*mekaar *nie* maar 'n *na* mekaar. "De ecclêsia universalis gaat aan de ecclêsia particularis en aan de afzonderlijke fideles vooraf".[82]

Hieruit lei ons die volgende af:

(a) Die plaaslike kerk (gemeente) is nadere organisasie van die universele. Dit toon ook die verband tussen die twee. Die plaaslike kerk *is* die algemene, wat hom op elke plek organiseer, en daarom heet dit ook *kerk,* want dit is altyd die één Kerk van Christus, wat sig hier en daar openbaar.[83] En dit, as gelyksoortige dele van die een ongeskonde geheel, wat is die oor die hele wêreld verdeelde Kerk, of as onderdele van die Een Algemene Kerk.[84] Hierdie nadere organisasie van die Kerk is omdat op die manier die maklikste op mekaar toegesien kan word tot opskerping van die liefde en

---

[75] "Der Glaube der Christen sieht in jede Christenversammlung im Geiste versammelt die *ganze* Christenheit... die Gesamtgemeinde". Rudolph Sohm, a.w., p. 20.

[76] "Es gibt nur *eine* Ekklesia, die Versammlung der ganzen Christenheit", maar dit het "unzähliche Erscheinungsformen", a.w., p. 21.

[77] A. von Harnack: Entstehung und Entwicklung der Kirchenverfassung und des Kirchenrechts in den zwei ersten Jahrhunderten, nebst einer Kritik der Abhandlung R. Sohms. Wesen und Ursprung der Katholizismus, und Untersuchungen über "Evangelium", Wort Gottes, und das Trinitarische Bekenntnis. Leipzig, 1910, p. 32 v.

[78] Carl Weizsacker: Das Apostolische Zeitalter der Christlichen Kirche. Tüb. und Leipzig, 1902, 3, p. 584.

[79] A.w., p. 590.

[80] Ernst Troeltsch: Die Soziallehren der Christlichen Kirchen und Gruppen, Tübingen, 1923,p. 375.

[81] O. Linton: Das Problem der Urkirche in der neueren Forschung, eine kritische Darstellung, Uppsala, 1932, p. 27.

[82] H. Bavinck, a.w., p. 357.

[83] Vgl. dr. A. Kuyper, a.w., p. 172.

[84] Vgl. Voetius, a.w., p. 134.

goeie werke (Hebr. 10:24), om mekaar aan te spoor en te troos (1 Thess. 5:11), en wel daagliks (Hebr. 3:15),[85] en veral ook met die oog op tugoefening.[86] Matt. 18:17 (plaaslike kerk) volg ook nie maar vanself op Matt. 16:18 (eccl. univ.) nie, maar as uitgesproke deur Jesus. Plaaslike organisasie is 'n uitdruklike *voorskrif* van Jesus vir die gelowiges.[87] Dit is nie 'n vrye daad nie, maar gehoorsaamheid. "Ze moeten institueeren".[88]

(b) Soos met die gelowiges, so ook met die gemeentes. Soos die gelowiges hulle moet verbind tot 'n gemeente, so moet die gemeente hulle verenig in kerkverband.[89] Egter nie om een te word nie, maar omdat hulle een is. Die ecclêsia universalis voorop.[90] Hulle is geestelik een en ook histories een en daarom verplig om gemeenskap te onderhou met die wat dieselfde geloof deelagtig is.[91] Paulus maak daar dan ook 'n bevel van (1 Kor. 16:1). Dit gaan hier nie om armversorging nie, maar om die hulpbehoewende gemeente van Jerusalem. Die gemeentes uit die heidene is verplig om te sorg.[92]

(c) Die Kerk wat hom so verbind is *ekumenies*.[93] Daarom moet die kerkverband ook ekumenies wees.[94] "Juist daarom echter mag deze eisch niet beperkt tot de kerken van een zelfde land, maar gaat door voor alle kerken op aarde, en het ideaal zou dan eerst bereikt zijn, indien alle kerken op aarde in een Confederatie samenleefden, in een Concilie de kerkelijke macht konden saam brengen: en in eenzelfde Confessie zich konden uitspreken".[95]

Ekumeniese kerkverband beteken egter iets anders as Internasionale kerkverband, d.w.s. verband tussen "nasionale kerke". Die nasionale begrip van kerk ontbreek in die N.T. ten enemale, soos reeds aangetoon. Dit beteken ook nie interkerklike verband nie, d.w.s. 'n verband wat verskillende kerkegroepe omvat nie. Ook hierdie denominasionele kerkbegrip ontbreek in die N.T. Kerkverband beteken altyd verband tussen kerke (gemeentes). Omdat die Kerk wat hom so organiseer in klassikaal en sinodaal verband, ekumenies is, daarom moet die nasionale Sinode gevolg word deur 'n ekumeniese Sinode.

'n Substituut hiervoor is gegee in korrespondensie. Dit is bedoel om oor die afstand en grense heen die eenheid van belydenis, broederlike gemeenskap, te bevorder, en oorgang van 'n lidmaat van die een na die ander kerk moontlik te maak.[96] Dit moet dus nie soseer gesien word as 'n losser verband, maar as 'n vergoeding vir die Sinodale verband.[97] Kerke wat in korresponderende verband leef, staan dus in *een* kerkverband.

---

[85] Voetius, a.w., p. 91.

[86] Matt. 18:17.

[87] "De noodzakelijkheid van het voorschrift, niet van de kerk als middel. Niet het staan buiten de kerk is het dat veroordeelt, maar het verachten der kerk". Voetius, a.w., p. 18.

[88] Kuyper, a.w., p. 184.

[89] "Geen enkele kerk, en geen enkel levend lidmaat dankt zijn ontstaan aan eigen wil of aan het werk van menschen". Bavinck, a.w., p. 409.

[90] "Niet eerst door het leggen van dezen band komen bijeen te hooren, maar omdat ze bijeen hooren moet ook deze band uitwendig aangelegd". Kuyper, a.w., p. 252 (§ 12).

[91] Bavinck, a.w., p. 408 e.v.

[92] Grosheide, a.w., p. 211.

[93] "Catholica, ter aanduiding van haar tegenstelling met het nationale leven, en dus met het... begrip volkskerk". Kuyper, a.w., p. 80 (§4).

[94] "De protestanten deden het Katholieke begrip der kerk te loor gaan en richten volkskerken op". Kuyper, a.w., p. 93.

[95] Kuyper, a.w., p. 252—253 (§12).

[96] Kuyper, a.w., p. 365.

[97] Vgl. Joh. Jansen: Korte Verklaring van die Kerkenordening, J. H. Kok, Kampen, 1923, p. 214

Dat nasionalisering van die Kerk nie 'n denkbeeldige gevaar is, waar 'n werksame ekumeniese verband nie bestaan nie blyk uit die moontlikheid dat 'n nasionale Sinode verandering sou kon bring in 'n gemeenskaplike konfessie, sodat kerke ook konfessioneel uitmekaar sou dryf. Ekumeniese verband is nodig ter wille van die eenheid van die belydenis.

Die vraag moet nog gestel word na die verband met Kerke-groepe. Hier kan uit die aard van die saak nie sprake wees van Sinodale verband nie, omdat dit kerke (gemeentes) is wat nie in een kerkverband staan nie. Hier is die verband losser.[98] Waar geen punte van kontak meer bestaan nie bly die Doop as band van die ekumeniese Kerk bestaan.[99] Deur gebroke kerkverband word egter die eenheid nie opgehef nie. Kerkverband *bring* nie eenheid nie, maar *rus* op eenheid. Kerkverband is 'n roeping op grond van eenheid. Waar dit nie is nie, mag daar dus nie sonder meer by berus word nie. Waar dit nog onvolkome is, moet dit gebring word tot groter volkomenheid.

---

e.v.

[98] Bv. Konvent?

[99] Kuyper, a.w., p. 253.

3. DIE KERK IN DIE NUWE TESTAMENT — EN VANDAG [1]

1. DIE BEGIN VAN DIE KERK IN DIE N.T.

Die Kerk is nie 'n werk van die mense nie, maar 'n wonderwerk van die Here. Ons kan dit vergelyk met 'n boom. 'n Boom is ook 'n werk van God. Selfs 'n kind kan dit sien en bewonder, hoewel hy dit nie kan begryp nie. So kan ons ook die Kerk nie begryp nie.

Ons het hier nie gekom om die Kerk te verstaan nie, maar om die Kerk te bewonder soos ons dit sien in Psalm 122:2 en 3. Die gelowige digter bewonder die Kerk wat gebou is soos 'n stad wat goed saamgevoeg is. Mag ons deur hierdie lesings oor die Kerk ook gebring word tot aanbidding, en mag ons seker *weet* dat ons ook 'n tak van daardie boom is, 'n lewende lidmaat van die Kerk.

In die Bybel lyk die leer oor die Kerk soos 'n rivier waarvan 'n mens die loop byna nie kan volg nie, maar wat uitloop in die oseaan. In hierdie lesings oor die Kerk sal ons dan ook hier en daar langs die oewer gaan staan om hierdie rivier te bewonder. In Openbaring 12 sien ons duidelik die begin van hierdie rivier. Die begin van die Kerk in die N.T. is die krip van Christus. By die begin van die Kerk in die N.T. is daar niks vir die oog om te sien nie, maar daar is des te meer om te hoor. Ons hoor lofsange. Ons hoor mense wat God loof en prys. Daar begin die Kerk. Die Kerk begin met dinge wat God gedoen het en wat met lofsange van mense beantwoord word. By die krip van Christus hoor ons die Kerk. Dit herinner ons wat die Kerk moet wees en wat die Kerk moet doen. Hierdie lyn loop dwarsdeur die N.T. Ons kan dit byvoorbeeld hoor in Efese 1 waar ook gesing word tot eer van God. Ons moet 'n *singende* Kerk wees.

Nou kan ons die lofsange nader bekyk. Daar is mense wat God loof, want Hy het heerlike dinge tot stand gebring. Ook al verstaan ons nie alles van die Kerk nie, as ons maar hierdie een ding doen: God loof en prys, dan doen ons al 'n groot ding. Die mense loof God vanweë die verbondstrou van die Here en ook vanweë Sy almag en genade. Dit is die eerste lofsang van die Kerk. En hierdie eerste lofsang van die Kerk in die N.T. is meteens 'n belydenis. Daarom kry ons hier die eerste belydenis van die Kerk in die N.T. Belydenis is lofsegging. Nou sien ons daardie belydenis groei. Dink maar aan die Twaalf Artikels waarin ook die Kerk bely word. Ook in die drie Formuliere van Enigheid sien ons 'n uitbreiding van die belydenis oor die Kerk. Ons moet hierdie belydenis bewaar. En as ons bely dan moet ons jubel. Dan is ons werklik Kerk.

Wanneer ons nou luister na die lofsang van Maria, dan kan ons hoor *hoe groot* die Kerk is. In Lukas 1:48 sien ons die loop van die Kèrk wat soos 'n rivier deur die historie kronkel. Die Kerk loop deur alle geslagte. Die geslagte word opgeneem in die Kerk. En dan tref dit ons in hierdie teks dat Maria nie heilig genoem word nie, maar sy word *salig* genoem. Maria is net deur geloof salig. Maria se geloof bestaan daarin dat sy God nie teenspreek nie. Sy het geglo soos *Abraham. En almal wat glo, sal ook salig geprys word.*

En vervolgens is daar die herders. Hulle het gehoor van die geboorte van die Kindjie (Lukas 2:11). Hierdie Jesus wat gebore is, is die Christus, die Seun van God. Hoe weet hulle dit? Hulle het dit gehoor. Die engele het hulle dit verkondig. Die eerste verkondiging kom van God. En die eerste verkondigers in die Kerk in die N.T. was engele. 'n Engel is 'n boodskapper. Daarom word in die Openbaring van Johannes die predikante ook engele genoem. Ons as predikante mag dan ook nie ons eie boodskap verkondig nie, maar ons mag alleen die boodskap bring wat ons ontvang het. Hier in Lukas 2 kan ons sien hoe heerlik dit is om 'n verkondiger te wees.

Na die engele word die herders ook verkondigers (Lukas 2:17). Die eerste predikante in die Kerk van die N.T. was herders. Dit beteken nie dat ons sommer uit die veld gevang moet word om te predik nie. In die N.T. is daar 'n duidelike aanwysing dat daar predikante moet wees wat die waarheid moet verdedig en wat dieper in die waarheid ingelei moet word om ander gelowiges ook dieper in die waarheid te kan inlei. Maar dit

---

[1] Hammanskraalse Teologiese Skool, Jaarblad 1965, pp. 5-17.

beteken wel dat alle gelowiges getuies moet wees. Alle mense moet verkondig aan hulle naaste. Ons het in die Kerk mondige lidmate nodig wat teenoor die ander mense van Christus kan getuig.

In die lofsang van die engele hoor ons ook iets oor die omvang van die Kerk. In die oudste handskrifte staan in Lukas 2:14: In mense van sy welbehae. Dit laat ons duidelik die omvang van die Kerk sien. Die Kerk is nie maar net Israel nie. Hier hoor ons van die uitverkiesing. Dit is die vergadering van die Kerk. Die sendelinge is nog steeds besig om die mense van die welbehae te haal. Ons moet egter nie te gou sê as iemand nie glo nie: jy is nie van God se welbehae nie.

Die engele sing ook van vrede op aarde. Dit gaan hier om 'n innerlike vrede. Op die nuwe aarde sal daar ook 'n uiterlike vrede wees. Die vrede waarvan die engele sing, begin in die hart. Dit is 'n vrede met God, 'n vrede met sy lot en 'n vrede met sy medemens. God het alles gedoen, ons kan net antwoord en loof. Die Kerk is die vergadering van gelowiges en lowendes uit alle volkere, tale en nasies, van die begin van die wêreld tot die einde. Die Kerk is die gelowiges wat God loof.

2. DIE VERVOLGING VAN DIE KERK

Ons moet nog besondere aandag gee aan die lofsang van Simeon. Uit hierdie lofsang kan ons ook leer hoe dit is met die Kerk. Simeon besing twee dinge van daardie Kind. Hy besing Sy heerlikheid en Sy vernedering. Die heerlikheid is so groot dat een volk alleen dit nie sal ontvang nie, maar dit sal wees vir alle volkere. Christus is 'n lig tot verligting van die nasies (Lukas 2:32). Jesaja het dieselfde ook al geprofeteer, soos ons kan lees in Jes. 49:6. Maar Simeon sing ook van die vernedering van die Kind. Daar kom 'n skeiding. Sommige sal val en ander sal opstaan deur hierdie Kind. Christus bring skeiding tussen gelowiges en ongelowiges. Dit gebeur in Israel en wat in Israel gebeur, sal ook in elke volk gebeur. So bring die verkondiging die Kerk te voorskyn in alle nasies. Dit is nie Christus wat sy rug op die volk keer nie, maar dit is die volk wat Hom verwerp. En dit gebeur in elke nasie.

Wanneer ontstaan daar 'n Kerk? Die Kerk ontstaan as die Evangelie na 'n volk gebring word, want dit gaan maar nie net om die enkeling nie, maar om die volk. En wanneer ontstaan daar nou 'n Kerk? Die Kerk ontstaan as 'n deel van die volk sy rug op Christus keer en as die res van die volk Hom aanneem. Daarom moet die Kerk hom rig tot die volk. God het sy uitverkorenes onder elke nasie. Dit weet ons uit die Openbaring van Johannes. En daarom moet ons met die Evangelie kom tot die volk. By Jesus se geboorte sien ons al die verteenwoordigers van alle nasies. Hulle is die wyse manne uit die Ooste wat gekom het om Christus hulde te bewys. Dit is al 'n vervulling van Simeon se profesie.

Maar ook die donker kant van die profesie van Simeon gaan al gou in vervulling. In Openbaring 12 lees ons van die draak wat die Kind wil verslind. Koning Herodes trek sy swaard om die Kind te dood. Maar nou tref die swaard van Herodes nie die Kindjie nie, maar ander kinders. Ons kry die geskiedenis van die kindermoord te Betlehem. Daar vloei die eerste martelaarsbloed in die Nuwe Testament. Ons het lofsange gehoor, maar nou hoor ons geween. Hier word nie alleen bely nie, maar hier word ook gely. Ons moet ook bereid wees om vir ons belydenis te ly. Die weg van die Kerk, ook onder 'n volk, is 'n weg van lyding. Die Kerk groei juis deur lyding. In die Kerk word geloof en geprys, maar ook gely.

En dan sien ons in Matthéüs 2 dat die Kindjie vlug. Hy moet padgee vir die draak. Die engel het groot blydskap verkondig en nou is alles geklaag en geween. Die Verlosser moet verlos word. Sy ouers moet Hom neem en met Hom vlug. En wie sal glo in 'n vlugtende Koning? Christus moet vlug na Egipte. En wat word dan deur Matthéüs gesê? Hy skrywe: "Sodat die Woord vervul sou word wat die Here gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het Ek my seun geroep" (Matt. 2:15).

Hier kom ons by 'n diep saak. Hier kan ons sien wat die Kerk is. Uit Egipte het Ek my seun geroep. Dit kom uit die Ou Testament. Dit het ook in die Ou Testament gebeur.

Israel kom uit Egipte. Israel moes opstaan uit die dood. So moes van hom 'n volk gemaak word.

Dit is God se weg met Sy Kerk. Dit leer ons by Calvyn. Hy verklaar Matt. 2:15 op hierdie manier: die roeping van Israel uit Egipte was nog maar 'n profesie. Daardie verlossing uit die dienshuis van die sonde was nog nie die werklike verlossing nie. In Christus word die profesie vervul. Noudat Christus uit Egipte geroep word, gebeur daar 'n werklike verlossing met Israel. Egipte was maar 'n uiterlike diensbaarheid. Toe Christus uit Egipte geroep is, toe is Israel werklik verlos uit die slawerny van die sonde en van die dood. Dit kan ons ook leer by Paulus. Toe Christus opgestaan het uit die dode, toe het die Kerk opgestaan. Toe Christus uit die dood verlos is, toe is ons in Hom uit die dood verlos. En hier val die volle lig op die groot gedagte van Paulus: die Kerk is die liggaam van Christus. Wat met die Hoof gebeur het, het ook met die liggaam gebeur.

En hoe word ons nou salig? Deur dit te glo. Deur te glo dat ons in Hom begrepe was toe Hy gesterf en opgestaan het. Dit is dieselfde wat ook met Adam gebeur het. Ons het met Adam geval. Nou is Christus die tweede Adam. Soos ons in die eerste Adam verlore gegaan het, so word ons verlos deur die tweede Adam. Uit Egipte het Ek my seun geroep, beteken dat ons almal in Christus uit die sonde en die dood geroep is. Die Kerk is daarom almal wat in Christus begrepe is. Hulle wat nie glo nie, is nie in Christus begrepe nie. Deur ons val in Adam was ons in Egipte, en daar kom Christus ons haal. As ons daarom praat van die Christelike Kerk, dan beteken dit nie dat daar ook nog ander kerke is nie, maar dan wys dit op die eenheid tussen Christus en die gelowiges. As ons die eenheid met Christus verstaan, dan verstaan ons al veel van die Kerk.

As ons hierdie wonderlike eenheid raaksien, dan kan ons ook die lyding van die Kerk, die vervolging van die Kerk verstaan. Die draak vervolg eers die Kind wat die vrou gebaar het, en daarna vervolg hy die vrou (Openbaring 12:13). Die Kerk kan met sy lyding die genade nie verdien nie. Hy glo dat Christus alles gedoen het en dat ons slegs een ding kan doen: dit is om te glo soos Abraham en Maria alleen kon glo. Maar die lyding en die vervolging van die Kerk kan ons alleen verstaan uit die diepe eenheid tussen die Liggaam en sy Hoof. En hierdie lyn van Matthéüs 2 waarin geteken word dat dit wat met die Hoof gebeur het ook met die liggaam gebeur het, loop deur tot die Efesiërsbrief. Paulus trek daar die lyn van Matthéüs deur.

3. DIE KERK EN DIE DRIE-EENHEID

Paulus noem die Kerk 'n verborgenheid (Efese 5). Hy wys dan op die huwelik. In Efesiërs 1:21-23 verduidelik hy wat die eenheid tussen Christus en die gelowiges is. In hoofstuk 1:20 wys Paulus op Christus se gaan uit Egipte. En in hoofstuk 2:6 wys die apostel op ons gaan uit Egipte. Toe ons in Egipte was, toe ons dood was in ons sondes, het Hy ons lewend gemaak saam met Christus en ons saam opgewek. Hierdie heerlike saak moet ons glo. Toe Christus opgestaan het, het sy Kerk opgestaan. Al is ons nog op die aarde, al is ons nog in die sonde en in die dood, tog is ons al deur daardie dinge heen. Ons is al in die hemel, want Christus, ons Hoof, is in die hemel (Ef. 2:6).

Dit is met die Kerk soos met 'n leër. Wanneer die spits van die leër deur die vyandelike linies deurgebreek het, dan het die leër deurgebreek. Ons sien dieselfde in Kolossense 3:1-3. Want julle het al gesterwe, sê Paulus. In Romeine 6:8 en 9 kry ons ook dieselfde gedagte. Ons het saam met Christus gesterf. En ons doop is die beseëling van ons eenheid met Christus. Dit is die een lyn wat dwarsdeur die Bybel loop. Maar nou is daar ook nog 'n ander lyn. Om die Kerk te sien, moet ons ook op die ander lyn ag gee. Om die ander lyn te sien, moet ons terug na Johannes die Doper. Hy is die doper. Jesus sê van hom: hy is die grootste van diegene wat uit vroue gebore is (Matt. 11:11). Hy is die belangrikste van die ganse geskiedenis. As ons terugkyk, dan sien ons oor al die hoofde van die mense heen die hoof van Johannes die Doper.

Johannes wys in sy prediking op die doop met die Heilige Gees en op die doop met vuur (Matt. 3:11). Johannes kyk dwarsdeur die geskiedenis en dan sê hy dat diegene wat deur hom gedoop is ook met die Gees gedoop sal word, maar dat die ongelowiges

met die vuur van die oordeel gedoop sal word (Matt. 3:12). En dan praat hy van 'n dorsvloer. Op die dorsvloer sal die koringkorrel bly lê, maar die kaf sal wegwaai in die wind. Hulle wat nie geglo het nie sal as kaf verdwyn. Hulle wat nie glo nie, behoort eintlik ook nie tot die volk nie. In die rampsaligheid is daar net 'n klomp kaf, los van mekaar. Maar in die hemel is daar gemeenskap met mekaar. In die Kerk word dan ook die mensheid gered. Hulle wat nie glo nie, sal as kaf uitmekaar waai.

Daarom sê Jesus ook in Matt. 28:19: maak dissipels van al die nasies. En dit gaan terug op die belofte van God aan Abram in Genesis 12:2. En wat sien ons op Pinkster? Dan kom God om te woon in sy Kerk. Die Kerk is die woonplek van God. In die Heilige Gees het die Vader en die Seun na ons toe gekom. Dit noem ons ook die koms van die Koninkryk. Die Koninkryk van God bly in die Kerk. Pinkster is nog nie die einde nie, maar Pinkster is wel die begin van die einde. En wat is die wonder op Pinkster? Ieder hoor dit in sy eie taal. Elke volk moet dit hoor in sy eie taal.

Daarom gaan ons die Evangelie ook nie in Afrikaans of Engels verkondig nie. Ek verstaan wel Engels, maar Engels kom nie by my hart nie. Jy verstaan die Evangelie die beste as dit tot jou kom in die taal wat jy by jou moeder geleer het. En hierin sien ons ook die wonderlike eenheid van die Kerk. Dit is 'n eenheid in verskeidenheid, soos die blare van 'n boom. Aan 'n boom is nie twee blare eenders nie.

Ten slotte moet ons goed verstaan dat Israel nie as volk vernietig is nie. Alleen hulle wat nie wil luister nie, sal uit die volk uitgeroei word (Hand. 3:23). En dit bring ons by die uitmonding van die rivier soos ons dit vind in Openbaring 7. In die verse 1-7 lees ons van die uitverkorenes uit Israel en in vers 8 word die uitverkorenes uit die volkere genoem.

En so kom ons by die volgende onderwerp: die Kerk en die Drie-eenheid. Hierdie Kerk wat uit die verskillende volkere versamel word, bring Paulus in sy brief aan die Efesiërs in verbinding met die drie-enige God. Die groot gedagte van die brief aan die Efesiërs is die eenheid van die Kerk. Die Kerk is die volk van God; dit beteken die Kerk is die volk van die drie-enige God. Die Kerk is die ekklêsia, die kahal (O.T.). Dit beteken die volk van God wat geroep is, wat uitverkies is. Hoe kan ons in die Kerk glo sonder om in die uitverkiesing te glo! Die Kerk is geroep deur God en dit roep God nou aan.

Hier in die uitverkiesing sien ons die verbinding met die Vader (Ef. 1:2, 3). Maar ook is die Kerk verbonde met die Seun. Die Kerk is 'n Christelike Kerk. Sy is die liggaam van Christus (Ef. 5:23). En ook is daar die verbinding met die Heilige Gees. Die Kerk word ook genoem die tempel van God in die Gees (Ef. 2:21 en 22). Die heerlikheid van die Kerk is dat sy vasgebonde is aan die drie-enige God. Dit ook so pragtig tot uitdrukking gebring in die apostoliese geloofsbelydenis.

Ons kan die Drie-eenheid nie verstaan nie. Wel sien ons in die lewe verskillende merke van die Drie-eenheid, soos byvoorbeeld die gesin wat bestaan uit vader, moeder en kind, of 'n boom wat bestaan uit wortel, stam en takke, of die lig met sy verligtende, genesende en verwarmende werking. Nou is dit die opmerklike dat ons in die heidendom ook nog die swak spore van die Drie-eenheid kan ontdek. Ook in die heidendom kry ons die gedagte van 'n god. Maar daar is 'n verwronge godsgeloof. Ook die heidene gaan uit van die gedagte dat daar 'n godheid was wat alles geskape het. Daar is nog iets van 'n geloof in god, maar van 'n god wat baie ver weg is. Dan is daar by die heidene ook geloof in die toordokter. Daar word gedink dat hy oor goddelike kragte beskik. En hy is nie ver weg nie, maar hy woon onder die volk.

En ten slotte sien ons ook by die heidendom die geloof in voorvadergeeste. Die voorvadergees is die saambindende krag van die stam. Hier kry ons die drie-eenheidsgedagte in verwronge vorm. Nou sien ons dat verskillende Christene op die sendingveld soms terugval in die mag van die toordokter en in die voorvaderverering. En daarom moet ons die Kerk verbind aan die drie-enige God.

Toe Christus op aarde was, het die mag van die bose hom saamgetrek in siekte en besetenheid, en toe was daar veel towery. Christus het toe getoon dat hy groter mag

besit. Hy het gekom om Satan te bind. En dit moet ook onder die volkere gebeur waar nou die Evangelie verkondig word. Ons moet die duiwel bind en ons moet die mag van die toordokter bind. Hierdie mag van Christus is saamgetrek en sy oorwinning van die dood. Ons kan dit lees in Ef. 1:19 en 21. En daarom moet ons Christus gaan verkondig as die groot krag van God.

Dieselfde sien ons ook in Kol. 2:9-23 en in besonder die verse 13-15. So moet ons Christus gaan verkondig. Baie val terug in die heidendom omdat ons Christus nie genoeg op hierdie manier verkondig nie. En teenoor die voorvadergees moet ons die Heilige Gees stel. Ons moet die mense leer dat ons 'n veel beter Gees besit as die heidene. Wanneer ons op hierdie manier die goddelike uitverkiesing, die oorwinnende krag van Christus en die aanwesigheid van die Gees in die Kerk verkondig, dan bind ons die Kerk aan die Drie-eenheid.

4. DIE KERK IN DIE BRIEF AAN DIE FILIPPENSE

Ons vind die Kerk orals in die Nuwe Testament. En al word in die brief aan die Filippense die woord "kerk" nie genoem nie, tog vind ons ook in hierdie brief duidelik die Kerk. Paulus skryf hierdie brief uit die gevangenis aan 'n gemeente in verdrukking. 'n Beproefde apostel skrywe aan 'n beproefde gemeente en tog spreek hy in hierdie brief net oor die blydskap. Die brief aan die Filippense is die brief van blydskap (Fil. 4:4). Die twee Griekse woorde vir "blydskap" en "genade" lê dig by mekaar. Genade gee blydskap en geloof bring tot lofsegging.

Nou is dit treffend dat Paulus in Fil. 1:1 skrywe: Aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filippi is, saam met die opsieners en diakens. Noudat die apostel in bande sit, kom die ampte te voorskyn. Paulus is besig om terug te tree en terwyl hy hom van die gemeente losmaak, kom die plaaslike ampte na vore. In hoofstuk 1:27-30 kan ons lees hoe die apostel hom losmaak van die gemeente. Hy bind die gemeente aan die Evangelie van Christus.

Daar kom 'n tyd dat die jong Kerk nie meer so afhanklik moet wees van die sendende Kerk en die sendeling nie. Ons moet die Kerk nie bind aan mense nie, maar ons moet die Kerk bind aan die apostoliese Woord. Want ons sien in hierdie brief dat die apostel verdwyn, maar dat die Evangelie bly. Hierdie gemeente te Filippi word nou deur Paulus vermaan tot eensgesindheid. In verband hiermee teken Paulus die weg van God met Christus. In hoofstuk 2:6-11 wys die apostel op die vernedering en die verhoging van Christus. Eintlik is hierdie gedeelte 'n samevatting van die Evangelie. Die weg van God is 'n weg van bo na benede. En hierdie gesindheid moet ook in julle wees, sê Paulus in Fil. 2:5. Ons menslike verhoudinge moet hierdeur beheers word, want so kry Christus gestalte in die Kerk.

En dan skryf Paulus in hierdie brief oor die uitnemendheid van die kennis van Christus. Hierdie kennis wat ook deur Petrus in sy belydenis uitgespreek is, is 'n uitnemende en heerlike kennis. Laat ons in verband hiermee dink aan Paulus se kennismaking met Jesus op die weg na Damaskus. Paulus wou eers hierdie Jesus en hierdie kennis en hulle wat hierdie naam bely, vernietig. Maar op die weg na Damaskus het hy tot die insig gekom dat Jesus werklik die Christus is. Hoekom? Hoe kom 'n mens tot die insig dat Jesus die Christus is? Deur openbaring.

Nou is hierdie kennis wat ons net deur openbaring kan ontvang, die fondament van die Kerk. Ons kan dit lees in Matt. 16:17. Die Kerk rus op hierdie kennis, ons kan dus ook sê: die Kerk rus op openbaring. Die Kerk ontstaan deur openbaring van God. Waarom het Paulus probeer om die kennis van Jesus te vernietig? Omdat hy wou opklim tot God deur middel van die wet. Maar dan kan 'n mens deur sy eie krag die hemel verdien. Paulus het deur sy ontmoeting met Jesus Christus geleer dat die verlossing net uit genade is. Deur die uitverkiesing, word deur genade 'n vyand van God 'n vriend van God.

Ook het Paulus geleer dat Jesus lewe (Fil. 3:10). In Jesus is nie alleen oorwinning oor die sonde nie, maar ook oor die dood. Wat is een van die belangrikste boustene van

die fondament van die Kerk? Die geloof in die opstanding van Christus. Die Kerk is gebou op 'n oop graf. Die artikels oor die Kerk, die vergewing van sondes en die opstanding hoort bymekaar in die apostoliese geloofsbelydenis. Dan vra Paulus ook: Here, wat moet ek doen? Hieruit kan ons leer dat ons maar nie net in Christus moet wees nie, maar dat Christus ook in ons moet wees. By Paulus was daar 'n algehele oorgawe aan Christus. Hy was 'n gevangene van Christus, 'n slaaf van Christus. Waarna gryp Paulus? Soos 'n kind gryp na sy redder, so gryp Paulus na Christus (Fil. 3:12). Die Kerk is gegryp deur God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, en daarom gryp ons na God. Ons moet ons lewe stel in die diens van God.

Dit bring ons by die verhouding van die Kerk tot die Koninkryk. Die Koninkryk is daar, die Koninkryk is in die Kerk, maar die Kerk moet ook in die Koninkryk gaan. Die Koninkryk is in ons; ons is burger van hierdie Koninkryk (Fil. 3:20), maar wanneer die Koninkryk tot sy voltooiing kom, dan gaan ons in in die Koninkryk. Dan kom die verlossing na siel en liggaam in die nuwe Jerusalem.

Ten slotte noem Paulus die gemeente sy blydskap (Fil. 4:1). So staan die apostel teenoor sy gemeente. En dan kom Paulus met 'n ernstige vermaning, want die gestalte van Christus kom nog nie voldoende in die gemeente tot uitdrukking nie. Hulle moet eensgesind wees (Fil. 4:2). Daar was nog gebrek aan eensgesindheid in die gemeente. En daarom vermaan Paulus hulle in die liefde. Ons moet ook leer om op hierdie manier die ander te vermaan. Diegene wat hy vermaan, noem hy eers sy blydskap en kroon. Alleen 'n vermaning in die liefde besit krag. Ook moet die vermaning geskied in geloof. In sy vermaning glo Paulus dat daardie mense in Filippi tog gelowiges is. Sy vermaning rus in die feit dat hulle tog heiliges is. Ons moet by ons vermanings altyd uitgaan van wat die gemeente is.

5. DIE KERK EN DIE KERKE

Daar is net een Kerk met een Hoof, Christus. Die Kerk is die liggaam van Christus en hierdie liggaam is een. Paulus sê dan ook: ons is almal lede van een liggaam (1 Kor. 12:12). Ons moet goed vashou dat daar maar een Kerk is. Ons glo aan een heilige, algemene Christelike Kerk. Nou het Jesus maar twee keer van die Kerk gepraat. Eers in Matt. 16:18.

Op die rots van Petrus se belydenis wil Hy sy Kerk of Gemeente bou. Hierdie belydenis is nie alleen die belydenis van Petrus nie, want Jesus vra vir sy dissipels in Matt. 16:15: Maar julle, wie sê julle is Ek? Omdat ons nie almal tegelyk kan praat nie, praat Petrus wat altyd vooraan staan namens hulle almal. Petrus verteenwoordig die twaalf apostels. Op daardie belydenis van die twaalf apostels bou Christus sy Kerk. Hier kry ons dan 'n ander beeld van die Kerk. Hier word die Kerk nie met 'n liggaam vergelyk nie, maar met 'n gebou. Ons kry dieselfde beeld in Ef. 2:19-21.

Toe Petrus Jesus verloën, het daardie rots weer gewankel. Maar dan bely Jesus Homself as die Seun van God (Matt. 26:64-65). En dan sterf Hy vanweë sy belydenis. Toe die rots Petrus gewankel het, het geblyk dat Christus die uiterste hoeksteen is. Hy dra die hele gebou met Sy belydenis.

Vir die tweede keer spreek Jesus van die Kerk in Matt. 18:17. Hier word gepraat van die plaaslike Kerk, want alleen in die plaaslike Kerk kan ons op mekaar ag gee en kan daar toesig op mekaar wees. Jesus praat dus net oor die Kerk in sy geheel, die Kerk as gebou, die Kerk as Sy liggaam en oor die plaaslike Kerk. En so kom ons by die probleem van die vele kerke? Die vele kerke is volgens die Bybel die Kerk op verskillende plekke. Dit is die enigste manier waarop die Bybel praat oor kerke.

Wat is nou die verband tussen die een Kerk en die verskillende kerke in Bybelse betekenis? Dit is altyd die een Kerk wat orals tot openbaring kom. Dit is die openbaring van die een liggaam van Christus. Die vele kerke moenie een word nie, maar hulle is een. Wel moet die vele kerke met mekaar in verband tree. Dit is die kerkverband. Daarom is die kerkverband nie 'n onverskillige saak nie, maar 'n heilige verpligting. As kerke in kerkverband saamkom, byvoorbeeld in klassis of sinode, dan kry ons nie 'n

nuwe kerk nie. Elke kerk is 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus. Elke plaaslike kerk is wel selfstandig, maar nie onafhanklik nie. Daarom is dit ook noodsaaklik dat die kerke onder die verskillende volkere met mekaar in 'n kerkverband moet tree. Ons mag egter nie die Kerk opbreek in verskillende volkskerke nie, want dit is een Kerk. Hierdie gedagte is ook tot uitdrukking gebring in die Algemene Sinode van die Geref. Kerk in Suidelike Afrika wat te Potchefstroom-Ikageng in sitting byeen sal wees die volgende maand.

Nou word daar ook nog op 'n ander manier gepraat van vele kerke. Onder 'n volk is vele kerke of kerkverbande. Op een plek is soms twee of drie kerke. Wanneer op een plek maar een openbaring van die liggaam van Christus mag wees, word deur hierdie dinge dan nie liggaam van Christus gebreek nie? Dit gaan by die Kerk om die prediking van die Woord. Op Pinkster het ieder in sy eie taal die Woord van God gehoor. Dan kom die Woord by die hart. Daarom kan daar deur taalverskil op een plek verskillende kerke wees. Ook as die aantal lidmate te groot word en te ver van mekaar bly, kan daar op een plek meer as een openbaring van die liggaam van Christus wees. Dit breek nie die liggaam van Christus nie.

Voetius het gesê daar kan deur natuurlike oorsake verskillende kerke wees op een plek. Hulle vergader dan nie teen mekaar nie. Maar nou kan daar ook om ander redes in een plek verskillende kerke wees en hulle vergader wel teen mekaar. Hoe moet ons dit sien in verband met die eenheid van die liggaam van Christus? Ook op die sendingveld sien ons hoe daar baie kerke oorgeplant is. Hoe moet ons dit sien in verband met die eenheid van die Kerk? Ons glo 'n heilige algemene, Christelike Kerk, maar ons *sien* baie kerke, ook kerke wat teenoor mekaar staan. Nou kan ons sê: my kerk is die ware kerk en al die ander kerke is vals. Dit is 'n gemaklike manier. Ons kan dit noem die aftrekmanier. So praat die Rooms-Katolieke Kerk.

Die ander manier om te sê is: die een liggaam van Christus openbaar hom in alle kerke. Dit kan ons noem die optelmanier. Die ware kerk sou dan wees die optelsom van alle kerke. En aan die verskille moet 'n mens hom maar nie steur nie. Op hierdie manier word vandag die eenheid van die kerke gesoek. Ieder moet maar op sy eie manier salig word. Ook hierdie opvatting is vir ons onaanvaarbaar. Wat is nou die regte manier? Ons moet die eenheid van die Kerk soek waar hy is, en dit is by Christus. Hy bou sy Kerk op die belydenis wat deur Petrus uitgespreek is. Daar is eintlik maar net twee kerke: die ware Kerk en die valse kerk, soos die Bybel dit leer.

Teenoor die Kerk van Christus staan die valse kerk van die duiwel. Wanneer ons nou maar kon sê: hier is die ware Kerk en daar is die valse kerk, dan was dit baie eenvoudig. Maar wat doen Satan? Hy boots die werk van Christus na. Hy kruip in die ware Kerk in. Paulus sê immers in 2 Thess. 2: Sodat hy in die tempel van God as God sal sit (vers 4). Die antichris verdeel die ware Kerk in vele Kerke. Hy breek die liggaam van Christus op in baie kerke wat teenoor mekaar staan. Ons moenie dink nie: die antichris het die ander kerke in besit geneem en ons eie Kerk is gevrywaar teen indringing nie. In 1859 toe die Geref. Kerk weer tot openbaring gekom het in hierdie land, het die duiwel op dieselfde dag ook al weer gereed gestaan met sy aanslae. Ook waar die suiwerste kerk is, daar kom die duiwel tog.

Ons het huis skoongemaak maar nou kom die duiwel. Daarom moet ons by ons poorte wagters hê, wagters op die mure van Sion om die valse kerk te weer. Wat moet ons nou doen? Ons kan nie sê nie: ons is alleen die ware Kerk. By ons is ook onsuiwerheid en sonde. Die tug moet beoefen word. Daar moet toesig wees oor die leer en tug oor die handel en wandel van die gelowiges. En nou kan dit gebeur dat daar deur die regte uitoefening van die tug miskien weer 'n afskeiding kom. Ons glo dat die Geref. Kerk die suiwerste openbaring van die liggaam van Christus is, omdat ons die tug wil handhaaf, maar dan moet ons ook uiters waaksaam wees. Veral teenoor die jong kerke moet ons dit betreur dat daar so baie kerke is wat teenoor mekaar staan. Dit is egter verkeerd om te sê ons is almal maar gelyk. Ons glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk. En hierdie geloof moet ons omsit in die daad. En hier kom ons by die regte

ekumenisiteit.

Ons moet die afgedwaalde broeders en die afgedwaalde kerke opsoek. Die afgedwaalde kerke en sektes is ons vlees en bloed. Hulle is verlei en het op dwaalweë gekom. En daarom moet ons hulle terugroep tot die ware Kerk, tot die suiwerste openbaring van die liggaam van Christus. In die geskiedenis van die verlore seun kan ons sien dat hy nog seun is. Calvyn het gesê: selfs in die Roomse Kerk is daar nog oorblyfsels van die ware Kerk. Ons moet die verlore seuns terugroep, ons moet die valse kerke terugroep en vir hulle sê: hier is die suiwere bediening van die Woord en die sakramente en hier is die handhawing van die tug.

Die valse kerk rus op 'n valse drie-eenheid: die duiwel, die antichris en die valse profeet, soos ons dit kan lees in Openbaring 13. Die valse kerk is Babel. Daar word probeer om die verskille uit te wis. En ons kan duidelik sien dat die satan vandag besig is om die valse kerk te bou. Hy gebruik vir sy werk die materiaal, die stene van die Kerk. In die valse kerk is ook verkondiging, maar dit is 'n valse prediking. En die valse kerk het ook sy sakrament. Dit is die teken van die dier. En in die valse kerk is daar ook tug, maar dit is 'n valse tug. Niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Ons kan dit alles lees in Openbaring 13. En die nagmaal van die valse kerk is die tafel van die wêreld. En daarom moet ons waaksaam wees.

4. DIE KERK VAN CHRISTUS IN AFRIKA[1]

(KERKLIKE EENHEID)

I. KERKLIKE AGTERGROND

1. Met die eerste uitbreiding van die Christendom na Afrika in die begin van onse jaartelling, was die kerk nog 'n eenheid. Oorblyfsels van die Apostoliese Kerk na die teëslag van die Mohammedanisme vind ons slegs nog in die Koptiese Ortodokse Kerk en die Armenies Evangeliese Kerk in Egipte en in die Etiopiese Kerk in Etiopië en Eritrea, in soverre dit nog daarin herkenbaar is. Met sy tweede aanslag op Afrika sinds die 17e eeu was die Christelike kerk 'n verdeelde kerk. Afrika laat die Christelike kerk homself in sy opgebrokenheid soos in 'n spieël sien.

2. Die beeld van die kerk in Afrika is ongeveer soos volg: Van die 220 000 000 inwoners word ongeveer 50 000 000 getel as Christelik (25%) teenoor 60 000 000 Mohammedane (30%) en 120 000 000 Heidene (45%). Teenoor hierdie oorwig staan die Christendom verdeeld tussen die Rooms-Katolieke Kerk (30 000 000) en die Protestantse kerke (20 000 000) met ongeveer 5 miljoen Ortodokse.

3. Teenoor die Rooms-Katolieke Kerk staan die Protestantse kerk verdeeld met al sy gevestigde kerke, ook weer in hulle onderverdelinge, verteenwoordig in Afrika: Anglikaanse Kerk(e), Presbiteriaanse Kerk(e), Baptiste Kerk(e), Lutherse Kerk(e), Gereformeerde Kerk(e), altesaam ongeveer 30 verskillende kerkgemeenskappe. Hierby is sektes, w.o. Onafhanklike (Afrika-) kerke en Separatistiese kerkgroepe wat by duisende tel, in Suid-Afrika alleen meer as 2 000, nie bygereken nie. Wat die Afrikalande betref is 30 uit die 44 Rooms. Oorwegend Protestants is: Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Betsjoeanaland, Rhodesië, Zambië, Njassaland, Ghana, Liberië, Sierra Leone en Madagaskar.

4. Teenoor die magte van Heidendom en Mohammedanisme en die eenheid van die Rooms-Katolieke Kerk het juis in Afrika die vraagstuk van die eenheid van die kerk in sy skerpte en aktualiteit na vore getree. Dit kry nog verdere aksent deur die ontstaan van die onafhanklike state in Afrika, waardeur veral die Protestantse kerke getref word met 'n nuwe verdelingslyn, naamlik 'n nasionale by die konfessionele. W. Bühlmann kan verklaar: "Die Katholische Kirche stellt in Afrika eine Macht ersten Ranges dar... Es gibt in Afrika schlechthin keines andere Organisation, die über solche Mittel verfügt und sich über den ganzen Kontinent erstreckt" (Afrika, Die Kirche unter den Völker, p. 67).

Die hele Afrika word gesien as territoriaal, met sy kerke en sendinggebiede, behorend tot die Rooms-Katolieke Kerk. Dit is as geheel verdeel in bisdomme of toekomstige bisdomme, selfs waar die Roomse sending pas begin met, of nog in die geheel nie. Terwyl Bühlmann 'n hele hoofstuk wy aan die nie-Christelike en anti-Christelike Afrika (Heidendom, Islam, Materialisme, Kommunisme) word die Protestantse kerk as "Getrennte Kirche" in 'n paragraaf afgehandel.

II. MOTIEWE

5. Die eenheid van die Kerk word gegrond op Skrif en Belydenis. As die Skrif van die kerk spreek as die Liggaam van Christus (o.a. Ef. 1:23), moet dit as sodanig ook sigbaar tot openbaring kom. Die belydenis van die "heilige algemene, Christelike kerk" moet ook omgesit word in die daad. Daar word steeds herinner aan die bekende woorde van Christus in die hoëpriesterlike gebed: "dat hulle almal een moet wees, net soos Ons een is... dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het" (Joh. 17:22, 23).

6. By die prinsipiële kom ook praktiese oorwegings, veral tweërlei:

Eerstens dat die konfessionele verskille wat in die loop van die eeue ontstaan het, van buite af ingedra is in Afrika en dit vir die Christen van Afrika nie die betekenis het wat dit vir die kerke het, wat die draers van die verskillende tradisies is nie;

---

[1] *Koers,* jg. XXXIII, no. 3, Des. 1965, pp. 234—245.

tweedens die noodsaaklikheid met die oog op eenheidsoptrede in die wêreld.

Op die laaste val alle nadruk, soos blyk uit die volgende sterk verklaring van die All African Conference of Churches: "The extent to which the division of the Church, transplanted from the West to Africa, are detrimental to its mission has been repeatedly pointed out... This problem can no longer be regarded as only a 'domestic' affair or an internal problem of the churches and missions. From the standpoint of both service and witness, the divided church is a scandal which cannot be tolerated any longer. The issue must not be dismissed simply by saying that denominational/confessional differences mean nothing to the African, either before or after he has become a Christian, and that therefore the problem lies with the parent-bodies in the West. The issue of church unity can be approached most properly in terms of the Church's confrontation with the world. In Africa, as in Asia, this confrontation can be seen in a much more radical fashion than in the "Christian" society of the West" (Africa in Transition, p. 88).

III. VORME

7. Die beeld van Afrika met sy veelheid van kerke word nog ingewikkelder deur die veelheid van eenheidsbewegings. Daar is die waarby dit gaan om verwante kerkgroepe, in dieselfde land (nasionaal), soos die Evangeliese Alliansie in Angola, die Evangeliese Federasie van Kameroen en Sentraal Afrika-Republiek, die Protestantse Konsilie van die Kongo, die Christelike Instituut van die Kongo. Die Christian Council of Churches is inklusief, of bedoel om dit te wees. Hoewel selfstandig in elke land, staan dit in noue verband met die Wêreldraad van Kerke. In Afrika bestaan dit in elf lande.

8. Verder is daar internasionale eenheidsbewegings tussen (minder of meer) verwante groepe wat beslag gekry het o.a. in die Lutherse Wêreldfederasie, die Wêreld Presbiteriaanse Alliansie, die Baptiste Wêreld-alliansie, die Metodistiese Wêreldraad, die Internasionale Raad van Christelike Kerke, die Geref. Ekumeniese Sinode (uit Afrika gebore). Die inklusiewe beweging is hier die Wêreldraad van Kerke. So ook die All African Conference of Churches (A.A.C.C), wat omvattend is, of wil wees t.o.v. die kerke, maar beperk wil wees tot Afrika. Om hierdie groepering volgens omvang volledig te maak, moet naas hierdie nasionaal-interkerklike en die internasionaal-interkerklike die internasionaal-kerklike (konfessionele) genoem word. Die enigste wat hieronder val, is, behalwe die Rooms-Katolieke Kerk, die Lambeth Conference.

9. Die bontheid van hierdie kerklike eenhede en eenheidsbewegings blyk verder uit die name waarmee dit aangedui word, soos alliansie, raad (konsilie), konferensie, federasie. Wat Afrika in besonder betref, bv. The American Wesleyan Church of Sierra Leone, The Methodist Church in U.S.A. in S.A., New Jerusalem in the U.S.A. in S.A. In hierdie verband blyk ook die vreemdheid van name soos: The Church of *England* in South Africa ens., en van 'n Church of *Scotland* en 'n United free Church of *Scotland* in S.A.

10. Wat die vorm van die eenheidsbewegings betref, moet ook onderskei word tussen die wat 'n korporatiewe en die wat 'n koöperatiewe eenheid beoog. Voorbeelde van die eerste in Afrika is die eenheidsbewegings wat vorm aangeneem het, of besig is om vorm aan te neem, in Sentraal-Afrika (United Church of Central Africa in Rhodesia), in Nigerië, Ghana-Oos-Afrika, e.a. Voorbeeld van die tweede is die A.A.C.C. Die eerste sluit aan by die beweging Faith and Order, wat stam uit die 19e eeu (Oxfordbeweging) en beslag gekry het in die Commission and Department on Faith and Order van die W.R.K. Die tweede sluit aan by die beweging Life and Work, ontstaan na die Eerste Wêreldoorlog en waaraan die naam van biskop Söderblom van Swede (Stockholm) verbind is. Hierdie tweede beweging, in besonder, het beslag gekry in die W.R.K.

11. In Ghana en in Oostelike Afrika is die bemoeiinge om een nasionale kerk (vgl. 10) die verste gevorder (behalwe *in Nigerië* en *Sentraal-Afrika, waar dit reeds vaste vorm aan*geneem het — die basisse was egter nie beskikbaar nie) met hulle basisse van eenheid reeds vasgelê met die oog op finale goedkeuring. Hier word ten nouste aangesluit by die van Nigerië en by dergelike basisse in Indië (Suid- en Noord-),

Pakistan en Australië. In Ghana gaan dit om die vereniging van die Anglikaanse Kerk, die Evangelies-Presbiteriaanse Kerk, die Presbiteriaanse Kerk van Ghana en in Oostelike Afrika om die Anglikaanse, Lutherse, Moraviese en Presbiteriaanse Kerke van Tanzanië en Kenia. Op die jongste konferensie in Dodoma, begin 1965, waar besluit is tot 'n "interim basis of union" het die Lutherse en Moraviese Kerke voorlopig teruggestaan op grond van die aanvaarde suksessie-gedagte in die kerk.

12. Enkele aanhalings uit die basisse, wat vir hulself spreek: "Though we were established as separate Churches in Ghana through the missionary zeal of Christians in other lands, we desire to heal these historic separations, without the surrender of any principle of Faith and Order, which through mutual prayer and deliberation, we believe to be within the will of God for the One Holy Catholic and Apostolic Church of which our Lord Jesus Christ is the Founder and Head" (Basis of Union, Ghana, p. 9). Ongeveer dieselfde gedagtegang word gevind in die Interim Basis (o.a. p. 11), waar een en ander sterker gestel word, o.a. "Historically, we are heirs of their separateness", en ook verder uitgebrei word: "We are agreed in seeking a united Church which, as a manifestation of the One Church of Jesus Christ throughout the world, will also develop in the expression of its worship, its faith and its common life, the distinctive gifts which God has given to His people of East Africa"; i.p.v. "which, as a manifestation..." het Ghana: "... an integral part of the Universal Church".

13. Wat die konfessie betref, word van die onderhandelende kerke gesê: "They accept the Holy Scriptures of the Old and New Testaments recording Gods redemptive acts as The Word of God, in which are found all things necessary for salvation, and which is the supreme and decisive standard of faith" (E.A., p. 14, Ghana id., p. 11). Verder word die Apostoliese Geloofsbelydenis en die van Nicea aanvaar.

O.A. voeg by: "In this process (of growing together into one life and of advance towards full spiritual unity), we do not desire that one Church shall absorb other Churches, nor that one tradition shall be imposed upon all; but rather that each Church shall bring the true riches of its inheritance into the united Church to which we look forward" (p. 13).

Ghana het dieselfde en laat volg: "While the negotiating Churches have taken traditional statement of faith (The Apostles and Nicene Creeds) as sufficient to serve as a basis of union, they are agreed that the Church has a continuing responsibility to make its faith clear both to itself and to those outside, restating that faith in relation to the contemporary situation in which the church stands and in relation to the beliefs, hopes and fears of the world around it. They believe that it should be an early task of the united Church to take up this responsibility" (p. 12).

14. By die kerkregering word elemente opgeneem van al die konstituerende kerke. Daar sal wees 'n General assembly, 'n Diocesan Synod, 'n District Session (Ring of Klassis) — verbind met die biskoplike stelsel, met die leer van die biskoplike suksessie. Die implikasie is dat die Kerk òf 'n afgeslote nasionale eenheid vorm, òf as nasionale kerk afhanklik word van die aartsbiskop van Canterbury. Die besluit is: "The united Church shall be an autonomous Church and free from any control, legal or otherwise, of any Church or Society external to itself". Die Verenigde Kerk wil egter gemeenskap onderhou met ander binnelandse kerke en oor die wêreld in gehoorsaamheid aan Christus die hoof van die hele kerk (E.A., p. 28, Ghana, p. 27). Ondanks die laaste is konfessionele verdeling deur 'n nasionale vervang.

15. 'n Kort historiese oorsig in die inleiding op die interim-basis van O.A. bevat die mededeling dat in dit wat in Dodoma, 1965, tot stand gekom het die bekroning gesien moet word van bemoeiinge wat in 1913 begin is in Kikuju, naby Nairobi. Daar het op die datum sendelinge uit Kenia en Uganda van die Anglikaanse, Metodistiese en Presbiteriaanse kerke byeen gekom met die oog op die vorming van 'n federasie van Sendinggenootskappe.

IV. DIE BOOM EN SY VRUGTE

16. Die A.A.C.C. (vgl. par. 8 en 10) wil wees "a fellowship of consultation and co-operation". Dit grond hom, as staande konferensie van kerke en Christenrade van Kerke (Christian Councils) in Afrika, op die belydenis dat die Here Jesus Christus God en enigste saligmaker is in ooreenstemming met die Skrifte, en wil sy taak gemeenskaplik volbring tot eer van die enige God, Vader, Seun en Heilige Gees (Art. 1).[2] Die (vaste) Algemene Komitee is gevestig op Kitwe. Die voorsitter en algemene sekretaris is resp. dr. D. G. S. MTimkulu, oorspronklik uit S.A., en mnr. S. E. Amissah van Nigerië. Die eerste vergadering is gehou in Ibidan, Nigerië in 1958, en die stigtingsvergadering in Kampala, Uganda, in 1963. Intussen vergader verskillende komitees gereeld om opdragte uit te voer en voorbereidsels te maak vir die volgende Algemene Vergadering, D.V. in 1967. Van tyd tot tyd word konsultasies gehou. Die jongste het plaasgevind in Enugu, Nigerië, en het bestaan uit slegs nie-blanke kerkleiers.

17. Om 'n blik te gee in die aktiwiteite van die A.A.C.C. word aangesluit by die onlangse Konsultasie van Enugu, wat byeengeroep is deur die A.A.C.C. in samewerking met die Dept. Interchurch Aid, Refugee and World Service van die W.R.K. Die volgende sake was ter tafel:

1. Onderlinge kerklike hulp, ook internasionaal, vir kerkbou (veral geestelik verstaan) aan die jong selfstandig-geworde kerke in Afrika.
2. Nasiebou (betrokkenheid van die Kerk hierin) op ekonomies-sosiale gebied (o.a. die belangrike plek van landbou in die sosio-ekonomiese ontwikkeling) en op politieke gebied.
3. O.a. die volgende: Die vlugteling-probleem; die plek van Afrika in internasionale sake; die verhouding van die A.A.C.C. tot die O.A.U. (Organisasie vir Afrika-eenheid) en die verhouding van eie nasieskap tot Afrika-eenheid; gebruik van kernwapens in die algemeen en in besonder die denuklearisering van Afrika; kolonialisme; probleme van kerk en sending in Angola; rasseprobleem in Rhodesië en "Apartheid" in S.A.

18. By die onderlinge kerklike hulp (Interkerklike Sustentasie) gaan dit in besonder om ondersteuning van Jeugsentra en Vroue-opleidingsentra, met die oog op opbouing van die jong kerke in die verskillende lande, wat nie in staat is om met eie middele te voorsien nie en hulp nodig het van alle kerke.

19. I.v.m. die sosio-ekonomiese ontwikkeling en die betrokkenheid (involvement) van die Kerk daarby word daarop gewys dat dit gaan om "ideological issues" en verklaar: "Whatever system is adopted in the pursuit of rapid social and economic development, the Church should constantly keep before the planners the need for ensuring a wise and efficient use of capital and equitable distribution of the fruits of development" (Enugu, p. 94). Openlike en skerp kritiek het in hierdie verband uitgegaan van dr. S. A. Aluko van die Universiteit van Nigerië teen die onoordeelkundigheid en sug na weelde by die Afrika-leiers (Enugu, p. 97) en verder: "We would urge our nations to mobilize more than ever before the resources of our people, so that the contribution from foreign sources is merely to... complement what we are doing" (p. 107).

20. Nasiebou was die sentrale tema en die vraag van die betrokkenheid van die Kerk daarby. Moet die Kerk hierin afwysend, of, minstens afsydig staan *soos* geleer is van die kant van die Sendende Kerke? Of is die Kerk ten diepste daarby betrokke, ook wat die politieke aspek betref? Die antwoord is soos volg: "it is impossible to isolate politics from the total life of society and of man, or not to support those Christians who for human and social reasons have entered into political action" (p. 95). Die Kerk moet aan homself rekenskap gee, en aan die wat daarby betrokke is voorligting gee van wat die Skrif leer

---

[2] L.W.: By hierdie basis gaan dit om *saamwerkende* kerke en nie om 'n korporatiewe eenheid nie, vgl. par. 13, en om *alle* kerke in Afrika.

m.b.t. die politieke orde.

21. Die vlugtelingprobleem: 500 000 Afrikane is voortvlugtig: 25 000 uit Angola na die Kongo (Leopoldville), uit Ruanda 40 000 na Uganda, 30 000 na Burundi, 12 000 na Tanzanië; 50 000 uit Soedan na Uganda, C.A. Republiek en Etiopië; vlugtelinge uit S.A., S.W.A. en Rhodesië na die Protektorate, Tanzanië en Nigerië, en uit Mosambiek na Nigerië.

Die oorsake is van politieke, ekonomiese en godsdienstige aard. Dit is ook as gevolg van stamonluste. In Angola word die Protestantse, in die Kongo die Roomse Kerk getref. In hierdie verband word 'n Afrika-wye roeping vir die kerk gesien. Dit bestaan o.a. in 'n behoorlike opname, in ondersteuning, in pastorale sorg, en ook in vertoë by die betrokke owerhede en die V.V.O.

22. "Apartheid" in S.A. en die rasseverhoudinge in Rhodesië word sterk veroordeel.

V. TEOLOGIESE FUNDERING

23. Slegs enkele grepe word in hierdie verband gedoen: " ... the Tanganyika study has given specific attention to the question arising out of the background of pietistic theology which cast doubt on the justification of the involvement of the Christian community in the sociological changes of a country" (p. 18).

24. "God is the God of history... In spite of what we may think about ourselves as 'masters of history', or such other self-congratulating phrases ... the Christian has to keep constantly in mind, that it is God Himself who is the architect and controller of history. The Christian has always to proclaim the sovereignty of Christ over the affairs of men and even over the whole of creation. It is God who brings changes about, we are His instruments; it is God who rules, we are His agents" (p. 21).

25. "Our African heritage has taught us that life cannot be divided into compartments but must be viewed as a totality. We are not interested in dividing life between the spiritual on the one hand and the material on the other. Christianity with its doctrine of the sovereignty of God reinforces this belief. 'The earth is the Lord's and the fullness thereof, the earth and they that dwell therein' (Ps. 24:1). He is the Lord not only of our personal, family and church life, but also of our economic, political and international life ... The Gospels also relate Christ to the whole creation, not a segment of it... Christ is the Word through whom the whole creation came into being and is the Redeemer of the whole creation. He is the King of all nations" met verwysing na Ef. en Kol. (Africa in Transition, p. 80 e.v.).

26. "As Christ took the form of a servant and gave himself for redemption and reconciliation of the whole man and the whole world, Christians are called to take their part in his suffering and victorious ministry as servants of the Servant-Lord. The power for service is given by the Holy Spirit who uses the Church as instrument in manifesting the Kingdom of God and Lordship of Jesus Christ in all human relations and all social structures (p. 33) ... The individual Christian and the Church have to stand within the process and exercise the ministry of reconciliation ... our ministry of reconciliation keeps us from being completely identified with any party and therefore leaves us seemingly ignored by all" (Enugu, p. 42).

27. In verband met die Kerk en die ekonomiese lewe, die volgende: "In the providence of God, the means of subduing the earth and having dominion over the things of the earth is now available through the handmaid of science and technology... The Consultation recalled the principle of Christian stewardship whereby Christians see all the resources, material and human, at the disposal of man as a gift from God to man who holds it in trust for Him. Equitable, judicious, frugal and unselfish use of these in fostering economic development is as much to the glory of God as to the welfare of man" (p. 93).

VI. KONSIDERASIES

28. As dit vreemd aandoen dat sake soos bogenoemde op 'n kerklike vergadering behandel word, dan word ter oorweging gegee:

"The Christian revelation emancipated men's minds from the fears about the world and the universe which were hemming them in ... The principalities and powers in earthly and heavenly places were conquered, the world and the universe were seen as Gods handwork. Christians must be concerned for a changing society since those very changes are being wrought by the technological developments and the social changes which accompany them which a Christian culture has fostered" (p. 39), en in samehang hiermee: "Part of the tragedy of our day is that Christians have rejected the revolution they created and others have stepped in to claim it, who had no part in creating it and whose political philosophies and social and economic theories cannot bring it to its fulfillment" (p. 38).

29. 'n Verdere oorweging is juis die afwesigheid van 'n Christelike maatskappy (vgl. die vorige referaat, parr. 31 en 32). Het die kerk dan nie 'n verantwoordelikheid in die noodtoestand wat die gevolg is van die snelle verandering nie?

"In fact, the churches and missions were in many situations initiators, ... 'prime movers' of social change and therefore are under obligation to be concerned about its consequences in as much as there are numerous moral and spiritual implications there" (Africa in Transition, p. 82). Trouens, so het Afrika die Christelike kerk leer ken in sy sending. Op die sendingveld was die eerste skole, is die eerste akkerbou en die eerste nywerhede geleer: " ... in this way (the missionaries) helped the economic development of the area. They indeed substantially contributed to the shaping of Ghana" (Africa in Transition, p. 82).

30. Dit kom ten slotte neer op die vraag of so *geskei* mag word, vgl. par. 25, waar die eenheid van die Kerk as organisme en as instituut gehandhaaf word, soos die eenheid van die sigbare en onsigbare kerk in par. 4. Dit is ook van belang i.v.m. die eenheid van die Kerk. Dat die Kerk in Afrika hom bewus is ook van e.g. onderskeiding blyk uit die volgende: "When we speak of the Church's participation we have to think of the different modes of the Church's life, each with its own appropriate patterns of action. The Church as an institution, organised in synods and assemblies, the Church as a people forming part of a larger community, the Church as laymen dispersed in the different activities of nation building" (Enugu, p. 93).

VII. DIE PROBLEEM

31. Parr. 16 tot 22 is ons ongetwyfeld voor die vraag gestel of daar in geheel sprake kan wees van kerklike eenheid op internasionale vlak, selfs in die verswakte vorm van samewerkende kerke ("consultation and co-operation", A.A.C.C. konstitusie), soos parr. 11 tot 14 ons gebring het voor die probleem van die kerkverband na buite by kerklike eenheid op nasionale vlak (vgl. die alternatief daar: afhanklikheid van 'n buitelandse kerk of outonome nasionale kerke, waarvan begryplikerwys die laaste gekies is), sodat die kerklike eenheidstrewe in Afrika blykbaar uitloop op die dilemma: 'n Veelheid van Nasionale kerke of 'n kerklike eenheid ten koste van nasionale verbondenheid, of, wat op min of meer dieselfde neerkom: 'n Nasionaal bepaalde Christendom, òf 'n universele, waarin nasies verdwyn. Waarskynlik het ons in S.A. ook in die greep van hierdie skynbaar onversoenlike teëstelling geraak.

VIII. "KERK" EN "KERKE"

32. In die Nuwe Testament kom die meervoud "kerke" net voor in betekenis van plaaslike kerke, wat elkeen 'n outonome kerk is as plaaslike openbaring van die Een Kerk: die Liggaam van Christus.

33. Hoewel outonoom, is die kerke nie onafhanklik nie, maar verplig om met mekaar in verband te tree, omdat hulle die openbaring van die Liggaam van Christus is, en ómdat die Kerk as Liggaam van Christus Een is en Algemeen, moet die kerkverband in

beginsel oor die nasionale grense gaan, d.w.s. ekumenies wees.

34. Die beeld wat die kerke in kerkverband moet vertoon is die van 'n gedifferensieerde eenheid: 'n Gedifferensieerde eenheid in die sin van nasionaal verbonde kerke, waarin die teëstelling versag word tot verskeidenhede in die Liggaam van Christus. Die eenheid beteken spanning, en in die weerstaan van, en die triomf oor die spanninge in die krag van Christus, kom dit tot openbaring as 'n eenheid van die kerk van Christus, "wat albei in een liggaam met God versoen het" (Ef. 2:16) en aan wie Hy ook die bediening van die versoening gegee het (2 Kor. 5:18).

IX. SLOT

35. Die vraag is: Hoe moet ons kerklik teenoor die kerke van Afrika staan? Daar is drie moontlikhede:

1. Afsydig;
2. naas die veelheid van eenheidsbewegings moet nog een kom — die suiwere, soos ons dit sien;
3. aanknoop by die bestaande eenheidsbeweging, om die lig wat ons het, te bring, hetsy deur die kerk, hetsy deur die A.C.B. of deur albei.

36. Oorweginge vir die laaste standpunt is o.a.:

1. Afrika het nie hierdie lig gehad en verwerp nie;
2. aan aanknopingspunte ontbreek dit nie, soos o.a. blyk uit die vorige referaat, 23-27 en die nadruk op die verbondenheid van kerk en volk;
3. dit is die Reformatoriese weg;
4. dit bring by 'n derde vorm van kerklike eenheid; die eerste is die van gewone kerkverband, naamlik waar eenheid is van belydenis en kerkregering; die tweede, die van samewerking in soverre daar ooreenstemming is; die derde, die van samespreking waar verskil bestaan.

5. DIE KERK EN SY EKUMENIESE ROEPING VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT[1]

1. *In die Nuwe Testament word van "kerk" slegs in tweërlei sin gespreek, nl. as universele kerk en as plaaslike kerk.*

Die enigste uitsondering op hierdie spreekwyse skyn Hand. 9:31 te wees. Dit is die enigste locus waarna H. Bavinck kon verwys by sy vasstelling dat die woord "kerk" in die Nuwe Testament in vierderlei sin voorkom, nl.:

a. vir alle gelowiges (universele kerk),

b. vir die gelowiges in een land (nasionale kerk),

c. vir die gelowiges in een provinsie (provinsiale kerk),

d. in plaaslike sin.

"Al de gemeenten van Judéa, Galiléa en Samaria (worden) hier onder dien éénen naam van ekklêsia in singulari saamgevat", aldus Bavinck (Dogmatiek IV, p. 301).

Hierby moet egter die volgende bedink word:

(1) Hierdie teks is die alleenstaande en dus hoogs uitsonderlik.

(2) Die teks van hierdie enigste locus staan nie vas nie.

(3) Dit staan nie teenoor 'n kerk in ander landstreke nie, want op hierdie tydstip was dit die uiterste grense van die kerk en was daar ook nog geen gemeentes in Judéa ens. buite Jerusalem nie.

(4) As kerk hier 'n samevatting van gemeentes sou wees, dan het die eerste Christene die naam kerk (ekklêsia) in 'n heel ander sin op hulself toegepas as waarin hulle dit gevind het.

Ons sou dus hoogstens 'n uitsonderlike gebruik van die

lei, maar sekerlik nie as samevatting van gemeentes in een landstreek nie.

2. *Volgens die Skrif is kerk geen kollektivum van "gemeentes" nie, maar steeds 'n vergadering van gelowiges, hetsy in hulle totaliteit as volk van God (1 Petrus 2:9, 10, vgl. Matt. 16:18; Ef. 2:22; 1 Kor. 12:25), as liggaam van Christus (o.a. Rom. 12:4, 5; 1 Kor. 10:17; 11:27; 12:27; Ef. 1:23; Kol. 1:24) en as tempel van die Heilige Gees (Ef. 2:22), hetsy as plaaslike kerk. Waar die Skrif van 'n veelheid van kerke spreek, is dit steeds in die sin van plaaslike kerke en nooit in die sin van "nasionale kerke" nie.*

Die idee van 'n nasionale of provinsiale "kerk" skyn selfs opsetlik vermy te word. Vanwaar anders hierdie omslagtige omskrywinge: "kerke van Judéa, wat in Christus is" (Gal. 1:22), "kerke van God wat in Christus Jesus is in Judéa (1 Thess. 2:14), "al die kerke onder die heidene" (Rom. 16:4) in plaas van ons gebruiklike "Joods-Christelike" en "heiden-Christelike kerk"? As Paulus die oog het op die hele kerk (in die wêreld) dan spreek hy van "die kerke in Christus" (Rom. 16:16), "die kerke van God" (1 Kor. 11:16; 2 Thess. 1:4), "al die kerke" (1 Kor. 7:17; 14:33; 2 Kor. 8:18; 11:28). As 'n keer van "die hele kerk" gespreek word, dan sien dit op die (plaaslike) kerk van Rome (Rom. 16:23). Rom. 16:4, 16 en 23 is tiperend en insiggewend vir die wyse waarop die Nuwe Testament van die kerk spreek.

3. *Die plaaslike kerke in die lande of* oor *die wêreld versprei, is elkeen die universele kerk ter plaatse —* die *universele kerk verstaan as die een kerk soos dit voor die grondlegging van die wêreld in die verkiesing gegrond is (Ef. 1:14), waaraan ons Here Jesus Christus as Hoof-bo-álles gegee is by sy verhoging na sy dood en opstanding (Ef. 1:20-22) en wat op Pinksterdag vervul is met die Heilige Gees (Hand. 2:4).*

---

[1] "Handelinge van die 36e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika", Potchefstroom, 1967, pp. 377—386.

a. Die plaaslike kerk *is* die universele kerk: die universele kerk ter plaatse. Vandaar die beskrywing van die plaaslike kerk(e) as die "kerk van God in Efese" (Hand. 20:28); "die kerk van God" in Jerusalem, wat Paulus probeer uitroei het (1 Kor. 15 :9; Gal. 1:13; Filipp. 3:6); "die kerk van God" in Korinthe (1 Kor. 10:32); "die kerk van die Thessalonicense wat in God die Vader en die Here Jesus Christus is" (1 Thess. 1:1); "die kerke van God wat in Christus Jesus is in Judéa" (1 Thess. 1:14); "die huis van God, wat die kerk is van die lewende God" (1 Tim. 3:15). Dit is ook die antwoord op die vraag waarom die identiese woord *kerk* (ekklêsia) vir die geheel sy dele gebruik word. Hieruit is ook duidelik waarom baie kerke nie één kerk kan wees nie, sonder om daarin op te gaan en dat daarenteë die een kerk wel tot openbaring kan kom in baie.

b. Tereg sê Bavinck dat die *ecclesia universalis* aan die *ecclesia particularis* vooraf gaan (a.w., p. 357) — die ecclesia particularis dan, volgens die Nuwe Testament, uitdruklik te verstaan as die *ecclesia localis.*

c. Die ekumeniese roeping van die kerk bestaan derhalwe nie daarin om tot stand te bring wat nog nie bestaan nie, maar om tot uitdrukking te bring wat die kerk is en wat ons omtrent die kerk bely.

4. *Die onderskeiding van universele en plaaslike kerk val nie saam met die van sigbare en onsigbare kerk nie, en ook nie met die van kerk as organisme en instituut nie. Die een en die ander is verskillende kante van die universele sowel as van die plaaslike kerk. Die universele kerk was verborge (dus onsigbaar) in die raadsplan van God (Ef. 3:9), maar is in Christus geopenbaar (Ef. 1:9; 3:3-5). Die plaaslike kerk het ook sy onsigbare kant (2 Tim. 2:19). Die universele kerk bestaan nie slegs organies nie, maar is geïnstitueer in die apostolaat (Matt. 16:18; Ef. 2:20; 4:11, vgl. 1 Kor. 12:28).*

a. 'n Apostel is nie alleen 'n sendeling nie, maar ook 'n gesant: 'n verteenwoordiger van sy Sender (Matt. 10:40; Luk. 10:16). Calvyn het dit reeds so verstaan: ".....hen stellende tot zijne plaatsbekleders" (Inst. IV. 3. 1). Apostolisiteit druk dus nie alleen 'n ekumeniese roeping uit nie, maar ook ekumeniese gefundeerdheid, nl. op die apostolaat.

b. As apostoliese kerk is die ekumeniese roeping duidelik. Dit bestaan in sending. Die evangelie aan hom toevertrou, is ekumenies: Die hele mensheid (Kol. 1:23; Matt. 24:14; Mark. 16:15; Openb. 14:6), elke individu (Kol. 1:28), elke nasie (Matt. 28:19; Openb. 10:11), is daarby betrokke. Soos Israel moet nasies, alle nasies, voor die beslissing gestel word: Dit moet vir hulle gebring word tot 'n getuienis (Matt. 24:14).

c. Terwyl die *volks*gedagte (laós, die tipiese benaming van Israel as verbondsvolk, oorgedra op die Nieu-Testamentiese kerk) die oorheersende is met betrekking tot God [Matt 1 :21; 2:6; Luk. 1:68, 77; 2:33; Rom. 11:1; 15:10 (gelowige Israel); Rom. 9 :24, 25; Hand. 15:14 (gelowiges uit die heidene); Rom. 9:24; Hand. 15:14 (kerk as geheel)], en die gedagte van *organisme* (liggaam) met betrekking tot Christus (Rom. 12:4, 5; 1 Kor. 10 :17, ens.), is dit opvallend dat die gedagte van *gebou* na vore kom met betrekking tot die Heilige Gees (Ef. 2:22, vgl. 2 Kor. 6:16). Die Heilige Gees is die onsigbare band wat die kerk onsigbaar saambind tot 'n eenheid. Die aanwesigheid van die Heilige Gees kom egter tot openbaring in ampte en gawes, waarvan die apostoliese die grondslag vorm (1 Kor. 12:4, 7-11, 28-31; Ef. 4:11).

d. Gevolgtrekking uit die voorgaande: Die band tussen die universele en plaaslike kerk is nie slegs 'n direk-geestelike band nie, en bestaan ook nie slegs "in en deur en met" die bediening van die Woord in soverre dit effektief bedien word nie, maar is 'n fundamenteel-historiese, gegee in die apostoliese Woord wat saam met die Skrifte van die Ou Testament die onfeilbare grondslag van die Nieu-Testamentiese kerk vorm (Matt. 16:18, 19; Joh. 15:26; 16:13; 20:21-23).

e. Die kontinuïteit tussen die universele en die plaaslike kerk blyk ook uit die opsomming van die ampte en gawes in 1 Kor. 12:28 en Ef. 4:11 (vgl. Rom. 12:7 en 8), met die universele voorop en die plaaslike kerk met sy ampte daaraan gebonde (vgl. ook Matt. 16:18 en 18:18), waar die sleutelmag wat aan die apostels toevertrou was ook aan die gemeente toevertrou word om die te bedien in afhanklikheid en op die grondslag van

die apostoliese Woord. Ons word hier (Matt. 18:18) tewens herinner aan die amp van die gelowiges. Al die gelowiges het die salwing van die Heilige Gees (Hand. 2:4; Rom. 8:15; 1 Joh. 2:20). Die apostels het dit egter op besondere wyse (Joh. 20:21).

5. *Omdat die (plaaslike) kerke niks anders is nie as die (universele) kerk, die enige volk van God, die liggaam van Christus, die tempel van die Heilige Gees, daarom moet die (plaaslike) kerke met mekaar in verband tree. Kerkverband vloei egter nie slegs voort uit die wese van die kerk nie, maar word ook uitdruklik in die Nuwe Testament gegee as 'n Goddelike opdrag aan die kerk wat gehoorsaam moet word.*

a. Met kerkverband word nie 'n nuwe "kerk" gevorm nie. Hierdie kerkbegrip word nie in die Skrif gevind nie (vgl. par. 1). Die (plaaslike) kerke vloei nie saam in 'n eenheids-kerk nie, maar vloei daaruit voort (vgl. par. 3, a. en b.).

b. By kerkverband gaan dit nie om meerdere kompleetheid van die (plaaslike) kerke nie. Elke afsonderlike kerk is 'n komplete kerk, op sigself 'n tempel van die Heilige Gees (2 Kor. 6:16), soos die kerk in sy geheel (Ef. 2:22), soos ook elke gelowige (1 Kor. 6:19).

c. Hoewel 'n komplete kerk met sy ampte en gawes, is elke (plaaslike) kerk tog ook weer 'n deel van die geheel. Hierin is die grondbeginsel van die Gereformeerde kerkinrigting en -regering gegee, soos dit wortel in die Skrif en gegryp is deur Calvyn en besit ons die rigsnoer om veilig tussen die Scylla en Charibdis van Kollegialisme en Independentisme heen te beweeg: Synde die universele kerk ter plaatse is die (plaas like) kerke selfstandig, maar is hulle as sodanig ook verplig tot kerkverband. Die kerke is selfstandig (outonoom) maar nie onafhanklik (independent) nie, nog as plaaslike nog as sg. "nasionale kerke".

d. Die bewering dat kerkverband (nog) nie in die Nuwe Testament voorkom nie, kan alleen gemaak word as daar nie onderskei word tussen die blywende betekenis van die apostels as fondament vir die kerk van alle tye (Matt. 16:18, Ef. 2 :20) en hulle optrede in die kerke van daardie tyd nie. In hulle briewe (apostoliese geskrifte vir alle tye, maar in die eerste instansie bedoel vir die geadresseerdes) en in hulle herderlike optrede (vgl. Hand. 14:22) bewaar hulle die band met die jong kerke en met die kerke onderling. Daar was dus kerkverband van die begin af. Dit is gegee in die apostels en hulle helpers. Saaklik bestaan dit in die volgende:

(1) Verordeninge wat moes geld in "al die kerke" (1 Kor. 7:17): verhouding van kerklike en maatskaplike lewe; (14:33): orde vir die bediening van die Woord.

(2) Onderlinge hulpverlening of wedersydse aanvulling met geestelike en stoflike goedere (Rom. 15:25-27; 2 Kor. 8:14): die gelykheidsbeginsel in die kerk van Christus; verder beskryf as godsdiensoefening (2 Kor. 9:12); leitourgia; as gemeenskap van die heiliges (Rom. 15:26; 2 Kor. 8:4); koinonia en ook as konfessie (2 Kor. 9:13): homologia.

(3) Eenheid van Belydenis (Ef. 4:13; Hebr. 3:1; 10:23); die leer van Christus (2 Joh. :9), soos vervat in die Skrifte (2 Tim. 3:14; 2 Petr. 1:16); die waarheid van die evangelie (Kol. 1:5; Ef. 1:13); die geloof in die waarheid (2 Thess. 2:13); die gesonde leer (2 Tim.:3; Tit. 1:9); want die kerk is 'n pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15).

e. Dit gaan dan ook daarom om onwankelbaar vas te staan in die belydenis (Hebr. 10:23); om die handhawing van die enig ware evangelie teen heterodoksie, 'n "ander" evangelie (Gal. 1:6). 'n "ander" Jesus, 'n "ander" gees (2 Kor. 11:4); teen heresie (2 Petr. 2:1); teen vervalsing en verdraaiing van die Woord (2 Kor. 4:2; 2 Petr. 3:1); teen valse leraars in die kerke, soos daar valse apostels onder die volk Israel was (2 Petr. 3:2); teen valse apostels, wat hulle voordoen as apostels van Christus (2 Kor. 11:3); teen mense, wat die waarheid weerstaan en onbetroubaar is in die geloof (2 Tim. 2:18); teen verleidende geeste en leringe van die duiwels (1 Tim. 4:1). Ten diepste is dit 'n stryd tussen die Gees van die waarheid en die gees van dwaling (1 Joh. 4:6); tussen

die Gees van God, wat in die kerk woon en die gees van die antichris (1 Joh. 4:2), die teëstander wat nie 'n eie kerk, die valse kerk, teenoor die ware kerk wil oprig nie, maar in die ware kerk indring om dit te vervals (2 Thess. 2:4). Daarom is dit nie so 'n eenvoudige saak om die valse kerk sonder voorbehoud (Calvyn) te lokaliseer nie. In hierdie stryd word die kerk as strydende kerk (Ef. 5:10, e.v.) opgeroep om in een Gees vas te staan en, een van siel, saam te stry vir die geloof van die evangelie (Fil. 1:28, vgl. Hand. 14:22).

(1) Verdeeldhede is die gevolg van die indringing van die gees van dwaling in die kerk.

(2) Onder die soewereine beskikking van God en die leiding van die Heilige Gees, word die gees van dwaling en die verdeeldhede wat dit veroorsaak diensbaar gemaak aan die waarheid (1 Kor. 11:19), deurdat dit die kerk bring tot formulering en uitbouing van die belydenis in die loop van sy geskiedenis.

f. Kerkverband vloei derhalwe voort uit die wese van die kerk as die liggaam van Christus. Dit is gegee in die apostels en in hulle bediening, in die maatreëls wat hulle getref het in "al die kerke"; in die onderlinge hulpverlening; in die gemeenskaplike geloofsbelydenis en die handhawing daarvan. Dit is egter ook in feite gegee in die Kerkvergadering van Jerusalem (Hand. 15:6-27). In hierdie Vergadering kom die besondere karakter van 'n kerklike vergadering na vore as 'n vergadering waarin ook die Heilige Gees en die apostels teenwoordig is, en dat daarin beslissinge geneem word wat bindend is vir al die kerke (Hand. 15:28).

(1) Dit gaan hier om die eenheid van die kerke (Gal. 2:9).

(2) Die besluite was bindend vir al die kerke (Hand. 15:28, 29).

(3) Hierdie Vergadering is 'n onmiskenbare aanwysing vir die kerke van alle tye tot selfopbouing van die liggaam van Christus op die grondslag van die apostoliese Woord en onder die leiding van die Heilige Gees (vgl. Ef. 4:12 e.v.).

(4) Hierdie eerste Kerkvergadering dra 'n ekumeniese karakter (Hand. 15:23).

g. Kerkverband is 'n Goddelike opdrag waaraan die kerke moet gehoorsaam.

Dit was op grond van 'n direkte Goddelike openbaring dat Paulus opgegaan het na Jerusalem met die oog op hierdie Kerkvergadering (Gal. 2:2).

6. Kerkverband, *wat aan die kerke opgelê is, kan nie by nasionale grense bly staan nie, maar moet 'n ekumeniese karakter dra, omdat die liggaam van Christus Een en Algemeen is.*

a. Die eenheid en die ekumenisiteit van die kerk staan in noue verband met mekaar, maar moet tog onderskei word as twee verskillende eienskappe van die kerk. By ekumenisiteit gaan dit primêr teen nasionale begrensing van die kerk (vgl. par. 4, b). Dit raak die eenheid van die kerk slegs in soverre as wat die idee van "nasionale kerke" op sigself reeds 'n opbreking van die kerk in 'n veelheid van (nasionale) kerke inhou. Die veelheid van nasionale kerke moet veral nie vereenselwig en verdedig word met "pluriformiteit" nie. Dan word van die pluriformiteit van die kerk, waaronder ons graag die openbaring van die ryke verskeidenheid van die een kerk van Christus onder die verskillende volkere wil verstaan, 'n pluraliteit van kerke gemaak.

b. Nie alleen impliseer die idee van nasionale kerke as sodanig die verbreking van die eenheid van die kerk in 'n pluraliteit van kerke nie, maar dit hou ook die werklike gevaar in dat die kerk nie alleen in sy verskeidenheid tot openbaring kom nie, maar ook in sy eenheid bedreig word as die eenheid nie in ekumeniese kerkverband beskerm word nie.

c. In plaas van die oog te rig op wyer kringe is dit nodig om dit te rig op die naaste kring en om as ons ekumeniese roeping eerstens te sien, om te hou wat ons het (vgl. Openb. 3:11), nl. om die eenheid sowel in belydenis as in kerkregering te bewaar waar dit nog bestaan. Die eenheid van Gereformeerde kerke moet gesien word as die

gewigtigste ekumeniese roeping. Voorkoming is beter as genesing.

d. Enkele vrae in verband met voorafgaande, wat onder oë gesien moet word:

(1) Hang die "buitengewone karakter" van die Geref. Ekumeniese Sinode noodwendig saam met die internasionale (ekumeniese) karakter daarvan? Of hang dit daarmee saam dat dit terselfdertyd 'n interkerklike karakter dra?

(2) Vrae in verband met kerklike korrespondensie wat nog altyd onderhou is tussen buitelandse kerke met dieselfde belydenis en kerkregering met die oog op die bewaring van die eenheid. Word dit wel op doeltreffende wyse onderhou? Kan dit nie op meer konkrete wyse geskied nie?

7. *Waar dit gaan om kerke in ander kerkverbande op grond van verskil in leer of kerkregering, het die kerke die roeping om alles te doen om die eenheid te herstel.*

a. Dit gaan hier meer om die eenheid van die kerke as om ekumenisiteit (vgl. par. 6, a.).

b. Dit is 'n ontwyking van die vraagstuk as die eenheid van die kerk verwys word na die onsigbare kerk as 'n saak net van die geloof. Soos by die heiligheid van die kerk moet die belydenis ook in die geval van die eenheid gesien word as 'n roeping.

c. Die eenheid van die kerk kan op geen ander grondslag tot stand kom nie as alleen op die vaste grondslag van die geloof en die waarheid (vgl. p. 5, c, 3 en d), soos gegee in die Heilige Skrif as die Woord van God en soos dit in die loop van die eeue beslag gekry het in die belydenis onder die leiding van die Heilige Gees.

(1) "Geloof en waarheid" (2 Thess. 2:13; 1 Tim. 2:7; Tit. 1:1; Gal. 2:14; Ef. 1:13, ens.). Dit gaan nie om "geloofseenheid" nie, maar 'n eenheid op grond van wat geglo word. Waarheid en eenheid word met mekaar verbind in die hoëpriesterlike gebed van ons Here Jesus Christus (Joh. 17:11, 17).

(2) Die idee van 'n gekonsentreerde belydenis as eenheidsgrondslag hou nie rekening daarmee dat met konsentrasie die dwaling nie uitgesuiwer word nie.

d. Die weg wat gevolg moet word, is die van kerklike samespreking.

(1) Amptelike samespreking moet gesien word as 'n vorm van kerkverband by gebroke eenheid en berus per slot van rekening op Matt. 18:15 (vgl. 2 Thess. 3:15, 16; 2 Tim. 2:25, e.a.). Soos daar enersyds sprake is van liefde tot die waarheid (2 Thess. 2:10) en liefde wat hom in die waarheid verbly (1 Kor. 13:6) moet andersyds die waarheid ook in liefde betrag word (Ef. 4:15).

(2) Omdat dit hier nie soseer om die ekumenisiteit maar om die eenheid van die kerk gaan, is dit die beste om hiermee tuis te begin, d.w.s. op nasionale vlak.

(3) Hier moet nie in die eerste plek uitgesien word na resultate nie. Dit gaan om die vervulling van 'n roeping.

e. Of en, so ja, wanneer so 'n kerklike samespreking beëindig moet word, is nie so 'n eenvoudige saak nie. Die Skrif waarsku teen 'n ydele en eindelose twisgesprek (1 Tim. 6:3, e.v.; 2 Tim. 2:14 e.v.; 2 Tim. 3:1 e.v.). Andersyds sien ons dat die kerk in sy laaste stadium van deformasie deur ons Here Jesus Christus nog tot reformasie geroep word (Openb. 3:20).

f. Anders as by samesluiting in kerkverband sal by samespreking van kerke die basisformule as uitgangspunt ruimer moet wees namate die afstand tussen die betrokke kerke groter is.

Kritiek teen die basisformule van die Wêreldraad van Kerke is ter sake wanneer die basisformule bedoel is as basis van kerklike eenheid, maar nie as dit gesien word as uitgangspunt tot herstel van eenheid nie.

g. Behalwe die roeping (1) tot ekumeniese kerkverband ter bewaring van kerklike eenheid, waar dit bestaan en (2) tot kerklike samespreking met die oog op herstel van

kerklike eenheid, waar dit ontbreek, is daar (3) ook nog die roeping tot samewerking, in soverre daar samestemming is. Dit dra egter 'n ad hoc karakter en is so gevarieerd dat dit nie in 'n eenheidsorganisasie saamgetrek kan word nie.

8. *Op grond van die eenheid van die kerk kan daar op elke plek slegs een kerk wees, tensy dat dit op grond van natuurlike oorsake (Voetius), soos taal en getal, nuttig is om aparte kerke te instituer. Maar, eweneens op grond van die eenheid van die kerk, moet ook hier die eenheid van die kerk in kerkverband bewaar word.*

a. Die laaste moet beklemtoon word met betrekking tot "jong" kerke. Aangesien die kerkverband hier oor die nasionale grense strek, het ons hier ekumeniese kerkverband in beginsel, soos beoog in par. 6, c. Juis die jong kerke het die toesig en hulp van die gevestigde kerke nodig, maar die omgekeerde is ewe waar. Die laaste het ook van die eerste te leer.

b. Selfstandigheid van jong kerke kom nie eers in 'n sg. "selfstandige kerkverband" uit nie. Tot selfstandigheid kom kerke by hulle instituering.

c. Die noodsaaklikheid van aparte instituering by taalverskille vloei daaruit voort dat dit in die kerk alles gaan om die diens van die Woord. Dit bereik die hart alleen as dit gespreek en gehoor word in die eie taal (Hand. 2:8). Wat op Pinkster op 'n wonderlike wyse geskied het, moet nou langs die gewone weg plaasvind. Selfs die Rooms-Katolieke Kerk moes in die praktyk van die idee van 'n kerktaal afsien.

9. *Die kerk van Christus is nie maar 'n vergadering van individuele gelowiges nie, maar is die samebinding van nasies in hulle gelowiges (Ef. 2:16; vgl. o.a. Matt. 28:19; Openb. 5:9; 7:4 e.v.; 1:9 e.v.; 21:24, 26), die verborgenheid naamlik, wat sinds alle eeue in die voorneme van God bestaan het, en geopenbaar en gerealiseer is in Christus en sy kerk (Ef. 3:9-11), teenoor die menslike strewe na volkere-eenheid.*

a. Die kerklike lewe staan nie los van die volks- en volkerelewe nie. Ook dit sit opgesluit in die ekumenisiteit van die kerk. Sake rakende die volks- en volkerelewe sal op 'n ekumeniese kerkvergadering ter sprake kom, maar dan op kerklike wyse en op die grondslag van die Heilige Skrif en die Belydenis.

b. Afgesien hiervan is die blote samekoms van gelowiges uit verskillende volkere op die grondslag van die eenheid van 'n gemeenskaplike en saambindende geloof, hoop en liefde, van groot betekenis vir menslike verhoudinge. Hierin lê 'n gewigtige ekumeniese roeping, voortvloeiende uit die wese van die kerk.

10. *Enkele samevattende konklusies uit die voorafgaande is:*

a. Dat die ekumenisiteit (ook in noue verband met die eenheid van die kerk), vanweë die konfessionele en nasionale verskille, gesien moet word, soos dit in werklikheid is, as 'n uiters gekompliseerde saak (soos ook blyk uit die veelheid van ekumeniese bewegings); dat dit gevolglik nie in 'n eenheidsformule en ewemin in 'n eenheidsorganisasie saamgevat kan word nie; dat sodanige poging neerkom op 'n oorvereenvoudiging van die vraagstuk, met relativering van konfessionele verskille en onderskatting van nasionale verskeidenhede as uitloopsels;

b. dat by alle bedenkinge wat teen die Wêreldraad van Kerke ingebring kan word, daar nie *met* 'n negatiewe en afsydige houding volstaan mag word nie, maar dat dit, wat na ons oortuiging die regte antwoord is op die ekumeniese roeping van die kerk, ook aan die Wêreldraad van Kerke voorgelê sal word as uitgangspunt van bespreking, afgesien van resultate;

c. dat voortgegaan word met die vervulling van ons onmiddellike ekumeniese roeping, naamlik om te doen wat gedoen moet word ter bewaring van kerklike eenheid, waar dit nog bestaan; ter herstelling van die eenheid, waar dit gebreek is, beginnende by wat die naaste is, met bereidheid tot samewerking op allerlei gebied, sover daar ooreenstemming bestaan;

d. dat besondere aandag gegee word aan die bestaande kerklike korrespondensie,

naamlik hoe dit op meer effektiewe en, indien moontlik, op meer konkrete wyse, onderhou kan word ter voorkoming van uiteendrywing en verdere verbrokkeling van Gereformeerde Kerke.

6. EKUMENIESE BEWEGINGS (1)[1]

Die maand Augustus het die maand van ekumeniese samekomste geword. In die loop van hierdie maand vind die volgende ekumeniese vergaderings plaas: Die Wêreldraad van Kerke in Chicago, die Internasionale Raad van Christelike Kerke in Evanston, Illinois, die Presbiteriaanse Alliansie, in Princeton, en die Pan-Anglikaanse Kongres in Minneapolis, almal in die V.S.A. Die vorige Augustus het die Gereformeerde Ekumeniese Sinode vergader in Edinburgh, Skotland, die Internasionale Calvinistiese *Kongres* in Montpellier, Frankryk, die Internasionale Kongres van Geref. Jongeliedeverenigings in Zeist, die Oostelike Presbiteriaanse Alliansie en die daaraan verbonde Internasionale Presbiteriaanse Jeugbeweging in Woudschoten, Holland. Daar kan miskien nog meer genoem word, maar genoeg om duidelik te laat wees dat ons leef in 'n tyd van internasionale bewegings, nie alleen in die volkerewêreld met sy V.V.O. nie, om maar net een te noem, maar ook op kerklike gebied. Dit het 'n teken, miskien die teken geword van die tyd. Ekumenies het die term geword om hierdie internasionale strewe in die kerklike lewe aan te dui. Eintlik in Protestantse kringe. Dit het die woord geword om die katolisiteit van Protestantse kant uit te druk. Hiermee het ons dan ook gesê wat die ekumeniese bewegings wil. Hulle beoog almal om op een of ander wyse die wêreldomvattende eenheid van die Kerk tot uitdrukking te bring. Wat dan al dadelik pynlik opval, is dat die ekumeniese bewegings, wat die eenheid van die Kerk beoog, self weer verdeel is in 'n veelheid naas en teenoor mekaar. As ons kyk na die reekse hoofletters waarmee sulke bewegings gewoonlik aangedui word: W.C.C., C.C.I.A., I.C.C.C., W.E.A., N.A.E., I.A.E., ens., dan wil die gedagte maar opkom dat die eenheidstrewe van die kerke van ons tyd werklik met 'n Babiloniese spraakverwarring geslaan is. So gemaklik kan ons ons egter nie daarvan afmaak nie. Die Kerk is één en is geroepe om die eenheid ook sigbaar tot uitdrukking te bring. Dit is die loflike in hierdie strewe, en ons is as gelowiges ook geroep om ons rekenskap te gee ten opsigte van hierdie bewegings. Ons laat hier een en ander volg oor die Wêreldraad van Kerke en dan later oor ander bewegings op kerklike gebied.

Die Wêreldraad van Kerke

Die Wêreldraad van Christelike Kerke (W.C.C.) is die mees omvattende van die ekumeniese bewegings. Die ideaal is een kerk oor die hele wêreld. Ekumenies dus in die ruimste sin. Dit wil ook die Katolieke Kerk insluit, as dit kon. Maar dit kon tot nog toe nie. Die Roomse Kerk wil hom hiervoor nie gee nie. Hy is nou eenmaal die wêreldkerk. Daar is maar net een weg tot eenheid: terugkeer van die ketters na die boesem van die Moeder wat nog altyd gereed staan om terug te ontvang. Dit was ongeveer die antwoord van die Vatikaan op die uitnodiging van die Wêreldraad. Ondertussen bly dit die ideaal van die Wêreldraad: Een Kerk oor die ganse wêreld. Egter as *ideaal.* Dit is nie so dat die Wêreldraad self die eenheidstruktuur wil wees; nie. Dit wil slegs "die ruimte skep waarbinne ons tot die waaragtige eenheid wil kom onder leiding van die Heilige Gees", so lui dit in die uitnodiging van die Ekumeniese Raad aan die Geref. Ekumeniese Sinode van Amsterdam. Daarom is dit nog 'n *beweging.* Dit is 'n beweging "wat die kerke met die doel van die organiese reünie op grond van nuwe eenheid in die geloof tot kontak en samespreking bring". Daar is veel oor en weer gesê oor die swak basis van die Wêreldraad: G(;loof in Christus as God en Saligmaker, en dit dan ook nog nie bindend nie. Die Raad bemoei hom nie met die wyse waarop dit geïnterpreteer word nie. As basis van uitnodiging kan dit egter moeilik anders. Die enigste lyn wat hier getrek word, is tussen Christendom en heidendom. Dit nooi die Christenheid uit. Dit is dus nie die saak waarom dit gaan nie. Dit gaan om die *ideaal.* Daar is "Christelike Kerke", daar is "Christene" in die Kerk wat nie glo in die bonatuurlike geboorte van Christus, aan die versoening deur sy dood, aan sy liggaamlike opstanding en hemelvaart en sy letterlike wederkoms aan die einde van die dae nie, fundamentele waarhede in die Skrif. Hulle glo ook nie aan die Skrif as onfeilbaar geïnspireerde Woord van God nie. Is dit inderdaad moontlik om hierdie mekaar uitsluitende standpunte in die Protestantse Christendom in

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 56, no. 1259, 18 Aug. 1954, pp. 2—3.

een kerkverband saam te bring? Om van Protestantisme en Katolisisme nie eens te spreek nie. Dit is die vraag waarvoor ons hier gestel is. Daar is, sover ons kan sien, net een moontlikheid, naamlik om van hierdie *teenoor* mekaar 'n *naas* mekaar te maak in een kerk. Maar dan word van *teëstellings, verskeidenhede* gemaak. Dit is dan ook geheel in ooreenstemming met die nuwe modernisme; iets kan waar en onwaar wees terselfdertyd. Die Roomse en Protestante kan twee teenoorgestelde dinge glo en albei reg wees, sê Karl Barth. Sy volgeling Niebuhr sê: Julle glo die teenoorgestelde, maar dit maak nie saak nie. Grieks Ortodoksie, Rooms Katolisisme, Protestantisme is maar verskillende tradisies van die Christendom. Dit is die moderne ekumeniese gedagte.

Ons treur ook oor die geskeurdheid van die Christendom en verlang saam met die Wêreldraad vurig na eenheid, maar dan 'n eenheid van die Liggaam *van* Christus op die grondslag van die eenheid met Christus, die Christus van die Skrifte. Anders het ons 'n eenheid ten koste van die waarheid.

Die Wêreldraad wil nie antisipeer, dit wil sê vooruitgryp op die ideaal nie. Tog doen hy dit. Die Wêreldraad het sy eie instituut, die Ekumeniese Instituut in Cháteau de Bossey naby Genève. Daar word jeug uit alle kerke opgelei in die ekumeniese gedagte. Wat is dit? Dit is wat ingaan *teen* die nasionale. Die ekumeniese gedagte is dus nie net interkerklik nie maar ook internasionaal. Daar is ook ekumeniese kerkdienste. In Boston, so word vermeld, het 2 300 lede van verskillende Protestantse Kerke saam Nagmaal gevier. Dit het ook gebeur op die eerste vergadering van die Wêreldraad in Amsterdam, en sal seker nou ook gebeur op hierdie tweede vergadering. Dit is dus ook interkommunaal. In sy hoofkwartiere in Genève vorm die personeel in hulle godsdienstige lewe 'n lewende sel van die totale ekumeniese gemeenskap.

Ook in 'n ander opsig antisipeer dit. Die Wêreldraad tree op *in naam van* alle kerke. Die Wêreldraad het 'n Kerklike Kommissie vir internasionale sake (C.C.I.A.), wat offisieel geregistreer is by die V.V.O. en geoutoriseer is om die kerke te verteenwoordig. Deur hierdie Kommissie het die Wêreldraad deelgeneem aan die formulering van die Universele Verklaring van die Regte van die Mens. Die Kommissie het hom ook besig gehou met die "beweerde slegte behandeling van die naturelle in S.W.A." Ons noem hierdie punt, nie dat dit ons moet afskrik vir die Wêreldraad nie. Veeleer sou dit 'n prikkel wees om ons daar te laat geld. Die bedenklike is egter dat die Wêreldraad beweeg op 'n terrein waar hy nie tuishoort nie. Uit die staanspoor beweeg dit op maatskaplike en staatkundige terrein. Ook in die opsig wil dit *'n wêreldomvattende* kerk wees.

7. EKUMENIESE BEWEGINGS (2) [1]

Ander Ekumeniese Bewegings

Die *Internasionale Raad van Christelike Kerke* staan in direkte teëstelling tot die Wêreldraad en moet ook vanuit hierdie teëstelling besien word. Dit is gebore in die stryd teen die modernisme, wat uitgeloop het op die afsetting van dr. Machen, 1933, toe professor aan die Teol. Seminairie, Princeton. Prof. Machen het 'n Sendingbond op Bybelse grondslag gestig teen die kerklike sending wat modernisties was. As hy weier om dit te ontbind, word hy geskors en afgesit. Uit sy kring kom die Amerikaanse Raad van Christelike Kerke (A.C.C.C). Dit word gestel teenoor die Federale Raad van Kerke in Amerika (F.C.C.C), waarin die kerklike sending gekoördineer is. Die Federale Raad is een van die organisasies waaruit die Wêreldraad van Kerke ontstaan het. As die Wêreldraad van Kerke in Amsterdam in 1948 gestig word, word die A.C.C.C. omgevorm tot die Internasionale Raad van Christelike Kerke (I.C.C.C), ook in Amsterdam, in 1948. Die Internasionale Raad stel hom uitdruklik op Skriftuurlike grondslag en wil alle *Bybelgetroue* kerke verbind teenoor die Wêreldraad. Die teëstelling teen die Wêreldraad sien ons ook in sy doelstellings. Negatief is dit: Die Raad wil geen kerklike eenheid nie, maar net sekere band om eie kerke. Positief: Samewerking, waarvan die noodsaaklikheid opkom uit die bedreiging van die Christelike geloof en lewe deur siviele en kerklike organisasies, en verder: Beskerming van die sending. (Sinspeling op die Wêreldraad met sy Internasionale Sendingraad is hier duidelik.) Dit wil ook die suiwerheid van die ledekerke handhaaf.

Ons kan nie anders nie as om ons geheel te vereenselwig met hierdie beweging in sy onverpoosde stryd teen die modernisme. 'n Mens voel selfs jammer om met bedenkings te kom. Daar is egter vrae. Dit spruit ook voort uit die teëstelling met die Wêreldraad. Dit is opvallend dat die Wêreldraad die mees uiteenlopende kerke tot een kerk wil maak, terwyl die I.C.C.C. kerke wat "een is in geloof en net op minder belangrike punte verskil" slegs met sekere band wil verbind. Die vraag is of kerke wat verskil op minder belangrike punte, die liggaam van Christus mag uiteen hou. Maar dan kan ook gevra word: Is dit minder belangrike punte? Dit gaan naamlik oor die verskille tussen Gereformeerdes, Lutherse, Baptiste, Metodiste. In sy teëstelling teen die Wêreldraad word die verskille tussen hierdie kerke van minder belang beskou. Wat die Wêreldraad doen ten opsigte van die verskille in sy geledere, gebeur ook hier.

Die *Presbyterian Alliance* is eweneens afkomstig uit Amerika. Dr. McCosh, 'n vroeëre rektor van die Princeton Teol. Seminarie, word genoem as vader hiervan. Veral deur sy toedoen besluit die Presbiteriaanse Kerk van die V.S.A. in 1873 tot die oprigting van 'n "Ekumeniese Raad van Presbiteriaanse Kerke". Die stigtingsvergadering word gehou in Londen, 1875. Die eerste vergadering in Edinburgh, 1879. Dr. Blaikie van die Free Church College (waar ook die laaste Ekumeniese Sinode gesit het) word die eerste voorsitter van die Alliansie. In 1948 het dit sy 16e vergadering gehou. Dit word verdeel in 'n Westelike (Amerika) en 'n Oostelike (die res van die wêreld). Die Oostelike deel het verlede jaar vergader in Woudschoten, terwyl die Westelike tans vergader in Princeton. Die Presbiteriaanse Alliansie het as grondslag, die presbiteriaanse kerkregering en die belydenisskrifte van die Reformasie. Dit wil ook nie die eenheid van die kerke nie, maar selfstandige kerkverbande in federaal verband. Die bedoeling is: Samewerking op die gebied van sending en evangelisasie; beïnvloeding van regerings tot vrede, en om onderlinge kontak te bewaar deur inligting oor en weer te verskaf. Waardevolle inligting word in "The Presbyterian World", die offisiële orgaan, verskaf aangaande Presbiteriaanse Kerke in alle dele van die wêreld. Ook aangaande die hoeveelheid Presb. Kerke in Amerika alleen. Dit bring diep onder die indruk van die geskeurdheid van die Kerk. Daar is o.a. 'n Presb. Church of the U.S.A., 'n Presb. Church of U.S., 'n United Presb. Church, 'n Associate Reformed Presb. Church, 'n Evangelical and Reformed Church (ineen). Dit bring ook onder die aandag hoeveel *soorte* presbiteriale

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 56, no. 1260, 25 Aug. 1954, pp. 2-3.

kerkregerings daar is. In 'n artikel in genoemde offisiële orgaan word die verskillende soorte presbiteriale vorme tot die Nuwe Testament herlei. Die skrywer vind die oorgang van die presbiteriale tot die biskoplike stelsel (presbiter word priester) in die brief van Jakobus. Origens doen die skrywer ook ywerig aan Skrifkritiek mee. 'n Bewys dat by alle nadruk op die kerkregering dit in die presbiteriale wêreld nie al te nou gaan met die belydenisgrondslag nie.

Die *Internasionale Assosiasie van Evangeliste* (I.A.E.) dateer vanaf 1845, en het ontstaan teenoor die Oxfordbeweging in Engeland, wat uitgeloop het op die Pan-Anglikaanse Kongres, wat ook op die oomblik in Amerika vergader. Hierdie laaste is die samevatting van al die Koloniale Kerke en die Episkopaalse Kerk van Amerika met die Moederkerk in Engeland, tot 'n eenheid onder een hoof, die Aartsbiskop van Canterbury. Die Protestantse Kerke (non-konformiste) het op hulle beurt saamgekom in die Wêreld Evangeliese Alliansie teenoor die Anglikaanse Kerk. Dit is dus van huis uit 'n Engelse teëstelling. Dit is gevolg deur die Nasionale Assosiasie van Evangeliste in Amerika (N.A.E.). Die Christian Reformed Church van Amerika, waarmee ons in verband staan, was tot onlangs lid van hierdie organisasie. In Boston, V.S.A., is die twee saamgesmelt tot die Internasionale Assosiasie van Evangeliste (I.A.E.). Die eienaardige van hierdie beweging is dat dit kerke, organisasies en persone insluit. Die kerklike en maatskaplike terreine word vermeng. Die organisasie hou hom veral besig met evangelisasie.

Uit bostaande is duidelik dat "ekumenies" in Protestantse kringe so langsamerhand die bybetekenis gekry het van "interkerklik". Dit beteken egter dat die Kerk van Christus nie *nasionaal beperk* is nie, maar die wêreld omvat. As die Gereformeerde Kerke die liggaam van Christus suiwer tot openbaring wil bring, moet dit tot uitdrukking kom in 'n ekumeniese kerkverband. Dit probeer die Gereformeerde Kerke doen in hul Ekumeniese Sinode. Dit is die plek van die Ekumeniese Sinode te midde van al hierdie Ekumeniese Bewegings. Die Ekumeniese Sinode voel ook nog sy weg. Dit het hom nog nie geheel kon loswikkel van die interkerklike gedagte nie.

8. EKUMENISITEIT VAN DIE KERK BY CALVYN [1]

Ekumenies beteken "katoliek" of "algemeen" soos ons die kerk bely in die Twaalf Artikels: Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk. Hiervan sê Calvyn: "Daarom word dit genoem katoliek of algemeen omdat daar nie twee of drie kerke kan wees nie, sonder dat Christus verskeur word: wat onmoontlik is" (Institusie IV, 1, 2). In dieselfde hoofstuk spreek hy egter daarvan as iets wat wel moontlik is, maar nie mag gebeur nie: "Dit staan aan niemand vry om van die Kerk af te wyk en die eenheid te verbreek nie" (IV, 1, 2). Ons het hier by Calvyn die onderskeiding van die sigbare en onsigbare kante van die Kerk. Van die onsigbare kant gesien is die eenheid van die Kerk as Liggaam van Christus 'n onaantasbare werklikheid. Van die sigbare kant gesien is dit 'n roeping. Dit is met die eenheid van die Kerk soos met die heiligheid daarvan. Die Kerk is heilig in Christus en word ook geroep tot heiligheid. So is die eenheid 'n werklikheid in Christus, maar ook iets wat verwesenlik moet word in die wêreld, 'n roeping.

Hoe dringend dit is om die eenheid te bewaar

"Dit staan niemand vry om die gesag van die Kerk te verag, die vermaninge te verwerp, die raadslae te weerstreef nie, veel minder om van die Kerk af te wyk en die eenheid daarvan te verbreek. Want die Here heg aan die gemeenskap van sy Kerk so 'n groot waarde dat Hy diegene, wat hom hardnekkig vervreem van elke Christelike vergadering, wat die ware bediening van die Woord en sakramente onderhou, vir 'n oorloper en 'n verlater van die godsdiens hou. Om uit die Kerk weg te gaan, beteken om God en Christus te verloën; daarom moet ons ons te meer hoed vir 'n misdadige skeiding. Die Kerk is 'n pilaar van Gods waarheid, en dit is ook 'n heilige huwelik. As ons, vir so ver ons dit kan, die ondergang van Gods waarheid beraam, is ons waardig dat Hy met die ganse geweld van sy toorn ons verpletter. Daar kan geen vreesliker misdaad bedink word as om met heiligskennende trouloosheid die huwelik te skend nie" (IV, I, 10). Calvyn wys op die verafgedwaalde gemeente van Korinthe: "Tref Paulus hulle met sy vervloeking? Ek ontken wel nie dat dit plig is van 'n vroom mens om hom te onttrek aan alle persoonlike omgang met die goddelose nie, maar om die omgang met die bose te breek, is iets anders as om uit haat die gemeenskap met die kerk te verbreek" (IV, I, 15). "Al was Jerusalem se toestand soos Sodom en Gomorra, tog rig die profete geen nuwe kerke op nie. Die Here het sy Woord daar in bewaring gegee. Niks anders het hulle dus daarvan afgehou om 'n skeiding te maak as om die eenheid te bewaar nie" (IV, I, 18).. "Laat dit dus vas en seker bly dat diegene wat uit eie beweging die uiterlike gemeenskap verlaat van die Kerk, waar Gods Woord gepredik word en die sakramente bedien word, geen enkele verontskuldiging het nie" (IV, I, 19). Uit die voorgaande is duidelik dat die eenheid van die Liggaam van Christus ook uiterlik tot openbaring moet kom; dat ons geloofsartikel omtrent 'n Heilige, Algemene, Christelike Kerk ons 'n dure roeping oplê om die eenheid te bewaar.

Die Reformatore het tog die eenheid van die Kerk verbreek. Op watter gronde?

"Een van die maniere waarop Satan die Kerk belaag, is om die kentekens (Woord en sakramente) weg te neem en te vernietig. Dat ons deur die naam kerk nie bedrieg word nie, moet ons met die toets, soos op 'n keursteen, elke vergadering ondersoek wat die naam van kerk dra" (IV, I, II). "Sodra die leuen in die burg van die religie binnegedring het, die hoofsom van die noodsaaklike leer verbaster het en die gebruik van die sakramente terneergestort het, volg ongetwyfeld die ondergang van die Kerk, net soos die lewe van 'n mens gedaan is, wanneer sy hals deurboor, of sy ingewande dodelik gewond is. As die fondamente van die Kerk, die leer van die apostels en profete is ... hoe sal dan, as jy die leer wegneem, die gebou verder kan bestaan? Die gemeenskap van die Kerk is nie ingestel met die bepaling dat dit die band sou wees waardeur ons in die afgodery, goddeloosheid en onwetenheid aangaande God, en ander soorte booshede sou verstrik word nie" (IV, II, 2). "Dit is geen kerk, waar Gods Woord nie aanwesig is nie. Paulus leer nie dat die Kerk gefundeer is op die oordeel van mense nie... maar op die

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 61, no. 1520, 28 Okt. 1959, pp. 6-9.

leer van die apostels (IV, II, 4). "Die gemeenskap hang so aan die eenheid van die geloof, dat dit die begin, die einde, kortom, die enige reël van die band van die gemeenskap moet wees" (IV, II, 5). "As hulle kerke is, dan is die sleutelmag by hulle. Maar hulle verstoot daarenteë uit hulle gemeenskap almal, wat ongeveins bely dat hulle diensknegte van Christus is. Dus is òf die belofte van Christus ydel, òf hulle is ten minste so beskou, geen kerke nie... of daar sal geen kenteken meer oorbly, waardeur die wettige vergaderinge van gelowiges van die van Turke onderskei kan word nie" (IV, II, 10).

In sy traktate noem Calvyn die Roomse Kerk saam met die Mohammedane 'n sekte, die pousdom "'n sinagoge van Satan wat Jesus Christus verjaag en verban het". "Alle ketterye en sektes wat daar van die begin af was, behoort tot die ry van die antichris, maar in Rome het, die antichris die setel van verfoeilikheid opgerig" (IV, VII, 25). Dit skyn dus uit die voorgaande te volg dat by die Reformasie eintlik nie 'n breuk met die Kerk was nie; dat dit veeleer 'n breuk was met die wat hulle uitgegee het vir 'n kerk maar in werklikheid nie-meer-kerk was nie; dat die kerke van die Reformasie dus die enigste ware kerke is.

Is die "Katolieke Kerk" nog 'n kerk?

"Hoe ons alle kerke moet beskou, wat die tirannie van die Roomse afgod in beslag geneem het, sal blyk, as ons dit vergelyk met die Israelitiese kerk. Toe hulle afgewyk het tot afgodery en superstisie, het hulle die voorreg (om kerk genoem te word) vir 'n deel verloor. Want wie sou die titel van kerk aan hulle durf ontneem, by wie God die prediking van sy Woord en die onderhouding van die verborgenhede weggelê het? Aan die ander kant, wie sou die vergadering sonder enige uitsondering kerk durf noem waar Gods Woord openlik en ongestraf met die voete getree word" (IV, II, 7). Het ons dus hier, volgens Calvyn, nog net 'n skynkerk? Tog nie: "Hoewel ons die titel van kerk nie eenvoudigweg aan die pousgesindes wil toestaan nie, loën ons daarom nie dat by hulle kerke is nie.

Dat die setel van die antichris in die tempel van God geplaas word, daarmee word te kenne gegee dat sy ryk sodanig sal wees, dat dit nog die naam van Christus, nog die Kerk tot niet maak. Hieruit blyk dus dat ons allermins ontken dat daar ook onder sy tirannie kerke bly, maar dan kerke, wat hy deur slegte en verderflike leringe, soos deur giftige dranke, bederf en byna dood gemaak het, waarin Christus half begrawe is ... die diens van God byna vernietig is. Kortom, ek sê, dat daar kerke is in soverre die Here die oorblyfsels van sy volk, hoe ellendig verstrooid en uiteengejaag dan ook, daar op wonderlike wyse bewaar, in soverre daar enige kentekens van die kerk bly bestaan" (IV, II, 12). In sy traktate: "Ek betwyfel nie dat die Katolieke Kerk oor alle lande, waar die tirannie van die pous heers, versprei is nie. Onder alle volkere, wat die Here eenmaal met sy Evangelie verlig het, bly die krag van sy genade ewig. Hulle het die Doop, die teken van Gods verbond". In 'n brief aan Socinus sê hy: "My bewering dat daar oorblyfsels van die kerk in die pousdom bly, beperk ek nie tot die uitverkorenes nie, maar ek verstaan dit so, dat daar ruïnes van 'n verwoeste tempel bestaan". Verder: "Soos geboue dikwels so verwoes word, dat die fondamente en die bouvalle bly, so het die Here nie geduld dat sy kerk tot op die fondament toe omvergewerp of met die bodem gelyk gemaak is nie, maar gewil dat ook na die vernieling 'n half ingestorte gebou bly" (IV, II, 11). Ons gevolgtrekking moet wees: Volgens Calvyn loop die lyn tussen ware en valse kerk nie sonder meer tussen die kerke van die Reformasie en die Roomse Kerk nie, maar deur die Roomse Kerk heen, sodat ook daar nog 'n stukkie, al is dit 'n klein stukkie van die ware kerk oorgebly het. Die valse kerk is iets wat in die ware kerk indring van die begin van die wêreld (die sondeval) af. Ook in ons eie kerke. Ons moet dit onderskei en uitsuiwer. Wanneer op 'n enkele punt die valse kerk gekoester word, en dit wat teen Gods Woord is deur menslike gesag in die Kerk gehandhaaf word, moet dit 'n skeuring in die Kerk van Christus veroorsaak.

Veelvormigheid en veelheid van kerke

"...en dit sal wees een kudde, een herder" (Joh. 10:16). "Dit is", sê Calvyn, "dat al

die kinders van God mag vergader en verenig word in een liggaam, soos ons bely dat daar een, heilige, algemene kerk is, en daar een liggaam moet wees met een hoof. Daar is een God, sê Paulus, een geloof, een doop. Daarom moet ons een wees, soos ons ook geroep is in een hoop (Ef. 4:4, 5). Nou, hoewel dit skyn of hierdie kudde verdeel is in verskillende skaapstalle, tog word hulle gehou binne die mure wat gemeenskaplik is vir alle gelowiges wat versprei is oor die hele wêreld, omdat dieselfde Woord aan almal gepredik word, hulle dieselfde sakramente het, dieselfde orde van gebede, en alles wat behoort tot die belydenis van die geloof". Die uitnemende kerkgeskiedskrywer, Schaff, lei op 'n dwaalspoor deur 'n verkeerde uitlegging van hierdie woorde van Calvyn. Van skaapstalle maak hy (baie) kerke in die sin van kerkgenootskappe onder die een herder, en vervolg: "Hierdie idee is in ons eeu opgeneem deur die Evangeliese Alliansie, die Pan-Anglikaanse Raad, die Pan-Presbyteriaanse Alliansie, die Pan-Metodistiese Konferensie, die Y.M.C.A. ens", almal ekumeniese bewegings, waarby ons vir ons eeu kan byvoeg: A.E.B., Morele Herbewapening, Wêreldraad van Kerke — dit alles gedek met die naam van Calvyn! Wat Calvyn sê het hiermee niks te doen nie. Soos elke leser kan sien, is die skaapstalle die plaaslike gemeentes, en die mure die suiwere bediening van die Woord, ens. Dit gaan by Calvyn hier nie om die een kerk in verskillende *kerkgenootskappe* nie, maar om die een ware kerk in verskillende *landskappe,* om onder die verskillende nasies in sy veelvormigheid tot openbaring te kom (Ef. 3:10), soos ons dit sien in die Tweede Helvetiese (Switserse), Galliese (Franse), die Belgiese (of Nederlandse), of Westminster en ons kan maar byvoeg die Augsburgse Konfessies wat almal herlei kan word tot die ou ekumeniese konfessies van Athanasius en Nicéa en met die Apostoliese Geloofsbelydenis gegrond is op die Woord van God. Die eenheid van die Kerke in die verskillende lande het tot uitdrukking gekom in die ou ekumeniese konsilies, en sinds die Reformasie op 'n ekumeniese samekoms in Frankfurt (1577), later weer (enigsins) op die Dordtse Sinode en sinsdien nog nie weer nie. (Die huidige Ekumeniese Sinode is geen sinode in eintlike sin van die woord nie, want dit omvat kerke wat geskeie leef in dieselfde land met dieselfde konfessie — op papier). Laat ons dan duidelik onderskei te midde van die groot spraakverwarring in verband met die ekumenisiteit van die kerk:

1. Die veelvormigheid van die Kerk, soos die een ware belydenis tot openbaring kom onder die verskillende nasies;

2. Die veelheid van kerke, soos die een ware kerk opgebreek is in verskillende dele, wat nie mag wees nie.

Kerklike integrasie

Calvyn skryf aan Farel (1541): "Philip (d.i. Melanchton) en Bucer het tweeslagtige en verniste formules opgestel aangaande transsubstansiasie in 'n poging om die opponente (die Roomse) tevrede te stel deur hulle niks te gee nie. Ek kan my met so 'n gedragslyn nie vereenselwig nie, alhoewel hulle redelike gronde het vir so 'n handelwyse, want hulle hoop dat daar spoedig meer duidelikheid sal kom as die leerstuk oopgelaat word; daarom wil hulle dit liefs verswyg, en is hulle nie bang vir verdoeseling, terwyl niks so skadelik is as dit nie".

Van 'n eenheid, wat rus op kompromis en gladstrykende formules wou Calvyn dus niks weet nie. Duidelik en ferm neem hy hier standpunt in teen wat ons sou wil bestempel as kerklike integrasie, en nader beskryf as: Die samevatting van die veelheid van kerke in 'n hoër eenheid. In beginsel kom integrasie, soos ons dit wel deeglik verstaan, neer op uitwissing van grense. In die huidige ekumeniese bewegings kry ons dit in twee vorme.

(a) In die uitwissing van nasionale en rasse-grense, waardeur, sover dit die Kerk aangaan, die veelvormigheid van die Kerk, soos dit tot openbaring moet kom onder die nasies, aangetas word.

(b) In die uitwissing van konfessionele grense deur konfessionele verskille te verkleineer tot verskillende gesigspunte van die waarheid, en die verskillende kerke te maak tot mekaar aanvullende onderdele van 'n omvattende geheel. Dit versag die

kerklike geskeidenheid tot 'n kerklike verskeidenheid en die veelheid van kerke tot 'n veelvormigheid van die Kerk, en bestendig so die geskeidenheid van die Kerk. Dit is wat teenwoordig veelal onder ekumenisiteit verstaan word. Dit is hierdie soort ekumenisiteit wat sy beslag gekry het in die Wêreldraad van Kerke, gekenmerk deur uitwissing van grense: Nasionale en rassegrense, wat die kerk van Christus in sy veelvormigheid aantas, en konfessionele grense, waardeur die waarheid in die Kerk van Christus aangetas word.

Hierdie soort ekumenisiteit is in die lug, die kompromis-gees. Op kerklike gebied gewaar ons dit in die vorm van kerklike *onverskilligheid* (indifferentisme), die neiging wat hom openbaar om verskille liefs maar te verswyg, te vergeet, te verkleineer, om selfs ooreen te kom om te verskil. Dit is nie die ekumenisiteit van Calvyn nie. "Ek kan my met so 'n gedragslyn nie verenig nie", sê hy. Wel kan hy die drang verstaan wat daar agter sit, die drang na eenheid. Is daar nie miskien moegheid ook nie? Dit gaan egter om die waarheid, om die eer van God.

Ware ekumenisiteit

"Onder die ergste misstande van ons eeu is te reken dat die kerke so uitmekaar geskeur het, dat die heilige gemeenskap van die lede van Christus, wat tog almal met die mond bely, deur slegs weinige met die daad opreg betrag word. Daaraan is dit te wyte dat, aangesien die lede verdeeld is, die liggaam van die Kerk as uiteengeskeur daar neerlê. Wat my aangaan, as my hulp van enige nut mag skyn, dan sou dit my nie te swaar val om, as dit moes, tien seë te deurvaar nie. Waar dit gaan om so 'n gewigtige saak as die ooreenstemming van geleerde manne volgens die reël van die Skrif op die regte wyse saamgestel, waardeur die kerke, wat nou so ver verwyderd is, onderling saam sou groei en verenig word, sou ek dit ongeoorloof ag om daarvoor enige arbeid of moeite te ontsien". So skryf Calvyn aan Cranmer (1552) in verband met sy voorstel van 'n Ekumeniese Konvent met die oog op die breuk in die kerke van die Reformasie. As die geskeidenheid van kerke deur iemand diep gevoel was, dan was dit deur Calvyn. So lank die breuk met Luther gedreig het, het Calvyn alles in sy vermoë gedoen om die vraagstuk in verband met die Nagmaal oop te hou om met tyd tot die regte insig te kom. Die Lutherse het egter die beslissing afgedwing, en daardeur die breuk veroorsaak. Hoeveel skeuringe is nie al veroorsaak deur onbesonne beslissinge in verband met sake waaroor Gods Woord nie duidelike uitsprake gee nie, of selfs met menslike gesag in ooreenstemming met Gods Woord te verklaar wat nie in ooreenstemming daarmee is nie. So is ook die Afskeiding van 1859 in S.A. afgedwing.

Eenmaal 'n feit, wat was die gedragslyn van Calvyn? Dit was die weg van Kerklike Samespreking: Kerklike verskille onder oë sien in hulle volle omvang en diepte. Dit is die betekenis van die "deurvaar van tien seë". Sekerlik nie om verskille te verkleineer, toe te pleister met los kalk en vrede, vrede te roep waar geen vrede is nie, maar moedig met mekaar wat uiteenhou onder oë te sien en, so moontlik, op grond van Gods Woord en die ware Gereformeerde belydenis uit die weg te ruim. Dit is die enigste weg tot die ware eenheid.

Ons glo saam in die heilige, algemene, Christelike kerk.

Ons sien die Kerk in die wêreld "uiteen geskeur".

Ekumenisiteit van die Kerk is 'n heerlike werklikheid in Christus.

Dit is ook 'n heilige roeping van die Kerk op aarde.

'n Ekumeniese Sinode is die uiterlike vorm van eenheid van kerke wat nog een is om die eenheid te bewaar by sekere verskeidenheid oor nasionale en rassegrense heen, sonder om dit uit te wis. Dit is vir ons van groot praktiese betekenis met die oog op die wordende Gereformeerde Kerk onder die Gekleurdes.

Kerklike samespreking is die band tussen kerke wat uiteen is om so moontlik die gebroke eenheid te heel. Dit begin die beste in die tuisland in plaas van oorkant die see.

Kerklike Samespreking moet onderskei word van die moderne Gespreksgemeenskap soos die Wêreldraad van Kerke hom voorgee om te wees. Die eenheid word dan gesien in 'n eindelose gesprek, waar dit nooit tot 'n beslissing kom nie. Dit is ook nie daarvoor bedoel nie. Kerklike Samespreking trek saam op 'n kernpunt en loop ook af, soos blyk uit die samespreking tussen die Protestantisme en Rome. Daar is 'n tyd om te spreek, en ook 'n tyd om te swyg. Ook die swye is 'n spreke, 'n roep tot Reformasie.

9. SAMESPREKING TUSSEN KERKE [1]

Ons het dit goed gedink om hierdie keer die redaksionele kolomme van ons blad af te staan vir die artikel van prof. W. J. Snyman wat hier volg, omdat dit 'n duidelike "beleidsverklaring" inhou. In verlede week se uitgawe het ons om bepaalde redes daarop aangedring dat die N.G. Kerk, soos deur ons ooreengekom, hul memorandum aan ons moet stuur sodat ons kan kom tot offisiële samespreking tussen die Kerke. In aansluiting daarby volg nou hierdie artikel van prof. Snyman, voorsitter van die Deputaatskap wat ons Alg. Sinode benoem het om namens die Geref. Kerk die samespreking tussen die Kerke te voer. Die artikel laat duidelik blyk in watter gesindheid ons sodanige samesprekings wil benader. Ons is geroepe om mekaar in die gesindheid van Christus te vermaan. Ons durf nie die Kaïnshouding inneem nie en mag ook nie deur die negende gebod as Kerke in ons handelswyse te oortree, ons skuldig maak aan veldtogte van beswaddering wat Christus se Kerk nie waardig is nie. Die vermaning mag nie geskied om te twis nie, dit mag nie die vorm aanneem van liefdelose foutsoekery nie. Dit moet geskied in gehoorsaamheid aan die Koning van die Kerk wat die opdrag aan ons gegee het om mekaar te vermaan. Dit moet ons in die eerste en laaste plek om die *waarheid* te doen wees. Die Kerk moet pilaar en grondslag *van die waarheid* wees, ook wanneer hierdie samespreking plaasvind. Dan alleen is die kerk waarlik kerk.

2 THESS. 3:14, 15 EN KERKLIKE VERHOUDINGE

> *"En as iemand aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie, teken die man en hou geen gemeenskap met hom nie, sodat hy skaam kan word. En beskou hom nie as 'n vyand nie, maar vermaan hom as 'n broeder."*

'n Deurlopende lyn

Uit hierdie uitspraak van die apostel is duidelik dat kerklike tug nie 'n vinding is van die Kerk en eers later ingevoer is nie, maar dat dit van die aanvang af in die Kerk aanwesig was. Die Briewe aan die Thessalonicense is Paulus se oudste briewe wat ons besit. Die lyn loop deur: Hand. 5; 2 Thess. 3:14, 15; 1 Kor. 5; Gal. 1:8, 9; Openb. 2:2, 13-16. Van Hand. 5 gaan dit terug na Matt. 18:15-18. By wat dit verder alles mag insluit, beteken verwaarlosing van kerklike tug ongehoorsaamheid aan Christus en aan die Apostoliese Woord, of, wat dieselfde is, ongehoorsaamheid aan die Woord van God.

Twee kante

Terwyl Matt. 18:13-18 *die weg* aantoon *waarlangs* die tug uitgeoefen moet word (en wel, op so 'n eenvoudige en duidelike wyse, dat daar geen verskoning is vir die foute wat hierin nog so dikwels gemaak word nie) bestaan die betekenis van 2 Thess. 3:14, 15 daarin dat dit vir ons duidelik maak *waarin* die kerklike tug *bestaan.* Volgens hierdie uitspraak het die kerklike tug twee kante, 'n negatiewe en 'n positiewe kant. Die negatiewe kant vind ons in vers 14 en die positiewe in vers 15.

Teken die man...

Ons let eers op vers 14. Dit bestaan uit twee skerp bevele: "Teken die man — hou geen gemeenskap met hom nie". Calvyn sê hiervan: "Ek twyfel nie dat dit sien op ekskommunikasie (afsnyding) nie". Dit bestaan dan eerstens daarin dat die afgewekene blootgestel word, by name, met sy afwyking. Dit geskied nie meteens nie, maar wanneer daar volharding is in die kwaad en weerspannigheid. Hier was herhaalde vermaning, eers gedurende die apostel se aanwesigheid (2 Thess. 3:10), dan by Timótheüs se sending, dan deur die eerste brief, eers indirek, 2:9, 5:14, dan direk, 4:11, 12 en eindelik in hierdie brief, 3:6-12.

---

[1] Inleidingsartikel, *Die Kerkblad,* jg. 62, no. 1551, 15 Junie 1960, pp. 1-3, 5. (Inleidende paragraaf deur die redakteur van *Die Kerkblad.*)

"Hou geen gemeenskap met hom nie"

Hierdie openlike bekendstelling staan nie op sigself nie. Die bedoeling is dat die bande met so iemand gebreek sal word. So moet ons hierdie tweede bevel met die eerste verbind.

Die gemeente moet weet wie hy is, om geen gemeenskap met hom te hou nie. Dit beteken niks minder as die toepassing van die voorskrif aangaande die melaatse (Lev. 13:45, 46) vir die Kerk van die Nuwe Testament. Soos die melaatse moet hy in afsondering leef. Dit moet natuurlik geestelik verstaan word. Dit is nie so maklik om presies te sê waarin dit bestaan nie. Dit is ook nie die groot saak nie. In die Nuwe Testament gaan dit nie om formaliteite nie. Die wesenlike is dat die gewone broederlike omgang met so iemand, 'n omgang wat hom die pynlike van die afsondering kan versag of verminder, vermy moet word.

Aandeel van die gemeente

Ten opsigte van so 'n afgewekene geld die nie-vermenging (die letterlike woord wat hier gebruik word) selfs in skerper mate as ten opsigte van 'n gewone wêreldling, soos blyk uit 1 Kor. 5:9-11. Dit is dan ook die belangrike aandeel van die gemeente in die tughandeling. Die tughandeling is nie afgedaan met die openlike bekendstelling van die naam en die formele afsnyding nie. Dit tree dan eers in werking, en die krag daarvan bestaan juis in die afbreek van die gemeenskap deur die hele gemeente.

'n Goddelike bevel

Elke gesonde liggaam isoleer 'n skadelike infeksie. As die liggaam nie so reageer nie dan is dit 'n teken van sieklikheid van die liggaam en dan werk die vergiftinging in die liggaam deur. Dit gaan hier egter nie maar om so 'n reaksie nie, maar om 'n Goddelike bevel. Hierin verskil dit van alle farisese of eiegeregtigde afsondering. Die vermyding van die omgang is nie vanweë eie waardigheid nie, maar op Gods bevel. Dit is 'n bevel aan alle lidmate. Wie tóg met so 'n "getekende" op die gewone wyse omgaan werk die gemeente wat tug uitoefen teë en laat die tug sy doel mis.

"Sodat hy skaam kan word"

Selfs hierdie negatiewe kant van die afskeiding dien 'n positiewe doel. Hierdie afskeiding heilig homself inderdaad in sy doel en is daarin geregverdig. Hoe strenger die middel dus toegepas word, hoe eerder word die doel bereik. Die isolering (afsondering) sit ook opgeslote in die woord vir beskaming wat die apostel hier gebruik. So iemand word "op homself gewerp", "op homself ingekeer" om sodoende tot inkeer te kom. Dit gaan hier dus nie of afskeiding ter wille van afskeiding nie. Die afskeiding het juis die doel om saam te bind. "Dit is die beste middel wanneer 'n gevoel van skaamte in 'n persoon wakker gemaak word, dat hy met homself ontevrede sal wees" (Calvyn).

Die positiewe kant van die kerklike tug

Dit volg as die apostel verder gaan in vers 15: "En beskou hom nie as vyand nie, maar vermaan hom as broeder".

Hierdie toevoeging word dikwels so gelees en ook verklaar asof die apostel hiermee wil sê hoedanig die vermaning moet wees, naamlik nie al te skerp nie, in alle broederlikheid met 2 Kor. 10:1 in gedagte: "Ek self, Paulus, bid julle by die sagmoedigheid en vriendelikheid van Christus ..." Sekerlik moet die vermaning geskied in vriendelikheid en broederlikheid en nie op so 'n wyse dat dit afstoot en die verwydering groter maak nie. As ons egter hierdie vers noukeurig lees, dan is dit duidelik dat dit hier nie daarom gaan *hoe* ons moet vermaan as ons vermaan nie, maar *dat daar vermaning moet wees.* Naas die opsegging van gemeenskap moet daar ook positief opgetree word.

Opsegging van gemeenskap is tog bloot 'n negatiewe optrede al is dit met 'n positiewe doel. Om die doel te bereik moet die vermaning bykom. So eers is die kerklike tug volledig.

"Beskou hom nie as vyand nie"

Hierdie woorde laat 'n belangrike lig val op die kerklike tug, deur te sê waarin dit nie bestaan nie. Hoeseer dit in alle opsigte daarop lyk (1 Kor. 5:9) mag die opsegging van gemeenskap nie gesien word as vyandskap nie. Dit laat ons Matt. 18:17 ook reg lees en verstaan, naamlik dat die afgewekene vir ons sal wees *soos* die heiden en die tollenaar. Die verbreking van die betrekkinge is hoogstens uiterlik, nie innerlik nie en ook nie finaal, soos met die vyand nie. Of, soos Calvyn sê: "die doel van ekskommunikasie is nie om mense te vervreem van die kudde van die Here nie, maar veeleer om 'hulle terug te bring' ". Daar sit egter meer in. As die apostel sê dat ons die afgeskeidene nie as vyand moet beskou nie is dit eintlik om die teendeel sterk te beklemtoon, naamlik dat ons hom "as broeder" moet bly beskou. Wat ons dan hier sterk op die hart gebind word, is om die afgedwaalde te beskou as afgedwaalde *broeder,* dieselfde as wat Jesus leer in die gelykenis van die Verlore Seun: die *verlore* seun het verlore *seun* gebly. Die groot gedagte hier uitgespreek is dat *die broederband bly, ook oor die kloof van geskeidenheid heen.*

Afsnyding en vervloeking

Calvyn wys in hierdie verband op die verskil tussen ekskommunikasie (afsnyding) en anathema (vervloeking), "want met betrekking tot hulle wat die kerk merk deur die strengheid van sensuur, beweer Paulus, dat hulle nie geheel en al weggewerp mag word, asof hulle van saligheid afgesny is nie, maar dat pogings gemaak moet word, dat hulle teruggebring word tot gesondheid van insig". By die uiterlike opsegging van die gemeenskap moet die broederband bly en die afgewekene steeds beoordeel word met die oordeel van die liefde.

"Vermaan hom as broeder"

Die innerlike band moet nie tot die innerlike beperk bly nie, maar moet vorm aanneem ook in die uiterlike. Op een punt moet die muur van afskeiding deurbreek word. Hoewel die (gewone) gemeenskap opgesê is moet daar 'n vorm van gemeenskap bly. Die vorm van gemeenskap (verband) is nou *die van vermaning.* Dit gaan hier dus nie daarom dat die vermaning sal geskied in broederlikheid nie. Daar word 'n baie nouer verband gelê tussen broederlikheid en vermaning:

In die vermaning kom die broederlikheid (waar daar afwyking is van Gods waarheid) uit: Daar is ook allermins daarvan sprake dat die vermaning "broederlik" moet wees in die sin van minder skerp of sagaardig. Broederlike vermaning is soms skerp. En, in die skerpheid van die vermaning kan juis die broederlikheid uitkom. Dit gaan tog om die eer van die Vader en om die heil van die broeder (Mal. 3:10). Die verband tussen broederlikheid en vermaning word hier so nou gelê, dat die teenoorgestelde ook uitgespreek word, naamlik dat nie-vermaning 'n openbaring is van liefdeloosheid.

Daar is 'n verdraagsaamheid wat neerkom op die teenoorgestelde van broederlikheid en 'n openbaring is van liefdeloosheid en van onverskilligheid, van die gees van Kaïn wat sê: Is ek my broer se oppasser?

"Vermaan hom"

So alleen het die opsegging van gemeenskap sin, naamlik as middel om die ware gemeenskap te herstel, en so kan dit ook alleen die doel bereik. 'n Besondere woord word hier gebruik vir vermaning. Dit beteken om op die oortuiging te werk, om tot die regte insigte te bring "met heldere redene uit Gods Woord" (Lindeboom). Dit gaan hier juis om die leer. Die ware eenheid van die Kerk rus op die grondslag van die waarheid, Joh. 17:17 ('n teks wat steeds gelees moet word saam met Joh. 17:11).

Ook weer 'n bevel

Die vermaning word aan ons opgelê. Dit kom tot ons in ons nalatigheid op grond van gemaksug of belang, en ook in wat ons laat terugdeins vir vermaning, naamlik eie swakheid, gebrekkigheid, sondigheid. Diegene wat vermaan, word dan ook dikwels

teruggewerp op hulself met die verwyt van eie tekortkominge, soos Moses (Ex. 2:14). En, wie is sonder sonde? Maar vermaning is ons opgelê en nie iets waartoe ons onsself opwerp nie. Dit is 'n aanstelling en geen aanmatiging nie. En dit het God behaag om sy kerk te regeer deur sondige mense en nie deur enkele nie. Elkeen het sy foute van die een of ander soort. Maar dit verhinder nie dat ons mekaar sal help om foute te oorwin nie. So is ons mekaar tot voete en tot oë in die Liggaam van Christus en vul ons mekaar aan, en nie deur in ons gebreklikhede saam 'n gesonde liggaam uit te maak nie. Eie sondigheid mag ook nie daartoe beweeg om ons roeping teenoor mekaar te versaak nie. Wel moet dit ons daartoe bring om in alle nederigheid en ootmoed hierdie roeping teenoor mekaar te vervul.

Aan almal

Die vermaning moet nie net offisieel deur die Kerk of sy ampsdraers geskied nie, maar deur elke gelowige, tot wie Paulus hom hier rig. Dit moet ook offisieel geskied. Maar die besondere ampte in die kerk mag nooit die amp van die gelowige verdring nie. Elke gelowige het 'n roeping teenoor elke afwykende in leer en in lewe. Kerklike tug rus in die gemeente.

Toegepas op kerklike verhoudinge

Bostaande is geskryf ook met kerklike verhoudinge in gedagte. Het ons die reg om wat gesê word in verband met kerklike tug ook toe te pas op kerklike verhoudinge?

Ons het hiermee aangesluit by Voetius wat die verskillende kerke nie sien as verskillende godsdienstige verenigings wat langs mekaar bestaan en die reg het, elkeen, om die Here te dien op eie wyse nie. Die bestaan van "verskillende" kerke staan altyd in verband met afwyking en afskeiding. Die opvallende is dat Voetius die kwessie van afskeiding behandel onder sy hoofstukke oor kerklike tug. Sien ons dit so, dan laat Gods Woord vir ons lig val op die (inter)-kerklike verhoudinge, wat so uiters verwarrend is.

Enkele riglyne

By die lees van die voorgaande kan die leser self sy toepassinge maak. Ons skryf hier enkele gedagtes neer, sonder om die ooreenkoms tot die uiterste deur te voer.

(a) Ook by kerklike geskeidenheid moet die broederband bly. Agter die uitwendige geskeidenheid bly die geestelike eenheid van die Liggaam van Christus.

(b) Kerklike afskeiding mag nooit doel wees nie, maar altyd 'n middel om tot die ware eenheid te kom, 'n eenheid gegrond op die waarheid.

(c) Ook by kerklike geskeidenheid moet daar 'n vorm van verband bly. Die vorm bestaan in broederlike vermaning.

(d) Die standpunt wat dikwels ingeneem word om as kerke mekaar met rus te laat en in vrede hulle gang te laat gaan en om die Here te dien en die Kerk in te rig elkeen na sy eie opvatting, is alles behalwe 'n teken van broederlikheid, maar veeleer van onverskilligheid en liefdeloosheid.

(e) Dat ons daarvan moet afsien om mekaar te vermaan op grond van eie tekortkominge is 'n valse nederigheid, omdat onderlinge teregwysing nie daarop berus dat die een beter is as die ander nie, maar 'n opdrag is van die Here, vir wie dit behaag om onderlinge toesig te laat geskied deur sondige mense.

(f) As om hierdie rede wedersydse vermaning moet verval, dan moet kerklike tug ook verval en ook ouerlike opvoeding, want watter vader wat sy kind bestraf en teregwys is sonder sonde?

10. EENHEID VAN DIE KERK [1]

Die vraagstuk van die eenheid van die Kerk is 'n vraagstuk waarmee daar gedurig geworstel word. Telkens verskyn maar weer 'n artikel hieroor in die kerklike pers. Hoe kan dit ook anders as 'n mens erns maak met die belydenis: Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk. By ons word die vraagstuk van die eenheid van die Kerk nog verder verskerp deur die kleurvraagstuk en in verband met die sendingwerk. By baie leef die gedagte van die stigting van een Bantoekerk en dat ons tog nie die gedeeldheid van die Kerk onder ons blankes moet afdruk op die nie-blankes nie. Dit lyk so 'n aantreklike gedagte, so vanselfsprekend en redelik. Wat egter uit die oog verloor word, is dat ons hier met twee verskillende sake te doen het, naamlik met die verskeidenheid en die geskeidenheid van die Kerk, wat nie met mekaar verwar moet word soos dit al te dikwels geskied nie.

Om die eenheid van die Kerk reg te sien, moet ons dit sien vanuit Christus, die Hoof van die Kerk, waarvan die gelowiges die lidmate is. Ons moet maar Ef. 4:15 en 16 lees, en veral ook 1 Kor. 12. Die apostel gebruik ook die beeld van 'n gebou, waarvan Christus die uiterste hoeksteen is en die apostels die fondamente, Ef. 2:20-22. So is die Kerk een in Christus, en die gelowiges uit alle volkere en tale is die lidmate van die één liggaam of almal stene van die een gebou in hulle ryke verskeidenheid.

Ons glo in een Christelike kerk

Die een Kerk word openbaar in baie (plaaslike) Kerke, waar die gelowiges hulle verenig met die oog op die bediening van die Woord en sakramente en onderlinge toesig. Daarom is dit nie in ooreenstemming met ons belydenis van die eenheid van die Christelike kerk om te spreek van 'n Christelike kerk onder die blankes *en* 'n Christelike kerk onder die nie-blankes nie. Dan kry ons twee Christelike kerke. Ons glo tog in een Christelike kerk onder die verskillende volkere. Dan sien ons die een Kerk in sy verskeidenheid soos dit aansluit by die verskeidenheid van volke en tale, soos die apostel dit beskryf in Ef. 3:6 en 10.

Kerkverband

Omdat die Kerk een is, daarom moet daar ook kerkverband wees. Dit *moet,* want die plaaslike kerke is wel selfstandig maar nie onafhanklik (independent) van mekaar nie, omdat almal openbaringe is van die een Christelike kerk. *Die gemeentes word nie (een) Kerk omdat hulle in kerkverband tree nie, maar hulle tree in kerkverband, en hulle moet dit doen, omdat hulle een Kerk is, die liggaam van Christus.* Soos die gelowiges op mekaar moet toesig hou en mekaar moet ondersteun in die plaaslike Kerk, so moet die kerke (gemeentes) ook op mekaar toesig hou en mekaar ondersteun. Vandaar kerkverband, eers van naasgeleë gemeentes (klassis), dan van verderaf geleë gemeentes (part. en nasionale sinode) ook oor lands- en volksgrense heen (ekumenies), want dit is die een Christelike kerk wat in verskillende lande tot openbaring kom onder verskillende nasies. (Die teenswoordige Geref. Ekumeniese Sinode is tweeslagtig. Dit omvat die Kerk nie net in sy verskeidenheid nie, maar ook, tot sekere hoogte, in sy geskeidenheid.)

'n Veelsoortigheid

'n Kerkverband wat sou bly staan by lands- of volksgrense en nie op een of ander wyse daaroor heen gaan nie, breek die eenheid van die Kerk op in aparte volkskerke. Daarom glo ons nie in een Bantoekerk en daarnaas een Blanke kerk nie. Want ons glo nie in twee of meer Christelike kerke nie, maar in een Christelike kerk onder blankes en nie-blankes. Maar nie net onder blankes en nie-blankes nie. Hierdie tweesoortigheid van die Kerk moet wegval vir 'n veelsoortigheid, 'n veel ryker verskeidenheid, naamlik van die een Christelike kerk onder die baie nasies. In die Kerk moet ons die nie-blanke nie meer net as nie-blanke sien teenoor blanke nie, maar as Zoeloe, Venda, Tswana, ens.,

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 65, no. 1643, 11 Apr. 1962, pp. 6-7.

net soos ons die blankes moet sien as Afrikaners, Engelse, ens., wat uiteenval in verskillende taalgroepe (Pinkster). En, *omdat die Kerk een is in sy verskeidenheid, daarom moet daar kerkverband wees oor lands- en volksgrense heen.* Met hierdie suiwere ekumeniese gedagte moet ons in ons land begin. Ons is daartoe aangewese, omdat hier 'n veelheid van nasies binne dieselfde landsgrense woon. Die beeld wat die Kerk van Christus moet vertoon, is nie die van twee of meer lyne wat ewewydig langs mekaar loop nie, maar van lyne wat uitsprei na onder in aansluiting by die verskeidenheid van nasies en saamloop na bo, omdat dit die een Kerk van Christus is onder die verskillende nasies. *Onder ons besondere landsomstandighede kan sodanige verband selfs plaaslik, klassikaal, sinodaal gereël word* by *wyse van deputate.*

Verskeidenheid en geskeidenheid

Tot sover het ons die geskeidenheid van die Kerk tersyde gelaat om net te handel oor die verskeidenheid. Baie verwarring word veroorsaak deurdat verskeidenheid verwar word met geskeidenheid. *Van die verskeidenheid (soos die Kerk tot openbaring kom onder die verskillende volkere) word dikwels 'n geskeidenheid gemaak. Ons kry dan volkskerke in plaas van 'n volkerekerk.* Van die geskeidenheid (verskillende kerkgemeenskappe onder dieselfde volk) word weer dikwels 'n verskeidenheid (veelvormigheid) gemaak. Die verskille word dan graag beuselagtighede genoem. *Die bestaan van verskillende kerke onder ons Afrikaanse volk is al selfs geregverdig op grond van 'n verskeidenheid van volkstipe onder ons,* of *van vroomheidstipe. So word van 'n sondige geskeidenheid 'n natuurlike verskeidenheid gemaak.*

Samespreking

Ons glo in die eenheid van die Kerk óók in sy geskeidenheid. En, as ons glo in die eenheid van die Kerk ook in sy geskeidenheid, dan moet dit ook uitkom in een of ander vorm van kerkverband. Hier is dit 'n versteurde broederlike verhouding. Maar al is dit 'n versteurde broederlike verhouding, dit bly 'n broederlike verhouding wat versteur is. Waarin moet dit dan uitkom? Daarin dat ons mekaar nie "byt en opeet sodat die een nie deur die ander verteer word nie"; sodat ons nie "soekers van ydele eer word wat mekaar uittart en mekaar beny nie" soos Paulus aan die Galasiërs skrywe. Dit moet daarin uitkom dat ons mekaar nie verkleineer en verag en die verskille geringskat nie, maar dat ons soos manne wat glo in die eenheid van die Kerk bymekaar kom en moedig die verskille onder oë sien, en biddend met mekaar worstel om die eenheid van die Kerk, waarin ons glo, 'n eenheid gegrond op die waarheid. So hou ons in die geloof vas aan die eenheid van die Kerk ook in sy geskeidenheid. Amptelike samespreking van kerke is ook 'n vorm van kerkverband.

11. EENHEID IN VERSKEIDENHEID [1]

Ons glo aan die eenheid van die Kerk — ook by sy geskeidenheid, soos dit uiteengeval het in verskillende kerkegroepe. Maar die eenheid van die Kerk is nie net 'n saak van die geloof nie. Dit is ook 'n roeping. Ons mag nie by die geskeidenheid van die Kerk berus nie, maar ons moet alles doen om die eenheid te bevorder. Verkeerde weë is enersyds om die geskeidenheid te verswak tot blote verskeidenhede, en andersyds om al die ander kerke uit te skakel uit die ware Kerk. Die goeie en reformatoriese weg is die van kerklike samekoms tot samespreking waar geskeie kerke saam sal worstel om die eenheid, waarin ons glo, uitsluitend op die grondslag van die waarheid. So kom die eenheid van die Kerk in sy gebrokenheid tot uitdrukking en word dit bevorder.

Van hierdie eenheid by geskeidenheid moet duidelik onderskei word: Die eenheid van die Kerk in sy verskeidenheid. Om dit duidelik te sien, moet ons ook weer terug na die hervorming. Die groot betekenis van die hervorming was dat die kentekens van die ware kerk weer gevind is in die suiwere bediening van die Woord en Sakramente en van die Tug, met die Woord voorop. Ons kan dus sê dat dit by die hervorming allereers gegaan het om die Woord van God.

Die Roomse het gesê: Ubi papa ibi ecclesia (waar die pous is, is die kerk).

Die Protestant het gesê: Waar die Woord is, is die kerk.

Wie Woord sê, sê taal en volk.

So kom die Kerk, waarvan die Woord van God die hart is, onder die verskeidenheid van volkere en tale tot openbaring. Dit is die eenheid van die Kerk in sy verskeidenheid. Dit het met geloofsverskille niks te doen nie. Dit is dieselfde Woord van God, vertaal in die verskeidenheid van tale en dieselfde belydenis, soos dit beleef en vertolk word in die verskeidenheid van volksiel as klankbodem en deurwerk in die verskeidenheid van kulture om die rykdom van die Openbaring tot uitdrukking te bring in harmoniese eenheid.

Waar twee of drie kerke op een plek (buurt) onder dieselfde volk bestaan, het ons met geskeidenheid van die Kerk te doen.

Waar ons twee of drie kerke kry onder verskillende taal- of volksgroepe het ons met die verskeidenheid van die Kerk te doen.

Dit is nie maar toelaatbaar nie, maar gebiedend. En dan nie maar op grond van een of ander teks wat daarvoor gesoek moet word nie, maar omdat dit by die Kerk gaan om die Woord van God en om die Woord te verstaan. "Hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?" So het die geskiedenis van die Kerk begin, met Pinkster. "Hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal spreek; Parthers en Meders en Elamiete ..."

By gesamentlike aanbidding, waarvan die lug nou so swanger is, en gesamentlike dienste moet dit noodwendig gaan ten koste van die Woord, die doeltreffende bediening daarvan. Daarom druis dit in teen die beginsel van die Kerk en is dit niks meer as 'n vertoon van eenheid nie.

Vanuit die hervorming (en ook verder terug: vanuit die aanvang van die Kerk by Pinkster) gesien: Waar die Kerk vervorm is tot 'n sakramentele kerk, soos die Roomse, met die Latynse taal as kerktaal, en die Woord van God en die verstaan daarvan op die agtergrond geraak het, is dit te begrype dat die eenheid van die Kerk gesien is as eenvormigheid, waarin alle onderskeidinge verdwyn en dat gemengde eredienste daar op hulle plek is. Gemengde eredienste is skadelik vir die diens van die Woord. Dit lei op die pad van Rome.

Aan die ander kant: Waar die Woord van God en die bediening daarvan in die

---

[1] Inleidingsartikel, *Die Kerkblad,* jg. 66, no. 1727, 4 Des. 1963, pp. 1-2.

sentrum staan en gesien word as die wesenlike kenmerk van die Kerk, daar is dit 'n *vereiste* dat elke taalgroep sy eie eredienste sal hê, omdat die bediening van die Woord dan alleen tot sy volle reg kan kom. Die eenheid van die Kerk is 'n eenheid in verskeidenheid. So moet ons die beelde van die kerkvader Cyprianus, die fontein met sy baie stroompies, die een boom en sy baie takke, die een lig met sy baie strale, verstaan.

By sy verskeidenheid moet ook die eenheid van die Kerk tot openbaring kom. Die veronderstelling is samestemming in belydenis en kerkregering. Waar dit aanwesig is, moet die eenheid tot uitdrukking kom in (sinodale) kerkverband, wat nie by die nasionale grense mag bly staan nie. Anders breek ons die kerk op in volks*kerke*, of rasse- of kleur*kerke* en maak ons van die verskeidenheid weer 'n geskeidenheid. Die Kerk van Christus is daarenteë volkere*kerk*: Een kerk uit alle volkere, tale en nasies. Vandaar dat die kerkverband ook nie by die grense bly staan nie. Dit laat die eenheid van die Kerk sien in sy verskeidenheid.

Die totstandkoming van die kerkverband onder ons nie-blanke taalgroepe, waarvan die berig in hierdie uitgawe verskyn, moet gesien word as 'n groot gebeurtenis in die geskiedenis van ons Kerk. Van besondere betekenis is dat die Gereformeerde Kerke in die buiteland hulle instemming met hierdie kerkinrigting op die pasgehoue Geref. Ekumeniese Sinode betuig het. Die verskeidenheid van die Kerk kom hierin uit in die afsonderlike kerke (gemeentes) vir die afsonderlike taalgroepe, terwyl die eenheid van die Kerk uitkom in die één (ook deels nog gedifferensieerde) kerkverband. Dit is nie maar 'n sprong wat gemaak is nie. Dit is ook nie die toepassing *van 'n staatsbeleid op die Kerk nie. Dit stoel* op *eie wortel:* Die mees doeltreffende bediening van Woord en Sakramente, en die suiwere bediening daarvan. Die mees doeltreffende: Só, dat elkeen dit in sy eie taal hoor. Die suiwere: Só, dat elkeen nie sy eie koers sal gaan nie, maar dat daar toesig is in kerkverband vir die bewaring van die eenheid van die belydenis. Dit vloei voort uit die reformatoriese beginsel: Die Woord van God die hart en die suiwere bediening daarvan die kenteken van die ware Kerk.

Ons glo nie in 'n ekumenisiteit waarvan die Geref. Kerk ook 'n deel uitmaak nie.

Die Geref. Kerk wil self ekumenies wees deur vas te hou aan die eenheid van die Kerk in sy verskeidenheid en ook aan die eenheid van die Kerk ondanks sy geskeidenheid.

12. BEWARING EN VERMEERDERING [1]

'n Belangrike gebeurtenis word in hierdie jaar in ons herinnering geroep. In die jaar 51 na Christus, so word taamlik algemeen aangeneem, het die apostel Paulus vir die eerste keer voet aan wal gesit in Europa.

In die ruïnes van die stad Korinthe waar Paulus op hierdie tweede sendingsreis die langste vertoef het, is daar 'n gedenkdiens gehou, onder leiding van 'n Grieks-Ortodokse biskop. Daar was ook 'n verteenwoordiger van die Wêreldraad van Kerke. 1900 jaar gelede is die kerk in Europa geplant. Die gedagtes neem van hieruit 'n wye vlug. Na 19 eeue lê twee kontinente nog in die greep van die heidendom, Asië en Afrika, met die helfte van die mensdom.

Die vraag kom op: was die Evangelie dan slegs vir die blanke Weste bedoel? Maar dan mag ons daar wel aan dink: dit het meer as 'n eeu geduur voor Europa hom onderwerp het aan Christus, en 900 jaar voor ons eie voorouers die Evangelie aangeneem het. Die Weste het 'n roeping teenoor die Ooste.

Die volk van God moet vergader word uit alle nasies. Die ruïnes van Korinthe en Filippi herinner aan nog iets, aan gebrokenheid, 'n Christendom in verval. Hoe sien die Christelike Weste daar uit? In 'n evangelisasie-rapport aan die Partikuliere Sinode van K.P. kry ons die volgende beeld: "Om Parys is daar nouliks twee persent van die bevolking wat met die kerk nog enige verbinding het; ... in Brussel het nog onlangs veertig persent van die kinders nie geweet wie Jesus Christus is nie ... In Nederland is daar veertig persent van die volk sonder kerk... Ook in Suid-Afrika sien ons elke dag onder ons eie volk, nasate van Geuse en Hugenote, hoedat die stroom van ons vaders se godsvrug dreig om te versand in 'n goddelose nageslag ..."

Daar is dus 'n dubbele taak: uitbreiding en bewaring. Naas die Sendingroeping die taak van Evangelisasie.

Dit is ook moontlik dat die kerkplanting in Europa val in die jaar 52 na Christus. Dit bring ons by 1952. Dan dink ons ook aan ons volksplanting en kerkplanting in Suid-Afrika, met hierdie gebed, dat "onder deze wilde brutale menschen mogelijk zijnde Uwe ware gereformeerde Christelijke Leere mettertijd mogte voortgeplant en verbreid worden". Van Riebeek-fees bring by die sending. Watter belangrike sake die aandag van ons sinode mag vereis — en daar is baie, 1952 bring ons bo alles voor die sendingtaak. Daar was en is inderdaad baie sending, en baie soorte sending in Suid-Afrika. Maar die gebed van Van Riebeek bring ons by Gereformeerde sending, die verbreiding van die "gereformeerde Christelijke" leer. In ons uitgawe kan gelees word van die ingebruikneming van ons Gereformeerde sendingkerk in Maroka. Hiermee is geskiedenis gemaak in die Gereformeerde sending. Die aandag van elke Gereformeerde gemeente is gevestig op die *binnelandse* heidendom, of liewer, dat hy geplaas is midde in die heidendom, om ook 'n "lig op die kandelaar" te wees.

Dink ons by sending nie ook te eensydig aan die "visnet" nie? Om "siele te wen" vir die koninkryk nie? Seker, dit gaan ook om redding van siele. Ons moet net onthou "siele" beteken in die Bybel "mense". Ons moet "vissers van mense" wees. Maar die visnet is net een kant van die saak. Die Evangelie is ook 'n "swaard". Ons sendingroeping moet gesien word as 'n stryd op lewe en dood, tussen Christendom en heidendom. As ons dit ingesien het, het ons eers ontkom aan die Metodisme wat hier vir jare hoogty gevier, en die sending onberekenbare skade aangedoen het, met sy eensydige "siele wen", en uitgekom by Gereformeerde sending. Dit gaan om die eer van God, en om die uitbreiding van sy koninkryk. Hier in Suid-Afrika, waar dit nie gaan om sending op 'n groot afstand nie, maar te midde van 'n omringende heidendom, kan dit eers besef word soos nêrens elders nie, dat dit gaan om die bestaan van kerk en Christendom: "Bewaar en vermeerder u kerk". Die bewaring vir die uitbreiding, en in die uitbreiding die bewaring. Dit gaan hier om die opbreking van 'n front of die opbreking

---

[1] Inleidingsartikel, *Die Kerkblad,* jg. 54, no. 1161, 21 Sept. 1951, p. 2.

van eie geledere. Te meer klemmend, noudat die aggressiewe Kommunisme in bondgenootskap staan met die heidendom. Die sending moet gesien word in die teken van stryd, onder die banier van Christus.

So staan die sending in die nouste samehang met die naturelle-vraagstuk. Die oplossing daarvan is nie geleë in die wet nie, maar in die Evangelie. Nie dat die wetgewing nie 'n hoogs gewigtige roeping het nie. Dit is die Godgegewe middel om die kwaad te stuit. Maar, alleen deur die swaard van die Evangelie kan die geslote geledere van 'n aanrukkende heidendom opgebreek word. Die oorwinning van Bloedrivier moet nog deurgevoer word met die swaard van die Gees. Hierin lê ons behoudenis. In die verbreiding van die "ware gereformeerde Christelike leer" lê ons bewaring.

13. UITBREIDING EN BEWARING (1) [1]

Die ruïnes van Filippi laat voor die gees kom 'n verbrokkelde en 'n vervalle kerk. Dit laat die stryd sien in sy felheid. Die heidendom val ook aan. Dit tel sy verslaenes binne die geledere van die Kerk by die duisende. Binne eie geledere is herstelwerk nodig. Dit is "inwendige sending" of liewer evangelisasie. Dit laat die Kerk ook sien met gebroke geledere. Toe Paulus Europa betree het met die Evangelie was die Kerk heel. Net voor die Tweede Sendingsreis was daar 'n Algemene Kerkvergadering in Jerusalem. Daar is die eenheid verseker deur die hand van gemeenskap. So kon Paulus die strydperk betree met die swaard van die Gees. Kan dit nie weer tot die eenheid kom nie? Dit plaas ons voor die groot vraagstuk van die tyd. Die uitstaande kenmerk van die twintigste eeu is die eenheidstrewe. Op volkeregebied het ons die V.V.O. Op kerklike gebied sien ons dit in die W.C.C., waaroor later meer.

Die sending maak die vraag na eenheid op kerklike gebied nog dringender. Op 'n gesamentlike Ringskonferensie van die N.H. of Geref. Kerk by Florida-meer is dit deur Sy Ed. die Minister van Naturelle-sake ons skerp voor oë geplaas. 'n Dringende beroep is op die kerke gedoen om die afskeidings-beweging onder die naturelle te bekamp. Daar is ontstellende syfers aan die lig gebring: 80 erkende kerke en godsdienstige liggame onder blankes en naturelle in S.A. Nie minder nie as 1333 kerklike werkende genootskappe en sektes onder die nie-blankes. Die syfers spreek vir hulle self. Dit teken die verbrokkelde kerk. Dit teken in skerp kleure die sending van die verbrokkelde kerk. Die resultaat is 'n verbrokkelde Christendom onder die heidene, en 'n vrugbare voedingsbodem vir die Kommunisme.

Teoreties beteken kerklike eenheid, eenheid tussen Protestantisme en Katolisisme, die groot breuk in die Christendom. Dit is egter nie meer iets denkbeeldigs nie. Die pous is offisieel genader om toe te tree tot die Wêreldraad van Kerke (W.C.C.) om so die eenheidsgebou te voltooi. Lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke beteken onderskrywing van hierdie strewe. Kan dit? Die Rooms-Katolieke stelsel beteken 'n Christendom as toevoegsel (superadditum). So iets het Paulus heftig bestry. Sy hele stryd het daarteen gegaan om die Christendom 'n toevoegsel te maak tot die Jodendom. Dit beteken verjoodsing of verheidensing van die Christendom. As die Rooms-Katoliek die naturel geken het, dan sou hy weet dat beeldeverering en die R.K. Sakramentsleer die naturel slegs sterk in sy bygelowigheid en toordery. Maar, ook van R.K. kant is afwysend geantwoord op die uitnodiging. Want dan is die Roomse Kerk nie meer Katoliek nie, maar slegs 'n deel van die Christelike Kerk. Wat betref sending sal Protestantisme en Katolisisme dus teenoor mekaar bly staan met die Katolisisme in bondgenootskap met die heidendom. Vir die uitbreiding van die R.K. Kerk verwys ons na die artikel van dr. B. J. de Klerk in "Die Kerkblad" van 22 Junie 1951. Die uitbreiding van die "ware gereformeerde Christelike leer" in hierdie land word ernstig bedreig.

Kan die Protestantse Kerke dan nie saamkom nie, veral ook met die oog op hierdie gemeenskaplike bedreiging? Ook dit het intussen al gestalte aangeneem. Dit bestaan, en wel in die meer keer genoemde Wêreldraad van Christelike Kerke (W.C.C.) met die Internasionale Sendingraad (I.M.C.). Hier is dan die moontlikheid geskep tot eenheidsoptrede op die gebied van die sending. Dan maak ons sendingwerk deel uit van die een groot sendingwerksaamheid van die wêreld. Dr. J. H. Bavinck, professor in Sendingwetenskappe, en 'n paar ander bekende geleerdes in die Gereformeerde Kerke in Nederland bepleit as minderheidsgroep hierdie aansluiting. Twee jong Geref. Sendinggemeentes in Midde-Java, so verneem ons uit "Getrou", die offisiële orgaan van die Internasionale Raad van Christelike Kerke, het reeds by die Wêreldraad aangesluit. Dit stel ons voor die vraag: Kan ons? Die offisiële orgaan van die Algemene Sinode van die Kerk van Christus in China bevat die volgende oproep: "As ons blywende wêreldvrede wil bereik, moet ons ons verenig met Sowjet-Rusland, die brug van wêreldvrede... Ons staan op die bodem van godsdienstige geloof en humanisme, as ons

---

[1] Inleidingsartikel, *Die Kerkblad,* jg. 54, no. 1162, 5 Okt. 1951, pp. 2-3.

die aandag vra van Christene, Buddhiste, Mohammedane en alle ander godsdiensbelyders in die hele China, ten einde te stry om wêreldvrede te verdedig, die Volksdemokrasie te verwesenlik". Die genoemde kerk behoort aan die Wêreldraad. Hierdie oproep is onderteken deur die Christen-Chinees, dr. Chao, een van die voorsitters van die Wêreldraad ("Getrouw", Julie 1951). Hier is uitwissing van Christendom en heidendom, en die kerk midde in die politiek. Maar, sal gesê word, dit is die uiters linkse flank. Ons vra: Kan ons, al is dit die uiters regse flank vorm van 'n linie waarvan dit die uiters linkse is? Die "Wêreldsending" is dan ook nie uitbreiding van die Koninkryk van God nie, maar van wêreldmag, en so deur en deur 'n wêreldse sending. "Die treurige is dat die Westerse nasies skuldig staan aan imperialisme, en baie meer belang gestel het in markte en opbrengste van die Ooste as in die evangelisering van nie-Christelike nasies. Ons (nl. die Westerse nasies) was baie meer begerig om die minderbevoorregte nasies uit te buit, as om aan hulle die Evangelie te gee. Ons het die saad van wantroue gesaai in pleks van die saad van die Evangelie, en nou pluk ons die afskuwelike vrug daarvan. Selfs onse sendelinge (nl. van die Chr. Geref. Kerk van Noord-Amerika) en onderwysers, wat soveel gedoen het vir die geestelike en sedelike verligting van die agterlike nasies is die onskuldige slagoffers van haat en geweld as gevolg van die reaksie van die Ooste teen die Weste. Dit is so tragies, omdat dit so waar is".

Hierdie woorde van E. J. Tanis (vertaal uit "The Banner", 13 Julie 1951) laat ons vir hulself spreek, en maak slegs die gevolgtrekking: Ons kan nie meedoen aan 'n Wêreldsending van die Wêreldkerk nie. Daar word "wind gesaai" en "storm gemaai".

Nou kan samewerking nog gesoek word met min of meer verwante kerke binne die kring van die Protestantisme. Sulke organisasies bestaan ook: Die Internasionale Evangeliese Assosiasie (I.A.E.) wat evangeliese sektes en verenigings insluit; die Internasionale Raad van Christelike Kerke (I.C.C.C.) wat alleen Skrifgetroue kerke omvat, insluitende Doperse, Lutherse, Metodistiese, en eindelik die te stigte Internasionale Raad van Gereformeerde Kerke, waartoe die Geref. Ekumeniese Sinode van Amsterdam besluit het. Hiermee staan ons egter al weer midde in die gebrokenheid, wat nuwe aksent kry juis in die eenheidstrewe. Die eenheidsorganisasies skep verwarring, ook binne die geledere van eie kerke. Ons het reeds gewys op 'n minderheidsgroep in die Geref. Kerke van Nederland wat aansluiting bepleit by die W.C.C. 'n Meerderheidsrapport van deputate van die Ekumeniese Sinode adviseer aansluiting by die I.C.C.C. Die Christelik Gereformeerde Kerk van Noord-Amerika was tot op sy jongste sinode lid van die Nasionale Evangeliese Assosiasie (N.A.E.), en wil van aansluiting by die I.C.C.C. nie weet nie. Binne die kerke is daar verskil van mening oor, al dan nie, aansluiting, of oor aansluiting by die of daardie organisasie. Die N.H. of Geref. Kerk van Transvaal is lid van die W.C.C. Die N.G. Kerk van Kaapland gaan slegs as "waarnemer". Die N.G. Kerk van O.V.S. het aansluiting by die W.C.C. verwerp. Die N.G. Kerk van Natal het aangesluit by die I.C.C.C.

Dit verbaas ons nie dat daar gespreek word van 'n "ekumeniese ramp" nie, nl. verskillende evangeliese organisasies wat mekaar die wêreldleiding bestry.

Wat leer die jaar '52 A.D. vir ons? Paulus staan met die Evangelie alleen teenoor 'n ganse wêreld. Dit was 'n tyd van samesmelting van godsdienste, en van godsdiens en politiek, net soos nou. Maar nêrens laat Paulus hom "indeel" nie, 1 Kor. 1:23, 24; 2:2; vgl. ook dr. K. Popma "Eerst de Jood maar ook de Griek". In die krag van die suiwere Evangelie het hy die wêreld oorwin.

Na ons mening kan ons na bostaande die volgende stel: Ons eenheid moet nie gesoek word langs die weg van reorganisasie nie, maar van reformasie van Kerk en Sending. Ons eenheidspunt lê in die "Gereformeerde Christelike leer", wat hier geplant is, waarmee die Voortrekkers nie alleen teen die heidendom te staan gekom het nie, maar ook teen Sendinggenootskappe in bondgenootskap daarmee.

Maar ons wil ook die vraag stel: Waarom kan dan nie gereelde samespreking wees tussen die Afrikaanse kerke oor die Sending in S.A. nie? Sover ons weet, het dit nog

nooit gebeur nie. So kan ons as kerke antwoord op die beroep van S.Ed., die Minister van Naturelle-sake.

14. UITBREIDING EN BEWARING (2) [1]

Die ruïnes van Filippi het herinner aan die gebrokenheid van die Kerk, maar ook aan innerlike verval. Terwyl die stryd om die uitbreiding van die Koninkryk van God onverpoosd moet voortgaan, moet daar ook herstelwerk gedoen word na binne. Herstelwerk, evangelisasie het ook onder ons volk, wat begin het as 'n gelowige en biddende volk, 'n noodsaaklikheid geword. Ons herinner slegs aan die evangelisasie-rapport voor die Part. Sinode waaruit ons reeds een en ander aangehaal het. Ons laaste sinodes, veral sinds 1945, het hierdie noodsaaklike arbeid ook kragtig en na ons oortuiging op die regte manier ter hand geneem, en baie aandag sal seker aan belangrike rapporte hieroor op die Sinode van 1952 gegee moet word.

Die verskillende kerke kan in hierdie opsig veel van mekaar leer. Leersaam is, al is dit miskien by wyse van teëstelling, wat plaasgevind het op die jongste Sinode van die Christelik Gereformeerde Kerk van Noord-Amerika. Uit die verslae wat ons bereik het, blyk dat daar oog nog gevoel word na die regte weg. Die groot vraag was daar: wat is die eintlike taak van evangelisasie? (Home Mission): Het dit alleen te doen met diegene wat van die kerk vervreemd is, en met lidmate wat hulle gaan vestig het in dele buite eie kerklike gebied, of sluit dit in die oprigting van gemeentes onder eie lidmate? Daaroor, dat evangelisasie ook verspreidwonende lidmate insluit, is daar blykbaar nie verskil nie. Die vraag was alleen, of dit ook die stigting van nuwe gemeentes, d.w.s. of evangelisasie ook kerkuitbreiding omvat. Uit die bespreking blyk dat daar drie standpunte was. Een standpunt was dat die stigting van nuwe gemeentes onder eie lidmate nie onder evangelisasie val nie; ander het die standpunt verdedig dat wel in "teorie" (beginsel?), maar nie in die praktyk onderskei kan word nie; 'n derde standpunt was dat die stigting van nuwe gemeentes wesenlik behoort tot die taak van evangelisasie.

Deur die voorstanders hiervan is o.a. verwys na die woorde van Jesus dat die evangelie verkondig moet word "van Jerusalem af", en, dat Paulus altyd in die sinagoges begin het met sy sendingwerk. Tereg is daarop gewys dat hierdie argumente nie deug nie; dat die sendingwerk wel in Jerusalem begin het, maar nie in die gemeente nie en dat die Jode in die sinagoge buite die gemeente gestaan het. Die besluit van die Sinode was dat die stigting van nuwe gemeentes onder eie lidmate nie ingevoeg sal word in die evangelisasieorde nie, (1) omdat dit tog deel uitmaak van die evangelisasie, en dit dus nie nodig is om dit te vermeld nie, en (2) omdat die uitdruklike vermelding daarvan te veel nadruk sou laat val op die organisering van nuwe gemeentes onder eie lidmate teenoor die bearbeiding van die wat buite is, wat die vernaamste taak van evangelisasie is. Die beskouing is dan tòg dat evangelisasie ook kerkuitbreiding insluit, al word dit nie uitdruklik vermeld nie.

Ons vorige sinode het voor dieselfde beslissing gestaan. Daar was 'n versoek dat die evangelisasiefonds ingesluit sal word in die Eeufeesbedieningsfonds. Die antwoord van die Sinode was dat hieraan nie gevolg gegee sal word nie, (1) omdat die evangelisasiefonds en die Bedieningsfonds twee aparte fondse met twee aparte doelstellinge is, wat ook verskillend aangewend word, en (2) omdat by inskakeling aan albei sake afbreuk gedoen mag word (Sin. Hand. 1949, p. 265). Ons Sinode is hier op die regte pad gelei. Evangelisasie en kerkuitbreiding is duidelik onderskei.

Tog is daar samehang. Waarom het evangelisasie nodig geword? Daar word so maklik gespreek van "afvallige" lidmate. Die vraag wat ons hier wil stel is: Moet van kerkweë nie liefs gespreek word van ..verwaarloosde" lidmate nie? Daar is verskillende oorsake waarom lidmate verwaarloos raak: Een oorsaak is die wegtrek van lidmate sonder attestasie, d.w.s. wanneer toegelaat word dat lidmate onder die kerklike sorg uittrek. Seker, sulke lidmate maak hulle diep skuldig, maar dit ontslaan die Kerk nie van sy verantwoordelikheid nie. Sal 'n moeder daarby berus as 'n kind verdwyn — al is die kind hoe skuldig? Dit maak die moedersorg nog groter. Die troue wagter moet kan rekenskap gee van elke skaap. 'n Tweede rede is, wanneer lidmate wegtrek na gebiede

---

[1] Inleidingsartikel, *Die Kerkblad,* jg. 54, no. 1163, 19 Okt. 1951, pp. 2—3.

waar geen eie Kerk is nie. Van hierdie "verspreidwonende lidmate" is daar drie soorte: Die wat uit die verstrooiing roep, soos ons dikwels verneem uit briewe wat in "Die Kerkblad" verskyn. Nou kan ons antwoord wees: Julle moes nie so ver weggetrek het nie. Waarom nie eers gevra of daar 'n Kerk van ons is nie? Hierdie standpunt wil ons nie inneem nie. Hierdie lidmate is die voorpunte van kerkuitbreiding. Die Kerk plant hom voort deur verstrooiing (Hand. 8:1). So is die voorposte van die Geref. Kerk nou in Kenia, Gansieland, Noord-Rhodesië, Argentinië. Die verspreidwonende lidmate is nie voorwerpe van evangelisasie nie, maar van bediening. Daarvoor word die Eeufeesbedieningsfonds nou opgebou. Hulle is ook nie aanknopingspunte van evangelisasie nie, maar saadkorrels van nuwe gemeentes. Die tweede soort wegtrekkende lidmate wil nie sonder 'n kerk wees nie, en sluit aan of "solank maar" aan by ander kerke. As dit die regte standpunt is, dan is daar vir die Gereformeerde Kerk geen vooruitsig om uit te brei nie.

Die ondervinding het geleer, ook as die Kerk daar kom, dan kom daar selde of ooit een weer terug. Hulle het van hulle eie kerk vervreemd geraak. Die derde soort van hierdie wegtrekkende lidmate is die wat maar al te bly is om onder die Kerk uit te wees. Hulle het nou die voorwerpe van evangelisasie geword. Uit die evangelisasie-rapport op die vorige Sinode het duidelik geword dat hierdie "voorwerpe" van evangelisasie nie net gesoek moet word in die agterbuurtes (en in die hoogste kringe) van ons stede nie, maar ook in die verafgeleë gebiede van ons wye platteland. Die saak van ons verspreidwonende lidmate is deur verskillende beskrywingspunte ernstig onder die aandag van ons vorige Sinode gebring, en so die taak van meerdere bediening. Hier moet meer beplanning wees. Vir die ordelike uitbreiding van ons stede en dorpe is daar beplanning. Vir die ordelike uitbreiding van ons Kerk moet 'n plan reg lê. Deurdat daar nie genoeg beplanning is nie, raak lidmate verwaarloos. Waar 'n lidmaat ook heentrek binne ons landsgrense, moet hy weet waar hy hoort. In beginsel het ons Sinode hiertoe besluit. Hiervoor is ook deputate benoem. Dit tog, en niks minder nie, is die betekenis van die besluit in verband met die beskrywingspunt van die Klassis Rustenburg (Sin. Hand. 1949, Art. 138). Volgens hierdie besluit sou die naam "Deputate vir Bediening" beter wees as "Deputate vir die Eeufeesbedieningsfonds". Die broeders het 'n uitgebreide taak. Daar is nog 'n derde, ons kan sê die eintlike oorsaak van toenemende kerkloosheid onder ons volk. Dit is: Groot gemeentes. Ons is dankbaar dat hierdie saak ook deur die Klassis Rustenburg in die oog gevat is en skerp onder die aandag van die Sinode gebring is. Met die Almanak voor ons, tel ons 'n hele aantal gemeentes wat nog te groot is, hoewel die getal van sulke gemeentes sindsdien gelukkig afgeneem het. Daar is alles voor te sê dat 'n ware gemeente nie 'n groot gemeente moet wees nie. Die Sinode het ook besluit tot meer planmatige afstigting, waarby die kerkverband baie meer tot sy reg moet kom.

Deur strenge handhawing van art. 82 K.O., deur meerdere bediening, deur afstigting van nuwe gemeentes word verwaarlosing voorkom. Deur evangelisasie word verwaarloosdes teruggebring. Daarom kan die twee soorte werk nie saamval nie. "Teoreties" nie, maar ook prakties nie. Dit is uiters onprakties om die twee te verbind, want dan word die een benadruk ten koste van die ander. Ons hoor dikwels sê: Sorg eers vir jou eie huis, en gaan dan verder. Eers die bediening van eie lidmate, dan die verwaarloosde lidmate, en dan kan ons miskien dink aan die sending. Met hierdie redenasie mislei ons onsself. Wanneer is ons met ons eie lidmate klaar? Wanneer met ons afvallige volksgenote? Wanneer kan ons dan met sending begin? Die een moet gedoen, die ander mag nie nagelaat word nie. Dit is ook die voorbeeld van Nehemia: "Die helfte van my mense besig aan die werk, die ander helfte het die spiese en die skilde en die boë en die pantsers gehou..." Daar moet gestry word en gebou. Daar moet voortgebou word en herbou word wat verval. Daar moet gestry word na buite en na binne, altyd met die bede: "Bewaar en vermeerder U Kerk".

15. 'N NUWE KERK [1]

In Matt. 16:18 lees ons van die stigting van die Kerk van Christus. Dit is gegrond op die lyde en sterwe van Christus. Die Kerk van Christus omvat al die nasies (Matt. 28:19; Gal. 3:28; Kol. 3:11). Dit word saamgebind deur die Heilige Gees (1 Kor. 12:13; Ef. 4:4). Die Kerk is bestem om eenmaal die aardryk te beërwe (Openb. 21:2). Dit is wat ons glo aangaande die heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges. Die individu gaan hier nie op in die gemeenskap soos in die nuwere stelsels, die Nasionaal-sosialisme of die Kommunisme nie. Op die belydenis van die Kerk volg immers die belydenis van die opstanding van die vlees en die ewige lewe. Ewe min gaan in hierdie kerk die verskillende volkere en nasies op in die gemeenskap van die mensheid. Hier is geen uiterlike opsmelting nie, maar innerlike samebinding deur een Gees, een Here, een geloof, een doop (Ef. 4:4, 5). Ook deur een gesindheid, die van Christus (Fil. 2:5), en een burgerskap, 'n hemelse (Fil. 3:20).

Dit is die Kerk waarin ons geleer het om te glo.

Ons glo ook, dat ons Gereformeerde Kerke hiervan die suiwerste openbaring is, en geroepe is om dit nog altyd meer hieraan te laat beantwoord.

Maar nou is daar blykbaar 'n nuwe kerk in konstruksie. Ook 'n wêreldkerk, wat die nasies van die wêreld omvat. Ook 'n fundament. Ook bestem om die aardryk te beërwe as woonplek.

Hierdie nuwe kerk dateer nie uit die eerste eeue, met die koms van Christus nie. Christus is ook nie die oprigter daarvan nie. Hierdie kerk het maar so pas ontstaan, na, en as produk van die Tweede Wêreldoorlog, al sou die voorgeskiedenis daarvan verder terugreik. Die eerste fondamentsteen is gelê in 1946 op 'n konferensie van Christene en Jode te Oxford. Dit is ook gebaseer op lyde. Nie die soenlyde van *Christus,* wat versoen met God nie, maar die lyde van die *mensheid,* en veral op die lyde van die *Jodendom.* Die Jode het veral in die laaste oorlog te veel te ly gehad. Ses miljoen het die prooi geword van weergalose rassehaat. In hierdie lyde van die mensdom het nie alleen Jood, heiden en Christen nie, maar ook Rooms-Katoliek en Protestant mekaar oor rassegedeeldheid heen en oor geloofsgedeeldheid heen gevind, nie as *gelowiges* nie, maar as *mense.* Agter die rasseverskille en die geloofsverskille is die mens as mens weer ontdek. Hier is ook 'n geloofsband. Dit is die geloof in die mensheid buite en bo nasionale-, rasse- en geloofsverskille. In hierdie geloof en op die "gemeenskap van lyde". As fondament moet Katoliek, Protestant en Jood nou 'n vestingwerk bou wat nooit weer te gronde kan gaan nie. As ons Matt. 16:18 hiernaas lê, dan moet ons vra: kan die bedoeling anders wees as 'n nuwe en miskien beter Kerk?

Die opbouing geskied ewe-eens deur prediking. Hier is dan ook 'n preekstoel, die gemeenskaplike preekstoel, of liewer platform van 'Priester', 'Predikant' en 'Rabbi'. Die evangelie wat verkondig word, is die evangelie van verdraagsaamheid. Wat afgebreek moet word, is godsdienstige en rassevooroordeel. Alles word in diens gestel van hierdie prediking en propaganda: radio en bioskoop, geskrif en toneel, skool en universiteit. Veral die skool. Die kind veral moet daartoe opgevoed word. Die nuwere opvoeding bestaan dan daarin om godsdienstige en rassevooroordele, waarin al die leed en ellendes van die wêreld wortel, af te breek. So sal die wêreld van die toekoms gered word vir die kinders van God as 'n veilige woonplek.

Dus, 'n wêreldkerk, op lyde gebaseer, met 'n toekomsverwagting, omvattend alle volkere, tale en nasies.

Dan verstaan ons die hartstogtelike prediking van rassegelykheid in ons tyd beter. Dit is nie net van Kommunistiese oorsprong nie. Dit ook wel. Maar die Kommunistiese propaganda het nou 'n bondgenoot, nl. in die evangelie van die mens bó nasionale-, geloofs- en rassegedeeldheid. Gelykstelling van rasse is slegs die één been van die

---

[1] Inleidingsartikel, *Die Kerkblad,* jg. 54, no. 1160, 7 Sept. 1951, pp. 2—3.

driehoek: uitwissing van nasionale, rasse en godsdienstige verskille. Verskille op godsdienstige gebied is dan net so 'n groot euwel, miskien nog die ergste bron van haat. Inderdaad! Dit het ons gesien met die kruisiging van onse Here Jesus Christus. Trouens, rasseverskil loop dikwels nou saam met godsdienstige verskille: Die nasies van die wêreld is volksgewyse gekersten. Die Westerse volkere het die Christendom aangeneem, die Oosterse nog nie. In Suid-Afrika val die rasselyn grotendeels saam met die tussen Christendom en heidendom. Maar dit moet weg — godsdienstige *en* rassevooroordele.

Twee kerke dan. Ons sal moet duidelik standpunt inneem. Aan albei kan ons nie behoort nie. Ons moet kies tussen die Ou Kerk, wat alle volkere, tale en nasies omvat, ook rasse, maar saamgebind deur die Heilige Gees waardeur wel die *teëstelling,* maar nie die *verskeidenheid* wegval nie, en, hierdie Nuwe Kerk, wat volkere, nasies en godsdienste, Jodendom en Christendom, Katolisisme en Protestantisme in naam van die Mensheid wil laat opgaan in 'n eenheid bo alle verskil.

Die Skrif leer ook aangaande die bestaan van 'n tweede kerk, juis in die laaste tye. Dit is ook gebaseer op lyde, nl. die van die bees wat van sy dodelike wond genees is (Openb. 13:3). Hierin sal ook alle volkere, nasies en tale verenig wees (Openb. 17:3); ook rykes en armes, vrymense en slawe (Openb. 13:16). Dit sal ook opgebou word deur prediking (Openb. 13:11); waarskynlik dok deur radio en bioskoop (Openb. 13:14), en deur die skool (Openb. 13:16). Die evangelie van verdraagsaamheid sal baie *onverdraagsaam* wees. Daar sal tug wees, in die vorm van "boikot" of "sanksies" (Openb. 13:17). Die ou teenstellings van ras, nasie en godsdiens is dan wel opgelos in hierdie wêreldkerk. Maar 'n nuwe, skerper teenstelling het in die plek gekom, die van die Bruid van Christus en die Vrou op die Bees, 'n ware en valse kerk.

In ons tyd verskyn hierdie eindverwikkelinge altyd duideliker aan die gesigseinder. Die gelowiges moet waaksaam wees, veral op die punt van "die onderwys en opvoeding van die jeug". *Christelik-nasionale* onderwys kry nuwe klem teenoor hierdie onderwys bo *geloofs- en rasse*-"vooroordeel". Kerk en skool is innig verwant.

16. STEMME UIT AFRIKA [1]

Addis Abeba

'n Stem van Afrika is gehoor uit Addis Abeba, wat nog in ons ore klink. Dit was 'n stem van dreiging. Ons het verneem van die verbreking van diplomatieke en ekonomiese betrekkings; van 'n doeltreffende boikot van die Suid-Afrikaanse handel en van sluiting van hawens en lughawens vir ons skepe en vliegtuie; selfs was daar sprake van 'n bevrydingsleër, waartoe al die Afrika-state een persent van hulle inkomste moet afsonder.

Dit is duidelike taal wat elkeen kan verstaan. Hoe moet ons daarteenoor staan? Hierop wil ek self nie nader ingaan nie. Ek volstaan met enkele meninge hieroor.

Daar is mense wat sê dit is maar 'n geblaf in die verte waaraan ons ons nie baie moet steur nie, of 'n windjie (van verandering), wat gou sal oorwaai (moontlik so oor vyf jaar), of dat ons dit moet sien as 'n golfslag, wat kom en gaan. Moontlik is dit so. Maar dit is 'n groot verantwoordelikheid wat hierdie profete op hulle neem. Die toekoms kan moontlik ook iets anders leer.

Daar is ook 'n ander mening. Dit is nie die geblaf van honde nie, maar die gerommel van 'n vulkaan wat ons in die verte hoor. Dit is die geluid van 'n onbedwingbare orkaan, 'n onstuitbare stroom, 'n onuitbluslike vuur. So wil prof. H. du Plessis in sy onlangs verskene brosjure, *'n Nuwe deurbraak,* dat ons daarna sal luister, nadat hy deeglik op die onderstrominge daarvan en van die donker magte wat daarin werksaam is, ingegaan het. Dit is "nasionalisme" wat, soos ons self weet, 'n onoorwinlike krag is, in hierdie geval nog aangeblaas deur die hele wêreld en gedra deur 'n fanatieke wil en godsdienstige besetenheid.

Sy Ed. Min. Louw het ook gewaarsku dat ons dit nie te lig moet ag nie. Ons moet dit nie oorskat nie, maar ons moet dit ook nie onderskat nie, het hy gesê.

Die toekoms sal ons leer, miskien taamlik gou, wie reg was en wie nie. Dat daar 'n klop was aan die deur, is seker.

Waarop ek egter wil wys, is dat hierdie stem uit Afrika nie die enigste is nie.

Kampala

Daar is ook 'n stem van Afrika uit Kampala. Hiervan laat ek enkele klanke volg.

"Om waarlik onsself te wees, moet ons staan in ons gemeenskap. Waar die vryheid van die indiwidu oorbeklemtoon word, is daar 'n vergroeiing. Waar die gemeenskap ons beroof van ons vryheid, daar kwyn die groei van die persoonlikheid". Dit is, meen ek, 'n mooi klank. Liberalisties is dit sekerlik nie.

Vryheid is duidelik onderskei van ongebondenheid. Dit is verbind met verantwoordelikheid en gebind aan die liefde: "Ons moet daaraan dink, dat ons vry is om Christus ontwil... Dit is 'n vryheid wat nie anargie is nie. Ons moet dit gebruik om die Here te dien en dit moet gebind wees deur die liefde". So hoor ons daar van Christelike vryheid praat.

Ook die ou-bekende klank, "Christelik-Nasionaal", is daar gehoor. "Wat moet die houding van die Kerk wees teenoor die Christelike nasionalis? Veroordelend? Nee: Nasionalisme moet gestel word onder die heilsame werking van Gods Woord, wat hom nie alleen rig tot die gevoel nie, maar ook tot die verstand en die gewete ..." Dit was mooi om ook te hoor van die verbond: "Die wortel van die Kerk is die verbond van God met Israel". Wie dit sê, het die voet gesit op die pad wat uitloop, nie op volks*kerke*, ook nie by *sektes* nie, maar op 'n volkere-*kerk,* ook in Afrika. Dat dit in die rigting beweeg, is duidelik as ons verder hoor: "Dit is nodig dat die Bybel so spoedig moontlik uit die grondtale in die moedertale vertaal sal word. Die tale van Afrika is nader aan hierdie

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 66, no. 1703, 19 Junie 1963, pp. 9—11.

oorspronklike tale, waaruit die Bybel in die baie tale vertaal is". Die kerke van Afrika wil elkeen oor die groot dade van God in sy eie taal hoor spreek.

"Ons wens vuriglik om Afrikaanse Christene te wees maar ons wil ons nie isoleer nie". Inteendeel: "Om nie gevaar te loop om 'n aparte Afrikaanse Teologie te formuleer nie (in ons gewone taal: Nie 'n afsonderlike belydenis te hê nie) moet die kerke van Afrika deeglik onderlegde bedienare kry met 'n Afrikaanse insig in die Teologie" (uit die studieverslag oor Kerk en Kerke). Beter kan die gedagte van eenheid en verskeidenheid van die Kerk van Christus nie tot uitdrukking kom nie: "Die konferensie spreek hom duidelik uit dat die eenheid van die Kerk nie eenvormigheid beteken nie" (dieselfde verslag).

Ook nie 'n "eenheid bo geloofsverdeeldheid" nie: "Die Kerk moet 'n duidelike Teologie hê (in ons taal: 'n Belydende kerk wees, wat hom rekenskap van sy belydenis kan gee) ... elke onsekerheid in hierdie opsig beteken gebrek aan kennis en 'n vermoë om sy beginsel te onderskei, en hou die gevaar in om sy doel uit die oog te verloor". Die klank is sekerlik nie die van indifferentisme of uitwissing van grense op kerklike gebied nie.

Nog 'n klank: "Ons groot roeping is om die Woord van Christus te verkondig oor die hele lewe. Laat elke gemeente hierin vasstaan dat Christus se heerskappy oor die hele lewe gaan, en nie net oor 'n klein deeltjie daarvan nie: die persoonlike geestelike belewinge of een dag in die sewe, of een aspek van die lewe, die godsdienstige nie". 'n Klank waarna ons ook nogal kan luister. Daar is baie wat meen daar is in S.A. nie plek vir 'n Christelike maatskappy nie, maar net vir die kerk en die staat.

'n Probleem vir die kerke van Afrika nou, na 100 jaar se bestaan, is om selfstandig (vry) te wees sonder om bande te breek. Die antwoord het ons in ons kerkregering wat rus op die Skrif: *Selfstandig,* maar nie *onafhanklik* nie. Ons het die weg en het dit reeds betree in ons jong sendingwerk.

Dit is die stemme uit Afrika.

Die een is 'n stem wat *dreig.*

Die ander is 'n stem wat *vra.*

Dit is opmerklik: Die eerste kom uit Addis Abeba, die hoofstad van die oudste Christelike land van Afrika, en die ander kom uit Kampala, uit die hart van (tot onlangs) donker Afrika. Opmerkliker nog: Uit Kampala, die hoofstad van Uganda, wat hom aangebied het vir die Afrika wat dreig.

Ons moet nie net na die één geluid uit die Noorde luister nie. Ons moet nie die een die ander laat oorstem nie. Die een is hard, die ander is sagter. Die een is dreigend, die ander dringend.

Ons moet ons ook nie laat ontstem deur die een stem, sodat ons ons ore toedruk vir die ander stem nie.

Daar is nie net een antwoord vir Afrika nie.

Ons moet ook antwoord op die stem van Afrika *wat vra.*

Ons het die antwoord op wat Afrika vra: Die Gereformeerde godsdiens wat in 1652 hier in die Suide geplant is.

Die Gereformeerde Waarheid is nie ons privaat besit nie. Dit behoort ook aan Afrika.

Dit is die Waarheid wat die grootste aansluiting vind in Afrika soos ons dit beluister in die klanke van Kampala.

Dit geld nie net Afrika bokant die Limpopo nie, maar ook die Afrika van ons. Hier is óók nie net die stem wat dreig nie en 'n Afrika wat bedreig nie, maar ook een wat vra: Die Christelike nie-blanke Suid-Afrika.

17. MY KERK EN EK [1]

"Kerk" is gemeenskap. Nie 'n gemeenskap van godsdienstige mense nie, maar 'n gemeenskap van mense met God. Dit kan alleen deur Christus. Daarom is die Kerk 'n gemeenskap in Christus. Hy is die Hoof van die gemeente (Ef. 1:22, 4:15; Kol. 1:18), en die gemeente is sy liggaam (Ef. 1:23; Kol. 1:24). Lidmaat te wees van die Kerk beteken niks minder nie as om 'n lid te wees van die liggaam van Christus (1 Kor. 12:12 en 27). Die saambinder van die lede onderling en van die lede saam, met Christus, is die Heilige Gees. Die Heilige Gees is die lewensbeginsel van die Kerk (1 Kor. 12:13). Daarom *is die Kerk 'n heilige gemeenskap en die gemeenskap van* heiliges. Dit beteken nie as ek aan die Kerk behoort, dat ek en die gemeenskap waaraan ek behoort, sonder sonde is nie. Dit is die groot wonder, dat, al is ons nog sondaars, is ons tog heilig. So noem Paulus die gemeentes van Korinthe, waar soveel sondes te bestraf was, nogtans heiliges (1 Kor. 1:2). Hoe kan dit? Deurdat die Heilige Gees as gevolg van Christus se soenverdienste in die Kerk en in ons woon. Daarom is ons in beginsel heilig, al woon ons nog in die sondige vlees. So is die Kerk dan die woning van God in die Gees (Ef. 2:22) en elke gelowige 'n tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19). Die Kerk is "'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig" (1 Petrus 2:9).

Opmerklik is verder dat die woord "Kerk" of "Gemeente", wat dieselfde is, nie alleen gebruik word vir hierdie gemeenskap in sy groot geheel nie (o.a. Matt. 16:18; Hebr. 12:23; Ef. 1:22; Kol. 1:18), maar ook vir elke plaaslike gemeenskap van gelowiges (o.a. Matt. 18:17; Hand. 2:47, 5:11; Gal. 1:2 en 22). Dit is omdat die heilige, algemene, Christelike Kerk openbaar word in elke plaaslike gemeenskap van gelowiges. Beteken dit nou dat op een bepaalde plek daar net een so 'n gemeenskap kan wees? Dat "my Kerk" dus die enigste op 'n bepaalde plek of in 'n bepaalde volk moet wees wat die reg op die naam het, en die ander eintlik geen reg van bestaan het nie? Dit lyk so. Tog moet ons hier baie versigtig wees. Dit is "kerkisme". In die grond van die saak suiwer Rooms.

Al is dit dan nie so gevaarlik nie, dit openbaar hom in dieselfde gees van haat. Die feit is dat die "Kerk" altyd in mindere of meerdere mate van suiwerheid tot openbaring kom. Dit bewaar my ook aan die ander kant daarvoor om te sê: Die een Kerk is so goed soos die ander Kerk. My roeping is om my te voeg by die suiwerste openbaring van die Kerk.

Hoe moet ek nou staan teenoor my Kerk? Só dat ek in my Kerk sien, nie die *enigste nie,* maar die *suiwerste,* openbaring van die Kerk sonder om aan ander kerke die reg op die naam te ontsê.

Tot sover "my Kerk". Nou, my Kerk en *ek.* Die Kerk is gemeenskap met God, in Christus, van die heiliges. Dit wil sê, ek met ander saam maak nie die Kerk nie. Dit sou beteken die vernietiging van die Kerk as *gemeenskap.* Dan word dit *geselskap,* 'n baie vroom en godsdienstige geselskap miskien, maar nie meer Kerk nie, want Kerk is nie 'n geselskap van godsdienstige mense nie, maar gemeenskap van gelowiges. Hierdie bedreiging was en is daar nie net vir die Kerk nie, maar ook vir ander instellings en gemeenskappe, die huwelik, die staat, die volk. Dit word gemaak tot kontrakte en geselskappe. Dit beteken "sosialisering" van die goddelike instellings. *Ek* is die laaste faktor. *Ek* maak die gemeenskap. Dit beteken oplossing van gemeenskap in die verbinding van soveel "ekke". Dit is liberalisme. Toegepas op die Kerk word dit 'n godsdienstige geselskap of vereniging. Een van die jongste vorms, waarin dit hom aangedien het, is die Oxford-groep. Godsdienstige persoonlikhede wat hulle saam verbind, o.a. tot mededeling van godsdienstige ervarings. Dit is nie 'n hulp vir die Kerk nie, maar inderdaad sy oplossing in geselskappe. Dit geld van alle godsdienstige verenigings of bewegings.

---

[1] Art. in *"Meetsnoere vir die Jeug",* Sacum Bpk., 1950, pp. 50-54.

Maar wat dan van my Jongeliedevereniging? Dit wil nie die Kerk help nie. Dit wil nie evangeliseer nie. Dit bedoel nie om jongmense, wat van die Kerk afgedwaal het, weer terug te bring Kerk toe nie. Dit wil jongmense verbind om hulle te vorm en hulle rekenskap te gee van hulle optrede as gelowiges op verskillende lewensgebiede. Daartoe het hulle die hulp van hul Kerk nodig, en daarom doen hulle dit onder leiding van hul Kerk. So kan enige groep gelowiges hulle organiseer vir gesamentlike optrede of die voorbereiding daartoe.

Is my Kerk nie 'n geselskap of vereniging van my en van ander nie, dan moet my band met die Kerk ook nie verklaar word uit my persoonlike, godsdienstige behoeftes nie. Dit is godsdienstige *verpligting.* Dit is my van God opgelê om my te voeg by die Kerk, en wel by die suiwerste openbaring daarvan. Dit is 'n daad van gehoorsaamheid. Dit is ook nie 'n vraag of ék wil belydenis aflê nie. Ek móét dit doen as gelowige en gedoopte. Ons volksjeug is seker op baie groot uitsondering na 'n gedoopte jeug. Daarom is ons 'n verbondsjeug. As daar baie is wat nie tot belydenis kom nie, dan is dit 'n ontroue jeug, 'n beskaming vir ons volk. Dit is ook nie 'n vraag of ek vanmôre lus voel om kerk toe te gaan nie. Ek moet, omdat God dit wil. So ook met die Nagmaal. Dit is bevel om die dood van die Here te gedenk. Met ander woorde my kerklike lewe is *gebod,* die vierde gebod. My Kerk is 'n instelling van God en geen maaksel van my en ander nie. As gelowige het ek geen keuse nie. Ek moet God gehoorsaam.

Hieruit vloei ook voort dat "my Kerk" hom nie sonder meer moet skik na "my" nie. Daar word op die oomblik baie gepraat oor die *taak* van die Kerk en die behoeftes van die jongmense. Hier volg een en ander: Die jeug kla oor die sangerige preektoon, te veel leerstellige of dogmatiese prediking. Dit moet meer gaan oor praktiese, lewensbelangrike vrae. Daar moet meer opgewektheid wees in die dienste, meer gesing word, ook ander soort liedere. Daar moet ook meer rekening gehou word met die intellektuele ontwikkeling van die jeug. Dan iets wat meer van ouer mense sou verwag word, nl. gerieflike banke! Daar word gekla oor te min belangstelling van die Kerk in die jeug, en dat hulle te min besoek word.[2] Verder, 'n meer verstandelike[3] uitleg van die Heilige Skrif, en ook die gebruik van die rolprent vir godsdienstige opvoeding van die jeug. Ongetwyfeld het die Kerk 'n taak teenoor die jeug, teenoor elke groep, teenoor elke lidmaat, ook teenoor my.

Hieroor later. Maar — die Kerk is meer as ek, meer as hierdie of daardie groep. Ek het ook 'n taak teenoor my Kerk. "My Kerk" kom eerste, dan "ek". Daarom eers: Wat is my roeping teenoor my Kerk? Laat ons weer hoor: Wat is my Kerk? Die Kerk is 'n gemeenskap van *gelowiges.* My roeping is om te *glo.* Maar is dit dan nie kinderwerk om te glo nie? Kan dit van my, wat pas die kinderskoene ontgroei het, met my drang om te verstaan en in te sien, verwag word om weer soos 'n kind te word? Inderdaad: "As julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie" (Matt. 18:3). Die Kerk wil 'n kinderlike gelowige jeug.

Verder, die Kerk is 'n *heilige* gemeenskap. Daarom kom dit met die eis van bekering. Pas dit by die jeug met sy drang tot uitlewing? Wat is bekering? Dit is tog die afsterwing van die *ou* mens — ook die ou mens in die jongmens, en die opstanding van die nuwe mens. Daarom pas dit by die jeug. Die sonde maak oud, dit laat die jeug verlep. Daarom is daar baie uitgeleefde jongmense. Die Here laat die jeug weer nuut word, al is ons oud.

Die Kerk is ook 'n *strydende* Kerk. Dit stel my onder bevel. Dit wil 'n gedissiplineerde jeug, 'n jong soldaat wat sy persoon, sy lewe selfs nie te dierbaar ag nie. Is dit so onverenigbaar met die jeug? Is dit nie juis die kostelike jong lewens wat hulle lê op die altaar van land en volk nie? Ja, dit is juis jeugwerk. Die Kerk wil ook 'n jeugfront en wel 'n jeugfront teen die mag van die sonde, die vreemde indringer in hierdie wêreld. In "Kerk" sit ook die gedagte van "oproep", oproep tot 'n heilige oorlog. My Kerk is 'n oproep vir my, vir die jeug om die wêreld te verower vir Christus (1 Tim. 6:11, 12). In

---

[2] Uit die pas verskene "Kerk en Stad", p. 260 e.v.

[3] "Scholarly interpretation", Die Wekroep, 31 Mei 1947.

beginsel is die oorwinning reeds deur Christus self behaal.

En só is die Kerk ook die *nuwe mensheid.* Dit dra die mensheid van die toekoms, die toekomstige wêreld. Dit is nie so dat die Kerk ons losmaak van die wêreld nie; nee, dit verbind ons met die wêreld as erfenis.

As lidmaat van my Kerk is ek dus geroepe om ook mee te werk aan die oplossing van die wêreldvraagstukke. Hiervan het 'n skrywer gesê: Nie die uitbanning van sosiale euwels, van agterbuurtes, van ondervoeding, van armoede, van oorbevolking, sal die wêreldvraagstuk oplos nie, maar wat vereis word, is geestelike waardes, eerlikheid, reinheid, onselfsugtigheid, liefde, waardes waardeur mense sukses het of faal, en nasies opkom of val.[4] Dit is hoë eise, maar dit is, waaraan die toekoms van my volk, van die wêreld hang. So roep die apostel Paulus ons toe: "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is — watter deug en watter lof daar ook mag wees, dit moet julle bedink" (Fil. 3:8). Dit wil die Kerk: 'n só versierde jeug.

Die Kerk het egter ook 'n taak teenoor my. Daar is gemeenskappe wat die "ek" laat verdwyn. So bv. die gemeenskapsleer van die Kommunisme, en in 'n mate die gemeenskapsleer van die Sosialisme, ook die Nasionaal-Sosialisme.

Die gemeenskap is alles, *ek* is niks. Hoogstens is tydelike geluk vir my in daardie gemeenskap, ten minste genoeg brood en spele vir die tydjie wat ek leef. Ewige geluk is daar dan net vir die volk, die mensheid. Wat het ek daaraan? Die Kerk het dit, *ook vir my.* "Ek glo in 'n heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe". Ek is nie bestem om te verdwyn nie. Die dood is maar 'n deurgang. Daar is ook godsdienste waarin die Ek verdwyn in die gemeenskap met die Al. Die saligheid is die van Nirwana-verdwyning. Daar is sulke "Christelike" godsdienste ook. My Christendom bestaan dan in 'n opgaan in Christus. Dit is waar, daar is ook 'n heilige mistiek, 'n verborge omgang: "Ek in Christus", maar die apostel laat onmiddellik volg: "Christus in my".

So is ek vir my Kerk, en my Kerk *ook vir my.* Dit was die woorde van Gods liefde — dat Hy ook vir my gesoek het in Christus. Hy is Immanuel, God met ons. Die optrede van Christus het veral daarin bestaan dat Hy sondaars opgesoek het. Sy werk was so persoonlik. So het Hy ook aan sy Kerk die opdrag gegee: "Laat my lammers wei"; "Pas my skape op"; "Laat my skape wei". So moet aandag gegee word aan groepe, die jeugdiges, die swakkeres. Maar, *ook aan my.* Veral ook wanneer ek verdwaal is: Die troue herder, wat die 99 laat staan om die een te gaan soek wat verlore is. Jesus is die deur van die skape. Die skape moet na Hom toe. Maar Hy is ook die Goeie Herder. Hy gaan na die skape toe. Hy ken hulle by name, een vir een. Die Kerk het 'n taak ook ten opsigte van die jeug. Die jeug moet Kerk toe, maar die Kerk moet ook na die jeug toe. "Die Kerk moet in die jeug belangstel, ingaan op hulle gedagtewêreld, luister na hul begeertes, simpatieë, vooroordele".[5] Maar hoe? Nie deur jeugorganisasies of jeugleiers verbinding soek nie. Die Kerk moet sy jeug self verstaan. Ook nie deur aanpassing nie.

Die taak van die Kerk is *jeugsorg.* En dan jeugsórg as onderdeel van die amptelike herderlike werk. Dit is herderlike werk spesiaal gerig op die jeug. "Wei my lammers". Dan is daar nie 'n *jeugprobleem* nie, maar jeugprobleme. Die Kerk moet die jeugprobleme ken. Dit kan alleen deur letterlik na die jongeling en jongedogter te gaan. Daarvoor is daar geen beter instelling as die huisbesoek nie. Dit is ook van so 'n groot betekenis. Dit is nie die predikant of ouderling wat kom nie — dit is Christus, die Herder van die skape, wat deur sy gesant bemoeienis maak met sy kudde — *ook met my.* So het die Kerk nie alleen die opdrag om die Woord van God te bedien aan die gemeenskap nie, maar ook aan my, na my besondere behoefte en my besondere omstandighede. Dan is die Kerk ook waarlik my Kerk. Die Kerk is tog ook moeder van die gelowiges. Die ware moeder is die moeder wat elke kind ken en verstaan en ook weet waar elke kind is.

---

[4] Wekroep, 28 Junie 1947.

[5] "Kerk en Stad", p. 265.

18. EVANGELISASIE EN DIE AMP VAN GELOWIGES [1]

In 'n vorige Kerkblad (7 November) is 'n artikel opgeneem oor Evangelisasie-probleme, oorspronklik as lesing voorgedra op 'n Evangelisasie-konferensie deur ds. C. Hattingh. Die saak wat daarin na vore gebring is, is van soveel belang dat ons daarop wil terugkom. Dit geld veral die stelling dat evangelisasie 'n roeping is van die hele Kerk... nie net van die besondere ampte nie, maar ook van die amp van die gelowige. Ons wil hierdie stelling graag so aksentueer, dat evangelisasie *allereers* die roeping is van die amp van die gelowige. Ons verloor te dikwels uit die oog dat die besondere ampte hulle doel het in die bearbeiding van die plaaslike gemeente waarvoor hulle ingestel is en waartoe die ampsdraers gekies is. Die amptelike bediening van die Woord is beperk tot die opbouing van die geloof van die gemeente. Die van die ouderling bestaan in toesig oor die wandel van die lidmate. Die diakens het te doen met die versorging van die behoeftiges van die gemeente. Hierdie beperking van die besondere ampte beteken allermins verkleinering daarvan. Inteendeel, die amptelike bediening van Woord en Sakramente, die amptelike toesig oor die wandel van die gemeentelede en die amptelike versorging van die armes van die gemeente is onmisbaar vir die bestaan en welstand van die gemeente.

Hierdie besondere ampte mag egter die amp van die gelowiges nooit verplaas nie, selfs nie *binne* die gemeentelike lewe nie. Ons dink slegs aan die profetiese roeping van vader en moeder in die huisgesin, wat alleen die diens van die Woord waarlik vrugbaar kan maak; aan die toesig van gemeentelede onderling, waarin die hele kerklike tug wortel. Al te seer het dit in die praktyk daartoe gekom dat die hele kerklike toesig oorgelaat word aan die predikant en die ouderling. Met verbasing word dikwels gevra of die predikant en die ouderlinge dan nie ook weet van hierdie of daardie kwaad nie — en wat doen hulle?

Daar word teenswoordig baie gehoor van aktivering van ons lidmate. Hier is die plek om te begin. As die amp van die gelowiges aktief is in die gemeente, dan bly daar, om maar 'n enkele voorbeeld te noem, baie min plek oor vir die kwaad om in die gemeente rustig voort te kanker. Watter kwaad is daar nie, wat by sy geringste openbaring minstens bekend is by een of ander nie? So het die Here die gelowiges geroep om mekaar op te pas, te help en te lei (1 Kor. 12:12-31; Ef. 4:16).

Hierby kom dan in die tweede plek dat die amp van die gelowige so omvattend is. Nie alleen dat dit die profetiese, die koninklike, die priesterlike amp, d.w.s. die volle salwing van Christus omvat nie, maar dat dit ook nie beperk is *tot die gemeente* nie. God het die gelowige geplaas midde in die lewe. So alleen kan die Kerk waarlik aan sy roeping beantwoord: om te wees die sout van die *aarde* en die lig van die *wêreld.* Dit laat vir ons lig val op die betekenis van ons lewensbetrekkinge. Is dit alleen 'n broodwinning, of om van diens te wees vir die samelewing? Ons lewensbetrekking is die geleentheid om 'n getuie te wees van Christus. So word ons roeping pas 'n Christelike roeping. Hier het die gelowige sy enige geleentheid om die evangelie te bring met wie hy so in aanraking kom, d.w.s. sy naaste. Daar word hy ook in aanraking gebring met die afvallige, met die reg en roeping om te getuig en om terug te bring na die kerk waar die waarheid die suiwerste verkondig word.

As die vraag dan gestel word van wie die evangelisasie moet uitgaan, dan kan die antwoord nie anders wees nie as: van die amp van die gelowige. Dan lê al die drade vir die evangelisasie reg. Dit moet net van sy kragtige lading voorsien word, nl. van die selfbeleefde krag van die evangelie. Dit kan nie die taak wees van die besondere ampte nie. Die sien hulle aangewese op die bediening van die gemeente. Maar dan het die kerkraad ook hierdie roeping ten opsigte van sy lidmate, om hulle op te wek, te aktiveer en te organiseer ook met die oog op hierdie arbeid waartoe hulle geroep is, die terugbring van verlorenes. Die Kerk moet evangeliseer deur middel van die amp van die gelowiges.

---

[1] Inleidingsartikel, *Die Kerkblad,* jg. 55, no. 1189, 5 Des. 1952, pp. 2-3.

Die amp van die gelowiges is ook in hierdie opsig so omvattend, dat dit die gelowige man en die gelowige vrou insluit. In die laaste tyd verskyn die een boek na die ander oor die "aktivering" van die vrou, oor die "inskakeling" van die vrou in die gemeente. Asof die vrou nie ingeskakel is in die gemeente nie. Wat die "aktivering" betref, glo ons nie dat die groot leemte in die Kerk daarin bestaan dat die *vrou* onaktief is nie, maar daarin dat die *amp van die gelowige* nie genoeg geaktiveer word nie. As daar dan geaktiveer moet word, dan moet dit wees die amp van die gelowiges, en die amp van die gelowige sluit vanself in die man en die vrou, en óók die kind. En, dit dan nie as 'n sg. reg waarop hulle aanspraak het nie, maar as 'n plig wat opgelê is. Die aktivering moet geskied sowel na binne as na buite. Een van die terreine na buite is die van evangelisasie.

Dit is slegs een van die terreine. 'n Ander is die van die sending. Ook hier moet daar wees aktivering van die amp van die gelowige. Die deurmekaar woon van gelowiges en ongelowiges, van blank en gekleurd kan van sosiale en politieke kant gesien word as 'n groot euwel. Van kerklike kant moet dit ook gesien word as roeping, en wel van sending as roeping van elke gelowige, man, vrou en kind. Hoe natuurlik en velerlei is die geleenthede ook hier weergegee.

Daar is ook 'n ander probleem wat van hieruit sy eenvoudigste oplossing vind. Ons kerkgrense is geneig om te stagneer, veral op grond van 'n valse pluriformiteitsleer. Die Kerk wat die waarheid in sy suiwerste vorm besit, mag dit nie vir homself hou nie, maar moet ons daarmee trek. Van amptelike kant is dit moeilik. Dit gee spanninge af tussen kerke. In die amptelike huisbesoek moet die Kerk hom beperk tot sy eie lidmate. As gelowiges het ons egter die reg om te besoek wie ons wil, en ook die plig om te getuig van Christus en sy waarheid teenoor ons naaste. Ons naaste is enigiemand met wie die lewe ons in aanraking bring. Die gelowiges moet dus staan in die voorste linies van die Kerk, na al die verskillende fronte. Een van die grondslae van die Reformasie was die herstel van die amp van die gelowiges. Die Gereformeerde Kerk moet gedurig reformeer. Hier is voortgesette reformasie nodig. Die amp van die gelowiges is besig om weg te kwyn. Dit beteken geleidelike verval in kerkisme en klerikalisme. Onder die eerste te verstaan die onderwerping van die hele lewe aan die geïnstitueerde Kerk. Onder die tweede, opbreking van die Kerk in ampsdraers (met die predikant bo-aan) en "leke".

Deel II

DIE KONINKRYK

1. RIGLYNE IN DIE OPENBARINGSGESKIEDENIS VAN DIE NUWE TESTAMENT [1]

Ons moet by die Openbaringsgeskiedenis nie sistematiserend te werk gaan nie, soos gedoen is in die sg. Bybelse Teologie, waardeur hierdie vak ál te lank verdring is. Hierteen is daar veral twee besware: 'n Prinsipiële en 'n metodiese. Die prinsipiële beswaar bestaan daarin dat dit nie weergee wat die Skrif bied nie. Die Skrif bevat geen teologie, die vrug van menslike nadenke oor God, nie, maar Openbaring, d.i. soos God Homself aan ons bekend maak. Die metodiese beswaar is dat dit die inhoud van die Skrif aanbied in 'n vorm wat daaraan vreemd is en dit gevolglik vermink. Die enigste juiste metode, soos dit voortvloei uit die vak self en ook aangedui is in die naam daarvan, is die historiese. Rigtinggewend is hier die in 1953 verskene werk van F. W. Grosheide: *De Openbaring Gods in het Nieuwe Testament* (Kok, Kampen), die ryp vrug van 'n lewe, gewy aan die studie van die Nuwe Testament. Hierin word die Openbaring histories nagegaan soos dit sig algaande ontvou van stap tot stap in sy vertakkinge, en word op bewonderenswaardige wyse getrag om soveel moontlik elke straal van die Openbaring op te vang. As daar iets teen hierdie waardevolle werk ingebring kan word, dan is dit dat dit die leser soms verdwaald laat voel. Die oorsaak hiervan moet daarin gesoek word dat by die besonderhede die eenheidsgesigspunt, die stam wat saambind, nie duidelik aanwesig is nie, soos miskien ook blyk uit die indeling: (1) Die werk van Christus op aarde (die Evangelies); (2) die prediking van die betekenis van die werk van Christus (Handelinge en Briewe); (3) die handhawing van die waarheid insake die werk van Christus (weer die Evangelies en dan: Hebreërs, die Algemene Sendbriewe en die geskrifte van Johannes). Dit bring ons by die vraag na die eenheidsgedagte van die Nieu-Testamentiese Godsopenbaring, in verband waarmee met groot vrug die oorsigtelike uitgawe van H. N. Ridderbos: *When the time had fully come* (Eerdmans, Grand Rapids, 1957), gelees kan word. Dit is 'n kort weergawe van wat deur die skrywer tot op daardie datum gebied is in sy bekende, groter werke: *De strekking der Bergrede naar Mattheüs* (akademiese proefskrif); *De Komst van het Koninkryk; Paulus en Jezus; Heilgeschiedenis en Heilige Schrift.* Dit gaan in die Skrif om die openbaring van God en in die Godsopenbaring gaan dit om die Koninkryk van God. Dit bind ook die Ou en Nuwe Testament saam tot 'n eenheid: Die Koninkryk van God in Belofte (Ou Testament) en in Vervulling (Nuwe Testament). Daarom begin die Nuwe Testament met "evangelie", d.i. die Blye Boodskap van die vervulling. Die evangelie is die evangelie van die Koninkryk. Dit beteken: Die Koms van die Koninkryk in Christus. Die saamvattende prediking van die Nuwe Testament is dus "Die Koms van die Koninkryk", of juister: "Die Koninkryk en sy Koms".

Dit bring ons by 'n saaklike indeling van die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. Dit gaan immers in die Nuwe Testament om wat die Koninkryk is, maar ook, in die eerste plek, om die feit dát die Koninkryk dáár is, d.i. om die Koninkryk (1) in sy aanwesigheid en (2) in sy ontvouing. Hiermee het ons gekom by die sentrale indelingspunt van die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. Die vraag is: Het daar 'n oomblik aangebreek waarvan ons kan sê: Nou het die Koninkryk gekom? Hier kan verwys word na die (uit Duits vertaalde) werk van Erich Sauer: *The Triumph of the Crucified* (Eerdmans, Grand Rapids, 1953): Die Koninkryk van God het gekom op Pinksterdag. Dit is die sentrale plek van Pinkster in die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. Sinds Pinkster is daar by al die koninkryke, ook 'n Koninkryk van God, en onder (en uit) alle volkere ook 'n volk van God, op aarde. Die sentrale indelingspunt van die Nieu-Testamentiese Godsopenbaring, waarin dit gaan oor die Koninkryk van God en sy koms, is Pinkster, en dit val uiteen in twee dele: (1) Voor Pinkster en (2) na Pinkster.

---

[1] Die Goue Kandelaar, Aug. 1962, pp. 45-47.

Vir die nadere uitwerking van die tyd voor Pinkster kan verwys word na die werk van T. W. Manson, *The Teaching of Jesus* (Cambridge, 1951). Na hierdie werk word hier verwys as 'n voorbeeld van baie werke met min of meer dieselfde titel, wat alle nadruk laat val op die "leer van Jesus", en al dadelik die vraag laat ontstaan na die werke van Jesus. Jesus het die Vader geopenbaar in sy prediking, maar ook in sy werke (veral wonderwerke). In die evangelies moet ons onderskei tussen woord- en daadopenbaring. Tog herinner Manson aan iets wat ons nie uit die oog moet verloor nie. Jesus openbaar God nie alleen in woord en daad nie maar in sy hele lewe en optrede; nie alleen in die opsetlike prediking en dade nie, maar in elke woord wat Hy spreek en in sy hele lewe. Hy is, een en al, Openbaring van God. Hy is die Woord (Joh. 1:1). So moet ons die evangelies lees. Dit herinner egter aan iets anders: Jesus is die Woord van God, nie alleen in wat Hy doen en spreek nie; nie alleen in sy hele lewensopenbaring (Manson), sy aktiwiteite nie, maar ook in dit wat met Hom gebeur, wat Hy ondergaan (passiewe Openbaring), in sy lyde (passie) en opstanding. So openbaar God hom in Jesus. Daarom beperk ons die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament nie tot wat Jesus geleer (Bergpredikasie, ens.) het nie, en begin ons die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament nie by die openbare optrede van Jesus nie, maar by die begin, by sy geboorte. Ook in wat hier met Hom gebeur het (van sy ontvangenis af) openbaar Hy God, en wel in sy trou, almag en genade. Die openbaringsgeskiedenis voor Pinkster is: Die koms van die Koninkryk (1) voor die openbare optrede, (2) gedurende sy openbare optrede en (3) in die lydens- en opstandings-geskiedenis.

Vir die tyd na Pinkster bring die (uit Engels vertaalde) werk van C. H. Dodd: *De Apostolische Prediking en haar Ontwikkeling* (Nijkerk) op 'n spoor. Hierin word die, in meer as een opsig, belangrike onderskeiding veral tussen twee vorme van prediking gemaak, naamlik (1) stigtings- of grondleggende prediking (kêrugma) en (2) stigtelike of opbouende prediking (didaskalia). Die stigtingsprediking vind ons in Handelinge: Die prediking van Petrus en Paulus, waarin dieselfde groot lyn gevolg word en wat deur ons in ons sendingprediking gevolg moet word. Ons het hier die Koninkryk van God, wat gekom het, in sy vestiging en uitbreiding, van Jerusalem en verder tot die eindes van die aarde. Die stigtelike prediking vind ons in die Briewe, almal gerig tot gevestigde gemeentes, tot opbouing. In die Briewe sien ons die Koninkryk in sy ontvouing. Die Nuwe Testament leer egter 'n tweërlei koms. Die Koninkryk is gerealiseer (Dodd ken alleen die gerealiseerde) maar moet ook nog voltooi word, nie deur die werksaamheid van mense of van die Kerk nie, maar deur Christus self by sy wederkoms, waarop Petrus reeds vooruitgryp in sy Pinkster-prediking (Hand. 2:16-21) in aansluiting by die Ou Testament (Joël 2:28-31). In die boek Openbaring het ons die Koninkryk van God in sy voleinding, in aansluiting by die toekomsprediking wat duidelik loop deur die hele Nuwe Testament en waarin die Ou-Testamentiese profesieë pas tot algehele vervulling kom. In die Openbaringsgeskiedenis ná Pinkster gaan dit om die (gekome) Koninkryk (1) in sy uitbreiding (Handelinge), (2) sy ontvouing (Briewe) en sy voleinding (Openbaring) .

Ons moet egter terug na die Briewe, m.n. van Paulus. Dit is almal geleentheidsgeskrifte, egte briewe, aan soveel gemeentes, onder soveel omstandighede. Wat bind hier alles saam tot 'n eenheid? By nadere ondersoek vind ons drie lyne. Die eerste is aangetoon deur Dodd (bogenoemde werk). Dit is die grondleggende prediking (kêrugma), waarop Paulus steeds teruggryp en waarop die ontvouende prediking (didaskalia) gebaseer is. Dit is die betekenis van die bekende samevatting van die Evangelie (Rom. 1:1-3, 10:9; 1 Kor. 11:23-25, 15:3-7; Fil. 2:6-11) en die "betroubare woorde" in Tim. en Tit. Dit bind die Briewe saam en verbind die Briewe ook met die grondleggende prediking *van* Paulus en Petrus in Handelinge. Dit gee egter nog nie die besondere gesigspunt op die prediking van Paulus nie. Die laaste is veral gesoek in die Brief aan die Romeine, en wel in die Regverdigmaking deur die geloof. Deur Ridderbos (bogenoemde werk) word in aansluiting by nuwere ondersoeke aangetoon dat nie Rom. 1:17 nie, maar Gal. 1:15, 16 die uitgangspunt bied vir die prediking van Paulus. Paulus gryp hier terug op wat met hom gebeur het op weg na Damaskus (Hand. 9:5). Die openbaring is hier: Jesus is *waarlik* die Christus, die Seun van God. Dit is die beheersende in die prediking van Paulus. Dit sluit aan by Matt. 16:16, Joh. 20:28. Dit

kom egter aan op die besondere wyse waarop dit aan Paulus geopenbaar is. Dit was toe hy hom met alle krag daarteen verset het met die wet. Telkens kom Paulus maar weer hierop terug in sy Briewe. Hy kon dit nie vergeet nie. Dit is die tweede lyn wat loop deur die Briewe. Ons vind dit ook nie in Rom. 1:17 nie, maar in Rom. 1:1-4, en verder 1 Kor. 15:8 e.v.; 2 Kor. 4:1, 5:17-20; Gal. 1:14, 15; Ef. 1:2-5; Fil. 3:4 e.v tot in sy laaste briewe (1 Tim. 1:12-14). Dit is die (Openbarings-) historiese uitgangspunt vir die prediking van Paulus in sy Briewe, wat die Briewe self vir ons gee. Sy prediking is nie maar 'n voortsetting van die prediking wat aan hom oorgelewer is nie (1 Kor. 15:1-4) maar van wat op 'n besondere wyse aan hom geopenbaar is, in aansluiting by dit wat hy ontvang het (1 Kor. 15:5-8, 9-11). Van hieruit moet die Briewe van Paulus gelees word. 'n Waardevolle bydrae in hierdie verband is die werkie van Otto Weber: De *Boodschap van de Bijbel,* Wageningen, 1958 (die gedeelte oor die Nuwe Testament, veral oor Paulus).

Die openbaring dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God is, beteken niks anders nie as dat die Koninkryk van God, wat Paulus nog steeds verwag het, in Christus reeds gekom het. Al kom die uitdrukking self daar nie dikwels voor nie, dit gaan in die Briewe van Paulus oor niks anders nie as oor die Koninkryk van God wat sal kom, maar wat ook reeds gekom het in Christus, wat geheel en al beslag gelê het ook op sy lewe. Uitsprake soos Rom. 1:1; 1 Kor. 1:1 ens., Rom. 14:6-9; 1 Kor. 6:12-15; 2 Kor. 5:15, 17 e.v.; Gal. 2:19-20; Fil. 1:21, 22 moet in hierdie lig gelees word. Die Briewe van Paulus is niks anders as ontvouing van die Koninkryk nie. Uit die oogpunt gelees sien ons hier alles in samehang, ook in samehang met die hele Nuwe Testament en word die ou waarhede nuut.

Hiermee is ook die vraag beantwoord oor die metode van behandeling van die Briewe. Moet dit in die Openbaringsgeskiedenis in hulle chronologiese volgorde behandel word, of in die volgorde waarin dit staan, soos dit behandel word in die Kanoniek? 'n Beswaar is dat daar allerlei onsekerhede bestaan omtrent die tyd van ontstaan van die Briewe. Op so 'n onsekere grond kan ons nie beweeg nie. Meer nog: Dit gaan vir ons nie om die ontwikkeling van die leer by Paulus nie (as daar ooit so iets as 'n ontwikkeling by hom bestaan het), maar om die Godsopenbaring by Paulus, soos dit sig ontvou in aansluiting by die allerlei en velerlei, waarvoor Paulus te staan gekom het in sy bediening. Die volgorde van die Briewe is van minder belang vir die Openbaringsgeskiedenis. Die aangewese weg is die wat deur Grosheide gevolg is in die aangehaalde werk: *Die Briewe soos dit in die Kanon staan.*

2. DIE VRYHEID VAN EKSEGESE [1]

Die vraagstuk van die vryheid van eksegese kan gesien word van die kant van die objek, of van die kant van die verhouding tussen subjek en objek, of eintlik van die kant van die subjek — meer konkreet:

1. Die vryheid van eksegese en die Heilige Skrif.
2. Die vryheid van eksegese en metode.
3. Die vryheid van eksegese en die Kerk.

By die behandeling hiervan bepaal ons ons hoofsaaklik by die vraagstuk in soverre dit die eksegese van die Nuwe Testament raak.

I. DIE VRYHEID VAN EKSEGESE EN DIE HEILIGE SKRIF

Hiervan sê C. H. Dodd: " ... today the Bible is sufficiently emancipated from dogmatic schemes for the humanist to feel perfectly free to claim his rights in it",[2] en verder, dat as die rede van die mens hom moes onderwerp aan enige uitwendige outoriteit "there would seem to be an end of intellectual adventure and discovery".[3] Ons laat hier 'n kort oorsig volg oor die "ontdekkingstogte" van hierdie geëmansipeerde Skrifondersoek, en bepaal ons by ons 20e eeu, wat groot veranderings gebring het ook op die gebied van die Nieu-Testamentiese Wetenskap.[4] In die vorige eeu het die ondersoek hom hoofsaaklik besig gehou met die skrywers en die ontstaan van die boeke van die N.T. Tans is dit gerig op die boeke self en die interpretasie van hulle inhoud.[5] Die verskuiwing het gegaan van die sg. inleidingsvraagstukke na die eksegese. Die vraag is nou nie meer soseer wie het die boek geskrywe nie, maar: wat bevat die boek? Dit is ook nie maar die eeu van ideë nie, maar van persoonlikhede. "Personality may in truth be described as the key to the religious spirit of the age. The storm centre of 20th century criticism is no longer the books of the New Testament, but the Person of Christ".[6]

So kom ons by die gereduseerde Cnristendom[7] van Harnack en sy skool, wat daarop aanspraak maak dat dit geheel en al gebaseer is op suiwer wetenskaplike beginsels, en dat dit die eerste was wat die wetenskaplik-historiese metode op die Nuwe Testament toegepas het,[8] om so die werklike Persoon van Jesus te ontdek agter die Evangelies. Die "wetenskaplike" van hierdie metode bestaan (a) in die bloot willekeurige beperking van die evangeliese bronnemateriaal tot wat die sinoptiese evangelies *gemeenskaplik* het.[9] "Their conception of the person of Jesus is then based on the slender evidence... furnished by these very much reduced and meagre materials"[10]; (b) in die verwydering van al die bonatuurlike uit hierdie gereduseerde stof. Harnack, deur Schmiedel genoem die "Ontdekker van die wese van die Christendom", het dit met die rasionalisme van die 19e eeu veral teen die wonders. Die genesingswonders kan nog deur, want die is

---

[1] Inougurele rede van prof. W. J. Snyman, Theol. Drs., hoogleraar in die N.T.-vakke, Teologiese Skool en P.U.K., Potchefstroom. Uitgespreek op 3 November 1946. [*Koers,* v. 14, no. 4, 1946/47, pp. 121-140.]

[2] C. H. Dodd: The Authority of the Bible, London, 1928, p. 2.

[3] a.w., p. 14.

[4] Vir die volgende oorsig vgl. Maurice Jones: The New Testament in the Twentieth Century, London, 1934.

[5] M. Jones, a.w., p. 2.

[6] M. Jones, a.w., p. 6.

[7] M. Jones, a.w., p. 20.

[8] M. Jones, a.w., p. 13.

[9] Die sg. Tweebronne-hipotese. Markus bied ongeveer die stof wat al drie die Evv. gemeenskaplik het; die Logiabron word gekonstrueer uit die gemeenskaplike stof van Mattheus en Lukas.

[10] M. Jones, a.w., p. 14.

enigsins verklaarbaar op psigologiese gronde, veral duiweluitdrywings.[11] Net die verstaanbare is bestaanbaar. Van die "leë graf" heet dit dat dit in geen geval "als ein sicheres[12] geschichtliches Factum gelten kann, weil es mit offenbar sagenhaften Zügen (engele!) verbunden erscheint".[13] Hier is Harnack van die streng wetenskaplike grondslae af en vaar hy in die anti-supranaturalistiese waters van die rasionalisme. Volgens Bousset het die geloof van die gemeente nie slegs "die viel starkere Betonung der Person Jesu, und den Messiasglauben eingetragten, er hat dieses Lebensbild auch mit dem Nimbus der Wunderbaren umgeben".[14] Die Persoon van Jesus is dus begrawe onder die gemeentegeloof, en daaruit moet die werklike persoonlikheid wetenskaplik ontdek word. Wat hieruit te voorskyn kom, is egter niks anders nie as 'n Jesus wat ingedwing is in mensemaat en mense-psigologie, om hom te laat inpas in ons moderne kultuur-ideale.[15]

Hiermee is die volgende stap voorberei. Was Jesus inderdaad nog die Christus? "They have made such wholesale concessions to criticism that it was wellnigh impossible to identify the Jesus of the Gospels, as they conceive Him, with the Christ..."[16] Hierdie identiteit word ontken deur Wrede. Die Christusprediking is as wesensvreemde bestanddeel ingedra in die Evv.[17] Nie Jesus nie, maar Paulus is, volgens Wrede, die stigter van die Christendom.[18] Hiermee is (a) 'n breuk geslaan in die verbinding Jesus-Christus en die Christendom losgemaak van Jesus; (b) die eenheid van die Nuwe Testament opgebreek in twee stukke,[19] nl. die "Leer van Jesus" tot onherkenbaar-wordens toe oorgeteken met die "Teologie van Paulus". "The varnish which it lays on so overspreads the whole canvas that it is impossible to see through it and reach the historical Christ".[20] Die kritiek het hom tans voor die vraag gestel, nie meer: Was Jesus die Christus? nie, maar: Het Jesus bestaan? Dit bring ons by die uiterste konsekwensie van die ongebonde Skrifondersoek, nl. die algehele ontkenning van die bestaan van Jesus.

Die 20ste eeu is die eeu van groot ontdekkings, die eeu van die vergelykende Godsdienswetenskap. Uit die Babiloniese oudheid het die godegestaltes Mardoek, Tammuz, ens. herrys. Die Grieks-Oosterse misterie-godsdienste met hulle sterwende en herrysende godhede, Attis, Serapis en Mitras, het aan die lig getree. Op godsdienstige gebied is daar verruiming van blik, wat die volgende inhou: a) vir die Nuwe Testament, dat dit losgemaak word van die O.T., en opgelos word in die godsdienstige literatuur van die tyd;[21] b) vir die Christendom, dat dit losgemaak word van Jesus, en opgelos word in die godsdienstige en sosiale strominge van die tyd; c) vir Christus, dat Hy losgemaak word uit die geskiedenis en vervlugtig word tot 'n mitiese persoonlikheid. Ook hierdie uiterste konsekwensie is getrek, en wel met verteenwoordigers uit alle dele van die

---

[11] Adolf Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichte 13, 1894, p. 64.
[12] Hierdie onsekerheid is tiperend van die Historiese Skool.
[13] A. Harnack, a.w., p. 82.
[14] W. Bousset: Kurios Christos, 1926, p. 57 e.v.
[15] Albert Schweitzer: Geschichte der Leben Jesu Forschung, 1933, p. 633.
[16] M. Jones, a.w., p. 29.
[17] A. Schweitzer, a.w., p. 375.
[18] M. Jones, a.w., p. 38.
[19] Vgl. Die opbreking van die N. Test. deur Baur, die "ontdekker" van die "dogmatic purpose" in die geskrifte van die N.T., O. Pfleiderer: The Development of Theology, 1909[3], p. 231.
[20] Vgl. Geerhardus Vos: The Self-disclosure of Jesus, 1926, p. 67.
[21] Vgl. M. Jones, a.w., p. 9 "... that its relation to the Old Testament became obsolete, and it is becoming more clearly understood every day that... the New Testament, must be studied in relation to all literature". [Die posisie van die voetnoot word nie in die teks aangedui nie. Dit word hier geplaas sodat dit nie verlore gaan nie - Willem Swanepoel]

moderne Christendom.[22] Hierdie "religionsgeschichtliche" metode het hom aangedien as die sleutel van al die onopgeloste probleme.[23] Dit het 'n oplossing gegee van die vraagstukke, maar deur Christus, die Christendom, die Nuwe Testament inderdaad op *te los,* en dit tereg met die aanspraak, dat dit die enigste en logiese konsekwensie is van die kritiese metodes van die histories-wetenskaplike skool.[24] "Wij aarzelen niet het gevaar dat van de zijde der vergelijkende Godsdienstwetenschap dreigt, nog veel ernstiger te noemen dan dat van de letterkundige Schriftkritiek. Want wel wordt ook door het ontleedmes der laatste het lichaam der Schrift schier hopeloos in stukken gesneden, maar de vergelijkende Godsdienstwetenschap zoekt rechtstreeks het Openbaringskarakter van de Schriftinhoud te weerspreken".[25]

Hierdie oorsig sluit ons af met R. Bultmann, 'n tydgenoot en verteenwoordiger van die jongste metode van Skrifkritiek, nl. die Vormhistoriese metode. Dit is gerig veral op die sg. "raamwerk" van die Evangelies, en wil die oorspronklike tradisie vind agter die geskrewe bronne om ons so metodies-wetenskaplik te bring by die werklike persoon van Jesus. Die oorspronklike tradisie sou dan saamgestel wees uit klein eenhede, en so te sê alle verwysing na tyd en plek dien maar net om die stukkies saam te bind tot groter eenhede, en is fabrikaat van die evangeliste.[26] So word deur middel van "stylkritiek" Jesus losgemaak uit die historie. Veral word daarin geslaag om op handige manier los te kom van die wonder. In die buitekanoniese wonderverhale, bv. by Lucianus, vind ons gewoonlik die aanwending van vreemde klanke (towerspreuke). Jesus gebruik ook "vreemde woorde" bv. "Talita kûmi", "Ephphata", derhalwe is dit verdig.[27] Om die uiters willekeurige hiervan in te sien, dien slegs die herinnering dat ons in die uitdrukkinge nie te maak het met "vreemde klanke" nie, maar met die moedertaal van Jesus, wat Markus bewaar. Die naspeur van die stylwette is verder "A very difficult process, and one to be pursued with great caution",[28] en — hiervan is ons dan afhanklik om gebring te word by die "werklike Jesus". Selfs hiervoor is daar egter geen waarborg nie. Na spitsvondige ondersoek is die resultaat van Bultmann: "for no single word of Jesus, is it possible to produce positive evidence of its authority".[29]

Dit blyk dan dat die "vrygemaakte Skrifondersoek"[30] gekenmerk word deur die volgende: (1) Daar is geen halfweg nie, maar die uiterste konsekwensies van die kritiek sit in die kiem opgeslote. "Bij al zulke methoden gaat het in den grond der zaak om een zuiver immanente verklaring... Wie eenmaal dezen weg opgaat, raakt uit het rechte spoor, en zal zijns ondanks verder gedrongen worden. Het is Gods genade, die velen voor doorhollen bewaart".[31] (2) Dit lei tot vernietiging van die Nuwe Testament (a) as *geskrif,* vgl. die Vormhistoriese metode, waar dit gekom het tot letterlike versnippering, en ook (b) wat betref sy inhoud, waar dit in ons eeu uitgeloop het op die mitisering van die Persoon van Christus en brute ontkenning van sy bestaan. "Erkent de Christelijke theoloog ook slechts op een cardinaal punt de bewering van de historische critiek aangaande de Heilige Schrift, zoo ontvalt hem hiermee geheel het principium, waaruit

---

[22] Vir Engeland: J. M. Robertson; vir Duitsland: Albert Kalthoff, Peter Jensen, Arthur Drews; vir Amerika: W. B. Smith. Vir hierdie nuutste bestryding van die historiese bestaan van Jesus, kyk A. Schweitzer, a.w., p. 444 e.v.

[23] A. Schweitzer, a.w., p. 449.

[24] M. Jones, a.w., p. 64.

[25] Dr. G. Ch. Aalders: De Heilige Schrift en de vergelijkende Godsdienstwetenschap, Kampen, p. 2.

[26] R. Bultmann: The Study of the Synoptic Gospels, in die uitgawe F. C. Grant, Form Criticism. New York, 1934, p. 25.

[27] R. Bultmann, a.w., p. 36, 38.

[28] R. Bultmann, a.w., p. 29.

[29] R. Bultmann, a.w., p. 61.

[30] Vgl. 60, p. 1.

[31] Dr. F. W. Grosheide: Hermeneutiek, Amsterdam, 1935, p. 94.

zijn theologie leeft".[32] (3) Daar is by alle verskil van mening eenstemmigheid op ten minste een punt, nl. dat daar in die Persoon en die werk van Jesus niks bonatuurliks is nie, "nothing that need oppress mankind with the loaden weight of an infallible authority demanding blind belief".[33] Van hierdie "resultaat" moet dit egter gesê word dat dit in werklikheid geen *resultaat* is nie, maar *uitgangspunt,* waardeur die *ongebonde* Skrifondersoek van begin tot end *gebind* is. (4) 'n Nuwe gesagsmoment, erger as die pouslike, gepaard met groot willekeur, word ingeskuif tussen Jesus en die gelowige, wat veel beloof maar tot niks anders as verwarring en onsekerheid[34] voer nie. Die *ongebonde* Skrifondersoek blyk dus nie alleen *gebonde* te wees nie, maar ook *bindend.*

As enigste alternatief teenoor hierdie vrygemaakte Skrifondersoek, wil ons dan stel *Skrifgebonde* Skrifondersoek, en ons vereenselwig ons met die standpunt ingeneem deur die Geref. Kerke in Nederland, o.a. op die Sinode van Assen, waar dit óók gegaan het oor die vryheid van eksegese en die Heilige Skrif,[35] nl. dat die Skrifkritiek in elke vorm afgewys moet word, en dat weerstand gebied moet word teen elke motief wat vir die prinsipiële erkenning van die kritiek die deur open.[36]

Dit is egter nodig om hierby die volgende vrae onder oë te sien: (1) Is so 'n Skrif gebonde Skrifondersoek wetenskaplik? Die vryheid van Skrifkritiek is juis opgeëis in die naam van die wetenskap. Ons meen egter dat ons die hand kan lê op 'n ernstige begripsverwarring: "Wetenskap" word hier gebruik in 'n heel beperkte sin van die woord, nl. in die sin van "Natuurwetenskap".[37] Hierdie verenging van die begrip is iets spesifiek negentiende-eeus. Elke wetenskap het 'n eie objek, waardeur die metode van ondersoek bepaal moet word.[38] Derhalwe is dit onwetenskaplik om die metode wat geld vir een wetenskap oor te bring op 'n wetenskap met 'n ander objek van ondersoek. Dit is dus *onwetenskaplik* om die *histories-wetenskaplike* metode toe te pas op die Heilige Skrif, en m.n. op die Nuwe Testament, en beteken nie *vrymaking* nie, maar *verknegting* van die ondersoek, nl. in die greep van 'n vreemde metode. (2) Kan daar by so 'n Skrifgebonde Skrifondersoek nog sprake wees van vryheid? Die reg van die kritiek is ook opgeëis in die naam van vryheid.[39] Met sy losmaking van die Skrifgeloof het die N.T. wetenskap egter verval in 'n ander diensbaarheid, nl. in die greep van die kousaliteit,[40] en het so die geloof in die almag van God slegs ingeruim vir die geloof in die almag van analogie en korrelasie.[41] Die vryheid van die eksegese *in* sy Skrifgebondenheid kan tans nader omskryf word. Met die Skrifgeloof is gegee die vrymaking van ons denke uit die onverbiddelike wet van oorsaak en gevolg, nl. deur die geloof in God wat vrymagtig kan handel en gehandel het in die geskiedenis tot verlossing. Vir die eksegese is dit van groot betekenis, nl. die reg en die vryheid om die Skrifte te kan verklaar vanuit die almag van God, wat verlossend ingegryp het in die geskiedenis,[42] en so uit die

---

[32] Dr. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid II, 1894, p. 335.

[33] D. F. Strauss, aangehaal deur O. Pfleiderer, a.w., p. 240.

[34] "De strijd werd gevoerd op het gebied der historische zekerheid, en op dit terrein moet wel een onuitputtelijke bron van onzekerheid en verwarring ontstaan". Dr. G. C. Berkouwer, a.w., p. 74.

[35] Acta der Buitengewone Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, Assen, 1926, Bylage XVI, p. 49.

[36] Dr. G. C. Berkouwer, a.w., p. 294.

[37] Vgl. G. C. Berkouwer, a.w., p. 8.

[38] Vgl. G. C. Berkouwer, t.a.p.

[39] C. H. Dodd, a.w., t.a.p.

[40] "... bij de gewone geschiedenis (is het toch) steeds de toeleg, om den gang der gebeurtenissen genetisch, alle gevolg uit eene bekende oorzaak te verklaren". A. Kuyper: Encyclopaedie der H. Godgeleerdheid III, 1894, p. 154, vgl. F. W. Grosheide, a.w., p. 94: "Alles moet causaal kunnen worden opgebouwd, het wonder wordt in principe geloochend, en daarmee het bijzondere ingrijpen Gods in de historie."

[41] Vgl. G. C. Berkouwer, a.w., p. 64.

[42] "Immers wat voor haar (de Historia Sacra) hoofdzaak is en blijft, is juist de inwerking van de

heerskappy van die sonde en die dood bevry het.[43] So is die geloof in Christus inderdaad 'n vrymakende krag nie alleen vir die eksegetiese nie, maar vir alle wetenskap.[44] "His complete power over nature can hardly be challenged by those who recognise His personality as Divine, and believe that He afterwards rose from the dead".[45] (3) Mag daar dan nie ondersoek ingestel word na die ontstaan van die Nuwe Testament en sy samestelling nie? Ja wel, maar dit behoort nie tot die gebied van die eksegese nie, maar van die Kanoniek. Daar gee ons ons rekenskap van ons geloof in die Heilige Skrif, en kom ter sprake die faktore wat meegewerk het tot die erkenning van die Kanon[46] en sy afsluiting.[47] Daar word ook behandel die Kanonidee,[48] nl. dat die Heilige Skrif 'n *maatstaf* wil wees. Die eksegeet moet die Heilige Skrif dus ontvang as Kanon, wat nie onderworpe wil wees aan ons kritiese denke nie, maar as die Woord van God, wat 'n "beoordelaar is van die oorlegginge en die gedagtes van die hart",[49] 'n gedagte wat weer plek gekry het in die teologiese denke van ons tyd.[50]

Dit sluit 'n belangrike beperking in vir die vryheid van die eksegese. "Het is de taak der natuurwetenschap den aard en werking van het geschapene te onderzoeken, niet of het geschapene bestaat. Gelijk de natuurwetenschap uitgaat van het bestaan van het geschapene, zoo de exegese van het bestaan van de Schrift als Goddelike Openbaring".[51] Deur die wonder van die Skrif en in die Skrif te ontken, is die kritiese wetenskap verplig om die *ontstaan* van die Skrif en die Skrifinhoud te verklaar. Dit het D. F. Strauss reeds ingesien. "If anyone denies the historical validity of a story universally believed, we have a right to demand not only the grounds of his opinion, but an explanation of the process by which the historical narrative has come in existence". Met die verklaring van die *ontstaan* van die Skrif en die Skrifinhoud is die kritiese Skrifondersoek nog nie gereed nie. Tot eintlike eksegese, nl. die verklaring van die Skrifinhoud self, kon dit nog nie kom nie. Van *eksegese* kan daar dus alleen sprake wees op Skrif-gelowige standpunt. Deur Skrifgeloof is die hande vry om met die eintlike taak te begin.

II. DIE VRYHEID VAN EKSEGESE EN DIE METODE

Die vryheid van die eksegese moet vervolgens bepaal word met betrekking tot die verhouding tussen subjek en objek. Dit bring ons by die vraag na die vryheid van eksegese en metode. Hier gaan ook 'n kort beskouing van verskillende metodes vooraf om ons te bring tot die vraag. Ons bepaal ons by 'n paar nuwere metodes, met die gemeenskaplike kenmerk dat daarin weer gevra word na die *Woord van God,* en wel die Woord van God *vir ons*.[52] Dit sal egter blyk hoe by die poging om teenoor die historiese skool[53] die afstand van die eeue te oorbrug, die grens tussen subjek en objek vervlugtig

---

Goddelike factor, die den loop der gebeurtenissen ombuigt, maar er nie causaliter uit voorkomt". A. Kuyper, a.w., t.a.p.

[43] Hebr. 2:14 e.v.

[44] Joh. 8:32.

[45] J. H. Bernard: The Gospel According to St. John I, 1928, p. CIXXXii.

[46] F. W. Grosheide: Algemeene Canoniek van het Nieuwe Testament, Amsterdam, 1935, p. 132 e.v.

[47] F. W. Grosheide, a.w., p. 193 e.v.

[48] F. W. Grosheide, a.w., p. 6 e.v.

[49] Hebr. 4:12.

[50] Vgl. J. C. Franken: Kritische Philosophie und Dialektische Theologie, Amsterdam, 1932, p. 32 e.v., 104 e.v.

[51] F. W. Grosheide, a.w., p. 27.

[52] Oor die nuwere metodes vgl. o.a. Erich Fascher: Vom Verstehen des Neuen Testamentes, Giessen 1930; F. W. Grosheide: "Theologische Exegese" in Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, Jan. 1937, p. 11 e.v.; E. P. Groenewald: Die Eksegese van die Nuwe Testament, Pretoria, 1938, p. 13 e.v.

[53] "Men werkt zuiver historisch, zuiver grammatisch, zuiver psychologisch. En de inhoud der

word.

(a) *Die godsdienspsigologiese metode, met sy belangrikste verteenwoordigers G. Wobbermin en K. Gergensohn*.[54]

Wobbermin onderskei tussen die religieuse oortuiging en die konkrete uitdrukking daarvan, en stel die vraag: "Wie erfahre ich das in dem Begriff aufgespeicherte oder erstarrte Erlebnis".[55] Dit word dan bereik langs die weg van produktiewe "Einfühlung". Om religieuse ervaring te hê, moet ek my invoel, en omgekeerd; om my te kan invoel, moet ek religieuse ervaring hê. Deur hierdie sirkelmetode[56] word subjek en objek in 'n wedersydse afhanklikheidsverhouding gestel, word die grens tussen beide vervaag, en bestaan daar gevaar dat "jedes Auslegen Selbstansagung" word, en "jedes Verstehen eines anderen zuglich in Hineindeuten des Ich in den Anderen".[57] Hier is dus inderdaad oorbrugging van die eeue, maar op die gevaar af dat die grens tussen subjek en objek verdwyn. Ook by Gergensohn gaan dit teen "historisme", wat deur afstand, en teen "psigologisme", wat deur vermensliking,[58] die Woord van God vernietig. Daarom wil hy 'n pneumatiese eksegese, wat, om geen "zuchtlose Glossalalie" te wees nie, aan die letterlike sin van die Skrif gebind moet wees. Aan die ander kant moet hierdie aards-menslik-psigologiese eksegese, om nie "zuchtlose Glossolalie" te wees nie, aan die "ganz tiefe pneumatische Auslegung"[59] gebind wees. Girgensohn het 'n tweeslagtige Skrifopvatting[60] en parallel daarmee 'n tweeslagtige eksegese, nl. 'n histories-psigologiese (wetenskaplike) en 'n pneumatiese.[61] Kritiek: Waar naas 'n wetenskaplike uitlegging ook nog 'n "diepere sin" gestel word, bestaan die gevaar dat vir "pneumaties" aangesien word, wat niks anders as 'n eie inval is nie.[62] Hy wil ook die ware sin agter die Woord, en verval daarmee in subjektivisme.[63]

(b) *Die dialektiese metode*

Karl Barth wil kom tot die ewige Woord, los van die geskiedenis. Hy wil op 'n bepaalde oomblik deur God toegespreek wees.[64] Sy metode is: Losmaking van die Woord van die skrywer en die tydsomstandighede. Dit gaan bloot om die "Wortlaut des Textes".[65] Hierdie losmaking van die Woord gee egter aan Barth die opening om die dialektiese skema van Kierkegaard,[66] nl. van "die oneindige kwalitatiewe onderskeid tussen tyd en ewigheid" in te lê in die mond van Paulus. Barth voel dit self, en teen die bedenking dat dit meer in- as uitlegging is, vra hy die reg om hierdie vooropsetting, dat Paulus ook so gedink het, van vers tot vers te toets.[67] Dit kom neer op die toepassing

---

Schrift, die geen andere waarde heeft, dan een eerbiedwaardige mening uit vroegeren tijd, komt op den achtergrond, heeft geen belangstelling meer". F. W. Grosheide, a.w., p. 11. In die historiese skool word die *verskil* tussen subjek en objek benadruk, maar ten koste van die Woord Gods.

[54] Vgl. K. J. Cremer: De Duitsche Godsdienstpsychologie, Amsterdam, 1934, p. 95 e.v.

[55] E. Fascher, a.w., p. 20.

[56] E. Fascher, a.w., p. 22.

[57] E. Fascher, a.w., p. 23.

[58] E. Fascher, a.w., p. 26.

[59] E. Fascher, a.w., p. 27.

[60] Girgensohn spreek van die "Geistleiblichkeit" van die Heilige Skrif, vgl. F. W. Grosheide, a.w., p. 6.

[61] F. W. Grosheide, a.w., t.a.p.

[62] E. Fascher, a.w., p. 29.

[63] F. W. Grosheide, a.w., p. 15.

[64] F. W. Grosheide, a.w., p. 14.

[65] Karl Barth: Der Römerbrief, München, 1933, Vorwort, p. XIII.

[66] Karl Barth, a.w., t.a.p.

[67] Karl Barth, a.w., p. XIV.

van 'n natuurwetenskaplik-eksperimentele metode[68] op die Heilige Skrif, i.c. om Paulus hom te laat naspreek totdat Paulus hom weerspreek, "dann werde ich mich ja im Verlauf seines Textes selbst ad absurdum führen".[69] Die eksegese van Barth verloop in willekeur en subjektivisme.[70] "Het standpunt van Barth is de dood voor alle waarachtige exegese".[71] Van Paulus word gemaak 'n "Barthiaansch Theoloog".[72] Tot dusver het die dilemma gebly: Objeküwiteit, maar dan 'n onoorbrugbare afstand tussen subjek en objek, òf: die afstand oorbrug, maar dan ten koste van die grenslyn tussen subjek en objek, sodat die Woord van God oorvloei in die mensewoord[73] en vice versa.

(c) *Die dinamiese metode van E. Fascher*

Reëls, metodes, analises en parallelleversamelings bring tot *ongeveer* wat Paulus gedink het.[74] Maar verder? Dan eers het ons reg verstaan waar die spanning tussen subjek en objek so sterk is "dass die überspringende Funke Erleuchtung, weil Einigung, bringt".[75] Dit is die "Wunder des Geistes".[76] Hier geld geen metode meer nie, dit is genade en geskenk. Hier, waar die gedagtes van die N.T., wat "gelebtes Leben" bevat, in my lewe oorgaan, hou verklaring op. Dit is oorgang van aktiwiteit in passiwiteit, van *ginoskein* in *ginoskesthai.* Hier is metode op 'n end en tree *charisma* in. Die *hermeneuein* het oorgegaan in *marturein,* eksegese in getuienis,[77] soos by die dialektiese metode die eksegese oorgaan in dogmatiek.[78] Waar metode op 'n end kom, soos by Fascher, vervloei die objek in die subjek, eksegese in getuienis. Die vraag is: waar is die lyn tussen Gods Woord en outosuggestie?

Die probleem kan nou gestel word. "God moet in de Schrift blijven spreken, want dat is hare bijzonderheid. Spreekt God niet meer, dan is er geen Schrift meer. Hij moet tot mij blijven spreken".[79] Die vraag is nou: Is daar 'n metode, om God te laat spreek tot ons, sonder dat ons 'n woord meespreek? Die antwoord hierop is: Dit kan alleen deur bewaring van die eenheid van die Skrif.[80] Dit beteken (a) die bewaring van die eenheid in die Skrif, nl. van die Goddelike en menslike in die Skrif. Dit is trouens geheel in ooreenstemming met die Self-getuienis van die Heilige Skrif. "Het 'daar staat geschreven' is dan ook volgens de Schrift zelf de aanwijzing van wat God spreekt door den Heiligen Geest. Daarom zegt de Schrift ook, dat zij zelf in haar eenheid als 'de Schrift' *spreekt,* zij *zegt* het Woord Gods".[81] Die eenheid van die Skrif hou dus in: die onafskeidelike eenheid van die Gees (Pneuma) en die Letter (Gramma). Kragtens hierdie karakter van die objek van ondersoek moet die newestelling van twee soorte eksegese, die "irdisch-menschliche-psychologische" en die "ganz tiefe pneumatische"

---

[68] Hoe skerp Barth hom ook al uitspreek teen die "exakte Wissenschaft" van die historici, vgl. Römerbrief, Vorwort, p. X.
[69] Karl Barth, a.w., t.a.p.; Fascher vra: "Wer führt seine eigene Exegese gern ad absurdum?" A.w., p. 39.
[70] F. W. Grosheide, a.w., p. 14.
[71] F. W. Grosheide, a.w., t.a.p.
[72] F. W. Grosheide, a.w., t.a.p.
[73] Vgl. dr. K. Sietsma: "Woord en Geest" in Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, Aug. 1933, p. 174.
[74] E. Fascher, a.w., p. 145.
[75] E. Fascher, a.w., p. 147.
[76] E. Fascher, a.w., p. 148.
[77] E. Fascher, a.w., t.a.p.
[78] F. W. Grosheide, a.w., p. 15.
[79] F. W. Grosheide: Hermeneutiek, p. 86 e.v.
[80] Uit die besproke metodes is duidelik: Subjektiwiteit (ons meespreke) begin op die punt, waar hierdie skeiding in Gods Woord voltrek word.
[81] J. C. Sikkel: De Heilige Schrift en haar Verklaring, Amsterdam, 1906, p. 44.

(Gergensohn),[82] wat saamval met die onderskeiding "Wetenskaplike" en "Pneumatiese" eksegese,[83] van die hand gewys word. Met die Pneuma en die Gramma moet die pneumatiese en grammatiese eksegese één wees, en is die regte pneumatiese eksegese wetenskaplik, en die regte wetenskaplike eksegese pneumaties. Dus nie "dat er na de litterair-historische, en dus wetenschappelijke, verklaring een theologische moet zijn, die eigenlijk het terrein der wetenschap verlaat. Veeleer handhaven wij van de theologische Schriftuitlegging... het wetenschappelijk karakter".[84] En so "komt de theologische uitlegging niet na de litterarische, maar het is het ééne zelfde Schriftuitlegging, die beide kwaliteiten in zich vereenigt. Immers de Godsopenbaring is ons gegeven in de vorm van het historisch gewordene menschelijk woord, dat als zoodanig litterair-historisch moet worden verklaard".[85]

Ons konkludeer a) dat kragtens hierdie eenheid van letter en Gees in die Skrif, die Woord van God metodies-wetenskaplik kan vasgestel word, b) dat so alleen die grenslyn tussen subjek en objek suiwer gehandhaaf kan word, en c) dat metodies die vryheid van die eksegese so aan bande gelê moet wees dat dit op geen punt afwyk van die letter van die Skrif nie. In hierdie verband kan nog herinner word (1) aan die betekenis van voegwoorde, voorsetsels, naamvalle, tye en wyse,[86] soms in 'n "jota" bestaande. Daarom moet die lettergebondenheid (ook) van die ("pneumatiese") eksegese letterlik opgevat word. Dit kan alleen as "letterknegtery" bestempel word deur die wat nie insien dat die Heilige Skrif 'n organisme is nie. Van 'n organisme geld: die dele is in die geheel, maar die geheel is ook in die deel, tot in die kleinste.[87] Die bedoeling van die Heilige Gees hang soms aan 'n letter. Daar is dus nie 'n punt waarop vasgestel kan word: hier hou die Goddelike op, en hier begin die menslike in die Heilige Skrif nie — en daarom geld vir die uitlegging: "Nooit heeft ze een punt of een oogenblik, waarop ze te doen zou hebben met het Woord Gods, losgemaakt van de menschelijke taal, en waarop ze dus wel theologisch, maar niet litterair zou zijn".[88] (2) Grammatika ken ook oneintlike (tropiese) en onreëlmatige spreekwyse (figure). "De grammatica leert ons toch dat bijv. in het Grieksch somtijds iets is weggelaten, of (Syntactisch) minder nauwkeurig[89] uitgedrukt is".[90] Gods Woord ken metafoor, hiperbool, allegorie. Paulus se siel straal deur die logies gebroke konstruksie (anakolouth). Grammatiese gebondenheid beteken dus trope moet tropologies, allegorie moet allegories verklaar word. Allegoriese en tropologiese eksegese is grammaties gebonde. Die eksegese is *nie vry* om 'n allegorie letterlik, of ook parabolies te verklaar nie. Maar dit beteken met eweveel klem dat die historie histories moet verklaar word en nie simbolies nie. By profesie mag weer aan die visioen geen reële bestaan toegeken word nie,[91] veral mag daar nie geskiedenis van die toekoms gemaak word nie. Metodies moet al hierdie soorte vryhede aan die eksegese ontsê word, op straf van ontsporing.

Die eenheid *in die Skrif* beteken ook dat die band tussen die Heilige Gees as Auctor Primarius en die auctor secundarius gehandhaaf moet word. So is die eksegese ook histories gebonde. Van wie 'n geskrif afkomstig is, aan wie gerig en onder watter

---

[82] Vgl. F. W. Grosheide: G.T.T. Jan. 1937, p. 6; E. Fascher, a.w., p. 27.

[83] Vgl. E. Fascher, a.w., p. 29, "dass neben die wissenschaftlichen Auslegung, oder über ihr, ein "ganz tiefer Schriftsinn" stehe".

[84] Dr. J. Ridderbos: Over de Uitlegging der Heilige Schrift, in Bijbelsch Handboek I, 1935, p. 383.

[85] J. Ridderbos, a.w., t.a.p.

[86] F. W. Grosheide: Hermeneutiek, p. 177.

[87] Vgl. 1 Kor. 12:12—31; veral vers 22.

[88] J. Ridderbos, a.w., p. 412.

[89] Wie Skrifkritiek hierop baseer, staan grammaties, en daarom wetenskaplik veroordeeld.

[90] J. I. Doedoes: Hermeneutiek, Utrecht 1869^{2}, p. 74.

[91] F. W. Grosheide, Hermeneutiek, p. 98.

omstandighede, is noodsaaklik vir die suiwere verklaring.[92] Die Openbaring is gegee nie alleen in menslike bewoordinge nie, maar ook in die menslike geskiedenis.[93] Die Boeke van die Skrif mag nie van die Skrif losgemaak, maar die Skrif mag ook nie losgemaak word van die eiendomlike van haar Boeke, en die historiese oorsprong van die Boeke nie.[94] Daarom is die eksegese ook psigologies gebonde. Toepassing van psigologiese kennis het dubbele waarde. (1) Die skrywer is die beste uitlegger van sy woorde[95] en sy bedoeling, en dit is 'n belangrike middel om te kom by die bedoeling van die Heilige Gees.[96] (2) Dit bring 'n dieper en inniger element in die verklaring as die formeel historiese.[97] Die Woord Gods is dus ook 'n histories-psigologiese gegewe. Daarom mag die Woord Gods nie met Barth losgemaak word van die skrywer en die geskiedenis nie, om so te kom tot 'n "Woord Teologie" nie. Dan word die Woord 'n hol klank wat opgevul kan word met eie fabrikaat. Daar mag dus geen skeiding gemaak word tussen teologiese (pneumatiese) en grammaties-historiese eksegese nie. Dit is een wetenskaplike arbeid. Maar, daarom mag ons ook nie met Fascher die aktiwiteit laat omslaan in passiwiteit, en die wetenskaplike eksegese laat oorloop in "Getuienis" nie. "Wanneer nu heel de Schrift naar inhoud en naar vorm voor ons Gods Woord is, dat we alleen door den Heiligen Geest recht kunnen verstaan, dan heeft dat voor de methode der uitlegging de grootste betekenis, en dan kunnen we op dezen grondslag komen tot een exegese, die waarlijk theologie is, wil men, tot een theologische exegese. Maar dan in den weg van *moeitevollen arbeid*,[98] die bij het begin begint, en tracht te komen tot het einde, een arbeid, die niets verwaarloost, die ook niet uit twee gescheiden deelen bestaat, een laager en een hooger, maar die als één arbeid de vraag tracht te beantwoorden, wat wordt ons hier door God geopenbaard".[99]

Alleen deur nougesette grammaties-historiese eksegese kan ons Gods Woord onderskei van eie gevoele. Dit bring egter by die Woord van God *vir toe.* Die vraag is na die Woord van God *vir nou.* By die bewaring van die eenheid *in die Skrif,* moet kom (b) die bewaring van die eenheid *van die Skrif te.* Die skrywer van 'n boek kan alleen uitmaak wat hy bedoel het. So kan die Heilige Gees alleen uitmaak wat Hy bedoel het. Die Heilige Gees is die enigste Outentieke Uitlegger van Sy Woord.[100] Dit beteken heel konkreet: Dat die Heilige Skrif nie 'n versameling, nie 'n bundel geskrifte is nie,[101] maar dat die Heilige Skrif, ondanks die groot verskeidenheid van skrywers en die geskeidenheid van eeue, 'n heilige eenheid is. Hierin lê die enigheid van die heilige Skrif, en sy verskil van alle ander geskrifte.[102] Dit gee die eksegese die reg en die vryheid om van een boek oor te stap na 'n ander. So kry ons die bedoeling van die Heilige Gees in die Heilige Skrif, deur van elke besondere deel deur te dring tot die Skrifgeheel, en die Skrifgeheel te laat spreek in elke onderdeel, woord en sin. Dan oorspan die Woord Gods die eeue, en word dit Gods lewende Woord *vir ons.* So is die afstand van die eeue oorbrug, maar sodanig dat God spreek sonder dat ons meespreek. So is die eksegese *pneumaties,* in die regte sin van die woord, nl. dat die Heilige Gees die Uitlegger van sy

---

[92] F. W. Grosheide, a.w., p. 173.
[93] J. Ridderbos, a.w., p. 410, vgl. J. C. Sikkel, a.w., p. 106.
[94] J. C. Sikkel, a.w., p. 109.
[95] Vgl. J. I. Doedes, a.w., p. 93 e.v.
[96] J. Ridderbos, a.w., p. 417.
[97] J. C. Sikkel, a.w., p. 113.
[98] Kursivering van my.
[99] F. W. Grosheide: Geref. Theol. Tijdschrift, Jan. 1937, p. 17.
[100] F. W. Grosheide: Hermeneutiek, p. 40 e.v.
[101] F. W. Grosheide: Hermeneutiek, p. 50.
[102] Hierdie onderskeid word ongelukkig deur Fascher oor die hoof gesien as hy sê: "diese Forderung, nl. die ständige Rückgang auf das Schriftganze... gilt für jeden profanen Text". A.w., p. 26. In die geval van die Heilige Skrif geld dit soveel geskrifte van soveel skrywers van soveel eeue, maar deur Één Gees.

Woord is. Die bedoeling van die Heilige Gees kan wel nie losgemaak word van die menslike outeur nie, maar is dikwels *meer* as die van die skrywer. Daarom is dit moontlik om die bedoeling van die Heilige Gees in die woord van 'n Bybelskrywer beter te sien, "omdat we een beteren maatstaf hebben: nl. wat we van de bedoeling des Geestes uit de overige Schrift weten".[103]

Die regte Skrifverklaring is verder *Christologies.* Christus is die Logos, die "Wort in den Wörtern".[104] Veral is daar in later tyd pogings aangewend om Christus los te maak uit die Evangelies. Hoewel daar besware bestaan teen sy metode is die konklusie waartoe Hoskyns kom, na sy kritiese ontleding van die verskillende evangeliese stowwe, van betekenis: "De bijzondere Christologie doordringt het aphoristisch onderwijs van Jezus, zoo als zij doordringt het verhaal van Zijne Wonderen en Zijne Gelijkenissen. De Christologie ligt achter de Aphorismen ... dit betekent, dat in geen geval de litteraire of historische criticus in staat is om in eenige laag van het synoptisch materiaal een bewijs te vinden, dat een Christologische verklaring is opgelegd aan een niet-Christologische historie".[105] Materieel is die eenheid en samehang van die Nuwe Testament in Christus gegee,[106] soos dit formeel gegee is in die Heilige Gees en die inspirasie. Die Nuwe Testament is die Boek van Christus.[107] So is die eksegese pneumaties, Christologies maar ook teosentries, want Christus is die Woord van God. Maar Hy is ook die Daad van God, veral deur die opstanding uit die dode.[108] Daar is "geen begrijpen van de bijzondere historie ... tenzij de "criticus" van te voren weet, ... zich God te denken als den Levenden en Werkenden God, om zich dan vrijelik te bewegen op het gebied van bewoordingen, niet alleen van Openbaring in het algemeen, maar van de Openbaring van de macht van den Levenden God in eene bijzondere historie".[109] Die belydenis van Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt. 16:17) is die sleutel ook vir die regte Skrifverklaring.[110]

Metodologies kan die vryheid van die eksegese tans omskryf word (a) as 'n vryheid om met inagneming van die besondere van elke skrywer, sig te beweeg van boek tot boek sowel van die Nuwe as van die Ou Testament; (b) as 'n vryheid om die Heilige Skrif te verklaar soos dit verklaar wil wees, nl. vanuit die werklikheid van 'n lewende God soos Hy Hom geopenbaar het in Christus Jesus, en vrymatig ingegryp het in die gang van die geskiedenis tot ons verlossing. (c) As 'n vryheid van onsself. "Der Exegest muss ganz selbst los sein, seine Arbeit fordert von ihm, dass er von eigenen spekulativen Gedanken und geschichtlichen Entwürfen völlig frei wird. Er steht lediglich unter der gewaltigen Objektivitat des Wortes Gottes. Aber gerade wenn er in der Schrift nicht sich selber, sondern nur Gott vernehmen will, wie er sich in der Schrift offenbart hat, dann wird er die Stimme Gottes hören und deuten".[111] "Hooger maar ook schooner taak kent de exegese niet".[112]

---

[103] J. Ridderbos, a.w., p. 397. Hier is ook die element van waarheid in Barth se Woord Teologie. Die verskil is egter dat al word die woord losgemaak van die menslike outeur, dit nie op homself te staan kom nie, maar gebind word aan die Skrifgeheel.

[104] Karl Barth: Der Römerbrief, Vorwort, p. XII.

[105] Sir Edwin Hoskyns e.a.: Het Raadsel van het Nieuwe Testament, vertaald door J. P. Enklaar, Leiden, 1932.

[106] Vgl. F. W. Grosheide: Hermeneutiek, p. 37.

[107] Vgl. F. W. Grosheide: Hermeneutiek, t.a.p.

[108] Vgl. Rom. 1:1-4.

[109] Hoskyns, a.w., p. 42.

[110] Vgl. F. Kattenbusch: Der Quellort der Kirchenidee. Festgabe für Adolf von Harnack, Tübingen, 1921, p. 168.

[111] O. Proksch: Neue Kirchliche Zeitschrift, Okt. 1925, p. 729.

[112] F. W. Grosheide: Hermeneutiek, p. 28.

III. DIE VRYHEID VAN EKSEGESE EN DIE KERK

Na die vraag omtrent die objek, en omtrent die verhouding van subjek en objek, kom ons nou by die aktuele vraag na die vryheid van eksegese en die Kerk, die vraag na die subjek van die eksegese. Wie is die uitlegger van die Heilige Skrif? Die Uitlegger van die Heilige Skrif is die Heilige Gees. "Gods Geest gaf de Schrift, Hij is ook haar Uitlegger".[113] En, die Heilige Gees is gegee, allereers aan die Kerk. Daarom word die regte Skrifuitlegging gedra deur die Kerk.[114] Die Woord van God is gegee aan die Kerk.[115] Maar dit is ook gegee aan sy lede, wat ook mag reken op die verligting van die Heilige Gees.[116] Ons kry dus tweërlei subjek: Die individuele gelowige, en die Kerk, en wel institutêr, in sy konfessie nie alleen, maar ook in die kerklike leerbesluite.[117] Hiermee is ons dan voor die vraagstuk geplaas: wetenskaplike eksegese en die kerklike belydenis en leerbesluite.

In die Roomse Kerk is die oplossing van ons probleem skynbaar eenvoudig. Daar is die verhouding vasgelê op die Vatikaanse Konsilie 1869-70: a) Die Kerk oordeel oor die ware sin en uitlegging van die Skrif, en b) aan niemand staan dit vry om die Skrif anders uit te lê as die Kerk en die eenstemmige gevoele van die vaders nie.[118] Die Kerk verklaar die Skrif. Daar is geen vryheid van eksegese nie. Inderdaad is dit nie so eenvoudig nie. Waar die Kerk gespreek het is die vryheid weg. Omgekeerd: Waar en solank die Kerk nie gespreek het nie is die eksegese vry. 'n Roomse geleerde is selfs dankbaar dat die leergesag so sober gebruik maak van die groot mag wat dit besit. Daardeur behou die kritiek sy belangrike taak, waar die Kerk die vryheid nie meer as wat strik nodig is, sal beperk nie.[119] In die praktyk kry ons vryheid van eksegese, selfs van Skrifkritiek,[120] solank die Kerk nie spreek nie. Prinsipieel is die vryheid van eksegese egter aan die individuele gelowige ontsê, want hy is alleen vry solank die Kerk nie spreek nie: Tussen die gelowige en die Skrif staan die Kerk as wagter.

In hierdie lig moet ons die volgende uitsprake sien, waarin die vryheid van eksegese onverkort gehandhaaf word: "Al geven we dus volkomen toe, dat de Kerk als instituut de Schrift als *eenheid* in haar *belijdenis* uitlegt, nooit mag daarom door de Kerk de vrijheid van den exegeet aan banden worden gelegd"[121] "... een vrijheid die ongetwijfeld een zeer ernstig gevaar met zich brengt, daar ze zoo licht in bandelooze willekeur omslaat,.. maar die niettemin onverkort moet gehandhaafd worden".[122] "Deze vrijheid is volkomen te eerbiedigen, en door geen staat of kerk te belemmeren. Zelfs het schrikkelijk misbruik, dat er van gemaakt kan worden, en gemaakt is, mag geen oogenblik tot afschaffing van het gebruik verleiden".[123] "De Kerk staat niet boven de Schrift, maar de Schrift staat boven de Kerk, en er staat niets tussen den geloovige en de Schrift".[124]

Hoe min die eksegese egter aan bande gelê mag word, hiermee is die saak nie af nie. Die eksegese moet ernstig *rekening hou* met die Kerk en dogma. Die Skrif is nie net

---

[113] F. W. Grosheide: Hermeneutiek, p. 40.
[114] J. Ridderbos, a.w., p. 388.
[115] F. W. Grosheide, a.w., t.a.p.
[116] F. W. Grosheide, a.w., p. 41.
[117] F. W. Grosheide, a.w., p. 40.
[118] J. Ridderbos, a.w., p. 390; G. C. Berkouwer, a.w., p. 181.
[119] G. C. Berkouwer, a.w., p. 202.
[120] Bybelkritiek en Skrifinterpretasie beteken in die Roomse Kerk dieselfde. Vgl. G. C. Berkouwer, a.w., p. 205.
[121] A. Kuyper: Encyclopaedie der H. Godgeleerdheid III, 1894, p. 115.
[122] A. Kuyper, a.w., p. 114.
[123] H. Bavinck: Gereformeerd Dogmatiek IV, 1911, p. 346.
[124] F. W. Grosheide, a.w., p. 41.

aan die gelowige gegee nie, maar ook, en *allereers* aan die Kerk as Instituut.[125] Dieselfde kampvegters vir die vryheid van die eksegese laat hulle ook as volg uit: Wat is die dogma? "Een product van het leven der Kerk, gelijk zich dit ambtelijk, d.i. in kerkelijke vergaderingen, onder de bijzondere leiding des Heiligen Geestes, in allengs rijkeren vorm geopenbaard heeft... Dit nu maakt dat de theoloog de Confessie zijner Kerk niet onderschatten mag, als bood zich hierin slechts een opinie aan... Er is hier geen sprake van opinie tegenover opinie... maar ze treedt ook objektief met gezag voor hem op. Met het gezag, dat de velen tegenover de enkelen hebben; met het gezag der eeuwen tegenover de ephemerische opwellingen...[126] "Daar is zooveel studie en nadenken van het subject mee verbonden, dat één persoon daartoe ten eenenmale onbekwaam is. Daar zijn eeuwen voor nodig. Daar is de kerk voor aangesteld, die de belofte heeft van de leiding des Geestes in alle waarheid. Wie van de kerk, d.i. van de Christenheid, van de gansche dogmenhistorie zich isoleert... wordt een tak gelijk, die van den boom is gescheurd en wegsterft".[127] Dit kom hierop neer, dat die eksegese onlosmaaklik gebonde is aan die Konfessie. Dit is nie heerskappy deur die Kerk nie, maar ernstig rekening hou van die kant van die eksegeet, met wat God *ook deur ander* en deur die *eeue* tot stand gebring het. Dit is binding, maar organiese binding en voegsaamheid in die geheel.

In hierdie verband wil ons wys op wat gevoeglik genoem kan word "eksegetiese dogmatiek", gewoonlik genoem "Bybelse teologie" of "Bybelse dogmatiek".[128] Die eksegeet is nie vry om te dogmatiseer nie, veral nie om 'n dogmatiek op te stel, met miskenning van die Belydenis van die eeue nie. As laaste en hoogste doel van die eksegetiese arbeid, wil Doedoes, dat die saak waaroor gespreek word, die gedagte wat in die woorde uitgedruk is, die leer wat ons verkondig vind, ontwikkel sal word, en wel in verband met die hele leerbegrip of leerstelsel van die spreker of skrywer. Is hierdie "dogmatiese verklaring" gegee, dan het ons die einde van die eksegetiese ondersoek bereik.[129] Dit moet verwerp word want a) dan beweeg die eksegese hom buite sy grense, en b) dan mis dit sy eintlike en heeiiike roeping nl. om sy ondersoek af te sluit, nie met wat Paulus of Johannes geleer het nie, maar wat God vir ons op 'n bepaalde plek wil sê. Wat die vryheid van die eksegese t.o.v. Kerk en dogma betref, kan tans vasgestel word: Hoeseer die eksegeet ook prinsipieel vry is, en daar niks mag kom tussen hom en die Woord van God wat hy moet uitlê nie, hy tog ernstig rekening moet hou met die Konfessie as die getuienis van die eeue. Om daarmee ernstig rekening te hou, beteken nie miskenning van eie vryheid nie, maar erkenning van wat God ook deur ander tot stand gebring het.

Die gesag van die Konfessie is egter nie slegs die gesag van *baie,* of van die *eeue nie;* dit tree ook op met die gesag van die amp teenoor die persoonlike lewe, en met die gesag wat aan die kerklike lewe toekom kragtens die leiding van die Heilige Gees.[130] Die Konfessie wil wees 'n *gesaghebbende verklaring* van Gods Woord met die volle verantwoordelikheid daaraan verbonde. Die vraag is nou: Kan die eksegeet, met behoud van die reg van vrye, d.w.s. wetenskaplike Skrifondersoek hom onderwerp aan sodanige gesag? Kan daar dan nog sprake wees van die vryheid van eksegese?

Ons antwoord betref:

(1) Die *eksegeet*

---

[125] Vgl. J. Ridderbos, a.w., t.a.p.

[126] A. Kuyper: Encyclopaedie der H. Godgeleerdheid II, 1894, p. 538 e.v.

[127] H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek I, 1906^2, p. 68.

[128] Vgl. B. Weiss: Biblical Theology of the New Testament I, 1852, p. 5; "As the former has to do with the variety of the biblical forms of teaching, the latter has to do with the unity of the truths, which are recorder in these".

[129] J. I. Doedes, a.w., p. 97 e.v.

[130] A. Kuyper, a.w., p. 539.

Dit is (a) 'n vrywillige, en nie gedwonge onderwerping nie; (b) onderwerping om nie in diens van die Kerk 'n strydige leer te propageer nie; (c) onderwerping aan die gesag *omdat* die belydenis in ooreenstemming is met Gods Woord; (d) 'n onderwerping met die reg van gravamen, d.w.s. die gesaghebbende verklaring soos vervat in die belydenis is geen outentieke Skrifverklaring nie. Die Woord moet rig tussen die Kerk en ons. Daar is niks tussen die Skrif en die gelowige nie.

(2) Die *eksegese*

Beteken dit nie onderwerping van die eksegeet aan die Konfessie nie? Kom ons nie hiermee uit by dogmatiese eksegese nie? Dogmatiese eksegese moet ewe beslis van die hand gewys word as 'n eksegetiese dogmatiek. Eksegese, om eksegese te bly, mag nie dogmatiseer nie, ewemin mag dit dogmaties wees. 'n Voorbeeld hiervan het ons gehad in die dialektiese eksegese van Barth, wat met 'n buiteskriftuurlike dogma kom na die Skrif. Dit is die materiële beswaar. Maar daar is ook 'n formele beswaar: a) "Damit... wird die ganze Mannigfaltigkeit und Fülle der paulinischen Gedanken reduziert auf das dogmatische Anliegen, das Barth bewegt".[131] Dit geld van alle dogmatiese eksegese. Die Belydenis van die Kerk mag in alles ooreenstem met Gods Woord, soos ons glo, die *hele* Woord van God bevat dit nie. Gods Woord is meer as die Belydenis. Ons mag die Woord van God nie beperk tot die uitdrukking daarvan in die Belydenis nie. Dit is een ding om die Belydenis te onderskryf *omdat* dit in alles ooreenstem met die Woord van God, en iets anders om die Woord van God tot die Belydenis te *beperk.* Met die gebondenheid lê daar ruim velde van ondersoek. Stilstand mag daar nooit wees nie, maar beweging na vore op die hegte fondament van die Belydenis.

Op die vraag na die vryheid van die eksegese en die Kerk moet geantwoord word: Die Heilige Skrif is gegee aan die Kerk en aan die gelowige. Die Heilige Skrif is gegee aan die Kerk en aan die gelowige wetenskap.[132] Belydend moet die Woord van God ondersoek word, en ondersoekend moet die Woord van God altyd heerliker bely word.

GERAADPLEEGDE WERKE

Dr. G. Ch. Aalders: De Heilige Schrift en de vergelijkende Godsdienstwetenschap, Kampen.

Acta der Buitengewone Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland gehouden te Assen, 1926.

Karl Barth: Der Römerbrief, München, 1933[6].

Dr. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek I, 1906, 1 IV, 1911[2].

Dr. G. C. Berkouwer: Het Probleem der Schriftkritiek, Kampen.

J. H. Bernard: D.D., A critical and exegetical Commentary on the Gospel according to St. John, Edinburgh, 1928.

Wilhelm Bousset: Kurios Christos, 1926[3].

Emil Brunner: The Theology of Crisis, New York, 1930.

K. J. Cremer: De Duitsche Godsdienstpsychologie, Amsterdam, 1934.

C. H. Dodd: The Authority of the Bible, London. 1928.

Dr. J. I. Doedes: Hermeneutiek, 1869[2].

Erich Fascher: Vom Verstehen des Neuen Testamentes. Giessen, 1930.

---

[131] J. Schneider: Historische und pneumatische Exegese, Neue Kirchliche Zeitschrift, Dez. 1931, p. 728.

[132] Vgl. H. Bavinck: Geref. Dogm. I, p. 75.

Dr. J. C. Franken: Kritische Philosophie und Dialektische Theologie, Amsterdam, 1932.

F. C. Grant: Form Criticism, New York, 1934, I. The Study of the Synoptic Gospels by Rudolf Bultmann.

Dr. F. W. Grosheide: Hermeneutiek, Amsterdam, 1929.

Dr. F. W. Grosheide: Algemeene Kanoniek van het Nieuwe Testament, Amsterdam, 1935.

Dr. F. W. Grosheide: Theologische Exegese, in Geeformeerd Theologisch Tijdschrift, Jan. 1937, pp. 5-18.

Adolf Harnack: Lehrbuch der Dogmengeschichtë I (3). 1894. S

ir Edwyn Hoskyns, e.a.: Het Raadsel van het Nieuwe Testament, vertaald door J. P. Eriklaar, Leiden, 1932.

Maurice Jones: The New Testament in the Twentieth Century, London, 1934 (3).

F. Kattenbusch: Der Quellort der Kirchenidee. Festgabe für Adolf von Harnack, Tübingen, 1921.

Dr. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, II, III 1894.

O. Pfleiderer: The Development of Theology, New York, 1909 (3), pp. 209-251: New Testament Criticism and Exegesis.

Dr. J. Ridderbos: Over de Uitlegging der Heilige Schrift, in Bijbelsch Handboek I, 1935, pp. 365-423.

K. Sietsma: Woord en Geest, in Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, Julie en Augustus, 1933.

J.C. Sikkel: De Heilige Schrift en hare Verklaring, Amsterdam, 1906.

J. Schneider: Historische und pneumatische Exegese, in Neue Kirchliche Zeitschrift, Dez. 1931, p. 712 e.v.

Albert Schweitzer: Geschichte der Leben Jesu Forschung, 1935 (5).

Geerhardus Vos: The Selfdisclosure of Jesus, 1926.

B. Weiss: Biblical Theology of the New Testament I, 1882 (3).

Theodor Zahn: Das Evangelium des Matthaus, 1922 (4).

3. JOHANNES DIE DOPER (SY VERSKYNING, OPTREDE EN BETEKENIS) [1]

(Matt. 3:1-12; Mark. 1:1-8; Luk. 3:1-20; Joh. 1:15, 20-28)

Van Johannes die Doper sê Christus dat onder die wat uit vroue gebore is, nie een opgestaan het wat groter is as hy nie (Matt. 11:11). Volgens hierdie woorde moet ons in Johannes die Doper sien die grootste mensefiguur, nie alleen in die heilsgeskiedenis nie, maar ook in die wêreldgeskiedenis. Hy is die grootste wêreldfiguur. Hy is groter as Alexander die Grote, Augustus, Karel die Grote, Napoleon ... en die grotes van ons tyd. Tog is daar aan hierdie groot figuur (vgl. Luk. 1:15) wat daar staan, net voor die begin van ons jaartelling, 'n sekere vaagheid en onbelyndheid as gevolg waarvan hy nie maklik raakgesien en geplaas kan word in die geskiedenis nie. Dit is ongetwyfeld die gevolg daarvan dat hy staan net voor die Allergrootste (Luk. 1:32), Christus self, soos die afnemende môrester voor die opkomende son, wat volgens Johannes se eie woord meer moet word en hyself minder (Joh. 3:30). Dit moet seker ook toegeskryf word aan die kort beskrywing wat aan hierdie groot gestalte gewy word in die evangelies, slegs enkele tientalle verse, waaroorheen ons so maklik lees as 'n inleiding — om te kom by die eintlike in die evangelies, die beskrywing van Christus en sy optrede. Die kort beskrywing ontslaan ons egter nie daarvan nie, maar noop juis om noukeurig ag te gee op elke woord wat daar staan van hierdie gestalte, wat volgens Christus die grootste is van alle mense en wat as sy voorloper die weg tot Christus baan vir alle tye. Die volgende is 'n poging om belyning te gee aan hierdie groot figuur.

By die kort beskrywing van Johannes tref die betreklik breedvoerige beskrywing van sy verskyning, kleding, voedsel, plek van optrede, en hierby veral weer die noukeurige tydsbepaling van sy verskyning (Luk. 3:1-2). Die laaste stem ooreen met die aanvangsverse van die profetiese boeke (Jer. 1:1-3, Eség. 1:1-3, ens.). Dit wil sê: daar is nou vir die eerste keer na Maleági, na 400 jaar, weer 'n profeet in Israel, soos van ouds. Die Here het sy volk nie vergeet nie. Dit gee meteen 'n samevattende beskrywing van die toestand van die volk: onder die Romeinse heerskappy (Tibérius) as keiserlike provinsie (Pilatus goewerneur, of prokurator), onder Edomitiese vorste (Herodesse), 'n toestand van diepe vernedering. In hierdie toestand dink die Here aan sy volk, soos in die tyd van Egipte en Moses. Dit is die betekenis van die verskyning van Johannes. Daar is nog 'n nadere belyning. Hy is die Elia wat verwag moes word en ook verwag is deur die volk in aansluiting by die laaste woorde van die laaste profeet van die O.T. (Mal. 4:5, 6, vgl. 3:1 e.v., 4:1 e.v.). Die lyn van die Openbaring loop ongebroke deur, met die 400 jaar tussenin.

Dit sit opgeslote in die beskrywing van sy kleed van kameelhare en die leergord (Matt. 3:4). Daaraan het koning Ahásia vir Elïa herken (2 Kon. 1:8). Daaraan moes die volk weet wie Johannes is. Sy grootheid is dat hy 'n profeet was, deur die profesie in vooruitsig gestel. Sy verskyning beteken die einde van die ou tyd en die begin van die nuwe tyd, of eintlik die begin van die eindtyd. Sy verskyning merk die groot insnyding in die wêreldgeskiedenis. Die datum van Lukas is die afsluiting van die ou bedeling van die wêreld, die begin van die nuwe jaartelling. Sy verskyning beteken: God kom (Mal. 3:1), d.i. die koms van die Koninkryk van God (of, van die Hemele). Maar, voor God kom, stuur Hy eers sy aangekondigde profeet (Mal. 4:5, 6), sodat sy koms nie sal wees soos 'n verterende vuur nie (Mal. 3:2, 4:1). In die verskyning van Johannes openbaar God Hom nie alleen as die Getroue nie, maar ook as die Genadige, ook in sy oordeelsprediking, juis daarin (Luk. 3:18). Dit was om hulle te vrywaar teen die oordeel. Sy naam, "Johannes", beteken: "God is genadig". Daarmee hang ook saam die beskrywing van sy voedsel (Matt. 3:4). Op grond hiervan word die verskyning van Johannes deur die meeste geleerdes bestempel as 'n asketiese. Sy verskyning was *geen asketiese* nie maar 'n *profetiese.* Sprinkane en wilde heuning was gewoonweg die voedsel wat die woestyn bied. Dit het ook profeties-simboliese betekenis gehad. Dit het krag gesit by sy roep tot bekering. Die Qumran-sekte, wat deur die nuutontdekte tekste

---

[1] *Koers,* v. 27, no. 1, 1959/60, pp. 40—43.

aan die Dooie See aan die lig gebring is, gee, by wyse van teëstelling, 'n duideliker belyning aan die figuur van Johannes die Doper. Dit was nl. 'n asketiese sekte wat hom teruggetrek het in die woestyn aan die Dooie See. Johannes het ook opgetree in die woestyn, maar het daarby gestaan midde in die volkslewe aan die deurgange van die Jordaan. Sy verskyning was allesbehalwe sektaries. Hy lê die grondslae van die Kerk. Dit is sy grootheid. Sy verskyning is van die grootste betekenis, ook vir die regte insig in die verhouding van volk en Kerk, waarop ons hoop om terug te kom. Die verskyning van Johannes sluit nie alleen aan by die profeet Maleági nie, maar ook by Jesaja. Dit, wat betref die plek van sy optrede. Dit was in die woestyn. Hierop lê Markus die nadruk (1:1-4). In hom is Jes. 40 vervul. Hy was die "stem" (Joh. 1:23). Sonder om ons skuldig te maak aan ongeoorloofde vergeesteliking, kan ons die geestelike toestand van die volk afgebeeld sien in die onvrugbare woestyn. Hy moes kom lewendig maak uit die geestelike dood, met die oog op die koms van God, soos hyself deur God verwek is uit die verstorwe moederskoot van Elisabet (Luk. 1:7). In sy verskyning, en deur hom, openbaar God Hom nie alleen as Getroue en as Genadige nie, maar ook as Almagtige in sy herskeppende en wederbarende genade (Mal. 3:17). Johannes sou deur die krag van die Heilige Gees (Luk. 3:17) lewe bring in die woestyn aan die waters van die Jordaan. Dit word alles saamgevat in die wyse waarop Matthéüs hom op die toneel bring. In Matt. 3:1 staan: "In daardie dae het Johannes die Doper opgetree ..." Ons kan moeilik anders vertaal. Die belyndheid word egter in die vertaling vervaag. Die Griekse woord is *paragínetai,* wat aangryp deur die plotselinge, die onverwagte in sy verskyning. Dit herinner dadelik aan Elia, aan die plotselinge en onverwagte van sy verskyning op die toneel van die geskiedenis (1 Kon. 17:1) sonder dat ons iets vooraf van hom hoor. In die verskyning van Johannes (hoewel as beloofde verwag) sit die onverwagte, die verrassende, soos trouens ook in sy geboorte (Luk. 1:7, 13). Sy verskyning beteken die ingrype van God, Sy ingrype in die natuurlike gang van sake en ook in die loop van die geskiedenis om dit tot sy doel te bring. In die verskyning van Johannes openbaar God Hom in sy trou, sy genade en sy almag.

4. JOHANNES DIE DOPER (SY PREDIKING EN DOOP [1]

In die vorige artikel is getrag om belyning te gee aan hierdie groot gestalte by die wending van die eeue, deur Christus genoem die grootste van alle mensekinders. In wat volg, word dieselfde gedoen met betrekking tot sy optrede. Vanweë die bondigheid van die beskrywing wat ons hiervan besit, moet ook hier met groot noukeurigheid ag gegee word op elke besonderheid. Die kenmerkende van sy optrede was dat hy gedoop het, vandaar sy naam Johannes die Doper. So staan hy bekend by die evangeliste (Matt. 3:1), by die mense van sy tyd (Matt. 16:14; Mark. 6:14, 24), by Jesus self (Luk. 7:33), en tot vandag toe. Hy was die eerste wat die Doop bedien het. Die Doop is afkomstig van Johannes, want die Christelike Doop is niks anders nie as die doop van Johannes, soos verderaan sal blyk. Johannes staan by die aanvang van die Christelike jaartelling en ook by die aanvang van die Kerk. Die grondlyn van die Kerk is die Doop. Daardeur word die lyn getrek tussen Kerk en wat nie-kerk is. Ook die lyn tussen Kerk en sekte. Die Doop is een (Ef. 4:5), van Johannes af. Vanuit Johannes kry ons 'n blik op die eenheid en universaliteit van die Kerk deur die eeue. By al wat skei, bind die Doop nog saam, ook Rooms-Katolisisme en Protestantisme, wat ten minste nog mekaar se Doop erken. By die betekenisvolle daarvan dat Johannes die Doper is, moet egter nie verbygesien word dat hy ook prediker is nie. Hoewel allesbehalwe bykomstig, is die Doop tog bykomend by die prediking as sigbare prediking (teken) en bekragtiging daarvan (seël).

Die prediking van Johannes die Doper word deur Matthéüs saamgevat in enkele woorde: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (3:2). Dit is so sterk saamgevat dat dit dreig om op te gaan in algemeenhede. Dit is ook gekenmerk deur die onbepaaldheid daarvan. Tog is hier 'n duidelike lyn, daarin dan dat dit gerig is tot die volk Israel. Maar dan: die volk sonder meer, sonder uitsondering, owerheid en onderdaan (vgl. Miga 3:9), hoëpriester, priester, volk, Fariseër, skrifgeleerde, tollenaar en sondaar. Die prediking word as 't ware bepaal deur die onbepaaldheid daarvan en ontleen daaraan sy krag. Dieselfde geld ook die afwesigheid van enige nadere bepaling by "bekeer". Dit beteken: in alle opsigte. Bekering (Gr. metánoia) gaan na die wortel, die uitgang van die lewe. Dit beteken algehele omsetting (metá-) van doen en van denke, maar veral van gesindheid, van gees (noūs). So moet die twee woorde "Bekeer julle" gelees word. Dit beteken: Alles verkeerd — almal is verkeerd, die skrifgeleerde en Fariseër met hulle wetsverklaring en wetsvolbrenging en al ingesluit, want die gees (noūs) daarvan is verkeerd. Dit is 'n roep tot elke mens, 'n beroep op die hele mens.

Tog word die bekering deur Johannes self nader verklaar, naamlik toe hy daaromtrent ondervra is deur verskillende volksgroepe, die skare (die gewone volk), die tollenaars en die soldate (Luk. 3:10-14). Die antwoord van Johannes wat so weinigseggend lyk: meedeling van een kledingstuk, die tollenaar wat hom streng sal hou aan sy voorskrif, 'n soldaat wat nie die wapen moet gebruik vir eie voordeel nie — sê in die weinige woorde tog weer alles. Hierdie eenvoudige woorde kom neer op liefde, waarin die vervulling van die hele wet geleë is. By die twee kledingstukke gaan dit nie om die afgee van die helfte nie, maar om meedeling aan die wat nie het nie. Met hierdie eenvoudige prediking het Johannes nog alles te sê aan alle mense, ook van ons tyd en sy probleme, wat saamtrek in hierdie eeu. Verder is van belang dat hy nie aan die tollenaar en selfs aan die soldaat die eis gestel het om hulle beroep te laat vaar nie. In die optrede van Johannes en in die koninkryk wat hy predik, was daar niks revolusionêrs nie. Dit is geen omsetting van lewensvorme nie, maar van die sedelike subjek. Dit gaan nie om verandering van stelsels en uiterlike omstandighede nie, maar van die hart (metánoia).

Die oproep tot bekering word daardeur gemotiveer dat "die koninkryk van die hemele naby gekom het". Ook hier laat die prediking veel in die onsekere. Dit sê niks aangaande die Koninkryk van die Hemele nie. Maar, by wat dit nie sê aangaande die Koninkryk van die Hemele nie, sê dit wel dit: dat diegene tot wie hy gespreek het,

---

[1] *Koers,* v. 27, no. 3, 1959/60, pp. 116-119.

geweet het wat die koninkryk van die hemele is. Hulle het dit geweet op grond van die Ou Testament. Wil ons dus weet wat die Koninkryk van die Hemele is, dan is ons met die eerste hoorders aangewese op die Ou Testament. Die hele Ou Testament trek saam in hierdie prediking van Johannes. Dit is 'n samevatting van die Wet en die Profete. Die afwesigheid van 'n nadere uiteensetting sê ook nog dit, dat Johannes nie met 'n nuwe idee aangaande die Koninkryk van die Hemele gekom het nie, maar met die gewone, Ou-Testamentiese. Hy het die lyn slegs deurgetrek. In hom word die Ou- en Nieu-Testamentiese Openbaring saamgebind.

Die krag van die prediking van Johannes is nie geleë in wat die Koninkryk is nie, maar daarin, dát die Koninkryk dáár is. Dit was die nuwe openbaring van Johannes, die ongehoorde in sy prediking, waardeur dit onderskei word van al die profete voor hom (Matt. 11:13). Hiermee motiveer hy die bekering. Die bekering word gegrond op die nabyheid van die Koninkryk. Ook dit was nuut. Die gangbare mening (Skrifgeleerdheid) was, omgekeerd, dat die koms van die Koninkryk gegrond is op bekering. As die hele volk dit sover sou bring om een Sabbat te hou volgens die voorskrifte (waarop die hele wetsvervulling eintlik neerkom), dan kom die Koninkryk. Dat die Koninkryk wegbly, is te wyte aan die "skare wat die wet nie ken nie". Vandaar die diepe veragting waarmee op hulle neergesien word. Die prediking van Johannes is andersom: Die Koninkryk kom, ongeag die bekering van die volk. God het mag om uit klippe kinders vir Abraham op te wek (Matt. 3:9). Bekering is noodsaaklik vir die toetrede tot die Koninkryk wat kom en nie vir die koms van die Koninkryk nie. Dit sny die gedagte af dat die volk bepalend is vir die Koninkryk. Die Koninkryk is bepalend vir die volk. Dit sny ook diep in die gangbare mening in. Hierdie hele denkwyse was verkeerd. Daar moes omsetting wees ook in die denkwyse (metánoia). Met hierdie prediking gaan Johannes in teen die legalisering en nasionalisering van die godsdiens.

Hoewel alle nadruk in die prediking daarop val dat die Koninkryk van die Hemele daar is, en nie op wat die Koninkryk is nie, het hy ons tog nie in die onsekere gelaat omtrent wat die Koninkryk is nie, in enkele woorde en baie konkreet. Die Koninkryk van die Hemele is nie 'n idee, of 'n ideaal wat verwesenlik moet word nie, maar dit is daar in 'n Persoon: Hy wat ná Johannes kom en wat groter is as hy. Die Koninkryk van die Hemele is daar in Christus, wat kom om die oordeel te voltrek deur ook in Israel die koring van die kaf te skei, die onvrugbare bome uit die boord te verwyder en kom doop met die Heilige Gees en met vuur (Matt. 3:10-12). Hier raak die Christelike doop en die van Johannes mekaar. Die doop van Johannes is dieselfde as die Christelike. Die enigste verskil is dat die doop van Johannes vooruitsien op die Heilige Gees wat nog sal kom, terwyl die Christelike doop terugsien op die Heilige Gees wat gekom het, maar met die doop van Johannes sien die Christelike ook nog vooruit op die vuurdoop, by die wederkoms van Christus. Johannes sien die tweërlei koms van die Koninkryk soos twee bergtoppe ineen.

Johannes predik ook die weg van verlossing. Volgens die Lofsang van Sagaria bestaan sy eintlike roeping daarin dat hy sou kom bekend maak wat verlossing is en ook wat die weg van verlossing is (Luk. 1:77). Verlossing bestaan nie in verlossing van die Romeinse heerskappy nie, maar van sonde en dood, die heerskappy van Satan. Die weg van verlossing is nie die van wetsvervulling nie maar van skuldvergifnis. Lukas en Markus vat hierdie prediking van Johannes daarin saam dat hy "die doop van bekering tot vergifnis van sondes" gepredik het (Mark. 1:4; Luk. 3:3). Hierdie swaar saamgedronge uitdrukking beteken dat Johannes in die Doop (ook simbolies) die vergifnis van sondes predik en dit ook daardeur verseker in die Naam van God, in wie se Naam hy dit predik. Ook, dat aan die Doop bekering verbonde is, soos blyk uit die verbinding "doop van bekering". Dit beteken dat skuldvergifnis in die Doop toegesê word aan die wat hulle skuld bely (Matt. 3:6), en dat die Doop hulle verplig tot voortdurende bekering (Matt. 3:11).

Die gestalte van Johannes die Doper staan by die wending van die eeue. Hy lei die nuwe tyd in. Hy staan ook by die oorgang van die Ou- en die Nieu-Testamentiese Kerk. Hy trek die eerste lyn van die Kerk. Dit geskied deur die Doop wat die besnydenis kom

vervang as teken en seël van die Verbondsvolk. Hierdie lyn word getrek binne die volk Israel. Van belang is om daarop te let dat die lyn so getrek word dat die wat buite val die kaf is en die bome wat uit die boord verwyder word, en die wat binne is die eintlike voortsetting is van die volk. Dit is fundamenteel vir die verhouding van Kerk en volk ten opsigte van elke volk of nasie. Hierdie lyn gaan van Johannes af deur die Nuwe Testament. Hier kan slegs gewys word op die doopbevel (Matt. 28:19) waar met alle nasies moet gebeur wat met Israel gebeur het, en op Openb. 21:24 (vgl. 7:9), waar dit van al die nasies heet dat hulle saam met Israel hul plek sal inneem in die Koninkryk van God op die nuwe aarde, in ooreenstemming met die belofte aan Abraham (Gen. 22:18) die vader van 'n menigte van nasies (Gen. 17:5).

Vanuit Johannes die Doper val daar belangrike lig op die probleem Israel en Kerk, en in verband hiermee op die verhouding van Kerk en volk in die algemeen.

5. JOHANNES DIE DOPER (SY DOOP EN PREDIKING [1]

Die vorige artikel het ons gebring van die prediking van Johannes die Doper tot sy doop. Hy het die Doop gepredik. In die Doop het hy bekering gepredik en vergewing van sondes. Deur die Doop het hy dit ook toegesê in die naam van God, in wie se opdrag hy dit gepredik het. Om die beeld van Johannes die Doper enigsins volledig te kry, moet nou verder ingegaan word op die Doop, en op sy prediking wat daarop volg.

Saamgevat, en soos deels gegee in die simboliek daarvan, beteken die Doop van Johannes die volgende:

1. bekering, geteken (in die onderdompeling) as 'n sterwe en opstaan;
2. vergewing, geteken in die afwassing in die water, waarby meteen duidelik is dat bekering en vergewing nie saaklik of oorsaaklik saamhang nie, maar wel saamgaan, sodat in die Doop vergewing verkondig word vir die wat hulle bekeer en hulle verplig tot voortdurende bekering;
3. ontvangs van die Heilige Gees, waarmee Johannes sy waterdoop uitdruklik in verband bring (Matt. 3:11);
4. die vorming van 'n kring binne die volk Israel as voortsetting van die ware Israel, die Kerk van die Nuwe Testament;
5. 'n versekering van Godsweë, in wie se opdrag Johannes doop, van wat die Doop simboliseer, wat sy doop maak tot 'n Heilige Sakrament in niks verskillend van die Christelike doop nie, as alleen hierin dat dit met betrekking tot die Heilige Gees (punt 3) vooruitsien op dit waarop die Christelike doop terugsien.

Die werksaamheid van Johannes die Doper, bepaald wat sy doop betref, bereik sy hoogtepunt in die Doop van Christus. Om die betekenis hiervan vas te stel, moet uitgegaan word van wat hier indirek, en direk geopenbaar word. Die indirekte openbaring sluit aan by die betekenisse van die doop van Johannes soos bo vasgestel. Onderdompeling as bekering (afsterwing en opstanding) kan op Jesus as Sondelose, Luk. 1:35) nie van toepassing wees nie. Dit sien op die dood en opstanding van Jesus (vgl. Matt. 20:22), in wie ons gesterf het vir ons sondes en opgestaan het tot 'n nuwe lewe. So sien Paulus dit in Rom. 6:2, 3, 4. Ewe min kan die Doop as afwassing (vergewing van sondes) betrekking hê op Jesus. Vandaar dat Johannes terugdeins. Jesus wys egter op die Doop as "verordening" van God wat moet vervul word (Matt. 3:15): Dit is die betekenis van die woord "geregtigheid" wat hier gebruik word. Dit kan alleen plaasvervangend verklaar word, sodat die plaasbekledende geregtigheid hierin opgeslote sit. Hy is gedoop ter wille van ons sondes om ons sy geregtigheid deelagtig te maak, vgl. 2 Kor. 5:21. Hy het aan die "geregtigheid van God" voldoen deur die doop, om aan die "geregtigheid van God" te voldoen deur die *dood,* waarop die Doop sien, en so sien ons doop op 'n doop in sy dood tot vergewing van sondes en tot bekering. So het Johannes die doop van Jesus verstaan in die lig van Jes. 53, want so moet ons dit verklaar dat hy Jesus ná sy doop predik as die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Die doop van Johannes het ook betrekking op die ontvangs van die Heilige Gees. By sy doop deur Johannes ontvang Jesus die Heilige Gees. Dit is feit-openbaring by die doop van Jesus. Sy doop beteken sy salwing deur die Heilige Gees met die oog op die volbrenging van sy Messiaanse taak. Hy word nou die "Christus", die "Messias", d.i. die "Gesalfde". Hy word gesalf met die volle salwing (Joh. 3:34). Die ampte van Profeet, Priester en Koning wat in die Ou-Testament afsonderlik beklee is, word in Christus verenig. So sal Hy sy Middelaarswerk vervul. Die Doop beteken dus die toerusting tot, en die aanvang van, sy openbare optrede. Van hieruit kan die hele werksaamheid van Jesus oorsien word. Dit kan saaklik ingedeel word in 'n Profetiese (prediking), 'n Koninklike (wonderwerke, verheerliking) en 'n Priesterlike (lyde en sterwe). Die doop van Johannes beteken eindelik die toetreding tot 'n kring (die Kerk) en so beteken die doop van Jesus

---

[1] *Koers,* v. 27, no. 4, 1959/60, pp. 138-140.

ook sy toetreding tot die Kerk. Jesus word hier ingelyf in sy Kerk as Hoof van sy Liggaam (Ef. 4:15) en ingebou in sy Kerk as uiterste Hoeksteen (Ef. 2:20). So kon Hy sy Middelaarswerk volbring.

By die Doop is daar ook direkte (Woord-) openbaring. Hy word deur God self uit die hemel aangewys as die Christus, die Seun van God. Dit is kortliks die betekenis van die woorde by sy doop: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het" (Matt. 3:17). By skrifverklaarders moes daar geen twyfel bestaan het nie dat "geliefde Seun" nie in teokratiese (amptelike) sin nie, maar in eintlike sin as Gods Eniggebore, wesenlike Seun verstaan moet word, want dit is woorde van God self en nie 'n menslike beskrywing van Jesus nie. Die bekende vertaling "in wie Ek 'n welbehae het" gee die betekenis nie goed weer nie. Die aoristus (eudókêsa) moet veraal word: "op Wie my keuse geval het". Die betekenis is: Geen mens nie, maar My Seun alleen het Ek waardig geag om Verlosser van die mensheid te wees.

Hierby sluit die verdere prediking van Johannes aan: Daar is 'n groot verskil tussen die prediking van Johannes voor en na die doop van Jesus. Voor die doop van Jesus predik hy die Koninkryk van die Hemele, of, wat dieselfde is, Christus wat kom om die gerig te voltrek. Na die doop predik Johannes Jesus as die Christus, die Seun van God, soos hy Hom by die doop leer ken het (Joh. 1:32-34). Die Christus predik hy bepaald as die Lam van God, *wat die sonde van die wêreld wegneem* (Joh. 1:29, 36). Op hierdie prediking sluit die eerste dissipels, deur Johannes gedoop, by Jesus aan (Joh. 1:35 e.v.). Hierdie prediking word ook deur Jesus self bevestig, die belydenis van die eerste dissipels (Joh. 1:42, 46, 50). Deur sy prediking en doop het Johannes die Doper die grondslae gelê van die Nieu-Testamentiese Kerk. Van belang is om daarop te let dat hierdie belydenis, dat Jesus die Christus, die Seun van God is (Matt. 16:16) en waarop die Kerk rus, nie berus op menslike insig en gevolgtrekkings nie, maar op direkte openbaring uit die hemel, en dat dit geopenbaar is aan Johannes die Doper, wat daarmee staan aan die aanvang van die Nieu-Testamentiese Kerk.

Ten slotte moet nog gelet word op die laaste woorde van Johannes die Doper. Dit bestaan uit tweërlei: (1) dat Jesus, die Christus, die Seun van God is (Joh. 3:28-31), en (2) dat in Jesus geglo moet word as die Christus, die Seun van God (3:32-36). Dit is alles wat van die Kerk gesê kan word in kern. Die Christus predik hy nou nader as die Bruidegom. Die Kerk is die Bruid. Hy (Johannes) is die Vriend van die Bruidegom. Hy het die band gelê deur die Doop (vgl. Ef. 5:25-27). Die Seun van God predik hy as die ewige Seun, die waaragtige en getroue Getuie, wat kom getuig wat hy gesien en gehoor het. Hy sê ook waarom ons deur die geloof salig word. Deur die geloof sit ons die seël daarop dat God waaragtig is (3:33). Daardeur gee ons aan God die eer, soos Abraham (Rom. 4:20-22). Hiermee verdwyn die groot gestalte van Johannes die Doper van die toneel soos die môrester voor die opkomende son (Joh. 3:30).

6. DIE NABYHEID VAN DIE KONINKRYK [1]

Vanweë die belangrikheid daarvan volg hier 'n breër bespreking van die proefskrif van dr. Tjaart van der Walt oor die nabyheid van die Koninkryk[2] as wat in 'n gewone resensie kan geskied. Die vraagstuk wat onder oë gesien word, is so oud as die Kerk en die Teologie, soms minder en soms meer op die voorgrond. Tans, kan gesê word, staan dit in die middelpunt. Daarby is dit nie maar 'n akademiese vraagstuk nie, maar 'n vraagstuk waaroor elke nadenkende leser van die Skrif te staan kom.

Soos die Koninkryk van God sentraal is in die prediking van Jesus, m.n. in die sinoptiese evangelies, so spits die prediking van Jesus aangaande die Koninkryk hom weer toe op die nabyheid daarvan. Daarom kan die vraagstuk van die nabyheid van die Koninkryk nie los gesien word van die geheel van die prediking van Jesus nie. Die studie bestaan dan ook uit twee dele: (1) 'n Breë onderbou van vier hoofstukke (pp. 1-243), waarin agtereenvolgens gehandel word oor die huidige stand van die ondersoek oor die koms van die Koninkryk en van die Menseseun, oor die toekoms soos Jesus dit sien, nl. wat Hy in die toekoms sien en hoe Hy dit sien, en (2) die toespitsing op die vraagstuk van die nabyheid van die Koninkryk in die laaste twee hoofstukke (pp. 244-320).

Koms van die Koninkryk en van die Menseseun

Aangaande die Koninkryk het Jesus gepredik dat dit *gekom het*;[3] dat dit nog *sal kom*[4] en van 'n tyd tussen koms en koms.[5] Dieselfde geld ook van die koms van die Menseseun: Hy *het gekom* in nederigheid[6] en Hy *sal kom* met heerlikheid.[7] In verband met die Menseseun is daar egter nog 'n derde groep uitsprake, nl. dat Hy *sal kom,* wat nie by die tweede groep inpas nie en waar sprake is van sy *ingaan* in die heerlikheid,[8] sy koms *in* die heerlikheid,[9] in die paradys,[10] sit aan die regterhand,[11] aanwesigheid in die gemeente,[12] sodat aan die hand gedoen word dat by die Menseseun van drie komste gespreek moet word, nl. 'n koms in nederigheid, 'n koms met heerlikheid aan die einde van die dae en 'n (aanstaande) koms tussen koms en koms, d.i. sy toetrede tot die heerlikheid,[13] terwyl die laaste 'n "brug" (pyler?) vorm tussen die twee en sowel deel is van die eerste (as afsluiting) as van die laaste.

Verder word baie duidelik aangetoon dat die "sien" waarvan daar telkens sprake is by die koms van die Koninkryk en van die Menseseun, ook nie so 'n eenvoudige saak is nie, maar dat by die eksegese (en by die lees) rekening gehou moet word met die verskillende aanskouingsaspekte wat saamhang met die verskillende modaliteite van die koms van die Koninkryk en van die Menseseun: Eers 'n sterk gedifferensieerde sien — alleen die wat oë het, sien waarlik; aan die einde 'n universele sien, en tussenin iets van

---

[1] *Koers,* v. 31, no. 3, 1963/64, pp. 154-174. Vgl. ook *Die Kerkblad,* 27 Febr. 1963, pp. 14-15.

[2] Tjaart van der Walt: *Die Koninkryk van God — Naby!,* J. H. Kok, Kampen, 1962.

[3] Matt. 12:28 (Luk. 11:20); Matt. 11:4 (Luk. 7:22); Luk. 10:9.

[4] Luk. 22:18; Matt. 25:31-46; Mark. 24:27.

[5] In die gelykenisse veral, Mark. 4; Matt. 13; Luk. 8. Hier word ook verwys na Matt. 12:28 (Luk. 11:20); vgl. Luk. 24:49b; Hand. 1:6 en na Luk. 17:24.

[6] Onder andere Matt. 11:19; Luk. 19:10.

[7] Matt. 24:44 par.; Luk. 17:24 par.; Mark. 13:26 par.; Matt. 25:31.

[8] Luk. 24:26.

[9] Mark. 8:38 volgens gelewerde eksegese — gewoonlik verstaan as siende op die wederkoms.

[10] Luk. 23:42.

[11] Mark. 14:62, waar "kom met die wolke" vereenselwig word met "sit aan die regterhand". Die eksegese is deeglik, maar nie oortuigend nie.

[12] Matt. 18:18-20.

[13] Die lyn moet deurgetrek word na Pinkster, wat sowel die bewys van sy toetrede tot die heerlikheid as van die koms van die Koninkryk was, vgl. die prediking van Petrus, Hand. 2:16-20, 33.

albei — die wat nie oë het nie, sien minder, ondanks groter magsdade, en die wat oë het, sien met groter sekerheid.[14] Die twee soorte sien word ook onderskei as direkte sien, "sien dat", en indirekte sien, "insien dat". Die ongelowige en die gelowige sien die verwoesting van Jerusalem. Net die gelowige sien *in* dat dit die koms van die Koninkryk (Menseseun) is. Die laaste word ook bestempel as "eksistensiële" sien.

Met betrekking tot die koms van die Koninkryk (Menseseun) is die konklusie: (1) dat dit 'n omvattende kompleks is wat begin, voortgaan en tot voleinding kom, een beweging en nie bloot 'n punt nie, met die moontlikheid om vas te stel op watter faset (kragtens die eie aard) van die beweging in bepaalde gevalle die blik gerig word, en (2) onsekerheid wanneer die eindpunt bereik word: God reël die tempo. Die voorwaarde is egter vervul (die heerlikheidstoetrede) en daarom is daar geen rede vir 'n onbepaalde lang tyd nie.

Elders word die "een beweging" ook beskryf as basies een deurlopende lyn, een omvattende golfslag, maar dan nie 'n egalige, voortskrydende lyn nie. Drie fasette word duidelik onderskei: Die Koninkryk het gekom (in die Persoon en werk van Christus op aarde); die Koninkryk sal finaal kom (met sy wederkoms), maar ook in die periode wat hierdie begin en einde skei, kom die Koninkryk (in die dood en opstanding van Christus) "met krag" (Rom. 1:4): die groot gebeurtenis voor die wederkoms.[15]

Twee lyne

So gereed lê hierdie deurlopende lyn egter nie in die prediking van Jesus nie. As noukeurig nagegaan word wat Jesus (in die toekoms) sien, dan is daar duidelik sprake van twee lyne: (1) 'n Lyn wat gaan tot by die dood en opstanding en daarvandaan verder,[16] en (2) 'n lyn wat deurloop tot by die wederkoms.[17] Op hierdie twee lyne trek die hele problematiek van die toekomsprediking van Jesus saam. Die verskillende groepe waaronder die heersende standpunte saamgebring word, kan onder twee hoofde saamgevat word: (1) Die wat die twee lyne reduseer tot een, deur inskakeling: Jesus wil die verwagte, maar uitblywende koms van die Koninkryk afdwing deur sy dood (A. Schweitzer en die konsekwente eskatologie), of deur uitskakeling, hetsy van die wederkomslyn (C.H. Dodd en die gerealiseerde eskatologie), hetsy van die lydenslyn (R. Bultmann en die transendente eskatologie) en (2) die wat die twee lyne handhaaf (bipolêre eskatologie). Nou is daar bepaalde uitsprake wat 'n kort tussenperiode in vooruitsig stel.[18] Hier gaan die weë van die laaste groep dan weer uitmekaar: Jesus het die wederkoms naby gesien, maar het Hom vergis (Cullmann, Kümmel); gepredik asof dit naby is uit psigologiese oorwegings (Michaelis); naby gesien in die verskynings (K. en M. Barth); naby van God se kant ("duisend jaar soos een dag") dan weer ver, van mensekant gesien (Grosheide); naby gesien in "profetiese perspektief" (Ridderbos).

Waar dit in hierdie studie om die nabyheid van die Koninkryk gaan, kan verwag word dat die nuwe bydrae op hierdie punt gedoen sal word, hetsy in die vorm van 'n nuwe standpunt wat sal bykom, hetsy in die vorm van 'n nuwe fundering van die een of ander van genoemde standpunte.

Nadere ondersoek van hierdie twee lyne bring tot die resultaat, dat die twee lyne in die toekomsprediking van Jesus gehandhaaf moet word. Die bipolêre eskatologie word dus bevestig. Wat die kort en tussentyd-uitsprake betref, is die resultaat dat in die toekomsblik van Jesus 'n spoedige en 'n latere (laaste) koms onderskei moet word, wat met mekaar in 'n innerlike, saaklike (oorsaaklike) verband staan. Dit is blykbaar die nuwe gesigspunt wat na vore gebring word. Dit is iets anders as, en in sekere sin 'n

---

[14] Mark. 14:62; Matt. 23:39; Matt. 16:28.
[15] Vgl. aant. 13.
[16] Vgl. aantt. 26-31.
[17] Vgl. aant. 44.
[18] Veral Mark. 9:1 par.; Mark. 13:30 par.; Matt. 10:23b. Verder ook Matt. 23:36; Matt. 23:39; Mark. 14:25; Mark. 14:62; Luk. 18:8.

korrektief op, die sg. "profetiese perspektief" (wat in beginsel wel nie, maar prakties baie naby aan die "vergissings"-standpunt kom): Die twee lyne hang saam — dit val nie saam nie. Dit *val* nie saam in die blik van Jesus nie, maar Hy *vat* dit saam omdat dit saamhang. Dit is *wat* Jesus in die toekoms sien. Hierby word die blik alreeds daarop gerig *hoe* Jesus dit sien, *hoe* Hy daarteenoor staan en *hoe* Hy dit predik.

Belangrike lig word hier gewerp op die Geskiedenis van die Openbaring. Wat die laaste betref (hoe Jesus dit predik): Die twee lyne, en veral die lydensprediking soos dit kulmineer in die drie bekende lydensverkondigings,[19] lê so ingeweef in die lewe van Jesus, eers in die vorm van algemene sinspelings,[20] altyd duideliker,[21] in beeldspraak,[22] in uitdruklike uitsprake veral na die eerste lydensaankondiging,[23] dat dit 'n onbegonne taak is om dit *uit die geskiedenis* uit te lig (soos Bultmann probeer doen), en dat die Koninkryk volgens die evangelies klaarblyklik *in die geskiedenis* gerealiseer is deur die dood en opstanding van Jesus. Die verweefdheid met die geskiedenis blyk verder ook uit die prediking daarvan as geleentheidsprediking. Die lydenslyn veral toon alles behalwe 'n deurlopende lyn. Dit gaan soms tot by die dood.[24] Soms word die dood en opstanding in die oog gevat,[25] terwyl die geskiedenis na sy heengaan gewoon aangaan.[26] Soms word die lyn getrek tot by die heerlikheidstoetrede.[27] Dan word die lyn weer getrek vanaf die opstanding en verder,[28] en bepaald tot by die hemelvaart.[29] Ná die opstanding, d.w.s. wanneer die geskiedenis die realiteit van die lewe van Christus na sy sterwe onomstootlik gemaak het, word die lyn deurgetrek in die geskiedenis,[30] en bepaald oor die heerlikheidstoetrede heen tot by Pinkster.[31] Dit alles dra 'n "flitsende", "kaleidoskopiese" karakter. Hieruit blyk tewens die betroubaarheid van die sinoptiese beriggewing, waarin die versoeking weerstaan is om daarvan 'n geïntegreerde toekomsprogram te maak; verder, dat ons in die evangelies nie met "gewone" geskiedbeskrywing te doen het nie, maar met 'n histories betroubare weergawe van die prediking en optrede van Jesus, nl. soos dit saamtrek om die lyde (dood en opstanding) en die wederkoms, die twee groot oriënteringspunte in die prediking. Dit weer laat die Openbaringsgeskiedenis sien as nie "gewone" geskiedenis, nie in die sin van 'n geskiedenis wat op 'n ander vlak lê, of geskiedenis van Gods kant gesien nie, maar geskiedenis van sy *eindpunt,* d.i. eskatologies, gesien, en wel op grond van die gegewe Openbaring, en so as Openbaringsgeskiedenis, waarin dit gaan om die koms van die Koninkryk, sy tweërlei koms, soos deur Jesus gepredik. Ook in hierdie sin sou dan seker van die nabyheid van die Koninkryk gespreek kan word, en van die toekoms: Deur openbaring is dit naby gebring, beskikbaar of vervoegbaar gestel (modewoorde!) uit die sfeer van die onvervoegbare tot die vervoegbare en van die onbekende na die bekende

---

[19] Mark. 8:31 par.; 9:31 par.; 10:33, 34 par.

[20] Mark. 2:20; Mark. 9:19; Matt. 8:20 (Luk. 9:58).

[21] Luk. 9:31 (Mark. 9:12, 13; Matt. 17:13); saamgetrek om die laaste paasfees, Matt. 26:18; Mark. 14:21, 26-31; Luk. 22:37 en in Gétsemané, Matt. 26:37.

[22] Luk. 12:50 (doop); Mark. 14:36 (beker); Mark. 14:15, 41 (uur); Mark. 2:18-20 (bruidegom, wat weggeneem word); Matt. 12:38-40 (teken van Jona); Mark. 10:38 (doop) staan in verband met die wederkoms.

[23] Luk. 13:32, 33; Mark. 10:45; Matt. 26:2.

[24] Vgl. aantt. 20-23.

[25] Lydensaankondigings.

[26] As 'n tyd van vaste, Mark. 2:20, vervolging, Matt. 5:11, 12; Luk. 8:22 e.v.; Matt. 10:17 e.v.; Mark. 8:34; van evangelieverkondiging, Mark. 14:8, 9; van gerig, Luk. 23:28-30; bekering van Israel, Matt. 23:39.

[27] Mark. 9:1 par.; 14:62.

[28] Mark. 9:9.

[29] Mark. 14:28.

[30] Matt. 28:19, 20.

[31] Luk. 24:45-49; Hand. 1:8.

(vgl. Rom. 10:6-8).

Die prediking van Jesus is situasie-prediking, nie alleen as geleentheidsprediking nie, maar ook in die sin dat dit voor 'n situasie stel, 'n beslissing, ook wat Homself betref:[32] Hy *moet* na Jerusalem,[33] Hy sal nie alleen sterf nie, Hy móét.[34] Dit is 'n "heilshistoriese", of beter, 'n openbaringshistoriese, moet. Dit is op grond van die Skrifte.[35] Ook só, kan gesê word, is die toekoms *saaklik* naby. Jesus staan nie *teenoor* die toekoms as toeskouer nie, maar in betrokkenheid en verantwoordelikheid. Dit is ook weer enigsins eksistensialisties uitgedruk. Tog sou ek die toekomshouding van Jesus nie met die "modewoord" wil beskryf, nl. dat Hy "eksistensieel" midde-in die toekoms staan nie, alleen al om die rede dat dit 'n toekoms is waaroor Hy vervoeg, deur openbaring.

Hoe sien Jesus die toekoms? Hy sien dit as deur God bepaal. God rig en lei die geskiedenis. "Slegs wie in hierdie wêreld, in hierdie ruimte leef, kan waarlik begryp wat Jesus oor sy komende lyde, dood en opstanding spreek. Want, enkel en alleen vanuit hierdie visie, hierdie werklikheid, spreek Hy".[36] Dit is dan ten diepste die grond waarom die dissipels Hom hierin nie verstaan het nie. Ek sou dit eenvoudiger wil stel: Die ruimte waaruit hulle en ons moet leef om die toekomsprediking van Jesus te verstaan, ook die prediking van sy eie toekoms, is die ruimte van die Skrifte.[37] Die dissipels het nie verstaan nie, omdat hulle die Skrifte nie verstaan en geglo het nie.[38]

'n Belangrike vraag in hierdie verband word verder onder oë gesien: Waarom die twee lyne in die verkondiging van Jesus? Waarom het Jesus dit nie verbind nie? Die volgende verklaring word aan die hand gedoen: Hoe sou Jesus die *skandalon* van sy lydensweg mag versag deur telkens sy heerlikheid daaraan te verbind? Feit is egter dat Jesus dit telkens doen, altans die opstanding met die lyde,[39] en ook sy toetrede tot die heerlikheid[40] en die koms met heerlikheid[41] met sy dood. Nooit word egter 'n direkte band gelê tussen die *toetrede tot die heerlikheid* en die *koms met heerlikheid* nie. Die naaste sou wees Matt. 28:20 (as uitspraak na die opstanding). Hier word egter nie met soveel woorde van die wederkoms gespreek nie. Die enigste oorbrugging tref ons aan in die mond van die engel by die hemelvaart.[42] Die antwoord op die gestelde vraag moet wees: Omdat dit twee lyne is. Die een lyn: Deur die dood (en opstanding) tot die heerlikheidstoetrede en daarvandaan verder.[43] Die ander: Deur die dood na die wederkoms.[44] Die dood is die enigste raakpunt tussen die twee lyne. Die dood van Christus is die grond van die verheerliking sowel as van die wederkoms.

---

[32] Luk. 9:31.
[33] Lydensaankondigings.
[34] Lydensaankondigings.
[35] Luk. 18:31-33, vgl. 24:27.
[36] P. 106, vgl. p. 109 (by die wederkoms-voorseggings): "ook hier bly dit ten diepste die ruimte waaruit Christus spreek, sy visie op God en die geskiedenis".
[37] Dit word soos volg omskryf: "die normatiewe van die openbaring van die God van die geskiedenis", p. 106.
[38] Luk. 24:25.
[39] Lydensaankondigings.
[40] Mark. 10:38-40; 14:25; 14:62.
[41] Luk. 17:24, 25.
[42] Hand. 1:11.
[43] Aantt. 26-31.
[44] Duidelikste: Mark. 13:26 en Matt. 25:31. Verder in orde van duidelikheid: Luk. 17:24 (Matt. 24:27 vgl. 37); Luk. 18:8b; die Waaksaamheidsgelykenisse (Mark. 13:35; Matt. 24:37; 42, 46; 25:6, 13, 19); Matt. 13:41; Luk. 17:22, 23 (Matt. 24:26); Mark. 10:35-40; 14:25. Mark. 8:28 en 14:62 hoort op grond van die gegewe eksegese nie hier nie.

Indikatief en imperatief

Die saaklike band tussen hede en toekoms tree duidelik aan die lig in die toekomsprediking van Jesus as geleentheids- of situasieprediking, d.i. waar die lyn getrek word vanuit die hede (van Jesus) na die toekoms. Verrassende lig val daar op die saaklike band tussen hede en toekoms, wanneer die lyne teruggetrek word van die toekoms na die hede (wat óók kan gebeur in die geskiedenis van die Godsopenbaring): Die indikatief (futurum) word imperatief (praesens). Dit bring die koms van die Koninkryk, hoe naby of hoe ver (in temporele sin) ook al, saaklik in ons onmiddellike nabyheid. Dit laat die toekoms ingryp in die hede en ons aangryp in die hede — ons hede. Dit maak die toekomsprediking van Jesus situasieprediking in die sin dat dit ons voor 'n situasie stel, voor 'n beslissing. Dit geld vir die toekoms van elke individu,[45] vir die toekoms van Jesus (sy lyde en sterwe, veral),[46] vir die toekoms tussen koms en koms[47] en vir die toekomseindpunt,[48] wat veral vanweë die onbekendheid daarvan[49] in ons onmiddellike nabyheid tree: Elke dag so lewe asof dit elke oomblik kan kom.[50] By die gelykenisse van die Onvrugbare Vyeboom[51] en van die Onregverdige Regter[52] tree dit skerp na vore. Die eerste veral laat die hede sien as 'n tyd van respyt, van uitgestelde gerig. Eintlik is die tyd vir die hede al verby. Die tweede laat die hede sien as 'n tyd van genade en lankmoedigheid (vgl. 2 Kor. 6:2 en 2 Petr. 3:9).

'n Belangrike studieprojek word hier geopen en aangevoor: "Die Profetiese Rede in die lig van die Indikatief en Imperatief", wat dit saambind tot 'n eenheid. Mooi perspektiewe word geopen. Inderdaad vorder die verhouding van die indikatief en die imperatief hier nadere besinning. Dit is 'n vraag of die indikatief (wat God doen) altyd verskyn "by die grasie" van die imperatief (wat ons moet doen). Dit kan ongetwyfeld gesê word by die toekomslyn tussen koms en koms (verdrukking ens. as beproewing van die geloof), waar die indikatief kontemporêr is met die imperatief. Maar geld dit ook waar die indikatief aan die imperatief voorafgaan[53] of volg?[54] Al kom dit in 'n bysin voor, die bysin is redegewend. Daarom sou ek liewer spreek van 'n imperatief wat rus op die indikatief (van die gekome of die nog komende Koninkryk) as van 'n deurlopende "basiese" imperatief.

Verlede, hede, toekoms

Verlede-hede-toekoms lê temporeel en horisontaal uitmekaar, maar staan met mekaar in innerlike samehang. Die band tussen hede, verlede en toekoms is Christus, of

---

[45] Luk. 12:16-21 (ryke dwaas); Luk. 16:1—10 (Oneerlike Bestuurder); Luk. 16:19-31 (Ryk man en Lasarus). Op die vraag of die gelykenis van die Onvrugbare Vyeboom (Luk. 13:6-9) hier hoort, word nie ingegaan nie.

[46] Lydensaankondigings.

[47] Profetiese Rede, Matt. 24 en 25; Mark. 13.

[48] Waaksaamheidsgelykenisse, Mark. 13:31-37; Matt. 24:42-25:13, vgl. Luk. 12:39, 40, 42-46; Voleindingsgelykenisse, Luk. 12: 35-38 (waaksame dienskneg); Luk. 13:22-30 (nou poort); Luk. 14:15-24 (groot maaltyd — dit is 'n vraag of dit op die voleindingsmaaltyd sien. Hoe dan met diegene wat uitgewerp word?); Luk. 18:1-8 (Onregverdige Regter); Luk. 17:20-37 (die "klein Apokalyps").

[49] Mark. 13:32; Matt. 24:36; Hand. 1:6-8; die Waaksaamheidsgelykenisse. Verder: Luk. 17:20, 21 en veronderstel in Luk. 17:22-37 en 21:34-36.

[50] Dit kom by Bultmann se vertikale eskatologie sterk, hoewel eensydig, na vore.

[51] Vgl. aant. 45.

[52] Luk. 18:1-8.

[53] Matt. 28:18, 19; Luk. 24:49; Hand. 1:4, 5 vgl. Matt. 10:19-28; Mark. 13:11. Dood en opstanding moet gesien word as die groot imperatief vir Jesus wat 'n heilsindikatief word vir sy dissipels, maar ook vir hulle 'n imperatief word wat daarop rus, vgl. p. 132 e.v.

[54] Waaksaamheidsgelykenisse, Mark. 13:33-37; Luk. 21:34-36; Matt. 24:42-44 (Luk. 12:39-40); Matt. 24:45-51 (Luk. 12:42-46); Matt. 25:1-13; verdere Voleindings-gelykenisse by Lukas, 12:35-38; 13:22-30; 14:16-24, vgl. Matt. 22:1-10; Luk. 18:1-8.

ook: Die Koninkryk van God, of, die *koms* daarvan. Dit gaan in die *geskiedenis* van die Openbaring immers nie oor die wese van die Koninkryk nie, maar oor die koms daarvan, soos aangetoon in die Koninkryksgelykenisse.[55] *Verlede* is die tyd van die belofte. *Hede,* die tyd van vervulling. *Toekoms,* die tyd van voleinding. Of anders: Christus sal kom (verlede); Christus het gekom en sal kom (hede); Christus kom (toekoms). Die hede dra iets van die verlede en van die toekoms: Vervulling en verwagting. Die Christelike tydsindeling sou dan moet wees: Voor die koms van Christus (verlede); sinds die koms van Christus (hede) en sy wederkoms (toekoms).

Hieruit is tweërlei duidelik: (1) Tyd is, volgens die Skrif, reële tyd (liniêr) maar ook realisties, d.i. inhoudelike, gevulde tyd met wat daarvoor bestem is, en nie blote verloop nie, en (2) die eindpunt is nie beëindiging van tyd nie maar 'n toekoms, wat reeds begin het met die koms van Christus. Inderdaad is daar 'n tweeslagtigheid in die hede net soos in die lewe van die wedergeborene, 'n "reeds" en 'n "nog nie". Die toekoms het al aangebreek, die verlede loop in sekere sin nog deur.

Hiermee is reeds gekom by die vier begrippe wat onder oë gesien moet word met die oog op die nadere bepaling van die toekomsperspektief van Jesus.

Die vier begrippe

Dit is die begrippe: *teken, nabyheid, tyd en geskiedenis.* Hierdie begrippe word elkeen aangewys as studie-onderwerpe op hulle self en slegs behandel in soverre hulle lig laat val op die toekomsperspektief van Jesus (hoe Jesus die toekoms sien). Belangrike gesigspunte word hier na vore gebring.

Teken het in die evangelies nie maar net die betekenis van 'n chronologiese voorteken nie, soos in die Joodse apokaliptiek (waarby die transendente eskatologie aansluit). Dit is ook nie die saak self nie (soos by die gerealiseerde eskatologie). Dit beteken die aanvang van dit wat in aantog is, voordat dit oral en volledig daar is, soos die somer in sy voortekens, vgl. die Gelykenis van die Vyeboom.[56]

Hierdie "reeds" en "nog nie" is ook die kern van die *nabyheidsbegrip,* waar dit in hierdie ondersoek om gaan. Die moderne betekenis van "naby" is: "tot onmiddellik naby". So verstaan die transendente eskatologie dit. In die Aramees kan dit dieselfde betekenis hê as "gekom". So verstaan die gerealiseerde eskatologie dit. Ons het egter met die Griekse teks te doen. In Grieks kan dit ook hierdie betekenis hê. Uitgangspunt by die eksegese moet egter wees sowel 'n "nog nie" as 'n "reeds", soos duidelik is uit Luk. 21:20. Die nabyheidsbegrip bring by die kernwoord van Jesus se prediking (Mark. 1:15; Matt. 4:17). Die vertaling moes wees "het naby gekom", en nie "is naby" of "het gekom" nie. Hier word nie 'n tydlose waarheid verkondig nie. Ook word nie 'n historiese *feit* (aoristus) beklemtoon nie, maar die gevolge daarvan (perfektum). As gevra word: Hoe naby? dan is die antwoord: So naby, dat jy jou *nou* moet bekeer (indik. perf. gevolg deur 'n imper. praes.). Dit is nabyheid in *relasionele* sin, die vanselfsprekende betekenis van nabyheid wat in soortgelyke ondersoeke oor die hoof gesien is en wat die aanleiding was tot hierdie nuwe ondersoek aangaande die nabyheid van die Koninkryk.

'n Vraag kan hier gestel word: Hoe bepaal die indikatief die imperatief hier? Die antwoord moet blykbaar wees: Sowel vanuit die "reeds" as vanuit die "nog nie". Dit is die nuwe situasie.

By die reeds genoemde reële en realistiese in die *tyds*begrip van die evangelies moet ook die relasionele kom: Tydsbepalende voegwoorde is die kenmerkende in die tydsbepalinge. Wat voorafgaan en volg, is veel belangriker as dag en datum. Die belangrike is nie om te weet wanneer nie, maar om gereed te wees as dit kom.

Hierby moet ook beklemtoon word die realistiese (inhoudelike) karakter van tyd. Tyd

---

[55] Matt. 13, Mark. 4, Luk. 8.

[56] Mark. 13:28, 29.

is nie maar iets wat verbygaan nie, maar tyd vir iets kan verbygaan. Daar is 'n tyd *vir* en 'n tyd *van,* die tyd van God se besoeking,[57] die tye van die nasies,[58] ens. Daarom moet die tyd beoordeel word.[59] Hoe moeilik dit ons val om dit te vat, blyk uit ons vertaling van Mark. 13:19-20: "Daardie dae sal daar verdrukking wees" moet wees "dit sal dae van verdrukking wees, daardie". Tyd word verbind met God. Hy bepaal die tye; vul dit met 'n bepaalde inhoud. Daarom is tyd so gewigtig. Verder: AION word sowel vir tyd as vir ewigheid gebruik. Dit beteken al dadelik dat die teëstelling tyd-ewigheid vals is. Dit bring by 'n transendente eskatologie en — hoe baie van ons dink so! As ewigheid nie bó-tydelik is nie, hoe moet ons dit dan sien? Die antwoord moet wees: Tydomvattend. Tyd rus in die ewigheid en bring ewigheidsgedagtes uit soos deur God bepaal vir elke tyd. Dit gee aan die tyd sy inhoud. Dit is die volvoering van God se raadsplan. Maar, hoe realisties of relasioneel ook, tyd bly reëel. Elke moment bevat nie alles nie (transendente eskatologie, wat die *wanneer* verdring met die *wat).*

Geskiedenis word gewoonlik verstaan van die mens wat handel. Geskiedenis is: God wat handel.

Daar is egter 'n andersyds: 'n Mens wat meedoen. Die groot vraagstuk van die geskiedenis is: Goddelike soewereiniteit en menslike verantwoordelikheid. Die antwoord (wat hier gegee word) is: God gee (indikatief) en eis (imperatief). Hoe meer Hy gee, hoe meer Hy vra.[60] Die vraag is egter of daar nie 'n inniger verband tussen die gee en die eis van God bestaan nie, nl. dat God ook gee wat Hy vra. Dan is die verbond eers genadeverbond, want verbond is die (regte) verbinding tussen soewereiniteit en verantwoordelikheid. Ons moet dit ook weer so sien: Die soewereiniteit van God (die groot indikatief) omvat die mens (ook die begenadigde) in sy verantwoordelikheid (die imperatief), sonder om dit te vernietig. Dit is 'n misterie. Maar dit is van betekenis om die misterie te konstateer. Rasionalisering hier beteken òf skeiding (transendente eskatologie met sy dualistiese geskiedenisopvatting), òf vereenselwiging en vernietiging van die soewereiniteit of die verantwoordelikheid (evolusionistiese geskiedenisopvatting) en, in albei gevalle, verbondsvernietiging.

By die verklaring van Mark. 13:16 val daar weer lig op die Openbaringsgeskiedenis: Die wat insig ontvang in die misterie (van die Koninkryk) is geseënd, nie alleen bo hulle tydgenote nie, maar ook bo hulle aan wie God in die verlede sy openbaring gegee het. Daar is dus *geskiedenis* van die Openbaring.

So 'n lig kon ook geval het op die Openbaringsgeskiedenis vanuit die wese van die geskiedenis. Geskiedenis is God wat handel, en dit bestaan nie alleen in sy allesomvattende voorsienige bestel nie, maar ook in 'n direkte ingrype in die gang van die geskiedenis (sodat dit in die geskiedenis wel staan as *besondere* feit, maar dan *in die geskiedenis),* om die geskiedenis tot sy voleinding te bring. Die groot betekenis van 'n wonder is al dat dit 'n wonder is. Die wonderlike ingrype van God het geskied ook van tyd tot tyd en sal weer geskied by die voleinding. Daarom is daar Openbaringsgeskiedenis — ook daarin, dat God openbaar wat Hy doen en sal doen.

Die geskiedenis loop uit op die voleinding. Voleinding en nie beëindiging nie. Geskiedenis loop nooit af nie, net so min as tyd. Dit kom tot volheid.

Profesie en vervulling

Terwyl die hele studie gekenmerk is deur 'n streng metodiese benadering, geld dit van hierdie gedeelte by uitstek. Die metode is om vanuit die vervulling, soos Jesus dit sien, te kom by die wese van die profesie om dan van die profesie, soos Jesus dit gee, te kom. by die vervulling daarvan. Jesus is immers Vervulling en Profeet. Die doel is om by

---

[57] Luk. 19:44.
[58] Luk. 21:24.
[59] Luk. 12:54, 56.
[60] Met verwysing na Mark. 4:11; Matt. 11:27; Luk. 10:22; Luk. 16:6.

die kern van die toekomsperspektief van Jesus te kom. Die stof wat hier nagegaan word, is die lydensaankondiging vanuit hulle vervulling, die verskillende uitsprake van Jesus waarin vervulling van Ou-Testamentiese profesieë verkondig word,[61] die lydens-aankondigings as vervulling van Ou-Testamentiese profesieë en ander toekoms-uitsprake, waar die moontlikheid bestaan dat Jesus Hom "doelbewus" op bepaalde profesieë befoep[62] of waar dit waarskynlik is.[63] Hierdie ondersoek lei dan tot die resultaat dat die eie aard van die "profetiese perspektief" saamgevat kan word in 'n eenheidsformule: 'n Wesenskou — 'n skoue van binne uit, waarin saamgebind word wat in die vervulling (histories-temporeel) uiteenval. Die band tussen profesie en vervulling blyk 'n "intrinsiek-kwalitatiewe" en nie (soms "nie soseer" of "eerder as") 'n "uitwendig-kwantitatiewe" (soms afgewissel o.a. met "wesenlik-letterlik")[64] te wees nie. Dit bring tot die hermeneutiese reël vir profetiese stof in die algemeen en vir die toekomsprediking van Jesus in die besonder, nl. om die intrinsiek-kwalitatiewe in die oog te vat. Die eksegeet moet tevrede wees met die dát (die saaklike), en hom nie bekommer oor die besonderhede, die hoe, wanneer, wie, nie, tensy hierdie dinge sonder enige twyfel tot die wesenlike behoort, of (wat op dieselfde neerkom): Sien soos Jesus sien. "Die eksegeet moet hom toelê om en in die profesie van Jesus en in die geskiedenis, waarvan hy self deel is, die wesenlik bepalende te ontdek, en so van binne na buite te leer skou, 'n perspektief wat alleen moontlik is vir hom wat en die Skrif en die geskiedenis eksistensieel ken: maar wie dan ook bewus midde in die Woord en werk van God staan, kan self nie verbygaan aan die aanspraak van die hede nie".[65] Dit is ongetwyfeld 'n gewigtige uitspraak hierdie, die hoogtepunt miskien waartoe hierdie ondersoek opvoer: Die sleutel om profetiese stof en m.n. die toekomsprediking van Jesus te ontsluit. Alleen sou ek "eksistensieel" wil vervang met "essensieel". Dit is tog waarop dit, volgens die ondersoek, op aankom — die *wesenskou,* en nie 'n verstaan vanuit my bestaan (eksistensie) nie. Maar wat is dan hierdie "essensiële skou"? Dit is ten diepste nie om te sien *soos* Jesus nie — dit sou, as dit heeltemal moontlik was, nog nie verder bring as grammaties-histories (+ psigologiese) eksegese nie, maar om te sien *in* Christus. Hy is die essensie van die Skrif te (Joh. 5:39). In Hom is die Ou Testament vervul. Hyself is die sleutel tot die Ou-Testamentiese profesie. Dit is bv. nie so dat Hy gesien het wat gebeur en daaruit afgelei het dat Johannes die Doper Elia is wat sou kom nie,[66] maar omdat Hy die Christus is wat sou kom, daarom is Johannes die Doper Elia en die gelowiges die volk van God.

'n Belangrike onderwerp is hiermee aangewys vir nadere ondersoek: "Die noodsaaklikheid van 'n indringende vergelyking tussen die verskillende toekomsuitsprake van Jesus, en 'n veel intensiewer ondersoek na die Ou-Testamentiese voedingsbodem van die woorde van Jesus oor hede en toekoms". 'n Belangrike aspek word in hierdie "voorstudie" reeds na vore gebring, nl. dat nêrens in die Ou Testament uitdruklike uitsprake voorkom wat op sy lyde sien en nog minder op sy opstanding. 'n Dringende vraag is: Hoe het Jesus dit aangetoon (vgl. veral Luk. 24:25-27). Moet die antwoord nie hierin gesoek word nie, dat die hele Ou Testament en met name die hele geskiedenis van Israel soos dit saamtrek in ballingskap en terugkeer,[67] profeties op die dood en opstanding van Christus sien nie? Dan is Israel nie alleen Openbaringsvolk in die sin dat

---

[61] Veral Matt. 11:10 = Mal. 3:1a, 23, 24; Luk. 4:17-19 = Jes. 61; Matt. 11:4, 5 = Jes. 35; Mark. 12:1-8 = Jes. 5; Matt. 21:4, 5 = Sag. 9:9.

[62] Luk. 21:22, 24.

[63] Mark. 4:26-29, vgl. Jona 4:13a; Mark. 4:30-32, vgl. Dan. 4:9, 18; Eseg. 31:6, 17:23; Mark. 13:14, vgl. Dan. 9:27.

[64] "wesenlik-intrinsiek" — "uitwendig-letterlik" of "letterlik"-"sigbaar", "basies-letterlik", "dieperliggend"-"oppervlakkig", "letter"-"gees", "sigbaar"-"wesenlik".

[65] P. 242.

[66] P. 214 vgl. p. 314 waar nie aan die indruk ontkom kan word nie dat Jesus uit wat gebeur aflei dat die Koninkryk gekom het en Hy die Messias is.

[67] Vgl. o.a. Ps. 102:15-23; Jes. 25-27; Eseg. 37; Rom. 11:15.

hulle draers van die Openbaring was nie,[68] maar dat die hele geskiedenis van Israel (dit, wat met hulle gebeur het) openbaring is wat in Christus vervul is.

Die vraag het hom ook telkens na vore gedring of die verhouding, profesie-vervulling, hom inderdaad laat saamvat in hierdie eenheidsformule: intrinsiek-kwalitatief teenoor uitwendig-kwantitatief (letterlik, ens.). Die vervulling is soms verrassend letterlik terwyl die profesie self geestelike betekenis het, soos blyk uit Matt. 11:4 e.v. (vgl. Jes. 35:4-6). 'n Mens sou dus met ewe veel reg die hermeneutiese reël kon omkeer en sê dat aan die letterlike vasgehou moet word en vergeestelik moet word alleen waar die Skrif self daartoe die reg gee. In ieder geval maan dit tot versigtigheid om die een nie ten koste van die ander te beklemtoon nie. By Mark. 12:1-12 word die wingerd verklaar as siende nie minder op Israel as in Jes. 5 nie, maar Israel "anders" beskou, d.i. Israel in sy kern, dit wat sy "wese" uitmaak, d.i. as die ware volk van God. Die vraag is, wat is die verhouding van hierdie "wesenlike" tot die "empiriese" Israel? En, wat is die "geheel" wat in die kern gesien word? Is dit die Kerk sonder meer, 'n geestelike iets los van die natuurlike?[69] Dit bring by die probleem *kerk* en *volk,* wat dus saamhang met *profesie* en *vervulling.* Hierdie probleem het hom telkens opgedring, veral ook by Mark. 4:30-32 (Mosterdsaad) = Dan. 4:9, 18.[70] Is die boom inderdaad maar (algemeen, geestelik) 'n beeld van hoogheid en mag? Ek meen dat ons hier (Mark. 4:30-34) die Koninkryk moet sien, waarin volkere sal nestel, vgl. Matt. 28:19. By die "individuele toekoms" en die "toekoms-eindpunt" tref dit dat dit by die laaste juis gaan om *nasies* (Matt. 25:32). Dit is dus nie net die dát (die saaklike) waarop dit aankom nie, maar ook die wie, ens. Wie die "julle" is in Matt. 23:39, is van groot belang vir die eksegese daar.

Korttermyn?

Na hierdie breë en grondige onderbou, die *koms* van die Koninkryk, en die Menseseun, die *toekoms* wat Jesus sien en soos Hy dit sien, word nou toegespits op die *nabyheid* van die Koninkryk. Met inagneming van Jesus se hele toekomsblik, van sy konsekwente grondhouding, van die verskillende betekenisse van "sien" en veral van die funksionele betekenis van die betrokke gedeeltes in hulle verband, word op baie oortuigende wyse aangetoon, dikwels teen die gangbare eksegese in, dat die sogenaamde termynuitsprake[71] geen termynuitsprake is nie, maar sien op gebeurtenisse tussen "koms en koms", m.n. sy toetrede tot die heerlikheid,[72] die gerig oor Jerusalem[73] en 'n toekomstige bekering van Israel.[74] Die twee "termyn-uitsprake" wat wel op die wederkoms sien,[75] sê aangaande die tydsduur niks nie.

Die grondslag van Jesus omtrent die dag van sy wederkoms is dat dit onbekend is.[76] Op die vraag wanneer? kan die antwoord maar net wees, ons weet nie.

Die gronddwaling van die heersende rigtings is dat hulle *presies weet:* Dit het saamgeval met die dood en opstanding van Christus (gerealiseerde eskatologie) of, dit vind elke dag plaas en verder nooit (transendente eskatologie). Van hierdie heersende rigtings kan nog gesê word dat wetenskaplike ondersoek hom hier beweeg op die terrein

---

[68] Rom. 3:2; 9:4.

[69] Vgl. ook by die verklaring van Mark. 7:1-5 (Matt. 15:1-11) " ... die hand met die verlede. is die sonde van die hede", p. 170.

[70] Die boom is Nebukadnesar en die Babiloniese wêreldryk. In Eseg. 31:6 is dit Egipte en in Eseg. 17:23 Israel.

[71] Mark. 9:1 par.; 13:30 par.; Matt. 10:23b. Verder ook: Matt. 23:36 (Luk. 11:51b); Matt. 23:39 (Luk. 13:35b); Mark. 14:25 (Matt. 26:29, Luk. 22:16, 18); Mark. 14:62; Luk. 18:8.

[72] Mark. 9:1 par., vgl. Mark. 14:62. By Mark. 9:1 (Matt. 16:28, Luk. 9:27) moet veral daarop gelet word dat daar staan: "gekom het" (perfektum).

[73] Mark. 13:30; Matt. 10:23b; Matt. 23:36.

[74] Matt. 23:39.

[75] Mark. 14:25 en Luk. 18:8.

[76] Vgl. aant. 49.

van die onmoontlike (non liquet) en die ongeoorloofde (non licet).

Omdat ons die dag en die uur nie weet nie, moet daar egter elke dag mee rekening gehou word. Juis vanweë die onbekendheid daarvan word die toekoms naby gebring by die hede. Die imperatief praesens word daardeur uitermate verskerp (vgl. veral die waaksaamheidsgelykenisse). Nieteenstaande die onbekendheid van die wederkoms, of liewer, juis vanweë die onbekendheid daarvan, kan gespreek word van die *nabyheid* van die Koninkryk. Die nabyheid van die Koninkryk kan dan omskryf word as 'n moontlikheid,[77] wat elke dag gerealiseer kan word.

Koninkryksnabyheid

By Jesus bly dit egter nie by 'n moontlikheid nie — hoe reëel ook. By Hom is daar sekerheid.

Vanuit die grondwerk word al die lyne saamgetrek tot die spits. Dit is: Die nabyheid van die Koninkryk is Koninkryksnabyheid.

Hieronder moet verstaan word (1) 'n nabyheid in ruimtelike, relasionele sin: Só naby, dat die Koninkryk hom onmiskenbaar laat merk in sy voortekens, waarin die saak self aanwesig is, as begin waarvan die einde nie kan uitbly nie, en wel vir die wat oë het om te sien, soos tydens Christus se optrede; (2) 'n nabyheid waarin die Koning en die Koninkryk self die norm van die termyn is en dit self bepaal, die sekerheid van alle onsekerhede en (3) 'n nabyheid wat daarin bestaan dat die mens in sy verantwoordelikheid ten nouste daarby betrokke is, 'n futurum indikatief met 'n praesens imperatief, soos in die kernprediking van Jesus (Mark. 1:15).

Dit is om te sien soos Jesus sien. Ons moet ook soos Jesus sien. En vir wie so sien, is niks van die Koninkryk ver nie.

Die "sien soos Jesus sien", blyk te wees nie om dit wat uiteen lê saam te sien en ineen te sien nie (gewone opvatting van die "profetiese perspektief"), maar in innerlike samehang, ten diepste, van God uit, wat *besig is* (duratiewe praesens!) om sy heilswerk volgens sy belofte te volvoer. Die koms van die Koninkryk is dan nié één gebeurtenis wat plaasgevind het nie (gerealiseerde eskatologie) of wat sal (of sou) gebeur (konsekwente eskatologie) of gedurig gebeur (transendente eskatologie) of 'n reeks gebeurtenisse wat *saamval* ("profetiese perspektief") nie, maar wat Jesus *saamvat* omdat hulle saamhoort.

Hiermee is groot wins te boek ten aansien van bestaande beskouings. Daar is eenheid in die verskeidenheid en omgekeerd, miskien met groter nadruk op die eerste. Eensydige nadruk kan die afsonderlike gebeurtenisse aan betekenis laat inboet. Ek kon aan die indruk nie ontkom dat die saaklike die temporele te veel oorheers en dat die vervullingsaspek nie genoeg tot sy reg gekom het nie. Om dit wat reeds is, te sien as 'n "soort antisipasie" of slegs 'n "voorwerking" van die toekoms in die hede, hoeseer die saak self daarin aanwesig mag wees, is seker nie genoeg nie.

Sien soos Jesus sien

Naas hierdie sien, soos Jesus, sou ek ook 'n ander wyse van sien, soos Jesus, wil stel, d.i. om ons terug te verplaas in die historiese situasie van waaruit Jesus gesien het. Dan het die "reeds" en "nog nie" 'n ingrypende verandering ondergaan sinds die dood en opstanding. Wat voor die dood en opstanding, *tydens* Jesus se optrede, inderdaad naby was, het geskied. Die chronologiese tydsbepaling,[78] veral van die dae en ure by die naderende heengaan van Jesus, is van die grootste betekenis. Dan, die opstanding op

---

[77] Verstaan as 'n objektiewe moontlikheid (eventualiteit) en nie 'n moontlikheid wat subjektief verwesenlik kan word (potensialiteit) nie, soos by Bultmann en die transendente eskatologie.

[78] Uit die betreklike skraalheid van die kronologiese gegewens moet nie gekonkludeer word tot die minder belangrikheid daarvan nie. Dit maak dit juis gewigvol: Die koms van die Koninkryk het datums, vgl. die noukeurige tydsbepaling, Luk. 3:1, 2. Die Koninkryk van God het ingegaan in en deel geword van die gewone geskiedenis. Dit het ook 'n datum (gegewenheid) geword.

die derde dag, sy toetrede tot die heerlikheid na veertig dae en na tien dae die uitstorting van die Heilige Gees. Die laaste veral is 'n datum — een datum, in die koms van die Koninkryk. Van toe af is die Koninkryk blywend hier. So het, wat naby was, gekom. Die grafiese voorstelling, in soverre dit kan dien om lig te werp, sou dan wees: 'n Horisontale lyn wat deurloop en twee vertikale lyne wat op twee punte daarop inslaan[79] "soos die weerlig".[80] In die blik van Jesus val albei in die toekoms, in innerlike samehang, gewis, maar duidelik onderskei.[81] Ons bevind ons êrens "tussen die tye". Op die een kyk ons terug. 'n Stuk toekoms, wat vanuit Jesus naby was, het hede geword. Die Koninkryk, soos Jesus dit gesien en gepredik het as naby, is gerealiseer. Die koms van die Koninkryk val uiteen in 'n perfektum en 'n futurum, verbind deur 'n duratiewe praesens. Met die toekoms het ook 'n stuk indikatief futurum 'n indikatief perfektum[82] geword wat die imperatief praesens dra. So vind ons veilig ons weg tussen 'n eskatologiese etiek en 'n etiese eskatologie deur.

Van die aanstaande koms van Jesus en van die Koninkryk kan ook meer gesê word as dat dit (saaklik) naby is. Dit is nou (temporeel) *nader*,[83] veel nader as vir Jesus[84]. Dit gee die onbekendheid van die tydstip nou soveel groter klem as iets wat elke oomblik kan intree, veral in die lig van die voorwerking[85] en die vervulling van die voorwaardes van die wederkoms.[86]

Dit kan sekerlik gesê word dat hierdie visie nie ontbreek nie. Deur die sterk nadruk wat die saaklike (intrinsieke) ontvang, kom die suiwer temporele egter enigsins in die skaduwee te staan. Die saaklike en temporele moet nie teenoor mekaar gestel word nie (transendente eskatologie), en ook nie teenoor mekaar gewaardeer word as meerder- en minderwaardig nie. Die *Openbaring* is *histories* gegee. Ons moet nie alleen opklim uit die Skrif en die geskiedenis tot die God van die geskiedenis nie. God kom ook tot ons, en het tot ons gekom in die Skrif en die geskiedenis.

Met hierdie vrug van ons jong Afrikaanse Teologie sal deeglik rekening gehou moet word by verdere ondersoekinge in hierdie verband. Dit is ook 'n sterk spoorslag tot verdere ondersoek, ook wat die sentrale tema betref — die nabyheid van die Koninkryk.

---

[79] In plaas van 'n horisontale en 'n vertikale lyn, wat mekaar in die toekoms ontmoet, p. 312.

[80] *Luk. 10:18* (antisiperend op die toetrede tot die heerlikheid en die uitstorting van die Heilige Gees, vgl. Openb. 12:10) en *Matt. 24:*27.

[81] Die een raakpunt *naby,* die ander *ver.* Die toekomsverwagting van Jesus sou dan nie omskryf moet word as nog 'n nabye, nog 'n verre toekomsverwagting (vgl. p. 169) nie, maar sowel die een as die ander. Dit bevat nie 'n teenstrydigheid nie (vgl. p. 313), want dit het te doen met die tweërlei koms.

[82] Vgl. by aant. 72.

[83] Vgl. Rom. 13:11.

[84] Omtrent sy wederkoms het Jesus nêrens gepredik dat dit naby is nie. Daar moet inteendeel nog baie gebeur. Dit word deurgaans sterk beklemtoon, p. 93, 98, 114... 313, vgl. ook G. Sevenster: *De verwachting van een nabij Koninkrijk in het Nieuwe Testament,* Leiden, 1962. Die betrokke gedeeltes is: Mark. 12:9 (wingerd aan ander gegee); Matt. 28:19 (al die nasies, vgl. Mark. 13:10); Luk. 21:24 (tye van die nasies); Matt. 16:18 (gemeentebou, vgl. 18:15 e.v.); Matt. 24:6 (my heer talm); 25:5 (die bruidegom talm); 25:19 (lang tyd); 26:13 (voortgaande evangelieverkondiging, vgl. Mark. 14:9); Luk. 19:11, 12 (uitdruklik teen die verwagting dat die Koninkryk van God onmiddellik sal verskyn).

[85] In die gelykenis van die Vyeboom, Mark. 13:28, 29 gaan dit om die voortekens van die wederkoms.

[86] Mark. 13:10; Matt. 28:19.

7. DIE KONINKRYK VAN GOD IN DIE NUWE TESTAMENT [1]

A. DIE KOMS VAN DIE KONINKRYK VOOR PINKSTER

1. JOHANNES DIE DOPER

Die blik op die Koninkryk van God in die Nuwe Testament moet vanuit Johannes die Doper geneem word. Hy is die oorgangsgestalte van die Ou na die Nuwe Testament. By hom kry ons vir die eerste maal die uitdrukking: "koninkryk van die hemele" (Matt. 3:2). In hierdie uitdrukking trek sy prediking saam en ook die hele openbaring van die Ou Testament. Tegelyk kry ons in hierdie uitdrukking al 'n samevatting van die Nuwe Testament.

Johannes die Doper gee nie in die eerste plek 'n uiteensetting van wat die Koninkryk van God is nie. Hierdie kennis word veronderstel. Die hoorders het geweet wat die Koninkryk van God is, want hulle het die Ou Testament geken. Vir die vraag wat die Koninkryk van God is, moet ons na die Ou Testament. In Johannes die Doper se prediking aangaande die Koninkryk gaan dit veral om 'n *dat,* dat die (in vooruitsig gestelde) Koninkryk van God naby gekom het (Matt. 3:2).

Ons staan by Johannes die Doper nie alleen op die oorgang van die Ou-Testamentiese tot die Nieu-Testamentiese bedeling nie, maar ons staan ook op 'n oorgang in die wêreldgeskiedenis. Dit vind ons by Lukas. Die optrede van Johannes die Doper word in verbinding gebring met die wêreldpolitiek. Lukas dateer Johannes se optrede in die vyftiende jaar van keiser Tibérius (Lukas 3:1, 2). En volgens Jesus is Johannes die Doper die grootste van alle historiese persone tot op Christus en daarna (Matt. 11:11).

Hoewel in die prediking van Johannes die Doper die klem op die nabyheid van die Koninkryk val, sê hy tog ook wat die Koninkryk van God is. Dit is saamgevat in een woord: Christus. Die koms van die Koninkryk wat Johannes verkondig, is die koms van Christus (Matt. 3:11). Die koninkryksprediking is niks anders nie as Christusprediking. As Johannes predik dat die Koninkryk naby is, dan verkondig hy dat Christus gereed staan om te kom en wel as Regter, as Gerigsvoltrekker. Die koms van die Koninkryk beteken dus: die voltrekking van die oordeel van God deur Christus (Matt. 3:12). Ons het hier nie maar met *'n* gerig te doen nie maar met *die* gerig, nl. die eindgerig. Ons staan hier by die einde van die Ou Testament en die begin van die Nuwe Testament, by die einde van die geskiedenis, die volheid van die tyd. Met die koms van die Koninkryk van God het ons te doen met 'n eindhistoriese gebeurtenis, nl. dit waarop die hele geskiedenis uitloop.

As Johannes verkondig dat die Koninkryk naby is, dan predik hy dat Christus gereed staan om te kom. Maar die koms van die Koninkryk, die koms van Christus, is nie alleen die oordeelsdag nie. Dit is ook die dag van *verlossing* en dan verlossing in die ware sin van die woord. Dit is die betekenis van Johannes die Doper dat hy ook Christus as die Verlosser aanwys (Luk. 1:76, 77). Johannes verkondig Jesus as die Doper, nl. met die Heilige Gees en met vuur (Matt. 3:11 en paral.). Net soos Petrus in sy Pinksterpreek (Hand. 2:14-21) sien Johannes die doop met die Gees en met vuur as een gebeurtenis.

Die doop met die Gees en met vuur is ook een gebeurtenis, nl. die koms van die Koninkryk, maar dit val uiteen in die koms van die Heilige Gees op Pinkster en in die gerigsvoltrekking met vuur by die wederkoms. Die wat verlos word, doop Christus met die Heilige Gees. Die wat nie verlos wil word nie en hulle nie wil bekeer nie, doop Hy met vuur tot verderf.

Die doop met die Heilige Gees toon ons reeds dat die Koninkryk van God in die inwoning van God by die mense bestaan. Christus is die Emmánuel, die vleesgeworde Woord. Die Woord is Christus, wat by God was en onder ons gewoon het (Joh. 1:14).

---

[1] In medewerking met prof. dr. L. Floor. Uit: *Die Koninkryk van God,* Potchefstroom Herald, 1969, pp. 34-58. (Opskrifte effens gewysig.)

Ná die doop van Jesus word daar twee nuwe elemente aan Johannes se koninkrykspredikingtoegevoeg. Johannes het begin om Christus as die Gerigsvoltrekker te verkondig, maar vervolgens gaan hy ook Christus as die Gerigsdraer aanwys. Jesus is ook die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29, 36). Hier sien ons hoe die priesterlike ten nouste met die koninklike saamhang.

Tweedens verkondig Johannes die Doper Jesus as die Seun van God (Joh. 1:32-34). Dit is aan Johannes geopenbaar by die doop van Jesus (Matt. 3:17). In hierdie openbaring van Jesus as die Seun van God het ons die saamvatting van die Koninkryk van God. Want in die eerste plek word hier geopenbaar dat die Koninkryk van God in Jesus gekom het (die Christus). Tweedens dat dit die Koninkryk van God is (die Seun van God). En in die derde plek word hier geopenbaar dat die Koninkryk van God in verlossing bestaan en wel verlossing van sondes, want dit is die betekenis van die naam *Jesus* (Matt. 1:22). Die Koninkryk van God is daarom ten volle uitgedruk in hierdie name van Jesus: "Jesus, die Christus, die Seun van God".

Die Koninkryk van God staan in noue verbinding met die Kerk. Die Koninkryk van God trek saam in die belydenis: "Jesus, die Christus, die Seun van God". Hierop is die Kerk gegrond vanaf Johannes die Doper, naamlik op die belydenis van die Koninkryk. Vra ons: Wat is die Koninkryk, dan word dit beantwoord met die inhoud van die konfessie soos ons dit al uit die mond van Natánael hoor: "U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" (Joh. 1:50). Dit was ook die belydenis van die apostels, en op hierdie belydenis is die Kerk gegrond (Matt. 16:18). Hier kom ons by die verskil tussen Kerk en Koninkryk. Die Kerk is nie die Koninkryk nie, maar die Kerk is diegene wat die Koninkryk bely. Die Koninkryk van God is die inhoud van die konfessie. Ons kry dit in sy kortste vorm in Matt. 16:18 en in sy meer uitgebreide vorme in die Twaalf Artikels en in die Drie Formuliere van Eenheid. Die Koninkryk is nie 'n artikel van die konfessie soos die Kerk nie, maar dit is die hele konfessie van die Kerk.

Die Kerk is ook die draer van die sleutels van die Koninkryk (Matt. 16:19). Dit is die verkondiging van die Koninkryk en die bedien van die sakramente en die tug. Die Kerk verwag nie alleen die Koninkryk nie, maar die Koninkryk is ook in die Kerk gerealiseer. Dit is die woonstede van God in die Heilige Gees (Ef. 2:22). Daarom beteken die sleutelmag nie net die ontsluiting van die Koninkryk in die toekoms nie maar ook hier en nou.

Gesien vanuit die belydenis is dit ook duidelik dat die Koninkryk nie alleen die samebinding van kerke is nie maar ook die verdelingspunt. Verskillende belydenisse beteken dat waar daar verskille tussen kerke is, die verskil saamtrek op die punt van die Koninkryk.

Ons glo dat die Koninkryk van God tot die suiwerste uitdrukking kom in die Drie Formuliere van Eenheid en dat dit die suiwerste antwoord bied op die vraag wat die Koninkryk van God is.

2. JESUS CHRISTUS

(a) *Voor die openbare optrede van Jesus*

Die koms van die Koninkryk van God is die koms van Jesus Christus. Jesus het nie alleen die Koninkryk van God gepredik en in sy magtige dade getoon nie, maar Hy het die Koninkryk van God inderdaad gebring. Die weg van die Koninkryk was sy weg. Die Koninkryk van God het gekom in die weg van vernedering en verhoging (Fil. 2:6-11). Die weg van die Koninkryk is die weg van geboorte, lyding, dood, opstanding, hemelvaart en verheerliking.

Jesus het in die eerste plek die Koninkryk van God gebring in dit wat met Hom gebeur het. Dit kry ons voor die openbare optrede van Jesus. Jesus het nie slegs die Woord van God verkondig nie, maar Hy was self die Woord (Joh. 1:1), ook in alles wat met Hom gebeur het.

In die tweede plek openbaar en bring Jesus die Koninkryk van God egter ook in

woord en daad, in sy prediking en wonderwerke. Hier gaan dit om sy aktiewe optrede in verband met die Koninkryk en sy koms.

Derdens openbaar en bring Jesus die Koninkryk van God in sy lyding, sterwe en opstanding. Hier gaan dit weer om wat met Hom gebeur, maar ons vind in die lydensgeskiedenis 'n saamvloeiing van aktiwiteit en passiwiteit.

Jesus openbaar en bring die Koninkryk dus nie alleen in woord en daad, in prediking en wonderwerke nie, maar ook in dit wat met Hom gebeur, wat Hy ondergaan. Ons sien dit al dadelik by sy geboorte. Sy geboorte is 'n koninklike geboorte. "Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is?" vra die wyse manne uit die Ooste. In die geboorte-geskiedenis soos Lukas dit beskryf, staan die koninklike op die voorgrond. Die Koninkryk van God het gekom. Die Messias-koning is gebore in die stad van Dawid (Luk. 1:32, 2:11). Die heerlikheid van die Koning wat gebore is, is vir die oog verberg, maar as sy heerlikheid skuilgaan, dan skitter die heerlikheid van God. Dit gaan immers om die Koninkryk van God. By die koms van die Koninkryk moet ons veral ag gee op die openbaring van God. Hier in die geboorte-geskiedenis openbaar God Hom veral in sy trou, sy almag en sy genade. So word die Naam van God in die lofsange geprys.

Die weg van die Koninkryk blyk egter al dadelik 'n weg van lyding te wees. Ons sien in Matt. 2 dat die Koning moet vlug. Hy moet padgee vir die draak. Christus moet vlug na Egipte. Met Christus gebeur hier wat met Israel gebeur het, en die geskiedenis van Israel kom nou eers uit in sy volle betekenis.[2] Die Seun van God word uit Egipte geroep (Matt. 2:15). Die weg van die verlossing is dat die Verlosser uit Egipte verlos word. Met sy verlossing word almal verlos wat in Hom begrepe is, want Hy is hulle plaasvervanger. So sien ons die ryke openbaring van die koms van die Koninkryk juis nie net in wat Christus doen en sê nie, maar in dit wat met Hom gebeur.

Op twaalfjarige leeftyd bring Jesus 'n besoek aan die tempel. Dit is die eerste keer wat Hy iets doen. In Luk. 2:41-2 vind ons die eerste selfopenbaring van die Koning. Hier tree die profetiese aspek van die Koninkryk na vore. Christus se eerste woorde is oor sy Vader. Hy noem God sy Vader (Luk. 2:49). By die eerste selfopenbaring was Jesus Hom reeds bewus van die énige betrekking tussen Hom en die Vader. Hierdie lyn tref ons dwarsdeur die Evangelies ten opsigte van die selfopenbaring van Christus aan. Hy spreek altyd van sy betrekking tot God as 'n geheel enige betrekking. Christus se selfopenbaring as die Seun van God verkondig ons profeties dat die Koninkryk wat in Hom gekom het, die Koninkryk van God is.

Voordat dit egter tot die openbare optrede van Jesus kom (en ook as oorgang daartoe), moes daar nog tweërlei met Hom gebeur: Hy moes gedoop word en versoek word. Hy wat deur Johannes die Doper aangekondig is as die Doper met die Heilige Gees en met vuur, moes Self ook gedoop word. Dit kan alleen plaasvervangend verstaan word. Só moet alle geregtigheid vervul word (Matt. 3:15).

Telkens as die heerlikheid van die Koning skuilgaan, kom daar nuwe openbaring (vgl. Lukas 2:9-14, 2:25-34). Hier word sy koninkryk as 'n priesterlike koninkryk geopenbaar. Soos die vlug en terugkeer uit Egipte reeds op die dood en opstanding van Christus sien, so ook die doop (Matt. 20:22). Die Koninkryk van God kom in die weg van vernedering en verhoging. As Hy uit die water opkom, ontvang Christus die Heilige Gees, waarmee Hy sy gemeente sal doop nadat Hy vir hulle gesterf het. Die Gees daal in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neer (Luk. 3:22). Soos die duif van Noag het die Gees tot hiertoe geen plek gehad om te bly nie. Johannes die Doper het 'n openbaring ontvang dat die Gees nie net op Jesus sou neerdaal nie, maar op Hom sou bly (Joh. 1:33). Die Doop is 'n groot datum in die koms van die Koninkryk. Dit is die begin, op aarde, van die Koninkryk waarvan daar geen einde sal wees nie (Luk. 1:33). Dit was die dag van die salwing van die Koning, al sou Hy die troon, soos Dawid, strydend moet bemagtig. Hy ontvang ook die volle salwing (Joh. 3:34). Daarom is Hy die Christus, *die* Gesalfde. Hy is

---

[2] Vgl. Calvyn se Kommentaar op Matt. 2:15.

tegelykertyd ook Priester en Profeet. Hy het die volle salwing by die Doop ontvang om na sy verheerliking sy gemeente op Pinkster te salf tot 'n priesterlike koninkryk en 'n volk van profete. Die koms van die Koninkryk bestaan in die koms van die Heilige Gees, eers op Christus by sy doop, dan op sy gemeente op Pinkster. By die Doop verneem ons ook weer dat dit om die Koninkryk van God gaan, want Hy, wat God tot sy Gesalfde gekies het, is niemand minder as sy eie Seun nie (Matt. 3:17). Hierby knoop die geskiedenis van die versoeking direk aan. Jesus sou die Goddelike mag nooit vir Homself gebruik nie (Matt. 4:3, 6; vgl. 27:42, 43), maar Hy sou deur gehoorsaamheid tot die dood toe die heerskappy oor die wêreld aan Satan ontneem (Matt. 4:10). Dit gaan in die koms van die Koninkryk om die verlossing van die wêreld, wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19), en daarom dat die koninkryke van die wêreld die eiendom van onse Here en van sy Christus sal word en dat Hy as Koning sal heers tot in alle ewigheid (Openb. 11:15). Die versoeking in die woestyn is die eerste en beslissende stap van Christus op die weg van die herstel van wat Adam in die paradys verlore laat gaan het — die Koninkryk van God op aarde.

(b) *Gedurende die openbare optrede van Jesus*

Vanuit sy salwing by die Doop gesien, val die werksaamheid van Christus uiteen in 'n koninklike, profetiese en priesterlike. Dit kan wel onderskei word, maar nie vir 'n oomblik van mekaar geskei word nie. Die koninklike (veral die wonderwerke) is ook priesterlike (genesings, ens.) en dra ook 'n profetiese karakter en die prediking is koninkrykspredikingg.

PREDIKING

In die prediking van Jesus gaan dit om die Koninkryk en sy koms. Wat die laaste betref, die koms van die Koninkryk, is 'n tweërlei oorgang merkbaar. Eerstens is daar die oorgang van die nabyheid van die Koninkryk, waarmee Jesus by die prediking van Johannes die Doper aansluit, tot die aanwesigheid van die Koninkryk in die prediking van Jesus (Mark. 1:15; Matt. 4:17). Die profesie wat tot op Johannes die Doper deurloop (Matt. 11:12), het oorgegaan in die evangelie van die Koninkryk (Luk. 4:43). Die prediking van Jesus is evangelieprediking, die blye boodskap van vervulling. Jesus kondig self die oorgang van die profesie tot die evangelie aan (Luk. 4:16-21). Dit geskied na die gevangeneming van die wegbereider (Joh. 5:35). Die skaduwees is verby. Die vervulling is daar.

Die Koninkryk wat naby gekom het, het gekom (Matt. 12:28). Die tweede oorgang in die prediking van Jesus is die van die koninkryksprediking in Christusprediking, en wel van sy vernedering en verhoging (Mark. 8:31; 9:31; 10:33, 34) as vervulling van die Ou Testament (Luk. 24:26, 27). Hierdie oorgang in die prediking tree in sinds die belydenis van Cesaréa-Filippi dat Hy die Christus, die Seun van die lewende God is (Mark. 8:31), d.w.s. dat die Koninkryk van God met Hom gekom het. Die koms van die Koninkryk word nou nader ontvou as 'n koms van Christus in die Koninkryk, d.i. met sy verheerliking (Mark. 8:38;[3] Matt. 16:28; 28:18), en die koms van die Koninkryk met Hom in heerlikheid (Matt. 24:27, 30) met die een en die ander in perspektief (Matt. 26:64). Daar is egter ook nog sprake van 'n koms van die Koninkryk met krag, binnekort (Mark. 9:1). Dit is die koms van die Koninkryk met Pinkster (Luk. 24:49; Hand. 1:4, 8). Die koms van die Koninkryk is dus nie 'n enkele gebeurtenis nie maar 'n reeks gebeurtenisse[4] wat hulle aan ons oog ontvou: vleeswording, doop, dood en opstanding, verheerliking, pinkster en wederkoms. Die evangelie van die Koninkryk is vervulling van profesie maar laat nog onvervulde profesie.

In die evangelie van Johannes is die koninkryksprediking niks anders as Christusprediking nie. Die lyn vind ons in die groot uitsprake van hierdie evangelie: "Ek is — die Brood van die lewe (6:48), die Skenker van die lewende water (vgl. 4:10;

---

[3] Vgl. T. van der Walt: Die koninkryk van God — naby. 1962, p. 76.

[4] A.w., p. 86.

7:37), die Lig van die wêreld (8:12), die Deur (10:7), die Goeie Herder (10:11), die Opstanding en die Lewe (11:25), die Weg, die Waarheid en die Lewe (14:6). Hy stuur die Heilige Gees, in wie die Vader en die Seun in diesyne kom woning maak (14:16, 23). Hy self sal kom om die lewende en dode te oordeel (5:27-36).

Tot sover die prediking van Jesus oor *die* koms van die Koninkryk. Ons vind in die prediking van Jesus egter ook 'n ontvouing van die Koninkryk self, en wel van die Koninkryk en sy geregtigheid (saamgevat in die Bergrede) en van sy verborgenheid (gelykenisse). Jesus het nie alleen die wonderdade verrig nie, maar ook wonderlik gepreek. Ook dit sou volgens die Ou Testament 'n teken wees van die koms van die Koninkryk. Die Here sal wonderlike dinge doen voor die oë van die volk wat nie wil sien nie (o.a. Jes. 42:6, 16), maar ook wonderlike dinge spreek voor die ore van 'n volk wat nie wou hoor nie (Jes. 42:21). Dit geld nie alleen die gelykenisse nie maar ook die Bergrede. In die saligsprekinge hoor ons vreemde dinge ("salig... die arme, die wat treur", ens.) en ook verder in die Bergrede ("jul vyande liefhê"). Dit klink egter alleen vreemd in 'n abnormale wêreld. Dit is inderdaad nuwe dinge wat gehoor word, want dit is die nuwe tyd, die nuwe wêreld wat aanbreek. Tog is dit ou dinge. Dit is die vervulling van die wet en die profete (Matt. 5:17). Sowel die Bergrede as die gelykenisse vereis daarom 'n besondere soort verklaring. Die toegesprokenes in die Bergrede (armes van gees, ens.) is die oorblyfsel van die volk Israel wat deur die doop van Johannes as toegeruste volk vir die Koninkryk na Jesus gebring is (vgl. Luk. 1:17). Die gelykenisse kan ook alleen verstaan word deur die wat geglo het wat hulle aangaande die Koninkryk gesien en gehoor het (Matt. 13:11, 16). Dit spreek nie maar in algemene waarhede in alledaagse beelde nie, maar aangaande die Koninkryk in beelde wat in die Ou Testament al 'n bepaalde inhoud gekry het. Daarom moet met 'n sekere allegoriese trek rekening gehou word.[5] Die gelykenis van die mosterdsaad herinner aan Daniël se uitlegging van die droom van Nebukadnesar (Dan. 4:21). Die voëltjies wat kom neste maak, is dan nie bykomstig nie, maar dui op die heil vir die volkere in die Koninkryk van God in plaas van in 'n wêreldryk. Die gelykenisse het ook 'n besondere plek in die geskiedenis van openbaring. Dit volg (Matt. 13) nadat die volslae blindheid van Israel se leiers geblyk het (Matt. 12:22-32). Aan hulle wat sien en nie sien nie, word die lig onttrek, en die wat gesien het, word deur die gelykenisse dieper in die verborgenhede van die Koninkryk ingelei.

Met die ontplooiing van die prediking van Jesus word die skeidslyn tussen die hoorders altyd duideliker: die aanvanklike prediking (die verkondiging van die nabyheid van die Koninkryk) is evangeliserend en tot die hele volk gerig; die voortgesette prediking (Bergrede) tot die gelowiges ten aanhore van die volk en die afsluitende prediking (gelykenisse) net tot die gelowiges.[6] Ons merk reeds in die prediking van Jesus 'n duidelike onderskeiding tussen grondleggende (stigtende) en opbouende (stigtelike) prediking. Daar is dus van die begin af 'n nou verband tussen die Koninkryk en die Kerk. Die prediking van die Koninkryk is kerkvormend, reeds van Johannes die Doper af. Op die belydenis dat Jesus "die Christus, die Seun van die lewende God" is, ontvang die Kerk die sleutels van die Koninkryk (Matt. 16:19).

Die gelykenisse het ook nog hierdie besondere plek in die geskiedenis van die openbaring dat dit ons by die verborge raad bring. Die *omdat* (Matt. 13:13) is ook 'n *sodat* (v. 15). Die sondeverbinding word op 'n Goddelike wyse diensbaar gemaak aan 'n hoër doel, nl. sodat die profesie van Jesaja vervul sou word (Joh. 12:38-40); sodat Jesus volgens die bepaalde raad en voorkennis van God deur goddelose manne gekruisig sou word (Hand. 2:23, vgl. 1 Kor. 2:8) en die Koninkryk van God heerlik tot openbaring sou kom in die opwekking van Christus uit die dode (Hand. 2:24) en dat Hy so die Lig van die nasies sou word (Luk. 2:32; Matt. 22:43; Rom. 11:11).

---

[5] Vgl. Eberhard Jüngel: Paulus und Jesus, hermeneutische Untersuchungen zur Theologie[3]. 1967, p. 90.

[6] Vgl. F. W. Grosheide: De Openbaring Gods in het Nieuwe Testament. 1953, p. 55 e.v.

WONDERWERKE

In die wonderwerke sien ons veral wat die Koninkryk van God is. Die wonderwerke sluit ook aan by die Ou Testament. So word byvoorbeeld die genesing van die man met die verdorde hand in Matt. 12:18-20 met Jes. 2:1-3 verbind. In Jesaja 43 word van wonderlike dinge geprofeteer wat by die koms van die Verlosser sal gebeur. In die wonders van Christus word aanskoulike onderwys gegee (Jes. 42:20, 21) aangaande die Koninkryk van God. Dit laat die heerlikheid van die Koninkryk van God sien. Besonder treffend is hier die letterlike vervulling van wat in die Ou Testament geestelike betekenis gehad het. Dit gaan in die Koninkryk van God nie alleen om die herstel van 'n lam (blinde, dowe ...) volk (Jes. 35:3-6) nie, maar om die letterlike genesing van lammes, blindes ens. en opwekking van dooies, d.i. verwydering van die geestelike en die letterlike gevolge van die sonde.

Ons kan die wonders indeel in genesingswonders en natuurwonders. Die genesingswonders het betrekking op die mens en die natuurwonders op die res van die skepping. Hierin word geopenbaar dat sowel die mens as die hele skepping in die herstel deur die koms van die Koninkryk van God sal deel.

By die wonderwerke van Christus moet ons onderskei tussen die profeties-geestelike betekenis en die toekomstig-letterlike betekenis. Die wonderwerke is prediking van 'n geestelike genesing en verlossing wat die Koninkryk van God bring. Siekte en dood is nie alleen 'n gevolg van die sonde nie, maar ook 'n beeld van die sonde. Die eintlike betekenis van die wonders lê in hulle toekomstig-letterlike betekenis. Dit teken die Koninkryk van God as verlossing uit die mag van Satan, as oorwinning van die mag van Satan. In die wonders sien ons die Koninkryk van God in sy volkomenheid wat ingryp in hierdie lewe. Die genesing van siekes en die opwekking van dooies deur Jesus Christus toon aan dat daar in die toekoms van die Koninkryk geen dood of siekte meer sal wees nie (vgl. Openb. 21:1-5).

Waar die openbaring van die Koninkryk in die wonderwerke 'n hoogtepunt bereik, daar hoor ons die belydenis van die Koninkryk. Dit is altyd die bepaalde konfessie: U is die Seun van God. Dit hoor ons uit die mond van die dissipels nadat Jesus die storm stilgemaak het (Matt. 14:33) en uit die mond van Martha wanneer Christus haar broer gaan opwek uit die dode (Joh. 11:27). So kan ons telkens die koms en die openbaring van die Koninkryk van God besien vanuit die belydenis dat Christus die Seun van God is.

Dit gaan by die wonders net soos by die gelykenisse: hulle maak skeiding tussen die wat in Christus glo en die wat nie in Hom glo nie. Vir die gelowige word die koms van die Koninkryk in die wonders duidelik geopenbaar. Die almag en die genade van God word daarin op 'n sigbare wyse verkondig. Maar die ongelowiges is blind, hulle skryf die kragte wat Christus doen deur die Heilige Gees waardeur die Koninkryk gekom het (Matt. 12:28), toe aan bose magte, aan die Satan (Matt. 12:24).

c. *In die lydens- en opstandingsgeskiedenis*

Die twee lyne van die aktiewe en passiewe openbaring van die Koninkryk van God vloei ten slotte saam in die openbaring van die Koninkryk van God in die sterwe en opstanding van Christus. Ook in wat met Hom gebeur, in sy lyde, openbaar Christus die koms van die Koninkryk. Daar is egter in die lyde van Christus ook 'n aktiewe openbaring, want lyde is metterdaad ook hoogste aktiwiteit (vgl. Jes. 53:11). Aan die kruis vloei die aktiwiteit en die passiwiteit saam. Hy is die Priester wat offer, en terselfdertyd die Lam wat geoffer word (vgl. Hebr. 9:14). Sy dood is 'n daad: die vermorseling van die kop van die slang (vgl. Gen. 3:15). Sy dood is ook die begin van sy aktiewe heerskappy. Die evangelies verhaal die begin van wat Jesus gedoen en geleer het (Mark. 1:1). Handelinge verhaal die voortsetting daarvan (Hand. 1:1).

Die lydensgeskiedenis van Christus staan duidelik in die teken van sy Koningskap. Aan die begin van die eintlike lydensweek staan die intog in Jerusalem (Matt. 21:1-11 en ooreenk. pl.). Ons sien daar 'n Koning op 'n nederige rydier. Christus aanvaar vir die eerste keer die huldiging noudat Hy moet ly. Dit is 'n nuwe fase in die koms van die

Koninkryk van God. Markus spreek hier dan ook van die koms van die Koninkryk: "Geseënd is die koninkryk wat kom in die Naam van die Here" (11:10). Die Koninkryk van God kom hier na sy volk. Christus kom na Jerusalem as Priester-Koning en ook as Koning-Priester.

In die koninklike daad van die tempelreiniging tree Christus op teen die godsdienstige lewe van Israel. Hierin openbaar Christus Hom ook as die Seun van God, vir wie dit gaan om die eer van die Vader (Matt. 21:12-13). Sy optrede is egter nie net 'n oordelende optrede nie; daar spreek ook genadeverkondiging uit. Blindes en kreupeles wat na Hom in die tempel gekom het, het Hy gesond gemaak. Uit hierdie wonderwerke kon die volk sien dat Hy die beloofde Koning is. Dit is opmerklik dat hierdie onverskrokke koningsdaad van tempelreiniging en genesing in die tempel deur die kinders opgemerk is en dat hulle Christus as Koning bely op grond van wat hulle sien (Matt. 21:14-16).

Teenoor die lofsang van die kinders staan in skrille kontras die blindheid van die volk. Hulle sien tekens, maar hulle oë bly gesluit. Hulle is blind vir die heerlikheid en die koningskap van Christus, omdat hulle eer en heerlikheid in gevaar gebring word.

In die vraag aangaande die belasting vind Jesus 'n aanleiding om 'n belangrike openbaring te doen in verband met die verhouding van die Koninkryk van God tot die aardse koninkryke (Matt. 22:15-22; Lukas 20:20-26). Die Koninkryk van God is nie rewolusionêr nie. "Betaal aan die keiser wat hom toekom, *en* ook aan God wat Hom toekom". Die Koninkryk van God gee nie reg tot opstand en rewolusie teen die oorheersers nie, maar in die eerste plek vryheid van sondebande. God laat die vreemde heerskappy toe, Hy gebruik self die een moondheid teen die ander as tugmeester. God gebruik die antichristelike magte ten goede. Dit is sy soewereine wil. Wel is daar in die gee van belasting 'n beperking: net wat die keiser toekom en nie meer nie. Die mens moet God meer gehoorsaam. Goddelike eer mag aan die keiser, die staat, nie gegee word nie, net dit wat hom toekom.

In die gevangeneming word Christus gegryp, geboei en weggelei (Joh. 18:1-11 en ooreenk. pl.). Hoewel dit 'n vernedering is, gaan die heerskappy van Jesus deur. Ook in sy passiwiteit bly Hy Koning en word die Koninkryk van God geopenbaar. As Hy gevange geneem word, gee Hy Homself oor (Joh. 18:18). Hier word weer die priesterlike aan die koninklike verbind.

Tydens die verhoor voor Pilatus kry ons weer 'n openbaring van die Koninkryk van God in sy verhouding tot die aardse koninkryke. Christus openbaar hier dat die Koninkryk van God nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 18:36) en tegelyk dat die wêreldse gesag ook van God is en aan God verantwoording skuldig is en dat die verwerping van Christus die prysgawe van die Koninkryk is. Midde-in sy lyding kry ons 'n heerlike selfopenbaring van Christus: "U sê dat Ek 'n koning is" (Joh. 18:37). Tegelyk verbind Christus profeties die Koninkryk van God met die waarheid. Christus het as Koning in die wêreld gekom om vir die waarheid te getuig (Joh. 18:37). Wanneer Jesus deur Pilatus gegésel is en as 'n vernederde Koning aan die volk getoon is, kom die Jode weer met die beskuldiging: Hy het gesê Hy is die Seun van God (Joh. 19:7). Dit word die diepste oorsaak van sy kruisiging. Hy is gekruisig op grond van sy eie belydenis dat Hy die Christus, die Seun van God is (Matt. 26:63, 64). Hy neem hierdie belydenis oor as Petrus Hom verloën. Hy is Self die hoeksteen van sy Kerk (Matt. 21:42; Ef. 2:20).

Hierdie verbinding tussen seunskap en koningskap word ons ook aan die kruis geopenbaar. In die opskrif bokant sy hoof lees ons dat die Gekruisigde 'n koning is (Matt. 27:37). Sy sterwe self was 'n daad. Koninklik gee Hy self sy gees oor. Hy bly Koning ook in sy sterwe. In sy koninklike heerlikheid is Hy oorwinnaar.

'n Romeinse hoofman oor honderd het die openbaring van die koninklike majesteit van Christus in sy sterwe in die geloof verstaan en hy kom tot die belydenis van die Koninkryk soos dit aan die kruis geopenbaar word, tot dieselfde geïnspireerde konfessie as Petrus: "Waarlik, Hy was die Seun van God" (Matt. 27:54).

Die kruis van Christus is van wesentlike betekenis in verband met die koms *van* die

Koninkryk van God. Voor Jesus se dood en opstanding uit die graf kan die Koninkryk van God nog maar ten dele gerealiseer word. Nadat Christus sy lewe gegee het as 'n losprys vir baie en God in Hom sy koninklike reg gehandhaaf en sy koninklike verlossing geopenbaar het, kom die verkondiging van die evangelie van die Koninkryk eers tot sy volle ontplooiing. Die opstanding van Christus word dan ook die groot stimulans vir die verkondiging van die evangelie van die Koninkryk. En dan blyk dat die verkondiging van die evangelie van die koninkryk van God ten diepste die prediking van die kruis is.

Ná sy opstanding openbaar Christus Hom as Koning in die allesomvattende koninklike opdrag aan die apostels: "Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies" (Matt. 28:19). Hierdie koninklike bevel word gedra deur die koninklike versekering: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matt. 28:18), en word gevolg deur die koninklike versekering: "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20). In die woorde: *almal, alles* en *altyd* kom die allesomvattende van die Koninkryk van God tot uitdrukking.

Om hierdie rede vind die opstandingsgeskiedenis sy hoogtepunt en afsluiting in die belydenis van Thomas: "My Here en my God" (Joh. 20:28). Wanneer ons die Koninkryk van God in die Nuwe Testament vanuit die belydenis besien, dan is dit besonder opvallend dat die belydenis ewewydig loop met die openbaring van die Koninkryk. Die konfessie is telkens die antwoord van mense deur die Heilige Gees op die openbaring.

Die eerste belydenisse in die Evangelies hoor ons al in die lofsange van Maria en Sagaria (Luk. 1). Soos 'n goue draad loop die konfessie dat Christus die Seun van God is deur die Evangelies, en dit bereik sy hoogtepunt na die opstanding in die belydenis van Thomas. Ook die konfessie van Thomas moet beskou word as 'n sinspeling op die openbaring van die Koninkryk van God in die opstanding van Christus. Maar Thomas se belydenis staan ook in verband met die verkondiging van die evangelie van die Koninkryk aan alle volkere. Thomas se belydenis is 'n bekroning en 'n afsluiting. Dit bring ons by die oorgang van die dissipelskap na die apostelskap. Die evangelie van die Koninkryk moet aan alle volke verkondig word. Die dissipels moet apostels word. Die apostelskap beteken om dissipels te maak.

Die groot vraag waarvoor ons hier te staan kom, is: Hoe het die dissipels tot die geloof gekom dat Jesus die Messias, die Seun van God is? Het die dissipels weens die opstanding van Christus uit die dode tot die geloof gekom dat Christus die Messias, die Seun van die lewende God is; m.a.w. rus die Messiasgeloof op die opstandingsgeloof? Of is die omgekeerde die geval: rus die opstandingsgeloof op die Messiasgeloof?

Albei beskouings is onjuis, want hulle wil die een uit die ander verklaar — hetsy die Messiasgeloof uit die opstandingsgeloof soos ons dit vind by die ou liberale skool met W. Wrede as hoofverteenwoordiger, hetsy die opstandingsgeloof uit die Messiasgeloof soos dit deur R. Bultmann gestel word. Volgens R. Bultmann kan ons uit die ervaring konkludeer dat Christus opgestaan het. Christus het alleen in die geloof van die dissipels opgestaan.

Die Messiasgeloof van die dissipels, *die* belydenis van Thomas was egter nie 'n menslike gevolgtrekking of konklusie nie. Dit was openbaring. Die geloof dat Jesus die Seun van God is, het vanaf die begin vasgestaan op grond van goddelike openbaring. In Matt. 16:17 stel Jesus nadruklik dat die belydenis van sy seunskap op goddelike openbaring berus. Die Messiasgeloof is al gewortel in die Ou Testament by Abraham in die offer van Isak. Die Messiasgeloof is vanaf die begin van die Nuwe Testament deur openbaring gegee. Hierdie geloof is ten diepste geskok deur die dood van Christus, en dit is in die opstanding gered. Die opstanding bevestig dat Christus die ware Seun van God is (vgl. Rom. 1:4).

Die twyfel van Thomas en die dissipels het juis gelei tot die ryke openbaring aangaande Christus, die Seun van God, nl. die openbaring van die werklikheid van die opstanding.

Hierdie geloof dat Jesus die Christus is, sluit die geloof in die liggaamlike opstanding in,

en só word die geloof verryk.

Die Messiasgeloof (Jesus as die Christus, die Seun van die lewende God) het as 't ware in die dood van Christus ondergegaan en met Hom uit die dood opgestaan om dan tot sy hoogste skittering te voorskyn te kom in die belydenis van Thomas.

Die dood het die geloof nie oorweldig nie, en dan nie weens die inherente kwaliteit nie, maar omdat Christus opgestaan en dit kom red het. En so kom in die belydenis van Thomas die dissipelskap (geloof en belydenis) tot 'n afronding. Voor die opstanding het dit daarom gegaan dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God is. Ná die opstanding — dit is die betekenis van die verskynings wat in die belydenis van Thomas tot 'n hoogtepunt kom — gaan dit daarom dat die Christus, die Seun van God, Jesus is wat waarlik uit die dode opgestaan het (vgl. Luk. 24:39). Op hierdie belydenis moet nou die Kerk gebou word. Dit bring ons by die apostelskap.

Die opstanding van Christus het die Messiasgeloof gered en verdiep, en dit loop uit op die uitsending van die apostels. Die Messias wat hulle bely het, is ook die Sender (Joh. 20:21). Die apostels wat die opgestane Christus gesien het, word uitgestuur sodat ons kan hoor en glo. Hulle moet in woord en geskrif getuig van wat hulle gesien het, sodat ons kan hoor en glo dat Jesus die Christus, die Seun van God is (Joh. 20:31). Ons hoor in die apostoliese prediking wat hulle gesien het. Daar is geen teenstelling tussen sien en glo nie. Die sien (Joh. 20:29) staan teenoor die hoor. Die hoor en die glo bring die gereddes uit die volkere tot die belydenis van die Koninkryk (Rom. 10:17). Dit is die Kerk uit die volkere. Dit bring ons by die uitbreiding van die Koninkryk van God in die Handelinge van die Apostels.

B. DIE KOMS VAN DIE KONINKRYK NA PINKSTER

1. DIE KONINKRYK EN SY UITBREIDING (HANDELINGE)

Dit gaan in die Handelinge van die Apostels om die oprigting van die Koninkryk. Dit is die werk van die verhoogde Christus, en daarom kan ons die Handelinge aandui as die Acta Christi, die Handelinge van Christus.

Die Handelinge begin met die vermelding van die hemelvaart van Christus. Daar is 'n noue samehang tussen die heilsfeite van Hemelvaart en Pinkster en die koms van die Koninkryk van God. Hemelvaart is die troonsbestyging van Koning Jesus, en Pinkster is vervolgens die realisering op die aarde van daardie gebeurtenis in die hemel. Petrus verwys daarna in sy Pinksterprediking (Hand. 2:33). Pinkster is die verwerkliking van die Koninkryk van God op aarde. Die ryk van God is nou hier in die aanwesigheid van die Heilige Gees, in Wie die Vader en die Seun onder sy volk kom woon het (Joh. 14:23; Ef. 2:22), soos God in die Ou Testament afskaduwend onder sy volk gewoon het.

Voor Pinkster was die Heilige Gees al wel op aarde werksaam, maar Hy was nog nie hier as die Gees van die gekroonde Here Jesus nie. Om daardie rede kon Johannes sê: "Want die Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie" (Joh. 7:39).

Daar is 'n innige verbinding tussen die hemelvaart, die verheerliking van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees. Die Heilige Gees wat op Pinkster gekom het, is die Gees van die verheerlikte Christus. Daarom noem Petrus die Heilige Gees ook die Gees van die heerlikheid (1 Petr. 4:14). Dit beteken dat deur die uitstorting van die Heilige Gees die heerlikheid, die koningskap, die heerskappy, die feit dat Jesus nou *Kurios,* Here, is, tot openbaring kom. Daarom is Pinkster die koms van die Koninkryk van God op aarde. En daardie koms van die Koninkryk kan ons nader kwalifiseer as 'n inwoning van die Gees of 'n vervulling met die Gees. Die gedagte van vervulling is beheersend in die begin van die Handelinge. Die plek van Judas (1:20-22), die dag (2:1), die huis (2:2), die mense (2:4), die profesie (2:16) word vervul. Dit is die Koninkryk van God-in-ons.

In die Evangelies vind ons die saamvattende gedagte: ons-in-Christus. Christus is die Representant. Die Kerk is in Hom begrepe. Wat met Christus gebeur het, het met sy Kerk gebeur kragtens die begrepenheid in Hom. Toe Christus gesterf en uit die dode

opgestaan het, toe het die Kerk opgestaan. Toe Christus uit die dood verlos is, is ons in Hom uit die mag van die dood verlos. Wat met die Hoof gebeur het, het ook met die liggaam gebeur.

In die Handelinge van die Apostels kry ons die ander groot gedagte: Christus-in-ons. Dit het in die eerste plek 'n amptelike betekenis. Christus woon deur die Heilige Gees in sy Kerk. Dit is Pinkster. Die heilsfeit van Pinkster is van allesomvattende betekenis in verband met die koms van die Koninkryk van God.

Die Koninkryk van God het op Pinkster gekom, die Koninkryk is op aarde gerealiseer, maar nog nie voltooi nie. Die koms van die Koninkryk moet nog voltooi word, nie deur mense nie, maar deur die werksaamheid van Christus Self by sy wederkoms, waarop Petrus reeds in sy Pinksterprediking vooruitgryp (Hand. 2:16-21) in aansluiting by die Ou Testament (Joël 2:28, 31).

Die Koninkryk van God het op Pinksterdag gekom. Dit is die sentrale plek van Pinkster in die openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. Sinds Pinkster is daar by al die koninkryke op aarde ook 'n koninkryk van God en onder (en uit) alle volkere ook 'n volk van God.

Daar is verskillende fases in die koms van die Koninkryk van God in die Nuwe Testament.

Die eerste fase is die koms van die Koninkryk van God in die geboorte van die Verlosser.

Die tweede fase is die salwing van die Verlosser, die doop van Jesus met die Heilige Gees. Die Skenker van die Gees is hier die Ontvanger. Die salwing met die Heilige Gees dui aan dat dit die inleiding tot sy openbare optrede is. Die drie ampte word hier in Christus verenig. Die hele Ou-Testamentiese salwing trek hier in Christus saam. Dit is die koninkryk van God in Christus. Hy is die Hoof. Vandaar dat ná die gebeurtenis die hoorbare stem uit die hemel klink: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het" (Matt. 3:17). Dit is die openbaring van die koms van die Koninkryk van God in Christus, die Gesalfde.

Die derde fase van die koms van die Koninkryk van God is ná die lyding, dood en opstanding van Christus toe op Pinkster die Heilige Gees op die gemeente uitgestort is. Christus is verhoog. Hy het die belofte van die Heilige Gees ontvang. Christus se salwing vloei hier oor sy hele Liggaam, sy Kerk (Ps. 110 en Ps. 133).

Die vierde fase is met die wederkoms as Christus kom om met vuur te doop. Dit is die koms van die Koninkryk van God in sy voleinding.

Pinkster neem 'n baie beslissende plek in in die koms van die Koninkryk van God. Dit sal nog des te meer duidelik word wanneer ons die heilsfeit van Pinkster, dus die koms van die Heilige Gees, sien in die lig van die doop van Jesus toe die Gees van God soos 'n duif (Matt. 3:16) of in die liggaamlike gedaante soos 'n duif (Luk. 3:22) neergedaal en op Christus gekom het. Openbarings-histories is daar 'n verband tussen die duif van Noag en die Heilige Gees in die gedaante soos 'n duif.[7]

Die rein duif wat deur Noag uit die ark gelaat is, kon nie 'n rusplek vir sy voet vind nie. So was dit ook met die Heilige Gees. Die Heilige Gees kry in die Ou Testament nie rusplek nie. Daarom was die werking van die Heilige Gees in die Ou Testament nog maar insidenteel en parsieel, by geleenthede en gedeeltelik. Maar toe Christus kom, vind die Heilige Gees 'n rusplek op Hom wat sonder sonde is. Die sondige mensheid het egter Christus saam met die Gees uitgewerp. Jesus laat egter die waters van die sonde deur sy versoening opdroog, en toe gebeur die wonder: Die Heilige Gees kom weer op die aarde, omdat ons skuld versoen is. Nou kan Hy in ons kom woon op grond van die

---

[7] Vgl. H. von Baer: Der Heilige Geist in den Lukasschriften. 1926, p. 58; A. Adam: Das Sintflutgebet in der Taufliturgie. 1952, p. 21.

verlossingswerk van Christus. Nou kom die Koninkryk van God in ons. Sedert Pinkster is daar die blywende inwoning van die Heilige Gees. En dit is die realisering van die Koninkryk van God.

In die Handelinge van die Apostels sien ons dan die *uitbreiding* van die Koninkryk van God. Dit geskied deur die prediking. Die Heilige Gees is amptelik in die Kerk teenwoordig. Christus self werk deur middel van sy Gees in die Kerk. Die dinge wat Christus op aarde gedoen het, prediking en wonderwerke, doen Hy nou deur sy apostels. Vandaar die geweldige krag, die oortuigingskrag van die Woord. Die Handelinge wys nie net op die gesag van die Woord nie maar ook op die krag van die Woord. Die Koninkryk van God breek baan deur die verkondiging. En dan hoor ons in die Handelinge ook weer die fundamentele prediking: die Koninkryk het gekom en die Koninkryk sal kom.

In die prediking van Petrus op Pinkster, wat ons as 'n koninkrykspredikingkan karakteriseer, is verskillende elemente wat met die prediking van Johannes die Doper ooreenstem. Die opstandingsprediking van Petrus is ook gerigsverkondiging (Hand. 2:20). Die prediking van die oorwinning van die dood is ook 'n ontsettende boodskap: die oordeel kom. Die laaste dae het aangebreek (Hand. 2:17). Maar wanneer die opstandingsboodskap met skuldvergifnis gepaard gaan, dan is dit 'n blye boodskap. Opstanding en skuldvergewing word aan mekaar verbind. In die naam van Jesus wat uit die dode opgestaan het, word vergewing van sondes aangebied aan hulle wat hulle bekeer — ook aan Israel wat die Christus gekruisig het (Hand. 2:38). En hulle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, hulle sal vervul word met die Heilige Gees. God sal in hulle woon (Hand. 2:38). Dit is die Koninkryk van God-in-ons. Hier vind ons die vervollediging van die boodskap van Johannes die Doper.

In die rede van Stefanus staan ook die inwoning van God sentraal. Daarom wys Stefanus so nadruklik op die tempel (Hand. 7:48). Wat die Kerk sy kwaliteit gee, is die inwoning van God. Soos God in die Ou Testament in die tabernakel en in die tempel gewoon het, so woon Hy in die Nuwe Testament deur sy Gees in die Kerk.

Die optrede van Stefanus loop op 'n groot vervolging uit (Hand. 8:1). Die vervolging dien ook om die Koninkryk uit te brei. Die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die Woord van die evangelie verkondig (Hand. 8:4). God brei ook deur vervolging die Koninkryk uit. Hy brei die Koninkryk uit deur gelowiges in die vervolging te laat sterwe, dus in hulle passiwiteit.

Daar is niks wat die voortgang en die uitbreiding van die Koninkryk van God onder die volkere kan verhinder nie. Die Handelinge van die Apostels sluit met die mededeling dat Paulus die Koninkryk van God verkondig het en aangaande die Here Jesus Christus onderrig gegee het en dat hy dit met volle vrymoedigheid gedoen het sonder enige verhindering (Hand. 28:31).

2. DIE KONINKRYK EN SY ONTVOUING (BRIEWE)

a. *Die briewe van Paulus*

In die briewe van die apostel Paulus gaan dit om die *ontvouing* van die Koninkryk van God. Hierdie briewe is almal geleentheidsgeskrifte, egte briewe aan soveel gemeentes, onder bepaalde omstandighede. Die briewe laat ons daarom die openbaring in die nouste samehang met die werklikheid van die lewe sien.

As gevra word na die kern van Paulus se prediking in die verskillende briewe, dan kry ons van Paulus self die antwoord in Gal. 1:16,[8] waar die apostel sy prediking herlei tot 'n *openbaring,* en wel 'n openbaring in die *geskiedenis.* Dit is hierdie openbaring: Jesus is die Christus, die Seun van God. Dit is wat aan hom geopenbaar is op die weg na Damaskus. Dit is dieselfde wat aan Johannes die Doper en aan die dissipels geopenbaar is. Ons kry hier dieselfde openbaring alleen op 'n ander wyse, op 'n besondere manier. Dit was ook Paulus se eerste prediking (Hand. 9:20, 22), en hierin vat hy ook sy ganse

[8] Vgl. Herman Ridderbos: Paulus, ontwerp van zijn theologie. 1966, p. 53.

prediking saam (1 Kor. 2:2).

Hierdie openbaring dat Jesus die Christus, die Seun van God is, straal in sy briewe na alle kante uit.

Die openbaring dat Jesus Christus die Seun van God is, is dieselfde as wat die eerste apostels ontvang en bely het (Matt. 16:16).

Hierdie openbaring dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God is, beheersende element in die prediking van Paulus, beteken niks anders nie as dat die Koninkryk van God, wat Paulus as Jood nog verwag het, in Christus reeds gekom het. Die openbaring dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God is, beteken dat die *Koninkryk* (Jesus die Christus) *van God* (die Seun van God) in Hom gekom het.

Al kom hierdie uitdrukking: die Koninkryk van God self nie dikwels in die briewe van Paulus voor nie, gaan dit in die briewe van die apostel oor niks anders as oor die Koninkryk van God nie, die Koninkryk wat sal kom, maar wat in Christus ook reeds gekom het.

Die briewe van Paulus is daarom niks anders as ontvouing van die Koninkryk van God nie. Onder hierdie gesigspunt moet die briewe gelees word, want dan sien ons eers duidelik die samehang met die hele Nuwe Testament.

Daar is egter nog 'n tweede lyn wat deur die briewe van Paulus heen loop en hulle tot 'n eenheid saambind. Hierdie lyn is die groot *samevattings* van die evangelie wat ons telkens in die briewe vind.[9] Dit begin al in Rom. 1:1-4 en gaan dan verder oor Rom. 8:31-33, 10:8, 9; 1 Kor. 15:3-7 (die duidelikste); Fil. 2:6-11; 1 Thess. 1:9 tot by 1 Tim. 3:16. Saam gesien, kom dit op die volgende neer:

a. dat Christus uit die geslag van Dawid gebore is, volgens die Skrifte;

b. dat Hy vir ons sondes gesterf het, volgens die Skrifte;

c. dat Hy begrawe is en dat Hy opgewek is, volgens die Skrifte;

d. dat Hy opgeneem is in heerlikheid en sal kom om die lewende en die dode te oordeel.

Hierdie samevatting is die grondleggende, die stigtende prediking, die *kerugma.* Dit is die sendingprediking waardeur die Koninkryk van God uitgebrei en waarop kerkstigting gevolg het. Hierdie prediking bestaan ten diepste in die verkondiging van die feite, heilsfeite vanaf die geboorte van Christus tot sy verheerliking en in verband daarmee die oproep tot geloof en bekering met die oog op die wederkoms van Christus.[10]

In hierdie samevatting van die Evangelie het ons nie alleen 'n band wat die briewe van Paulus tot 'n eenheid saambind nie, maar wat die briewe van die apostel ook saambind met die Evangelies en die Handelinge.

Die samevattings wat Paulus van die Evangelie gee, val egter in twee soorte prediking uiteen. Want behalwe die grondleggende of stigtende prediking is daar ook die opbouende of stigtelike prediking, die *didaskalia.* Hierdie prediking is op die grondleggende prediking gebou. Paulus gryp dan ook steeds op die grondleggende prediking terug. Ons kan die tweërlei prediking, wat ten nouste met mekaar verbonde is, vergelyk met 'n fondament en 'n bouwerk daarop.

Die evangelie aangaande Christus vanaf sy geboorte tot sy verheerliking en sy wederkoms is dieselfde as die prediking van die Koninkryk wat gekom het en sal kom.

Paulus se prediking, sowel sy grondleggende as sy opbouende prediking, is niks

---

[9] Vgl. C. H. Dodd: De Apostolische prediking en haar ontwikkelingsgang, p. 9 e.v.

[10] In verband met die feitelikheidskarakter van die sendingprediking teenoor beskouinge soos die van R. Bultmann, vgl. R. H. Fuller in G. E. Wright and R. H. Fuller: The Book of the Acts of God. 1957, p. 347.

anders as 'n prediking van die Koninkryk nie. Dit is 'n ontvouing van die Koninkryk van God wat gekom het en sal kom in sy alomvattendheid. Die briewe van Paulus moet daarom vanuit die Koninkryk van God en sy koms verklaar word.

'n Derde band wat die briewe van Paulus saambind, is die tweelinggedagte: *ons in Christus* en *Christus in ons.* Die veelvuldige gebruik van die formule *in Christus* wys daarop dat ons hier inderdaad met 'n baie sentrale gedagte te doen het. Dit is egter nie *die* sentrum van Paulus se prediking nie, want dit bly Jesus die Christus, die Seun van God.

In die eerste lyn deur die briewe van Paulus sien ons die lewende bodem van Paulus se prediking. In die tweede lyn wat deur Paulus se briewe loop, sien ons die vaste stam, en in die derde lyn sien ons die eerste vertakking, waaruit al die ander vertakkings groei.

Die eerste lyn het ons teruggebring na die openbaring wat Paulus self op weg na Damaskus ontvang het. Die tweede lyn gaan verder terug na die Evangelies. En die derde lyn gaan nog verder terug, want dit loop terug tot in die Ou Testament. Ons moet die uitdrukking ons *in Christus* en *Christus in ons* in die lig van die Ou-Testamentiese openbaring sien.[11]

In die Ou Testament het ons die inwoning van God *onder* sy volk. Ook Christus is daar teenwoordig. Hy is daar oral teenwoordig in die sin dat alles in die Ou Testament alleen _om Hom gaan (Joh. 5:39). Sy teenwoordigheid in die Ou Testament trek veral saam in die twee geheimnisvolle gestaltes: die uitverkore Kneg van die Here (Jes. 42; 53) en die Seun van die Mens (Dan. 7), in wie die hele geskiedenis van Israel saamgevat word (ballingskap — terugkeer; dood — opstanding; vernedering — verhoging) en in wie die volk Israel bokant homself uitwys na 'n Persoon.

Die sametrekking van Israel en sy geskiedenis op hierdie Persoon was sodanig dat hulle ongeregtigheid op Hom neergekom het en hulle straf op Hom was (Jes. 53:5, 6) en hulle lyde sy lyde geword het (die lydende Kneg), maar sy heerlikheid ook hulle heerlikheid (die Seun van die Mens).

Die Ou Verbond trek in Hom saam as die Verbond van die volk (Jes. 42:6; 49:8). Sy teenwoordigheid in die Ou Testament moet verteenwoordigend verstaan word. Hy is egter nie alleen 'n Verbond van die volk nie, maar ook 'n Lig van die nasies (Jes. 49:6, vgl. Luk. 2:31, 32), want Israel se geskiedenis was met sy besondere karakter tog slegs 'n onderdeel van die geskiedenis van die mensheid, wat in Adam geval het om in die Beloofde Saad verlos te word. Dit sit ongetwyfeld ook in die naam van die Seun van die Mens, wat die Koninkryk ontvang het. En in Hom ontvang ook die volk van die heiliges van die Allerhoogste (Dan. 7:14, 18, 27) die Koninkryk. As die Christusprediking van Paulus nou 'n prediking word van *ons in Christus* en *Christus in ons,* dan ontsluit hy in hierdie eerste ontvouende prediking die allernouste betrekking tussen Christus en ons, naamlik met wat met Christus gebeur het, soos Paulus dit uit die oorgelewerde prediking ontvang het. Wat met Christus van sy geboorte tot sy verheerliking gebeur *het,* het met ons gebeur.

Die geloof in Christus is, volgens die prediking van Paulus, nie alleen dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God, is nie; ook nie alleen 'n geloof dat Hy, die Seun van God, werklik in die vlees gekom het, gely en gesterf het, uit die dood opgewek en verheerlik is nie, maar die geloof in Christus hou óók in dat dit wat met Christus gebeur het, ook met ons gebeur het, sodat toe Hy aan die kruis gesterf het, ons in Hom aan die kruis gesterf het; toe Hy opgewek is, ons in Hom opgewek is en ons in Hom aan die regterhand van God gaan sit het en so ons lewe saam met Hom in God verborge is om ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar te word. Die belangrike uitsprake in hierdie verband vind ons in Rom. 5:12-21; 1 Kor. 15:22; 2 Kor. 5:15; Ef. 2:5, 6; Kol. 3:1-4.

---

[11] Vgl. Herman Ridderbos: When the time had fully come, Studies in New Testament theology, p. 56.

Ons is nie maar ten nouste betrokke by wat met Christus gebeur het nie. Ons is daarin inbegryp. Dit is wat Paulus bedoel met sy prediking van die formule "in Christus". In die lig van die Ou-Testamentiese openbaring moet ons dit dan so verstaan dat ons in Hom plaasvervangend begrepe is.[12]

Ons in Christus word egter in die prediking van Paulus — steeds op een lyn met die Ou-Testamentiese openbaring — nog nader gekwalifiseer. *Ons* is die gelowiges uit alle nasies — of liewer, alle nasies in hulle gelowiges, in een liggaam versoen (Ef. 2:16). *Ons in Hom* is die nuwe mensheid saam met die nuwe skepping, want Christus is die Eersgeborene uit die dode en die Eersgeborene van die hele skepping (Kol. 1:15, 18).[13]

Die met *ons in Christus* verwante begrip *Christus in ons* moet ook in die eerste plek openbaringshistories verstaan word in die sin dat dit histories een maal plaasgevind het op die bepaalde tyd, naamlik op Pinkster, ná en as vrug van wat met Christus gebeur het in die uitstorting van die Heilige Gees, en tweedens as vervulling van die belofte van die Nuwe Verbond, wat in die Ou Verbond in vooruitsig gestel is (Jer. 31:31-4; Eseg. 36:25-27), en ook as vervulling van die ander groot gedagte van die Ou Testament, naamlik die inwoning van God onder sy volk in die tempel. Die noue betrekking in die Nuwe Testament is dat God nie net onder sy volk woon nie en selfs ook nie net onder sy volk in Christus kom woon nie (Matt. 1:23; Joh. 1:14; vgl. Luk. 17:21),[14] maar dat sy volk nou self sy tempel is, in sy geheel (Ef. 2:22) en elkeen afsonderlik (1 Kor. 6:19).

Wat in die twee begrippe *ons in Christus* en *Christus in ons* uitgedruk word, is werklikhede wat nie in die eerste plek op geestelike terrein val nie maar wat in die geskiedenis plaasgevind het en so openbaringshistories verstaan moet word.

Die twee gedagtes in die prediking van Paulus moet egter ook nog van geestelike kant besien word.

Ons in Christus het nie alleen die betekenis van begrepenheid in Christus nie maar ook van inplanting in Hom (Rom. 6:45; Kol. 2:11, 12). Dit geskied deur die geloof. Die inplanting is nie 'n inplanting in 'n geestelike invloedsfeer nie, maar in die realiteit van wat met Hom en met ons in Hom gebeur het, nl. in die realiteit van sy dood en opstanding.

Wat met Christus gebeur het en met *ons in Christus* gebeur het, moet ook *in ons gebeur,* nl. in die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Die genadefeit, die heilsindikatief, gaan oor in 'n verpligting, die heilsimperatief, en wel só dat die laaste in die eerste rus. Trouens, al die vermaninge in die briewe van Paulus veronderstel die geloof in Christus en rus op wat ons in Christus is.

Die inplanting is persoonlik maar nie individueel nie. Dit gaan deur die geslagte. Die wat nie in Christus glo nie, is wesenlik afgekapte takke, soos in die geval van die volk Israel (Rom. 11:17 e.v.).

Deur die geloof woon Christus in ons harte (Ef. 3:17). Dit is die Koninkryk van God in ons. Die beheersende gesigspunt is hier die van die Koninkryk van God. Ons sien hier die noue verband tussen Koning en volk wat daarin bestaan, dat Christus Hom so een met sy volk gemaak het dat sy vernedering hulle vernedering is en sy verhoging hulle verhoging.

Konkluderend kan ons vasstel dat ons in die briewe van Paulus niks anders het nie as die *ontvouing van die Koninkryk van God,* soos dit in hierdie twee grondlyne van sy prediking: *ons in Christus* en *Christus in ons,* gegee is.

---

[12] Vgl. Herman Ridderbos: Paulus, ontwerp van zijn theologie, p. 225, 229.

[13] Vgl. Herman Ridderbos, a.w., p. 432 e.v.

[14] Vertaal *onder julle* i.p.v. *binne-in julle.*

b. *Die algemene sendbriewe*

Daar is 'n groot ooreenkoms tussen die briewe van Paulus en die algemene sendbriewe. In almal lees ons van die ontvouing van die Koninkryk van God. Hierin sluit juis die algemene sendbriewe nou aan by die briewe van Paulus.

Tog is daar juis ten opsigte van die ontvouing van die Koninkryk van God ook 'n duidelike onderskeid. Paulus se briewe is merendeels aan plaaslike kerke geskrywe na aanleiding van plaaslike omstandighede. Die egte brief beklemtoon op besondere wyse die historiese karakter van die openbaring daarin dat dit tot bepaalde gemeentes gerig is na aanleiding van konkrete vraagstukke, bedreiginge en misstande, soos die hulle mag voordoen. Ons kry dus in die briewe van Paulus koninkryksontvouing na aanleiding van plaaslike probleme en plaaslike omstandighede.

Die algemene sendbriewe is egter geskryf aan die Kerk as geheel, aan die universele Kerk. Hier kry ons die ontvouing van die Koninkryk van God ten opsigte van universele probleme, van omstandighede wat universeel is, wat die Kerk in sy geheel betref.

Ons vind in die algemene sendbriewe die ontvouing van die Koninkryk van God in sy universele aspek, want daar is verskillende soorte universele gevare wat die Koninkryk van God bedreig.

Met die koms van die Koninkryk van God het die nuwe aeon, die nuwe tyd, aangebreek. Die nuwe wat met die koms van die Koninkryk van God aangebreek het, het die oue kom vervul maar nie kom vervang nie.

In verband hiermee is daar twee gevare wat die Koninkryk van God bedreig. In die eerste plek is daar die gevaar dat die nuwe weer in die oue ingetrek word, en tweedens is daar die gevaar dat die nuwe losgemaak word van die oue. Hierdie twee gevare het ook by Paulus die kop uitgesteek. Daar was dit egter nog sterk vanuit plaaslike toestande beskou. In die algemene sendbriewe word dit vanuit die universele Kerk gesien.

Die eerste gevaar kan ons karakteriseer as *sekularisering* van die Koninkryk van God. Hierdie gevaar kan verskillende vorme aanneem, bv. die vorm van legalisering, judaïsering of nasionalisering van die Koninkryk van God. Die Koninkryk van God word in die ou wêreld teruggetrek. Bestryding van die sekularisering van die Koninkryk van God vind ons *met* name in die brief aan die Hebreërs, die brief van Jakobus, 1 en 2 Petrus en die sendbrief van Judas.

Die tweede gevaar kan ons karakteriseer as *spiritualisering* van die Koninkryk van God. Die nuwe word van die oue losgemaak. Die Koninkryk van God word vergeestelik. Die Kerk word losgemaak van die volk. Die nuwe vervang die oue. Hierdie gevaar van die spiritualisering van die Koninkryk van God word in die drie sendbriewe van Johannes by name bestry.

In die briewe van Paulus kan ons hierdie twee gevare ook reeds opmerk. Maar dan rig die apostel hom in sy bestryding veral tot die plaaslike Kerke. Met name in die brief aan die Galasiërs bestry Paulus die sekularisering van die Koninkryk van God. In hierdie brief neem dit die vorm aan van legalisering en judaïsering van die Koninkryk, en Paulus bestry daardie gevaar met krag. In die briewe aan die Efésiërs en die Kolossense bestry die apostel die gevaar van spiritualisering van die Koninkryk van God.

In die algemene sendbriewe sien ons egter hierdie twee gevare as universele bedreiginge vir die Koninkryk van God.

3. DIE KONINKRYK EN SY VOLTOOIING (OPENBARING)

In die laaste Bybelboek lees ons ten slotte van die Koninkryk van God in sy voleinding, in aansluiting by die toekomsprediking wat duideliker deur die hele Nuwe Testament loop en waarin die Ou-Testamentiese profesieë pas tot algehele vervulling kom.

Die Openbaring van Johannes is 'n profetiese geskrif in apokaliptiese vorm, maar

hierdie boek het sy wortels in die Ou Testament.[15]

Die Openbaring van Johannes is gerig tot gelowiges, tot gemeentes van 'n bepaalde tyd (hoofstuk 2 en 3). Dit was die tyd waarin die Romeinse Ryk met sy vergoddelikte keiser welbewus die Kerk gaan bestry. Hier kry ons die tydshistoriese aansluiting. Die vraag is: Wie sal oorwin, Christus of die keiser van Rome? Skynbaar het die Romeinse staat alle kans op sukses (13:7, 8). Maar die profesie kwalifiseer die mag van die Romeinse Ryk as 'n dier (13:1, 4).

Teenoor die gekonsentreerde mag waarin die mens homself tot 'n god verhef, staan die Lam (5:11-14), wat die seëls van die boek van die geskiedenis oopmaak.

Dus in werklikheid regeer nie die wêreldmag — die keiser van Rome — nie, maar Christus.

Die Here openbaar egter in hierdie Bybelboek wat toe reeds was, maar ook wat daarna met die Kerk en die wêreld tydens die ganse loop van die geskiedenis sal gebeur en wat aan die einde van die eeue sal wees.

Die Openbaring is egter nie 'n geleidelike mededeling van wat na mekaar deur die eeue sal gebeur nie. Die boek deurloop meermale die eeue. Dit teken die wêreldverloop en die wêreld-einde, dan na hierdie moment en dan volgens 'n ander gesigspunt. Verskillende hoofstukke van die Openbaring bring ons telkens by die einde. Dit is egter nie steeds dieselfde nie, want die een vul die ander aan. In sy geheel laat die Openbaring ons sien die magtige worsteling tussen die Koninkryk van God en die ryk van Satan, en dan blyk telkens hoe hemel, aarde en hel daarby betrokke is.

Die eintlike tema van die boek Openbaring is: Christus, wat die wêreld reeds lank op 'n verborge wyse regeer en bestuur, sal spoedig verskyn.

In verskillende visioene word vir ons die wêreldgebeurtenisse en die wêreldrampe geteken. Hierdie visioene is openbaringe van werklikhede wat gaan gebeur. Alle node en rampe van hede en toekoms is niks anders as die onmiddellike voorbereiding vir die finale oorwinning van die Koninkryk van God oor die ryk van die antichris en van Satan nie.

Dit is opmerklik hoe in die Openbaring van Johannes die beskrywing van die visioene telkens met lofsange onderbreek word. In daardie lofsange word op 'n besondere wyse die glorie van die Lam besing: sy heerskappy in Kerk en wêreld, sy mag in hemel en op aarde wat geopenbaar word in sy koms deur die eeue heen en op die jongste dag. Die heerskappy van Koning Jesus word in die Openbaring as 'n universele heerskappy geteken. Christus is Koning! Daarom staan sy troon so sentraal in hierdie boek. Die Openbaring begin (1:4) en eindig met 'n troon (22:1), en een hoofstuk is heeltemal gewy aan die troon van God (hoofstuk 4). Teenoor die troon van Satan (2:13) en die troon van die antichris (13:2) staan die troon van God en van die Lam (4:3, 5:6, 22:3).

Christus het deur sy lyding, sterwe en opstanding vir Homself 'n plek verwerf in die troon van sy Vader, en vir die oorwinnende gemeente word die troongemeenskap in die vooruitsig gestel (3:21).

Die Nuwe Testament eindig in die Openbaring van Johannes met die kragtigste uitdrukking van die Christelike hoop. Die hele Nieu-Testamentiese verwagting van die volle ontplooiing van die Koninkryk van God is in die boek Openbaring saamgetrek. Christus regeer. Nou is sy koninkryk nog verborge, maar straks sal sy koninkryk openlik sigbaar wees.

In die oorwinning oor die antichris en die valse profete (19:11-1), oor die Satan (20:7-0) en die dood (20:14) kom die Koninkryk van God tot sy voleinding. Die pad is dan gebaan vir 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde (hoofstuk 21 en 22). Die tabernakel van God is dan by die mense, en God sal by hulle woon (21:3). Die Koning woon dan finaal

---

[15] L. A. Vos: The synoptic tradition in the Apocalypse. 1965, p. 52.

by sy volk. Wat met Pinkster begin het, vind hier sy voltooiing. Die troon van God en van die Lam staan sentraal (22:3), en die verlostes sal as konings regeer tot in alle ewigheid (22:5).

Die Koninkryk van God het finaal en in sy volle ontplooiing gekom.

8. DIE PREDIKING VAN PAULUS — OPENBARINGSHISTORIES [1]

Vir 'n Openbaringshistoriese perspektief op die prediking van Paulus volgens sy Briewe, skyn 'n chronologiese benadering van die Briewe, nl. volgens die tyd van hulle ontstaan, voor die hand te lê. Hiervan moet egter afgesien word, omdat die tyd van hulle ontstaan nie aan ons geopenbaar is nie en die historiese grondslag gevolglik sou ontbreek. Dit is vir ons 'n genoegsame grond om die geskiedenis van die Openbaring, wat die briewe van Paulus betref, nie met 'n moontlike ontwikkelingsgeskiedenis van Paulus se teologiese denke te laat saamval nie. Hierdie weg word deur die Skrif self vir ons afgesny, omdat Paulus se Briewe ongedateerde briewe is.

As dan van 'n ontwikkelingshistoriese benadering afgesien moet word, kom ons voor die vraag te staan of 'n gesistematiseerde oorsig nie die enigste alternatief is nie. Dit sou egter daarop neerkom dat die openbaring van die geskiedenis losgemaak word en die Openbaringsgeskiedenis daarmee sy karakter as geskiedenis inboet, en veral ook dat die betekenis daarvan, dat die Openbaring vir ons ook in die vorm van *briewe* gegee is, verontagsaam word.

Word die een en die ander weg, die ontwikkelingshistoriese en die sistematiese vir ons afgesny, dan tree die belangrikheid juis van *die brief* as openbaringsvorm in die gesigsveld. Die egte brief[2] beklemtoon op besondere wyse die historiese karakter van die Openbaring daarin, dat dit gerig is tot bepaalde gemeentes na aanleiding van konkrete vraagstukke, bedreiginge, misstande, ens., soos die hulle mag voordoen; dat dergelike vraagstukke ens. die geleenthede word vir die ontvouing van die Openbaring en sodoende die algenoegsaamheid van die Openbaring aan die lig laat kom en laat sien hoe dit die hele lewe omvat. In hierdie opsig toon die Openbaring in die Briewe groot ooreenkoms met die sg. *reisberig* van Lukas (Lukas 9:51-18:14) waar die chronologiese volgorde van die gebeurtenisse haas uit die gesig verdwyn en alles neerkom op die Woord in sy betrekking tot die konkrete werklikhede van die lewe, soos dit hulle mag voordoen. So gaan dit in 1 Korinthiërs ongemerk van die een onderwerp oor na die ander. In Filippense skyn die volle glans van die Evangelie in die sg. kenosis-uitspraak (2:6-11) na aanleiding van die alledaagse gebeurlikheid dat die een homself hoër ag as die ander. In 2 Kor. 8-9 word die hele diens van barmhartigheid met die geboorte van Christus in verband gebring (8:9).

Terwyl die Briewe hulle nie daartoe leen om die teologiese ontwikkeling by Paulus na te gaan, of om hulle (sonder groot skade) in sisteem te bring nie, laat hulle aan die ander kant ook die beeld van die Apostel as skrywer van die briewe lewendig deurstraal. Ons leer hom, ja ook as geleerde teoloog ken, want dit was hy, maar ook in sy vurigheid van gees en warmte van hart.

Die Briewe laat ons die Openbaring sien in die nouste samehang van die werklikhede van die lewe en kom daarin tot ons as lewendige Woord deur die hart van Paulus.

In die geskiedenis van die Openbaring gaan dit dus, wat die Briewe van Paulus betref, nie om die ontwikkeling van Paulus se teologiese denke of om 'n sistematisering van sy gedagtes nie, maar om die *ontvouing* van die Openbaring. Die geskiedenis van die Openbaring moet die openbaring hier nagaan in sy historiese inbedding om dit van daaruit as die Woord van God te laat spreek vir alle tye.

Dan maak die volgorde van die Briewe nie veel saak nie. Ons kan dit maar sien in die volgorde waarin dit in die Kanon staan.

Om 'n blik te kry op die geheel van die ryk gevarieerde prediking van Paulus, soos dit voor ons lê in die verskillende Briewe, is dit nodig om dit te besien vanaf die hoogste spits. Daarheen moet ons ons deur die Apostel self laat lei. Die leiding ontvang ons in die

---

[1] *Die Goue Kandelaar,* no. 7, 1968, p. 11-16.

[2] Soos algemeen sinds die reformasie beklemtoon, vgl. H. N. Ridderbos, *When time had fully come,* 1957, p. 44.

Briewe, die duidelikste in Gal. 1:16, waar die Apostel sy prediking herlei tot 'n *openbaring,* en wel 'n openbaring in die *geskiedenis.* Die Briewe bring ons hier by 'n Openbaringshistoriese uitgangspunt. As gevra word na die kern van Paulus se prediking dan kry ons hier die antwoord, dat dit nie in die *regverdigmaking deur die geloof*,[3] of in die gedagte *"in Christus"*,[4] bestaan nie, maar in niks minder of meer nie as dat *Jesus die Christus, die Seun van God is.* Dit is wat aan hom geopenbaar is op sy weg na Damaskus (Gal. 1:16). Dit was ook sy eerste prediking na sy bekering (Hand. 9:20, 22) en hierin vat Paulus self sy prediking saam (1 Kor. 2:2). Met die regverdigmaking deur die geloof, of selfs met sy prediking "in Christus" mag ons dig by die sentrum van sy prediking staan, maar nie in die sentrum nie. Om die regte perspektief op die prediking van Paulus te kry, moet ons in die sentrum staan. Die sentrum is dat Jesus die Christus, die Seun van God is.

Dit is hierdie openbaring, wat Paulus op die weg na Damaskus ontvang het, wat in sy Briewe na alle kante uitstraal. Hierdie Damaskus-lyn vind ons reeds in *Rom. 1:1-5* en ons sien dit die duidelikste deurstraal deur die Briewe in *1 Kor. 15:7-9; 2 Kor. 4:6; Gal. 1:16; Ef. 2:4, 5; 3:3-8; Kol. 1:13* tot in die laaste Briewe, *1 Tim. 1:13-16* en *2 Tim. 1:8-12.* So gryp Paulus steeds op hierdie eerste openbaring terug. As dit eers in die oog gevat is, dan sien ons dit oral deurstraal, ook waar dit nie so duidelik is nie, bv. in die wyse waarop Paulus telkens terug verwys na sy roeping (Rom. 1:1, dienskneg van Jesus Christus; 1 Kor. 1:1, 'n geroepe apostel deur die wil van God, ens.). So loop die lyn wat deur die Briewe heenloop en hulle tot 'n eenheid saambind. Dit bind die Briewe saam in die openbaring wat hy ontvang het: Jesus is die Christus, die Seun van God.

Die openbaring dat Jesus die Christus, die Seun van God is, is dieselfde wat die eerste apostels ontvang en bely het (Matt. 16:16). Die verskil bestaan slegs in *die wyse* waarop Paulus hierdie openbaring ontvang het, naamlik terwyl hy hom in sy ywer vir die wet tot die uiterste teen God en sy Gesalfde versit het — teen die geloof dat Jesus die Christus is.

Op aangrypender wyse kon Paulus seker nie terselfdertyd ook leer dat die regverdigmaking nie deur die wet is nie, maar deur die geloof alleen. Hoewel die regverdigmaking deur die geloof nie in die sentrum staan nie, staan dit naby die sentrum. Dit is gegee in die wyse waarop Paulus tot die geloof gebring is. Dit is met die geloof in Christus Jesus gegee. Maar hiermee is ook die volle heilsopenbaring gegee. Daar is meteen ook die *heiligmaking,* bestaande in sy algehele oorgawe; ook die *verkiesing,* waarvan hy uitdruklik verneem, maar wat ook opgeslote sit in sy genadige roeping tot apostel, nie alleen onverdiend nie, maar so teen alle verdienste in (vgl. Rom. 1:5; 2 Kor. 4:1; Ef. 3:7); ook die verborgenheid van die roeping van die heidene, en so van die Kerk (vgl. Ef. 3:3-10). Die laaste word ewe-eens uitdruklik bekend gemaak, maar dit sit ook opgeslote in die wyse van sy roeping waarvan die herinnering nog naklink in die betroubare woord dat "Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red, waarvan ek die vernaamste is" (1 Tim. 1:15). Die volle heilsopenbaring is as 't ware op Paulus gekonsentreer in die lig wat op hom geval het (2 Kor. 4:6).

In Paulus moet ons hier, op weg na Damaskus, 'n verteenwoordigende figuur sien van sy eie volk, van elke volk, van elkeen wat glo uit alle nasies. Die blik val hier terug van die roeping van Paulus tot die roeping van Abraham[5] (Gen. 12:3, vgl. 22:18).

Ons ontvang hier 'n blik op die persoonlike toegespitsheid en die universele van Paulus se prediking, van die verband tussen die verkiesing en die verbond: Die redding van nasies in hulle gelowiges (Rom. 9-1, veral 11:1).

---

[3] Soos algemeen sinds die reformasie beklemtoon, vgl. H. N. Ridderbos, *When time had fully come,* 1957, p. 44. [Hierdie sowel as die vorige voetnoot het in die gedrukte teks dieselfde nommer - Willem Swanepoel]

[4] So veral A. Deissmamr. *Paulus,* 1925[2].

[5] So ook Fuller, vgl. G. E. Wright and R. H. Fuller: *The Book of the Acts of God,* 1957, p. 293.

Die openbaring dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God is, beteken ook dat die *Koninkryk* (Jesus die Christus) *van God* (die Seun van God) in Hom gekom het.

Daar kan ook 'n *tweede* lyn onderskei word wat deur die Briewe heenloop en hulle tot 'n eenheid saambind. Hierdie lyn sien ons in die groot *samevattings van die evangelie,* wat ons telkens in die Briewe vind. Dit begin (ook weer) in *Rom. 1:1-4* en gaan dan verder oor *Rom. 8:31-33; 10:8, 9; 1 Kor. 15:3-7* (die duidelikste); *Fil. 2:6-11; 1 Thess. 1:9* tot by *1 Tim. 3:16.* Saamgesien kom dit op die volgende neer: Dat Christus gebore is uit die geslag van Dawid, volgens die Skrifte; dat Hy gesterf het vir ons sondes, volgens die Skrifte; dat Hy begrawe is en dat Hy opgewek is volgens die Skrifte; dat Hy aan die apostels verskyn het; dat Hy opgeneem is in heerlikheid en sal kom om die lewende en dode te oordeel. Ons besien dit nader vanuit die laaste samevatting (1 Tim. 3:16). Volgens hierdie laaste samevatting moet die geskiedenis van Christus gesien word as openbaring van God. Dit is die *verborgenheid van die Godsaligheid.* Dit beteken nie dat die openbaring in die geskiedenis van Christus verborge is nie. Die verborgenheid van die Godsaligheid is juis daarin geleë, dat die geskiedenis van Christus Godsopenbaring is,[6] omdat dit die geskiedenis van die Seun van God is. Daar is ook diepe verborgenhede in die feite, wat in die prediking onthul sal word. Ons moet egter onderskei tussen die diepe betekenis van die feite en die betekenis van die feite as feite. Afgesien van hulle diepe betekenis is die feite self ook openbaring van God — openbaringsfeite.

In hierdie samevattings bring Paulus ons dus nie alleen van sy geskiedenis na die geskiedenis van Christus nie, maar terselfdertyd ook van die openbaring wat hom te beurt geval het, nl. dat Jesus waarlik die Christus die Seun van God is, na die openbaring van God in die geskiedenis van Christus gegee, of (anders gesê) na die openbaring van God in Christus *histories gegee*.[7] As geskiedenis van die Seun van God is die hele geskiedenis van Christus openbaring van God en 'n wonder. Die wonderlike daarvan is dan nie soseer sy opwekking uit die dode nie, maar veeleer dat Hy kon sterf en gesterf het. As van die ongebeurlike gespreek moet word, dan geld dit, wat Christus betref, dat Hy *nie* uit die dode opgewek sou word nie (Hand. 2:24, vgl. ook die geloof van Abraham, Rom. 4:17-21). Deur die opwekking uit die dode is Hy as Seun van God *geregverdig in* (of, deur) *die Gees* (vgl. Rom. 1:4). Twyfel aangaande die historie-werklikheid van sy opwekking uit die dode, kom neer op twyfel dat Hy werklik die Seun van God is. Geloof in Hom is egter nie 'n vanselfsprekendheid nie. Een van die wonders in verband met die geskiedenis van Christus is ook dit, dat die verkondiging daarvan *geglo is in die wêreld.* By die verkondiging is nie maar sprake van die wêreld nie, maar van *volke*.[8] Dit bring die roeping van Abraham in sig, vgl. Gen. 22:18. Die openbaring het in die wêreld plaasgevind en, hoewel nie van die wêreld nie, 'n deel van die wêreldgeskiedenis geword. Die geskiedenis van die Openbaring is van wêreldhistoriese betekenis: Die volke van die wêreld is daarby betrokke en die wonder is dat dit geloof gevind het by die volke. Die roeping van Paulus, die apostel van die nasies, straal hier deur. Dit is van besondere betekenis: Die geskiedenis van Christus het nie opgegaan in 'n gebeure *in Paulus*[9] of in mistieke belewing van Christus *in hom*[10] nie. Inteendeel: Die verskyning aan Paulus het 'n deel geword van die geskiedenis van Christus, en die openbaring wat hy ontvang het, 'n deel van die geskiedenis van die openbaring van God in Christus, en wel die afsluiting daarvan *(ten laaste,* 1 Kor. 15:8),[11] sodat dit uitgedra sou word in die verkondiging aan die volkere, waar dit ook geloof gevind het.

---

[6] [Geen voetnoot kom nie in die gedrukte weergawe voor nie - Willem Swanepoel]

[7] Daarom moet ons liewer van Openbaringsgeskiedenis spreek as van Heilsgeskiedenis.

[8] Met die vertaling *heidene* gaan hierdie lyn verlore, soos meer keer die geval is.

[9] So Bultmann, vgl. Walter Künneth: *The Theology of the Resurrection,* 1965, p. 42.

[10] So Deissmann, a.w., p. 107.

[11] Toe Paulus tot die geloof gekom het dat Jesus waarlik die Christus is, het hy ook die apostoliese prediking, wat hy eers verwerp het, gelowig aangeneem.

Hiermee laat die samevattings die onderskeiding tussen twee soorte prediking in die oog val, nl. die grondleggende en die opbouende prediking.[12] Die grondleggende prediking is die eintlike missie-prediking, waardeur die Koninkryk van God uitgebrei is en waarop kerkstigting[13] gevolg het. Dit is ook prediking in die eintlike sin van die woord, bestaande in *verkondiging* van die feite[14] vanaf die geboorte van Christus tot sy verheerliking om daarmee te roep tot geloof en bekering met die oog op sy wederkoms. Dit is niks anders nie as die hoofsom van die eerste apostoliese prediking, soos Paulus dit as oorlewering ontvang het (1 Kor. 15:3)[15] en soos dit ook die grondwerk van ons Evangelies vorm. In hierdie samevattings van die evangelie wat deur die Briewe van Paulus heenloop, het ons dus nie alleen 'n band wat die Briewe tot 'n eenheid saambind nie, maar wat die Briewe ook saambind met die Evangelies en Handelinge.

Daar is dikwels daarop gewys dat daar so min herinneringe aan die geskiedenis van Christus (die historiese Jesus) in die Briewe van Paulus aanwesig is, slegs enkele woorde en 'n enkele daad.[16] Die teendeel is egter waar. Die samevattings toon ons die allesbeheersende plek wat die geskiedenis van Jesus in die Briewe inneem. Dit is die saambindende fondament daarvan. Paulus wil niks doen nie as daarop te bou (1 Kor. 3:11). Die prediking van Paulus in sy Briewe is *ontvouende* prediking. Dit is die plek van die prediking van Prediking van Paulus in die geskiedenis van die Openbaring. Dit is die ontvouing daarvan.

Dit is ook betekenisvol dat hierdie grondleggende prediking deur die Briewe onderskei kán word. Die onderskeid tussen die betekenis van die feite en die betekenis van die feite as *feite* is bewaar. Die grondleggende prediking het nie in die leergebou opgegaan nie.[17]

As fondament en bouwerk daarop, is die tweërlei prediking ook ten nouste met mekaar verbonde. Die betekenis van die samevattings in die Briewe is, dat by die veelheid en velerlei die eenheid nooit uit die oog verloor word nie. Dit leer ons ook, dat by die stigtelike (opbouende) prediking gedurig op die fondament teruggegryp moet word. Reeds is verwys na die verrassende wyse waarop die samevattings in die Briewe na vore gebring word om op die wyse die evangelie van Christus in sy alomvattendheid te laat sien.

Die evangelie aangaande Christus vanaf sy geboorte tot sy verheerliking en sy wederkoms is dieselfde as die prediking van die Koninkryk wat gekom het en sal kom.

Hoewel selde in die Briewe met soveel woorde na die Koninkryk verwys word, is die prediking van Paulus in sy Briewe niks anders nie as 'n prediking van die Koninkryk. Dit is 'n ontvouing van die Koninkryk van God wat gekom het en in sy alomvattendheid sal kom in Christus. Die Briewe van Paulus moet verklaar word vanuit die Koninkryk en sy koms.

'n Derde lyn deur die Briewe van Paulus is die tweeling-gedagte *ons in Christus* en *Christus in ons,* wat dit tot 'n eenheid saambind. Die veelvuldigheid van die gebruik *in Christus* wys daarop dat ons hier inderdaad met 'n baie sentrale gedagte te doen het, sentraler selfs as die regverdigmaking deur die geloof, want ons is geregverdig in Christus (Rom. 5:9; 1 Kor. 6:11; 2 Kor. 5:21; Fil. 1:9), ook geheilig in Christus (Fil. 1:1; Kol. 1:2; Ef. 2:10), uitverkies in Christus (Ef. 1:4), verlos in Christus (Ef. 1:11; Kol.

---

[12] Vgl. veral C. H. Dodd: De Apostolische Prediking en *haar ontwikkelingsgang,* Nijkerk, p. 9-20.

[13] Vandaar dat ons die tweërlei prediking ook as *stigtende* en *stigtelike* prediking kan onderskei.

[14] Dit is goed om ook hierdie karakter van die missie-prediking te beklemtoon, vgl. Fuller, a.w., p. 347, veral teenoor nuwere kerygma-beskouinge, soos die van Bultmann.

[15] So kan *in die eerste plek* hier ook vertaal word.

[16] Woorde van Jesus, 1 Kor. 7:10, 12, 25; 9:14; 1 Thess. 4:15; 1 Tim. 5:18. Die instelling van die Nagmaal is die enigste daad van Jesus, waarna Paulus verwys, 1 Kor. 11:23 e.v.

[17] Dit is mitisering. Hierop kom alle allegorisering ten koste van die feite neer.

1:14) en verheerlik in Christus (Ef. 2:6, Kol. 3:3, 4). Dit is egter nie die sentrum nie.[18] Die sentrum bly Jesus die Christus, die Seun van God. Ons sou dit die eerste sirkel om die sentrum kan noem. Dit is die eerste ontvouende prediking, waarop alle verdere ontvouinge volg. Sien ons in die eerste lyn die lewende bodem van Paulus se prediking en in die tweede die vaste stam, dan het ons hier die eerste vertakking, waaruit alle verdere vertakkinge groei. Die eerste lyn het ons teruggebring na die openbaring wat Paulus self ontvang het. Die tweede na die Evangelies. Hierdie derde lyn loop terug tot in die Ou Testament. Ons moet die uitdrukkings *ons in Christus* en *Christus in ons* sien in die lig van die Ou Testamentiese Openbaring.[19] Paulus het in die Ou Testament geleef, maar eers met bedekking by die lesing daarvan, maar die bedekking is in Christus vernietig (2 Kor. 3:14).

In die Ou Testament het ons die inwoning van God *onder* sy volk *in* die tempel. Ook Christus is daar teenwoordig. Hy is daar oral teenwoordig in die sin dat alles in die Ou Testament alleen om Hom gaan (Joh. 5:39). Christus is die *samevatting* van die Ou Testament. Sy teenwoordigheid in die Ou Testament trek veral saam in twee geheimnisvolle gestaltes: Die (uitverkore) Kneg (Jes. 42:46, 53) en die Seun van die Mens (Dan. 7) *in wie* die hele geskiedenis van Israel saamgevat word (ballingskap-terugkeer; dood-opstanding, vgl. Jes. 25-27; Eseg. 37, vgl. Rom. 11:15; vernedering-verhoging) en *in wie* die volk Israel bokant homself uitwys na 'n Persoon.[20]

Die sametrekking van Israel en sy geskiedenis op hierdie Persoon was sodanig dat al hulle ongeregtigheid op Hom neergekom het en hulle straf op Hom was (Jes. 53:5, 6) en hulle lyde sy geword het (die lydende Kneg, vgl. ook Jes. 63:9), maar ook sy heerlikheid hulle heerlikheid (die Seun van die Mens).

Die Ou Verbond trek in Hom saam as die Verbond van die volk (Jes. 42:6, 49:8): Sy teenwoordigheid in die Ou Testament moet verteenwoordigend verstaan word.

Hy is egter nie alleen 'n Verbond van die volk nie, maar ook 'n Lig van die nasies (Jes. 49:6, vgl. Luk. 2:31, 32), want Israel se geskiedenis was met sy besondere karakter tog slegs 'n onderdeel van die geskiedenis van die mensheid wat in Adam geval het om in die Beloofde Saad verlos te word (Gen. 3:17, 12:3). Dit sit ongetwyfeld ook opgeslote in die naam Seun van die Mens, wat die Koninkryk ontvang en *in Hom* ook die volk van die heiliges van die Allerhoogste (Dan. 7:14, 18, 27).

As die Christusprediking van Paulus nou 'n prediking word van *ons in Christus* en *Christus in ons,* dan ontsluit hy in hierdie eerste ontvouende prediking die allernouste betrekking tussen Christus en ons, naamlik met wat met Christus gebeur het, soos Paulus dit uit die oorgelewerde prediking ontvang het. Wat met Christus gebeur het vanaf sy geboorte tot sy verheerliking, het met ons gebeur.

Die geloof in Christus is, volgens die prediking van Paulus, nie alleen dat Jesus waarlik die Christus, die Seun van God is nie; ook nie alleen 'n geloof dat Hy, die Seun van God, werklik in die vlees gekom het, gely en gesterf het, uit die dode opgewek en verheerlik is nie, maar die geloof in Christus hou ook in dat dit wat met Christus gebeur het, ook met ons gebeur het, sodat — toe Hy aan die kruis gesterf het, ons *in Hom* aan die kruis gesterf het; toe Hy opgewek is, ons in Hom opgewek is; toe Hy aan die regterhand van God gaan sit het, ons in Hom aan die regterhand van God gaan sit het, en so ons lewe saam met Hom verborge is in God om ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar te word. Die belangrike uitsprake in hierdie verband vind ons in Rom. 5:12-21; 1 Kor. 15:22; 2 Kor. 5:15; Ef. 2:5, 6; Kol. 3:1-4.

Nie alleen is ons ten nouste betrokke by wat met Christus gebeur het nie. Dit sê nie

---

[18] Deissmann noem dit die Kennwort van Paulus se prediking, a.w., p. 111.

[19] Vgl. H. N. Ridderbos, a.w., p. 56 e.v.

[20] Geen personifikasie nie. Dit kom neer op die rasionalisering van die Misterie van die Ou Testament. Die gaan ook uit bo die idee van 'n korporatiewe persoonlikheid.

genoeg nie. Nee, ons is daarin begrepe.[21] Dit is wat Paulus bedoel met sy prediking *in* Christus. In die lig van die Ou-Testamentiese Openbaring moet ons dit dan so verstaan dat ons in Hom plaasvervangend begrepe is.

Ons in Christus word egter in die prediking van Paulus (steeds in 'n lyn met die Ou Testament Openbaring) nog nader gekwalifiseer. *Ons* is die gelowiges uit alle nasies — of liewer, alle nasies in hulle gelowiges, in een liggaam versoen (Ef. 2:16). *Ons in Hom* is die nuwe mensheid, want Hy is die Seun van die Mens, die Tweede Adam, wat volgens die belofte uit die saad van die vrou verwag is (Rom. 5:12, 15; 1 Kor. 15:45). Die band van die nuwe mensheid is 'n band van bloed, maar dan bloed van versoening (Ef. 2:16). Versoening sê egter ook dat die natuurlike nie *in Christus* opgehef word nie, maar van sonde bevry word. *Ons* is ook al die gelowiges *in Hom* saam met die hele skepping, wat saam sug om die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God (Rom. 21, 22). *Ons in Hom* is die nuwe mensheid saam met die nuwe skepping, want Christus is die Eersgeborene uit die dode en die Eersgeborene van die hele skepping (Kol. 1:15, 18).

In die lig van die Ou-Testamentiese Openbaring is Hy Diegene *in wie* die hele mensheid en sy geskiedenis in Israel en die geskiedenis van Israel, as Openbaringsvolk, saamgevat is en bo homself uitwys na die Seun van die Mens, wat ook die Seun van God is.[22] In Hom is alle dinge wat in die hemele is en wat op die aarde is, in die volheid van die tye, weer onder een hoof verenig (Ef. 1:10).

Die met *ons in Christus* verwante begrip, *Christus in ons,* moet ook in die eerste plek openbaringshistories verstaan word in die sin, dat dit histories eenmaal plaasgevind het op die bepaalde tyd (Hand. 2:1), ná en as vrug van wat met Christus gebeur het, in die uitstorting van die Heilige Gees, en *tweedens* as vervulling van die Belofte van die nuwe verbond, wat in die ou verbond in vooruitsig gestel is (Jer. 31:31-34; Eseg. 36:25-27) en ook as vervulling van die ander groot gedagte van die Ou Testament, naamlik die inwoning van God onder sy volk in die tempel. Die noue betrekking in die Nuwe Testament is dat God nie net onder sy volk woon nie en selfs ook nie net onder sy volk in Christus kom woon het nie (Matt. 1:23; Joh. 1:14; vgl. Luk. 17:21),[23] maar dat sy volk nou self sy tempel is, in sy geheel (Ef. 2:22) en elkeen afsonderlik (1 Kor. 6:19) en ook die liggaam van Christus (Rom. 12:4; 1 Kor. 2:12 e.v.; Ef. 1:23, ens.).

Wat in die twee begrippe *Ons in Christus* en *Christus in ons* uitgedruk word, is werklikhede wat nie in die eerste plek op geestelike terrein val nie, maar in die geskiedenis plaasgevind het, en so openbaringshistories verstaan moet word.

Die twee gedagtes in die prediking van Paulus moet egter ook nog van 'n ander kant besien word, nl. van die geestelike kant.

Ons in Christus het nie alleen die betekenis van begrepenheid in Christus nie, maar ook van inplanting in Hom[24] (Rom. 6:4, 5; Kol. 2:11, 12). Dit geskied deur die geloof. Die inplanting moet egter nie opgevat word as 'n inplanting in 'n geestelike invloedsfeer nie, maar in die realiteit van wat met Hom en met ons in Hom gebeur het, nl. in die realiteite van sy dood en opstanding. Wat met Christus gebeur het en met *ons in Christus* gebeur het, moet ook *in ons* gebeur, nl. die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Die genadefeit (heilsindikatief) gaan oor in 'n verpligting

---

[21] Vgl. H. N. Ridderbos, a.w., p. 55.

[22] Buite die besondere openbaring is daar in die Nieu-Testamentiese tyd uitgekom by die idee van 'n sterwende en opstaande godheid en op die van 'n *verloste verlosser.* Dit was die antwoord van die verduisterde verstand op die vraag van die mensheid en sy geskiedenis, waarop die regte antwoord in Christus gekom het. In die historiese werklikheid en ook daarin dat in die verlossing van die Verlosser sy volk verlos is, is die Christendom enig.

[23] Die vertaling moet wees *midde-in* i.p.v. *binne-in.*

[24] Die baie wat deur die misdaad van een gesterf het, *was* in Adam één. By die herstel van die eenheid moet daar ook inplanting kom. Hierin was die genade ook meer as die misdaad, vgl. Rom. 5:17.

(heilsimperatief) en wel só, dat die laaste rus in die eerste. Belangrik is hier veral Rom. 6:1-10 en weer vanaf v. 11; Kol. 2:10 e.v. en verder vanaf v. 16 en 3:1. Trouens, al die vermaninge in die briewe van Paulus veronderstel die geloof in Christus en rus op wat ons in Christus *is.* Ook in die uiterlike lewe is daar ooreenkoms met die dood en opstanding van Christus (Rom. 8:17; 2 Kor. 4:7-15, 11:16-33; Fil. 1:20, ens., vgl. Hand. 9:16). Die imperatief is hier dat dit blymoedig aanvaar moet word (Rom. 5:3). Die inplanting is persoonlik, maar nie individueel nie. Dit gaan deur die geslagte. Dink maar aan die plek van die huisgesin in die vermanende gedeeltes van Paulus se Briewe. Dit gaan in Christus om die behoud van die menslike geslag. Die wat nie in Christus glo nie, is wesenlik die afgekapte takke, soos in die geval van die volk Israel (Rom. 11:17 e.v.).

Deur die geloof woon *Christus* ook *in ons harte,* terwyl *ons in sy liefde* gewortel en gegrond is (Ef. 3:17) sodat Paulus kon sê: "ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my ..." Gal. 2:20). Ons word geheel en al deur Christus innerlik beheers (Rom. 14:7-9; Fil. 2:20). Die imperatief word ook geheel en al deur die indikatief beheers. In Christus volbring God alles *in ons* deur die Heilige Gees, sodat ons dit kan en moet volbring (Fil. 2:13; 3:12). Ook die geloof is sy gawe (Ef. 2:8). Ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel (Ef. 2:10, vgl. Eseg. 36:27).

Vanuit hierdie grondlyne in Paulus se ontvouende prediking, *ons in Christus* en *Christus in ons,* val belangrike lig op die Kerk. Ons sien die Kerk hieruit (1) in sy begrepenheid in Christus in die verkiesing van Ewigheid (Ef. 1:4) en in sy vernedering en verhoging; (2) as tempel van die Heilige Gees en as liggaam van Christus; en (3) in sy wêreldomvattendheid en in sy eenheid met die mensheid en die skepping.[25]

Die beheersende gesigspunt is egter ook hier die van die Koninkryk van God. Ons sien hier die noue verband tussen Koning en volk wat daarin bestaan dat Christus Hom so een met sy volk gemaak het dat sy vernedering hulle vernedering is en sy verhoging hulle verhoging bo alle owerheid en mag en krag wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige (Ef. 1:21, vgl. 2:6; Rom. 8:31- 39; Kol. 3:1-3), om met Hom in heerlikheid openbaar te word (Kol. 3:4) en dat Hy *in wie* die volheid van God, d.i. sy volheid van majesteit en mag,[25] liggaamlik woon (Kol. 2:9) ook in die hart van elke gelowige troon (Ef. 3:17).

Ons het in die Briewe van Paulus niks anders nie as die ontvouing van die Koninkryk van God, soos dit in hierdie twee grondlyne van sy prediking, *ons in Christus* en *Christus in ons,* gegee is.

---

[25] Vgl. H. N. Ridderbos: *Paulus,* 1966, p. 434.

9. GESKIEDENIS EN HEILSGESKIEDENIS BY BULTMANN [1]

Die onderskeiding geskiedenis en heilsgeskiedenis by Bultmann[2] staan in noue verband met sy Entmythologisierung:[3] "Der besondere Gestaltswandel, den die biblisch-bezeugte Heilsgeschichte in Bultmanns Auslegung durchmacht",[4] of: "Die Erhebung der eigentlichen Heilsgeschichte aus der Gesammtheit des Biblischen Zeugnisses von Heilsgeschichte, und dies nach Massgabe des theologisch legitimen Vorbegriffs von Geschichte".[5] Sy teologie is dus gebou op 'n wysgerige fondament.[6]

Dit gaan hier om een van die grondstrukture van die teologie van Bultmann, nl. sy dubbele (tweeslagtige) geskiedbeskouing.[7]

I. DUBBELE GESKIEDBESKOUING

Die verskille tussen natuur en geskiedenis en m.n. van die kennis van die geskiedenis en natuur sit Bultmann uiteen in sy, in 1929 verskene, "Jesus".[8] "Die Verschiedenheit oder Gegensatzlichkeit der... ontischen Relationen des Menschen zu den betreffenden Wirklichkeitsbereichen hat eine Verschiedenheit der bezüglichen noëtischen Relationen zur Folge".[9] Daar is 'n tweërlei synswyse (Seinsart) en tweërlei kenbaarheid. Ons staan midde *in* die geskiedenis. Dit "engagiert" ons eksistensie. Ons staan *oor* die natuur. Daarom kan ons oor die natuur praat en spekuleer. Dit is vir ons in ons denke "verfügbar". Die geskiedenis is nie vir ons "verfügbar" nie, omdat onsself, wat self "geschichtlich" eksisteer, vir ons nie "verfügbar" is nie.[10] "Du kannst ihn nicht als Zuschauer sehen, sondern nur in deinen verantwortlichen Entscheidungen",[11] slegs as aangesprokene.[12] Dit bring ons midde in die eksistensiefilosofie.[13]

Daar is, volgens Bultmann, egter ook 'n objektiewe Betrachtung van die geskiedenis analoog aan die van die natuur: "Kronologisch fixierbare Vorgange" van die "Gewesene", en dit is ook onontbeerlik. Wanneer 'n mens jou egter daarby bepaal, mis jy die wese

---

[1] *Perspektief,* deel 2, no. 3, p. 3-15.

[2] Die "generellen Titel für Bultmanns theologische Arbeit". H. Ott: *Geschichte und Heilsgeschichte in der Theologie Rudolf Bultmans,* 1955, p. 14. Die woord kom vir die eerste keer voor in sy opstel "Neues Testament und Mythologie", 1941.

[3] "die Geschichte zwischen Gott und den Menschen, sofern Gottes, in der Heiligen Schrift bezeugte Offenbaring in Jesus Christus der beherrschendes Zentrum ist", a.w., p. 3.

[4] A.w., p. 32.

[5] A.w., p. 4.

[6] "Damit gerat nun in der Tat die exegetische Arbeit in Abhängigkeit von der philosophischen. Aber es ware eine Illusion, zu meinen, dass je eine Exegese unabhängig von einer profanen Begrifflichkeit getrieben werden könnte, *"Kirche und Mythos"* II, p. 92.

[7] Grondstrukture:

(1) Dubbele geskiedbeskouing;
(2) Hermeneutiese beginsels;
(3) Tydsbeskouing;
(4) Selbstverstandnis as horison van kennis.

Dit hang alles ten nouste saam. H. Ott, a.w., p. 6.

[8] In die reeks: Die Unsterblichen, die geistige Heroen der Menschheit in ihren Leben und Wirken.

[9] H. Ott, a.w., p. 9.

[10] A.w., t.p.

[11] R. Bultmann: *Geschichte und Eschatologie,* 1958, p. 184.

[12] R. Bultmann, Jesus, p. 8, 9.

[13] Bultmann sluit ten nouste aan by Heidegger volgens wie die (geschichtlich), Seiende, nl. die Dasein nie die Seinsart van die in die wêreld *voorhandene* het nie, maar tog die neiging het om in die wêreld, waarin dit is, te verval en hom van daaruit uit te lê. Waar die mens egter, in teëstelling tot sodanige verval, as geschichtlich Seiende, as Dasein, wesenlik verstaan word, kom hy Jenseits en gründsatzlich verskillend van alle Seiende waaroor 'n mens kan praat (objeKtiwiteit), te staan. Vgl. H. Ott, a.w., p. 9.

van die geskiedenis, aangesien 'n mens wel op grond van sekere "Voraussetzungen" die geskiedenis ondervra, en ook baie nuwe dinge leer, maar niks aangaande die mens en sy geskiedenis nie.[14] Hiermee verval die term "objektief" vir die geskiedenis. Die natuur is objek. So kan die geskiedenis ook beskou word, analoog aan die natuur. Die wese van die geskiedenis is egter 'n "Wirkungszusammenhang"[15] waarin die mens staan en wat hy alleen kan verstaan vanuit homself. Die geskiedenis moet gesien word vanuit sy *betekenis vir my.* Die eerste, die geskiedenis in sy verloop, is onontbeerlik. Dit is egter net die voorhof vir die eintlike geskiedenis.

Tweërlei geskiedenis-kennis staan dan teenoor mekaar: Die eintlike, primêre, die werklike "Geschichtliches Geschehen", en die oneintlike, sekondêre geskiedenis, wat blote *historiese* feite-materiaal tot tema het. Die laaste is die toerusting vir die eerste. In sy "Jesus"-boek (waaraan die voorg. ontleen is) veronderstel Bultmann die resultate van die sekulêre navorsing (volgens die gewone historiese metode en wette) en wil hy nou op grond hiervan met sy primêre vraag die historiese gestalte van Jesus "konfronteer".[16]

Daar is dus tweërlei benadering van die geskiedenis: Die wat nie ooreenkomend is met die suiwere verhouding van die mens met die geskiedenis nie (die eksakte, natuurwetenskaplike) en die wat wel daarmee ooreenkom. Dit is die tweeslagtigheid wat Bultmann se begrip van die geschichtliche werklikheid beheers. Die eerste is net hulpkonstruksie. Dit word ook teenoor mekaar gestel as die "vasstellende" metode van die positiwistiese geskiedenisopvatting en (die nuwe) 'n "dialogiese": "Soll deshalb die folgende Darstellung mehr sein als eine Orientierung über interressante Dinge der Vergangenheit, mehr als eine Gang durch eine Antiquaritatensammlung... so kann die Darstellung nur ein bestandiger Dialog mit der Geschichte sein". Maar goed verstaan: Die dialoog kom nie agterna as 'n waardering, nadat eers van die geskiedenis na sy objektiewe inhoud kennis geneem is nie. Nee, die werklike Begegnung voltrek hom in die dialoog.[17]

So tree die dubbele geskiedbeskouing na vore in sy "Jesus"-boek. Hy onderskei hier "Geschichte" (Ereignis, gebeure) en "Historie" (objektief berigtende samehang van feite — "Fakten").

II. EKSEGETIES TOEGEPAS

(a) *By die opstanding*

Die verskil tussen "historisiteit" en "geschichtlichheit" kom veral uit by die *opstanding van Christus.* Dit laat ook sien wat "Entmythologisierung" presies beteken. Die huidige Entmythologisierungstryd kulmineer juis in die diskussie om die Entmythologisierung van die opstanding. Die verwyt *teen* Bultmann is: Bultmann ontken die opstanding. Is dit so?

Bultmann sê van die opstanding: "Das Osterereignis, sofern es als historisches Ereignis neben dem Kreuz genannt werder kann, ist ja nichts anderes als die Entstehung des Glaubens an den Auferstandenen, in dem der Verkündigung ihren Ursprung hat. Das Osterereignis als die Auferstehung Christi ist kein historisches Ereignis; als historisches ist nur der Osterglaube der ersten Jünger fassbar. Der Historiker kann seine Entstehung bis zu einem gewissen Grade begreiflich machen durch Reflexion auf die ehemahliche persönliche Verbundenheit der Jünger mit Jesus; für ihn (die historikus) reduziert sich das Osterereignis auf ihre visionare Erlebnisse. Der christliche Osterglaube ist an der historischen Frage nicht interessiert; für ihn bedeutet das historische Ereignis der Entstehung des Osterglaubens wie für die ersten Jünger die Selbstbekundung des

---

[14] R. Bultmann: Jesus, p. 9.
[15] A.w., p. 7.
[16] A.w., p. 10.
[17] A.w., p. 8.

Auferstandenen, die Tat Gottes, in der sich das Heilsgeschehen des Kreuzes vollendet".[18]

In hierdie uitspraak van Bultmann aangaande die opstanding trek die hele problematiek saam. Hieruit kan baie maklik die afleiding gemaak word, en is dit gemaak:[19] Bultmann loën die werklikheid van die opstanding van Christus. Voordat ons tot 'n gevolgtrekking kom, moet ons die uitspraak eers nader besien.

1. Die ontkenning van Bultmann is nie ontkenning sonder meer nie, maar gekwalifiseerd. Dit is 'n ontkenning van die opstanding as *historiese gebeurtenis,* wat volgens Bultmann nie die enigste, ja, nie die eintlike werklikheid is nie. Die opstanding van Christus is dus eintlik veel meer werklikheid as 'n historiese.

Interessant is 'n dialoog tussen Karl Barth en Bultmann op hierdie punt. "Kann sich nicht auch solche Geschichte wirklich ereignet haben, und kann es nicht eine legitime Anerkennung auch solcher Geschichte geben, die 'historisches Faktum' zu nennen mann schon aus Gründen des guten Geschmacks unterlassen wird, der 'Historiker' im modernen Sinn gut und gerne 'Sage' oder 'Legende' nennen mag, weil sie sich den Mitteln und Methoden sammt den stillschweigenden Voraussetzungen dieses Historikers in der Tat entzieht?" Hierop antwoord Bultmann: "Was für Ereignisse sind das, von denen gesagt werden kann, dass sie 'viel sicherer wirklich in der Zeit geschehen sind als alles, was die .Historiker als solche feststellen können?' "[20] Die antwoord sal moet wees: Op grond van ons geloof in die Almag van God, wat kan ingryp en ook ingegryp het in die geskiedenis (heilsgeskiedenis). So kan dit alleen gegee word op grond van *ons* geloof in die Skrif as die Woord van God. Barth redeneer egter van 'n posse ad esse.[21] Die moontlikheid ontken Bultmann. Die twee geleerdes redeneer by mekaar verby. Die gemeenskaplike grond ontbreek: Die geloof in die Skrif as die Woord van God.

2. Nie alleen word die opstanding as historiese feit ontken nie, maar ook die betekenis van die opstanding as historiese feit. Waarom so 'n dubbele ontkenning? Die eerste sluit tog die tweede in. Andersyds: As dit van geen betekenis is nie, waarom dan die moontlikheid ontken. Twee motiewe speel duidelik op mekaar in, d.i. die van geloof en wetenskap.

Dit word bevestig deur wat Bultmann sê i.v.m. die kruisdood van Jesus. Die kruisdood is as sodanig nie strydig met die denkwette nie. Dit is menslik gebeurlik.[22] Die opstanding nie. Maar ook by die kruisdood gaan dit nie soseer om die historiese feitelikheid nie. Bultmann haal Erich Frank met instemming aan: "Denn obgleich die Ankunft Christi ein historisches Ereignis ist, das sich 'einst' in der Vergangenheit zutrug, so ist es doch zugleich ein ewiges Ereignis, das wieder und wieder eintritt in der Seele jedes Christen, in dessen Seele Christus geboren wird, leitet, stirbt und auferweckt wird[23] zum ewigen Leben. In seinem Glauben ist der Christ ein Zeitgenosse Christi, und Zeit und Weltgeschiehte sind überwunden.

Die Ankunft Christi ist ein Ereignis im Reich der Ewigkeit, die inkommensurabel ist im Verhaltniss zur historischen Zeit".[24] Wat die historisiteit van Jesus betref, is Bultmann tevrede om by 'n moontlikheid of waarskynlikheid te bly staan (liefs die laaste; hy sou selfs wil spreek van hoogs waarskynlik). Dit gaan per slot van rekening egter nie om 'n

---

[18] R. Bultmann: *Kirche und Mythos,* I, p. 50.

[19] "Diese Satze waren es wohl, die vieleorts den genannten theologischen Vorwurf gegen Bultmann zu regfertigen schienen. Hier hatte Bultmann doch offensichtlich die Auflösung der "objektiven" Wahrheit in ein blosses "sübjektives" Fürwahrhalten vollzogen". H. Ott, a.w., p. 13.

[20] A.w., p. 16.

[21] A.w., p. 32.

[22] A.w., p. 12.

[23] In plaas van geskiedenis as "het niet herhaalde... een historisch gebeuren, dat slechts eenmaal plaats hat". G. van der Leeuw: *De Primitieve Mensch en de Religie,* 1952, p. 119.

[24] R. Bultmann: Geschichte und Eschatologie, p. 182.

historiese persoon nie, maar om 'n boodskap, wat ons alleen deur die tradisie ken. As iemand "Jesus" tussen aanhalingstekens wil sit, het hy daar vrede mee.[25]

3. By die ontkenning van die opstanding (as historiese werklikheid) word die werklikheid van die opstanding self gehandhaaf. Soos die ontkenning van die opstanding van Christus egter gekwalifiseerd is (nl. "as historiese gebeurtenis"), so is die geloof in die opstanding as werklikheid ook gekwalifiseerd: Die ontstaan van die opstandingsgeloof is "Selbstbekundung des Auferstandenen, Tat Gottes ..." — dit is ten minste die betekenis van die historiese gebeurtenis van die ontstaan van die opstandingsgeloof vir elke gelowige soos vir die eerste dissipels.

Dit moet nie so opgevat word asof hiermee die opstandingswerklikheid deur Bultmann opgelos word in die opstandingsgeloof van die eerste dissipels, die fides quae (objektiwiteit) in die fides qua (subjektiwiteit), nie. Dan verstaan ons Bultmann weer nie. Miskien moet ons Bultmann so korrigeer dat hy wou sê: Dit *moes* die betekenis vir die eerste dissipels gewees het, soos dit die betekenis vir ons is. Objektiwiteit en subjektiwiteit is hier veeleer omgekeer. In plaas van 'n uitspraak oor die opstanding is dit 'n aangesproke-syn deur die Opgestane, 'n daad Gods. Dit is die Geschichtlichkeit van die opstanding in plaas van die historisiteit daarvan.

Volgens Bultmann het die dissipels dit egter weer spoedig misverstaan: "Es ist nun freilich nicht zu leugnen, dass im Neuen Testament die Auferstehung Jesu vielfach als (solch) beglaubigendes Mirakel aufgefasst wird. So wenn es heisst, dass Gott den Beweis für Christi Anspruch dadurch geliefert hat, dass er ihn von den Toten erweckte (Act. 17:31). So in den Legenden vom leeren Grab und den Ostergeschiehten, die von Demonstrationen der Leiblichkeit des Auferstandenen berichten (besonders Luk. 24:39-43). Aber zweifellos sind das spätere Bildungen von denen Paulus noch nichts weiss. Freilich (!) auch Paulus selbst will einmal das Wunder der Auferstehung durch Aufzählung der Augenzeugen als historisches Ereignis sicherstellen (1 Kor. 15:3-8)".[26] Die dissipels het van geskiedenis in eintlike sin (geschichtliches Geschehen) geskiedenis in sekondêre sin (historische Ereignisse) gemaak.

Entmythologisierung is dan om te kom van geskiedenis in sekondêre sin, soos die dissipels dit (spoedig) misverstaan het, tot geskiedenis in primêre sin, soos hulle dit moes verstaan het en miskien ook verstaan het, of: "Die Erhebung der eigentlichen Heilsgeschichte aus der Gesammtheit des biblischen Zeugnisses von Heilsgeschichte".[27]

4. By die ontkenning van die opstanding (as historiese werklikheid) kon tweërlei motief onderskei word,[28] 'n geloofsmotief en 'n wetenskaplike. Dit laat ook die vraag ontstaan van prioriteit.

Die geloofsmotief bring by die geloofsbegrip. Geloof is (volgens Bultmann) wesenlik: "Entscheidung" tot die "unableitbare", die "Unverfügbare"; "Wagnis zum Ungesicherten, von keiner dritten Instanz her zu Begründenden". Waar mens slegs wil buig vir die "Ausweisbaren", verneem hy die "Anspruch" nie; daar is geloof geen geloof meer nie. Met sy eksistensialisme sluit Bultmann hier aan by die ervaringsteologie van sy leermeester, Herrmann. Die "Erlebnis" van Herrmann kommentarieer hy soos volg: "Gefordert ist... ganz einfach die offenheit für den Anspruch, unter dem wir jeweils stehen; das existentielle Wissen um die Unsicherheit unseres jetzt; die geschichtliche Lebendichkeit. In diesem Sinne ist es gemeint: 'Nichts in der Gesehichte kann uns angehören, als das, was wir selbst erleben' (Herrmann)".[29] Die "Beglaubigung" van die "Erlebnis" is net in die "Erlebnis" te vind. Uit hierdie "Beglaubigung ausschliessende

---

[25] R. Bultmann: *Jesus,* p. 22.

[26] R. Bultmann: *Kirche und Mythos* I, p. 48.

[27] Vgl. aant. 5.

[28] H. Ott, a.w., p. 14.

[29] A.w., p. 14. "Die Beglaubigung für die Wahrheit des Wortes (liegt also) in nichts ausserhalb dessen, was sich zwisschen Wort und Hörer abspielt", Bultmann: *Jesus,* p. 182.

Tatsachencharakter" van die geloof (fides qua creditur) vloei voort dat die fides quae creditur, i.c. die opstandingswerklikheid, nie iets "Vorhandenes" kán wees nie. Die fides qua bepaal die fides quae. Dit is 'n eksistensialistiese vertolking van die Lutherse teologie. Geloof is die kanon van die Skrif en die Skrif nie die kanon van die geloof nie.

Naas en teenoor die geloofsmotief staan die wetenskaplike. As "Mirakel" moet bestempel word wat nie inpas in die wette en metodes van die gewone historiese ondersoek nie. Om aan 'n mirakel realiteit toe te skryf, beteken 'n sacrificium intellectus. Dit kos moeite — inspanning van die wil. Dan word dit 'n werk. Is geloof egter vertroue, dan is dit reine Hingabe en sluit dit willekeurige aanname uit.[30]

Die vraag is nou: Wat is primêr? Die geloofsmotief of die histories-wetenskaplike? Of: Wat is bepalend? Die geloof(sbegrip) vir die wetenskap(sbeskouing) of omgekeerd? Ek poneer: Die wetenskap(sbeskouing) is bepalend. Uitgangspunt is: Die kousale nexus kan nie verbreek word nie. God kan nie ingryp in die geskiedenis nie, altans God doen dit nie. Om nie deur te gaan vir 'n verwerper van die opstanding van Christus nie, het Bultmann uitgekom by hierdie dubbele geskiedbeskouing en hierdie tweërlei werklikheid. Of: Om sy wetenskaplike uitgangspunt te kan handhaaf en ook die geloof te kan behou, is hy genoodsaak om die werklikheid (scil. die lewe, die menslike bestaan, die geskiedenis, die Skrif) op te breek. Die primêre motief is: Bultmann glo nie in die wonder nie. Hy glo nie in 'n God wat kan ingryp en ook beslissend ingegryp het in die geskiedenis tot verlossing ("heilshistories") nie. Die "Anschaungen" waarin die N.T. dink, is afkomstig van die "geschichtlichen Typen oder Welten der spätjüdischen Eschatologie und des gnostischen Dualismus". Hierdie wêreldopvattinge was o.a. "die Erde ist nicht nur die Stätte des natürlich-alltäglichen Geschehens, der Vorsorge und Arbeit, die mit Ordnung und Regel rechnet; sondern sie ist auch der Schauplatz des Wirkens übernatürlicher Mächte, Gottes und seiner Engel, des Satans und seiner Dämonen. In das natürliche Geschehen und in das Denken, Wollen und Handeln des Menschen greiffen die übernatürlichen Mächte ein; Wunder sind nichts Seltenes. Der Mensch ist seiner selbst nicht mächtig; Dämonen können ihn besitzen... Die Geschichte läuft nicht ihren stetigen, gesetzmässigen Gang, sondern erhält ihre Bewegung und Richtung durch die übernatürlichen Mächte ..."[31] "Es ist unmöglich, ein vergangenes Weltbild durch einen Entschluss zu repristineren, ... nachdem unser aller Denken unwiderruflich durch die Wissenschaft geformt worden ist".[32]

5. Insake die opstanding van Christus moet die konklusie wees dat Bultmann vashou aan 'n opstandingswerklikheid, dat hy die opstanding van Christus verwerp.

Dit gaan immers om iemand van wie se bestaan Bultmann nie seker is nie, al is dit hoogs waarskynlik. Hy is bereid om van "Jesus" te spreek (in aanhalingstekens). En: Al is die bestaan van Jesus hoogs waarskynlik, is Bultmann daarin nie geïnteresseerd nie. Hy is slegs geïnteresseerd in eie (voort)bestaan (eksistensie). As Bultmann dus spreek van die "Selbstbekundung des *Auferstandenen",* dan sê hy iets wat hy nie werklik bedoel nie. Die geloof in die opstanding *van Christus* is inderdaad slegs 'n *opstandingsgeloof.* "Vielmehr (ist) die Auferstehung selbst Gegenstand des Glaubens"[33] en nie die bewys dat Jesus waarlik die Christus is nie (Rom. 1:4). Maar, kan Bultmann spreek van 'n opstondingswerklikheid? In werklikheid is dit 'n mitiese (scil. Bybelse) begrip vir "Existenz im Jenseits".[34]

(b) *By die wederkoms*

Die dubbele geskiedbeskouing van Bultmann lei daartoe dat net soos die opstanding

---

[30] A.W., p. 15.
[31] R. Bultmann: *Kirche und Mythos* I, p. 15.
[32] A.w., p. 17.
[33] A.w., p. 49.
[34] R. Bultmann: *Jesus,* p. 35.

as 'n historiese gebeurtenis van die verlede ook die *wederkoms van Christus* as 'n historiese gebeurtenis van die toekoms ontken word. Opstanding en wederkoms van Christus val "geschichtlich" saam, in die hede.

"Die mythische Eschatologie (vgl. bo: Die Joodse Apokaliptiek) ist im Grunde durch die eindfache Tatsache erledigt, dass Christi Parousie nicht, wie das Neue Testament erwartet, alsbald stattgefunden hat, sondern dass die Weltgeschichte weiterlief und — wie jeder Zurechnungsfähige überzeugt ist — weiterlaufen wird."[35]

Die wederkoms is nie iets van die toekoms nie, ook nie iets van die verlede nie, maar iets wat sig realiseer in die Jetzt, waarin verlede en toekoms hulle saamtrek vir die toekoms. Dit is die Christliche Existenz. Bultmann haal H. Butterfield (Christianity and History) aan: "Jeder Augenblick ist eschatologisch" en korrigeer dit so: "Jeder Augenblick hat die Möglichkeit, ein eschatologischer Augenblick zu sein, und im Christlichen ist diese Möglichkeit verwirklicht."[36]

Geld dit die tydseinde (eskatologie, laaste dinge), dit geld ook die tydsbegin (Skepping, eerste dinge). Net so min as wat daar sprake kan wees van eskatologie as tydseinde, net so min van Skepping as tydsbegin. Die "entmythologisierte" konsepsie van die Skepping kom tot uitdrukking in 'n preek van Bultmann "Der Glaube an Gott den Schöpfer",[37] waarin hy die volgende definisie gee van Geskapesyn: "Gottes Geschöpf sein, heisst also, stets von der Nichtigkeit umfangen und bedroht sein". Dit is Skepping as Kerygma.

Soos toegepas op die opstanding en wederkoms van Christus is dit duidelik dat die wêreld- en heilsgeskiedenis twee soorte geskiedenis is wat op verskillende vlakke beweeg, in geen positiewe betrekking tot mekaar staan nie en die een kan nie in terme van die ander beskryf word nie.

---

[35] *Kirche und Mythos,* I, p. 18.

[36] *Gesch. u. Eschatologie,* p. 182.

[37] Aangeh. by R. Ott, a.w., p. 21.

III. BEOORDEEL [1]

(a) *In sy kern*

Die dubbele geskiedbeskouing en daarmee die hele Teologie van Bultmann trek saam in wat hy noem "die Paradoxie der christliche Existenz" en kan saamvattend beskryf word as 'n Christelike eksistensialisme, of liewer, 'n eksistensialistiese Christendom.

1. Die "christliche Existenz" moet verstaan word as 'n übergeschichtliche, 'n bo-tydelike, bo-wêreldlike, 'n *ewigheids*bestaan.

Wat hierdie laaste tipering betref: Om van 'n *ewige* bestaan te spreek, sou in die gedagtewêreld van Bultmann waarskynlik nie pas nie. In die "christliche Existenz" as ewigheidsbestaan herken ons naastenby die Christelike belydenis van die *ewige lewe.* Die "christliche Existenz" as ewigheidsbestaan moet dan nie verstaan word in Endgeschichtliche nie, maar in Enigeschichtlichte sin. Dit moet ook nie gesien word as 'n *besit* (soos ons sou sê van die ewige lewe: Aanvanklik hier en ewig hierna) nie, maar verstaan word as paradoks: Die "christliche Existenz" is dat die gelowige tegelykertyd as "Entgeschichtlichter" of "Entweltlichter existiert und dass er zugleich innerhalb der Welt, innerhalb seiner Geschichtlichkeit bleibt", d.i. met sy lewe steeds deur die toekoms bepaald. " ... auch der glaubende existiert aus der Zukunft", sodat die "christliche Existenz" tegelykertyd 'n eskatalogiese (entgeschichtlichte) en historiese bestaanswyse is.[2]

Dat hierdie "Paradoxie van die christliche Existenz" liewer bestempel moet word as eksistensialistiese Christendom (i.p.v. christlike eksistensialisme) kom vanweë sy wysgerig-eksistensialistiese uitgangspunt.[3] Die eksistensialistiese Christendom van Bultmann kan nog nader gepresiseer word as Lutherse teologie, eksistensialisties vertolk, of liewer, eksistensialisme Luthers vertolk: "Die Paradoxie, dass die christliche Existenz gleichzeitig eine eschatologische, unweltliche, und eine geschichtliche ist, ist gleichbedeutend mit dem lutherischen Satz: simul iustus simul peccator".[4] Dit kom neer op die regverdigmaking deur die geloof — die een en al by Luther — in eksistensialistiese terme.

Barth en Bultmann: As daar by Bultmann van subjektivisme sprake kan wees, dan staan hy met sy subjektiewe dialektiek van die "christliche Existenz" teenoor Barth met sy objektiewe dialektiek van die Godsopenbaring. Naas en teenoor die paradoks van die Christelike eksistensie van Bultmann staan die paradoks van die Goddelike openbaring van Barth. Die transendensie van God kan nie anders as in antinomieë tot openbaring kom nie. Wat Bultmann met die Lutherse teologie gedoen het, dit het Barth probeer doen met die gereformeerde. Barth het die Calvinisme eksistensialisties vertolk, met sy "Teologiese" uitgangspunt. Weier Bultmann om van subjektivisme[5] aangekla te word, moet sy teologie van die "christliche Existenz" tog as deur en deur soteriologies, antroposentries en individualisties bestempel word. Hierdie Lutherse inslag blyk verder as gevra word:

2. Hoe dit kom tot realisering van die "christliche Existenz". Die antwoord lui:

(i) deur die geloof (regverdigmaking deur die geloof) — as beslissing (Entscheidung) en so deur geloofsbeslissing — die groot beslissing waarvoor elke oomblik van die lewe ons stel; en dan nie maar 'n "in jeder Gegenwart geforderten Entscheidung in der Verantwortung vor der Zukunft"[6] nie (d.i. die Problemgeschichtliche beskouing van

---

[1] *Perspektief,* deel 2, no. 4, 1963, p. 3-13.
[2] R. Bultmann: *Geschichte und Eschatologie,* p. 182.
[3] Vgl. *Perspektief,* jaargang 2, nr. 3, p. 3.
[4] Bultmann, a.w., p. 183.
[5] Bultmann, *Jesus,* p. 8, 10.
[6] Bultmann: *Gesch. und Eschatol.,* p. 181.

Collingwood);[7] ook nie maar 'n beslissing tot een of ander daad nie, maar tot die "christliche Existenz": 'n Nuwe verstaan van myself as 'n deur Gods genade van myself verloste en opnuut geskonke mens en daarmee tot 'n lewe uit die genade van God, en sodoende ook tot 'n nuwe verstaan van al my verantwoordelike doen... as gedra deur die liefde.[8] Hierdie geloofsbeslissing is 'n beslissing tot voortdurende selfrealisering volgens die sentrale woord in die prediking van Jesus: "Die wat sy lewe wil behou, sal dit verloor.. ."[9] Dit gaan dus om eksistensie, ware eksistensie. Dit gaan om selfbehoud — individuele selfbehoud.

Hier word die verband duidelik tussen die geskiedenis in sekondêre en die geskiedenis in primêre sin. Dit is (die realisering van die Kindskap van God) waarop die "gegenwärtige zeitliche Geschichte in ihrem eigentliche Geschehen aus ist, und so ereignet sie sich in dieser" en nêrens elders nie.[10] Dit is die *sin van die geskiedenis,* die bestaan van die mens. Die hele geskiedenis word geïndividualiseer in die "christliche Existenz".

(ii) Tot die geloofsbeslissing word ons geroep (soos by Luther) in en met en deur die kerygma, die prediking, waarin dit sentraal gaan om die opstanding en wederkoms van Christus, maar dan nie gesien as historiese gebeurtenisse nie (want dit is dit nie) maar as "jeweils Ereignis werdend" in die verkondiging en die geloof.[11]

(b) *In sy konsekwensies*

Behalwe die skeiding tussen geskiedenis en openbaring en tussen geloof en wetenskap waarop reeds gewys is,[12] loop die dubbele geskiedbeskouing van Bultmann uit op 'n skeiding van volk (natuurlike gemeenskap) en Kerk (geestelike gemeenskap). Dit hang saam met 'n teenstelling tussen die Ou Testament, waarin dit gaan om 'n volk (Israel) en sy geskiedenis[13] en die Nuwe Testament, waarin dit gaan om die *individu* en die *moment.*

"Die Predigt von Jesus hat ihren Sitz in der Ekklesia, in der Kirche, die keine Geschichte im Sinne einer Volksgeschichte hat, da sie eschatologische Gemeinde ist, die am Ende aller Weltgeschichte steht. Deshalb wird der Einzelne nicht an das erinnert, was Gott an seinem Volke und damit an ihm getan hat."[14]

"Der Mensch ist doch überhaupt nicht nach Sinn von Sein, nach dem Sinn von Geschichte und Kultur gefragt... Gefragt ist der Mensch, wie mir scheint, nur nach Sinn des Augenblicks, und das heisst, nach der Forderung des Augenblicks."[15]

"Der eigentliche Sinn des *plêroma tou Xronou* (volheid van die tyd) ist die Tatsache, dass die Geschichte sich totgelaufen hat, dass ihre Sinnlosheit offenbar geworden ist."[16]

---

[7] Bultmann, a.w., p. 171.
[8] Bultmann, a.w., p. 181.
[9] Bultmann, a.w., p. 180.
[10] Bultmann, a.w., p. 183.
[11] Bultmann, a.w., p. 181.
[12] *Perspektief,* jaargang 2, nr. 3, p. 3, 9, e.v.
[13] "Auf Grund seines doppelten Geschichtsbegriffs muss er sowohl jederlei positiven Zusammenhang zwischen Heilsgeschehen und Weltgeschichte als auch die spezifische heilsgeschichtliche Dignität der israelitischen Volksgeschichte ablehnen". Heinrich Ott: *Geschichte und Heilsgeschichte in der Theologie Rudolf Bultmann,* p. 21.
[14] Bultmann: "Der Glaube des Wortes Gottes im Neuen Testament", *Glaube und Verstehen* I, p. 293, aangehaal by H. Ott, a.w., p. 21.
[15] Bultmann: "Das christologische Bekenntnis des Oekumenischen Rates", *Th. Umschau,* 21. Jhg. H. 2, p. 35; vgl. H. Ott, a.w., p. 21.
[16] Bultmann: "Die liberale Theologie und die jungste theologische Bewegung", *Glauben und Verstehen* I, p. 7; vgl. H. Ott, a.w., p. 21.

"Israels Geschichte ist für den christlichen Glaube nicht Offenbarungsgeschichte."[17]

"Jesus blickt nicht mehr wie das Alte Testament auf die Geschichte des Volkes, in dessen Schicksalen sich Gottes strafende und lohnende Gerechtigkeit erweist... Das Gericht ist ganz auf das Endgericht konzentriert, vor dem sich jeder als Einzelner zu verantworten hat. Der Blick fällt nicht auf das Volk Israel; das Heil gilt nicht nur ihm, sondern auch Heiden werden daran teilbekommen (Matt. 8:11 v.; Luk. 13:28 e.v.). Jesu Verkündigung gibt keinen Ausblick auf die Zukunft des Volkes, und sie enthalt keine Verheissung wie bei Jesaia oder Deutorojesaia von der glanzvollen Zukunft Israels oder von der Wiederaufrichtung des Hauses Davids",[18] hoewel Paulus nog met hierdie vraagstuk worstel in Rom. 9-11.[19]

"Das neue Gottesvolk, die Kirche, hat keine Geschichte, sie ist ja die Gemeinde der Endzeit, ein eschatologische Phänomen. Wie sollte sie eine Geschichte haben, wo doch die Weltzeit abgelaufen ist und das Ende nahe bevorsteht! Das Bewusstsein, die eschatologische Gemeinde zu sein, ist zugleich das Bewusstsein, aus der noch bestehende Welt ausgegrenzt zu sein ... So hat die christliche Gemeinde, so hat der einzelne Glaubende keine Verantwortung für die noch bestehende Welt und ihre Ordnungen, für die Aufgaben der Gesellschaft und des Staates ... Im Urchristentum ist *die Geschichte von der Eschatologie verschlungen worden"*.[20] "Mit der apokalyptischen Eschatologie verbinden sich freilich *Motive alttestamentischer Geschichtsanschauung."*

Die Kerk neem die Ou Testament oor, is self die ware Israel, die Israel van God (Gal. 6:16), die uitverkore geslag (1 Petr. 2:9). Die Christelike gemeente glo dat hulle die einde en die vervulling van die 'heilsgeskiedenis' is. Die nuwe verbond van die eindtyd (Jer. 31:30 e.v.) is vervul. Dit is gesluit deur die dood van Christus (1 Kor. 11:25 e.v.). "Man darf sich aber durch solche Aussagen nicht irreführen lassen, als ob sich das Urchristentum als ein echtes geschichtliches Phänomen verstanden hätte und als ob es die Zusammengehörigkeit mit dem Volke Israel als geschichtliche Kontinuität aufgefasst hätte. Ein genealogischer Zusammenhang des neuen Gottesvolks mit dem alten besteht nicht, oder er ist, soweit er besteht, grundsätzlich gleichgültig. Abraham ist der Vater aller Glaubenden, der heidnichen wie der jüdischen. Die Kontinuität ist nicht eine durch organischen geschichtlichen Zusammenhang gewachsene, sondern sie ist durch das Handeln Gottes geschaffen."[21]

Die dubbele geskiedbeskouing bring so tot die uiterste individualisme.

Vir die wat sê: Ek kan die sin van die geskiedenis nie verstaan nie, sê Bultmann: "Schau nicht um dich in die Universalgeschichte; vielmehr musst du in deine eigene persönliche Geschichte blicken. Je in deiner Gegenwart liegt der Sinn der Geschichte, und du kannst ihn nicht als Zuschauer sehen, sondern nur in deinen verantwortlichen Entscheidungen".[22]

"Das Gericht wird nicht über die Völker, sondern über die Einzelnen ergehen ... Gericht und Heil sind eschatologische Vorgänge im strengen Sinn, d.h. Vorgänge mit denen der alte Weltlauf und die Geschichte überhaupt aufhören. In diesem Sinne ist Jesu Gottesgedanken entgeschichtlich, und der unter diesem Gottesgedanken gesehene Mensch ist entgeschichtlich; d.h. das Verhältnis von Gott und Mensch ist die Bindungen an die Weltgeschichte entnomen", soos in die Jodendom (en anders as in die Ou Testament), terwyl "in einem anderen Sinne (anders as in die Jodendom) Jesu

---

[17] Bultmann: "Die Bedeutung des Alten Testamenst für den christlichen Glauben", Id., p. 334; H. Ott, a.w., p. 21.
[18] Bultmann: *Gesch. und Eschatol,* p. 37.
[19] Bultmann, a.w., p. 48.
[20] Bultmann, a.w., p. 41 e.v.
[21] Bultmann, a.w., p. 40 e.v.
[22] Bultmann, a.w., p. 184: die slotwoord.

Gottesgedanke radikal vergeschichtlicht ist."

Die aanspraak van God kom telkens tot die enkeling in die geskiedenis. Die dubbele geskiedbeskouing van Bultmann loop uit op die uiterste individualisme.[23]

(c) *In sy konsekwensies*

Tot die eksistensialistiese verklaring van die opstanding en die wederkoms van Christus kon Bultmann alleen kom deur radikale Skrifkritiek.

Paulus gee wel die apokaliptiese toekomsbeeld van die opstanding van die dode, van die gerig en van die heerlikheid waarmee die gelowige en die geregverdigde eendag beloon sal word, nie prys nie. "Aber das eigentliche Heil ist die Gerechtigkeit und mit ihr die Freiheit" ... wat ook beteken: die heil is geïndividualiseer.[24]

Nog radikaler as Paulus het Johannes die verstaan van die eskatologie as 'n "gegenwärtigen Geschehen" deurgevoer. Die apokaliptiese toekomseskatologie, waaraan Paulus nog vasgehou het, het Johannes laat vaar. Vir Johannes is die opstanding van die dode en die gerig met die Koms van Jesus verlê na die hede. Hy stel dit uitdruklik teenoor die tradisionele apokaliptiese eskatologie, as hy sê: "Dit is die oordeel dat die Lig in die wêreld gekom het en die mense het die duisternis liewer gehad as die Lig" (Joh. 3:19) en: "voorwaar, voorwaar ek sê vir julle daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe" (Joh. 5:24). Maar wat dan van die daarop volgende woorde: "Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor" (Joh. 5:28)? "Das (ist) sichtlich (!) eine sekundäre Korrektur der Kirchliche Redaktion des Evangeliums, die die traditionelle Eschatologie wieder einführen will, die der Verfasser doch — 3, 19; 5, 24 ausdrücklich korrigiert hat". So heet dit in 'n voetnoot.[25]

Terug geredeneer: As die opstanding en wederkoms as historiese feite so krities alleen uitgeskakel kan word, dan beklemtoon dit vir ons: (1) Die Skrif leer die liggaamlike opstanding van Christus as historiese feit, en so ook (2) die toekomstige opstanding van die gelowiges en ongelowiges; (3) 'n positiewe band tussen heil en historie; en (4) tussen volk en Kerk en Christendom en kultuur.

Dit is egter alleen 'n argument vir die wat vashou aan die eenheid van die Skrif en die Woord van God, wat by Bultmann nie die geval is nie. Die skeiding tussen geskiedenis en heilsgeskiedenis impliseer by hom 'n skeiding tussen die Heilige Skrif en die Woord van God, wat hy meen om eksistensieel te kan onderskei van die Skrif as mensewoord. Dit is die punt van waaruit Bultmann krities benader moet word. Dit bring ons by die volgende inkonsekwensie:

Dat in die *gebeure* van die *ontstaan* van die opstandingsgeloof "die Selbstbekundung des Auferstandenen" 'n "Tat Gottes" gesien moet word.[26] Soos Bultmann uit die aard van die geloof tot die aard van die opstanding Konkludeer,[27] so word uit die ontstaan van die geloof 'n sprong gemaak tot die werklikheid van die opstanding.

Die vraag kan gestel word: Wie sê vir my dat my geloof reg is? Bultmann antwoord: omdat dit eksistensieel is. Ek weet tog iets het met my gebeur. Ek kon nie loskom van my verlede nie. Daarvan is ek nou verlos. Ek het nie geglo nie. Nou glo ek. Maar wie gee ons die reg om uit die geloof (die ontstaan daarvan) te konkludeer tot die "Selbstbekundung" van die "Auferstandene", en met wat met my gebeur het tot 'n Godsopenbaring ("Tat Gottes)?

---

[23] H. Ott, a.w., p. 182 met verwysing na Bultmann: *Theologie des Neuen Testamentes,* p. 24 e.v.
[24] Bultmann, a.w., p. 48.
[25] Bultmann, a.w., p. 53 e.v.
[26] Vgl. *Perspektief,* jaargang 2, nr. 3, p. 5 e.v.
[27] Vgl. *Perspektief,* jaargang 2, nr. 3, p. 9.

Die teenvraag kan wees: Wat gee ons die reg om in die Skrif, soos dit gegee is, van alle geskrifte, te glo as die Woord van God?

Al antwoord wat hierop gegee kan en moet word, is die selfgetuienis van die Skrif. Dit is egter nie waarom dit hier gaan nie, maar wèl om te bewys

(i) dat Bultmann nie daarin kon slaag om vanuit die eksistensie op te klim tot God en die Openbaring en vanuit 'n wysgerige vooropstelling[28] te kom tot die teologie nie, sonder om hom skuldig te maak aan 'n inkonsekwensie nie, en

(ii) dat as ons die Openbaring losmaak van die Skrif, ons die Openbaring vernietig. Dit geld ook die opstanding, losgemaak van die historiese feit, soos die Skrif dit meedeel. Dit mag dan "geschichtlich" wees, maar net vir en in die geloof.

Dit beteken nie dat die eksistensiële nie ook sy regmatige plek in die uitlegging moet kry nie. Gods Woord is dan eers goed verklaar as dit ons aanspreek in ons situasie, hier en nou. Dit is Gods Woord vir ons.

Hierdie beklemtoning is te waardeer by Bultmann. Die dood en opstanding van Christus beteken vir ons ook (geestelik) sterwe en opstaan.

Wat egter verwerp moet word, is om die eksistensiële (= wat dit vir my beteken, hier en nou) te verhef tot verklaringsprinsipe, tot hermeneutiese beginsel. Dit is nie so dat ons Gods Woord moet verstaan in die lig van ons bestaan (eksistensie) nie. Ons *bestaan* moet ons *verstaan* in die lig van Gods Woord. Ons eksistensie is nie soos ons dit verstaan nie, maar is ook 'n saak van die geloof, in die lig van Gods Woord, 'n sondige en onder die gerig. Spreek die liggaamlike opstanding van Christus en die opstanding uit die dode as toekomstige gebeurtenis by die wederkoms van Christus ons dan nie ook toe in ons gebroke eksistensie nie?

Die vraag kan ook hier gestel word: Wat is Bultmann? Filosoof of teoloog? Hy is filosoof en teoloog, albei, maar met 'n breuk. As hy teoloog gebly het met sy geloof in Openbaring en in die werklikheid van Jesus as Opgestane, dan het hy dit gebly ondanks sy filosofie. Hy het nie daarin geslaag om die filosofie 'n voorportaal van die teologie te maak nie.

Filosofie en teologie moet albei beoefen word in die lig van die Skrif, elk op sy eie wyse. Die filosofie het daarby die teologie nodig. En, die teologie het die filosofie nodig, ook om die mens in sy eksistensie beter te verstaan.

(d) *In sy antitese*

'n Verdere waardering vir Bultmann is sy nadruk op die "Jetzt" en die "Jeder". Dit is waarop die eksistensiële neerkom. Hy beklemtoon dit teenoor die evolusieleer met sy naturalistiese en positivistiese geskiedbeskouing, wat die "Jetzt" relativeer tot 'n blote skakel tussen verlede en toekoms, en die individu laat opgaan in die gemeenskap.

Die laaste kom voor in twee vorme:

(i) in die mensheid; die verskeidenhede is maar die resultaat van historiese en natuurlike faktore. Die mensheid is *substansieel* een. Hierdie egaliteitsleer wortel in die "Aufklärung";[29]

(ii) in mensheidstipes, wat hulle nie alleen deur psigiese, maar ook deur fisiese besonderhede van mekaar onderskei. Hierdie diversiteitsleer wortel in die Romantiek op die voetspoor van Herder. Die besonderlikhede van nasies en rasse word biologies verklaar na analogie van plante, en hulle geskiedenis as 'n proses van natuurlike

---

[28] "Die Theologie kann flur ein sachgemässes Vorverständnis haben, die existentielle" volgens Bultmann, vgl. H. Ott, a.w., p. 72; vgl. *Perspektief,* jaargang 2, nr. 3, aant. 5).
[29] Bultmann, a.w., p. 10.

ontwikkeling.[30]

Die vraag moet gestel word: In hoeverre word ons denke beheers deur die evolusieleer met die valse teenstelling — voor en teen?

Daarom moet die nadruk van Bultmann op die beslissende van die oomblik verwelkom word. "Nou is dit die tyd van welbehae, kyk, nou is die dag van heil" (2 Kor. 6:2), maar dan nie ter vervanging nie, maar juis met die oog op die wederkoms, wat enige oomblik kan plaasvind. En, ook sy nadruk op die persoonlike en individuele, maar dan (soos die Skrif) nie losgemaak van die gemeenskap en van die geskiedenis nie: In die gelowiges word die geslagte en die nasies gered, ook vir die ewige lewe.

[30] Bultmann, a.w., p. 11.

10. LEWE, DOOD EN ONSTERFLIKHEID IN DIE NUWE TESTAMENT [1]

Geloof in die onsterflikheid van die siel is nie spesifiek Nieu-Testamenties nie

Die implikasies van bostaande stelling, dat die geloof in die onsterflikheid voorkom ook buite die besondere Openbaring, by die heidendom, kan as uitgemaak beskou word, al lyk dit nie so vanselfsprekend nie. Wat hier nader besien moet word, is die tweede implikasie, wat oor die algemeen as vanselfsprekend aangeneem word, naamlik dat die onsterflikheid van die siel wel in die Nuwe Testament geleer word. Leer die Nuwe Testament die onsterflikheid van die siel? Moet dit nie veeleer verwerp word as 'n heidense indringsel in die Christendom nie? Hierdie vrae moet gestel word omdat daar in hierdie verband nooit eenstemmigheid was nie. Maar, terwyl die ontkenning van 'n bewuste voortbestaan van die siel sonder die liggaam in die verlede meer van sektariese kant (Sociniane, Anabaptisie, Irvingiane) gekom het, en ook Luther dit dikwels as 'n slaap voorstel, word in latere tyd dergelike beskouinge ook van kerklike kant, selfs in Calvinistiese kringe verdedig, soos blyk uit 'n onlangs verskene werkie van ds. B. Telder,[2] waarin geskryf word: "Heel de gedachte, dat een deel van de mens, zijn 'ziel' niet aan de dood onderworpen zou zijn... is vreemd aan de Schrift".[3] "Nergens in de Schrift is ook maar een oogenblik sprake van een lichaamloos menselijk bestaan, van 'zielen', die zien zonder ogen, juichen zonder stem, weet hebben zonder brein, elkander herkennen zonder gedaante".[4] Dit word verder gebaseer op die antropologie van die Skrif. Die Skrif sien die mens altyd as ganse mens, nooit as 'n samestelling van twee komponente, siel en liggaam nie, wat by die dood uitmekaar gaan, sodat die siel aan die sterwe ontkom om bewus en aktief met menslike funksies te bly voortlewe, vreugde geniet, met ander verkeer, ens.

Hierdie voorstelling is eg heidens-wysgerig, afkomstig van die substansiële digotomie van Plato en Aristoteles. Dit is ingedra in die Roomse teologie, veral deur Thomas van Aquino en die Skolastiek, en het 'n erflating gebly ook in die Protestantse Teologie, o.a. by Calvyn en plek gevind in ons Heid. Kategismus (Vr. 57) .[5] As gevra word wat by die oomblik van die dood gebeur, dan is die antwoord: Dan keer die asem van God waardeur die mens tot lewende siel geword het eenvoudig tot God terug, en sy liggaam keer terug tot die stof, met verwysing na Gen. 3:19; Job 34:14, 15; Pred. 12:7. As verder gevra word: Is dit met die bestaan van die mens (altans tot by die opstanding) uit? dan is die antwoord: Nee, hy bestaan in die gedagtenis van God. Al weet hy nie van homself nie, hy word deur God geken, by name. Die "bestaan in die gedagtenis van God" en "geken word deur God" moet nie opgevat word as 'n ideële, of denkbeeldige bestaan nie, want dit wat God denk en ken, is hoogste realiteit. Al weet ons van onsself in die dood niks af nie, aan die realiteit van ons bestaan doen dit niks af nie, ook nie aan ons bestaan as indiwidue nie, want God ken elkeen by name.[6]

Toegegee moet word dat hierdie gedagtes baie aantreklikhede bevat: Eerstens, dat die dag van die dood en van die ontwaking saamval vir die gestorwene, net soos tydsbesef vir een wat slaap weg is: "Eenmaal zullen we inslapen en de volgende dag niet weer wakker worden. Dan zijn we ontslapen... Maar ook dan worden we eens weer wakker gemaakt ten laatste dage";[7] tweedens, dat hier radikaal gebreek word met 'n bepaalde wysgerige sielsubstansie gedagte, en die Skrifgedagte, dat ons alleen bestaan in God en in Christus skerp geaksentueer word, soos duidelik geleer word in Kol. 1:16, 17, waar van Christus gesê word: " ... in Hom is alle dinge geskape ... Hy is voor alle

---

[1] *Koers,* v. 28, no. 10, 1960/61, pp. 417—430.

[2] B. Telder: Sterven... en Dan? Kok, Kampen, 1960.

[3] B. Telder, a.w., p. 29.

[4] B. Telder, a.w., p. 39.

[5] B. Telder, a.w., pp. 21 e.v.

[6] B. Telder, a.w., pp. 28 e.v., 64 e.v.

[7] B. Telder, a.w., p. 40.

dinge, en in Hom hou alle dinge stand". (Gr. sunistêken = Lat. subsistere.) Op grond hiervan moet die gedagte van sielsubstansie verval, en ook van onsterflikheid as iets wat aan die siel wesenlik eie is. Ons bestaan "in Hom" of ons lewe, of as ons dood is. In Hom lewe ons en beweeg ons en is ons (Hand. 17:28). Hy dra ons deur die Woord van Sy krag (Hebr. 1:3), in lewe en in die dood.

Dit gaan egter nie om wat aantreklik lyk nie. Iets is ook nie juis verkeerd omdat dit óók by die heidense wysbegeerte, al is dit dan in verkeerde vorm, voorkom nie. Gevra moet word wat die Skrif leer.

"Skrifgegewens in verband met die "onsterflikheid van die siel, kan in twee groepe verdeel word: (1) Die wat hulle onmiddellik aan ons voordoen, maar waarvan die uitlegging onseker is, en (2) die waarby ontkenning moeilik, so nie onmoontlik is nie.

(1) Onder die eerste groep kom vanself ter sprake Joh. 14:3, 4 en Openb. 14:13, uitsprake in die N.T. wat hulle met Ps. 16:10, 11, 49:16 en 73:24 in die O.T. onmiddellik voordoen as gedink word aan die onsterflikheid van die siel in die sin van 'n bewuste voortbestaan van die siel na die dood. Verdere gegewens in hierdie groep is: Die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19-31) en twee visioene van Openbaring (6:9-11 en 20:4).

Volgens Hand. 2:31 sien Ps. 16:10, 11 op die opstanding uit die dode. As "siel" hier verstaan word as die persoon self, of in die sin van "lewe",[8] soos dit meestal verstaan moet word in die Skrif, dan verval alle sekerheid dat hier iets gesê word van wat met die siel (van Christus) gebeur (het) tussen dood en opstanding. Dieselfde geld van "siel" in Ps. 49:15. Dan gaan dit hier ook nie om die opneming van die siel by die dood nie, maar om uitredding teen en uit die graf,[9] soos Ps. 16. By Ps. 73:24, waar anders die ononderbroke voortgang van 'n in God wortelende lewe,[10] en by implikasie die bewuste voortlewe van die siel in salige gemeenskap met God baie duidelik geleer word, moet daarop gewys word dat "in heerlikheid opneem" ook vertaal word: "met (herstelde) eer na Hom toe neem",[11] "opneem"[12] of "wegneem"[13] of selfs "in eer herstel".[14] Dan word hier oor 'n bewuste voortbestaan van die siel nie iets geleer nie. By hierdie enkele bekende uitsprake in die O.T. kan 'n verwysing na die geval van Saul te Endor (1 Sam. 28:13-19) nie ontbreek nie. Opmerkinge hieroor volg by 2 (b) onder.

Soos duidelik is uit die woord: "kom ek weer" sien die uitspraak, Joh. 14:2, 3, op wat gebeur by die wederkoms van Christus, wat nie los gesien moet word van sy opstanding en die koms van die Heilige Gees nie[15] en nie op wat gebeur by die dood van die gelowiges nie, hoewel dit ook in verband daarmee gebring kan word.[16] Die saligspreking van Openb. 14:13 word dikwels so verstaan dat dit sien op die salige toestand van die wat in die Here sterf, en dat hulle "van nou af", d.i. sinds die koms van Christus, onmiddellik by hulle dood deel het aan die saligheid. Dit sien egter nie op die sielstoestand van die gelowiges by die dood nie, maar op die toestand op die aarde by die uitgieting van die laaste plae (Openb. 15:1). Die toestande sal dan so wees, dat wat

---

[8] Kantt. St. Vert. Blykbaar ook Grosheide, Hand. der Apostelen (Comm. op het N.T.), p. 80.
[9] Kantt. St. Vert.
[10] A. Noordtzij: Psalmen II (Korte verkl.), t.p.
[11] LXX.
[12] Ed. Konig: Die Psalmen, 1927, p. 609.
[13] H. N. Ridderbos: Psalmen II (Comm. op het Oude Test.), t.p. "diezelfde God die hem bij de hand heeft gevat... zal ook (na hem tot ere gebracht te hebben) hem wegnemen, met de gedachte daarbij, dat als God hem wegneemt, hij in veilige handen is".
[14] Canisius vert.
[15] Grosheide: Het Heilig Evang. volgens Johannes (Comm. op het N.T.), 1950, pp. 292 e.v.
[16] Id.

altyd gegeld het "van nou af" eers geld: "Salig is ..."[17] 'n Belangrike verskil sit hierin opgeslote met die Platoniese beskouing van die onsterflikheid van die siel, waarvolgens die lewe hier op aarde sonder meer 'n ongeluk is vir die siel.

Die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19-31) en die twee visioene uit Openbaring, die siele onder die altaar (Openb. 6:9-11) en die siele wat saam met Christus regeer (Openb. 20:4), word op grond van die besondere aard daarvan hier byeen geneem.

Die vermelding van die naam van die arm man, dat dit Lasarus was, stel voor die vraag of ons hier met 'n gelykenis of met geskiedenis te doen het. Is dit geskiedenis, dan val alle twyfel weg omtrent die bewuste voortbestaan van siele na die dood. Dan het ons ook 'n beskrywing van hoe alles letterlik daar uitsien, met allerlei probleme waarvoor dit ons stel. Algemeen word aangeneem dat dit 'n gelykenis is.[18] Dit maak groot verskil by die verklaring: Dan moet gevra word na die bepaalde punt in die onderrig. Gaan dit in hierdie gelykenis daarom dat onderrig gegee word aangaande die toestand na die dood? Dit behoort duidelik te wees dat dit in die gelykenis nie daarom gaan nie, maar om die finaliteit van lotbeslissing by die dood, en dit dan geklee in die gangbare voorstelling, met name die Joodse voorstellinge aangaande die tussentoestand.

By die heidendom van die tyd is daar noukeurige beskrywing omtrent die hiernamaals. Dit moet aangeneem word dat die heidense voorstellinge sterk op die Joodse Apokaliptiek ingewerk het. Plato onderskei 'n viervoudige staat na die dood:

(1) 'n Gelukkige staat, waar die goeies kom en waar nog vir verdere reiniging geleentheid is;

(2) 'n strafplek vir die onverbeterlike kwaaddoeners, waar hulle vir altyd gekwel word;

(3) 'n plek van tydelike straf vir verbeterlike kwaaddoeners;

(4) 'n plek van hoogste saligheid vir die wysgere, wat vir altyd ontslae is van die liggaam. Joodse voorstelling is (volgens die Apokalips van Henog): Scheol is geleë in die weste, deur strome deursny en omring, en bestaan uit vier afdelings, twee vir goeies en twee vir goddelose. Dan is daar nog die paradys, hoog bo aan die eindes van die aarde, waar Henog en Elia is en almal wat in hulle weë wandel. Die volmaak gereinigdes gaan direk na die hemel. Ander na Gehenna, wat vir die Jode (volgens andere vir alle mense) 'n plek van reiniging (vagevuur) is.

By die verklaring van die gelykenis moet dan met die moontlikheid rekening gehou word dat ons hier 'n beskrywing het van die ewige lot, asof dit onmiddellik na die dood intree, en dat dit niks leer aangaande 'n bewuste voortbestaan van siele in die tussentyd nie. Maar al gaan dit in die gelykenis nie om onderrig aangaande die toestand na die dood nie, dan sal by die verklaring tog rekening gehou moet word met die vraag: Hoe word hier oor die hiernamaals gedink?[19] en ook met die oorweging dat aansluiting by bestaande voorstellinge kan beteken aanvaarding daarvan, altans wat die grondgedagtes betref, terwyl by besonderhede die gelykeniskarakter nie uit die oog verloor moet word nie. 'n Verklaring volgens hierdie, o.i. enigste, gesonde reël kan moeilik tot 'n ander gevolgtrekking bring as dit in hierdie gelykenis geleer word (1) dat daar 'n bewuste voortbestaan is van die siel na die dood; (2) dat die dood skeiding bring *tussen* die siele van gelowiges en ongelowiges; (3) dat die oordeel, al is dit voorlopig, beslissend is by die dood en die louteringsgedagte hier geheel en al wegval.

By die visioene van Openb. (6:9-11 en 20:4) moet rekening gehou word met die simboliese karakter daarvan, nl. dat daar besonderhede in kan voorkom wat slegs as

---

[17] So ook: Verklarende Aant. Afr. Bybel.

[18] Vgl. hieroor: Verklarende Aant. Afr. Bybel, Luk. 16:20, 21.

[19] "Gewiss soll nicht eine Belehrung über jenseitige Zustande gegeben werden ... Aber wie wird hier über das Jenseits gedacht?" E. Klostermann: Das Lukas evang., 1929, p. 168.

sinnebeeld in die visioen en nie daarbuite werklikheid besit nie,[20] en dat dit dus ook kan geld van die siele onder die altaar (Openb. 6:9) en die siele wat met Christus leef en regeer (Openb. 20:4). As dit egter van toepassing gemaak word op *elke* besonderheid in die visioen[21] dan staan vooraf vas dat die siele onder die altaar en die siele wat met Christus regeer simboliese betekenis moet hê en bv. niks anders as 'n simboliese voorstelling is van die bloed van die martelare wat van die aarde af roep om wraak nie,[22] en die leef en regeer met Christus bloot sien op hulle invloed wat deurwerk op die aarde.[23] Maar dan geld dit van al die visioene. Die visioen van die mvwe hemel en die nuwe aarde (Openb. 21:1) sou dan ook geen werklikheid buite die visioen besit nie. Die juiste uitgangspunt by die verklaring hier moet wees, dat onderskei word tussen visioen en simbool met inagneming van simboliek in die visioene. Dit kan met goeie reg bring tot die gevolgtrekkinge:

(1) dat die Skrif uitdruklik onderskei tussen siel en liggaam van die mens, waar hier gespreek word van "die siele" *van* hulle wie se liggame doodgemaak is (Openb. 6:9) en "die siele" *van* hulle wat onthoof is (Openb. 20:4), soos in Hebr. 12:23 gespreek word van "die geeste van die volmaakte regverdiges", wat tog moeilik verstaan kan word as die regverdiges self in hulle wedergebore lewe,[24] en (2) dat die Skrif hier leer 'n welbewuste en aktiewe voortbestaan van die siele na die dood. Daar is herinnering en vooruitsig, soos blyk uit die vraag: Hoe lank? Dit beteken ook dat tydsbesef aanwesig is. Daar is ook hoogste aktiwiteit. Hulle leef en regeer met Christus.

As die gedagte aan 'n menslike bestaan van siele, wat sien sonder oë, juig sonder stem, kennis het sonder brein, mekaar herken sonder gedaante, te wonderlik lyk, dan kan maar net herinner word aan die bestaan van God self (vgl. Ps. 94:9) en aan die engele, in soverre dit die moontlikheid van hierdie aktiwiteite betref, sonder liggaam.

Die gelykenis van die ryk man en Lasarus en die twee visioene van Openbaring het reeds gebring by die tweede groep gegewens, waarby ontkenning van die bewuste voortbestaan van die siel na die dood moeilik, so nie onmoontlik is nie.

(2) Die gegewens hier word verdeel in twee groepe: (a) waar ontkenning moeilik is, soos[25] Fil. 1:23; 2 Kor. 5:8; Luk. 20:31 en (b) waar dit eksegeties onmoontlik is, soos Joh. 11:25; Matt. 10:28; Luk. 23:43; Matt. 17:3 (vgl. 1 Sam. 28:13-19).

(a) As onder die bekende woorde van Paulus "ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste" (Fil. 1:23) so iets verstaan moes word: met Christus te wees "radicaal tot in het offer van zijn dood toe",[26] d.i. met Christus te sterwe, dan is daar seker min lesers wat Paulus nie sou misverstaan nie. Moeilik kan hieronder iets anders verstaan word as "om ons te verheug in die teenwoordigheid van Christus wanneer ons ontbonde is" (Calvyn). Ontkenning van die voortbestaan van die siel in bewuste gemeenskap met Christus laat die uitdrukking, "by die Here inwoon" (2 Kor. 5:8), nie tot sy reg kom nie. Vir "by die Here" word dieselfde uitdrukking gebruik as in Joh. 1:1 "in die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God ...", "By die Here" druk 'n lewende, bewuste betrekking uit, net soos die van die Woord voor sy vleeswording. Daarom wil Paulus liewer uitwoon uit die liggaam. Hier moet gelet word op "liewer". Die uitwoon uit die liggaam is nie die ideaal nie. Die aflegging van die liggaam is nie sonder meer 'n bevryding van die siel

---

[20] Vgl. Telder, a.w., p. 105.

[21] Dit kom neer op vereenselwiging van Simbool en Visioen. Dit is die metodiese fout van ds. Telder, wat die visioen (5e seël) bestempel as sinnebeeldige voorstelling sonder meer, a.w., p. 104.

[22] Telder, a.w., p. 105.

[23] Id., p. 112.

[24] Aldus ds. Telder, a.w., P. 99.

[25] Op volledigheid word nie aanspraak gemaak nie.

[26] Telder, a.w., p. 93.

soos by Plato nie. Dit is 'n pynlike ontkleding en, nieteenstaande die inwoning van die siel by die Here in die tussentyd, verlang Paulus om met die verheerlikte liggaam oorklee te word (2 Kor. 5:1-4). Die lewende gemeenskap van die siel met God tussen dood en opstanding word duidelik uitgespreek in die woord van Jesus: "God is tog nie 'n God van dooies nie, maar van lewendes, want almal leef vir Hom" (Luk. 20:38). Soos uit die verband blyk, gaan dit hier om die opstanding uit die dode. Maar Jesus sê in die laaste bysin ook dat hulle op die oomblik *leef* (teenwoordige tyd). Op hierdie klein besonderheid moet gelet word. Wat Jesus hier sê, lei Hy ook af uit 'n enkele woord: "God *is* die God van ..." "If Abraham or any of the patriarchs had ceased to exist when he died, God would have ceased to be his God. 'I *am* the God of Abraham' implies that Abraham still lives".[27] (b) Ontkenning van die bewuste voortbestaan van die siel word uitgesluit in die woord van Jesus aan Martha: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe". Platonies sou wees: Danksy ... Jesus sê: Ondanks die liggaamlike dood lewe die siel. Die "sal lewe" dui nie op die toekoms nie maar op die sekerheid. Dat Lasarus sal opstaan, glo Martha, soos blyk uit die vorige vers. Die nuwe wat Jesus aan haar openbaar, is dat hy op die oomblik lewe. Dit word bevestig in die volgende vers: "Elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?" Die lewe loop dus eenvoudig deur, ondanks die dood. Dit loop egter deur in twee rigtings: "Die wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom" (Joh. 3:36). Dieselfde geld ook van die uitspraak van Jesus: "En moenie vrees vir die wat die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel" (Matt. 10:28). Hier is geen ander verklaring moontlik nie as dat Jesus uitdruklik onderskei tussen siel en liggaam. Wat die mense ook kan doen, hulle kan tog slegs die liggaam doodmaak. Siel staan hier teenoor liggaam as dit wat ná die dood van die mens as lewende beginsel bly voortbestaan. Dit is onaantasbaar vir die mense. Hiermee is nie gesê dat die betekenis van die liggaam slegs van verbygaande aard is nie. Veeleer wys Jesus op die ewige lot van sien en liggaam beide.[28]

Hoe die hoorder die woord verstaan, is nie altyd deurslaggewend vir die eksegese nie. By die kruiseling tog wel. Dit is ondenkbaar dat hy die woord van Jesus: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" so teologies sou verstaan: "In jou dood mag jy met My daar wees, waar Ek vir almal wat in My glo as Lewensvors My koningsmag gaan openbaar. Ook die doderyk het My ryksgebied geword, die Paradys, omdat Ek, die lewensboom, daar is".[29] Die kruiseling vra: Eendag... in U Koninkryk. Jesus antwoord: *Straks*... in *die Paradys. Die Ryk van die dode moet 'n plek* wees. Vir die gelowiges is dit die Paradys, 'n bepaalde plek in die hemel waarheen Paulus weggeruk was (2 Kor. 12:2, 4). Daarheen het Christus liggaamlik opgevaar. Ook Henog en Elía. Dáár is ook die siele van die gelowiges, want vandaar verskyn Elía, wat liggaamlik opgeneem is, maar ook Moses, wie se liggaam nog rus in die graf (Matt. 17:3). Vandaar het Samuel ook aan Saul verskyn (1 Sam. 28:13-19), want hoewel die oproep van geeste as gruwel van die heidene verbied was (Deut. 18:11) en ook onmoontlik was en nog is, omdat Christus die sleutels van die dood en doderyk dra (Openb. 1:18) moet ons tog aanneem dat Samuel verskyn het. Die Skrif neem hieromtrent alle twyfel weg as daar staan: "En Samuel sê vir Saul..." Hierdie verskyning van Samuel het... niks met die sogenaamde oproeping van gees in spiritistiese sin te doen nie. God self gryp hier in. Dit is nie die vrou wat Samuel laat verskyn nie, maar dit is God wat hom stuur.[30]

Die vraag was: Leer die Nuwe Testament die onsterflikheid van die siel?

Die antwoord moet wees: Ja en nee.

---

[27] Plummer: Gospel according to St. Luke (I.C.C.), p. 471.
[28] H. N. Ridderbos: Mattheüs I (Korte verkl.), p. 206.
[29] Telder, a.w., p. 76.
[30] Verkl. aantt., Afr. Bybel, t.p.

Ja: In die sin van 'n bewuste voortbestaan van die siel sonder die liggaam.

Nee: As daar onder verstaan word dat die liggaamlose bestaan van die siel die hoogste ideaal sou wees. Die laaste is 'n spesifieke heidense gedagte.

Hierby is opvallend die onopsetlike en dikwels indirekte wyse, waarop die onsterflikheid van die siel (in die eersomskrewe sin) in die Nuwe Testament ter sprake kom en die sobere wyse waarop dit beskryf word.

Die verklaring hiervan moet daarin gesoek word dat dit

(i) nie 'n nuwe waarheid[31] is wat geopenbaar word nie, maar die Nuwe Testament hiermee aansluit by 'n algemeen menslike geloof om dit enersyds te bevestig en andersyds te suiwer van allerlei ydele spekulasies en fantasieë, en derhalwe

(ii) nie spesifiek Nieu-Testamenties is nie.

Die spesifiek Nieu-Testamentiese

Die spesifieke is nie die onsterflikheid van die siel nie, maar die opstanding van die liggaam. Nie *athanasia* nie, maar *anastasis* is die spesifiek Nieu-Testamentiese woord, 'n Konkordansie toon dit reeds met die eerste oogopslag. Die woord *athanasia* kom slegs twee keer voor in die hele Nuwe Testament, nl. 1 Kor. 15:53 en 1 Tim. 6:16, terwyl *anatasis* met sy werkwoord en die verwante woord "opwek(king)" 'n aansienlike lys vorm.[32] Die opmerklike daarby is dat die woord *athanasia* nie op een van die plekke verbind word met die siel nie, maar een keer met God Self, van wie gesê word dat Hy alleen onsterflikheid besit (1 Tim. 6:16), sodat daar geen sprake kan wees van 'n onsterflikheid van die siel in Platoniese sin, nl. dat die siel die onsterflikheid in homself besit nie. Die ander keer word *athanasia* juis met die liggaam verbind in nou verband met die *anastasis,* nl. wanneer die liggaam met *athanasia* beklee word (1 Kor. 15:53, 54). Skerper kan die verskil tussen die Grieks-wysgerige gedagte en die van die Nuwe Testament nie gestel word nie. Dit lê ook op geheel verskillende vlak. Dit lê uiteen as *idee* en *feit.* Opstanding (opwekking) in die Nuwe Testament is historiese gebeure;[33] daar kom gevalle van opwekkings voor, soos ook in die Ou Testament. Die opwekkings trek hulle saam in die opstanding (opwekking)[34] van Christus. Die laaste opwekking deur Christus, die van Lasarus, word die naaste aanleiding tot die dood van die Christus (Joh. 11:46-50, 53), maar ook die voorspel van sy opstanding (Joh. 11:25, vgl. 1 Kor. 15:20). Soos die opstanding van Christus die sentrale gebeurtenis is in die Nuwe Testament,[35] so neem dit ook die sentrale plek in die prediking van die apostels in. Dit loop altyd uit op die opstanding van Christus en die geloof in Hom wat opgestaan het en dát Hy opgestaan het. Dit blyk uit die opset van die vier Evangelies, wat niks anders is as die neerslag van die apostoliese prediking nie. (Vgl. verder: Hand. 2:32-36, 3:14, 15; 4:10, 5:30, 31, 10:39-43, 13:32 e.v., 17:31, ens.). Die Christelike Kerk is histories gebou op die geopende graf van Christus. Hierin vertoon die Ou en Nuwe Testament 'n deurlopende lyn, en is die Nuwe die vervulling van die Oue (Hand. 2:31, 13:32).

Tydelike uitreddinge, Ps. 42:12, 43:5, 74:12, en 'n lang lewe op aarde, o.a. Ex. 20:12; Spr. 2:21, 3:16, 10:30, word nie in die O.T. (langsamerhand) vervang met die

---

[31] "De onsterfelijkheid in wijsgerigen zin, het voortbestaan der ziel na den dood heeft bij haar (die Heilige Skrif) ondergeschikte waarde, zij ontkent haar niet, maar zij leert haar ook niet opzettelijk en is allerminst daartoe gegeven, dat zij ons deze onsterfelijkheid als eene der gewichtigste waarheden bekend maken zou. Immers deze waarheid is den menschen genoegzaam bekend", H. Bavinck: Geref. Dogm. IV, p. 676.

[32] Tesame minstens 150 keer.

[33] O. Cullmann: Unsterblichkeit der Seele und Auferstehung der Toten (Das Zeugnis des Neuen Test.), Theol. Zeitschr., Marz/Apr. 1956, p. 128, 129.

[34] Opstanding sien die gebeure van die kant van Christus. Opwekking sien dit van die kant van God.

[35] O. Cullmann, a.w., p. 127.

gedagte van 'n botydelike gemeenskap van die siel met God nie,[36] maar deur die opstanding uit die dode. So word Ps. 16:10, 11 verklaar in Hand. 2:31 en moet die verwante plekke[37] verstaan word, hoewel gemeenskap met God na die dood nie hoef uitgesluit te word nie. Die opstanding uit die dode lê nie buite die gesigsveld van hierdie Ou Testamentiese gelowiges nie. God het Hom reeds in die O.T. geopenbaar as 'n God wat lewend maak uit die dode (Deut. 32:39), in die opwekkings deur die profete Elia en Elisa (1 Kon. 17:22; 2 Kon. 4:34, 13:21),[38] maar ook in buitengewone geboortes, wat neergekom het op opwekking uit die dode, soos die van Isak, aan die begin van die geskiedenis van Israel sodat, soos die N.T. Kerk, so ook die van Israel berus op 'n opwekking uit die dode (Rom. 4:17; Hebr. 11:17-19). Vgl. ook die geboorte van Samuel, wat Hanna bring tot die belydenis: "Die Here maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom" (1 Sam. 2:6). Hiermee moet rekening gehou word by die eksegese van bostaande uitsprake, en andere. Die opstanding uit die dode word ook met soveel woorde uitgespreek deur Job in 'n vraag: "As die mens sterwe sal hy weer lewe?" (14:13), en as hy kom tot die versekerdheid dat hy nog "uit sy vlees" God sal aanskou, wat nie beteken "buite" sy vlees, d.i. die siel, verlos van die liggaam nie,[39] maar bring by die opstandingsgedagte. Verder, deur Jesaja: "U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan" (26:19), en ook deur die Here self aan Daniël in die versekering: "jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae" (12:13). Die gedagte van die opstanding kom ook meer dan eens tot uitdrukking. Die bekende oorwinningswoord by Paulus (1 Kor.:54b, 55, sluit aan by Jes. 25:8 en Hos. 13:4. Eségiël spreek van die oopmaak van die grafte, waaruit die Here sy volk sal laat opkom (37:12, 13) en beskryf hierdie lewendmaking as 'n liggaamlike in die fynste besonderhede (37:6, 8). Te dikwels word dit vergeestelik tot geestelike lewendmaking en die vervulling uitsluitend gesien in die uitstorting van die Heilige Gees.[40] Geestelike lewendmaking en opstanding uit die dode staan nie los van mekaar nie. Eségiël sien die lewendmaking geestelik en liggaamlik, soos Paulus (Rom. 8:9-11). Soos Jesaja die wat in die stof woon (die gestorwenes, Gen. 3:19b) oproep om te jubel (26:19), verseker Daniël dat baie wat in die stof woon sal ontwaak, en wel sommige tot die ewige lewe, ander tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik (vgl. Joh. 5:29; Matt. 25:31-46; Openb. 20:11-15). Die opstandingsgedagte kom egter nie slegs hier en daar tot uitdrukking nie, maar die hele Ou Testament word daardeur beheers soos die Nuwe. Die duidelike uitsprake oor dood en opstanding van Jes. 26:19; Eségiël 37:12; Dan. 12:2; Hos. 6:2 staan in die nouste verband met die ballingskap en terugkeer (vgl. Ps. 102:21). Dit beteken: Die hele geskiedenis van Israel word in die dood en opstanding van Christus vervul (Matt. 2:15; Hos. 6:2), en die ballingskap en terugkeer vind sy uiteindelike vervulling in die opstanding uit die dode.

In die opstandingsberigte gaan dit om twee sake: (1) om die beskrywing van die opstanding as historiese werklikheid, en (2) om die laaste toerusting en uitstuur van die apostels. Die laaste kan hier buite beskouing bly. Dit gaan om die eerste: Die beskrywing van die opstanding as werklikheid. Hierin lê die groot onderskeid tussen die Grieks-wysgerige onsterflikheidsgedagte (athanasía) en die Skriftuurlike opstandings-gedagte (anástasis); tussen die Griekse gedagtewêreld in die algemeen en die van die Nuwe Testament lê 'n onoorbrugbare kloof. Die eerste kyk van die historiese feit af weg

---

[36] Hierdie individualiseririg en vergeesteliking van die toekomsverwagting het eers na die ballingskap in die laat-Joodse teologie plaasgevind. Dit is 'n Hellenisties-wysgerige indringsel in die Jodendom.

[37] Soos Ps. 49:16, 73:24 e.a.

[38] Hier moet ook gedink word aan wondervolle uitkomste téén die dood. Voorop staan die uittog (Ex. 14, 15) vooraan die geskiedenis van Israel. Verder die geval van Jona, 1:17, vgl. Matt. 12:40, van Hiskia, Jes. 38:5 en van die drie manne in die vuuroond, Dan. 3:26, wat Nebukadnésar laat bely het dat daar geen ander God is wat so kan verlos nie (3:29).

[39] Vgl. Verkl. Aantt, waar die gedagte verwerp word.

[40] Dit is verkeerde allegorisering: die geestelike sin losgemaak van die letterlike en die eerste beklemtoon ten koste van die laaste.

na die ewige idee, van die tydelike na die bo-tydelike, van die natuurlike na die bonatuurlike en van die aardse na die bo-aardse. Die Skrif, daarenteë, leer ons om te kyk van die Ewige na die tydelike, van die Hemel na die aarde, van die Onsterflike na die sterflike en gestorwene om lewendig te maak; van God na die mens, ook in sy nood; van die raad van God na die geskiedenis, wat ook verlossend ingryp in die geskiedenis, sodat die Goddelike dade ook deel geword het van die geskiedenis, om die geskiedenis te bring tot sy doel. Die Skrif leer ons om na God te sien, wat ons sien (Gen. 16:13). Dit is die heilshistoriese benadering. Ons het hier met twee gedagtewêrelde te doen wat onversoenlik naas mekaar lê. Die een is die Babelse gedagte van die opklimming van die mens tot die hemel, van die sterflikheid tot die onsterflikheid. Die ander is die neerdaling van God na die mens in sy skepping, in die Vleeswording, in die uitstorting van die Heilige Gees, in die neerdaal van die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon" (Openb. 21:3).

In die eerste gedagtewêreld is die historiese die bykomstige, die inkleding van 'n idee, wat moet wegval om tot die ewige idee te kom.[41] Die strewe is om agter die feit te kom, of daarby verby te kom, veral as die feit 'n openbaring is van God se wondermag in die geskiedenis. Vanuit die ander gesigspunt is die kleinste besonderheid en bykomstigheid, wat verhaal word om geen ander rede as dat dit gebeur het en so gebeur het nie, van groot betekenis. Die werklikheid is hier die waarheid. Die werklikhede wat meegedeel word, het ook dieper betekenis, soos blyk uit die briewe, Gal. 4:3, 4 (geboorte van Jesus), Rom. 4:25; Hebr. 2:14, 15 (dood en opstanding), maar die vernaamste betekenis daarvan is dat dit gebeur het; die werklikheid daarvan (1 Joh. 1:1-4). Dit gaan nie in die eerste plek om dit aanneemlik te maak nie, maar om dit aan te neem deur die geloof en so daaraan deel te hê. Dit is die doel van die optekening daarvan deur die evangeliste (vgl. Joh. 20:30, 31). Enige verklaring wat die werklikheids-karakter van die evangelies aantas, tas die evangelies in hulle kern aan, en die Christendom in sy wese.

Die beskrywing van die opstandingswerklikheid het betrekking op tweërlei:

(a) op die identiteit van die opstandingsliggaam — dat dit nie 'n ander is nie;

(b) op die hoedanigheid daarvan — dat dit ook nie so anders is nie.

(a) Die betekenis van die klein besonderheid en skynbare bykomstigheid, wat verhaal word omdat dit gebeur het, en so gebeur het, blyk uit wat Johannes, 'n ooggetuie (1 Joh. 1:1-4), meedeel aangaande die ligging van die doeke in die graf (Joh. 20:3-8). Dit kom hier veral aan op die tekenende besonderheid in verband met die hoofdoek, die ligging daarvan "opgerol op een plek afsonderlik". In die oorspronklike beteken dit dat die doek nog net so lê waar die hoof gelê het, soos dit omgebind was om die hoof. In ieder geval, wat die twee getuies ter plaatse gesien het, was van dié aard, dat dit die moontlikheid afsny (tot vandag toe) van enige ander verklaring van die leë graf, as dat Jesus opgestaan het uit die bande van die dood. Dit het hulle "gesien en geglo" (20:8). Die "gesien en geglo" moet gelees word in nouste verband met wat meegedeel is in vers 7. Daarvan word hier getuienis afgelê vir alle tye en vir almal (Hand. 1:8). Só moet die opstanding verkondig word, en só moet dit geglo word (1 Kor. 15:2: "as julle daaraan vashou op die wyse waarop ek dit aan julle verkondig het"). So sal alle mense uit hulle graf te opgewek word deur Christus, sommige tot die "opstanding van die lewe", ander tot die "opstanding van die veroordeling" (Joh. 5:28, 29: "almal wat in die grafte is"; vgl. 2 Kor. 5:10). Dit sien ons gebeur in Openb. 20:12, 13, waar Johannes "die dode, klein en groot, voor God sien staan ... die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was". As dit vir die Korinthiërs onbegryplik lyk en hulle die vraag stel: "Hoe word die dode opgewek en met

---

[41] Soos teenwoordig geskied in die Entmythologisierung van R. Bultmann. Dit is 'n eksistensialistiese verklaring van die Skrif teenoor die idealistiese van die vorige eeu. In wese is dit dieselfde. Dit wil bo die feite uit. Dit lê in die lyn met die Grieks-wysgerige denke, en wortel daarin.

hoedanige liggaam kom hulle?", dan antwoord Paulus die wyse Korinthiërs met 'n onbegryplike gebeure van elke dag: "Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie" (1 Kor. 15:36).

(b) Die tweede deel van die Korinthiese vraag gaan oor die hoedanigheid van die opstandingsliggaam (1 Kor. 15:37-54). Dit kom daarop neer dat dit nie so ánders is nie, maar slegs heerliker is in sy soort. Dit word op negatiewe en positiewe wyse beskryf. Onder die negatiewe eienskappe val "onverganklikheid" en "onsterflikheid" (1 Kor. 15:53, 54). Hierdie enigste plek waar sprake is van "onsterflikheid" ten opsigte van die mens, het nie betrekking op sy siel nie, maar op sy liggaam. Dit is die spesifieke in die Nieu-Testamentiese openbaring in hierdie verband: dat nie alleen die siel nie, maar ook die liggaam onsterflik is; nie in sigself nie, maar dat dit daarmee beklee word in die opstanding. Wat die positiewe betref, word deur die apostel gespreek van 'n "pneumatiese liggaam" teenoor 'n "natuurlike". Die vraag is wat onder die pneumatiese liggaam verstaan moet word; of gedink moet word aan 'n soort eteriese, deurskynende, onstoflike liggaam. Dan verstaan ons "pneumaties", "geestelik", verkeerd. Dit is nie 'n geestes-liggaam, 'n liggaam wat uit gees bestaan nie, maar 'n liggaam ontdoen van sonde wat sy natuur geword het, en 'n volmaakte orgaan van die Gees sal wees. Dit sê niks aangaande die samestelling van die verheerlikte liggaam nie. Op die opstandingsliggaam werp die Evangelies genoeg lig, dat gesê kan word, nie alleen dat dit geen ander liggaam was nie, maar ook dat die liggaam ook nie so heel anders was nie.

Soos dit in die beskrywing gaan om die werklikheid van die opstanding, so gaan dit ook om die werklikheid van die opstandingsliggaam. Die werklikheid van die liggaam word opsetlik beklemtoon in verband met die ongelooflikheid daarvan vir die dissipels. Om hulle te oortuig, laat Jesus hom aanraak (Joh. 20:27), toon Hy hulle die littekens aan sy liggaam (Luk. 24:40; Joh. 20:20, 27). As hulle dink dat Hy 'n "gees" is, verklaar Jesus uitdruklik dat sy opstandingsliggaam bestaan uit "vlees en beendere" (Luk. 24:39), en om hulle verder te oortuig, het Hy saam met hulle geëet[42] (24:43). Uit die evangelies is dus duidelik hoe Jesus alles gedoen het om alle twyfel weg te neem omtrent die werklikheid van sy opstanding, en van sy liggaam, voordat Hy hulle uitgestuur het as sy getuies (Luk. 24:44-49). Die opstandingsliggaam was herkenbaar. Dat die Emmaüsgangers Hom nie herken het nie, was nie op grond daarvan dat sy liggaam so anders was nie, maar omdat hulle "oë weerhou" is om Hom nie te herken nie (24:16); toe hulle oë geopen is, het hulle Hom herken (v. 31). Die verskyning en verdwyning moet nie toegeskryf word aan die eienskappe van die liggaam nie, maar aan sy wondermag, soos voor sy verheerliking (Luk. 4:30). Vir die mening dat die opstandingsliggaam nog verdere verandering ondergaan het by die hemelvaart, is daar geen enkele grond nie.[43] Inteendeel, Hy sou net so kom soos hulle Hom sien wegvaar het (Hand. 1:11). By die gesig in Openb. 1:13-17 moet daarmee rekening gehou word dat ons hier met simboliek te doen het. Watter verandering die liggaam ook mag ondergaan in die opstanding uit die dode, nooit mag daaraan getwyfel word dat dit 'n materiële liggaam is nie, 'n liggaam van vlees en bloed,[44] soos uitgedruk in die Apostoliese Geloofsbelydenis: "Ek glo... aan die wederopstanding van die vlees, en 'n ewige lewe".

By die *anastasis* behoort ook die *apokatastasis* van alle dinge (Hand. 3:21). Die Nieu-Testamentiese eindverwagting is nie individualisties-geestelik nie, maar kosmies. Soos die aardse verwagting in die Ou Testament deurgetrek word tot die nuwe hemel en die nuwe aarde (Jes. 65:17, 66:22), so loop dit ook deur die Nuwe Testament (Matt.

---

[42] 1 Kor. 6:13 stel ons voor 'n moeilikheid. A. Kuyper onderskei tussen voeding deur assimilasie en deur digestie. Die laaste val weg waar voedsel nie meer net gedeeltelik assimileerbaar sal wees nie. Dict. Dogm.: De Consumm. Saec, p. 276.

[43] Ook nie gedurende die verskyningstyd nie.

[44] "Vlees en bloed", 1 Kor. moet geneem word as staande uitdrukking, d.w.s. mense op wie alleen maar "vlees en bloed" van toepassing is (vgl. Joh. 3:3). Grosheide: 1 Korinthiërs (Comm. op het N.T.), p. 428.

5:5; Openb. 21).

Die "aardse" verwagting van die Ou Testament word dikwels ongunstig beoordeel. Ten onregte. "Was man oft für eine Schwache der prophetischen Jahvereligion Israels gehalten hat (nl. dat die Jenseits so 'n geringe plek daarin beklee), ist in Wahrheit ihre auszeichnende Stärke gewesen; der lebendige Gott, der in geschichtlichen Thaten sich offenbart, hat nichts gemein mit den Schatten des Scheol".[45] Die verwagting van die vrome Israel "richtte ... zich schier uitsluitend op die aardse toekomst des volks ... De vraag naar de toekomst van de individuele personen in den Scheol trad daarbij geheel op den achtergrond. God, volk en land waren onlosmakelijk met elkander verbonden, en de individuen waren in dat verbond opgenomen en werden daarnaar gerekend".[46] As dit van die O.T. geld, van die Nuwe Testament geld dit eweseer. Die gedagte dat die spesifiek Nieu-Testamentiese teenoor die O.T. sou wees, dat die aardse verwagting vervang is deur 'n bo-aardse, die historiese deur die bo-historiese, die volksgedagte deur die individuele siel en sy onsterflikheid, is 'n vreemde indringsel in die Christelike teologie.

Soos met die toestand van die siel ná die dood, leer die Skrif ons ook omtrent die opstandingslewe nie veel nie: Nie om die gans-andersheid of onvoorstelbaarheid daarvan nie, maar omdat dit bo ons hoogste verwagtinge uitgaan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor, en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet" (1 Kor. 2:9). Tog laat die Skrif ons hier geheel nie in die onsekere nie.

Die beskrywing omtrent die opstandingslewe is (a) negatief: Wat daar sal ontbreek, en (b) positief: Wat daar nie sal ontbreek nie.

(a) Wat sal ontbreek?

1) Wat hier aanwesig is as gevolg van die onvoltooidheid van die menslike geslag. Daar sal nie meer huwelike wees nie (Luk. 20:35, 36). In hierdie opsig sal hulle "soos die engele" wees. Nie engelwesens sonder liggame nie. Ook nie sonder organiese eenheid as menslike geslag nie, wat, anders as die engele, ontstaan het "uit een bloed" (Hand. 17:26).

2) Die sonde (2 Petr. 3:13; Openb. 21:8, 27) en die gevolge van die sonde. Daar sal 'n oog wees sonder traan; die dood sal daar nie wees nie... (Openb. 21:4). Dit moet vergelyk word met wat nie meer sal wees nie in die plek van veroordeling (Openb. 18:22, 23).

3) Sal daar tyd en ruimte wees? Wat ruimte betref, is die antwoord gegee met die nuwe aarde. Daar sal 'n hier en 'n daar wees, verskillende landskappe. As in Openb. 21:1 staan "die see was[47] daar nie meer nie", dan is daar sprake van hierdie see wat met hierdie aarde verbygegaan het. Dit gaan nie oor die nuwe aarde nie, dat daar nie afwisseling van land en waters sal wees nie. Wat van ruimte geld, moet ook geld van tyd "... die Zeit, die die Geschichte ermöglicht, gehört zur Existenzweise des Geschöpfes wie der Raum... Neue Schöpfung bedeutet daher wesentlich neuer Leib und neue Zeit".[48] Tyd en ruimte behoort tot die geskapene, en bly dus behoue.[49] Verlossing as verlossing uit tyd en ruimte is 'n nie-Christelike gedagte. Verewiging van die mens sou beteken sy vergoddeliking. Ewigheid ten opsigte van God beteken iets anders as vir die mens. God staan bo ruimte en bo die tyd. Hy omvat dit. Vir die mens beteken ewigheid 'n

---

[45] Pfleiderer aangeh. by Bavinck, a.w., p. 660.

[46] Bavinck, a.w., p. 660.

[47] Gelet moet word op die verlede tyd.

[48] Matthias Rissi: Zeit und Geschichte in der Offenbarung des Johannes, 1952, p. 150 e.v. In verband met hierdie probleem, vgl. O. Cullmann: Christus und die Zeit, 1946, A. P. Shepherd: The Eternity of Time, 1940.

[49] Rissi, a.w., p. 60.

opeenvolging van momente, wat nooit eindig nie. As in Openb. 10:6 staan dat daar "geen tyd meer sal wees nie" behoort dit vir elke leser duidelik te wees, dat dit nie beteken dat tyd sal ophou en daar iets geheel anders sal kom nie, nl. ewigheid, waarin van tyd geen sprake sal wees nie. Die regte betekenis is: Die sewende basuin het geblaas, die tyd is kort. Ons tyd is hier altyd kort. Ons "vlieg daarheen" (Ps. 91:10, ens., vgl. 1 Kor. 7:29-31). Dit is juis die kenmerk van hierdie lewe, dat daar geen tyd is nie. Dáár is tyd. Trouens, vir die gelowige het die ewigheid reeds begin, die ewigheid in die tyd. Die ewigheid neem die tyd nie weg nie,[50] maar is tyd sonder einde. Wat wegval is tydelikheid, nie tyd nie.

(b) Wat nie sal ontbreek nie.

Positief word die opstandingslewe beskryf as gemeenskap.

1) Gemeenskap met God: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense en Hy sal by hulle woon, ... en God self sal by hulle wees as hulle God" (Openb. 21:3). Die einde is dus nie: Mense by God in die hemel nie, maar God by die mense op die aarde, soos God in die Ou Testament reeds skaduagtig onder sy volk gewoon het in die tabernakel en in die tempel (2 Kron. 6:18) en ook deur die profete in vooruitsig gestel is (Eségiël 37:27, 48:35; Sag. 2:10).

2) Die volk van God: "... hulle sal sy volk wees".

Die vraag is hier: Is dit 'n loutere geestelike gemeenskap, waar alle natuurlike samehange en verwantskappe in verdwyn, sodat mense hier bloot as individue teenoor mekaar staan?

As dit die allerlaaste dinge is, wat in beginsel hier op die aarde reeds verwesenlik is (want die ewige lewe, die Koninkryk van God is in beginsel reeds aanwesig), dan verstaan ons die teenwoordige krisis in ons volkslewe, wat niks anders is nie as die spanning tussen geestelike en natuurlike gemeenskap. Dit is die krisis van die Christelike Weste.

Die Skrif werp 'n ander lig op die verhouding tussen geestelike en natuurlike gemeenskap, en wys die weg uit hierdie innerlike krisis: Die geestelike gemeenskap hef die natuurlike op, nie in die sin van die vernietiging daarvan (as voorlaaste dinge) nie, maar in die sin van vervolmaking daarvan.

Wat gered word, is nie individuele mense nie, maar die mensheid in sy verskeidenhede en samehange, soos 'n volgroeide boom, verspreid op die nuwe aarde met sy baie wonings, soos ons dit hier graag wil sien, maar nie kan verwesenlik nie as gevolg van die sonde. Vir die behoudenis van die mensheid (nie vir alle mense nie) in Christus, vgl. Openb. 5:9 en Openb. 7:9, wat verbind moet word met Gen. 12:3 en 22:18. Verder, Openb. 21:24, 26, 22:2.[51] Dit is ook waarop die verbondsgedagte neerkom (Gen. 12:3, 22:18; Matt. 28:19; Hand. 2:39, 11:14; Rom. 11:11, 12, 25, 26).[52]

Wat verlore gaan is individue, geïsoleerde individue, sonder gemeenskap (Matt. 3:10, 12; Hand. 3:23).

Lewe is gemeenskap, volheid van gemeenskap, met God, tot wie ons geskape is, en met mekaar, vir wie ons geskape is en volle ontplooiing in die gemeenskap, wat nooit eindig nie.

Dood, daarenteë, is nie maar beëindiging van die lewe nie, maar lewe in omgekeerde sin: Lewe sonder gemeenskap, geïsoleerde lewe, sonder God, sonder mekaar. Meer nog:

---

[50] "The perfect life of Eternity differs from the imperfect life of time, not in the absence of Time experience, but in its freedom from the temporal necessity", Shepherd, a.w., p. 55.
[51] Slegs enkele uitsprake in hierdie verband word genoem.
[52] Slegs enkele uitsprake in hierdie verband word genoem.

Dit is isolasie van haat in plaas van gemeenskap van liefde.

Geïsoleer ook van die goedere van die lewe (Openb. 18:14). Die beskrywing hier is so, dat nie die mens wegval vir die goedere nie, maar dat die goedere wegval vir die mens. Die herhaalde "van jou gewyk" laat hierop nadruk val. Die begeerde is weg. Die begeerte bly (vgl. Mark. 9:44, 46, 48).

11. OOR DIE KOMENDE DINGE [1]

Aanleiding tot hierdie bespreking is verskillende briewe wat ontvang is in verband met die Komende Dinge, m.i. oor die Duisendjarige Ryk. Die vraers se geduld moes op die proef gestel word as gevolg van ons afwesigheid na die Ekumeniese Sinode en opgehoopte werksaamhede in verband daarmee. Ons is bly om die lesers, wat al te lank moes wag, nou te woord te kan staan. Ons begin met 'n paar algemene opmerkings en wel oor die Duisendjarige Ryk, waarop dit veral neerkom in die vrae.

Die *heersende* opvatting in ons Gereformeerde Kerk is ongetwyfeld die sg. "geestelike", dat die Duisendjarige Ryk sien op die tydperk tussen die verhoging van Christus tot met sy wederkoms. Dit is egter nie die enigste toegelate opvatting nie. Dit het duidelik geblyk by die toetreding van die gemeentes onder die Kruis, wat oorwegend die "letterlike" opvatting toegedaan was, dat dit naamlik sien op 'n periode van duisend jaar, wat ons nog moet verwag in die toekoms.

Hiermee is duidelik te kenne gegee dat ons Kerk, wat die Komende Dinge betref, tot op sekere hoogte 'n oop standpunt wil inneem. Die opmerkings wat ons in hierdie verband wil maak, is eerstens dat geen lidmaat nog in die posisie geplaas is dat hy die Gereformeerde Kerk moes verlaat ter wille van 'n letterlike verklaring van die Duisendjarige Ryk nie. En verder, as lidmate, watter posisie hulle ook mag beklee, sover gaan om vanuit hulle standpunt ander te beskuldig van onregsienigheid, dan gaan hulle verder as wat die Kerk hulle toelaat om te gaan. Dan is dit nie meer sake vir *Die Kerkblad* nie maar vir die kerklike weg. Die gesindheid het nogal deurgestraal in die onderhawige korrespondensie. Die redakteur van ons Kerkblad het die regte weg gevolg dat hy die saak nie wou laat voortgaan in die vorm van korrespondensie nie. Dit is gesonde kerklike beleid. Dit het nie meer die vorm van 'n oop bespreking gehad nie.

'n Volgende opmerking is dat ons hier nie met meninge te doen het wat vanaf gister en eergister teenoor mekaar staan nie. Ook nie maar sinds die vorige eeu nie. Die vraagstuk het al bestaan voordat daar 'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was. Dit is so oud as die Christelike Kerk self. Daarom is dit 'n verkeerde houding, ons bedoel, die verbasing dat ander nie maar direk kan instem met wat, volgens ons eie sienswyse, die enigste en regte verklaring moet wees nie. Ons behoort daarby te bedink dat albei hierdie opvattings van eeue ver van die bekwaamste en nougesetste Skrifverklaarders aan hulle kant gehad het, wie se opregtheid ons nie onder verdenking durf bring nie. Ons volstaan met die name van ons hervormers. Luther en Calvyn het die letterlike verklaring van die Duisendjarige Ryk verwerp. Abraham Kuyper se opvatting het weer sterk afgewyk van die gangbare "geestelike" verklaring. Ook weer 'n bewys van die mate van oopheid wat die Gereformeerde Kerke ten opsigte van "onvervulde" profesieë bewaar het. Ons moet nie verwag dat 'n probleem van soveel eeue op 'n gegewe moment somaar tot afsluiting gebring kan word nie.

Dit is miskien ook nie onnodig om mekaar daaraan te herinner dat ons almal glo in 'n duisendjarige ryk nie. Ons moet daarin glo, want die Skrif leer dit in Openb. 20:1-7, al is dit die enigste plek waar dit met soveel woorde gelees word. Die verskil betref alleen die verklaring, nl. of dit letterlik verstaan moet word as 'n tydperk van duisend jaar, wat nog moet intree in die toekoms voor die uiteindelike wederkoms van Christus, miskien ook voorafgegaan deur nog 'n wederkoms, en of dit simbolies verklaar moet word, soos die getalle deurgaans in Openbaringe, en dit dan sien op die tydperk tussen Christus se eerste en tweede koms. Die vraag dus, of ons nou leef in die voorlaaste bedeling van die wederkoms van Christus, en of ons leef in die laaste bedeling. Hierby wil ons dan opmerk dat as ons gekies het vir die eerste, die letterlike opvatting, dan is ons nog nie klaar nie. Dan is daar weer baie uiteenlopende verklarings. Byna elke boek wat hieroor verskyn — en daar verskyn baie — verteenwoordig weer 'n eie opvatting. In vermoedelik die jongste boek (ds. A. A. Leenhouts: Gods Voorlaatste Geheim) val die oordeel oor die Antichris by die wederkoms van Christus (Openb. 19:20) en die oordeel oor Satan

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 56, nr. 1231, 3 Feb. 1954, p. 7-9.

(Openb. 20:10) saam. Die Duisendjarige Ryk vind die skrywer in die verborgenheid wat Johannes nie mag neerskryf nie (Openb. 10:4, 7). Dit val in hierdie bedeling, in die toekoms. Christus se wederkoms is dus minstens binne duisend jaar nog nie te wagte nie.

Ons noem hierdie verskille nie om ondersoek te ontmoedig nie. Inteendeel, dit gaan om die waarheid, en vir die waarheid moet getuig word al bring dit stryd en verdeling (1 Kor. 11:18, 19). Wat ons alleen duidelik wil laat wees, is dat die verskil tussen die "letterlike" en "geestelike" verklaring nie die enigste verskil in hierdie verband is nie. Dit is uiters moeilik om die weg te vind te midde van die verskillende "letterlike" verklarings.

Dit bring by 'n volgende punt, nl. dat daar by die "Chiliaste" soos ons die voorstanders van die letterlike opvatting voorlopig wil noem, onderskei moet word tussen 'n regsienige en onregsienige rigting. Sulkes wat met hulle geloof in 'n Duisend-jarige Ryk nie in botsing kom met die Gereformeerde Belydenis nie, en die wat daar wel mee in botsing kom. Die Kerkgeskiedenis leer dat Chiliasme by byna al die sektes voorkom. Chiliasme bring in geselskap van sektes en bewegings soos die Dantiste, Adventiste, Sabbatariërs, Wederdopers, Russelliete. Ons kan verder gaan, dit was kenmerkend van die oudste sekte, die Judaïsme (Joods-Christendom). Dit was ook die kenmerk van die Fariseërs. Ons vind dit in die Joodse Apokalipse vóór, tydens en ná Christus. Ons sê dit ook weer nie om dit hiermee te veroordeel nie. Iets is nie verkeerd juis omdat 'n Wederdoper of 'n Russelliet dit ook leer nie. Of selfs omdat die Skrifgeleerdes en Fariseërs dit ook geglo het nie. Die Here Jesus het op sekere punte met die Fariseërs saamgestem, bv. oor die opstanding van die dode teenoor die Sadduseërs. Maar ons sê dit om gevaartekens langs die pad op te rig. As ons die weg van die Chiliasme opgaan, moet ons ons deeglik kan rekenskap gee van hierdie uitdraaipaaie. Ons noem twee gevare, die een geld die koningskap van Christus, die ander die leer van die Verbond. Daar is Chiliaste wat glo dat Christus tans as Koning regeer en nie spreek net van 'n teenwoordige priesterskap van Christus in die hemel en 'n Koningskap van Christus in die toekoms op aarde nie, en wat ook die verbond, met Abraham verwesenlik sien in die Kerk. As ons Chiliasme egter daartoe lei om die teenwoordige Koningskap van Christus te misken en die Verbond op te breek, dan raak dit fondamentstene van die Gereformeerde Belydenis, en is ons op 'n onregsinnige weg. Maar daar is nog 'n ander gevaarteken, nl. om een of ander *waarheid* op die spits te dryf ten koste van ander waarhede. Dit is die weg van die sekte. Dit is 'n kenmerk van die eintlike Chiliasme, vandaar Chiliasme (Chilias is die Griekse woord vir duisend). Ja, dit is nodig dat veral in ons tyd meer nadruk gelê sal word op die Komende Dinge. Dit is waar dat dit in die Kerk, ook in ons Kerk, te veel op die agtergrond staan. So ontstaan sektes. Sektes is 'n tugroede vir 'n kerk wat sekere waarhede verwaarloos. Maar die fout van die sekte is weer dat dit die ander waarhede verwaarloos ter wille van die een, of dat dit al die waarhede sien deur die bril van hierdie eeu. Meer nog, dat dit geneig is om die salig-heid te bind aan die dogma, en wel aan 'n bepaalde dogma. Dit is gevare in verband met die Chiliasme. Dit het eintlik net 'n oog vir 'n bepaalde punt in die leer van die Komende Dinge, die duisend jaar, en is geneig om Openb. 22:19 te verbind met 'n bepaalde verklaring daarvan.

Met hierdie paar opmerkings wil ons tans volstaan om op die vrae terug te kom.

12. DIE KOMENDE DINGE [1]

DIE "DUISENDJARIGE RYK" IN ALGEMENE TREKKE

Die Koningskap van Christus

By hierdie oorsig wat volg, maak ons veral gebruik van die uiteensetting van Erich Sauer in sy boek, Der Triumf des Gekreuzigten (Die Triomf van die Gekruisigde), ook in Engels verkrygbaar by Pro Rege-Pers, Potchefstroom. Ons sluit hierby aan omdat Sauer met sy geloof in 'n toekomstige "Duisend-jarige Ryk" die teenwoordige Koningskap van Christus en die aanwesigheid van die Koninkryk van die Hemele nie oor die hoof sien nie. Dit is die groot betekenis van die heilsfeite van Hemelvaart en Pinkster. Hemelvaart is die troonbestyging van die Koning van *die* ere. Toe is Hy met heerlikheid en eer gekroon. Toe is Hy in eintlike sin tot Here en Christus gemaak (Hand. 2:36) en is tans Gebieder (Jud. 4) en Heerser oor alle nasies (Matt. 28:18; Rom. 14:9). Die uitstorting van die Heilige Gees is saam met Hemelvaart die aanvang van die Koninkryk van God op aarde. Sinds Pinkster is die Koninkryk van God 'n werklikheid op aarde. Ontkenning van die teenwoordige Koningskap van Christus kry ons dus net by sekere vorme van die Chiliasme. Hierdie laaste bring in botsing met ons belydenis (Heid. Kateg. So. 18).

Die regte houding

Die tweede rede waarom ons hierdie skrywer graag volg, is omdat ons hier 'n bedaarde uiteensetting kry sonder verwarrende polemiek (strydvoering) tussenin en verder omdat sy uiteensetting gekenmerk word deur groot beskeidenheid. Ons neem die volgende opmerkings van hom oor: In besonderhede is daar nog baie verborge, soos die simboliese of letterlike verklaring van baie eindvoorseggings, die vraag of die 70ste jaar-week (Dan. 9:24-27) vervul is of nie, die geheimenis van die getal 666 (Openb. 13:18), die Joodse staat in Palestina, die inval van die nasies (Openb. 11:7; Sag. 14:2), die slag van Armagéddon (Openb. 16:16), die volkeregerig in die dal van Jósafat (Joël 3:2, 12). Hier geld dit om wel te ondersoek (Openb. 1:3, 13:18), maar om ons daarby van ons beperktheid bewus te bly. Die volle uitlegging van die profesie sal eers in die vervulling gegee word. Hierdie laaste woorde van die skrywer, wat self 'n oortuigende chilias is, wil ons van harte onderstreep. Ook, as hy sê dat baie wat gesê word aangaande die gebeurtenisse by die afloop van die geskiedenis op subjektiewe uitlegging berus. Dikwels is dit 'n willekeurige saamvoeging van voorseggings wat nie byeen hoort nie en as boustowwe gebruik word van 'n ingewikkelde leersisteem. Profetiese uitsprake word dikwels uit hulle historiese samehang losgeruk en uitsluitend op die einde betrek. By alle ywer in die ondersoek van die profesieë is versigtigheid en veral beskeidenheid plig. Die Bybelse profesie is nie waarsêery om die nuuskierigheid te bevredig nie, maar voorsegging om hart en gewete aan te gryp. Die geloof kán ook wag totdat die Here God in die tyd van die vervulling die regte insig gee. Intussen bly die Woord van krag om die profesieë nie te verwaarloos nie, "want die tyd is naby " (Openb. 1:3).

Die jaarweke van Daniël

Die "Duisendjarige Ryk" word geknoop aan die reeds genoemde jaarweke van Daniël (9:24-27). Die gangbare mening is dat 69 jaarweke (die 7 + 62 daar genoem), dit wil sê 483 jaar, vanaf die terugkeer bring by die tyd van die optrede van Christus. Tussen die 69ste en 70ste jaarweke volg dan 'n onbepaalde tyd. Dit is die tyd waarin ons lewe, die tyd van die Nieu-Testamentiese Kerk. Vir die Ou Testamentiese profete was die Kerk 'n verborgenheid. Dit het *buite die gesigsveld van die profete* gelê. Hulle het van die Kerk niks geweet en ook niks gesê nie. Die 70ste jaarweek bring dan by die eindtyd. Dit is die jaarweek van die Antichris. Dit sal presies sewe jaar duur. Eers sluit hy 'n verbond met die Jode wat intussen na Palestina teruggekeer en stad en tempel herbou het. In die helfte van die week, na 3½ jaar, breek hy sy verbond met die Jode en sal dan soos 'n tweede Antiochus Epiphanes die Joodse tempel ontheilig en die offerdiens afskaf (Dan. 8:11, 11:31-36; 2 Thess. 2:4; Openb. 13:7), en die gruwel van die verwoesting oprig op

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 56, no. 1250, 16 Junie 1954, p. 8—-11.

die heilige plek (Matt. 24:15) en 'n groot verwoesting aanrig, totdat Christus verskyn aan die einde van daardie laaste jaarweek. As gevolg van hierdie "letterlike" jaartelling, 1 week = 1 jaar, kan (ondanks Hand. 1:7; Mark. 13:32; Matt. 24:50) die dag van Jesus se wederkoms presies bereken word. Na die verskyning van die Antichris sal dit presies sewe jaar wees.

Wat alles gebeur by die wederkoms van Christus

(1) *'n Eerste opstanding.* Dit vind plaas by Christus se wederkoms net voor die begin van die "Duisendjarige Ryk" (Openb. 20:5). Die *tweede* opstanding (Openb. 20:5) volg na die duisend jaar. Daar is verskil van mening oor wie deel het aan hierdie eerste opstanding. Dit sal wees die martelare van die Antichristelike tyd en die wat nie voor hom geswig het nie (Openb. 20:4). Sommige meen: ook die wat geglo het in die letterlike "Duisendjarige Ryk". Ander meen: al die gelowiges van die Ou en N.T. Daar is ook verskil van mening oor die tydstip van die eerste opstanding. Volgens sommige sal dit plaasvind voor die Antichristelike verdrukking. So o.a. die bekende Nederlandse chilias Johannes de Heer. Dit bring in moeilikheid met die getroues onder die Antichris wat saam met Christus sal regeer. Ander meen ná die verdrukking. Hulle het dan ook deel aan die verdrukking. Dan kom Christus, as die nag op sy donkerste is, wek die gelowiges op en neem hulle met die dan nog lewendes op in die lug (1 Thess. 4:16, 17). Dit is 'n opstanding *uit* die dode (Luk. 20:35; Fil. 3:11), dit wil sê onder die dode uit. Die ander bly dood tot ná die duisend jaar. So kom Christus dan *vir* sy heiliges. Kort daarna kom Hy vir die tweede keer, nou *met* sy heiliges, tot die gerig.

(2) *Die bevryding van Jerusalem.* Intussen het die volkereleërs onder die Antichris om Jerusalem saamgetrek. As hulle gereed staan om die Jode uit te delg, dan kom Christus met sy heiliges en verpletter die leërs. Dit is die slag van Armagéddon (Openb. 16:16, 19:17-21). Die groot stad van die Antichris, die herboude Babilon, hoofstad van die wêreld, word deur aardbewings verwoes, wat gepaard gaan met die wederkoms van Christus (Openb. 16:18, 19, 18:21-24).

(3) *Die gerig.* Die Antichris en die valse profeet word in die verderf gestort (Openb. 19:20). Satan nog nie. Hy word vir duisend jaar in die afgrond gebind (Openb. 20:1-3). Daar is nog 'n tweede gerig. Dit is die volkeregerig in die dal van Jósafat (Openb. 19:21; Joël 2:2, 12). Dit is die gerig waarvan sprake is in Matt. 25:31-46. Dit gaan hier nie om die ewige oordeel nie (al spreek Matt. van die "ewige straf" en die "ewige lewe"), maar oor die al of nie ingaan in die "Duisendjarige Ryk". Daar is dus verskillende gerigte: die van die gelowiges voor die *regterstoel* van Christus (o.a. 2 Kor. 5:10) 'n tydjie voor die "Duisendjarige Ryk", waar dit slegs gaan om die mate van loontoekenning; dan, die gerig oor die volkere voor die *troon* van *die heerlikheid* (Matt. 25:31) net voor die "Duisendjarige Ryk", waar dit gaan om toegang tot die ryk en eindelik die laaste gerig voor die *groot wit troon* (Openb. 20:11) oor die lewende en dode na die duisend jaar. Dus: Verskillende wederkomste. Verskillende opstandings. Verskillende gerigte.

Die terugkeer van Israel

By die leer van die "Duisendjarige Ryk" neem die terugkeer van Israel 'n baie belangrike plek in. Dit bring by die *"onvervulde* profesieë", wat in betrekking staan tot die terugkeer van Israel, almal beloftes van God aan Israel wat nog uitstaan. Wie gee ons die reg om dit te "vergeestelik" en oor te dra op die Kerk? So word gevra, en dan gesê: dit sou niks minder as bedekte bondsbreuk van God ten opsigte van sy volk wees nie! Die versigtige skrywer laat egter onmiddellik volg: vergeesteliking en oordra daarvan op die Kerk kan nie heeltemal van die hand gewys word nie, want Paulus sien Jes. 11:10 ('n "duisendjarige-ryk-hoofstuk") *vervul* in die Kerk in Rom. 15:12; ook Hos. 1:10 in Rom. 9:25, 26. Petrus sien dieselfde profesie, vervul in die Kerk (1 Petr. 2:10) en Joël 2:28-32 in die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2:16-21). Ons kan ook nog verwys na die "vergeesteliking" van Jes. 40 deur Johannes die Doper. Ons moet maar versigtig wees met die "onvervulde profesieë". Hulle is vervul. God het in Christus sy beloftes aan die vaders bevestig en sy waaragtigheid bewys (Rom. 15:8-12), al moet daar nog verdere vervullings verwag word soos ons dit by profesieë dikwels aantref.

Nog voor die aanbreek van die "Duisendjarige Ryk" gaan Israel dan na Palestina. Die doodsbeendere van Eseg. 37 begin beweeg. As Jode gaan hulle na Palestina en word daar verander in Israel. Die weg van verlossing is nie die van *geloof* in die Gekruisigde nie, maar van *aanskouing* van die Verheerlikte. Met die verskyning van Christus in heerlikheid kom hulle tot bekering. Só word Openb. 1:7 verstaan as vervulling van Sag. 12:10. Dan vind die groot wonder plaas, die geestelike vernuwing van Israel. Daar vind weer 'n uitstorting van die Heilige Gees plaas. Israel en die Kerk is twee. Daarom gebeur dieselfde dinge oor. Joël 2 (vgl. Eseg. 11:19) word 'n tweede keer vervul (vgl. Hand. 2:16-18). Die profesie aangaande die Nuwe Verbond (Jer. 31:31-33) gaan ook dan eers in vervulling, 'n profesie waarvan Jesus die vervulling verbind het aan die instelling van die Nagmaal wat die pasga kom vervang het soos die Doop die besnydenis as verbondstekens van die Nieu-Testamentiese volk van God, die ware Israel.

Die "onvervulde profesie" bevat tewens die wet, ook die skaduagtige (Eseg. 37-48). In die "Duisendjarige Ryk" word die hele tempeldiens met die priesterskap en offerandes weer herstel, die brand-, spys-, dank- en sondoffers, die Nagmaal is vervang deur die pasga, Sondag het weer plek gemaak vir die Sabbat. Ons is weer terug in die O.T. bedeling. Dit skyn "nouliks" moontlik, so word versigtig gesê, om hierdie profesieë geestelik te verstaan. Die leser moet maar self Hebr. 7-10 hiernaas plaas en sy eie oordeel vorm.

Die nasies en die sending

Die vernude Israel is God se sendeling in die volkerewêreld. Van Sion sal die wet uitgaan (Miga 4:2). Israel is die Paulus van die "Duisendjarige Ryk". Die Olyfberg is vir Israel sy Damaskus. Die vereniging van die nasies en Israel onder die heerskappy van Christus, waarvan die profete spreek (o.a. Ps. 22:8, 47:8, 9, 72:8-10; Jes. 49:6, 42:6, 7; vgl. Luk. 2:31-32; Sag. 2:15, 8:22) en wat Paulus volgens Ef. 1:10 vervul sien, word dan eers vervul. "Die Duisendjarige Ryk" is die "gewigtigste" en die "eintlike" sendingtyd, want dan is Satan gebonde. Vir die eerste keer in die geskiedenis sal daar so iets as Christelike nasies wees.

Hier is dit duidelik wat daarmee gemoeid is as die Koningskap van Christus verlê word uit onse tyd in 'n toekomstige "Duisendjarige Ryk". Goed deurgedink kom ons uit by een van die modernistiese rigtings in die teologie (die Dialektiese) wat ontken dat hier so iets kan wees as "Christelike nasies", "Christelike onderwys", "Christelike samelewing", "'n Christelike lewe". Dit is iets vir die eind- of bo-historiese. Waarvoor dan ons stryd?

Die Godsdiens in die "Duisendjarige Ryk" sal ook nie die Christelike wees nie, maar die Israelitiese, reuk- en spysoffers met verwysing na Jes. 56:7, 60:7; Mal. 1:11, en ook by die volkere sal die Sondag vervang word deur die Sabbat.

Die natuur

Die verlossing van die skepping waarvan Paulus spreek in Rom. 8:19-22 sien nie op die nuwe aarde nie, maar op die "Duisendjarige Ryk". Die Paradys is daar min of meer herstel. Daar is 'n weelderige plantegroei selfs in die woestyn (Jes. 41:18) veral in Kanaän. Soos daar vrede is onder die mense en nasies, so ook tussen dier en dier (Jes. 11:6, 7, 65:25), en tussen mens en dier, ook die slang (Jes. 11:8).

Die einde

Nieteenstaande die binding van Satan is daar tog nog sonde en ook dood, hoewel die mense minstens 100 jaar oud sal word (Jes. 65:20). Daar sal moontlik ook opstande wees teen die Christusheerskappy. Maar, dit sal met geweld onderdruk word. Die heerskappy van Christus en sy heiliges neem dus die vorm aan van 'n soort dwangheerskappy in plaas van innerlike bereidheid en oorgegewenheid (Ps. 110:3), immers, geregtigheid *heers* op die aarde en *woon* nog nie daar nie. Op die end kom dit tot 'n groot afval deur die verleiding van Satan. Die paradysgeskiedenis word min of meer herhaal. In die Paradys was dit so, dat die mens *kon* sondig. Hier is dit so, dat dit

vir die mens *nie swaar* is om *nie* te sondig nie, want Satan is gebonde. Aan die einde word hy losgelaat. Onder die meer ideale toestande, onder die handtastelikste genadebetoon en onder die direkte heerskappy kies hulle vir Satan. Dit bring by die eindgerig.

Ons het hiermee so 'n saaklike moontlike oorsig gegee van voorstellings in verband met 'n toekomstig-letterlike "Duisendjarige Ryk". Op enkele besonderhede hoop ons terug te kom, ook in verband met vrae wat ons intussen ontvang het. Uit wat gegee is, behoort die volgende duidelik te wees: Dat ons moet oppas om nie met ons menslike eensydighede *teenstellings* te skep wat die Skrif nie ken nie, bv. tussen letterlike en geestelike verklaring, Kerk en Israel, vervulde en onvervulde profesieë. Profesieë kan verskillende dieptes hê. Dieselfde profesie kan vervul en ook nog onvervul wees. Die letterlike sin kan ook nog 'n geestelike diepte hê, sonder dat daar die minste aan die letter afbreuk gedoen word. Profesieë wat betrekking het op Israel kan oorgebring word, en word inderdaad deur die Skrif oorgebring op die Kerk.

Dit behoort verder duidelik te wees watter gevaar daar verbonde is aan die verlegging van die Koningskap van Christus na die toekoms. Dit raak die uitdra van die Evangelie na die nasies (Matt. 28:19) en die indra en uitlewe van ons Christelike beginsels in hierdie lewe (Matt. 5:13-16).

Deel III

DIE VOLK

1. RASSEVERHOUDINGE IN DIE SKRIF [1]

(In besonder in die Nuwe Testament)

'n Afsonderlike woord vir "ras" kom naas die verwante begrippe "nasie", "volk", "geslag" en "taal" in die Bybel nie voor nie. Van hierdie begrippe is nasie die ruimste en mees algemene, sodat 'n nadere bepaaldheid van die aard van die saamhorigheid hierin ten enemale ontbreek. Daarom word dit in die Ou en N.T. so dikwels gebruik vir heidene. Dit kan ook ons begrip "ras" insluit (bv. Hand. 17:26). Deur die ander verwante begrippe word die saamhorigheid dan nader beskryf as 'n historiese en politieke ("volk"), as 'n stamverwantskap ("geslag"), as 'n taalkundige ("tale") en 'n territoriale ("lande", Gen. 10:31).[2] In wat volg, gaan dit nie om die spesifieke ras-begrip nie, maar om al hierdie natuurlike verwantskappe soos hulle ook telkens in verbinding met mekaar voorkom (Dan. 3:4; Openb. 5:9, 7:9, 11:9, 13:7, 14:6, 17:15) en waarvan "ras" die omvattendste is. Die metode wat gevolg word, sal nie bestaan in die noem en bespreking van enkele los tekste nie. Met los tekste kan enigiets "uit die Bybel" bewys word. 'n Mens dink al dadelik aan Gal. 3:28: "Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man of vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus". Andere kan weer wys op Matt. 10:5: "Moenie gaan op die pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel" en meen om by Jesus steun te vind vir die opvatting dat die evangelie teruggehou moet word van die heidene. Jesus verwys selfs, soos gebruiklik by die Jode, na die heidene as "hondjies" wat nie die brood van die kinders moet kry nie (Matt. 15:24). Hiernaas staan natuurlik die uitdruklike sendingbevel, om dissipels te maak van al die nasies (Matt. 28:19). Die geval is dat die uitsprake in historiese verband gesien moet word. Die een woord is uitgespreek tydens Jesus se aardse omwandeling, toe sy optrede streng beperk was tot Israel, terwyl hierdie beperking met sy dood en opstanding en as gevolg van sy verwerping deur Israel weggeval het. By Gal. 3:28 hoef daar slegs aan herinner te word, dat hier ook sprake is van "man" en "vrou". Dit is dus 'n inlegging van eie gedagtes as hierop 'n beroep gedoen word vir die wegval van die natuurlike grense tussen volke en rasse. Die juiste betekenis van Gal. 3:28 is dat, wat ons verlossing in Christus en ons verhouding tot hom betref, dit nie saak maak of mens Jood of Griek, swart of wit is nie, net so min as wat dit saak maak of mens man of vrou is. As van hierdie teks gebruik gemaak word vir die wegval van grense, selfs in die kerklike lewe (vgl. slegs 1 Kor. 11:21 e.v., 15:34 e.v.), dan geskied dit op onverantwoordelike wyse. Hiermee is meteen die aanduiding gegee van die wyse van ons benadering. In die Skrif kom die openbaring tot ons in historiese vorm en vorm so een geheel. Daarom moet ons die Skrif as geheel laat spreek, hier dan, in soverre dit hierdie vraagstuk raak.

Gaan ons die Skrif na, dan blyk dat dit hierdie vraagstuk nie maar terloops raak nie, maar dat dit saamgeweef lê met die openbaring van die begin tot die einde. Die lyn loop deur. Dit kan hier slegs in hooftrekke weergegee word.

1. Die Skrif leer dat die hele mensheid uit een bloed ontstaan het. Dit leer die Skeppingsverhaal. Die mensheid is een geslag, of "ras" (Hand. 27:26). Daar bestaan dus nooit die onderskeid tussen mens en mens, hoe verwyderd ook van mekaar, as wat daar bv. bestaan tussen dier- of plantsoorte nie. Hierdie soort vergelykinge om "apartheid" te verdedig bederf slegs 'n goeie saak. By diere en plante was dit telkens "volgens hulle soorte", om voort te bestaan as verskillende soorte en ook nog as verskillende soorte binne die soorte. By die mensheid bestaan sy eiesoortigheid in teëstelling tot plant en

---

[1] *Koers,* jg. XXV, no. 3, Des. 1957, p. 161-173.

[2] Georg Bertram, in: Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament, s.v. "ethnos".

dier en bestaan daarin dat hy geskape is na die beeld van God, almal, en by die mensheid in onderskeiding van die plant en dier was en is daar net eensoortigheid wat wel tot differensiëring moes kom, maar nooit so dat die eenheid daardeur verlore gegaan het nie.

2. Verder het ons ook in die Skrif die geskiedenis van die ontstaan van nasies en rasse, by Babel. Die ontstaan van nasies was die deursetting van 'n oorspronklike skeppingsgedagte teen die poging van mensekant om eenvormigheid en eentaligheid te bewaar (vgl. Deut. 32:8). "Das Einheitsstreben von Gen. 11 entspringt der menschlichen Hybris. Ihr gegenüber stellt Gott durch sein Eingreifen die von ihm gesetzte Ordnung der Völker wieder her".[3] Die Babelse gedagte van uitwissing van grense in een wêreldryk, en 'n eenvormige mensdom gaan dwarsdeur die Skrif tot in Openbaring. Die ryk van die antichris is juis hierdie eenheidsryk waarin die mensheid onder een kroon, as een kultuurgemeenskap verbind word. Dit is die laaste Babel waarvan daar geskrywe staan: "Want God het dit in hulle harte gegee (nl. van die konings van die aarde) om sy bedoeling uit te Voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is. En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy Voer oor die konings van die aarde" (Openb. 17:17, 18). Volke en nasies het saamgevloei in een watermassa, waarop die vrou sit (17:1). Dit is die ryk van die antichris, aan wie mag gegee is "oor elke stam en taal en nasie" (13:7), die teëbeeld van Christus (Matt. 28:18). Hierdie Babel sien ons ongetwyfeld in konstruksie, juis in die strewe, kenmerkend van ons tyd, om alle nasionale en rassegrense uit te wis. Alle strewe om identiteit te bewaar, staan gebrandmerk as "isolasionisme". Hierdie middelpuntsoekende drang staan onder die septer van die atoom, dit is vrees en angs, nie liefde nie. Maar ook op die mure van hierdie Babel-in-konstruksie staan reeds die handskrif "Geval, geval..." (Openb. 18:1). Hierdie Babel sal ook inmekaar stort soos die eerste, en dit sal weer beteken die verlossing van nasies. Die groot menigte voor die troon van God bestaan uit alle nasies en stamme en volke en tale (Openb. 7:9). Dit is nie los individue, "persoonlikhede", wat gered word nie, maar die mensheid in al sy geledinge. "Die nasies Van die wat gered word", sal wandel in die lig van die stad van God op die nuwe aarde en "die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin" (Openb. 21:24) en "hulle sal die eer en die heerlikheid van die nasies daarin bring" (21:26). Die eer en die heerlikheid van die nasies is hulle kultuur. Kultuur is 'n opdrag van God (Gen. 1:28, 2:15). Elke nasie sal sy eie daarin bring. Die lyn loop deur van die begin tot die einde.

3. In die middel het ons die uitstorting van die Heilige Gees met die taalwonder, die teëhanger van Babel: Jode en Jodegenote "uit elke nasie wat onder die hemel is", het in hulle "eie taal" oor die groot dade van God hoor spreek (Hand. 2:5 e.v.). Dit is dan die eenheid in Christus, in wie God "alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is onder een hoof verenig het" (Ef. 1:10). Selfs in hierdie eenheid word die onderskeidinge van volkere, tale en nasies nie weggeneem nie. Daar word by die geboorte van die Christelike Kerk nie 'n kerktaal gebore of geyk nie. "Eie tale" kry nog besondere nadruk in die lig van die feit dat daar 'n wêreldtaal was, die Koinè, waarin die N.T. geskryf sou word. Die Heilige Gees maak nie hiervan gebruik nie, maar laat die evangelie hoor in die moedertale. Die bedoeling van die Heilige Gees is duidelik, dat die verskeidenheid van tale en daarmee van volke en nasies in die Christelike Kerk nie sal wegval nie. Die mening dat die natuurlike verskille in beginsel uitgewis is deur die bloed van Christus en deur die Heilige Gees en dat alleen by die toepassing hiervan in die kerklike lewe rekening gehou moet word met die praktyk, kan nie in ooreenstemming wees met die bedoeling van die Heilige Gees nie. In die lig hiervan kan ook 'n veelrassige kerkgemeenskap allesbehalwe "die ideaal" van die N.T. genoem word. Die beskrywing hiervan is: "a church... in which, while preserving all racial integrities and relinquishing no part of any racial heritage which the Spirit of God can use, European

---

[3] Idem, p. 364, waar verder gesê word: " ... so erscheint auch Dt. 32, 8 die Teilung der Welt unter die Völker als göttliche Ordnung, nich aber als Strafe für menschliche Sünde".

and African, coloured and Indian, shall achieve such a unity of spirit and purpose ... as only common love and service of a common Lord can create".[4] Dit is blote idealisme wat die samehang tussen godsdiens en kultuur verbysien en, afgesien hiervan, voor die vraag stel van die taal: In watter taal sal die prediking geskied? Die R.K. Kerk het Latyn gekies vir so 'n kerk. Hierdie vreemde taal was egter 'n versperring vir die Woord. Nie in die eenheid van Christus val die verskeidenhede weg nie, maar in die van Babel, die strewe van die mens om hom te verhef bo sy natuurlike beperkinge, ook die van taal en nasionaliteit tot die universeel menslike.[5] Daar is politieke en kulturele, en ook geestelike en kerklike torings van Babel,[6] waarin die "aparte en besondere moet opgaan in die universele". 'n Vorm van Christendom en die Kommunisme reik mekaar die hand uit 'n "geestelike" (idealistiese) en 'n materialistiese hoek. Eenderse stemme word gehoor van die V.V.O. en die Wêreldraad van Kerke.

Wat die groot lyne deur die Bybel betref, kan vasgestel word, (1) dat God die verskeidenheid gewil het; (2) dat dit "in Christus" wat sy Koninkryk op aarde kom vestig het en in die Christelike Kerk nie wegval nie; en (3) dat alles daarheen wys dat dit in ooreenstemming met die profete (o.a. Jes. 2:2-4; Miga 4:1-3; Jes. 25:6 e.v., 51:4 e.v.; Sag. 14:16, ens.) ook by die wederkoms van Christus sal bly.[7]

Dit word slegs bevestig as die lyn nader gevolg word deur die Nuwe Testament. Ook hier is dit 'n deurlopende lyn, vanaf die begin.

1. Afstamming is ook in die Nuwe Testament van geen geringe betekenis nie, want dit begin met geslagsregisters. Dit val ook nie "in Christus" weg nie, want die geslagsregisters is albei van Christus. Die geslagsregister by Lukas leer aangaande Christus dat hy tot die mensheid behoort, nie anders nie as deur toehorigheid tot 'n bepaalde geslag (Dawid), stam (Juda), volk (Abraham), ras (Sem). 'n Blote mens-syn bestaan dus ook "in Christus" nie. Ook hier is die weg nie die van verheffing van die beperkte tot die onbeperkte nie, maar die vernedering van die ewige Seun van God om ons "beperkinge" op hom te neem. Ook in sy verheerlikte menslike natuur word hy nog genoem na sy stamnaam (Openb. 5:5, vgl. Hebr. 7:14). Afstamming het ewigheidsbetekenis. Die geslagsregister by Matthéüs sê dat hy die "saad van Abraham" is, in wie "al die geslagte van die aarde" en "al die nasies van die aarde" (Gen. 12:3, 22:18) geseën sal word. Dit gaan "in Christus" nie maar om individue nie, maar ook om geslagte en nasies.

2. By Johannes die Doper skyn dit inderdaad asof afstamming wegval en nasiegrense uitgewis word: "moenie dink om by julleself te sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek". Soos uit die laaste gedeelte van die vers blyk, gaan dit hier egter om die vrymag van God. In die Kerk is afstamming en volkstoehorigheid nie bepalend nie, maar die vrymagtige verkiesing van God, wat egter werk deur die geslagte en die nasies heen. In die gelowiges word die geslagte en die nasies gered. Die ongelowige deel van 'n nasie is sy kaf (Matt. 3:12). Dit is die noue samehang tussen Kerk en volk: nie 'n volkskerk nie; ook nie 'n kerk los van die volk[8] nie, maar so, dat die nasie in werklikheid voortbestaan

---

[4] Rev. E. W. Grant, in: The Christian Citizen in a Multi-racial Society, a Report of the Rosettenville Conference, July 1949, p. 12.

[5] Vgl. Reinold Niebuhr: Beyond Tragedy, 1944, p. 28.

[6] Idem, p. 28 e.v.

[7] Vgl. Th. WB., p. 365.

[8] Soos sektes en allerlei internasionale Christelike bewegings, wat wortel in die revival bewegings van die 19e eeu (hier te lande nie onbekend nie in die vorm van die metodisme). "These movements broke through national and denominational frontiers and created a sense of solidarity between believers, independently of national and denominational connections". Dr. Karlström, aangehaal deur David Hedegård: Ecumenism and the Bible, 1954, p. 63. D. Elton Trueblood bepleit "redemptive societies", vir die redding van die wêreld, "cutting across all existent barriers", The Predicament of Modern Man, 1944, p. 104.

in die Kerk. Hierdie gedagte loop in die N.T. deur.

3. Jesus het geleer: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself..." en het die barmhartige Samaritaan voorgehou as 'n voorbeeld van naasteliefde. Hieruit word afgelei: "Die Christelikheid is universeel, nie nasionaal nie... Die nasionale kerk het, soos die nasionale staat, die universele begrip vervang. Waarheen lei dit ons? Weg van die Christelikheid en die ware humanisme".[9] Miskien kan hierby nog die woorde van Jesus gevoeg word: "Wie is my moeder? En wie is my broers? ... Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, die is my broer en suster en moeder" (Matt. 12:48) en ook die van Matt. 10:37. Moet hieruit afgelei word dat Jesus familieliefde veroordeel? Inteendeel, Hy het familieliefde en die familielewe geheilig (Matt. 15:4, 19:3-9, 13-15) en daarmee ook volks- en vaderlandsliefde. Slegs twee keer is daar sprake van dat Jesus geween het, een keer by die graf van Lasarus en die ander keer oor Jerusalem (Luk. 19:42; Matt. 23:37). Jesus het sy volk innig liefgehad. "How otherwise can one understand ... the poignancy of the lament over Jerusalem (Matt. 23:37 f) and of his forecast of the destruction to come, when he 'beheld the city and wept over it' (Luke 19:41 ff). Love of one's country and of one's own people was approved and consecrated by Christ's example".[10] En dit nieteenstaande dat 'n verworde nasionalisme een van die oorsake was van sy kruisiging.

Jesus het ook sy optrede beperk tot sy volk (Matt. 15:4, vgl. 10:4). Eers vergader Hy sy volk uit Israel. Eers as Hy deur sy volk verwerp is (Hy het sy volk nooit verwerp nie) kom die doopbevel: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies..." (Matt. 28:10). Hieruit is weer duidelik: Die verbond van God is met "alle nasies" (Gen. 12:3, 22:18). Sy volk moet uit alle nasies vergader word. In hulle gelowiges word die nasies gered en so die mensheid in sy verskeidenheid. "In Christus" en in sy Kerk val die verskeidenheid van nasies nie weg nie. Uit die doopbevel is verder duidelik wat volgens die Nuwe Testament onder "universalisme" verstaan moet word. Dit is, dat God nie 'n God van een nasie is nie, maar van "alle nasies". Geen nasie kan aanspraak maak op uitsluitende of besondere bevoorregting nie. "And this is not because he does not care for any of them, but precisely because he cares for them all. Each one, in Christ, is a people for God's own possession, and all of them equally are objects of his love".[11]

In hierdie lig moet die gebod van die naasteliefde en die gelykenis van die barmhartige Samaritaan gesien word. Dit beteken nie gelykskakeling nie; dat die Jood nie meer Jood en die Samaritaan nie meer Samaritaan moet wees nie, maar dat die Jode en Samaritane (al was hierdie Samaritane ook 'n gemengde volk), mekaar moet liefhê as gelyke voorwerpe van God se liefde in Christus. Dit sluit liefde tot die eie nie uit nie ("soos jouself"). Liefde is ook veelsoortig: familieliefde, volksliefde, ens. Daarom sluit die een die ander nie uit nie, ewe min as wat die een die ander beperk. "Soos jouself" beteken nie gelykstelling (op een vlak bring) deur die ontwikkelingspeil uit te wis nie, hetsy na bo, deur die meer primitiewe op gelyke voet te plaas met gelyke regte (en pligte!) en voorregte (en verantwoordelikhede!) nie, hetsy na onder deur afklimming, soos Rousseau geleer en Van der Kemp gedoen het nie. "Soos jouself" beteken ook nie enerse kulture nie, deur die eie af te dwing op 'n ander of die eie weg te werp vir die van 'n ander nie. Dit is nie liefde vir die naaste (soos dit sig dikwels aanbied) nie, maar òf tirannie, òf minagting van die eie. Wat die gebod van die naasteliefde en die gelykenis van die barmhartige Samaritaan wel inhou, ook ten opsigte van die verhouding van nasies en rasse onderling, is dat die een die ander nie sal verdruk of oorheers of ook sal minag nie, al is hulle eenvoudiger en swakker. Dit geld die groot nasies ten opsigte van die kleinere en ook die hoër ontwikkelde ten opsigte van die minder ontwikkelde, want almal staan gelyk voor God, en Hy neem dit juis op vir die kleine en swakke (Matt. 18:7, 19:13 e.v.). Die Skrif en veral die Nuwe Testament bly egter nie staan by negatiewe nie.

---

[9] T. J. Haarhoff: Waarom nie vriende wees nie?, p. 7.

[10] Gerald W. Broomfield: The Chosen People of The Bible, Christianity and Race, 1954, p. 15.

[11] Idem, p. 16.

En daarom handel ons in ooreenstemming met die gelykenis en vervul ons die gebod eers in die bevordering van die lewe, lewensomstandighede en -geleenthede van die ander en deur opheffing van die minder bevoorregte, soms met dwang, egter nooit met krenking van selfrespek nie. Dit alles word deur Jesus positief saamgevat in die goue reël: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen — net so moet julle aan hulle ook doen, want dit is die Wet en die Profete" (Matt. 7:12). Dit is die goue reël, nie alleen vir persoonlike verhoudinge nie, maar ook vir die verhouding van rasse en nasies teenoor mekaar. Dit kan alleen in Christus volbring word. Daarom is daar behoud vir die nasies alleen in Christus.

4. Die handhawing van tale by die uitstorting van die Heilige Gees waarmee Handelinge begin, lê geheel in 'n lyn met die sendingopdrag van Matt. 28:19, wat "alle nasies" omvat. 'n Nuwe openbaring is hier dat Israel, wat die Christus tot die uiterste verwerp het, ook nog onder "die nasies" getel mag word en dat die Doop met die vergifnis van sondes wat dit beseël ook nog vir hulle geld, juis deur die bloed van Christus wat deur hulle gekruisig is. Daarvoor beroep Petrus hom op die verbond met hulle (die volk Israel) en hulle kinders (die nageslag), wat ook "almal wat daar ver is" (die heidense nasies) insluit (Hand. 2:37-39). Hulle kom selfs weer eerste op grond van die verbond met Abraham (3:6). Dit gaan om die volk Israel en die nasies (vgl. ook 10:42, 43). Dat dit nie maar gaan om gelowige individue uit 'n nasie nie, word met soveel woorde uitgespreek: die ongelowiges "sal uit die volk uitgeroei word" (3:23). Hierdie lyn loop deur vanaf Johannes die Doper. Die nasie bestaan in sy gelowiges voort.

5. Die apostel Paulus, wat gesê het: "In Christus" is daar nie meer "Jood of Griek..." nie (Gal. 3:28) en dat die middelmuur van skeiding tussen Jode en heidene afgebreek is (Ef. 2:14), het ook gesê: "Ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking te wees, weg van Christus af" (Rom. 9:2) en verder: "Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is vir hulle redding" (10:1). Ook in die heiden-sending het hy steeds die oog op sy volk: "as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red" (Rom. 11:14). Daar is by Paulus nie sprake van verheffing bo die nasionale as gevolg van "Christelikheid" nie. As Christen gaan sy volksverbondenheid tot die uiterste toe. Hierin staan Paulus in 'n lyn met die profeet Jeremia (vgl. Jer. 9:1 e.v.). Daar is groot ooreenkoms tussen Paulus en Jeremia, veral ook in hierdie opsig dat hulle in die smart gedeel het van miskendes te wees in hulle volksliefde en juis vervolg is deur diegene wat hulle liefhet. Jeremia wys profeties daarop en Paulus bring agterna die bewys, dat volksliefde "in Christus" nie wegval nie en dat dit juis die Christen is wat sy volk liefhet, soos Christus sy eie volk liefgehad het tot die uiterste toe.

Die inhoud van die veelbesproke hoofstukke, Rom. 9-11, kom op die volgende neer: Die volk Israel sal gered word; die verbond van God met hulle (en in hulle met die nasies) kan nie verval nie, daarvoor sorg die Here self; as die "volheid van die nasies", d.i. die uitverkorenes uit alle nasies, ingegaan het, dan sal die "volheid van Israel" gered word, d.i. die volle getal van hulle uitverkorenes (Rom. 11:25, vgl. v. 12). Ook in die "geestelike Israel" val die onderskeidinge nie weg nie (Gal. 6:16).[12] Die volk Israel sal saam met die nasies sy plek inneem in die volk van God: Israel in sy gelowiges sowel as die nasies in hulle gelowiges. In hierdie lig moet die universele uitsprake van Paulus gesien word. Die afbreek van die muur van afskeiding (Ef. 2:14), beteken nie dat die verskil tussen nasies in Christus wegval nie, maar dat dit by God nie net om Israel gaan nie, maar om al die nasies. Die universalisme by Paulus is dieselfde as by Christus soos uitgespreek in die sendingbevel (Matt. 28:19). "Nie Jood of Griek... nie" (Gal. 3:28) beteken nie dat Jood en Griek hulle identiteit "in Christus" verloor nie; dat die Jood nie meer[13] Jood en die Griek nie meer Griek is nie, maar dat dit slegs aankom op geloof,

---

[12] H. M. Matter: De Toekomst van Israel in het Licht van het Nieuwe Testament, Baarn, 1953, p. 155 e.v.

[13] Die woordjie "meer" ontbreek in die oorspronklike, en bevorder die misverstand met hierdie vers.

ongeag of iemand Jood of Griek, slaaf of vryman, man of vrou is. Dit neem nie weg nie dat dit Jode en Grieke ... is wat tot die geloof kom en dat dit die nasies en die geslagte is wat in hulle gelowiges gered word. Hierdie lyn van Johannes die Doper loop ook by Paulus deur. Dit word deur Paulus ook nog uitdruklik uitgespreek: "Want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie". Daarom kan hy ook verklaar dat die verbond met Israel nie verval het nie (Rom. 9:6). In sy gelowiges is Israel gered.[14] So ook die nasies.

"Kerk" kom by Paulus in tweërlei sin voor: (1) in universele sin, die liggaam van Christus, waarvan al die gelowiges lede is en waarop bogenoemde universele uitsprake betrekking het; en (2) in plaaslike sin. Die Kerk is universeel: Dit gaan oor die nasionale grense (so is die middelmuur van afskeiding ook afgebreek) maar veeg dit nie uit nie. Daar kom "kerke" op die verskillende plekke in die verskillende lande: 'n "Kerk" in Korinthe, 'n "kerk" in Rome, ens., en "kerke" in Galásië, in Macedónië ens. Die Kerk gaan na die nasies toe. So kom die Een Kerk in sy veelvormigheid tot Openbaring onder die nasies (Ef. 3:9, 10). Weliswaar lees ons nie van aparte kerke van Jode en heidene nie. Die gemeente van Antiochië het bestaan uit Jode en Grieke. Daar was dan ook een wêreldryk met een taal en een kultuur. Dit alles neem nie weg nie: die rigting van die Kerk was na die nasies toe, na hulle lande in hulle tale. Die beweging is van die middelpunt af na die omtrek, tot aan die uiterste van die aarde, van land tot land (Hand. 1:8) en nie omgekeerd van die omtrek na die middelpunt, 'n samestroming van volke en nasies, rasse en tale na een lokaliteit om daar "saam te aanbid" nie (vgl. Joh. 4:21-23), of 'n samevatting van die baie kerke in 'n sentrale organisasie nie.

Die eerste is die geval met die Mohammedanisme met sy pelgrimstogte, iets wat aan die Christendom vreemd is wat die aarde betref (vgl. Hebr. 11:9-16). Die sentrale organisasie is die geval met die Rooms-Katolisisme wat alle rasse, tale ens. in sigbare organisasie omvat, en ook bedevaarte nie uitgesluit nie. Of die Wêreldraad van Kerke so 'n sentrale organisasie wil wees, word nie gesê nie. Wat sy geskiedenis betref, moet die antwoord egter bevestigend Wees. In ieder geval word "apartheid" ook van hierdie kant skerp veroordeel. Aan die ander kant moet die eenheid van die Kerk tot uitdrukking kom, en wel so, dat die besondere "kerke" met mekaar in verband tree en lewe, ook oor die nasionale en rassegrense heen, nie om weer een kerk te vorm nie — dit kan nie — want die Kerk is in Christus een. Daar is ook nie aparte nasionale of rassekerke nie. So 'n nasionale of rasse-kerkbegrip ken die N.T. nie. Daar is maar een Kerk, die Liggaam van Christus wat tot openbaring kom in baie (plaaslike) kerke onder blankes en gekleurdes, onder al die nasies en met mekaar in verband tree in engere of in ruimere mate na gelang die afstand (in watter sin dan ook) groter of kleiner is, "a unity of fellowship which transcends differences without obliterating them"[15] soos in die geval van 'n veelrassige gemeenskap, van gesamentlike aanbidding of gemeenskaplike Nagmaalsviering. Dit is almal vorme van "deurbraak".[16] In hierdie geval is dit geïsoleerde individue uit verskillende rasse en volke wat saamkom, terwyl in die kerkverband rasse en volke mekaar ontmoet, wel in die kerklike lewe, maar tog kom ook die nuwe verhouding in Christus tussen die rasse en volke daarin self aan die lig. In die N.T. word dit o.a. gesien in die Christelike handreiking, 'n beoefening van die gemeenskap van die heiliges (Gal. 2:9-10) oor die grense heen. Dat "heidene" aan Jode gee, in ruil vir geestelike rykdomme wat hulle ontvang het (Rom. 15:26, 27), meer nog, dat Jode gewillig was om uit die hande van heidene te ontvang (Rom. 15:16, 31), was iets nuuts. Dit is die liefde wat die geskeidenheid oorbrug, maar die verskeidenheid laat bly. Dit kon, en kan, alleen in Christus (2 Kor. 9:12-15).

Die lyn van die Nuwe Testament is reeds deurgetrek tot in Openbaring. Alles saamgevat leer die Skrif en in besonder die N.T. insake rasseverhoudinge: Die eenheid

---

[14] Idem, p. 157.

[15] Broomfield, a.w., p. 33, wat egter met hierdie mooi beskrywing blykbaar 'n veelrassige gemeenskap in die oog het.

[16] Die twintigste eeu kan genoem word die Ekumeniese Eeu, maar ewe goed as die Eeu van Deurbraak op kerklike gebied.

van die menslike geslag, bestem om te ontplooi in ryke verskeidenheid; die eenheid word deur die sonde verwoes, die verskeidenhede omgesit in teëstellinge; dit word deur Christus herstel in die verloste en herskape mensheid, waarin die teëstellinge versoen word, sodat volke en rasse in Christus in 'n nuwe verhouding tot mekaar te staan kom, hierdie verhouding word weer saamgevat in die goue reël (Matt. 7:12) wat alleen in Christus verwesenlik kan word, in beginsel hier en ewig hierna (Openb. 22:2). Hierteenoor: Die eenheid-struktuur van Babel, waarin alles gedoen word om die verskille ook tussen volke en rasse uit te wis en die verlossing gesoek word in die oplossing van geskille nie alleen nie, maar ook van alle verskille in 'n uniforme mensdom.

Die Nuwe Testament leer egter nie alleen dat daar nie uitwissing van grens is nie, maar ook dat God self die grense handhaaf: "Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het..." (Hand. 17:26). God self sorg daarvoor dat die verskeidenhede bly, gedurigdeur, ook teen die voortdurende eenheidstrewe van die mensdom in. Hy doen dit op velerlei wyse, o.a. deur verskil in gelaatsuitdrukking, kleur, geestesinstelling, maar veral (1) deur taalverskille, "the diversities of language is a perpetual reminder to proud men that their most perfect temples of spirit are touched by finiteness ...[17] Rationalizing is always impatient with these barriers of language and of the irrationality of their divergencies";[18] en (2) deur territoriale grense: Volke word, ook in die Bybel, steeds na hulle lande genoem (Gen. 10:31; Neh. 9:10). Op die laaste val die nadruk in Hand. 17:26. Dit beteken sekerlik nie dat daar geen volksverhuisings of nuwe grensreëlinge mag plaasvind nie; ook nie dat daar geen vermenging van nasies en kulture mag wees waardeur nuwe differensiasies (volkere, kulture, tale) gebore word nie (vgl. Jes. 66:8). By sulke vermenginge moet egter allerlei in ag geneem word. Daar is gevalle waarin die Woord van God vermenging uitdruklik verbied. Daar is die apartsetting van Israel in die O.T., duidelik uitgespreek in Esra 9:12 en Neh. 13:25. Hierby moet weer in ag geneem word dat dit nie gaan om "suiwerheid van bloed" (ras) nie, maar om die suiwerheid van die openbaring (Esra 9:11). Israel mog dan ook vreemde elemente opneem in die volksgemeenskap, en wel, die meer verwyderde (Egiptenare; Deut. 23:8) spoediger as die meer verwante (Moabiete en Ammoniete; Deut. 23:3). Dit geld rasseverhoudinge alleen in soverre dit saamval met die godsdienstige, waar die Christendom bedreig sou word deur vermenging.

Die enigste ander verbod op vermenging is op grond van te nabye verwantskap (Deut. 18:6 e.v.). Nêrens in die Skrif is daar 'n verbod op grond van te groot verwyderdheid nie. Dit gaan hier egter nie alleen om uitdruklike voorskrif nie, maar ook om wat gepas of nie gepas is nie. God het vir Adam 'n vrou gemaak as "'n hulp... wat by hom pas" (Gen. 2:18). By die eerste huwelik, deur God Self bevestig, word 'n grondbeginsel neergelê wat in ag geneem moet word by elke huwelik. Die voorwaarde vir goeie vermenging is dan tog weer waar daar die nodige verwantskap bestaan, geestelik en kultureel, anders is die vermenging nie gepas nie, maar afkeurenswaardig, des te meer na mate die afstand groter is. Die mees gepaste is dan dat 'n volk gebou sal word uit eie geledere. Wat die kulturele betref, kan die verskil bestaan in peil en in soort. Waar die twee saamval, is vermenging mins gepas. Dit geld kultuur in die algemeen: "It is in the interest of humanity as a whole that the highest type of culture should maintain itself at the highest level of efficiency in order to render the highest service to religion and morality, to thought and art, *to* scientific and material progress".[19] In hierdie geval moet eintlik gespreek word van 'n gebod omdat kultuur 'n opdrag is van God. Die minste wat gesê kan word, is dat dit 'n kultuurvolk nie pas om te vermeng met 'n meer primitiewe ras nie, nie alleen ter wille van die meer ontwikkelde nie, maar ook van die minder ontwikkelde.

---

[17] [In die gedrukte weergawe is die laaste voetnoot nommer 16 - Willem Swanepoel]
[18] [In die gedrukte weergawe is die laaste voetnoot nommer 16 - Willem Swanepoel]
[19] [In die gedrukte weergawe is die laaste voetnoot nommer 16 - Willem Swanepoel]

Hierdie kulturele beperking is egter relatief in die opsig dat die afstand mettertyd kan en moet afneem, sowel wat die peil as die andersoortigheid betref tussen volke (rasse) wat gedurig met mekaar in aanraking is. Origens is dit nie moontlik nie om 'n lyn te trek op grond van Skrifgegewens tot waar daar nog en vanwaar daar nie meer vermenging mag wees nie. Daar is nie 'n twee- of drie-soortige mensheid nie, maar 'n veelsoortige in allerlei skakering, almal egter "uit een bloed". Die voortplanting van die menslike geslag word in die Woord van God nie beperk by wyse van voorskrif, binne sekere volks- of rassegroepe nie. "Apartheid" moet egter nie (soos gewoonlik) net gesien word van hierdie negatiewe kant nie. Dit het sy positiewe aspek, ook in hierdie opsig: As 'n volk, afgesien van bostaande oorwegings, nie bereid is om te vermeng nie en sy so-syn prys te gee nie, dan het hy daarmee God aan sy sy, wat die verskeidenheid van nasies wil. Dit doen alles af. Meer nog, hy moet in die getuienis van sy geskiedenis en tradisie, in sy gevoel en wil, hierin beluister die wil van God wat deur hom gehoorsaam en deur ander nasies gerespekteer moet word. Die veragting hiervan is ewe-eens 'n vergryp teen "fundamentele menseregte". Dit gaan hier om 'n saak wat nie te beredeneer is nie. Die mensheid het nie die reg om die "tye van nasies" te bepaal nie, net God alleen.

Wat wel geleer word in Hand. 17:26 is dat 'n "multi-racial society" nie die ideaal is van die Nuwe Testament nie maar dat dit volgens die Nuwe Testament iets abnormaals is. 'n "Multiracial society" word in onderskeiding van 'n "mixed society" as volg omskrywe: "Various communities, differing from one another in culture, religion, race or language (which) live within a single political framework... The ideal is of friendly communities living in the same country side by side, with race tension lessened or if possible, eliminated, but without actual racial fusion".[20] Hierdie menslike idee of ideaal is onrealisties. Integrasie langs die gehele linie behalwe op een punt (rasvermenging) bestaan maar net in die gedagte. "With race tension lessened..." ewe-eens. Die politieke arena sal 'n toneel wees van gedurige ononderbroke rassestryd. Skeiding langs die gehele linie behalwe op kerklike gebied hou ewe min rekening met die werklikheid, omdat geestelike en sosiale gemeenskap nie aparte kompartemente is nie. Integrasie tot op 'n sekere punt is me moontlik nie, al bestaan dit net in samewoning in een land, selfs in aparte groepsgebiede, in dieselfde staatsverband. Een vaderland dra diesyne daartoe by om, hoe kort of hoe lank dit mag duur en watter teenmaatreëls ook geneem mag word, hetsy deur uitwissing of deur fusie, vreedsaam of deur stryd, geleidelik een volk te maak van die wat saam daarin woon, want God het "die grense van hulle woonplek vasgestel". Nie die vermenging nie, maar die saamwoning in een land van verskillende volke en rasse wat verskillende volke en rasse wil bly, is die abnormale. Wat die N.T. in besonder hier (Hand. 17:26) leer is dit: As 'n nasie hom geroepe voel om sy identiteit te bewaar, dan moet hy woon binne sy eie grense. Doen hy dit nie, dan moet hy gewillig wees om die volle implikasies daarvan te aanvaar. 'n Middeweg is daar nie.

---

[20] [In die gedrukte weergawe is die laaste voetnoot nommer 16 - Willem Swanepoel]

2. RASSEVERHOUDINGE IN DIE NUWE TESTAMENT EN DIE KERK [1]

A. DIE EVANGELIES

(1) *Die geboortegeskiedenis*

Die Nuwe Testament begin met geslagsregisters van Jesus Christus (Matt. 1:1-17; Luk. 3:23-38). Dit herinner aan die groot plek wat afstamming in die Ou Testament inneem, soos blyk uit die telkens terugkerende geslagsregisters daar. (Wat o.a. die priesters en Leviete betref, vgl. Esra 2:62). Elke Israeliet het sy geslagsregister gehad (1 Kron. 9:1). Dat die Nuwe Testament hiermee begin, laat dit al duidelik sien dat afstamming allermins in die Nuwe Testament, en ook "in Christus", sy betekenis verloor het.

(a) *Die geslagsregister by Lukas*

Die geslagsregister gaan by Lukas deur tot by Adam en bring Christus in betrekking tot die hele menslike geslag. Dit laat die *mensheid* sien:

(i) as 'n organiese eenheid, een bloedgemeenskap in Adam (vgl. Hand. 17:26);

(ii) as van Goddelike oorsprong, wat geld van die mees primitiewe ras sowel as van die mees ontwikkelde;

(iii) as 'n gevalle geslag, wat geld van die hoogs ontwikkelde sowel as die laagsgesonke ras, en

(iv) as 'n in Christus verloste geslag.

Wat die geslagsregister in een oogopslag laat sien — en hierin is die betekenis daarvan geleë — is dat dit nie maar individuele mense is wat in Christus verlos word nie, maar die hele mensheid (iets anders as "alle mense"), soos die hele mensheid in die val van Adam betrokke was (vgl. Rom. 5:12 e.v.).

Aangaande *Christus* blyk uit die geslagsregister dat Hy aan die mensheid behoort, nie anders as deur toehorigheid aan 'n bepaalde geslag (Dawid), stam (Juda), volk (Abraham), ras (Sem) nie. 'n Blote mens-syn bestaan, óók ten opsigte van Christus, nie, ten minste nie na sy vernederde menslike natuur nie. Hy moes ook hierdie "beperkinge" op Hom neem. Egter ook nie na sy verheerlikte natuur nie (Openb. 5.6, 7:5; vgl. Hebr. 7:14). Derhalwe mag hierdie beperkinge (afstamming, volk, ras) nie gesien word as sodanige beperkinge of as gevolg van die sonde nie.

Hoewel die nadruk by Lukas, geheel in ooreenstemming met die universele strekking van sy evangelie, op die betrekking van Christus tot die mensheid val, word sy besondere betrekking tot Israel tog nie uit die oog verloor nie. Hy is die Beloofde Verlosser van sy volk Israel uit die geslag van Dawid (vgl. 1:32, 1:68). Maar Hy is ook die beloofde Saad van Abraham, in wie die belofte toekom, nie alleen aan Israel nie, maar aan alle geslagte (Gen. 12:3) en nasies (Gen. 22:18; vgl. Hand. 2:39, 3:25, 26, 10:35). Die in Christus verloste "mensheid" kan dus nader omskryf word: die mensheid in al sy vertakkinge (geslagte, volke, rasse). As die geslagsregister dan teruggaan van Abraham tot by Adam, dan laat dit sien dat die verbond met Abraham 'n reële grondslag het in afstamming en dat dit 'n nadere uitwerking is van die verbond met die hele menslike geslag in Adam (Gen. 3:15), wat deur die verdeling van nasies heen van krag gebly het.

Die stamboom by Lukas, wat teruggaan tot by Adam (oor Dawid en Abraham) teken Christus dan as Behouer van die hele menslike geslag, ook in die sin, dat die verskeidenhede daarin behoue bly, die boom met sy vertakkinge.

---

[1] *Handelinge van die 34e Sinodale Vergadering van die Geref. Kerk in S.A.,* Potchefstroom, 1961, p. 67-85.

(Vgl. ook *Handelinge,* 1958, *p. 223-239* en *Uit een bloed,* Pro Rege, Potchefstroom, 1961, p. 30-48; *'n Lig vir die volke,* Potchefstroom, 1969, p. 11-34).

(b) *Die geslagsregister by Matthéüs*

Die geslagsregister by Matthéüs gaan terug tot by Abraham, die stamvader van Israel. Hiermee laat hy Christus sien as die Beloofde Verlosser van sy volk Israel.

By hierdie beklemtoning deur Matthéüs van die besondere betrekking van Christus tot Israel (die partikuliere) word egter die betrekking van Christus tot die mensheid (die universele) nie uit die oog verloor nie, soos, omgekeerd, by Lukas by die beklemtoning van die universele (die betrekking tot die mensheid) die partikuliere (betrekking tot Israel) nie uit die oog verloor word nie. Die geslagsregister by Matthéüs beskryf Christus as die Beloofde Verlosser van sy volk Israel, in ooreenstemming met sy hele Evangelie, maar ook as Verlosser van alle nasies.

Dit kom in die geslagsregister op twee maniere uit:

(i) In die naam van Abraham, vader van 'n menigte van nasies (Gen. 17:5). Die belofte aan Abraham was dan ook nie alleen vir alle "geslagte" (Gen. 12:3) nie, maar ook vir alle "nasies" (Gen. 22:18). Hier is dit tewens duidelik dat alle nasies in die verbond met Abraham begrepe is, en dat die betrekking van Christus tot die nasies 'n verbondsbetrekking is.

(ii) In die "gebroke" geslagsregister by Matthéüs. Daar kom vier vrouename voor in die geslagsregister van Christus. Twee daarvan herinner aan swaar sondes, naamlik die van Tamar en van Batseba, na wie slegs verwys word as "die vrou van Uria". So laat die geslagsregister uitkom: die verbondstrou van die Here, nieteenstaande die sonde van die volk. Sonde bly sonde, al is dit in die heilige geslagslinie. Die twee ander name is die van nie-Israelitiese vroue. Die opvallende is dan dat juis Matthéüs met sy sterk partikularistiese inslag ons voor die feit stel dat Jesus Christus na sy menslike natuur nie van ongemengde afkoms was nie. Onder sy voorgeslagte was nie alleen Rut, die Moabitiese nie, maar ook Ragab, die Kanaänitiese.

Dit is 'n misvatting as uit hierdie gebroke geslagsregister van Matthéüs gekonkludeer word tot uitwissing van grense in Christus. Dit is tog ondenkbaar dat Matthéüs so 'n noukeurig uitgewerkte geslagsregister sou opstel slegs om aan te toon dat afstamming van geen betekenis is nie.

Die betekenis van die gebroke geslagsregister van Matthéüs, met die feit dat Christus nie van ongemengde afkoms is nie, moet in die volgende gesien word:

Ten eerste: Jesus behoort nie net tot die Jode nie, maar ook tot die volke. Inderdaad word hiermee 'n middelmuur van afskeiding afgebreek: die begrensing van die genade tot die Jodendom en diegene wat hulle by die Jodendom voeg met uitsluiting van die nasies. Lukas toon dit aan deur te herinner aan die bloedverwantskap van alle mense, ook van Christus met alle mense na sy menslike natuur. Matthéüs doen dit deur sy herinnering aan die feit dat Christus nie van ongemengde afkoms is nie. Dit het met uitwissing van grense as sodanig niks te doen nie.

Ten tweede: Vir die Jode bevat dit die herinnering dat hulle self as nasie nie vry is van vreemde bloed nie, selfs nie in hulle koningshuis nie, en in die algemeen en vir alle tye, dat rassesuiwerheid in absolute sin iets is wat nie bestaan nie, en ook nie gestel kon word as absolute eis nie. By Lukas is dit uitgedruk in die boom en sy takke — die mensheid uit een bloed (vgl. Hand. 17:26). By Matthéüs in sy gebroke stamboom. Dat Jesus nie van ongemengde afkoms is nie, staan hier as betekenisvolle feit teenoor alle oordrewe nasietrots en rasseverheerliking.

Ten derde: Dit bevestig die feit dat dit in die Ou-Testamentiese verbod op vermenging nie gegaan het om suiwerheid van bloed nie, maar om die suiwerheid van die Openbaring. Die verbod op vermenging was suiwer godsdienstig gefundeer. Nie-Israeliete is opgeneem in die volksgemeenskap van Israel, soos ook blyk uit die geslagsregister. Hierdie godsdienstige apartheid van die Ou Testament vind sy toepassing in die Nuwe Testament in geestelike apartheid tussen Kerk en wêreld, gelowiges en ongelowiges, al is dit van dieselfde ras of volk (2 Kor. 6:11 e.v.).

Dit beteken egter nie dat natuurlike verwantskappe (familie, ras, volk) hulle betekenis vir die Nuwe Testament verloor het nie. Al het die volksgedagte van Israel oorgegaan op die Kerk as die volk van God, die betekenis daarvan, dat God 'n volk uitgekies het onder volkere om draer van die besondere Openbaring te wees, moet nie onderskat word nie, soos meestal geskied. Daarin sit 'n gedagte wat deurloop: In die doopbevel, bv. Matt. 28:19, gaan dit nie om geïsoleerde indiwidue nie, maar om nasies. Dit sluit direk aan by die belofte aan Abraham (Gen. 12:3, 22:18). Verder staan dit in verband met die verbreiding van die evangelie. Dit gaan van volk tot volk, "van Jerusalem af en verder" (Luk. 24:47, vgl. Hand. 1:8). Die verbreiding van die Evangelie veronderstel die bestaan van nasies; so kom daar gekerstende nasies naas heidense, en kan vermenging van gekerstende en heidense nasies 'n bedreiging inhou vir die Christendom, sodat die verbod op vermenging in hierdie opsig sy krag bly behou vir die Nieu-Testamentiese bedeling ewegoed as vir die Oue. Dat God 'n volk gekies het, het sy betekenis ook vir die deurwerking van die Evangelie. Ook die volkslewe moet gekersten word: Al sou vermenging as sodanig nie deur die Skrif verbied word nie, moet dit tog as sondig bestempel word in soverre dit 'n bedreiging sou inhou vir 'n Christelike kultuur. Ons kan verder gaan: Omdat kultuur self 'n Goddelike opdrag is, is 'n hoër kultuur onder die algemene genade geroepe om homself te beskerm om die laere te kan ophef en nie deur 'n laere neergetrek te word nie. Onder sekere voorbehoud kan die volgende onderskryf word: "It is in the interest of humanity as a whole that the highest type of culture should maintain itself at the highest level of efficiency in order to render the highest service to religion and morality, to thought and art, to scientific and material progress" (prof. J. du Plessis, aangehaal deur W. J. van der Merwe: The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church of South Africa, p. 256).

In verband met voorgaande moet nog daarop gewys word dat die begrippe "eiesoortigheid" en "andersoortigheid" nie 6tatiese begrippe is nie. Deur wedersydse bevrugting ondergaan kulture verandering, en deur vermenging kan nuwe vorme ontstaan. Daar moet onderskei word tussen uitwissing van grense as beginsel, en vermenging waardeur nuwe verskeidenhede ontstaan. Die eerste lei op die weg van Babel. Die laaste word deur die Skrif nie verbied nie.

'n Karakteristiek van die geslagsregisters is die verbinding van die besondere en die algemene, sodat die een nie deur die ander verdring word nie. By Matthéüs is Jesus die Beloofde Messias van die Joodse volk (die besondere), maar alle nasies is in die verbond begrepe (die universele). By Lukas is Hy die Verlosser van die mensheid (die universele) in sy verbesonderinge (rasse, geslagte, volkere).

Met wat hulle impliseer, bevat die geslagsregisters alles wat die Nuwe Testament verder leer in verband met die natuurlike verwantskappe en gemeenskappe in hulle verskillende gradering en ook in hulle regte verhouding tot mekaar en tot die geestelike gemeenskap in Christus (die Kerk). Wat verder volg is slegs nadere ontplooiing.

(c) *Die verdere geboortegeskiedenis*

Ook in die verdere geboortegeskiedenis lê die partikuliere en die universele op dieselfde wyse saamgeweef.

(i) Die heil van die Koninkryk is nie maar politieke verlossing vir die Joodse volk nie, maar verlossing van sonde en dood (Luk. 1:79), die universele nood van die mensheid.

(ii) Jesus groei op in Nasaret in Galilea met sy half-heidense bevolking (1:79).

(iii) Soos Israel die volk van die verkiesing was, gaan dit nou om die mensheid "van sy welbehae" (Luk. 2:14). "Sy welbehae" hou tewens 'n belangrike beperking in. Nadere lig op die samehang tussen die verkiesing en die natuurlike verwantskappe vind ons by Johannes die Doper en in Rom. 9-11.

(iv) Jesus word gehuldig deur die wyse uit die Ooste, maar as Koning van die Jode (Matt. 2:1 e.v.).

(v) Hy is die "lig van die nasies" en "die heerlikheid van sy volk Israel" (Luk. 2:32;

vgl. Jes. 19:21-25, 42:6 e.v., 49:6). Hierin word die hele geboortegeskiedenis saamgevat.

(2) *Johannes die Doper*

By Johannes die Doper val daar belangrike lig op die verhouding van individu, volk en kerk.

Skynbaar gaan dit by Johannes die Doper teen afstamming. Afkoms (van Abraham) is geen waarborg vir die Koninkryk van God nie. Die nadruk val op persoonlike bekering teenoor toehorigheid tot die volk (Matt. 3:8, 9).

Met 'n skyn van reg word dan die groot betekenis van Johannes die Doper gesien in hierdie teëstelling van individu en volk. Dit sou dan ook die tiperende wees van die Nuwe Testament teenoor die Ou Testament en die betekenis van die Nuwe Testament en van die Christendom sou bestaan in die universalisering van die godsdiens deur die individualisering daarvan.

Dit gaan egter by Johannes die Doper nie om die teëstelling tussen volk en individu nie, maar om afstamming en Goddelike vrymag (Matt. 3:9). By die Jodendom is die Goddelike verkiesing bepaal deur afstamming. Hierby het dan gekom eie verdienstelikheid deur wetsvervulling, waardeur 'n Israel "by uitnemendheid" ontstaan het (die Fariseïsme). Johannes maak die verkiesing nie los van afstamming nie, maar lê dit daaraan ten grondslag, sodat dit gaan deur die geslagte heen. Dit is die eerste skrede op die weg van kerkhervorming in die Nuwe Testament. Dit bestaan nie in 'n uitwissing van grense tussen Israel en die volke en tussen volke en volke (sodat alle grense in die Kerk uitgewis is nie), of in 'n "Begründung eines Gottesvolkes ohne Blutmässige Bindung" nie (vgl. E. Stauffer: *Die Theologie des Neuen Testament,* p. 289), maar in 'n kringvorming binne Israel deur die Doop, nl. die gelowiges as die ware Israel. Dit is die heilshistoriese betekenis van Johannes die Doper.

Hier, by sy oorsprong, is die verband tussen kerk en volk duidelik. Die verband moet nie so gesien word dat Kerk en volk mekaar uiterlik dek soos by Israel wat 'n Kerkvolk was, of omgekeerd, in die gangbare idee van 'n volkskerk nie. Die Kerk staan ook nie los van die volk nie (kenmerkend van sektarisme) of bo die volk nie. Daar is 'n innerlike, organiese verband tussen kerk en volk: In die Kerk bestaan die volk voort. Die ongelowiges is die bome wat uitgekap word (Matt. 3:10). In sy gelowiges is die volk behoue. Dit word nader uitgewerk in Rom. 9-11. Hierin is die volk Israel 'n voorbeeld vir elke volk (vgl. 1 Kor. 10:11; 1 Thess. 2:14). Die menslike geslag word volksgewyse gered, maar dan in sy uitverkorenes (vgl. Luk. 2:14 en Dan. 12:lb, 2).

(3) *Die optrede van Jesus*

Die universele lyn lê hier duidelik. Reeds in sy aanvangsprediking hou Hy dit aan Israel voor dat dit nie gaan om nasionale nood en politieke verlossing nie, maar om die nood van die mensheid, om siekte, dood en sonde (Luk. 4:16 e.v.). In die Bergpredikasie gaan dit teen legalisering en teen nasionalisering van godsdiens: *naastediens* wat nie beperk mag word tot *nasiediens* nie, maar ook vyande insluit (Matt. 5:44), hoeveel te meer nog mense van 'n ander ras of volk, soos Jesus ook leer in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan en self ook toon deur die grense tussen Jode en Samaritane nie te reken nie, en teen alle Joodse volkstradisie in met 'n vrou en boonop 'n Samaritaanse, te spreek. Hy gaan ook buite die grense van die Joodse land na Tirus en Sidon. In die Koninkryk van die hemele val die grense ook weg tussen Ooste en Weste (Matt. 8:11). Dit kom slegs aan op geloof (Joh. 3:16); 'n heidense hoofman is hierin 'n voorbeeld (Matt. 8:10). Jesus is Wêreldheiland (Joh. 4:42). Alles loop uit op die universele bevel van Matt. 28:19. Ons gaan nie te ver as ons oordrewe nasionale trots sien as 'n sonde wat Jesus eindelik aan die kruis gebring het nie. Die "woede" van Lukas 4:29 is gekrenkte nasietrots waar nasionale vooroordele deurbreek word. Diegene wat hieruit egter 'n opsysetting van alle nasionale grense aflei, moet daaraan herinner word dat hierdie lyn deurgetrek kan word tot alle natuurlike verhoudinge, ook die mees fundamentele; die huislike (Matt. 10:37, 12:50; Luk. 11:27, 28). Hier sou dan geleer

word dat sulke betrekkinge nie alleen van "minder belang" is nie, maar geheel en al onverenigbaar en strydig met die liefde tot God. Liefde tot God sou dan ook nie familieliefde gedoog nie, so min as volksliefde, ens. In die bogenoemde tekste gaan dit egter daarom as daar 'n keuse gedoen moet word. Dan geld selfs die innigste familiebande nie. Die verdeeldheid wat Jesus bring, gaan ook deur die familielewe heen (Matt. 10:34). Dit is egter geheel iets anders as dat dit daardeur opgehef word. Dat hiervan geen sprake kan wees nie, vgl. Matt. 15:4. Die eer aan vader en moeder wat hier gevorder word, sluit eerbetuiging in van alle natuurlike bande, ook hoogskatting van vaderland en moedertaal.

Daar gaan dan ook 'n tweede lyn deur die Evangelies wat nie uit die oog verloor moet word nie. Naas die universele is daar ook die partikuliere, wat die duidelikste en skerpste uitkom in die beperking van die sending tot die volk Israel, met die uitdruklike verbod daarby om nie na die Samaritane en die heidene te gaan nie (Matt. 10:5-6), soos Jesus ook sy eie sending beperk sien tot die verlore skape van die huis van Israel, juis as Hy vertoef in Siro-Fenisië (Matt. 15:24, vgl. v. 26).

Die maklikste oplossing sou wees om slegs die een of die ander raak te sien na gelang dit ons pas. Andere sien hier 'n teenstrydigheid in die Evangelie en maak daarvan 'n beginsel van bronne-kritiek. Dit is ten minste 'n eerliker weg. Die juiste weg word deur die Evangelies self aangewys. Daar vind ons die volgende lyn: die universele in die prediking en optrede van Jesus loop ewewydig met sy verwerping deur Israel. As Hy deur Samaria gaan, is Hy deur Jerusalem verwerp. Hy gaan na die streke van Tirus en Sidon as Hy deur Galilea verwerp is. Die uitsending met die universele opdrag na alle nasies kom van die Gekruisigde en Opgestane Heiland.

Hieruit is duidelik:

(a) dat dit by Jesus in die eerste plek gegaan het om die volk (Israel);

(b) dat Hy nooit die volk verwerp het nie, maar die volk het Hom verwerp.

Een van die weinige kere waarvan ons lees dat Jesus geween het, was oor Jerusalem (Luk. 19:41, vgl. Matt. 23:37 e.v.). Hierin was Jeremia 'n tipe (Jer. 9:1, Klaagl.). 'n Naklank kry ons by Paulus (Rom. 9:1 e.v.). Daar mag dus by Jesus nie net gespreek word van menseliefde nie; daar was by Hom groot nasieliefde.

By die kerkstigting (Matt. 16:18) is van belang dat die tydstip in gedagte gehou word waarop dit plaasgevind het. Dit vind plaas as die verwerping van Jesus deur Israel, sy leiers (Matt. 12:22 e.v.) en die volk (Joh. 6:66 e.v.) 'n voldonge feit was. Dan is dit duidelik dat die Kerk nie ontstaan het deur afskeiding van die volk nie, maar deurdat die volk hom afgeskei het van Jesus. Nie almal nie: dit wat oorgebly het uit Israel, is die *"ekklesia",* die "volk van God" (vgl. Matt. 3:12).

In die sendingbevel gaan die evangelie die hele wêreld in (Mark. 16:15), die wêreld egter soos dit bestaan in "nasies" (Matt. 28:19), van Jerusalem af en verder (Luk. 24:47), volgens die verbond van Abraham (Gen. 12:3, 22:18) en met Adam (Gen. 3:15).

Wat in die Evangelies veroordeeld staan, is 'n genasionaliseerde godsdiens en verafgoding van die nasie en alle natuurlike bande, nie hierdie verbande self nie, ook nie die nasionale nie. Dit is terreine waarin God werk en waarin God gedien moet word, net soos in die persoonlike lewe.

B. HANDELINGE

Die evangelie gaan oor die grense van die Heilige Land tot die uiterste van die aarde (Hand. 1:8). Die universele lyn is duidelik. Hierby moet op die volgende gelet word:

(a) *Die sendingbevel* (Hand. 1:8)

(i) Dit sluit aan by Matt. 22:19; Luk. 24:47, met nadere presisering "van Jerusalem en Judea en Samaria tot aan die uiterste van die aarde". By die uitbreiding van die

evangelie, soos by die doopbevel, word *nasies* in die oog gevat.

(ii) Die evangelie gaan *eers* weer na die Jode. Christus is aan die volk verbonde ook nadat hulle Hom aan die kruis verwerp het. Die verbond met Israel is nog van krag en wel in hulle geslagte (Hand. 2:9) en sluit in "almal wat daar ver is ...", d.i. die nasies (vgl. Gen. 12:3, 22:18).

Hoewel mensheidomvattend staan dit nie los van die volkere en die geslagte nie en gaan dit weer eerste na Israel.

(b) *Die Pinkstergebeure*

(i) Sprekend is die feit dat elkeen oor die groot dade van God in sy eie taal hoor spreek. Dit beteken: die eenheid van die Gees sluit die verskeidenheid van volkere nie uit nie en staan uitdruklik teenoor die eenheid van Babel. "Die een Logos verkondig die apostels in die baie tale van die baie volkere wat die geskiedenis sinds Gen. 11 ken. Die Pinkstergeskiedenis sê vir ons: waar dieselfde Logos onder al die volkere in dieselfde taal verkondig word, en waar in verskillende tale verskillende Logoi (nasionale kerke) verkondig word, is die Gees nie. Waar egter dieselfde Logos in baie tale, waar die boodskap van die een Naam onder die hemel tot elke volk op aarde in sy taal kom, daar is die Gees werksaam... Die Logos van die kruis kry sy gevaarlikste skerpte (vgl. Hebr. 4:12 e.v.) maar ook sy gevaarlikste aanstootlikheid (vgl. 1 Kor. 1:23) eers waar die Kerk aan elke volk in sy eie begrippe sê waarom dit gaan... Die verskeidenhede word in die Kerk van Christus nie opgehef nie (1 Kor. 7:17 e.v., 11:2, 14:34 e.v.; Kol. 3:18 e.v.). So bly die volkere verskeidenheid in die mensewêreld ook in die Kerk bestaan... Wel het dit sy tragiek verloor in die omspannende eenheid van die volkerekerk, waarin elk sy eie plek inneem. Die selfverheerliking is volgens Gen. 11:4 die oorsaak van die spraakverwarring. Alle nasionale selfverheerliking is egter oorwin waar die stemme van die volkere (vgl. Fil. 2:11) verenig in die veelstemmige koor tot verheerliking van die groot dade van God" (Stauffer: a.w., pp. 174 e.v., behalwe wat tussen hakies aangebring is, vertaal weergegee). (ii) Omdat die Pinksterwonder self opgehou het, kan die Pinkstergedagte alleen verwesenlik word waar dieselfde Woord van God in verskillende tale verkondig word.

(c) *Oorgang na die heidene*

Pas as die evangelie deur die Joodse volk verwerp is (steniging van Stefanus), gaan dit na die Samaritane en die nasies.

(i) Dit gebeur egter nie voordat daar 'n kerk uit die Jode vergader is nie. Die eerste Kerk is uit die Jode, soos daar straks een sal wees onder die Samaritane, ens. (vgl. Hand. 3:26).

(ii) Ook na hierdie herhaalde verwerping van die evangelie is die Joodse volk nog nie verwerp nie, soos sal blyk by Rom. 9-11.

(iii) Vir die eintlike oorgang na die heidene was daar eers 'n openbaring nodig en wel aan Petrus, die verteenwoordiger van die apostoliese kerk (Hand. 10-11). Die uitwissing van die verskil tussen rein en onrein, waarvan by hierdie gesig sprake is, het niks te doen met uitwissing van grense tussen volkere nie, maar beteken dat die evangelie nie teruggehou mag word van die heidene nie.

(d) *Die sending van Paulus*

Paulus word spesiaal geroep vir die heidensending. Sy roeping sluit sonder twyfel aan by sy vertroudheid met die taal en denkwyse van diegene onder wie hy die evangelie moet verkondig. Daar is dus ook 'n differensiasie in die bediening van die evangelie waarby die eenheid van die evangelie gehandhaaf bly, beseël met die regterhand van die gemeenskap (Gal. 2:9). So kom die Kerk in sy veelvormigheid tot openbaring teenoor 'n uniformiteit waarin alle nasionale grense uitgewis word, en ook teenoor 'n pluraliteit waar die Kerk deur nasionale grense opgebreek word.

(e) *Die Antiocheense gemeente* (Hand. 11:19-26)

Die geskiedenis van die gemeente van Antiochië skyn die voorgaande te weerspreek. Dit stel ons in ieder geval voor die feit dat waar Christene uit Jode en heidene op een plek saamwoon, hulle saamkom in een gemeente. Die gelowiges is hier ook vir die eerste keer "Christene" genoem as 'n "derde geslag" teenoor Jode en heidene. Dit bring ons by die vraag of, waar gelowiges uit verskillende rasse ens. saamwoon, daar nie een Kerk moet wees nie.

Hierby moet egter die volgende in gedagte gehou word:

(i) Die Kerk sluit aan by die bestaande. Daar was toe een wêreldryk met een wêreldtaal.

(ii) Hoewel aangesluit by die bestaande het die Christendom nie weinig daartoe bygedra om hierdie "Babiloniese" eenheidsryk te vermaal nie (Dan. 2), nie om chaos te laat ontstaan nie, maar om die mensheid weer in sy natuurlike geledinge te laat ontplooi.

(f) *Handelinge 17:26*

Dit is die enigste plek waar die "rasseprobleem" direk ter sprake kom in die Nuwe Testament:

(i) Alle nasies is uit een bloed. Bloed is nie 'n skeidende faktor nie, maar 'n verbindende. Die hele mensheid is bloedverwant. Nooit kan die ontwikkeling so ver uitmekaar gaan dat die verwantskap verbreek word nie — so iets geskied alleen deur die sonde. Die teks beskryf die menslike geslag as eenheid (vgl. die geslagsregister by Lukas).

(ii) God het die nasies gemaak. Dit sien nie net op wat by Babel gebeur het nie. Daarvoor was die mensheid oorspronklik bestem. Nuwe nasies word nog steeds gebore. Wat by Babel gebeur het, is wat in Gods bestel in ieder geval moes gebeur. Die mensheid moes uitmekaar en in sy veelvormigheid tot ontplooiing kom in verskillende volkere, tale en nasies, tot verheerliking van God. Babel was die verset hierteen. Die Babelse strewe word gedurig in die geskiedenis herhaal en sal aan die einde uitloop op die ryk van die Antichris.

(iii) God het vooraf die tye van die nasies bepaal. Nasies kom en gaan in die geskiedenis. Dit kan ook geskied deur op te gaan in andere. Daar is in die geskiedenis gedurige vermenging van volkere, rasse en kulture, waardeur nuwe variasies ontstaan. Dit is geheel iets anders as die leerstelling van uitwissing van grense en die opbou van 'n eenvormige mensheid. *Rassevermenging as sodanig is nie sonde nie. Daar kan egter omstandighede wees waaronder dit wel sonde is, bv. godsdienstige of kulturele oorwegings.* Die laaste geld ook rasse al is albei Christelik. Wanneer en waar vermenging toelaatbaar is, is nie so maklik uit te maak nie. Allermins kan deur 'n ander volk of volkere uitgemaak word wanneer die bepaalde tyd vir 'n bepaalde volk in 'n bepaalde vorm van sy bestaan verby is. God bepaal dit. Hieraan, nl. dat nasies kom en gaan in die geskiedenis, word soms 'n argument ontleen teen die ewige bestemming van nasies, asof sulke nasies dan van die begin tot die einde moet bestaan. Dit sou ewe goed moes geld vir indiwidue.

(iv) God het ook die grense van hulle woonplek vasgestel. Dit moes ook nie staties opgevat word asof al die volke op een tydstip (spraakverwarring) hulle landpale ontvang het soos by die gebiedsverdeling van Kanaän nie. Daar is gedurige volksverhuising. Wat wel hierin opgeslote sit, is dat vir verskillende volke eie grense die normale is. Die saamwoon van verskillende volkere binne dieselfde grense beteken in beginsel vermenging. Een land sal alles in sy vermoë doen om een volk te maak. Wil of kan twee volke nie een word nie, dan is aparte woonplek gebiedend.

C. PAULUS

(a) *Die universele en partikuliere by Paulus* Die universele en partikuliere vind ons ook

hier langs mekaar. Voorop staan, wat die universele betref, Gal. 3:28 en Kol. 3:11, waar Paulus oënskynlik alle rasseverskil "in Christus" ophef. Verder ook: Rom. 2:25-29, 3:22 (vgl. ook 10:11, 12), waar hy so uitdruklik verklaar dat daar "geen onderskeid" is tussen Jood en Griek nie (Ef. 2:14) waar sprake is van middelmuur van afskeiding wat in Christus afgebreek is, en Gal. 2, waar dit selfs kom tot 'n openlike stryd tussen Paulus en Petrus, omdat Petrus nie saam met Christene uit die heidenvolke wou eet nie. Hierteenoor moet veral gewys word op Rom. 9-11, 'n gedeelte waarin Paulus uitdrukking gee aan sy innigste verbondenheid aan sy volk (9:1), soos Moses (Ex. 32:32; Jer. 9:1) en soos Christus self (Luk. 19:41, 42), en van hulle spreek as sy "stamgenote na die vlees" sy "broers" ook in hulle ongeloof, "uit wie Christus is na die vlees". Hy bly aan hulle verbonde in verlange en gebed. Hulle nood is sy nood. Selfs in die heidensending gaan dit vir hom om die redding van sy volk (11:4). Die teëstelling is so skerp dat inderdaad gevra kan word, soos ook gevra is: Is dit dieselfde Paulus? Of het ons hier met 'n innerlike teenstrydigheid in Paulus te doen wat dan (dialekties) gesien moet word as 'n noodwendige teëstelling in hierdie tydelike bestaanswyse, of waaruit daar eers hiernamaals verlossing sal wees, die volksverbondenheid wat moet wees en tog ook nie moet wees nie. Paulus toon 'n ander weg in Rom. 9-11.

Romeine 9-11

Die sentrale gedagte is dat God se verbond met Israel nie verval het nie, nie omdat die verbond eintlik met die *volk* Israel as sodanig niks te doen het nie — wel met die gelowiges uit alle nasies as die ware Israel — maar om die volgende redes:

(i) In die oorblyfsel van die verkiesing is die volk gered. Ook hier is weer duidelik dat afstamming nie bepalend is vir die volk van God nie, maar die verkiesing wat deur die geslagte héén gaan, maar dan ook deur die geslagte, sodat in die oorblyfsel van die verkiesing die volk gered is, soos uitgedruk in die beelde van eerstelinge en deeg (11:16), stam en takke (11:17 e.v.) en daarin dat hulle genoem word "wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders" (11:28). "Bilden doch die Christgläubigen aus Israel den Grundstock der Gottespflanzung... Der 'Rest' aus Israel ist das Erstlingsvolk in der Völkerkirche. Die Gottesstadt ist zwar nicht der herrschende Mittelpunkt..., wohl aber der heilsgeschichtliche Ausgangspunkt der Kirche Christi" (Stauffer: a.w., p. 170).

(ii) Dit gaan nie alleen om die "oorblyfsel" nie, maar om die "volheid" van Israel (11:12, 26), d.i. die volle getal uitverkorenes. Dit is die groot verborgenheid (11:25). Die ander verborgenheid is die toetrede van die heidene (Ef. 3:3 e.v.). Hulle gaan eers in nadat die "volheid van die heidene", nie as massa nie, maar as "volkere", ingegaan het (11:25). So is Israel eerste en ook laaste (vgl. Jes. 19:23 e.v.). Hier is dus geen sprake van uitwissing van grense tussen Israel en die nasies onderling in 'n "geestelike Israel" nie, ook nie van 'n aparte toekoms vir Israel naas die Kerk nie (so word die probleem Israel hier dikwels verkeerdelik gestel), maar van Israel naas en onder die "nasies" as die volk van God. "Israel van God" word onderskei van die gelowiges uit alle nasies (Gal. 6:16). Die volk van God (die Kerk) is die gelowiges uit alle nasies, sonder onderskeid, Israel ingeslote, sonder dat die onderskeidinge wegval. So staan Rom. 9-11 in 'n lyn met die belofte aan Abraham (Gen. 12:3, 22:18), Johannes die Doper (Matt. 3:9 e.v.), die doopbevel (Matt. 28:19).

Galasiërs 3:28, ens.

In hierdie lig moet die universele tekste besien word. In Galasiërs 3:28 en Kol. 3:11 is nie sprake van opheffing van verskille nie, maar van opneming sonder onderskeid. Om in die volk van God opgeneem te word, maak dit nie verskil of iemand Jood of Griek is nie. Hier is dan ook sprake van man en vrou. Die onderskeid tussen man en vrou bly in die gemeente (1 Kor. 11:3 e.v.; 1 Tim. 3:9 e.v.). "Geen onderskeid" (Rom. 2:22 en 10:12) beteken nie dat almal eenders is nie, maar ewe skuldig en verdorwe en dat almal deur die geloof salig word, om die ewe wie hy is. Daar is fyn beskaafde (ook nie-Christelike) en ook laagstaande volke en rasse, maar almal is wesenlik ewe verdorwe, die een meer die ander minder fyn miskien, maar daar is geen onderskeid nie en vir al-

mal maar een weg tot saligheid, nl. deur die geloof in Jesus Christus.

Dat die onderskeidinge tussen volk en volk nie wegval in die Kerk nie, word uitdruklik uitgespreek in 1 Kor. 7:17-24.

Galasiërs 2:11-14

Die stryd in Gal. 2 gaan teen die Joods-Christendom. Die teëstelling is nie 'n Christendom waarin verskille wegval nie, maar 'n Christelike Jodedom en Christennasies. Hy veroordeel hier die "Ioudaizein", d.w.s. die verjoodsing van die heidene (vgl. Hand. 15:25), en tree daarvoor in dat hulle "ethnikos" sal lewe, wat nie beteken "heidens" nie, maar ooreenkomstig hulle eie aard. Wat wel hieruit afgelei moet word, is dat die Christendom en die Kerk, hoewel dit die nasionale nie vernietig nie, nie nasionaal- of *rasbepaald* is nie. Die gevaar waarteen Paulus in Gal. 2 optree, is nog aktueel. 'n Voorbeeld daarvan kan gesien word in die "Etiopianisme", soos "Sionisme" afkomstig uit Amerika, wat beskryf kan word as 'n Bantoe-sinkretisme, 'n vermenging van Bantoeanimisme met die Christendom, "a blend of old magic and new Christian ideas" (B. G. M. Sundkler, "Black man Church" in *Lïbertas,* Sept. 1945, aangehaal deur Rev. A. Hewson in *The Christian citizen in a multi-racial society,* Rapport van die Rosettenville-Konferensie, 1949). Hier is 'n verheidensing van die Christendom soos die Judaïsme 'n verjoodsing daarvan is. Daar moet duidelik onderskei word tussen die inpassing van die Christendom en die Kerk by die eie aard van nasies en rasse enersyds (in die sin het Paulus vir die Jode 'n Jood geword en vir die heidene 'n heiden, 1 Kor. 9:20-23) en andersyds 'n aanpassing van die Christendom wat uitloop op versmelting. Hierteen staan Paulus onverbiddelik. Terwyl op rasse- en kultuurgebied nie van eiesoortigheid en andersoortigheid in absolute sin gespreek kan word nie, moet dit gehandhaaf word ten opsigte van die Christendom. Dit is absoluut eiesoortig en andersoortig. Teenoor nasionalisering van die Christendom moet gestel word Christianisering van die nasie, juis met behoud van die nasionale soos van alle natuurlike verbande. Die natuurlike verbande word dan die terreine waarop die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak word tot sy verheerliking (Ef. 3:8 e.v.). In plaas daarvan dat die godsdiens en Kerk in diens staan van die nasie en sy verheerliking, moet die nasie staan in diens van God om Hom te verheerlik.

(b) *Die universele en partikuliere kerk*

Die universele en partikuliere kom by Paulus ook na vore met betrekking tot die Kerk. Die woord "kerk" kom by Paulus voor in die eerste plek in universele sin en wel as die Liggaam van Christus (Ef. 1:10, 23, 2:16, 3:6, 4:4; Kol. 1:18; 1 Kor. 12:15), waarin die skeidsmuur tussen Jodedom en die "volkere" wegval (Ef. 2:14) — die ander groot verborgenheid by Paulus (vgl. by Rom. 11) — en so die hele mensheid omvattend vergader deur die universele evangelie (Kol. 1:23). Dit is 'n geestelike eenheid in Christus, waarvan die sakrament van die Doop die teken en seël is (Ef. 4:4; 1 Kor. 12:12, vgl. Matt. 28:19). Die Kerk is die verloste mensheid in Christus, die tweede Adam (Rom. 5:12-18; 1 Kor. 15:45). Dit is ook 'n historiese eenheid, uitgedruk in die ander beeld, die van die gebou, wat verrys op die fondament van die apostels en profete, waarvan Christus Self die hoeksteen is (Ef. 2:20 e.v.) en waarvan die gelowiges die stene is (vgl. 1 Petr. 2:4 e.v.). Die (enigste) ander betekenis van "kerk" by Paulus is die Kerk in partikuliere sin, d.i. die plaaslike kerk (gemeente). Die verhouding tussen die universele en partikuliere Kerk is so dat die universele Kerk aan die plaaslike voorafgaan en daarin tot openbaring kom. Elke plaaslike Kerk is 'n openbaring van die Liggaam van Christus op 'n bepaalde plek. Die plaaslike Kerk word dan nader beskryf met die naam van die plek, "die kerk wat in Korinthe is", ens., of met die landstreek of volk (ras), "die kerke (meervoud) in Galasië, "Macedonië", ens.; "die kerke van God wat in Christus Jesus is in Judéa" (1 Thess. 2:14). Die een Kerk in Christus kom dus tot openbaring in tallose kerke versprei in verskillende landstreke en onder verskillende nasies om juis so in sy ryke verskeidenheid aan die lig te tree (Ef. 3:8 e.v., 16 e.v.).

Hieruit kan ons aflei: (i) dat uit die eenheid van die Kerk, die Liggaam van Christus, nooit besluit kan word tot uitwissing van grense nie; (ii) as op een plek gelowiges van

verskillende nasionaliteit of rasse saamwoon, elk met sy eie taal, ens., dan het dit met die eenheid van die Kerr niks te doen as elk sy aparte kerk het nie. Elke kerk daar is 'n selfstandige openbaring van die Liggaam van Christus. Die eenheid van die Kerk kom tot openbaring in die kerkverband. Dit is noodwendig dat die kerkverband oor die nasionale en rassegrense heen sal gaan, omdat die Kerk universeel is. Wat aparte kerkverbande betref, dit kan gehandhaaf word tot by die nasionale grens. Maar die lyne loop nie parallel langs mekaar na bo nie maar na mekaar toe. Êrens, nl. bo die nasionale, moet dit mekaar ontmoet. Hoeseer die Kerk ook nie losstaan van die nasionale verskeidenhede nie, maar hom daarby invoeg, nooit mag dit daarin opgesluit word nie. Dit sou weer beteken nasionalisering van die Kerk. Die Skrif ken die begrip "nasionale kerk" net so min as die van 'n "volkskerk". Daarom mag ons die volgende, hoe mooi dit ook klink, nie sonder meer onderskryf nie: "The foundation of a native Church is the true aim and end of the Mission... The native Church so constituted, first with, and afterwards without the supervision of the European Missionaries has to perform all the spiritual functions of a regularly constituted Christian Church. It is responsible to God alone and dependent upon no other one" (Report: First General Missionary Conference — 1904, pp. 132—133, aangehaal in *The Christian citizen in a multiracial society).* Dit sou bestempel kan word as ongeoorloofde kerklike apartheid.

Kerkverband bestaan in die onderlinge toesig (in die Nuwe Testament nog behartig deur die apostolaat) maar ook in onderlinge hulpverlening (Gal. 2:9, 10, vgl. Rom. 15:26, 27; 1 Kor. 16:1; 2 Kor. 7:9, veral vlg. 12-15). Die wonderlike is hier dat heidene aan Jode gee en dat Jode gewillig is om van heidene te ontvang (vgl. Rom. 15:31). Dit is ook 'n vorm van communio sanctorum, 'n onuitspreeklike gawe van Christus (2 Kor. 9:15) waarby grense nie uitgewis word nie, maar waar hande gereik word oor die hoogste muur en waar die diepste kloof onder mense oorbrug word in liefde, die band van die volmaaktheid (Kol. 3:14). Dit is ongelukkig dat die woord *communio* tot die Nagmaal beperk is, asof dit die eintlike gemeenskapsoefening in Christus is en die eenheid van die Kerk alleen hierin tot uitdrukking kom. Die Nagmaal is die sakrament van die plaaslike Kerk. Dit kan ook nie op sigself geneem word nie. Dit veronderstel lidmaatskap van die plaaslike Kerk. Dit het ook geen sin sonder bediening van die Woord nie, wat dan so verkondig moet word dat elkeen dit verstaan in sy taal. Die ekumeniese eenheid van die Kerk begin nie by die plaaslike Kerk nie maar moet tot uitdrukking kom in die kerkverband. So is daar eenheid in verskeidenheid en verskeidenheid in die eenheid.

D. DIE RES VAN DIE NUWE TESTAMENT

(a) *Hebreërs en die algemene sendbriewe*

In Hebreërs is die groot teëstelling: skaduwee en vervulling (vgl. 9:23, 10:1). Israel met sy geskiedenis en die hele Ou-Testamentiese erediens is 'n skaduwee van hemelse werklikhede. So trek die Kerk deur die woestyn na die hemelse Kanaän (3:1-4:13). Die Ou-Testamentiese erediens is simbolies van die feestelike en plegtige vergadering van die eersgeborenes (12:18 e.v.), die Kerk van alle eeue. Saamgevat: Israel is slegs simbool van die ware volk van God. Juister gesê: Die brief aan die Hebreërs toon dat Israel óók simboliese betekenis het. Die volk Israel simboliseer die Kerk van die Nuwe Testament. Dit is die besondere lig wat Hebreërs laat val op die verhouding van Israel en die Kerk. Dit is egter nie ál wat gesê kan word van die verhouding nie. Israel is nie net afbeelding van die Kerk nie maar ook die aanvang daarvan en het ook sy besondere plek nie *naas* nie maar *in* die Nieu-Testamentiese Kerk (Rom. 9-11). Dit kom veral uit in die *Brief van Jakobus.* Jakobus, die dienskneg van God en van Jesus Christus, skryf aan "die twaalf stamme wat in die verstrooiing is" (1:1); d.w.s. die Kerk is die voortsetting van Israel. Maar hulle is dan ook werklik die eerstelinge uit die Jode. Die sendbrief van Jakobus is geskryf toe daar nog nie Christene uit die heidene was nie. *1 Petrus* gee 'n beskrywing van die universele Kerk (2:4-10). Dit is 'n gebou (vgl. Ef. 2:21 e.v.; 1 Kor. 3:9 e.v.) waarvan Christus die hoeksteen en die stene die gelowiges is. Die Kerk is ook die volk van God (vgl. 1 Petr. 2:9-10). Hulle (Christene uit die heidene) word nou genoem "volk" wat eers geen volk was nie, met die woord waarmee Israel as

verbondsvolk aangedui is *(laos).* Die verskil tussen Jode en heidene het weggeval, en tog ook nie, soos uitkom in die beskrywing "heilige nasie", die woord wat gebruik is vir heidene *(ethnos),* maar nou met "heilig" daarby. In die *Briewe van Johannes* staan die universele sterk op die voorgrond. Christus is die Verlosser van die wêreld (1 Joh. 2:2, 4-14 e.v.). Tog word in hierdie "geestelike briewe" by die broederskap in Christus die natuurlike verhoudinge nie verbygesien nie (1 Joh. 1:9-14).

(b) *Openbaring*

In Babel of Babilon (Openb. 14:8, 16:19, 17:18) is die mensdom saamgetrek in een kultuur- of, liewer, een beskawings-sisteem en in een politieke en ekonomiese organisasie onder die Antichris. Dit is die beklemtoning van die universele ten koste van die partikuliere. Die partikuliere gaan in die universele op, die indiwidu en die indiwiduele in die gemeenskap (vgl. 9:1 e.v.). Die alternatief moet nie gesoek word in die omkering hiervan, nl. in die benadrukking van die partikuliere ten koste van die universele of van die indiwiduele ten koste van die gemeenskap nie. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende: " ... if we are to ask what is of final importance, my answer is — the individuals are eternal. There is only one eternal society, the Church of Christ, the family of the redeemed in heaven, and the goal of life is that the individual should attain perfection and share in the fellowship of that eternal society" (Rev. E. Lynn Cragg in: *The Christian in a multiracial society,* p. 19). Die voorstelling is dan verder dat die aardse gemeenskappe slegs middele is tot die hoogste doel, " ... the development of the individual personality is ... God's supreme object in human life" (a.w., t.p.). Wat verlos word, is mense; die mensheid is verlore. In soverre die Kerk van Christus hier op aarde verwesenlik is, bestaan dit dan uit los indiwidue en is die natuurlike lewensamehange daarin opgehef. Inderdaad laat die Skrif die volle klem val op die indiwiduele en persoonlike. Klassieke voorbeelde in die Nuwe Testament is Luk. 15 (veral v. 4, 7, 10), Joh. 10 (veral v. 3) en Matt. 18:12-14. In Openbaring kry dit sy swaarste aksent in die opstanding van die dode. Elke indiwidu word opgewek, wie en waar hy ook is (20:11-15). So ook die persoonlike verantwoordelikheid. Klein en groot sien Johannes die dode voor God staan om geoordeel te word, "elkeen" volgens sy werke (20:12, vgl. 2 Kor. 5:10). Maar hoe sterk die nadruk ook al val op die persoonlike en indiwiduele, dit staan ewe vas dat Johannes die gelowige nooit sien as 'n geïsoleerde persoonlikheid of siel of as los indiwidue nie. Hier moet veral gewys word op die twee groepe van Openb. 7, nl. die van v. 1-8 en v. 9-15.

Die eksegese wat hierdie twee groepe wil saamsmelt, maak steeds die indruk van sekere bevangenheid. Die natuurlikste is om die 144 000 (v. 4 e.v.) te laat sien op die "volheid van Israel" (Rom. 11:12, 26) en die groot menigte (v. 9 e.v., vgl. 5:9 e.v.) op die "volheid van die heidene" (Rom. 11:25). Die betekenis is dan dat die volk van God vergader is, nie alleen uit Israel nie, maar uit alle volkere (v. 9 "alle nasies" ens.), d.i. uit die hele mensheid, geheel in 'n lyn met die geslagsregisters (vgl. ook Matt. 28:19; Gen. 22:18). In die lig van die geslagsregisters moet ons 'n stap verder gaan en sê dat die volk van God nie alleen vergader is *uit* die hele mensheid nie, maar dat dit die *mensheid* is, en dan die mensheid in al sy vertakkinge, "nasies, stamme ...", ens. (vgl. 15:4). Dit laat verder die uitroep uit Babilon (18:4), wat herinner aan die uitroep uit Egipte, teen 'n breër agtergrond sien. Die uitroep is gerig tot die gelowiges maar in die gelowiges tot nasies, omdat die gelowiges nie losstaan van verwantskappe nie. Die verwoesting van die laaste Babel beteken dan, net soos die eerste, om die mensheid weer in sy verskeidenheid tot openbaring te bring. Die wederkoms van Christus beteken nie alleen verlossing van indiwidue nie, maar ook van nasies uit die greep van Babel (vgl. hier veral 11:15). Die voorgaande word dan bevestig deur die volgende:

(i) Johannes sien konings en nasies hulle heerlikheid en eer bring in die nuwe Jerusalem (21:24, 26), d.i. hulle kultuur-goedere, elke nasie sy eie. Die kultuur van 'n nasie is sy heerlikheid en eer, nie tot selfverheerliking nie maar tot verheerliking van God. Die natuurlike lewensverbande is dus nie maar middele tot ontwikkeling van die menslike persoonlikheid as Gods hoogste doel nie. Die hoogste doel is die eer van God. Dit moet gesoek word sowel in ons persoonlike as in ons *na*sionale en ander

lewensverbande. Dit is almal terreine waarin God verheerlik moet word.

(ii) Nasies word gesien op die nuwe aarde tot blywende gesondheid herbore (22:2). Die verdeeldheid van nasies en in nasies val daar *weg,* nie die verdeling van die mensheid in nasies nie; die geskeidenheid, nie die verskeidenheid nie. Daar kom die mensheid tot die bestemming waartoe dit moes ontwikkel as die sonde nie gekom het nie. Sonder hierdie einde is die geskiedenis 'n tragiek van nasies. Saamgevat leer Johannes dat ook in die triomferende Kerk die verskeidenheid nie wegval nie — in beginsel sien ons dit in die Kerk op aarde, volkome hierna. Die leidende beginsel in die Nuwe Testament is dat by die universele die partikuliere nooit uit die oog verloor word nie en omgekeerd. As hieraan gehoorsaam word, sal dit 'n getroue wegwyser wees aan die probleem van die rasseverhouding.

E. KONKLUSIES IN VERBAND MET DIE NUWE TESTAMENT

1. Die verskeidenheid in die geskapene in die algemeen en in die mensheid in besonder, moet besien word uit die oogpunt a) dat God self dit handhaaf en b) in soverre menslike verantwoordelikheid daarby betrokke is onder die voorsienige bestel van God.

(a) *Deur God self gehandhaaf*

(i) Die verskil onder mense van allerlei soort is hierdeur gekwalifiseer dat dit verskil van andersoortigheid tussen mens, dier en plant, selfs van die andersoortigheid tussen sekere diersoorte en plantsoorte, waar die moontlikheid van oorgange tussen die een en ander uitgesluit is, omdat die menslike geslag by al sy verskille homogeen is (Luk. 3:23-38; Hand. 17:26). Dit sluit die moontlikheid in van nuwe verskeidenhede in die ontplooiing van die menslike geslag, sonder dat die menswaardigheid daardeur aangetas word (vgl. by geslagsregister by Matthéüs);

(ii) God handhaaf die veelsoortigheid onder mense veral deur taalverskille en verskillende woonplek (Hand. 17:26, wat die laaste betref). In 'n "veelrassige land" het een van die belangrikste faktore wat teen vermenging inwerk weggeval en vind dit plaas al is daar ander faktore wat dit bemoeilik en vertraag.

(b) As *'n* sedelike *en* godsdienstige vraag

(i) Onbetaamlikheid of ongepastheid van vermenging verminder na gelang van die aanpassing wat moontlik is selfs tussen die mees uiteenlopende kulture;

(ii) deur die Goddelike verbod word die mensheid nêrens in die Skrif in twee (of meer) soorte verdeel op grond van natuurlike verskille nie; maar wel op grond van godsdienstige verskille (2 Kor. 6:14-18, vgl. Gen. 6:4) ook in soverre dit op nasies (Christelike en onchristelike) betrekking kan hê.

2. Die feit dat God in die Ou-Testamentiese bedeling 'n volk geroep het as draer van die besondere Openbaring het ook in die Nieu-Testamentiese bedeling nie sy betekenis verloor nie. Dit blyk daarin dat:

(a) dit ook in die Nieu-Testamentiese bedeling nie bloot gaan om die redding van die indiwidu (eie siel) nie, maar om die volk Israel en om die nasies (alle nasies), wat in hulle gelowiges gered word (Luk. 22:24; Rom. 9-11; Matt. 28:19; Openb. 21:24, 26. Vgl. o.a. Gen. 22:18; Jes. 66:12; Dan. 12:1);

(b) die natuurlike samehange en gemeenskappe (geslagte, volkere, rasse) diensbaar bly.

(i) ekstensief, aan die ordelike verbreiding van die Evangelie, soos daaruit blyk dat Israel eerste aan die orde kom (Matt. 10:5, 6; Hand. 2:39a, 3:26) en dit moet gaan van volk tot volk tot aan die uiterste van die aarde (Luk. 24:47; Hand. 1:8) en

(ii) intensief, vir die deurwerking van die Evangelie in alle samehange van die lewe (Christianisering daarvan), Ef. 3:8-10; Openb. 21:24, 26, sodat Christenvolkere ontstaan naas heidense.

3. Die verskeidenheid van nasies (rasse) word ook daarin veronderstel en gehandhaaf dat die Evangelie gehoor en bely word in die moedertaal (Hand. 2:8, 11; Rom. 10:9, 10). So alleen word die hart bereik en die wysheid van God in sy menigvuldigheid deur die mond bely.

4. Die eenheid van die Kerk moet nie gesoek word in die plaaslike Kerk nie, wat hom voeg na samewoning en natuurlike samehange, maar in die noodsaaklike kerkverband, regionaal, nasionaal en ekumenies (oor nasionale en rassegrense heen). Dit kom verder uit in die heilige Doop, die sakrament van die universele Kerk, terwyl die heilige Nagmaal die sakrament van die plaaslike Kerk is, waar alleen die nodige toesig moontlik is. "Gemeenskaplike" Nagmaalsviering moet gesien word as uitsondering, waarby ook rekening gehou kan word met besondere landsomstandighede. Dit moet nie gebruik word as demonstrasie van die ekumeniese eenheid van die Kerk nie.

5. Wesenlik vir die sending ("gaan ... heen", Matt. 28:19) is die oordra van die evangelie deur die Kerk, soos dit tot openbaring gekom het onder een volk tot 'n ander volk in sy taal, wat beteken oorbrugging van grense sonder uitwissing daarvan.

6. Natuurlike gemeenskappe en samehange van die menslike geslag word nie deur die geestelike gemeenskap in Christus opgehef nie, maar met mekaar versoen deur verwydering van vervreemding en vyandskap wat verskeidenheid tot geskeidenheid gemaak het, en geheilig tot samewerking tot die hoogste doel, wat bestaan in die verheerliking van God.

7. Tussen natuurlike gemeenskappe (geslagte, volkere, rasse) en die geestelike gemeenskap (Kerk) bestaan daar 'n noue samehang, sodat dit nie teenoor mekaar staan nie (sektarisme), ook nie met mekaar saamval nie (volkskerk), maar so, dat in die uitverkorenes die menslike geslag in sy geslagte, volkere en rasseverskeidenheid behou word (Matt. 3:9-12; Openb. 7:4 e.v., 9).

8. Liefde tot God sluit liefde in die verskillende menslike samehange nie uit nie, maar in, en bewaar dit vir verafgoding; so ook sluit die liefde tot die eie (familie, volk, ras) liefde tot die naaste (andere en andersoortige) nie uit nie en omgekeerd, asmede van Goddelike oorsprong en voorwerpe van sy liefde in Christus.

9. Terwyl dit kenmerkend is van die werke van God in die skepping en die herskepping volgens die Nuwe Testament, dat die eenheid en verskeidenheid steeds bewaar bly, is die kenmerkende van Babel die verabsolutering van die besondere (volk of ras) en die vernietigende oplossing van die verskeidenheid in 'n gedwonge wêreldomvattende eenheid en eendersheid.

3. LAND EN VOLK IN DIE BYBEL [1]

Op die vraag of ons hiermee na die Bybel moet gaan, en of dit in die Bybel dan nie meer gaan oor die saligheid van die siel nie, moet die antwoord wees: In die Bybel gaan dit oor die saligheid van die siel in verbondenheid met die liggaam van die mens in al sy verhoudinge, verwantskappe en samehange, ook met land en volk.

Die opvatting dat dit in die Ou Testament gaan oor 'n volk en 'n land, maar in die Nuwe Testament oor die indiwiduele gelowige, is so diep ingewortel dat dit nodig is om die Bybel in hierdie verband wéér te lees.

Die feit is dat land en volk ook nie maar net sydelings in die Bybel ter sprake kom nie, maar 'n baie sentrale plek inneem. Vanaf Genesis 11 gaan dit oor 'n volk en 'n land en oor volkere en hulle lande tot by Maleági. Voor Gen. 11 was daar "een volk" met "een taal" (11:6) en, kan ons sê, een land. Die lyn loop deur. In die laaste hoofstukke van die Bybel lees ons van nasies wat in die lig wandel van die nuwe Jerusalem en hulle eer en heerlikheid daarin bring.

Dit gaan in die Bybel oor 'n besondere volk en sy land en in verband hiermee oor volkere en hulle lande.

Dit sal die beste wees om te let op wat die Bybel leer omtrent die besondere volk en sy land om te sien wat afgelei moet word omtrent die afsonderlike volkere en hulle lande.

Die Bybel sien 'n innige verhouding tussen land en volk wat nader aangedui kan word as 'n ideële, 'n natuurlike en 'n verbondsverhouding.

Met die ideële word bedoel 'n verbinding in die gedagte. Die verhouding tussen land en volk is so innig dat die een nie sonder die ander gedink kan word nie. Dit kom daarin uit dat, soos nou nog, en ook in ons eie geval, volkere eenvoudig genoem word na hulle lande, Egiptenare, Assiriërs, Filistyne. Die Bybel gaan hierin voor in die volkeretafel (Gen. 11), waar "die volkere" verdeel is "in hulle lande". 'n Volk word soms eenvoudig genoem "die mense van die land". Só Israel (Eseg. 22:29) en ook ander (Lev. 23:27). Israel word ook genoem "kind van die land" teenoor die "vreemdeling" onder hulle (Lev. 23:26). Dit kom veral hierin uit dat land as vervangingswoord (metoniem) gebruik word vir volk, soos ons "Suid-Afrika", of "Die Republiek" gebruik vir sy volk of hulle verteenwoordigers op enige gebied. In die Bybel kom dit op 'n opvallende wyse voor. Die volk word eenvoudig aangespreek as "land": "O land, land, land, hoor die woord van die Here" (Jer. 22:29). Die land ween (Hos. 4:3; Joël 1:3); die land rouklaag (Sag. 1:11); die land hoereer (Hos. 1:2), doen sonde en begaan troubreuk (Eseg. 14:13); die land is nie gereinig nie en kry daarom nie reën nie (Eseg. 22:24, 31). Hier gaan die woord van volk na land oor sonder herhaling daarvan. Die oorgang kom ook uit in die parallel: "Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar?" (Jes. 66:8). Die verband tussen land en volk is so nou dat 'n volk moeilik gedink kan word sonder land. Dit is ten minste iets ongerymds. Maar dan ook twee volke in een land. Die nuwe term "veelrassige land" probeer ons gewoond maak aan 'n ongerymdheid.

Die innige verhouding tussen land en volk word ook gesien as 'n natuurlike. Die Here het Israel geplant in die land. Juda is die tuin van sy verlustiging (Jes. 5:7). Die inheemse wingerd is die geliefkoosde beeld van die volk. In Jesaja 5 het ons die lied van die wingerd (wat verwilder het), in Esegiël 15 en 17 die gelykenis van die onvrugbare wynstok; in Johannes 15 die van die vrugbare wynstok — dit is Christus.

In hierdie verband kan reeds gewys word op die betekenis daarvan dat na Christus heengewys word as die Spruit (Jes. 4:2, ens.), en dat dit by Jesaja in die gedeelte voorkom waar ook sprake is van die bevrugting van die maagd (7:14), en Hy ook genoem word "die vrug van die land" (Jes. 4:2). Hy is die Wortel uit die droë grond (Jes. 53:1), die Steggie, geplant op die hoë berg van Israel (Eseg. 17:23).

---

[1] *Republiek en Koninkryk,* Pro Rege-Pers Bpk., 1964, p. 24-37.

Die gelykenisse van die Here Jesus aangaande die Koninkryk is so dikwels ontleen aan die land: Die saaier, onkruid in die akker, die landbouers, die onvrugbare vyeboom. Die Koninkryk van die hemele staan in noue verbinding met die land.

Hierdie gedagte van volksplanting druk die natuurlike verhouding uit tussen land en volk. Soos die volk die land kultureel bewerk en 'n volkskultuur opbou, so druk sy land 'n eie stempel op die kultuur van elke volk. Land en volk hang ook ten nouste saam soos daarin tot uitdrukking kom as ons spreek van "landstaal". Net soos gesê kan word: 'n Taal maak 'n volk, so kon ook gesê word: 'n land maak 'n volk. Dit is natuurlik dat waar samewoning is in een land daar ook samegroeiing sal wees, kultureel en andersins. In die geval van meer volke in een land val een van die fundamentele faktore om 'n eie volk te bly en die volkseie te behou weg. Daar is nie maatreëls te besin wat dit kan vervang nie. Daarom is dit natuurlik dat elke volk sy eie land sal hê. By die ontstaan van die afsonderlike nasies lees ons dat dit geskied het "na hulle tale, in hulle lande, in hulle nasies" (Gen. 11:5, 20, 31).

Tot dieselfde slotsom lei die ander beeld, die van die huwelik. By sy terugkeer sal Israel nie meer genoem word "Verlatene" nie en die land weer "Getroude" (Jes. 62:4). As 'n volk nie tevrede is met sy eie nie, maar beslag lê op 'n ander land, is dit gelyk aan hoerery, soos Agab met die wingerd van Nabot. So dan seker ook as twee volke een land wil deel (nie verdeel nie).

Skeiding van land en volk is skeiding van wat by mekaar hoort. Geen groter ellende is denkbaar as 'n volk sonder land nie, of, wat dieselfde is, 'n vreemdeling te wees in eie land. Daaraan ontleen die woord "ellende" sy betekenis. Daarom is ballingskap die groot straf in die Ou Testament. Dit is om vér te wees van die grondgebied (Joël 3:6) en vér weggedryf te wees onder nasies en verstrooi te wees in die lande (Eseg. 11:6) en verlossing is verlossing uit vér plekke (vgl. Ef. 2:13). Vir 'n volk beteken dit ontworteling, ontvolking (ontstamming). Calvyn sê van die verstrooiing: Dit is as 't ware die dood van die nasie. As dit volksbestaan genoem kan word, dan is dit 'n verminkte bestaan soos van 'n siel sonder liggaam. In Jesaja 5 hoor ons die lied van die wingerd; in Esegiël 19:10-13 die klaaglied daarvan.

Daar is ook vergroeiings, verkankering, d.i. verwydering van grense en uitbuiting, die hoog uitgegroeide bome, waarvan die takke tot aan die hemel raak (Jes. 10:33; Eseg. 31:14), soos Assirië (Jes. 10:13), sodat die ander bome, seders, sipresse, platane in hulle omgewing verdring word (Eseg. 31:8). So ook Egipte (Eseg. 31) en selfs Israel (Eseg. 19:11). By Babel het ons die beeld van 'n draak wat verslind (Jer. 51:34, vgl. Openb. 12:4; maar hy moet weer teruggee, 51:44). Hy verswelg nasies. Moab is "geen volk meer nie" (48:42) of "geen nasie meer nie" (48:2), 'n "kaal bos". Dit gaan hier nie soseer om vermenging nie as om "gemengde", d.i. deurmekaar wonende volkere (Jer. 50:37), 'n "gemengde hoop" (St. Vert), soos die geval is ook met Egipte (Jer. 25:20; Eseg. 30:5) en Arabië (Jer. 25:24).

Sulke vergroeiings is daar ook na binne, in die volksliggaam, ewe-eens grensoorskrydinge, ten opsigte van die grond van die land, totdat sekeres alleen grondeienaars in die land is (Jes. 5:8; Deut. 19:4) ten opsigte van lewensterreine, sodat die owerhede (herders) die volk verdring (Eseg. 34:21; 25:8, 9; Hos. 5:10; Joh. 10:10) en die indiwidu opgeswelg word deur die gemeenskap. Dan is die nasie ook 'n draak wat verslind, soos die vis vir Jona, en Israel vir Christus op grond van die leerstelling van Kajafas: Beter die enkeling as die nasie (Joh. 11:50). Soos die vis moet Babel egter weer teruggee (Jer. 51:44, 45 en Openb. 18:4). Dit beteken redding van die indiwidu uit die ingewande van 'n verabsoluteerde nasie en die redding van die nasie uit die kloue van die verabsoluteerde wêreldmag, "elke volk weer na sy land" (Jer. 51:9). Dit is die teken van Jona. Dit sien op Christus en sy Opstanding (Matt. 17:40). Die dood moet weer teruggee. Die individu se onsterflikheid lê nie in die nasie of in die mensheid nie, maar die onsterflikheid van die nasie (en mensheid) lê in sy gelowiges wat opstaan in Christus uit die dode.

Die verhouding tussen land en volk is ook 'n verbondsverhouding. Dit is die

besondere wat die Skrif ons leer in verband met land en volk, spesiaal met betrekking tot die volk Israel en sy land. Israel is Verbondsvolk en sy land die Beloofde Land. Daar is so 'n nou verband tussen land en verbond dat dit gelykluidend geword het: Die Here het hulle uit Egipteland laat optrek en gebring in die land wat Hy aan hulle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie breek nie... (Rigt. 2:1); die Here sal dink aan sy verbond met Jakob en met Isak en met Abraham en dink aan die land, wat Hy beloof het (Lev. 26:42). Die land was nie alleen 'n Beloofde Land nie maar ook 'n land van Beloftes, bestem om te word soos die tuin van Eden (Eseg. 36:35), 'n herhaling dus van die paradys en heenwysend na die nuwe aarde (Eseg. 37:27; Openb. 7:15-17; 21:3).

Die verbond het egter uit twee dele bestaan. As verbondsvolk was Israel verplig tot gehoorsaamheid. Die verbinding tussen land en volk was gebonde aan die hou van die insettinge en verordeninge van die Here (Lev. 18:28). Net soos die land, so was die "insettinge en verordeninge" gelykluidend met die verbond. Verwerping van die insettinge was verbreking van die verbond en derhalwe van die verbondenheid met die land (Lev. 26:17, 33). Saamgevat was die verbondsverhoudinge: Wandel in die insettinge en onderhoud van sy verordeninge, en: woon in die land wat die Here aan hulle vaders gegee het (Eseg. 36:26) "en julle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir julle 'n God wees" (Eseg. 36:28, vgl. Openb. 21:3).

Die insettinge van die Here omvat die hele wetgewing op Sinai (Deut. 28:58), en sluit hulle verhouding in tot God, tot die naaste en ook tot sy besitting in die land (Deut. 19:14) en hulle behandeling van die land self: die ballingskap was ook om die uitgeputte land sy Sabbatsrus te gee (Lev. 26:23). Die onderhouding van die insettinge moes nie maar min of meer geskied nie, maar hulle moes daar baie vas by bly staan om sorgvuldig te doen alles wat geskrywe is in die wetboek van Moses (Deut. 28:1, 58), om nie daarvan regs of links af te wyk nie (Jos. 23:6). Dan sou die Beloofde Land 'n Land van Beloftes wees, van vrugbaarheid van die land, van mens en dier, van welvaart en gesondheid, van seëninge in bedryf en boerdery, van vrede, veiligheid (ook op pad) en sekuriteit (Deut. 28:1-12). By oortreding sou daar skeiding kom tussen land en volk; die land sal nie gee wat dit beloof nie. Die verhouding sal versteur wees. Hulle sal 'n geteisterde, bedreigde, kwynende, rampspoedige, ongelukkige, gefrustreerde volk wees in hulle land (Deut. 28:15-68), deur siektes, honger, wilde diere en oorloë, die vier kwaai gerigte van die Here (Eseg. 14:21; Jer. 14:12 ens., vgl. Openb. 6:1-8). Hulle sal op hulle paaie oorval word deur ongelukke (Deut. 28:19). Hulle sal vreemdelinge wees in hulle eie land, ander heersers in hulle eie land dien, wat die opbrengs van die land voor hulle wegneem (28:33); hulle sal altyd laer afsak, en hulle nie kan handhaaf teenoor die vreemdeling nie, wat hulle sal verbystreef in hulle land (28:43), die land wat die Here aan hulle beloof het. In plaas van sy lewensbodem sal die land 'n dode-akker wees. Die land sal egter nie alleen 'n "menseter" wees nie (Eseg. 3:13), maar hom "uitspuug" (Lev. 18:25, 28). Die einde sal wees letterlike verwydering van volk en land. Die volk sal uitgeruk word (Deut. 28:63) en die land 'n wildernis word (Jes. 62:4). Die verbond sluit dus in dat ter wille van die oortreding van die volk ook die land deur oordele getref word (vgl. Gen. 3:17, 18; Rom. 8:20). En: in die oordele wat die land tref vir die volk se oortredinge, word die volk gestraf vir sy oortredinge.

Die verbond het ook ingesluit: algehele "apartheid", verbod op vermenging met die onder hulle oorgeblewe volkere. As hulle hul sou verswaer en sou vermeng met die volkere sal hulle wees "'n vangnet, 'n strik, 'n angel in julle sye, dorings in julle oë, totdat ;julle omkom in die goeie land" (Jos. 23:13). Vermenging is oortreding van die verbond. Die keersy van die verbond was die banvloek (Deut. 7:2), d.i. algehele uitroeiing (Deut. 20:16) wat nie ineens moes geskied nie, sodat die reste kon dien tot beskerming teen die wilde diere vir die volk Israel (Deut. 7:22). Die uitroeiing was nie maar willekeur nie. Dit was omdat hulle ongeregtigheid vol geword het (Gen. 15:16), omdat hulle die land onrein gemaak het deur 'n "gruwelike vermenging", naamlik van mens en dier (Lev. 18:23). Daarom het die land hulle "uitgespuug" (18:28), wat later ook met Israel gebeur het vanweë hulle ongeregtigheid (18:28).

Die hou van die verordeninge en insettinge was hulle geregtigheid. Die verhouding tussen land en volk was 'n saak van geregtigheid. Deur gehoorsaamheid sou die volk geregtig wees op hulle land. Anders het hulle as Verbondsvolk hulle aanspraak op die Beloofde Land verloor. Die band tussen volk en land was dus ontbindbaar.

Hiermee is die band tussen land en volk egter nog nie ten volle beskryf nie. "Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie, maar julle mag geen verbond met die inwoners maak nie" (Rigt. 2:1). Die onontbindbaarheid van die band straal hier deur. As hulle onbesnede hart hom verneder en hulle boet vir hulle ongeregtigheid dan sal die Here dink aan sy verbond met Jakob en met Isak en met Abraham, en aan hulle land sal Hy dink (Lev. 26:42). Die band was herstelbaar. Ook dan, as hulle in die land van hulle vyande is, verwerp die Here hulle nie en het Hy geen afkeur van hulle nie, sodat Hy 'n einde aan hulle sou maak nie, want Hy is die Here hulle God en Hy sal tot hulle beswil dink aan die verbond met hulle en hulle vaders (Lev. 26:45). Ook dit was ingesluit in die insettinge en verordeninge en die wette wat die Here tussen Hom en die kinders van Israel by die berg Sinai deur die diens van Moses gegee het (Lev. 26:46). Die herstel van die band was seker. Ten diepste het dit in die verhouding tot hulle land nie om hulle gegaan nie, maar ter wille van die Here (Eseg. 20:9, 14 ens., 36:22, 33). Die heidene sou sê: Hierdie mense is die volk van die Here en hulle moes uit die land uittrek (Eseg. 36:20). Dit is die dieper grond van hulle geregtigheid. "Daarom sal die Here hulle uit die nasies gaan haal en uit die lande bymekaar laat kom en hulle in hulle land bring. Dan sal die Here skoon water op hulle giet en sy Gees in hulle binneste gee en sal maak dat hulle in sy insettinge wandel en sy verordeninge hou en doen" (Eseg. 36:24-27). Dit is die nuwe verbond met sy nuwe geregtigheid wat bestaan in vergewing van sondes en die inskrywing van die wette in hulle harte (Jer. 31:31-34) waardeur die band tussen land en volk verseker sal *wees:* "Julle sal woon in die land, wat Ek aan julle vaders gegee het, en julle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir julle 'n God wees" (Eseg. 36:28, vgl. Openb. 21:3).

Omtrent die betekenis hiervan vir die afsonderlike volkere en hulle lande kan hier slegs enkele riglyne gegee word. Hieromtrent bestaan daar uiteenlopende menings.

'n Verklaring wat nie onbekend is nie, is dat (sekere) gegewens direk oorgebring word op die afsonderlike volke en hulle lande sonder inagneming van die verskil tussen Israel as besonderlike volk en die afsonderlike volkere. Hierdie wyse van verklaring kan bestempel word as naïef. Tipies is die nog gangbare beroep op die verbod op vermenging, waarby oor die hoof gesien word dat dit nie gaan om Israel as volk onder volkere nie maar as Heilige volk, en die bewering van hierdie énige karakter teenoor alle volkere, en dat vermenging gelyk gestaan het aan afval van God (Deut. 7:4), en as oortreding geval het onder die eerste gebod. Diegene wat hierdie verbod op vermenging alleen geestelik wil verstaan en laat sien op gelowiges en ongelowiges (2 Kor. 6:14), op skeiding van Kerk en wêreld, moet in die gelyk gestel word. Dit beteken nie dat die godsdienstige en Skriftuurlike fundering van afsonderlike volkere hiermee verval nie, maar slegs die verkeerde fundering daarvan. Die regte fundering is nie in die afsondering van Israel (Gen. 12:1) nie, maar in die verdeling van die mensheid in verskillende volkere (Gen. 10:5; Deut. 32:8; Hand. 17:26), nie deur 'n verbod op vermenging nie, maar "in hulle lande elkeen na sy taal" (Gen. 10:5, 20, 31). Wil 'n volk sy afsonderlikheid bewaar, dan moet daarby kom: Elkeen in sy land. Geen volk sal daarin slaag om by hierdie ordinansie van God verby te kom nie, ook nie deur 'n verbod op vermenging nie. In samehang hiermee moet ook gesien word 'n diep ingewortelde godsdienstigheid wat die toekoms van land en volk afhanklik maak van die godsvrug van die volk en die bewaring van die geloof van die vaders (vgl. die vyfde gebod). Dit is oorbekende klanke. Dit is so diep ingewortel dat dit baie onvroom skyn te wees en skyn in te druis teen ons volkstradisie as hierdie soort vroomheid enigsins aangetas sou word. Tog moet gesê word dat in hierdie volksvroomheid die onderskeid tussen Israel as besondere volk en sy land en die afsonderlike volkere en hulle lande verbygesien word. Is die verskil dat die verhouding tussen land en volk by Israel 'n godsdienstige of 'n verbondsverhouding was, terwyl die verhouding by die ander volke wel as 'n ideële,

kulturele, natuurlike, maar nie as 'n godsdienstige beskryf moet word nie? Die antwoord is: Die *verhouding van* elke volk *tot sy land* is ook 'n godsdienstige, 'n godsdienstige dan nie in die sin van 'n min of meer godsdienstigheid, waardeur 'n volk sy toekoms en die van sy land kan verseker of verbeur nie, maar in die sin van 'n verbondsverhouding, d.w.s. 'n deur God bepaalde en gelegde verhouding. Die verskil is egter dat die verbondsverhouding by Israel 'n besondere, die Sinaïtiese, was en by die afsonderlike volke en hulle lande 'n algemene, die Noagitiese. Die Sinaïtiese was dat God met Israel, die besonder begunstigde volk en sy land (vgl. Jes. 5) sou handel volgens hulle sondes. Die Noagitiese was dat die Here met die nasies en hulle lande nie sou handel volgens hulle sondes nie (Gen. 8:21, 22). Hy sou sy son laat opgaan oor slegtes en goeies en laat reën op regverdiges en onregverdiges (Matt. 5:45; Hand. 14:17). In die gangbare godsdienstigheid gaan die Noagitiese skuil agter die Sinaïtiese; word ons volkslewe geplaas op die basis van verdienstelikheid en prestasies in plaas van 'n genade-grondslag; tree ootmoed en dankbaarheid wat weet van genade alleen, ook in die volkslewe, op die agtergrond om plek te maak vir 'n ingesteldheid wat homself verhef op die oordele wat ander volkere en hulle lande tref, soos in die geval van die Galileërs, en die mense wat getref is deur die ramp van die toring van Silóam (Luk. 13:1-5). Die antwoord van die Here Jesus kom daarop neer dat 'n mens maar net in ootmoed kan dank dat die rampe jou volk en land nie getref het nie, want "daar is geen onderskeid nie" (Rom. 3:22).

'n Groot verskil tussen Israel en die nasies is dat Israel ook Openbaringsvolk is, nie alleen in die sin dat God sy woorde aan hulle toevertrou het nie (Rom. 3:2), maar ook dat die hele geskiedenis van Israel 'n openbaring van God op die nasies is. Die openbaring in die besondere volk Israel aan die afsonderlike volkere is dat geen nasie enige geregtigheid het van sy eie waarop hy voor God kan staan, ook met betrekking tot sy land en sy toekoms nie. Dit beklemtoon die Noagitiese verbond vir die volkere, waarby Paulus ook aansluit (Hand. 14:17).

Ander menings is dat die gegewens omtrent Israel en sy land beperk moet word tot Israel, hetsy dan te verstaan as vleeslike Israel, met die verwagting van 'n letterlike vervulling van die profesieë, wat inhou die herstel van die gebroke verhouding tussen land en volk in 'n duisendjarige ryk (Chiliasme), hetsy te verstaan as geestelike Israel (die Kerk) wat die natuurlike Israel kom vervang. Die geskiedenis van Israel en sy land — ballingskap en terugkeer — beteken in hierdie geval: ondergang van die volk Israel om 'n geestelike Israel daaruit te laat opstaan. Aldus die gangbare vergeesteliking o.a. van Esegiël 37.

By al die heftigheid waarmee hierdie twee menings mekaar bestry, is hulle hierin een, dat die afsonderlike volkere en hulle lande los staan van die besondere volk Israel en sy land, in die een geval so, dat die toekoms van Israel en sy land die van die ander volkere en hulle lande, ook van eie volk en land, geheel oorskadu; in die ander geval so, dat die afsonderlike volke en hulle lande soos Israel opgelos word in die geestelike Israel, en die gelowige ook innerlik losgemaak word van sy land en volk. Land en volk is dan nog hoogstens "voorlaaste dinge" wat heenwys na 'n hoëre, geestelike gemeenskap en waardes.

Die betekenis van die besondere volk Israel en sy land vir elke volk en sy land kan alleen ingesien word as die besondere volk Israel en sy land nie losgemaak word van die afsonderlike volkere en hulle lande nie, en ook die geestelike nie van die letterlike nie. Hier kan slegs 'n aanduiding gegee word. Die terugkeer van Israel na sy land sien ten diepste op die geestelike terugkeer tot God (Mark. 1:3, 4, vgl. Jes. 40:3). Die terugkeer van Israel het egter ook letterlik plaasgevind. Dit was dat hulle dáár, in hulle land (Mark. 1:5) deur Johannes die Doper tot bekering gebring sou word, dat dáár die Heilige Gees op hulle uitgestort sou word (Eseg. 36:24-38, vgl. 20:40-44). Die dieper grond vir hulle terugkeer was dat dáár, in die land van die belofte, die Christus gebore sou word. Hy moes juis daar gebore word, in Betlehem (Miga 5:1) "as vrug van die land". Christus het sy geboortegrond gehad, sy vaderland, sy moedertaal. Dáár het Hy die Nuwe Testament opgerig in sy bloed.

Wat was die inhoud van die Testament? En wie die erfgename?

Die Testament het 'n geestelike erfenis bevat: die Koninkryk van die hemele en sy geestelike goedere. Maar ook 'n letterlike erfenis: Die Koninkryk van die hemele sluit ook die aardryk in as erfdeel van die regverdiges (Matt. 5:3 en 5). Dit is die erfdeel van die volk van God. Die volk van God is die gelowiges uit alle nasies en stamme en volke en tale (Openb. 7:9), en die gelowiges uit Israel en al sy stamme (Openb. 7:4-8).

Mag ons ook sê: Alle nasies en stamme en volke en tale en geslagte in hulle gelowiges?

Dan beteken die terugkeer uit die ballingskap nie alleen 'n geestelike opstanding vir Israel nie maar ook 'n letterlike opstanding uit die dode (Eseg. 37:12, 13; Rom. 11:11, 15) om sy erfdeel te ontvang op die nuwe aarde, "want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees" (Jes. 66:22).

Maar dan ook vir elke geslag en volk in sy gelowiges wat vreemdelinge en bywoners is in hulle vaderland wat, al is dit vry, staan onder die heerskappy van die dood. Die erfgenaam is die menslike geslag: Die boom met sy vertakkinge soos dit gegroei het deur die eeue.

Dit is die betekenis van die besondere volk Israel en sy land vir die afsonderlike volkere in hulle lande. Israel is afgesonder van die volkere in sy land om tot 'n seën te wees vir die afsonderlike volkere in hulle lande, in sy saad — in Christus.

Die band tussen land en volk is soos by Israel nie alleen 'n natuurlike, kulturele, ideële nie, maar ook testamentêr: dit is 'n saak van geregtigheid. Deur die geloof is 'n volk geregtig op sy land.

Só kan 'n volk eers met reg spreek van sy land as sy erfenis.

4. 'N RIGTINGGEWENDE BESLUIT [1]

'n Verstrekkende besluit is deur die jongste Sinode van die Gereformeerde Kerk geneem in verband met organisasies waaraan geheimhouding verbonde is. Die besluit behels tweërlei:

(1) Dat dit in 'n vroeëre besluit (1863) nie gegaan het om alle organisasies waaraan daar geheimhouding verbonde is nie, maar slegs teen bepaalde geheime organisasies soos vrymesselary (wat uitdruklik genoem word), "wat strydig is met die geestelike karakter en die hemelse aard van die kerk", en

(2) Dat onderskei moet word tussen geheimhouding as sodanig en die misbruike wat daarvan gemaak kan word. Hiermee is gesê dat, hoewel kwaad gewoonlik in die geheim gesmee en ook gedoen word, iets nie verkeerd hoef te wees omdat dit in die geheim gedoen word nie. Geheimhouding dien dikwels ook 'n goeie doel. Dit is selfs in gevalle noodwendig, om 'n goeie doel te bereik soos bv. by oorlogsvoering, hetsy 'n gewapende oorlog of ook in 'n stryd om behoud en bevordering van beginsels en waardes. In werklikheid gaan dit by enige organisasie, ook sulkes waaraan geheimhouding verbonde is, om sy konstitusie, en of so 'n konstitusie bedek gehou word, omdat dit die lig nie mag sien nie — omdat dit verkeerd is, of omdat dit 'n blootlegging sou wees waaruit die vyand munt kan slaan.

Beginsels

Omdat daar veral aan geheimhouding sekere gevare verbonde is, is deur die Sinode sekere beginsels neergelê wat in ag geneem moet word ten opsigte van lidmaatskap van sodanige organisasies. Die beginsels is die volgende:

Lidmaatskap van sodanige organisasies "mag in generlei wyse die uitoefening van die kerklike tug strem nie, nog wat lidmate onderling betref, nog wat die amptelike optrede van die kerkraad betref.

Onder geen omstandighede mag so 'n organisasie hom laat geld op kerklike vergaderings en op kerklike erf nie. 'n Afrikanerbroederskap en die bevordering van volksbelange, hoe loflik op sigself ook al, mag nooit beklemtoon word ten koste van die broederskap in Christus of dit enigsins oorskadu nie".

Die bedoeling van die Sinode was seker nie om 'n volledige stel reëls te gee nie, en ook nie om die verhouding van sulke organisasies te bepaal teenoor alle lewensverbande nie, maar dit het bepaald gegaan om die verhouding tussen sulke organisasies en die Kerk. Die Sinode het hom hierin bepaal tot sekere grondbeginsels. So ver as dit geld, kan dit seker ook van toepassing gemaak word ten opsigte van ander lewens-verbande, bv. vir die politieke lewe.

'n Vreemde gewas

In hierdie besluite het die Kerk hom daarvan weerhou om 'n indeks te open van ongeoorloofde en geoorloofde organisasies, 'n lys wat dan altyd langer sou word *met* die loop van die tyd. Dit is gelukkig. Wat 'n toestand sal dit afgee as die lidmate altyd vir die Kerk moet gaan vra aan watter organisasie hy of sy mag behoort, en watter nie. Die Kerk het hier aan sy lidmate slegs leiding gegee om self te kan uitmaak waaraan hulle kan behoort en waaraan nie. Ons het hier riglyne wat vir elkeen duidelik behoort te wees. Die senu van die Kerk, so is deur die groot hervormer, Calvyn, gesê, is die kerklike tug. Die kerklike tug wortel in die gemeente, in die toesig van die een lidmaat op 'n ander. As dit enigsins belemmer word, dan is die liggaam siek. Nou weet ons, as ons aan 'n organisasie behoort wat belemmerend werk op die kerklike tug, dan is sodanige lidmaatskap onverenigbaar met die van die Kerk. Die enigste regeermag in die Kerk is Christus deur sy Woord en Gees. As lede van 'n geheime organisasie hulle daartoe sou laat verlei om 'n drukgroep te vorm in die kerklike lewe, of op kerklike

---

[1] *Woord en Daad,* jg. VII, no. 29, 15 Feb. 1964, p. 7-8.

vergaderings, dan het ons met 'n vreemde gewas in die Kerk te doen, wat so spoedig moontlik verwyder moet word.

Die naaste wat dit in hierdie besluite kom aan 'n bepaalde organisasie, nl. die Afrikaanse Broederbond, is in die laaste beginsel wat neergelê word, waar sprake is van 'n "Afrikaner-broederskap" en "die bevordering van volksbelange". Dit gaan hier egter om 'n broederskap in nasionale sin. Is dit in stryd met ons broederskap in Christus? Hoegenaamd nie, ook nie so 'n broederskap in nouere samesluiting nie. Dit bly maar 'n volksbroederskap. Die broederskap in Christus sluit ons volksverbondenheid nie uit nie, net so min as familieverbondenheid. Dit verbind ons eerder nog meer as familie en as volk. Paulus bly spreek van sy volksgenote as sy broers na die vlees, en hy brand van liefde vir sy volk, al verwerp hulle hom. Dus, ons broederskap in Christus verhoog ons volksbroederskap. Maar wat nooit mag gebeur nie, is dat ons ons volksbroederskap mag verhef bo ons broederskap in Christus. Dit is die hoogste en moet die hoogste bly.

Die vraag is of daar meer beginsels gestel kan word. Dit is moeilik om te sê. Wat hier gegee word, toon die pad duidelik aan.

Dit geld nie *alleen wanneer iemand voor* die keuse gestel word van sodanige lidmaatskap nie, maar ook vir die wat lede is. Geen organisasie, geheim of nie geheim nie, is daar wat nie feilbaar is nie. Aan sy lidmate wat lede is van so 'n organisasie het die Kerk hier beginsels gegee om te reformeer waar dit nodig is. Die Gereformeerde Kerk het deur hierdie besluite getoon dat hy — ook in die volkslewe en in die maatskaplike lewe — getrou wil wees aan sy beginsel: Reformata reformanda.

5. VOLKSKONGRES OOR KOMMUNISME [1]

ONS MOET HIERDIE SAAK IN SUIWER BELIGTING SIEN

Daar is ongetwyfeld baie te sê vir die voorgenome anti-Kommunistiese volkskongres. Dit is veral van groot belang om hierdie volksvyand, wat in die stilte al nader kruip, beter te leer ken in sy strategie. Waardevolle verkenningswerk is in hierdie verband reeds gedoen en aan die lig gebring in verskillende publikasies deur meer as een van ons volksleiers, kerklike ampsdraers en joernaliste. Dit is nodig dat ons ons sal laat inlig, want ons volk staan sekerlik nie buite die aanslag van hierdie wêreldverowerende mag nie. Om slaggereed te wees, moet ons kennis dra van die bewegings en die strydmetodes van die vyand.

Daar is egter ook sekere gevare aan so 'n kongres verbonde waarvoor ons op ons hoede moet wees.

Ons moet oppas dat ons nie in die versoeking val om die strydmetodes van die Kommuniste te gaan aanwend vir ons stryd teen die Kommunisme nie. Dit sal neerkom om die hantering van 'n vreemde wapenrusting wat die meester altyd beter sal hanteer as die leerling. Of die leerling moet geslepener word as die skelm om die meester-van-die-kuns te vang. Maar dan ruil ons ons Christelike wapenrusting vir 'n onchristelike. Ons moet as gelowiges ons van die Kommunisme distansieer deur geregtigheid te beoefen en deur teenoor sy leuenpropaganda die waarheid te betrag, gedagtig aan die Skrifwoord: "Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?" (Miga 6:8). Ons moet onthou dat die Kommunisme 'n gésel is om ons tot 'n besef van ons sondes te bring.

Naderhand vreemde bedmaats

Ons moet oppas dat ons nie so beïndruk word deur die Kommunistiese gevaar dat ander teëstellings daarteenoor vervaag nie. 'n Joodse geleerde het gesê die Kommunisme is teen alle godsdiens. Dit is so. Maar nou moet ons oppas dat ons nie so één gaan voel met die "medebroeders in verdrukking" dat ons die Christendom maar gaan sien as 'n bedreigde godsdiens in 'n samebundeling met ander godsdienste nie. Dit geld ook die teëstellings binne die Christendom. Op so 'n anti-Kommunistiese kongres sou byvoorbeeld die Rooms-Katolieke Kerk ook sterk kan figureer, want die Katolisisme is sterk anti-Kommunisties. Rome het, in Amerika veral, die Protestantse Kerke selfs beskuldig dat hulle die Kommunisme deur hul kerklike verdeeldheid in die hand werk. Rome buit dus die anti-Kommunistiese front-vorming uit om subtiele propaganda te maak vir sy kerk — natuurlik sonder om daaraan te herinner dat hy ondertussen talle Protestantse martelare op sy kerfstok het en in Spanje en elders met geloofsvervolging besig is.

Kommunisme het dit veral ook teen kapitalisme en ook teen nasionalisme en teen die Westerse beskawing. Nou moet ons ook oppas dat ons Christendom en kapitalisme en nasionalisme en beskawing nie al te nou met mekaar gaan verbind nie — ongeag die verkeerde uitwasse wat dit in hierdie sondebedeling mag aankleef — sodat, as die Christen krities moet staan teenoor kapitalisme of selfs teenoor sy eie nasie, as die pad van die sonde bewandel word, hy sommer bestempel word as 'n volksverraaier nie. Sy protes kan byvoorbeeld soms juis van die grootste nasieliefde getuig.

'n Strydmetode van die Kommunisme is om te kondisioneer. Hulle beoefen breinbevrugting. Ons moet nou oppas om nie anti-gekondisioneer te raak nie, d.w.s. tot swye gebring te word waar die kwaad in eie boesem besweer behoort te word. Die groot gevaar is dan dat ons juis die Kommunisme, die mag van goddeloosheid in hierdie moderne gedaante, in ons eie geledere in die hand werk. Daarmee sal die Kommunisme 'n groot slag geslaan het, want dit gaan by die Kommunisme in die laaste instansie nie

---

[1] *Woord en Daad,* jg. VII, no. 29, 15 Februarie 1964.

teen die nasie nie, maar teen Christus en sy Kerk.

Sprinkane

Dit word gesê en baie nagesê dat die Kommunisme die Kerk gebruik *om* die volk te verdeel. Dit is die een kant. In werklikheid is die Kerk al klaar 'n verdeling van die volk. Daar moet tog 'n lyn wees tussen gelowiges en ongelowiges. Die ander kant is dat volksbelang ook gebruik kan word om die Kerk te verdeel. Dit is 'n fyn taktiek. Die laaste doelwit van die Kommunistiese aanslag is nie die volk nie, maar die Kerk. Die Kommunisme is soos 'n sprinkaanswerm (Openb. 9:1-12) wat 'n mens in verwarring bring. Jy weet nie altyd waar om te keer nie. Ons moet oppas om nie ons hele lewensiening deur die Kommunisme te laat bepaal nie. Laat ons dit duidelik verstaan: Die Christendom moet nie net gesien word vanuit sy teenstelling tot die Kommunisme nie. Dit vereng die teenstelling. Die Christendom moet hom kant teen *alles* wat teen Christus ingaan, ook in die nie-Kommunistiese kamp, ook in die sogenaamde "vrye" wêreld. Ons mag nie aan die Kommunisme 'n ereplek gee wat hom nie toekom nie. Dit is nie al mag waarmee ons te reken het nie. *Die Christendom is dus nie anti-Kommunisties en niks meer nie, maar die Kommunisme is antichristelik.* Die Christendom is oorspronklik, die Kommunisme nie. Die Kommunisme is die produk van Satan, die na-aper. Dit teer maar net op die Christendom, veral op ons foute. Die beste bestryding van die Kommunisme is derhalwe grondige selfkritiek. Maar nou hoor ons: Dit mag nie. In ons mens-verankerdheid, ons humanistiese ingesteldheid ook in die Protestantse wêreld, duld ons nie so iets as sondebesef en die prediking van eie verdoemlikheid nie. Ons gaan veelal van die gedagte uit dat ons daarmee die Kommunisme in die hand werk. Dit wil dan juis twyfel saai, ons selfvertroue breek. Ons moet baie oppas vir hierdie opsmukkery van ons eie kragte, ons Westerse en Blanke vermoë om die mas self op te kom. God leer ons dat ons alleen sterk is wanneer ons in die besef van afhanklikheid voor sy aangesig swak is en in ootmoed tot Hom nader. In oordrewe selfversekerdheid lê ons groot gevaar. As ons swak is dan is ons sterk. Ons krag lê nie in selfvertroue en in geloof in onsself nie, maar in vertroue op God en geloof in Christus.

Die Kommunisme is beslis nie al wat antichristelik is nie. Daar is baie onchristelike en antichristelike dinge, soos kapitalisme en imperialisme in al sy vorme. Ons moet die sonde orals en altyd onderken. Nasionalisme kan selfs ook onchristelik wees, selfs antichristelik. (Dink maar aan die Nasionaal-Sosialisme.) Daarom moet ons oppas om nie soos 'n trop beeste so vir die een leeu te skrik, dat ons in die kloue van die ander leeus wat ons voorlê, te lande kom nie.

Waaroor gaan die stryd?

Dan moet ons veral ook oppas om van ons stryd teen die Kommunisme nie 'n kleurstryd te maak, in die sin dat ons die rooi gevaar vereenselwig met die "swart" gevaar nie. Die gevolg sal wees dat ons aan twee fronte sal moet veg (terwyl in werklikheid die swart nasies saam met ons bedreig word deur die rooi gevaar), en dat ons vir die blanke beskawing alleen moet veg sonder die Christelike Weste. Ongelukkig is dit so dat die rassestryd by ons ook 'n klassestryd is. Ons moet die twee uitmekaar maak, *werklik* uitmekaar. Die beste bestryding van die Kommunisme sal wees om ons los te maak van die swart proletariaat, die vastrapplek van die rooi gevaar teen ons.

Wat ons swak maak teen die Kommunisme is ons innerlike verdeeldheid. Nie die verdeeldheid in partye nie, maar ons verdeeldheid van hart, die gehink op twee gedagtes, naamlik om ons self te behou en ondertussen die nieblanke arbeid nie heeltemal prys te gee nie. *Laat ons vra: Wat baat die stoflike voorspoed ons as ons onsself verongeluk?*

Ingewikkeld

Ons maak ons stryd ook te ingewikkeld. 'n Mens weet naderhand nie meer waarvoor jy veg nie. Waaroor gaan die stryd?

Veg ons vir die Christendom? Veg ons vir die blanke beskawing? Nee, ons veg vir ons

volksbestaan, en ons beveg die Kommuniste, omdat dit ons volksbestaan bedreig. Die reg kan niemand ons ontsê nie. Daarvoor hoef ons by niemand verskoning te maak nie en ons hoef dit nie te kamoefleer nie. Miskien red ons nog die blanke beskawing ook, as dit nie al te oormoedig klink nie. Die Christelike kom daarin uit dat ons stry vir ons volksbestaan — nie in vertroue op onsself nie, maar in vertroue op God, ook met 'n "Laat U wil geskied" daarby.

Daarom verwelkom ons dit dat daar in die oproep wat so pas verskyn het net sprake is van 'n Volkskongres oor Kommunisme. Laat almal vir wie ons volksbestaan na aan die hart lê, soos een man daarheen optrek.

6. CALVYN OOR DIE LEWE [1]

Waar Calvyn dit oor die lewe het, tree drie gedagtes veral op die voorgrond, die van natuurlikheid, van menslikheid en van orde — met die van orde voorop, want God is 'n God van orde. Daarom moet die lewe ook gekenmerk wees deur orde.

Wat die natuurlikheid betref, merk 'n skrywer op dat Calvyn in al sy geskrifte nooit na die natuurskoon van sy Switserse stad Genève verwys nie. Het Calvyn dan nie 'n oog vir skoonheid gehad nie? Laat ons maar na Calvyn self luister: "Die aarde," sê hy, "is vol skoonhede en aangenaamhede, eienskappe wat opheffing bring in ons aardse lewe". Die opvatting van die lewe wat 'n mens net wil beperk tot die allernoodsaaklikste noem hy 'n "onmenslike wysbegeerte", wat van 'n mens 'n blok wil maak en ons beroof van die weldadigheid van God. Calvyn wil vryheid hê — vryheid om te gebruik en ook om te geniet, maar dan só *dat ons vry bly;* dat die gawes, sê hy, nie stroppe word wat ons verwurg nie. Hoe word ons daarvan bewaar? Calvyn antwoord: Bly binne jou grense — die van God geordende grense. Dan het die lewe sy vrye loop, soos 'n rivier binne sy walle. So moet daar orde wees in die lewe en ook ordentlikheid by die gebruik en genieting, daarin dat ons die Gewer nooit in sy gawes vergeet nie.

Lewensverwoesters

Calvyn noem vyf groot verwoesters van die lewe. Die eerste is: Oorlog. Dan (in volgorde): Seksualiteit, weelde, dronkenskap en ambisie. Die laaste vier: Revolusiemagte wat die lewe van binne verwoes, en daarom onderdruk moet word — teenoor die een van buite. In verband met die laaste (ambisie) sê Calvyn treffend: "Soos 'n boom diep wortels moet slaan om opwaarts te groei, so sal elkeen wat sy siel nie diep in nederigheid laat wortel nie, hom verhef tot sy eie ondergang". Calvyn het dans skerp veroordeel omdat dit in verband staan met die eerste groot lewensverwoester na oorlog.

Daar is haas nie 'n lewensgebied wat Calvyn nie aanraak nie — vermaaklikheid, ontspanning, kleredrag, geselligheidslewe en wat nie al nie. Oor die kwessie van klere sê hy: dit is gegee nie net vir bedekking nie, maar ook vir versiering. Vandag sou hy miskien sê, nie net vir versiering nie maar ook vir bedekking. In ieder geval: Nie slordigheid nie, nie sorgeloosheid nie, ook nie swierigheid nie, maar sierlikheid en netheid. Calvyn spreek selfs van ons stede en dorpe. Dit moet netjies en skoon wees, want, sê hy, wanneer God deur sy genade onder sy volk woon, moet ons ag gee op skoonheid, nie alleen in die innerlike nie, maar ook in die uiterlike. So moet volgens Calvyn die godsdiens ons ganse lewe deurdring, tot in die kleinste. Daar is geen heilige en profane terreine in die lewe nie. Die hele lewe behoort aan die Here. Dit is, in een woord, *Calvyn oor die lewe.*

Wat ons by al die goeie in die lewe nie moet vergeet nie, is dat die lewe self die grootste gawe is, daarom wil hy dat ons ons geboortedag altyd dankbaar sal herdenk.

Calvyn hou hom natuurlik ook besig met die "groot dinge" van die lewe.

As hy dit het oor die lewe, handel hy ook oor die volkslewe en oor menslike verhoudinge, terreine waarop daar steeds wanorde geheers het, veral vandag: Volkere wat die een die ander wil verdring, en die een hom aan die ander wil opdring; 'n volkslewe, wat die enkeling wil verdring; en tans weer 'n mensheids-ideaal wat die volkslewe wil verdring. So slinger dit heen en weer.

As ons in die verwarrende situasie van vandag wil luister na Calvyn, dan sê hy vir ons twee dinge.

Die eerste is: Die volkslewe is 'n verordening van God. Daar is by Calvyn geen sprake van 'n Christendom los van die volkslewe nie, of van 'n Christendom wat ons uit die volkslewe uitlig nie. Inteendeel, hy is die vader van die Christelik-Nasionale gedagte

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 67, nr. 1750, 27 Mei 1964, p. 13, 15, 16. Die inhoud van hierdie stuk is gelewer in 'n praatjie oor die senders van die S.A.U.K.

(met die koppelteken!), waarin die Christendom en die volkslewe onlosmaaklik aan mekaar gekoppel is. Maar dan weer presies in hierdie orde, met die Christelike voorop en nie die nasionale nie, sodat die Christelike bepalend is vir die nasionale en nie die nasionale vir die Christelike nie en sodat die Christen, óók uit liefde vir sy eie, sal ingaan téén sy eie vir die Here — al is dit ten koste van homself. Calvyn is dan ook deur sy Volk verban, maar weer teruggeroep toe die nood aan die man was.

Volk en menslike geslag

Die tweede wat Calvyn vir ons te sê het, is: Ons met ons volk behoort aan die menslike geslag. Dit is net uit die Heilige Skrif, herinner Calvyn ons, dat ons weet dat die menslike geslag een van oorsprong is. Die evolusionistiese gedagte van verskil in oorsprong en van mensesoort, wat tydig en ontydig by ons ingedra word, is onchristelik. Almal is lede van een liggaam, aldus Calvyn. Daarom kan ons ons nie isoleer nie, sonder om onsself te vermink. Net so logies: Daarom kan ons ook nie geïsoleer word nie, sonder dat die liggaam van die mensheid homself vermink. Geen lid, hoe klein ook al, is verhandelbaar nie. Verder, sê Calvyn, waar daar ook stryd in die wêreld is tussen wie ook al, moet dit ons ter harte gaan, want dit gaan ons aan. Die eenheid van die menslike geslag rus verder daarop dat ons almal na die beeld van God geskape is. Daarom mag ons niemand verag nie. As ons sê: "Maar die en die is dit nie werd nie", dan sê die Here: "Ek het hom verwerdig en met my beeld versier".

Huisgesin

Die band waaraan God voorkeur gee bo alle bande, sê Calvyn, is die huwelik en die huis. Deur die huis vloei die stroom van die lewe. Hier het ons ook die grondbeeld van alle menslike verhoudinge: Nie gelykheid nie. Ook nie ongelykheid nie. Maar die wonderlike van onderlinge afhanklikheid. Die wonder van 'n meerdere wat ook mindere wil wees; 'n vader wat ook vriend is van sy kind. Dit is ook die leerskool vir gehoorsaamheid, so noodsaaklik vir die lewe — ook later met sy onverbiddelikhede. Daar laat die Here ons dit leer onder die "beminnelike juk van die huisgesin". Die behoud van 'n volk teen revolusionêre magte lê in die behoud van die huisgesin.

Beroepswerk

Dit is die moeite werd om te luister na wat Calvyn oor die beroepslewe sê. Dit is nie iets wat mense kan uitdeel nie, net so min as wat die mensheid kan beslag lê op die goedere van die wêreld om dit uit te deel. Waar kom anders die wonderlike verskeidenheid van talent en aanleg vandaan? Die woordjie *beroep* sê vir ons: Die Here roep ons — nie net tot die ewige lewe nie, maar elkeen ook tot sy plek in hierdie lewe. Calvyn spreek ook van status, ons staanplek in die lewe. 'n Mens se plek in die lewe is in jou volk; en in jou volkslewe, jou beroep. 'n Mens is nie Christen eenkant met nog 'n wêreldlike beroep anderkant nie. Die Christelike kom ook nie daarin uit dat jy 'n tydjie vind vir jou geestelike werk naas jou beroep nie. Nee, dit bestaan daarin dat jy in jou beroep God en jou naaste dien. Ook in die nederigste. 'n Volksliggaam is dan ook nie 'n volwaardige liggaam nie, as hy nie oor sy eie hande en voete beskik nie. Opmerklik, Calvyn behandel die beroepslewe onder die tiende gebod — Jy mag nie begeer nie — dit wil sê: arbeid veredel en is edel, elke arbeid. Die groot saak in die beroepslewe is maar net: Getrouheid, ook in die geringste.

Kultuurlewe

Ook in die kultuurlewe (wetenskap, kuns, tegniek) het Calvyn *orde* gebring deur die kultuur self binne sy grense te bring en elke onderdeel daarvan, sodat die een die ander nie verdring of oorheers nie. Die kultuur tree buite sy grense (oortree dus en versondig homself) as dit hom begeef op die terrein van verlossing (hetsy om die Christendom te verdring soos die Kommunisme, of om die Christendom aan homself diensbaar te maak soos grootliks in die Vrye Weste, en ook maar hier by ons). Dit skep sodoende net eindelose verwarring. Die doel van die kultuurlewe sien Calvyn in die verheerliking van God, in Wie ons verlossing versekerd is. Daarom verwerp hy ook die idealistiese gedagte van kuns om kuns en wetenskap om wetenskap, ens. Daarvoor was hy te realisties-

menslik. Dit gaan immers in die kultuur ook om die verheffing en verryking van mekaar se lewe, ook van volkere. Maar bowenal om die eer van God. So kry elke uiting van die kultuurlewe en elke vak in die wetenskap sy plek en betekenis in die geheel. Dit is soos Calvyn Christendom en kultuur verbind en wat ons moet verstaan onder Christelike kultuur en wetenskap.

Aan God alleen die eer

Calvyn is bekend as kerkhervormer. Sy groot betekenis was dat hy ook hervormer was van die lewe — op elke gebied.

Die natuurlikheid en eg-menslikheid van Calvyn kom veral uit as hy spreek oor die Opstanding. Watter mens is daar wat nie uitsien na die onsterflikheid nie? Daarin verskil hy van 'n dier. Hoe onmenslik dan die ideologieë van die wat hulle net bekommer oor die hede en oor brood, of oor 'n toekomstige gelukkige mensheid en die wat wás, vergeet.

Sonder blydskap en hoop is die lewe geen lewe nie. Deur die geloof in die opstanding en die ewige lewe kan 'n mens in jou droefhede en teleurstellings, eg menslik, droewig wees maar altyd hoopvol en bly.

Calvyn oor die lewe vat ons saam in drie woorde: SOLI DEO GLORIA.

7. DIE KERK EN DIE VOLKSBELANG [1]

Volgens verslag *(Dagbreek,* 25 Oktober) het die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, by geleentheid van die kultuurdag te Heilbron ernstig gewaarsku teen 'n sogenoemde "sosiale godsdiens" en by geleentheid van die 50-jarige bestaan van die Nasionale Party te Pietersburg het hy op 14 November skerp gereageer teen die verslag van die Britse Raad van Kerke.

In die lig van hierdie verslag kan hy nie sien hoe predikante van die Afrikaanse Kerke die uitnodiging van die Presbiteriaanse Kerk kan aanvaar om Brittanje te besoek nie. "Die teenwoordigheid van ons kerke op Cottesloe sou 'n kleiner sonde gewees het as om nou hierdie uitnodiging te aanvaar".

Volgens die verslag van *Dagbreek* het dr. Verwoerd hom op Heilbron by kultuursake bepaal en het hy gesê dat op "godsdiensgebied" ons daagliks sien hoe dat pleks van die geloof in God en die Evangelie van Christus as basis te behou, daar al meer weggeswaai word na sogenaamde "sosiale godsdiens". In hierdie verband het hy na die Wêreldraad van Kerke en "ander wêreldliggame" verwys wat bereid sou wees "om die evangelie uit die godsdiens te haal en onderlinge gevoel daarin te plaas".

Van binne

Volgens dr. Verwoerd is dit vir die behoud van ons volk noodsaaklik dat ons ons "Christelik-Calvinistiese erfenis nie verloor nie", en hy waarsku teen die moontlikheid om 'n volk van buite te vernietig, deur wapengeweld en op ekonomiese gebied, maar daar is ook 'n ondermyning van 'n volk van binne, van "sy gees, sy wil en geloof". Dit is die "kultuurdraers" se taak om toe te sien dat die volk "geestelik ryk en ryp" moet bly.

Ons is dankbaar dat dr. Verwoerd so ernstig teen hierdie gevare waarsku. Dit is waarlik verblydend om te weet dat ons aan die roer van sake 'n man het met sulke oortuigde Christelike beginsels, maar ons vrees dat ons vyande weer 'n verkeerde vertolking kan gee van wat hy werklik bedoel het. Dr. Verwoerd waarsku tereg teen die gevaar om van die godsdiens 'n sosiale saak te maak, maar in die verband waarin dit gesê is, kan die verkeerde afleiding gemaak word dat bedoel word dat, hoewel godsdiens nie 'n sosiale saak is nie, dit tog 'n kultuursaak is. Dan sou dit tog ook maar weer neerkom op 'n soort sosialisering van die godsdiens.

Nasionaliseer

Ons teenstanders is ook geneig om sodra daar teen die sosiale evangelie gewaarsku word, ons daarvan te beskuldig dat ons sou bedoel dat predikante en kerke hulle nie met die politieke en sosiale lewe mag inlaat nie. Aan die ander kant, so word gesê, is ons wel geneë om die godsdiens te nasionaliseer deur die godsdiens aan die nasionale belang te onderwerp. Ook dit sou 'n verkeerde vertolking wees van dr. Verwoerd se bedoeling.

Sover ons weet, gaan dr. Verwoerd van die Calvinistiese standpunt uit dat daar geen terrein is waarmee die prediking, die profetiese roeping van die Kerk hom nie besig hou nie. Dit is so eenvoudig omdat die sonde geen lewensterrein ontsien nie.

Die prediking moet ingaan teen die sonde, ook waar dit op maatskaplike gebied en in die politieke lewe woeker. Ons moet oppas vir die sosialisering van die godsdiens, maar ons Christelike godsdiens is nie maar net 'n godsdiens vir die individu nie, dit het ook 'n sosiale aspek en het ook te doen met beoefening van sosiale geregtigheid. Daarin gaan dit nie alleen om die verhouding van die individu tot God nie, maar ook om menslike verhoudinge.

Dr. Verwoerd sal net so min as ons wil hê dat die godsdiens aan die nasionale belang onderwerp moet word: profete wat net na die mond van die volk moet praat. Dan kan ons die volgende kry: *omdat* integrasie vir Amerika die beleid is, moet die Kerk dit ondersteun en dit ook met teks en kapittel uit die Woord van God bewys, en *omdat*

---

[1] *Woord en Daad,* Des. 1964, p. 8-9.

apartheid in Suid-Afrika die beleid is, moet die Kerk dit predik. Dit is duidelik dat so 'n genasionaliseerde kerk sy roeping mis om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees. Dit sou dan 'n kerk word wat teen homself verdeeld en met homself in teenspraak is.

Volksgevaarlik

Dr. Verwoerd het op Heilbron ook gewaarsku teen die gees van internasionalisme en universalisme. Ook daarvoor is ons dankbaar. Ons teenstanders het dit heeltemal mis as hulle meen dat daaronder verstaan word dat ons ons heeltemal wil isoleer en dat ons op kerklike gebied nie die eenheid wil bevorder nie. Die Woord van God laat 'n duidelike taal hoor teen 'n sondige kosmopolitisme en valse eenheid. Maar daarmee word die eenheidsgedagte nie prysgegee nie. Die Kerk kan nooit berus by die verdeeldheid op kerklike gebied nie. Die Kerk dra nou eenmaal die karakter dat hy oor die nasionale grens heengryp, in sending en ook in kerkverband. As volksbelange die een en al is, kan dit gebeur dat hierdie ekumenisiteit as volksgevaarlik beskou kan word en gelyk gestel kan word met 'n ongesonde internasionalisme.

Oorskryding van terrein

Die betigtiging van die Britse Raad van Kerke was seker ter sake, maar die geagte Minister sal ons seker nie kwalik neem dat ons dit tog 'n bietjie jammer vind dat hy die Afrikaanse predikante — sover ons weet is net predikante van die N.G.K. uitgenooi — afraai om die uitnodiging van die Presbiteriaanse Kerk aan te neem.

Het die kerk of die predikante as ampsdraers van die Kerk dan nie verantwoordelikheidsin om self te besluit wat die beste is om te doen, al dan nie? As hulle hierdie uitnodiging van die hand wys, sal hulle dan nie deur buitestaanders beskuldig word dat hulle dit doen omdat die Eerste Minister so aan hulle voorgesê het en dat die nasionale belang die deurslag by hulle gegee het nie? Gestel vir 'n oomblik dat 'n kerk meen dat hy op grond van die gehoorsaamheid, wat hy aan Christus verskuldig is, so 'n uitnodiging wel moet aanneem, kan hy dan in stryd daarmee toelaat dat nasionale of enige ander belang die deurslag gee? Die Koninkryk van God moet immers die eerste plek inneem en dan kom die ander belange ook tot hulle reg, dan word die ander belange, ook die nasionale, die beste gedien. Hiermee sal dr. Verwoerd wel saamstem. Daarom spyt dit ons des te meer dat sy advies, hoe goedbedoeld dit ook al was, water op die meule van ons teenstanders kan wees.

Ons moet rekening hou met die volksbelange. Daar moet by die gelowiges 'n diepe liefde vir hulle volk en vaderland wees en getrouheid aan hulle regering. Die hele volk word geroep om God te dien, maar nooit mag die Kerk van die Here in die sake van die Koninkryk van God sy optrede laat motiveer deur aan volksbelange die eerste plek toe te ken nie. Dan sou die Kerk ook ontrou wees aan die eie volk. Die grootste diens wat die Kerk aan die volk kan bewys, is immers om dit voortdurend en op alle lewensterreine te konfronteer met die lewende Woord van God. Daarvoor is nodig dat ons almal leer om meer teosentries te dink en te handel.

8. CALVYN OOR KERK EN VOLK [1]

As Calvyn oor die Kerk handel gaan hy uit van die Liggaam van Christus. Dit is die Kerk in sy eenheid en sy algemeenheid. As Liggaam van Christus omvat die Kerk nie alle mense nie, ook nie maar sommige mense nie, maar die mensheid in sy uitverkorenes uit alle geslagte, volke, tale en nasies.

In hierdie verband moet sy begrip van naasteliefde gesien word. Naasteliefde is, volgens Calvyn, in ooreenstemming met die prediking van Jesus, 'n liefde wat insluit die wat ver is. Hierin kom juis die Christelike liefde uit, "want as julle liefhet die wat julle liefhet, watter loon het julle?" Die liefde wat hom uitstrek tot die verste (die vyand!) berus daarop dat ons in elke mens die beeld van God moet sien, en 'n verloste in elke gelowige, van watter verwyderde volk ook al, omdat hulle die voorwerpe was van God se liefde in Christus. Dit is Christelike liefde. Dit vereis groot selfverloëning. Hiertoe moet ons ons natuur geweld aandoen, omdat ons geneig is, van nature, om onsself te soek en om die onwaardigheid van ander, ook van ander volke, meer raak te sien as ons eie.

Volksliefde is op sigself nie iets spesifiek Christeliks nie. Dit is iets natuurliks. Daarom bekommer Calvyn hom minder oor te min volksliefde as oor te veel, want ons is van nature geneig om 'n oormatige liefde en waardering vir onsself en vir ons eie te hê. Hierin kom die sondigheid van die natuur veral uit.

Beteken Christelike liefde — die liefde vir die verste as ons naaste — die versaking van die liefde vir die wat werklik die naaste aan ons is? So word die Skrif en ook Calvyn dikwels misverstaan: Die Christelike liefde moet in die plek kom van die liefde vir jou eie en die werklike naaste moet wyk vir die verste. Dit is kenmerkend van ons tyd om die lewe op te los in sulke teëstellings. In hierdie geval dan: Die eie ten koste van die wat ver is, óf dié wat ver is ten koste van die eie.

Daar is geen sprake van dat by Calvyn die Christelike liefde die natuurlike liefde kom verdring nie, en net so min, dat die natuurlike lewensdrang by elke mens, en van elke volk tot voortbestaan, as sondig veroordeel word. Nee, dit temper die natuurlike liefde, bring dit binne redelike perke, sodat ons steeds die toeleg tot ander se welsyn met die sorg vir onsself en vir ons eie sal paar.

Die verhouding van Kerk en volk by Calvyn moet ook gesien word vanuit die verhouding van natuur en genade. Die volk (die natuurlike gemeenskap) mag die Kerk (die geestelike gemeenskap) op generlei wyse oorheers nie. Daarom veroordeel ons as volgelinge van Calvyn 'n staats- of volkskerk, ook die bedekte vorme hiervan. Ewe min mag die Kerk heerskappy voer oor 'n volk. Van hierdie oorheersing het die hervorming, en veral die Calvinistiese, die gelowiges en ook die volkere kom bevry. Die Kerk staan ook nie los van die volk nie. Dit is sektaries. Daarom lê 'n Christendom wat die nasionale lewe wil ondermyn in lyn met die sektes.

Dit kom maar daarop aan dat ons, te midde van die heersende verwarrings, die verhouding tussen natuur en genade reg sal sien. Ons moet dit so sien: Christus neem ons met ons liefde vir ons eie, ons familie, ons volk, in Hom op en heilig dit, sodat ons ons naaste sal liefhê soos onsself. Ons mag Christus nooit verloën ter wille van ons eie nie, en, waarlik, ons hoef ons eie, ons dierbares, ons volk, ook nie prys te gee ter wille van ons gemeenskap met Christus nie, behalwe wanneer die eie te staan kom tussen ons en Christus. Dan geld die woord van Christus: "Wie vader of moeder bo my liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie" (Matt. 10:37). So verklaar Calvyn dit.

Die onverkwiklike stryd tussen Kerk en politiek, wat op die oomblik aan die gang is en wat groot verwoestings kan aanrig vir volk en Kerk, sal alleen tot rus kom as ons wil luister na wat Calvyn vir ons hier leer op grond van die Skrif.

Om die verhouding van Kerk en volk, Christendom en nasieskap reg te sien, moet

---

[1] *Woord en Daad,* Oktober 1965, P. 3-4.

ons dus uitgaan van die Kerk as die Liggaam van Christus. Dan sien ons, soos Calvyn sê, dat ons onsself die beste dien deur die Liggaam te dien, soos die voet die oog.

Ons kan dit gerus maar toepas op die volkslewe en op die volkerelewe. Want in die Kerk, die Liggaam van Christus, gaan dit om die mensheid in sy volkere-verskeidenheid. Ons is gemaak om mekaar te dien, ook die volkere. Die Kerk mag nooit in die volkslewe opgaan nie. Dit gebeur ook as die Kerk die volk net na die mond wil praat. Dan is dit sout wat smakeloos geword het. Inteendeel: Die Kerk neem die volkere in hom op om hulle op te hef — nie in die sin van verdwyning nie, maar van heiliging. Ook, en veral, om die bittere teëstellings versoenend terug te bring tot heerlike verskeidenhede, "sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word" (Ef. 3:10).

9. VOLK EN KERK [1]

Besinning oor die vraagstuk van die verhouding van Kerk en volk het weer nodig geword. Hierdie eeue-oue vraagstuk het aktueel geword vir ons kerklike en volkslewe. Dit is selfs besig om 'n krisisvorm aan te neem.

Ons stel twee uiterste beskouings teenoor mekaar. Een beskouing is dat volksidentiteit in die Kerk moet verdwyn. So is onlangs in 'n Afrikaanse dagblad aan die Christelike Instituut ten laste gelê dat die "vernuwing" wat deur die Instituut voorgestaan word daarop neerkom dat die Kerk "'n deurmekaar kerk moet wees, waarin volksidentiteit ineengesmelt moet wees" (Politieke Brokkies. *Die Transvaler,* 3 Sept. 1965). Hierop sal die Christelike Instituut self kan antwoord.

Teen hierdie een uiterste staan 'n ander, wat Kerk en volk laat saamval. Die verbindinge "Staatskerk" en "Volkskerk" klink nog bekend in die ore, en verteenwoordig ook periodes uit ons eie Afrikaanse Kerkgeskiedenis. Die gedagte van 'n "Staatskerk" is nou verouderd. Die tweede ook gedeeltelik. Dit word langsamerhand deur die gedagte van nasionale kerke vervang.

In verband met die verhouding tussen Kerk en volk is daar dan die twee teenoorgestelde opvattings, naamlik die van 'n wêreldkerk waarin die nasies moet verdwyn en die van aparte nasionale kerke, waarin die Kerk opgebreek word en gevaar loop om in die volkslewe op te gaan. Dit is nodig om daaraan te dink dat net soos die gedagte van 'n wêreldkerk bedreiging bevat van volksidentiteit, net so kan die gedagte van 'n nasionale kerk die bedreiging bevat vir die "identiteit" van die Kerk. Albei stel dus Kerk en volk antiteties teenoor mekaar: die Kerk wat die volk verswelg of die volk wat die Kerk verswelg. Die laaste gevaar is nie uit die lug gegryp nie. Dit is tog nog lewendig in die herinnering hoe die genasionaliseerde Kerk in Duitsland die aanleiding was tot die ontstaan van die Belydende Kerk. Die vereenselwiging van Kerk en volk is deur 'n baie bekende Duitse teoloog soos volg onder woorde gebring: God *roep ons* (hierin sit die kerkgedagte — Red.) uit die voorvolkse, uit 'n bestaan sonder geskiedenis, tot 'n volkslewe. So ver het dit gegaan met die vereenselwiging van volk en Kerk. Dit kom op een en dieselfde neer as wanneer gesê word dat die doel van die geskiedenis eintlik bestaan in die ontwikkeling van afsonderlike nasies. As ons wegswaai vir die gevaar van 'n wêreldkerk waarin ons volksidentiteit bedreig word, moet ons oppas dat ons nie in die ander afgrond te lande kom nie, waar die Kerk se identiteit bedreig word deur volkslewe en volksbelang nie.

'n Beskouing wat baie algemeen gehuldig en ook onder ons volk verkondig word, is dat die betekenis van die Reformasie bestaan het in die opbreking van die een wêreldkerk in 'n veelheid van Nasionale kerke, en dit dan met die mooi-klinkende naam van die pluformiteit van die Kerk, 'n naam wat selfs gebruik word vir die geskeidenheid van die Kerk onder dieselfde volk. Eersgenoemde beskouing berus op 'n groot misverstand. Dit mag in 'n lyn lê met die Lutherse Reformasie met sy idee van "cuiuc regio, eius religio" (wie se land, die se godsdiens), maar nie met die van die Calvinistiese nie. Calvyn het alles gedoen wat hy kon om die eenheid van die Kerk te bewaar, ook oor die nasionale grense heen.

In ander gevalle het ons 'n oorvereenvoudiging van die verhouding van volk en Kerk, hetsy na die negatiewe, hetsy na die positiewe kant waarby òf die identiteit van die volk, òf die van die Kerk in gedrang kom.

Die verhouding tussen Kerk en volk is baie beslis 'n positiewe verhouding bestaande in sending, in evangelisasie en in getuienis. Hoewel ons volk daar geen ervaring van het nie, want ons was maar altyd Christelik van die begin af, moet ons daaraan dink dat die Kerk in sy sending altyd op 'n volk gerig is. Die sendingbevel was, soos bekend, gerig op nasies.

---

[1] *Woord en Daad,* Oktober 1965, p. 13-14.

Wat dan gebeur, is dat in 'n volk geskei word tussen die wat glo en die wat nie glo nie. So kom daar 'n kerk in die volk. Al is 'n volk Christelik, soos ons van die begin af, dan is daar nogtans ongelowiges. *Daarom is daar kerke in die volk en onderskeidelik van die volk.* Binne die kerke gaan die verkondiging voort, om op te bou en, as die verkondiging reg is, om ook die wat net in die naam tot die Kerk behoort af te skei. Maar al is daar kerke *in* die volk, word die volk nie losgelaat nie. Die Kerk hou vas aan die volk — deur Evangelisasie. Die Kerk wil dat die hele volk aan God sal behoort. Daarom treur die Kerk oor die afval in die volk, want dit is sy eie mense.

Die verhouding tussen Kerk en volk is egter ook 'n negatiewe, nie van die kant van die Kerk nie, want dan word hy sektaries, maar altyd van die kant van die volk. Die volk Israel is die waarskuwende voorbeeld vir elke volk. Met hulle vroomheid en al het hulle die evangelie verwerp, Christus gekruisig en die Kerk vervolg. Dan word die verkondiging getuienis. Getuie wees en martelaar wees, beteken presies dieselfde. Dit kan baie vorms aanneem. In die tyd van Christus was dit 'n kruis. In die tyd van die hervorming 'n brandstapel. In ons tyd is dit die slagwoord.

Omdat die Kerk nie 'n wêreldkerk is waarin nasies verdwyn nie, en ook nie 'n nasionale kerk wat in die nasie opgaan nie, moet die Kerk altyd 'n protesterende Kerk wees na die ander kant, en ook bereid wees om in gedrang te kom, sowel van die kant van 'n wordende wêreldkerk as van die kant van 'n nasionale kerk.

In die tyd van Calvyn en die Hervorming was die Kerk 'n protesterende en 'n martelaarskerk teen die Roomse wêreldkerk, en terselfdertyd teen die wêreldlike mag, waarmee Rome getroud was.

Al word die Kerk se getuienis verwerp, hou dit nogtans aan die volk vas, soos Christus aan sy volk vasgehou het, al is Hy verwerp as wêreldheiland en soos die Apostel aan sy volk vasgehou het al was hy wêreld-apostel. Van die kant van die Kerk is die verhouding altyd positief teenoor die volk, maar nooit in die sin dat hy hom op enige wyse sal laat kondisioneer nie. Die Afrikaanse kerke is Protestantse kerke en moet hulle Protestantse karakter bewaar: Getuienis-kerke te wees.

10. CHRISTELIKE VRYHEID EN HOËR ONDERWYS [1]

Dit blyk dat daar op hierdie punt ernstige meningsverskil in Afrikanergeledere bestaan. Wat moet onder Christelike Vryheid verstaan word in verband met onderwys en met name in die hoër Onderwys? Is dit die vryheid om ook ons Christelike beginsel te laat geld of die vryheid om die Christelike beginsel uitsluitend te laat geld in die beoefening van die Wetenskap vir 'n inrigting wat homself Christelik aandien?

Uit 'n verklaring van verantwoordelike Afrikanerkant het dit duidelik geword dat eersgenoemde die beskouing is wat deur baie in ons volksgeledere gehuldig word. Dit was trouens al daaruit duidelik dat die gewetensklousule, waarvolgens nie gevra mag word na die geloofsoortuiging van dosente nie, ten opsigte van benoeminge aan 'n universiteit sal geld. Die verklaring waarna verwys is, lui: "Wetlike bepalings ten opsigte van geloofsvryheid, wat in al die Westerse lande bestaan, gee en gun aan die Christengelowige die vryheid om in al die verbande waarin hy optree, volgens die Christelike beginsels te dink en te handel". En verder: "Geen wetlike bepalings kan mense ook dwing om hul geloofsoortuigings uit te leef, of te verander nie". Wat vir 'n vryheid is dit anders as 'n vryheid om *ook* die Christelike beginsel te laat geld in die onderrig?

Hiermee is die teenstelling met die standpunt waarin dit gaan om die vryheid en die reg om die wetenskap te beoefen, *uitsluitend vanuit 'n Christelike oogpunt,* duidelik gegee.

Hierdie tweede standpunt beteken allermins dat deur "wetlike bepalings" mense gedwing word om hulle geloofsoortuiging uit te leef of te verander. Maar dit beteken dat dit aan die universiteit kragtens wetlike bepaling die reg en vryheid gee om 'n persoon wat nie die Christelike oortuiging toegedaan is, of nie bereid is om dit in die beoefening van die wetenskap uit te leef nie, nie te benoem nie of te ontslaan: Vryheid dus om die wetenskap aan so 'n inrigting te beoefen uitsluitend uit Christelike oogpunt en meer nog, selfs uit 'n bepaalde Christelike oogpunt soos in ons land bv. die Calvinistiese.

Dit is met leed dat op hierdie diepgaande verskil tussen hierdie twee rigtings in ons eie Afrikaanse geledere gewys moet word. Hoe kragtiger kon die optrede nie geword het, indien ons onverdeeld oor hierdie saak gestaan het nie! Selfs al sou die oprigting van meerdere Afrikaanse Christelike Universiteite in sekere opsigte ten koste van die bestaande gegaan het, dan moes dit aanvaar word en kon dit selfs met blydskap aanvaar word in die gesindheid van: "Hy moet meer word, maar ek minder". Dit mag immers nie gaan om ons eie voortbestaan nie, maar om die beginsel waarvoor ons staan en val. As egter nou skade gely word, dan is dit skade aan die beginsel, waarvoor hier 'n strydende bestaan gevoer word, naamlik in die vryheid en die reg om die Christelike wetenskap te beoefen *uitsluitend* op Christelike grondslag.

Dit is ons vryheid en reg. Die gewetensklousule wat dit vir party universiteite verbied, kan verander word, en ons wil pleit by wie aan hierdie vryheid wil meedoen om onverwyld, waar dit te pas kom, die saak op te neem en tot heil van ons volk deur te voer.

---

[1] *Woord en Daad,* Feb. 1966, p. 4.

11. DIE AFRIKAANSE VOLK SE KRAG IS IN CALVINISME [1]

Van Riebeeckdag vestig die aandag op die tradisie van die Afrikaner: die Calvinisme. Dit is die kraglyn wat van die volksplanting af deur sy geskiedenis loop.

Van Riebeeckdag herinner ons aan die noue band wat daar tussen die Afrikaner en die Calvinisme bestaan.

Dit het tot uitdrukking gekom in die gebed waarmee ons volksgeskiedenis begin het: dat die "ware Gereformeerde Leere" in hierdie land uitgebrei mag word. Die ware Gereformeerde leer is niks anders nie as die Calvinisme. Die Afrikaner — dit moet die herdenking van ons geboortedag in ons oproep — is Calvinis van oorsprong. Van ander nasies kan daar gesê word dat hulle op een of ander tydstip in hulle geskiedenis Calviniste geword het. Van die Afrikaner geld: Hy is dit gebore.

Is dit te veel om te sê dat die Afrikaner wat met die Calvinisme breek, met sy verlede breek en ontrou is aan sy afkoms? Ons het hier 'n lyn wat deurloop tot aan die begin van sy geskiedenis. Die Calvinisme is die tradisie van die Afrikaner. Die tradisionele Afrikaner moet 'n Calvinis wees.

Huidige stryd

Dit herinner die Afrikaner ook daaraan dat hy in sy huidige stryd om sy identiteit as blanke te behou, hy sy identiteit as Afrikaner kan verloor, juis in die stryd. Dit kan daartoe lei as daar nie met die volksaanvulling van buite af, wat ongelukkig noodsaaklik gemaak word deur die gebrek aan die eie aanwas, baie kieskeurig en versigtig te werk gegaan word nie.

Vir diegene wat die Afrikaner wil breek, is hiermee gesê: Breek hom in sy_ Calvinistiese geloofsoortuiging.

Hiermee is seker die geheim van die Afrikaner "prysgegee"; die "ware Gereformeerde Christelike Leere". Die Calvinisme. Diegene wat die Calvinisme verstaan, verstaan die Afrikaner en sy geskiedenis — die onsinnige of wonderlike daarvan: Die Groot Trek — Bloedrivier — Paul Kruger en die Britse wêreldryk — die geskiedenis van die Republiek: sy ondergang en weerverskyning.

Afrikaner se geheim

Hierdie blootlegging van die geheim van die Afrikaner, sy Simsonsgeheim, is noodsaaklik, ter wille van die Afrikaner self. Dit is nodig dat hy moet weet wat die kraglyn is wat deur sy geskiedenis loop, want hy het vandag aansluiting daarby nodig soos nog nooit tevore nie. Hy moet ook weet dat die Afrikaner wat sy Calvinisme vir 'n ander soort geloof of lewensbeskouing prysgegee het, nie oorwin hoef te word nie, want hy het dan klaar, soos Simson, as 't ware in sy slaap, verloor.

Dit is ook nie nodig dat ons hierdie geheim met die oog op die vyande moet verswyg nie. Hulle weet daarvan. Hulle het die krag van die Afrikaner lankal ontdek, en hulle het raakgesien dat dit geleë is, nie soseer in sy verbondenheid aan sy Kerk soos ons oor en oor hoor nie. Hulle het hom nie probeer loskry van sy Kerk nie, maar van sy Calvinistiese geloofsoortuiging, deur dit te ondermyn met 'n oppervlakkige, metodistiese volksvroomheid. Daarmee moes die "harde" Calvinis week gemaak word. Nou nog. Ook deur die liberalisme.

Reeds toe al. Die liberalisme is nie 'n vyand wat eers in die twintigste eeu opgeduik het nie. Miskien het baie hom nou eers gewaar. In die vorige eeu het dit die Afrikaner al kerklik geskeur. Ons moet ons ook nie daarteen blind staar as die enigste gevaar wat ons bedreig nie. Die eintlike gevaar, die prysgewing van die Calvinisme, vir watter "isme" ook, of bloot die prysgewing daarvan. Dit is die prysgewing van ons

---

[1] *Woord en Daad,* jg. IX, April 1966, p. 1-3.

eersgeboortereg. Dan word ons afgesny van ons wortel, en is ons oorwonne voordat die slag gelewer is, soos Simson.

Verwydering

Daar was tye in ons geskiedenis toe daar verwydering gekom het tussen die Afrikaner en sy Calvinisme, selfs teëstelling, openlike bestryding van sy Calvinisme deur die Afrikaner, selfs van kerklike kant. Hoewel daar nog skermutselinge plaasvind, soos wat onlangs die geval was in een van ons Afrikaanse dagblaaie, het hierin groot veranderinge gekom.

Die assosiasie van die Afrikaner met die Calvinisme was nog nooit so gewild soos vandag nie. Dit is hoogs verblydend dat dit gekonstateer kan word. Die Calvinisme bied weer eens die gemeenskaplike platform vir die Afrikanerskap. Dit is ook die enigste deugdelike platform om die Afrikaner op die kerklike en politieke gebied bymekaar te bring, want daarmee staan die Afrikaner op die bodem van sy tradisie. Die tradieionele Afrikaner moet Calvinis wees. Hy is dit van oorsprong. Ons wil ook hieruit aflei dat, hoeveel stof daar ook al van buite oor ons volk gewaai het, sy onderlae steeds Calvinisties is.

In die feit dat die tradisionele Afrikaner Calvinis moet wees, skuil ook weer gevaar. Dit is asof daar teenswoordig 'n wedloop is om die Calvinisme te annekseer. Die erenaam loop gevaar om 'n modewoord te word, 'n vlag om allerlei ladinge mee te dek. So moet die tipiese verskynsel van tans verklaar word dat onder die Afrikaners Calvinis teenoor Calvinis te staan kom, op kerklike, politieke en onderwysgebied.

Calvyn se Calvinisme

As hierdie gevare raakgesien word, dan is die weg vorentoe ook duidelik. Dit is naamlik om tot die insig te kom (nie dát die krag van die Afrikaner in die Calvinisme gesoek moet word nie; hieroor skyn daar teenswoordig min of meer ooreenstemming te wees) wat die Calvinisme is, wat die krag was en is. Die weg is dan dat die Afrikaner hom moet deurgrawe deur allerlei, selfs teenstrydige, vertolkings van die Calvinisme na die oorspronklike — die Calvinisme van Calvyn.

Daar is 'n epigone — 'n ingevoerde en 'n oorspronklike Calvinisme. Dit is ook die weg tot heling vir die verdeelde Calvinistiese Afrikaner en tot krag in eendrag.

Karikatuur bestry

Vir die bestryders van die Calvinisme is dit ook goed om goed op die hoogte te kom van die Calvinisme wat hulle bestry, om sodoende daarvan gespaar te word om 'n spook van eie maaksel te beveg i.p.v. die Calvinisme. Dit was dikwels die geval met Calvyn.

Ons dink veral aan die bestryding van die Calvinistiese beginsel van "Christelik-Nasionale" onderwys. Wat bestry word, is gewoonlik 'n karikatuur daarvan. Dit word bestry as seksioneel en eng. In werklikheid is niks so ruim as die Calvinisme in sy rotsvastheid (1 Kor. 15:58) nie, omdat dit nooit, soos die liberalisme, botsende elemente wil saamdwing binne dieselfde ruimte (skool, universiteit) nie. Dit is ook allermins seksioneel (of sektaries), want dit val met die Afrikaner saam. Dit is sy tradisie.

Voeg by bostaande (skool, universiteit) ook "gebied". Dan is dit duidelik hoe dieselfde beginsel ook geld op die politieke gebied, eweneens op die kerklike gebied.

Wat kom eerste?

By die noue band tussen die Afrikaner en die Calvinisme moet ook gevra word: wat kom eerste? Moet ons spreek van 'n Afrikaanse Calvinisme of van 'n Calvinistiese Afrikaner? Ons word bv. daaraan gewoond gemaak om te hoor van ons Afrikaanse Protestantse tradisie. In die lyn moet ons dan ook spreek van 'n Hollandse, 'n Engelse Calvinisme. In die jongste jare word die Afrikaanse nogal dikwels gestel teenoor die Hollandse. So kom Calvinisme teenoor Calvinisme te staan, en word dit opgebreek in soveel nasionale Calvinismes. Dit word dan van sy (saambindende) krag beroof.

Bedenkliker is nog dat dit sodoende aan die nasionale ondergeskik gestel en innerlik van sy krag beroof word.

Die vraag is of ons deur hierdie spreekwyse nie self bydra nie tot die valse voorstelling by die bestryders van die Calvinisme, dat dit die soort Christendom is waarin die Nasionale die Christelike oorstem, dat dit 'n soort nasionale Christelikheid is.

Valse teëstelling

Ons spreek verder die oortuiging uit dat ons in ons stryd teen die liberalisme, wat die Christelike beklemtoon ten koste van die nasionale, self besig is om 'n verbinding tussen die nasionale en die Christelike te lê, in die kerklike en volkslewe, waarby die nasionale oorbeklemtoon word tot skade van die Christelike, en dat ons besig is om altyd vaster te raak in 'n valse teëstelling, die van 'n anti-nasionale en 'n nasionale Christendom. Die antichris is in albei aanwesig. Wat die laaste betref, hoef ons slegs aan die nasionale (Germaanse) Christendom vroeër in hierdie eeu te dink en aan die Afrika-Christendom, waarvan ons nou so baie hoor.

Die weg

Die Calvinisme bied die weg uit hierdie greep. Dit is die Christelik-nasionale weg, die van 'n Christendom wat nie nasies opbreek of deur nasies opgebreek word nie, maar wat die nasies verbind, wat ons bind aan ons volk, maar wat ons met -~-ons volk onderwerp aan die tug van Gods Woord. Dit leer ons om nie nét krities te staan teenoor ander nasies nie, maar om óók krities te staan teenoor onsself.

Dit is nie 'n teken van swakheid soos ons geleer word om te dink nie, maar van gesondheid en van geestelike krag.

Dit is niks anders nie as die "ware Gereformeerde Christelike Leer" waarmee ons volksgeskiedenis begin het.

Hiermee het ons die antwoord op 'n laaste vraag: Of daar nog sprake moet wees van 'n organisasie van Calviniste onder 'n Calvinistiese volk soos die Afrikaanse — 'n organisasie soos die Instituut vir die bevordering van die Calvinisme wat aan ons Universiteit opgerig is in samewerking met die Afrikaanse Calvinistiese Beweging. Die antwoord is (samevattend): dit is nodig dat ons steeds herinner moet word aan ons Calvinistiese oorsprong. Dit is ook nodig dat ons moet terugkeer tot die oorspronklike Calvinisme — die van Calvyn en dat ons by bedreiging van binne en van buite ons krag moet put uit die tradisie wat ons volk van die begin af teen die oormagte sterk laat staan het.

12. APE-TEORIE VERSTEWIG NIE SUID-AFRIKA SE BELEID NIE [1]

Daar word dikwels, en ten onregte, 'n teëstelling gemaak tussen beginsel en praktyk. Dit is soms die geval met teorie en praktyk. Die teorie kan dikwels baie onprakties wees, 'n beginsel nooit. Dit is altyd die mees praktiese benadering van ons lewensvraagstukke. Dit geld ook ons "rasse"-probleem.

In die jongste uitgawe van SABRA (Apr. 1966) kom 'n artikel voor oor rasse en rasse-aangeleenthede, waarin die teorie van 'n Amerikaanse geledere, C. S. Coon, verskyn. Die naam van hierdie Amerikaanse geleerde het al enigsins bekendheid verkry in ons land, veral d.m.v. een van ons Afrikaanse dagblaaie wat al na hom verwys het, om aan te toon dat ons beleid van afsonderlike ontwikkeling die wetenskap aan sy kant het. Terloops wil ons daaraan herinner dat die Kommunisme ook daarop roem dat dit die wetenskap aan sy kant het, en dat die wetenskap dus nie altyd so 'n getroue bondgenoot skyn te wees nie.

Vyf *aapsoorte*

Coon se teorie, soos uiteengesit in die SABRA-artikel, kom in kort hierop neer dat die mensheid uit vyf hoofrasse bestaan en dat die vyf hoofrasse uit vyf aapsoorte (die wetenskaplike term is: Homo Erectus — red.) ontstaan het. Hierdie teorie word dan gestel teenoor die van die geleerde Boaz en sy skool, wat vashou aan die eenheid van die menslike geslag ondanks die rasseverskille wat (volgens hierdie skool) pas ontwikkel het ná die ontstaan van die mens soos ons hom ken (Homo Sapiens). Hierdie beskouing moet van die hand gewys word as onwetenskaplik omdat dit ideologies bepaal is en hom in diens gestel het en stel van die liberalistiese gelykheidsleer. Van Coon se teorie geld daarenteë dat dit objektief wetenskaplik is; dat dit op grondige waarneming en 'n onbevooroordeelde vertolking van feite berus. Aldus die artikel.

Ons hoef dit nie te verbloem nie dat hierdie teorie ons oppervlakkig baie na die hart spreek. Dit lyk baie verleidelik. Dit gee immers aan ons beleid van afsonderlike ontwikkeling 'n "stewige wetenskaplike" grondslag. Dit sou sy wortels hê in die oertyd van honderde duisende jare gelede. Vir soveel millenniums het die een ras mens geword ná die ander. En dit is haas vanselfsprekend wie die eerste was en wie die laaste.

Ou teorie

Op die wetenskaplike argumente na die een of die ander kant toe gaan ons nie in nie. Ons mis ook die vakkundige bevoegdheid daartoe. Nietemin is ons in staat om te kan sê dat ons nie tot die oortuiging gebring is dat hierdie nuwe teorie nie ook ideologies bepaald is nie. Verder, dat dit as teorie alles behalwe nuut is en dat die ideologie die wetenskap ook hier vooruit geloop het. Die teorie van so 'n afsonderlike of parallelle ontwikkeling in prehistoriese tye rus in die Duitse wysgerige romantiek van die 19e eeu.

Waar dit ons egter eintlik om gaan, is tweërlei:

Die eerste is dat ons hier voor 'n keuse gestel word tussen die Coon-teorie en die Bybel. Die Bybel, wat nog 'n belangrike plek in ons volkslewe inneem, leer beslis en onomwonde die eenheid van die menslike geslag. Op hierdie eenheid van die menslike geslag berus ook die hele verlossingswerk van Christus. Hierdie "nuwe" teorie is dus in wese onchristelik.

Die pynlike van die saak is egter dat, as dit die grondslae moet vorm van ons beleid van afsonderlike ontwikkeling, dit die beleid van afsonderlike ontwikkeling vir ons onaanvaarbaar maak. Of, dit maak van ons volk 'n dubbelhartige volk. Ons hoef gelukkig nie te kies tussen Coon en Boaz of tussen afsonderlike ontwikkeling en die Skrif nie. Maar intussen word aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling geen diens bewys nie deur dit met die teorie van Coon en dergelike te verbind en dit met sulke teorieë te wil verstewig nie.

---

[1] *Woord en Daad,* jg. X, Junie 1966, p. 1-3.

Teen beginsel

Die tweede saak wat ons wil beklemtoon, is dat hierdie teorie nie alleen indruis teen die Christelike beginsel nie, maar dat dit uiters onprakties is. Deur ons owerheid word alles gedoen om ons "rasse"-probleem 'n interne aangeleentheid te hou en inmenging van buite af te weer. Dit kan ons alleen doen as ons die "rasse"-probleem sien as 'n *nasionale* probleem: As vraagstuk van verskillende volksgroepe binne die grense van die Republiek. Dan bly ons binne ons grense, anders tree ons daar buite en maak dan van ons nasionale probleem 'n wêreld-probleem en word ons self die oorsaak dat die wêreld hom met ons sake inlaat. Afgesien daarvan dat hierdie teorie ook innerlik skadelik is vir ons nasionale saak, deurdat dit die nasionale gedagte heeltemal laat oorskadu deur die van ras, lok dit ons volk uit in die oop veld waar die vyand ons graag wil bykom. Daarom het ons dit bestempel as verleidelik aantreklik. Hierdie teorie is nie net onprakties nie, maar gevaarlik onprakties.

Uiters prakties

Daarenteë is ons Christelike beginsel so uiters prakties. In die Bybel staan die rasgedagte nie op die voorgrond nie, maar wel die van nasies, volke en tale. Die rasgedagte word in die Bybel oorskadu deur die volksgedagte.

As daar ooit 'n tyd was wat die Bybel 'n volk toegespreek het in sy situasie, vir owerheid en onderdaan, dan is dit nou. Ook hierin is die Bybel vir ons die veilige rigsnoer.

As ons maar wil luister, sê die Bybel vir ons: Moenie van julle nasionale vraagstuk 'n rasse- en, sodoende, 'n wêreld-vraagstuk maak nie, maar hou dit binne julle grense deur dit te sien as 'n nasionale vraagstuk, 'n vraagstuk van verskillende volks- en taalgroepe binne die grense van die Republiek, wat die beste opgelos word met die beginsel: Vir elke volk sy land. Dit is 'n Bybelse beginsel, en die beginsel is in alle opsigte baie prakties, behalwe natuurlik dat dit ook van ons 'n groot offer vra.

Kom na vore

Ons is bly dat hierdie gedagte al hoe meer na vore kom in die toesprake van volksleiers. Ons is veral bly dat dit so sterk beklemtoon word in hierdie selfde uitgawe van SABRA. Ons verwys na die bydrae van dr. Worrall in hierdie uitgawe en ons wil van harte die belangrikheid daarvan onderskryf as hy elders sê "dat met groter oortuiging gewerk word om die denke van wit en swart in ons land te beïnvloed in die rigting dat ons hier hoofsaaklik 'n probleem van volke het en nie van stamme en rasse nie", soos hy ook elders skryf *(S.A. Beeld,* 8/5/66).

Dit gaan hier hoegenaamd nie teen wetenskaplike ondersoek en die vryheid daarvan nie, maar slegs om aan te toon, dat die teorie, afgesien van prinsipiële besware daarteen, soos in hierdie geval, soms baie onprakties kan wees.

13. HAND IN EIE BOESEM OOR UITVOERING VAN VOLKEREBELEID [1]

In die *S.A. Beeld* van 3 Julie het 'n artikel van die hand van die bekende volkekundige, prof. dr. J. P. van S. Bruwer, van die Universiteit van Port Elizabeth, verskyn waarin hy hom direk tot sy eie volk rig.

Dit is seker nie ligtelik nie dat prof. Bruwer daartoe gekom het om i.v.m. die afsonderlike ontwikkeling, waaroor dit in hierdie artikel gaan, o.a. die volgende te skryf: "Nä twintig jaar van nasionale bewind het ons bitter min nader gekom aan die ware beeld van afsonderlike ontwikkeling, van die uitbouing van 'n gesonde volkerebeeld, die ontwikkeling van onderontwikkelde mense en gebiede, en die gesonde ontvoogding van mense wat deur ons tot wasdom gelei moet word. Ons het selfs bitter min gevorder op die pad van ware begrip van ons staatkundige probleem en ons eie tekortkomings in die benadering daarvan".

Die haas vanselfsprekende reaksie sal wees om ons op die een of ander manier uit die greep van hierdie woorde los te wikkel. Die gangbare skema van nasionaal-liberaal sal hierby egter van geen diens wees nie. Ons wil dit nie eens noem nie; want dit gaan in die aangehaalde woorde en verder in die artikel om afsonderlike ontwikkeling — nie daarteen nie — om die praktiese toepassing en die deurvoering van die deur-ons-volk-aanvaarde beleid van afsonderlike ontwikkeling, en om die bestaan en voortbestaan van ons volk vir soverre dit hiermee saamhang.

Waarom dit gaan

Maar wat dan van alles wat in die laaste twintig jaar gedoen is? As prof. Bruwer sê: "Bitter min", het ons nie te doen met iemand wat nie weet nie. As hy verklaar: "Ek is nie onbewus wat in twintig jaar op staatkundige vlak gedoen is nie ...", dan is dit seker beskeie uitgedruk. Prof. Bruwer skryf as saakkundige. 'n Verifiëring met prestasies is hier dus nie ter sake nie. Word dit wat gedoen is dan nie onderskat of verkleineer nie? sou ons verder kon vra. Die punt waarom dit gaan, is egter die realisering van die beleid. As die vraag gestel word vanuit die oogpunt van die realisering van die beleid — en dit is waarop dit neerkom — dan is die antwoord "bitter min". Met alles wat gedoen is, het ons nog maar 'n klein entjie beweeg op die pad van afsonderlike ontwikkeling. 'n Beroep op wat gedoen is, laat ons dus nie ontkom aan die greep nie. Ewe min 'n beroep daarop dat dit nie ons is nie, maar ander voor ons wat ons in hierdie impasse gebring het. Hierdie Adam-verweer bring ons niks verder nie.

Een van die speerpunte

Miskien kan ons hierdie indringende kritiek simpatiek ontvang, maar tog aan die volle erns daarvan probeer ontkom deur die toevlug te neem tot die onderskeiding akademikus-politikus. Hierdie resep, vrees ons, sal in die onderhawige geval ook nie werk nie. Dit is juis een van die speerpunte van die kritiek: Die skeiding van die akademie (universiteit, vakkundigheid) en die politieke, van teorie en praktyk. Dit is goed dat hierdie breuk vir ons volkslewe nou eenmaal baie pertinent na vore gebring is. Buitendien, die skrywer van die onderhawige artikel is geen blote akademikus nie, maar iemand wat so in die praktyk gestaan het dat hy aanspraak daarop kan maak dat hy dit ken.

Ten slotte kan ons ons ook moeilik aan die slaap laat sus met die gedagte dat dit nie gaan om die beleid van afsonderlike ontwikkeling sélf nie, maar slegs om die uitvoering daarvan; en dat ons nou rustig hieroor kan argumenteer. So eenvoudig staan die sake nie. Die teorie en die praktyk kan nie so geskei word nie. Die praktiese deurvoering en deurvoerbaarheid is die toets vir 'n beleid. Anders loop dit die gevaar om 'n ideaal te word.

---

[1] *Woord en Daad,* Augustus 1966, p. 5-6.

Een van die maniere

Een van die maniere van idealisering is om daarvan grootliks 'n toekomstigheid te maak... Ook dit is juis 'n speerpunt, nl. *"om* te lewe" in 'n droom van teoretiese bevrediging, van wetmatige skimbeelde van geformuleerde beleid en van selfvoldaanheid met 'n beleid in praktyk soos ons dit sien in die klein en beperkte ruimte van ons plaaslike ondervinding van afsonderlike woonbuurte, afsonderlike geriewe en afsonderlike regte en voorregte ...

Ons voeg by: Die skadukant van afsonderlike ontwikkeling sal eers verdwyn met 'n deurtastende gebiedskeiding. Ons vra verder: Moet ons as volk nog eers leer wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling presies inhou, noudat ons die owerheid opdrag gegee het om dit uit te voer? Sal ons bereid wees om daaraan vas te hou as dit tot 'n deurtastende uitvoering kom? Daar mag 'n oorhaastigheid wees. Daar kan egter ook 'n oorstadigheid wees. Die laaste, meen ons, is die gevaarlikste.

Ons hoop om in ons volgende uitgawe op hierdie belangrike artikel terug te kom.

14. KRAG VAN CHRISTELIKE BEGINSELS NODIG VIR SUID-AFRIKA SE VOLKEREBELEID [1]

> *Oorsien ons die taak in verband met die afsonderlike ontwikkeling, dan moet ons sê dit is 'n onbegonne taak, behalwe vanuit hierdie Christelike benadering. Dit stel eise waaraan slegs 'n Christelike volk kan voldoen. Het hierdie beleid van afsonderlike ontwikkeling dan nie sy bakermat by 'n Christelike* volk *nie? Dit kan alleen volbring word uit die krag van die Christelike beginsels, wat die kennis van sake en ook verantwoordelike en simpatieke optrede insluit.*

In die artikel waarop ons terugkom, soos deur ons in die vooruitsig gestel, hou prof. J. P. Bruwer die ware beeld van afsonderlike ontwikkeling aan ons voor. Dit is belangrik dat ons gedurig na die grondplan kyk en daaraan herinner word dat dit nie maar bestaan in "afsonderlike woonbuurte, afsonderlike geriewe, afsonderlike regte en voorregte" en wat nie al nie.

Dit is wel 'n kant daarvan, onder sekere omstandighede, maar dan die negatiewe, die skadukant, wat moet verdwyn namate die afsonderlike ontwikkeling in die ware sin van die woord gestalte aanneem.

Die ware beeld, soos weer voorgehou, bestaan eerstens in ontvoogding; tweedens in die ontwikkeling van die gebiede vir die volkere wat aan ons voogdy toevertrou is; en derdens in die ontwikkeling van die volkere in die gebiede. Dit is niks anders nie, en die skrywer wil ook niks anders as die geformuleerde beleid van afsonderlike ontwikkeling stel nie. Maar soos uitgebeeld deur n mede-ontwerper en uitbouer daarvan, blyk dit by vernuwing 'n beleid te wees waarmee ons sonder apologie die wêreld reg in die oë kan kyk, want dit gaan in die beleid van afsonderlike ontwikkeling om vryheid, d.i. ontvoogding. Dit is 'n beleid om ander te gun en aan ander te gee wat ons self het en waarvan ons weet wat dit is om dit te mis en wat ons teen 'n duur prys self as toets vir ons moes ontworstel. Daarom is dit 'n beleid wat te rym is met die Skrif en met ons gewete. Want hierom gaan dit en nie maar om die wêreld tevrede te stel nie. Dit is ten slotte 'n beleid — dit is ook van groot betekenis — "wat inpas by die siel van Afrika en van sy mense".

Indringende vrae

Hiermee sien ons dat ons meteen gestel is voor die indringende vrae na ons kennis van die siel, en ons kennis van die "mens onder die vel" wat ons afsonderlik tot wasdom wil lei, want dit gaan nie maar om die ontwikkeling van gebiede vir die mense nie, maar terselfdertyd, en veral, om die ontwikkeling van die mense, die volkere in die gebiede.

Afsonderlike ontwikkeling is hiermee uitgelig uit die sfeer van ideologieë en word voorgehou as 'n taak, en wel 'n taak wat geen geringe eise stel nie. Met 'n eie volk het 'n owerheid sy hande meer as vol. Hier kom nou by nie maar nog 'n volk nie, maar soveel ander en andersoortige volkere. Hulle moet gelei word tot volwaardige onafhanklike volkere en as onafhanklike volkere ook nog bevriende volkere.

Die laasgenoemde is die essensiële vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Anders is die "perdeskoen" vir ons 'n ongeluksteken. Vandaar die buitengewone nadruk op vaardigheid en kundigheid in die hantering van hierdie beleid. Die oplossing van ons probleem sit nie net in die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie, maar alles hang af van die hantering daarvan. Ons herinner daaraan dat die voogdyskap self reëlmatig beteken blootstelling aan kritiek sowel van die bevoogde as van die gewoonlik hoogs "geïnteresseerde" toeskouer. 'Dan besef ons watter verantwoordelikheid daar opgeslote sit in ons beleid van afsonderlike ontwikkeling.

---

[1] *Woord en Daad,* jg. IX, no. 51, September 1966, p. 1—3.

Die beitel

Ons verstaan dit as prof. Bruwer in sy artikel soveel nadruk laat val op die hantering van die beitel, en waar dit nie alleen om gebiedsontwikkeling gaan nie, maar veral om die volkere in die gebiede; die nadruk op mensekennis, op volkekundigheid.

Stilswyend is hierby aanvaar: 'n gemeenskaplike mensebodem, of mede-menslikheid (bedoel in die sin van die eenheid van die menslike geslag) by alle andersheid. Hoe sou 'n volk 'n ander volk anders kon bereik? Hoe sou hy hom anders kon verplaas in die denkwyse, die sielsgesteldheid, in die posisie en in die plek van 'n ander volk en die grond kon ken waarop sy doen en late berus?

Ons maak hieruit twee afleidings. Die eerste is: Die grondslag van die beleid van *afsonderlike* ontwikkeling is mede-menslikheid. Die tweede (die van die keersy van die vorige) is: Die eensydige beklemtoning van andersheid beteken niks minder nie as die ondergrawing van die fondamente van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Daarom wil ons ons verbasing daaroor uitspreek dat hierdie evolusionistiese gedagtes stelselmatig, ook uit vertroulike hoek, onder ons volk ingedra word ter wille van ons beleid van afsonderlike ontwikkeling, terwyl dit die beleid in werklikheid ondergraaf. Dit kan eerder bestempel word as belangrike bydraes tot die mislukking van ons beleid as dit daartoe moet kom. Dit trek nie nader nie. Dis afstotend.

Ook die liefde

Daar is meer wat ons aangevoel het by die lees van hierdie waardevolle artikel. Kennis is nie genoeg nie. Die liefde moet bykom. Ons skryf dit hier neer in die volle besef dat dit gevaarlik geword het om in hierdie verband van liefde te praat. Tog doen ons dit. Twee soorte liefde moet onderskei word. Die een soort bestaan in blote sentimentaliteit, blote emosie, gekenmerk deur die eienaardige drang na selfverdwyning, na vernietiging van die eie karakter en persoonlikheid. Dit is nie hierdie karikatuur van die liefde wat ons op die oog het nie. As ons praat van die liefde, dan bedoel ons die Christelike liefde. Die kenmerk hiervan is dat jy jouself bly, ook as volk, maar dat jy die vermoë het om jou te kan verplaas in die plek van 'n ander, ook as volk. Dis saambindend.

Oorsien ons die taak in verband met die afsonderlike ontwikkeling, dan moet ons sê dit is 'n onbegonne taak, behalwe vanuit hierdie Christelike benadering. Dit stel eise waaraan slegs 'n Christelike volk kan voldoen. Het hierdie beleid van afsonderlike ontwikkeling dan nie sy bakermat by 'n Christelike volk nie? Dit kan alleen volbring word uit die krag van die Christelike beginsels, wat die kennis van sake en ook verantwoordelike en simpatieke optrede insluit.

15. ANTIFRONT NIE GENOEG NIE [1]

Kommunisme groei op uitwissing van verskille

'n Mens moet goed ingelig wees oor sy vyand. Op die onlangse simposium in Pretoria is die Kommunisme, sy bewegings en doelstellinge en metodes goed onder die soeklig geplaas.

Onder die sprekers was daar 'n hele aantal uit die buiteland, veral uit die V.S.A., gesaghebbendes soos die gewese minister van finansies van Hongarye, prof. N. Nyardi, tans hoogleraar van 'n universiteit van die V.S.A., mnr. Luis Maurara, die voorsitter van die Truth of Cuba-komitee in die V.S.A. en 'n vlugteling uit Kuba, benewens maj. E. C. Bundy wat bekend is as "die grootste kenner van die Kommunistiese infiltrasie in kerke", en ander.

Hierby kan genl.-maj. H. J. van den Bergh, hoof van S.A. se Veiligheidspolisie, nie onvermeld bly nie, wat die stryd teen die Kommunisme met groot welslae aangevoer het, sover dit kon, maar wat met sy kennis van sake gewaarsku het oor die verplasing van die stryd na die geestelike en morele vlak.

Ken jou vyand

Op die gewone (fisieke) oorlogsfront veg ons sy aan sy. Dáár val alle verskille weg, ook die kleurverskille, soos ons gesien het in die Tweede Wêreldoorlog. Nou het ons egter te doen met 'n stryd van die geeste. In hierdie stryd kom alles daarop aan om beginsel sekuur en skerp te stel. Die Kommunisme is teen al wat kerk en al wat godsdiens is. Ook in die teenoffensief wat dit oproep, dreig die Kommunisme om die verskille te laat wegval en om sy teenstanders innerlik te verswak. Of die stryd word versit in die eie boesem as 'n stryd teen die geïnfiltreerde Kommunisme, en bitter onversoenlikheid waarmee ons die vyand bestry.

Wat met die Kerk gebeur, gebeur ook in die Kerk. In die Kommunisme gaan dit ook teen nasies en teen alle ras- en kleurverskille. Aan die regterkant van die linie gebeur onwillekeurig dieselfde as aan die linkerkant. In ons stryd vir die nasionale werp dit ons in die arms van die internasionalisme en laat ons òf die wapens uit die hande val vir dit waarvoor ons stry, òf dit laat ons alles en almal wat van ons verskil, in kleur en ras, vir rooi aansien en die rooi lyn selfs deurtrek in die volksgeledere.

Die Kommunisme is ook die gemeenskaplike vyand van die Kerk en volk, en dit bring verwarring in die regte verhouding van Kerk en volk. Dit wis ook in die teenoffensief die grense uit. Dit laat ook die drang ontstaan tot eenheid van kerke ter wille van die volkseenheid. Ons wil kerklike eenheid hê, maar dan 'n positiewe eenheid wat rus op die belydenis en beginsels, nie die negatiewe eenheid in antitese nie.

Die Kommunisme is 'n gedugte vyand, wat ons en die teenoffensief die wapens uit die hande laat val vir dit waarvoor ons veg, of dit laat ons die wapens in die teenoffensief gebruik in die Kerk en in die volk.

Die stryd op die geestelike en morele terrein is anders as die fisieke stryd.

'n Antikomm(unistiese), intern(asionale), skyn nie die antwoord te gee teen die Kommunistiese nie.

'n Positiewe Christendom

Die Kommunisme is anti-nasionaal, maar ten diepste anti-christelik. Die Christendom en die Kerk is sy eintlike doelwit. Ons antwoord teen die anti-christendom moet nie 'n "anti"-christendom wees nie, naamlik 'n Christendom wat gekenmerk is deur, en wat leef uit die antitese. Dan keer ons die rolle om. Dit is die Kommunisme wat anti-christelik is. Dit teer soos 'n woekerplant op die gebrek aan die uitlewing van ons Christelike beginsels op die kerklike, politieke, onderwysgebied en ekonomiese gebied. Daarom

---

[1] *Woord en Daad,* jg. IX, no. 53, November 1966, p. 1—2.

moet ons antwoord teen die Kommunisme wees: 'n gesonde, positiewe Christendom, en die uitlewing daarvan op elke terrein van die lewe. Dan het die Kommunisme aan jou niks nie.

'n Misverstand

Daarom is dit 'n misverstand om te beweer dat die "Anti-antikommunis" saam met die liberalis, ens. 'n gevaar is vir die bestryding van die Kommunisme, selfs "die grootste gevaar", volgens 'n persberig. Nee, hy is maar net bang vir 'n "anti"-Christendom, wat jou maklik bring tot vriendskappe en verbroederinge wat jou in jou stryd teen die Kommunisme verswak. Gedagtig aan die leeu wat jou skrikmaak en jou in die kloue van die ander laat beland. Die Kommunisme is een vorm van antichristendom, maar daar is nog ander ook.

Christelik-Nasionaal

Dit is verblydend dat die simposium geëindig het op 'n positiewe noot in die oproep van die voorsitter, dr. J. D. Vorster, tot die uitbouing van 'n Christelik-Nasionale lewensbeskouing, veral ook as grondslag van ons onderwys. Dit het meteen die meer as honderdjarige stryd vir die C.N.O. in hierdie land in herinnering geroep. En die resultaat: Dat daar toegesien is dat o.a. ook die geskiedenisboek uit die skool verdwyn het. Ons onderskryf wat dr. J.J. van Tonder op die onlangse kongres van die Natalse Onderwysunie gesê het: "Die beste teenvoeter teen die Kommunisme in S.A. is die nougesette vertelling en onderrig van geskiedenis. Dit versterk die vaderlandsliefde wat deur die Kommunis verswak word ..." (Ons juig dit toe dat die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap dit weer in ere herstel het ook teen sekere onwil in.)

En, om nie in 'n verwaterde Christelikheid te bly steek nie, sal dit tot 'n onderwysstelsel moet kom waarin rekening gehou word met die verskille van konfessionele groepe, soos daar rekening gehou word met die nasionale. Soos die vaderlandsliefde alleen gekweek kan word deur volksgenoot by volksgenoot, so kan die Christelike beginsel alleen suiwer gekweek word deur geloofsgenoot by geloofsgenoot.

Positiewe Afrikanerskap

Vanwaar die negatiewe ontvangs van die positiewe Afrikanerskap deur prof. W. J. de Klerk voorgehou in sy voordrag wat nie heeltemal op Sabra se Jeugkongres gelewer mog word nie? Dit laat 'n mens besef dat dit tog ingewikkelder is as wat dit lyk. Vandaar hierdie kort besinning wat volg. Negatiewe Afrikanerskap is duidelik: 'n Dowwe liggie wat alleen skyn deur alles om jou heen donker te maak. En positiewe Afrikanerskap? 'n Mens sou dink dit is die teenoorgestelde. En tog nie. Want dan sou dit omskryf moes word as 'n geringskatting van jou eie en bewondering van al wat anders is of anders dink. Dit voer egter tot by 'n "verligte Afrikanerskap".

Positiewe Afrikanerskap is derhalwe nie so 'n eenvoudige saak nie. Dit is nie 'n òf-òf nie, maar 'n *derde.* Daar is die stroombelynde, of as ons wil, die stroomaf ("verligte") en die stroom-op ("verkrampte") Afrikaner. Albei gaan tog maar stroom-af en, as daar valle is onder, die valle af. Die een net andersom as die ander en agter die ander. Dit is 'n kuns om die stroom deur te swem. Jy moet weet *vanwaar en waarheen.*

Die boom in die stroom

"Die roepingsbewuste Afrikaner is behoudend, omdat hy vashou aan die ankers van die Woord van God en aan die uitkristallisering van die Skrifbeginsels in die kultuur van die vaders. Tog is dit ook progressief in gehoorsaamheid aan die kultuurgebod van voortgesette heers en in die voortgaande reformasie".

"Die roepingsbewuste Afrikaner erken en waardeer die tradisie en tog is hy mens van vandag en met 'n visie op môre, tot in ewigheid." Aldus prof. De Klerk.

Dit is 'n boom wat staan in die stroom. Nie op eie wortels nie, maar met sy wortels ("radikaal") in vaste bodem. Onbeweeglik, en tog met sy takke wyd na alle kante toe.

16. MODERNE MENS STAAN VOOR NUWE GRENSSITUASIES [1]

Enkele jare gelede is in Hamburg 'n diskussie deur Duitse wetenskaplikes gevoer oor die vraagstuk van die nuwe mens vir die nuwe wêreld wat in aantog is. Dit is 'n onderwerp wat sedertdien eerder aktueler geword het.

Op hierdie samesprekings van natuurwetenskaplike (biologiese, fisiologiese, ens.) en van teologiese kant is die Christelike verlossingsleer met die evolusie verbind. Dit skyn of die geleerdheid op sy voorpunte by die probleem "skepping en evolusie" verby is en nou besig is met die van "evolusie en die herskepping", of, soos dit ook gestel kan word, "evolusie en die Koninkryk van God". Hierop kom ons later terug. Nou gaan dit oor die "nuwe wêreld" en die "nuwe mens".

Op *die grense*

Veral in twee opsigte het die mens vandag voor 'n grenssituasie te staan gekom, eerstens met die ruimtevaart- en tweedens met die kernenergie-tegniek. Wat die ruimtevaart betref, het die geskiedenis ons weer gebring voor 'n situasie, min óf meer soos in die tyd van Columbus, egter met die groot verskil dat die mensheid nou staan aan die vooraand van die ontdekking, nie van nuwe kontinente nie, maar van nuwe wêrelde.

Die kosmos het in die sfeer van die geskiedenis getree. Daar word gevra watter gevolge die instelling op 'n veelheid van wêrelde vir die struktuur van ons geskiedenis- en tyds-opvatting sal hê.

Tot nog toe het ons veral gedink in terme van landsgrense. Vir die eerste keer in die geskiedenis beleef ons die werklikheid van 'n wêreldgrens en wel met die betekenis daarvan na binne en na buite. Ons kon reeds opnames van ons aardbol sien wat uit die ruimte geneem is, slegs met sy kontinente enigsins te onderskei. Is dit nie simbolies van die verdwyning van die afstande en van die verskeidenhede nie? Die wêreld is besig om een te word. Afstand het iets relatiefs geword. Die uiterstes van die aarde lê bymekaar. Wat die snelvaart betref, staan ons nog maar aan die begin van groot ontwikkelinge. As gevolg van die radio-tegniek en die televisie hoor en sien ons wat oral gebeur. Daarby is die mens van huis uit bemoeisiek. Die volkere ook.

Die ironie

Toe die afstand nog afstand was, was die verskille tussen mense nouliks merkbaar. Die ironie van die situasie is dat hulle hul laat geld soos nog nooit voorheen nie. En ook gevaarliker as ooit tevore, want die kernnavorsing het die mensheid by 'n tweede grenssituasie gebring, nl. by die grens van menslike en bomenslike krag — die moontlikheid van 'n selfvernietigende kragsontketening.

Dit is 'n onrusbarende feit dat hierdie twee eksponente van die menslike wetenskap en tegniek, afstandvernietiging en atoomsplitsing, in die nouste verband staan met die krygstegniek. Dit is hoofsaaklik daaruit gebore en daaraan diensbaar. Botsings tussen nasies, klasse en rasse sluit tans die moontlikheid in van 'n kettingreaksie wat die mensheid as mensheid bedreig. Daar is herinner aan die woord van Aurobinde: Die moderne wêreld, waarvan die kontinente so naby mekaar gebring is, is te bejammer as die ou geestelike mure gehandhaaf sou word en daar vasgehou word aan die oorgelewerde woord, dat die Ooste altyd Ooste en die Weste altyd Weste moet bly.

Die *"nuwe mens"*

Vir hierdie nuwe wêreld van sy eie skepping is die ou mens met sy verskille, aspirasies en belange nie geskik nie, so word gesê. Daar is een allesoorheersende belang, waaraan alle belange ondergeskik moet wees, en dit is: Wêreldbelang. Vanuit die nuwe wêreld gesien, sal die nuwe mens 'n mens moet wees met 'n wêreldgewete. Daartoe moet hy opgevoed word. In opvoeding lê die redding. Die opvoeding moet

---

[1] *Woord en Daad,* jg. IX, no. 57, April 1967, p. 1, 8.

noodwendig ekumenies wees. Die taak van die opvoeding sal wees om die gedagte van 'n wêreldgewete en die geloof aan 'n beter mensheid van die toekoms in te prent by alle volkere, en om 'n geestesgesteldheid te kweek wat alle selfverheffing uitsluit. Dit sal dus alles behalwe nasionaal moet wees.

Om nader tuis te kom: Dit moet alles behalwe Christelik-nasionaal wees. Dit voeg immers verskil by verskil. En, wat is plofbaarder as so 'n verbinding van godsdiens en nasionalisme? So gesien, is die afkeer van, en die verset teen (hierdie drogbeeld van) C.N.O. enigsins begryplik.

Die mens wat by die nuwe wêreld pas, sal dus 'n soort geestelike ruimtemens moet wees, en, soos die mens in die ruimte, 'n gewiglose mens sonder balans, verhewe bokant die swaartekrag en dryfkrag van die beginsel, want dit bring nie vrede op aarde nie, maar stryd.

Die rede antwoord

Hoe afwysend ons ook mag staan teenoor hierdie valse eenheidstrewe, is dit tog nodig dat ons begrip daarvoor moet toon en, by ons afwysing daarvan, die regte antwoord moet gee. Die afwysing daarvan bloot as 'n kapitulasiegees of 'n modesiekte, verraai 'n gebrek aan begrip. Om dit te sien as 'n soort onverklaarbare eenheidsdrang wat die mensheid beetgepak het, is ook nie 'n juiste diagnose nie. Dit is nie maar 'n eenheidsdrang (van binne) nie, maar 'n eenheidsdwang (van buite). Dit is (tweedens) die ironie van die geskiedenis, nl. dat die gesplete mensheid saamgedwing word deur 'n gesplete atoom. Dit is wel so dat daar allerlei balanserende faktore is wat die gebruik van die kernwapens terughou. En ook, dat die mens die eienskap besit om gerus te woon aan die voet van 'n vuurspuwende berg. Ons hou ook nie daarvan om alarm te maak nie. Tog kan ons nie maar ons gewone gang en gewone pas gaan en desnoods die kop intrek nie. Blote vasklemming aan die oue is geen antwoord nie. Die "nuwe wêreld" is nou eenmaal 'n feit. Is daar vir die nuwe wêreld nie 'n nuwe mens nodig nie?

Eers die nuwe mens en dán sy nuwe wêreld

Ons sou op die gestelde vraag geen antwoord gehad het sonder die Bybel nie.

Die Bybel leer ook van 'n nuwe mens en 'n nuwe wêreld. By die evolusionistiese Christendom, soos hierbo weergegee, kry ons egter 'n omkering van wat die Bybel leer. By e.g. kry ons *eers* 'n nuwe wêreld, deur die mens self geskep, en dan die nuwe mens, geskep na die patroon, of beeld, van sy nuwe wêreld. Die produk is noodwendig 'n eenheidsmensheid vir die eenheidswêreld — 'n mensheid op een patroon.

Die Bybel leer: *Eers* die nuwe mens en dan die nuwe wêreld. Dit hou allerlei implikasies in, waarvan hier enkele volg:

1. As die nuwe wêreld kom, dan is die nuwe mensheid daarvoor gereed. Beter nog: Die nuwe wêreld kom, wanneer die nuwe mensheid daarvoor gereed is. Hier is dus nie die gevaar van 'n ou mensheid in 'n nuwe wêreld nie. Die Bybel ken ook wel die gevaar en werklikheid van 'n ou mensheid in 'n nuwe wêreld van sy eie skepping, maar dan tot sy eie ondergang. Die nuwe wat die huidige grenssituasie laat sien, is dát en hóé die mensheid self sy eie ondergang kan bewerk.

2. Die nuwe mensheid is nie maar 'n toekomstige generasie of mensheid nie, maar *mense* (gelowiges) wat vergader is van die begin van die wêreld af tot die einde toe, uit alle geslagte, volke en tale, en waartoe *ek* ook behoort deur 'n ware geloof (vgl. Heid. Kateg. Sondag XXI). Die enigste troos van die evolusionistiese Christendom is dat die ou mensheid die nuwe geskep het vir die nuwe wêreld, waar hyself nie kan ingaan nie. Dit is maar 'n skrale troos in vergelyking met die van die Bybel en die Kategismus.

3. Die nuwe mens word reeds geskep in die ou wêreld met sy natuurlike lewensbetrekking en vorme, sodat hy die nuwe lewe in hierdie betrekkinge en vorme (familielewe, volkslewe, wetenskap, kuns ens.) kan uitlewe. Hy moet dit doen teen alle teëspraak en teëstand. "Julle is nie van die wêreld nie, maar in die wêreld". "Julle is die

sout van die aarde" en "die lig van die wêreld".

Wat is dit anders as die (suiwere) Christelik-nasionale beginsel, wat ons voorstaan: Die Christelike beginsel wat o.a. ook in die nasionale lewe tot uitdrukking moet kom om nie vervlugtig te word nie, en die nasionale wat in die Christelike moet wortel om nie te ontaard nie.

17. WAAR DIE WEË SKEI — SONDE HET NIE RASSE EN VOLKE LAAT ONTSTAAN NIE [1]

In 'n artikel oor "Christendom en Nasionalisme", wat op bl. 8 in hierdie uitgawe verskyn, skryf drs. J. P. Feddema o.a. die volgende: " ... dit is dan ook 'n wanopvatting dat die skeiding van die mensheid in rasse en volke 'n skeppingsordening sou wees. Inteendeel, rasse en volke is slegs deur God toegelate noodordeninge, waar die sonde die oorsaak is van die skeiding".

Die gevolgtrekking waartoe die skrywer kom, nl. dat die Christendom "kosmopolities" is, lê dan voor die hand. Daar word ook verwys na die opvatting van die ou Christelike Kerk, "dat volksengele deur die kruisdood van Christus geheel-en-al oorwin is en derhalwe so gou moontlik moes verdwyn". Dit sou die ou Kerk verstaan onder die "engele, magte en owerhede" waarvan daar sprake is in Rom. 8:38 en 2:15. Met hulle volksengele verdwyn dan blykbaar ook die volkere.

Is die opvatting, dat die skeiding van die mensheid in rasse en volke 'n skeppingsorde sou wees, 'n *wanopvatting?* Dit hang geheel-en-al daarvan af hoe ons die geskiedenis van die spraakverwarring verstaan.

Die artikel van drs. Feddema is opgeneem omdat daaruit duidelik blyk waar die weë skei. Die weë skei by die vraag hoe ons die geskiedenis van die spraakverwarring verstaan.

Die vraag is hier: Is sonde die oorsaak van die skeiding van volkere en rasse? Of, het die sonde (van Babel) juis daarin bestaan dat dit die ontplooiing van die mensheid in sy verskeidenheid van stamme, volkere en tale wou verhinder?

Val ons keuse op die laaste — en daarvoor is daar deeglike gronde — dan sien ons in die spraakverwarring die handhawing van die skeppingsordening van veelvormigheid teenoor die kunsmatige eenvormigheid van Babel. Daarmee verval die konstruksie van 'n kosmopolitiese Christendom. Onder die bose magte wat Christus aan die kruis vernietig het, verstaan ons nie die "volksgees" nie, maar die bose magte wat hulle ook meester kan maak van 'n volk, soos bv. die van selfverheerliking.

Dat die skeiding van die mensheid in rasse en volke 'n skeppingsordening is, is nie 'n wanopvatting nie. Die bestaan van rasse en volke is ook nie maar 'n noodordening wat wegval as die sonde wegval nie (in ieder geval dan nie in hierdie bedeling nie). Die "nasies" is egter sondig. Daarom is die geskiedenis grootliks 'n geskiedenis van oorloë. So sal dit wees tot die einde toe. Daarom is dit 'n oorskatting van Babel as in afsonderlike "nasies" die toekoms van die wêreld en die behoud van die mensheid gesien word. Nog daarin, nog in die uitwissing van "nasies", is die behoud van die mensheid geleë. Die valse eenheid van Babel is versteur, en sal versteur word ter wille van die ware eenheid in Christus, ook van rasse en volkere.

By die skeiding van volkere sien ons die skeiding van die weë, en die regte weg gewaar ons alleen by die regte verklaring van die geskiedenis van die spraakverwarring.

---

[1] *Woord en Daad,* jg. IX, no. 63, Oktober 1967, p. 1.

18. MOENIE NET KERK EN VOLK RAAKSIEN NIE [1]

Die Christelike godsdiens en ons nasionale lewe is van die begin af ten nouste saamgeweef. Die begin van ons vaderlandse geskiedenis was ook die begin van die kerkgeskiedenis en van die Koninkryk van God hier in Suid-Afrika. Wat die laaste betref, kan daar net herinner word aan die gebed deur die bewindhebbers aan Van Riebeeck meegegee, "dat die ware Gereformeerde leer onder hierdie brutale mense voortgeplant mag word".

Behoud van volke

Ons geskiedenis leer verder dat die Kerk nie weinig daartoe bygedra het nie om ons volk van ondergang te bewaar, nie alleen teen verswelging deur heidenvolke nie, maar ook teen die oorweldiging van 'n oormag van buite — die van die Britse *Ryk. Die* Kerk *het* as 'n bolwerk gestaan teen die denasionaliseringsproses wat ons volk veral in sy taal aangegryp het. Die Kerk en kerkmanne het in die middelpunt gestaan van die Eerste en Tweede Taalbeweging. Die Kerk het die Bybel in Afrikaans vertaal. Dit het die Afrikaanse taal sy plek gegee onder die tale van die volke.

'n Onverwagte wending in die geskiedenis was dat daar 'n bedreiging vir ons volksbestaan gekom het juis van die kant van die uitbreiding van die Koninkryk, nl. die sending. Soos die Kerk in die begin van die 19e eeu misbruik is om ons volksbestaan te ondermyn, so was dit veral die geval met die sending. Die noem van die name Phillips en Van der Kemp is hier genoeg. Dit het onvermydelik 'n afkeer tot gevolg gehad, nie teen die sending as die uitbreiding van die Koninkryk van God nie, maar teen die *Londense* sending. Dit was volks-ondermynend.

Diep beweegkrag

Hieruit is dit duidelik dat die diep beweegkrag van ons geskiedenis nie die naïewe geloof was dat ons Volk die uitverkore volk is nie, soos dit aan ons toegedig is, en waartoe ons seker ook wel aanleiding gegee het en waartoe daar ook genoeg aanleiding was (die Groot Trek, Bloedrivier), maar die geloof in God as die God van volkere. Dit het die weerstand gegee en geïnspireer: enersyds teen verswelging, andersyds teen oorweldiging en volksondermyning.

Hierdie geloof is in die geskiedenis so duidelik bevestig dat dit die aandag van die volkere nie kon ontgaan en ook nie ontgaan het nie, en daarmee ook die waarheid dat die Koninkryk van God nie gekom het om volke te laat verdwyn nie, maar dat God die God van die volkere is en gedien wil wees in elke volk op sy besondere wyse en in sy eie taal.

Kerk en volk

Die noue ineenstrengeling van godsdiens en die nasionale lewe, *so* selfs dat die Kerk hom volkome vereenselwig het met die stryd om die behoud van ons volksidentiteit, kan lig misverstaan word as 'n vereenselwiging van Kerk en volk. So is dit (ook deur onsself) in die verlede soms misverstaan en word dit vandag nog misverstaan. Dit is histories verklaarbaar, maar dit is 'n verkeerde verklaring van die geskiedenis. As dit die regte verklaring van die tradisie was, dan is die tradisie op hierdie punt verkeerd en kan ons ons nie daardeur laat bind nie.

Die vereenselwiging van Kerk en volk is verkeerd. Dit tas die "identiteit" van die Kerk aan.

'n Onskuldiger vorm hiervan is om die Kerk en die volksgrense te laat saamval en die Kerk op te breek in nasionale kerke. 'n Onlangse voorbeeld hiervan is (volgens 'n koerantberig): "Die beleid van afsonderlike kerke is gebaseer op die Bybelse beginsel dat

---

[1] *Woord en Daad,* November 1967, p. 1, 8. Hierdie artikel is geskryf na aanleiding van die artikels van prof. Herman Ridderbos in *Het Gereformeerd Weekblad* oor sy besoek aan Suid-Afrika en sy bevindinge waarna reeds in 'n vorige uitgawe van *Woord en Daad* verwys is.

God in sy skepping voorsien het vir 'n eindelose verskeidenheid van die menslike geslag". Dit is 'n halwe waarheid. Ons hoor hier geen woord van die verlossing nie en van die feit dat Christus die gelowiges uit die verskillende volke in een liggaam versoen het nie, waarin daar nie "Jood of Griek is nie ..."

Dat hierdie bekende uitspraak van die Bybel nie 'n uitwissing van grense beteken nie, weet ons. Die vraag is egter, wat dit wél beteken. Tog minstens dat daar by die verskeidenheid ook eenheid is van die liggaam en dat ons in ons afsonderlikheid ook lede is van mekaar. Aan die klem hiervan ontkom ons nie deur dit opsy te skuif as 'n geestelike iets nie, 'n geestelike gemeenskap wat los staan van die natuurlike, of 'n hiernamaalse wat niks met hierdie lewe te doen het nie. Ons kan die Koninkryk van God nie losmaak van hierdie lewe nie. Die geestelike gemeenskap in Christus moet uitgeleef word op elke terrein van die lewe en in alle lewensbetrekkinge.

Òf - òf

Ons groot beleidsverklaarders het die saak reg gesien. Daar bestaan nie so iets as 'n openheid op godsdienstige en kerklike gebied en isolasie op ander terreine van die lewe nie.

Hiermee is ons by die hart van ons probleem. Waar baie volke saam woon in een land, is dit 'n *òf — òf: òf* openheid op die geestelike en kerklike gebied, *òf* afsondering in die volkslewe, maar dan ook afsondering op kerklike en geestelike gebied.

Hierdie *òf — òf* het gestalte aangeneem in die twee uiterste flanke in ons volksgeledere wat onversoenlik teenoor mekaar staan en wat dit vir ons volk lastig maak in sy opwaartse trek.

In ons omstandigheid (baie volke in een land) is daar net een uitweg, dit wil sê as ons en ons volkseie wil behou en die gemeenskap in Christus nie wil beskadig nie, en dit kan maar net wees: elke volk in sy eie land.

Die Koninkryk en sy geregtigheid

Daar is allerlei faktore wat by 'n verantwoordelike deurvoering van die beleid in aanmerking geneem moet word. Wat die tydsduur betref, vereis die ekonomiese, die stoflike belang, 'n langsame proses, die geestelike belange, daarenteë, 'n spoedige deurvoering. Stoflike belang beteken, in ons situasie, geestelike skade. Dit is ons krisis. Die vraag vir ons is: Wat weeg die swaarste, die stoflike of die geestelike belang?

Op die jongste kongres van Sabra op Stellenbosch is in hierdie verband ook gewys op die dringendheid van die konsolidasie van die tuislande, veral deur dr. A. L. Geyer, dr. M. Olivier, Kommissaris-generaal van die Bantoe-volke in Suid-wes-Afrika, en prof. J. H. Moolman. Tereg het prof. Moolman gesê "gebied is essensieel vir nasiebou". 'n Ander belangrike faktor wat die spoedige deurvoering van gebiedskeiding dringend maak, is beklemtoon deur *Die Transvaler* in 'n gewaardeerde inleidingsartikel, nl. die geweldige aanwas van die Nie-blanke-bevolking in die blankegebied, volgens die jongste statistiek.

Gebiedskeiding stel ons voor 'n groot offer. Groter nog as die van vryheidsoorloë, meer aan goed (hopelik) as aan bloed. Dit is 'n offer wat alleen in die geloof gebring sal kan word. Ons volk word weer, soos in die verlede, tot 'n geloofsdaad geroep. Dit het ons die republiek laat terug ontvang, en so alleen sal ons dit kan behou. Daarmee sluit ons ook aan by die verlede: Die geloof dat die Koninkryk van God nie die opoffering van ons nasionale bestaan beteken nie, maar wel die bereidheid om die offer te bring wat dit vra.

Taak van die Kerk

Die beleid kan deur ons owerheid alleen deurgevoer word as die volk bereid is om die offer te bring. Hier lê die groot taak van die Kerk. Dit is die taak van die Kerk om, soos in die verlede, die volk ryp te maak vir die groot offer. Die Kerk dra hier 'n verantwoordelikheid, omdat die grootste gedeelte van die Afrikaanse volk nog aan die Kerk behoort. Die Kerk soek hierby nie in die eerste plek die volksbelang nie, maar die

van die Koninkryk, terwyl al die ander dinge bygevoeg sal word, ook dit wat in die beste belang van die volk is.

Deur sy taak te sien vanuit die Koninkryk, sal die Kerk die owerheid ook die beste dien in die deurvoering van die beleid wat (onder ons omstandighede) in die beste belang is van die Kerk, volk en die Koninkryk van God.

Die Koninkryk van God is allesbeheersend. Dit beheers die Skrif. Dit beheers die wêreldgeskiedenis — ook ons geskiedenis. By die brandende probleem: Kerk en volk, word te veel net teen Kerk en volk vasgekyk. Dit moet gesien word vanuit die Koninkryk. Dan eers sien ons die probleem in sy volle skerpte. Maar ook die uitweg, al is dit steil.

19. NOG KONSERWATISME, NOG LIBERALISME [1]

Hoewel dit nie so eenvoudig is om die afgelope kongres van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging op 14 November op Potchefstroom so kort ná die afloop daarvan behoorlik na waarde te skat nie, hoop ons dat dit nie maar die wens is wat die vader is van die gedagte nie as ons dit bestempel as 'n kongres van buitengewone betekenis.

Die bywoning was verrassend. Verblydend was veral die sterk verteenwoordiging en deelname van die kant van die Calvinistiese Vrouebeweging. Dit is ongetwyfeld te danke aan die onderwerp wat ter sprake was en waarvan die belangrikheid vir homself spreek. Dit het naamlik gegaan om: "die antwoord van die Calvinisme in die huidige situasie van ons Afrikaanse volkslewe". Dit is ingelei deur die voorsitter, prof. H. J. J. Bingle, wat op 'n diep indringende wyse die huidige verdeeldhede en verwarringe in ons volkslewe behandel het en wat die weg vir die Calviniste duidelik aangewys het in die huidige krisis.

Die bespreking het hom dadelik saamgetrek rondom die stelling deur prof. Bingle in sy voordrag dat die "konserwatisme 'n ewe groot gevaar vir ons volkslewe inhou as die liberalisme".

Meningsverskil

Dit was duidelik dat daar onder ons Calviniste verskil van mening bestaan. Dit het die beklemmende gevoel laat ontstaan dat, terwyl die Calviniste geroep is om 'n *antwoord* te gee in hierdie krisis, die verdeeldheid in die volkslewe deurgedring het tot in die *eie* geledere; dat ons nie alleen staan voor die betreurenswaardige feit van 'n verdeelde volkslewe nie, maar ook van 'n verdeelde Calvinisme.

Onwillekeurig het die vraag opgekom: "As die oog verduister is, hoe groot sal die duisternis nie wees nie?" Die stelling dat die konserwatisme net so 'n gevaar is vir ons volkslewe as die liberalisme, het die verskille ook in eie geledere te voorskyn geroep.

Dat die Calvinis afwysend staan teenoor die liberalisme, was vir almal 'n vanselfsprekendheid. Lustig is daar egter besin oor die vraag of die Calvinis ook afwysend moet staan teenoor die konserwatisme, of dan in die mate afwysend moet staan teenoor die konserwatisme as teenoor die laaste. Val die Calvinisme dan nie saam met die konserwatisme nie? Is die konserwatisme nie die antwoord van die Calvinis op die huidige krisis van ons volkslewe nie? Of, indien die Calvinisme nie saamval met die konserwatisme nie, moet dit nie gesoek word op 'n punt wat dan minstens veel nader aan die konserwatisme as aan die liberalisme is nie?

Ewe afwysend?

Kan ons inderdaad sê dat die Calvinisme ewe afwysend staan teenoor die konserwatisme en liberalisme? Is dit so dat die "konserwatisme net so 'n groot gevaar is vir ons volkslewe as die liberalisme"? Moet ons nie tog maar ons *volksbehoud* soek in *behoudendheid* nie, of dan ten minste deur bietjie *meer behoudend* as *vooruitstrewend* te wees nie?

So is daar geredeneer oor woorde — die alombekende woorde "konserwatief" ("verkramp", "regs") en liberalis ("verlig", "links"), maar 'n blote geredeneer was dit nie. Dit het gelei tot 'n belangrike onderskeiding — die onderskeiding nl. tussen die "goue middeweg, êrens tussen die twee uiterstes (liefs bietjie meer regs as links), die weg van die kompromis, nog vis nog vlees (of bietjie meer van die een as van die ander), en andersyds: Die weg tussen die uiterstes deur, nog regs nog links.

Paaie lyk eners

Hierdie twee paaie lyk so eenders. Dit laat so maklik misverstand ontstaan, en dit het geblyk die oorsaak van die misverstand onder die Calviniste te wees.

---

[1] *Woord en Daad,* jg. IX, no. 65, Desember/Januarie 1967/1968, p. 1—2.

Ook Calvyn met sy groot nadruk op moderasie en gebalanseerdheid enersyds, en sy radikalisme andersyds, word dikwels so misverstaan, en kan deur baie mense moeilik geplaas word. Hoeseer die weg van die Calvinisme vir baie dikwels lyk soos die weg van die kompromis, die middeweg, is dit presies die teenoorgestelde. Nog links nog regs. Dis nie 'n tussenpad nie. Dis die pad *tussendeur* van die boonste hoek van 'n eweredige (gebalanseerde) driehoek, reguit en regaf tussen die twee uiterstes deur; wat dit regs en links laat lê; dit saam verbind (integreer) in 'n hoëre eenheid.

Die Bybel spreek van "pilaar en vastigheid". Die Bybel spreek egter nie alleen van 'n pilaar wat staan nie, maar ook van die gelowige as 'n boom wat groei met hoë, wydverspreide takke. Ons kry in die Bybel ook die sonderlinge beeld van 'n "gebou wat groei" — onbeweeglikheid en voortgang ineen.

Die Bybel spreek nie alleen van 'n pilaar wat bly staan nie, maar ook van 'n weg wat ons moet gaan. Dit is die weg, nie van menslike versinsels (liberalisme, konserwatisme, ens.) nie, maar dis bepaal van bo, van God uit die hemel. Dit is die weg van Christus, of Christus self, die Weg, die Waarheid en die Lewe. Dit is die moeilikste weg, die weg van die krisis, wat die horisontale (menslike) weë deurkruis van bo. Dit is 'n weg wat ons nie self kan vind nie, maar alleen kan vind deur te luister na die stem agter ons wat sê: "Dit is die weg, wandel daarop! Wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan" (Jes. 30:21).

Nie links nie, ook nie regs nie. Of ons links van die pad ry of regs van die pad, dit is ewe noodlottig. Ons moet net die regte pad hou, dan kom ons behoue oor die brug. Dit is die antwoord van die Calvinisme op die huidige situasie van ons volkslewe: Dit is dan tog maar so: "Liberalisme en konserwatisme is ewe gevaarlik vir ons volkslewe".

Valse teëstelling

Dis nie alleen 'n gevaarlike teëstelling nie, of 'n teëstelling wat ons uiteen dryf in gevaarlike uiterstes nie. Dit is ook 'n valse teëstelling. Ons het hiermee in die greep van 'n valse teëstelling geraak. Ons word voor 'n valse keuse geplaas. Ons moet dit nie sien as 'n òf — òf nie (soos tevore reeds in *Woord en Daad* uiteengesit). Dit is en — en, meer nog, 'n een vir die ander: Die goeie element van die liberalisme (vryheid) en die goeie element van die konserwatisme (gebondenheid) ineen. Dit is die ware vryheid in absolute gebondenheid aan Gods Woord. Dit is, nogeens, die antwoord van die Calvinisme op die huidige krisis in ons volkslewe.

Kern-onderskeiding

Dit is jammer dat die besprekinge op die kongres nie meer gegaan het oor die positiewe en konstruktiewe deel van prof. Bingle se referaat nie, maar dat dit op die een punt vasgesteek het. Tog is dit goed, want dit het ons gebring tot 'n kern-onderskeiding wat ons in staat stel om die weg van die Calvinisme weer helder in die oog te kry.

Daarom wil ons die kongres sien as 'n oorwinning op die pad van die Calvinisme.

Dit is te hope dat hierdie referaat oor die antwoord van die Calvinisme op die huidige situasie in ons volkslewe in wye kringe gelees gaan word.

20. IN DIE TEKEN VAN DIE TYD (1) [1]

Afrikaanse volk moet uit eie wortel groei

Die P.U. vir C.H.O. was bevoorreg om te kon luister na die openingsrede van mnr. W. C. du Plessis, Administrateur van S.W.A., by die begin van die akademiese jaar. Soos deur die rektor, prof. H. J. J. Bingle, in die vooruitsig gestel in sy woord vooraf, is daar inderdaad perspektiewe geopen.

Nasionale teëstellinge — dit het veral gegaan om die verhouding van Afrikaans- en Engelssprekendes en om die verdeeldhede in ons Afrikanergeledere — is gestel in die lig van wat op die internasionale vlak in die wêreld gebeur.

Die beeld van die laaste, soos voorgehou, kom kortliks op die volgende neer: Rusland is prakties in beheer van die Suez-kanaal, die een sleutel tot die Indiese Oseaan; dit kos geen verbeeldingskrag om Kaapstad, die' oorblywende sleutel tot die Indiese Oseaan, te sien as die volgende doelwit van die Kommunistiese strategie nie; die beheer oor die Indiese Oseaan kom gevolglik in die hande van Rusland; die grense van die Republiek is dan blootgestel vir die honderde hongerige miljoene van 'n oorbevolkte Ooste. In die terroristiese aanslae in die noorde, het die spreker gesê, moet ons maar die weerlig sien uitslaan van die naderende storm. Ons tyd staan dus in die teken van die teëstelling van die Ooste en die Weste. Dis die teken van die tyd.

Verdelingslyn

Die grense van die Republiek val daarmee gedeeltelik saam. Die verdelingslyn loop oor Kaapstad. Wat beteken dit vir ons? Hoe moet ons die teken lees? Verdwyning van die teëstellinge ook in die lig (of liewer die skadu) van hierdie groot teëstelling hier vlak voor ons oë?

Inderdaad. As ons die spreker reg vertolk: Verdwyning van die *teëstelling* tussen Afrikaans- en Engelssprekendes — nie van die verskille, van die identiteit nie. Nee, maar die vraag is of Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes in die aangesig van hierdie groot gemeenskaplike bedreiging van ons gemeenskaplike vaderland in staat is om mekaar die hand te kan reik oor ons verskille heen. Dit open 'n belangrike perspektief, naamlik van *gemeenskaplike nasieskap* van twee *volksgroepe* in een vaderland.

Wat die verhouding van die twee volksgroepe betref, staan ons voor die onverbiddelike feit dat daar beïnvloeding, indien nie samegroeiing plaasvind. Die belangrike vraag vir ons is wat uiteindelik die oorheersende sal wees. Dit hang af van ons inherente krag, die krag tot positiewe uitlewing van ons eie en ons beginsels. Ons betuig volle instemming: "Die Afrikaner se identiteit is gebore en gewortel in Suid-Afrika, sy geskiedenis en sy tradisies. Daar is geen rede hoegenaamd waarom dit nie sal bloei nie". Ons Afrikanerskap moet nie anti-Engels-bepaald wees nie. Dit beteken ook maar oorheersing — al is dit negatief. Ons moet uit ons eie Afrikaanse wortel groei, en so die krag besit om te assimileer en nie geassimileer te word nie.

Ons moet maar sê soos Totius die besembos laat sê:

> Ek leef en sal lewe,
> My doodkry is min.

Insulasie

Met die geagte spreker wil ons nie misverstaan wees nie. Daar is geen sprake van dat daar nie georganiseer moet word nie en veral op Christelike grondslag op die verskillende terreine van ons volkslewe. Maar dan nie met die oog op isolasie nie, maar (om dit so uit te druk) met die oog op insulasie. Daar moet georganiseer word, nie maar teen beïnvloeding nie, maar met die oog op beïnvloeding na buite.

---

[1] *Woord en Daad,* jg. X, no. 67, Maart 1968, p. 1, 8.

Verdeeldhede

Die verdeeldhede in ons Afrikanergeledere bring 'n mens by die vraag van volkseenheid, soos die van die twee volksgroepe 'n mens by die vraag van een nasieskap gebrlng het, in terme dan van die gangbare onderskeiding tussen volk en nasie. Dit was verhelderend om weer te verneem dat volkseenheid nie daarin bestaan dat daar geen verskille moet wees nie, maar daarin dat ons toon dat ons ondanks ons verskille die eenheid kan bewaar.

Het ons die vermoë reeds genoegsaam ontwikkel om by ons verskille die volkseenheid te bewaar? Dit is die vraag.

Dit sou dan ook verkeerd wees om die teëstelling tussen Oos en Wes te gebruik om al wat verskil tussen ons in die skaduwee van die groot teëstelling as nietighede te laat verdwyn. Dan lees ons die teken van die tyd nie reg nie.

Beste belang

Verskil van mening oor wat in die beste belang van die volk is, is een saak. Vryheid van mening en van meningsuiting is 'n onmisbare voorwaarde en die onderdrukking daarvan op watter wyse ook is skadelik vir 'n gesonde volksgroei. Die implikasie is dat ons nie maar gereed moet sit met 'n volksban teen elkeen wat van ons verskil nie. 'n Gevaar of versoeking by hierdie volksverdeeldhede wat egter sterk in die gesigsveld gebring is, is dat hierdie verskille uitgebuit kan word vir eie (groeps-) belang, gewin of eer. Volksbelang word dan opgeoffer aan eie of groepsbelang. Dit raak die volkseenheid in sy wortel. As dit maar kon kristalliseer uit al die verwarringe in die eie geledere dat ons ons afvra of dit vir ons gaan om die belang van ons volk of om eie belang of eie eer, dan is daar veel gewonne.

Persstryd

In verband met die onenighede in eie geledere is veral verwys na die persstryd. Die trefveld van die gestelde vraag is egter so wyd dat niemand, ook geen organisasie of instelling, wat betrokke is, daar buite val nie.

Deur hulle noue samelewing met ons volk val selfs ons kerke nie daarbuite nie. Dit gaan by die Kerk sekerlik nie in die eerste plek om die volksbelang nie, maar om die belange van die Koninkryk van God. Vanweë die noue betrokkenheid by ons volksvraagstukke is ons kerke egter vanself ook voor die vraag gestel of dit nie gaan om die Kerk of selfs om kerk teen kerk nie, maar om die Koninkryk van God en so in die beste belang van die volk.

In verband met hierdie perspektiewe in die lig van die teken van die tyd is daar egter ook vrae, waarop ons hoop om terug te kom.

21. IN DIE TEKEN VAN DIE TYD (2) [1]

Mensheid bekommerd oor voortbestaan en nie oor voortbestaan van aparte volke nie

Die Bybel laat ons (soos met 'n teleskoop) die toekoms duidelik sien. Dit stel ons in staat om die geskiedenis te lees uit die toekoms na die hede toe.

Die teëstelling tussen Oos en Wes met sy verdelingslyn op ons grense moet ongetwyfeld as 'n groot oorsaak gesien word van die huidige krisis in ons volkslewe.

Terselfdertyd gee dit 'n duidelike belyning aan die verwarringe wat daaruit ontstaan oor die noodsaaklikheid enersyds vir Engels- en Afrikaanssprekendes om politiek tot 'n verstandhouding te kom ter wille van die behoud van die Blanke beskawing en, andersyds, die bedreiging wat in lg. aangevoel word vir die eie volksidentiteit.

Dit is dus 'n behoudendheid in ruimer en enger sin, maar in elke geval behoudendheid, waarvan die één ongelukkig nie die verlengstuk van die ander is nie, maar in 'n spanning tot die ander staan: Die behoud van die Blanke beskawing wat twee taalgroepe na mekaar toe dryf in 'n omgekeerde verhouding tot die eie volksbehoud. Die weg is nie so duidelik nie.

Ons het in die vorige uitgawe getrag om iets hiervan te sê. Die antwoord is gevind in die geworteldheid in ons bodem — soos 'n boom met uitgespreide takke, meegewend in die wind, maar onbeweeglik op sy wortel. Hieroor moet daar egter meer gesê word.

'n Vraag

Eers moet ons vra of daar in die teken van die tyd nie meer te lese is nie. Is dit nie 'n teken wat êrens heen wys nie? Die veranderende winde, veral sinds die vorige Wêreldoorlog, wys onmiskenbaar op 'n eenwordende wêreld. Dit is seker wel duidelik dat "vreedsame naasbestaan", met name van Oos en Wes, waarin nasies en volke saamgebondel word, 'n mensbeeld of eerder 'n masker is. Daarom spreek ons van die *teëstelling* tussen Oos en Wes. Dit sal die een of ander moet wees, of albei in een. So wil dit lyk as ons vorentoe kyk.

Die proses van eenwording is trouens in 'n ver gevorderde stadium. Afstande is besig om te verdwyn deur snelvaart, radio, televisie. Wat ver was, is naby. Almal weet omtrent alles van mekaar, gewoonlik die slegste. Terwyl die wetenskap besig is om (heilbrengend?) die bevolkingsgetalle van die wêreld tot 'n ontploffingstadium te bring, veral in die Ooste, het dit ons ook in besit gebring van 'n vernietigende krag. Die gesplete atoom dwing die verdeelde wêreld tot eenheid — tot die uitwissing van verskille (nasionale, kleur, godsdienstige), want verskille kan lei tot die uitwissing van die mensheid.

Die vraag is dan of ons beywering vir ons volksidentiteit nie geheel-en-al indruis teen die grein van die geskiedenis nie. Het die oordeel van die wêreld oor ons stryd om volksbehoud nie die geskiedenis aan sy kant nie?

Die mensheid is bekommerd oor sy voortbestaan en nie oor die van aparte volke nie. Liewer 'n kleurlose mensheid as 'n kleurvolle wat met sy verskille homself met uitwissing bedreig. Die stryd om die behoud van identiteit het vandag in 'n stadium gekom dat dit geloof verg — eintlik 'n blinde geloof wat die oë laat sluit vir die gang van die geskiedenis, ook vir die teken van die tyd.

Maar dit is nie geloof nie. Geloof beteken nie om die oë te sluit vir die werklikheid nie. Dit lees die geskiedenis, ook die vaderlandse, in die lig van wat in die wêreld gebeur. Die geloof sien die Hand van God in die geskiedenis. Tog sal ons die geskiedenis nie reg lees nie as ons dit nie lees nie, soos Calvyn gesê het, "deur die bril van Gods

---

[1] Woord *en Daad,* jg. X, no. 68, April 1968, p. 1-2.

Woord".

Van die toekoms na die hede

In die reël word die geskiedenis vanuit die verlede (selfs die prehistoriese!), oor die hede na die toekoms toe gelees, om dan uit die verlede gevolgtrekkinge te maak vir die toekoms. Sommige sien in die verre toekoms nog altyd volke en nasies, en in die bestaan van afsonderlike nasies die toekoms vir hierdie wêreld. Ander — dis die Kommunistiese Ooste, maar ook baie in die Christelike Weste — sien met ewe veel stelligheid in die verskiet geen nasies meer nie en daarin die behoud van die wêreld. Die laaste het die geskiedenis skynbaar aan hul kant.

Dit bly egter maar 'n gluur in die toekoms met sy onsekerhede. Die Bybel laat ons (soos met 'n teleskoop) die toekoms duidelik sien. Dit stel ons in staat om die geskiedenis te lees *uit die toekoms na die hede toe.* Dan laat dit ons in die (naderende) toekoms Babel sien — 'n wêreld-eenheid, waarin nasies opgesluk word. Dit laat ons in hierdie (laaste? voorlaaste?) teëstelling van Oos en Wes die teken van die tyd sien, ook die teken van die vervulling van Gods Woord — en die teken van die einde. Want Babel is die teken van die einde.

En daarna?

'n Groot deel van die Christendom van ons tyd glo aan 'n (uiteindelike) toekoms sonder nasies en volke, en derhalwe aan nasies en volke sonder 'n toekoms. Daar is egter alle rede om te glo, op grond van die Bybel, in die toekoms van volke. Die val van elke Babel (Wêreldryk) in die Bybel (en volgens die Bybel) beteken ook die bevryding van volke. So beteken ook die val van die laaste Babel 'n bevryding van die volke, soos die van die eerste Babel die ontstaan van nasies beteken het.

Die vaste bodem

Gesien vanuit die hede (en verlede) na die toekoms toe, mag die liefde vir ons volk stroomop lyk — teen die gang van die geskiedenis in, maar nie, as dit gesien word in die Bybelse toekomsperspektief nie. Ons sou terugkom op die bodem waarin ons gewortel moet wees. Dit is nie maar *in* ons verlede nie, maar deur die geloof in wat die Bybel ons leer, ook omtrent die toekoms van volke en nasies. Dan is ons gewortel in die vaste bodem.

Dit is nodig, want dit gaan deur Babel heen, 'n aanstaande wêreld-eenheid, waarin vir die Christelike geloof en ook vir die bestaan van volke geen plek sal wees nie. Volke sal alleen behoue kan bly in hulle gelowiges.

'n Volk hoef ook nie te bestaan tot die einde om 'n toekoms te hê nie. Dit is genoeg dat hy daar was. Ons beywer ons ook nie maar vir 'n toekoms wat ons moet skep en nie sal sien nie, en waarop ons terugsien as 'n dankbare herinnering, miskien in die vorm van enkele monumente. Ons glo aan 'n toekoms waarin die verlede terugkeer en waar dit wat was ook sal wees, want die weg na die toekoms gaan deur die opstanding uit die dode.

Dit gaan ook deur die eindgerig heen. Die gerig, so leer die Bybel op verskillende plekke, gaan oor nasies en hulle heersers.

Twee afleidings

Ons moet dus ook nie so vaskyk teen die teëstelling van Oos-Wes nie, dat ons die ander lyn uit die oog verloor wat dit deurkruis, en wat deur die nasies in die Ooste en die Weste heen loop. Die verlostes bestaan uit gelowiges "uit alle nasies en stamme en volke en tale".

Dit is goed om ons te beywer vir ons volksbestaan.

Maar hóé ons ons daarvoor beywer, is nog belangriker.

22. SUID-AFRIKAANSE REALISME VEREIS NIE-BLANKE NASIEBOU [1]

Om nie perspektief te verloor en *met* allerlei "oplossings" voor die dag te kom in 'n ingewikkelde saak soos die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie, is dit nodig dat die geheelbeeld steeds voor oë gehou moet word.

So 'n geheelbeeld het mnr. M. C. Botha, Minister van Bantoe-ontwikkeling en -onderwys, by geleentheid van die Inter-fakultêre Lesings van die P.U. vir C.H.O. gebied. Hierby is veral sterk standpunt ingeneem teen diegene wat (oor)haastig is om die eindpunt daarvan (in die sin van volle realisering) te sien en wat daarby ook die opvatting huldig dat dit in die beleid van afsonderlike ontwikkeling om 'n absolute skeiding tussen Blank en Nie-blank gaan. Diegene wat dergelike voorstellinge het, is deur die Minister tot die werklikheid teruggeroep — tot wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling werklik inhou en ook m.b.t. die realisering daarvan.

Veelvolkige ontwikkeling

Ons verheug ons oor die sterk beklemtoning, opnuut, dat by die beleid van afsonderlike ontwikkeling "primêr van 'n volksgrondslag uitgegaan moet word". Daar word nog te veel op hierdie vraagstuk as 'n rassevraagstuk gehamer sonder om in te sien hoe ons sodoende self daartoe bydra om hiervan 'n internasionale vraagstuk te maak. Dit is noodsaaklik dat ons ook in hierdie opsig meer realisties moet wees. en iusien dat dit in werklikheid nie om rasse gaan nie, maar om volkere — om minderhede en meerderhede, en om die regte wet te vind vir 'n vreedsame samewoning van die verskillende volke in Suider-Afrika.

Nie geboorte nie, maar afkoms

Ook in 'n ander opsig is dit volgens die Minister belangrik om die beleid van afsonderlike ontwikkeling as volksontwikkeling te sien. Dan is die woonplek en selfs die arbeidsveld nie meer van 'n deurslaggewende betekenis nie; want vir die volksbegrip — altans in die gangbare betekenis van die woord 'volk' — is nie die geboorteplek nie, maar afkoms bepalend. Dan verval die noodwendigheid van absolute skeiding. Dit mag wenslik wees dat die nie-blanke volke maksimaal in die tuislande moet woon. Maksimaal, nie in die sin van die meerderheid nie, maar van die meeste wat die gebiede kan dra. Die voorstelling dat die beleid daarop neerkom dat die Bantoe-volkere slegs tydelik in die Blanke-gebied woon en dat die blanke- en nie-blanke volke elkeen in hul eie gebied sal woon, is dus nie heeltemal juis nie. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is in werklikheid nie dat daar absolute skeiding moet wees nie.

Realisme?

'n Herinnering deur die Minister aan wat volksontwikkeling alles inhou en ook nuwe insigte wat gegee is — o.a. sentralisering van owerhede voordat aan omlyning en konsolidasie van gebiede, met die ontwrigting en opofferinge wat die laaste inhou, gedink kan word; skifting van die verskillende volke tot wat saamhoort; ontwikkeling van die gebiede tot die hoogs moontlike drakrag, maar veral ontwikkeling van volke vanaf die elementêre vlak en 'n bestaansekonomie tot nywerheidsvolke; ontwikkeling selfs van die vatbaarheid daartoe, terwyl andersyds die blanke ook nog algaande moet leer om die ontwikkeling nie verkeerd nie, maar reg toe te pas — dit alles, en nog veel meer, het geen twyfel gelaat nie dat diegene wat al te haastig is om die einde te sien, die oë sluit vir die realiteit.

Dit was andersyds ook ewe oortuigend dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling sodoende 'n beleid is wat nie 'n einde in sig stel nie, en het die vraag laat opkom of 'n beleid wat nie 'n einde in sig stel nie wel in alle opsigte realisties is. Dit is ongetwyfeld realisties om gebiedsomlyning en die konsolidering van die (± 260) gebiede uit te stel, veral vanweë die groot offers wat dit vra. In werklikheid sal dit nie kleiner word nie, maar altyd swaarder en moeiliker, hoe langer ons wag. Die idee dat 'n volk wat buite sy

---

[1] *Woord en Daad,* jg. X, no. 69, Mei 1968, p. 1—2.

gebied woon, genoeg daaraan het dat hulle "deel het aan die gemeenskaplike grondbesit van die volk", is al te idealisties gesien, soos ook die nuwere idee wat in die jongste tyd na vore kom dat ontwikkeling van 'n volk as *volk* kan plaasvind los van sy land.

Eie bene

Dan ook die vraag of dit inderdaad nodig is om die nie-blanke volke tot 'n sekere professie op te voed voordat hulle op hul eie bene neergesit word. Val en opstaan en ook seerkry en kneusplekke is 'n noodsaaklike deel van die proses om te leer loop.

Aan die Transkei is trouens selfregering gegee terwyl die volk volgens ons norme nog in sy kinderskoene staan. Ná selfstandigwording kan met opvoedingswerk rustig voortgegaan word. Voogdy is iets wat eerder met sekere risiko beëindig moet word as om te lank te duur.

Aan die ander kant moet daar ook gevra word of daar by diegene wat haastig is om 'n eindpunt te sien by die beleid van afsonderlike ontwikkeling en ook daarin algehele skeiding wil sien, nie ook sekere realisme is nie. Min. Botha het self gewys op die gebiedende noodsaaklikheid dat die oë nie gesluit moet word vir wat in Afrika gebeur nie. Dit is realisties om die oë nie te sluit vir wat in die wêreld gebeur nie. Ons is deel van die wêreld en ook van die wêreld van nou.

Daarby leef ons in 'n vinnige tyd. Dit is realisties om ook hiermee rekening te hou. Afsonderlike ontwikkeling word soms voorgestel as 'n piramide wat langsaam verrys met politieke selfstandigheid as die spits. Vir die langsame bou van piramides het die Egiptenare tyd gehad. Ons nie.

Ontwikkeling

Ons moet dit selfs waag om 'n sekere vraagteken agter die beleid van afsonderlike ontwikkeling te plaas: *Nie* agter die afsonderlikheid van volke nie, maar agter *ontwikkeling.* Ons Westerse denke is erg evolusionisties bepaald. Evolusie reken met eindelose tyd, na agter en vooruit. Dit is 'n teorie van die natuurwetenskap wat nie op die werklikheid van die geskiedenis pas nie. In die geskiedenis kom daar onvoorsiene wendinge en krisistye. Dit is realisties om hiermee rekening te hou. Ons leef in 'n tyd van revolusie. Die antwoord daarop is nie evolusie nie, maar reformasie — in ons geval: Die regte ordening van volke in hul state.

In die aangekondigde volksidentifikasie sien ons die begin van hervorming van die beeld van Suid-Afrika.

Sou dit alleen gaan om verbetering van toestande, dan is tydsaamheid op sy plek, maar nié waar daar ook sekere regte mee gemoeid is nie. Hier leer die Skrif dat ons *haastig* moet wees. As oorgangsmaatreël was en is wetgewing wat baie keer as diskriminerend gekwalifiseer word, nodig, maar dan ook hoogstens as oorgangsmaatreël. As die beleid van afsonderlike ontwikkeling geen eindpunt in sig stel nie of geen konsekwente toepassing nie, dan word ook aan hierdie donker aspek nie 'n einde in sig gestel nie. In die verdwyning hiervan soos reeds deur dr. Verwoerd in die vooruitsig gestel is, moet selfs 'n uiters belangrike doelstelling van afsonderlike ontwikkeling gesien word. Dan kan dit op niks minder neerkom nie as hierop: dat elke volk in sy eie land moet woon.

Volksontwikkeling en nasie-bou

Afsonderlike ontwikkeling as volksontwikkeling is deur min. Botha as die juiste middeweg gestel tussen diegene wat al te haastig is enersyds en die integrasioniste andersyds. Na ons oortuiging moet die juiste middeweg liewer gevind word tussen diegene wat al te haastig is om die eindpunt te sien en 'n beleidstoepassing wat nie 'n eindpunt in die vooruitsig stel nie. Dit kom hierop neer dat al die aspekte begrensing *en* konsolidering van gebiede is; dat ontwikkeling van die lande *en* van die volke vir die lande ewe veel aksent sal moet kry, ook in die sin van gelyktydigheid.

Dat die woonplek en arbeidsveld nie deurslaggewend is nie, mag van 'n volk geld,

maar nie van 'n nasie nie. Van ons taal wat 'n faktor is van ons volksidentiteit, sing ons *"Ek het jou lief bo alles",* maar ook van ons *geboortegrond* wat mede-bepalend is vir 'n nasie.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling sal *aan* eers ten volle beantwoord aan wat dit in werklikheid behoort te wees, wanneer ons dit sien nie alleen as *volksontwikkeling* nie, maar ook as *nasie-bou.*

23. VIER GELOFTEDAG SOOS 'N SONDAG [1]

Daar het van verskillende kante bedenkinge gekom i.v.m. die viering van ons Geloftefeeste. In die *Kerkbode* (3.1.68) word gevra om meer dissipline, en aan die hand gegee dat sprekers hulle moet stel onder die dissipline van die Gelofte as tema van die fees. "Die tema vir hierdie grootste volksdag is aan ons opgelê deur die heilige Gelofte".

Die spreker "is die mondstuk van 'n volk wat geleer het om te bid in die dag van benoudheid en te glo in die toekoms as genadedag van God beskore vir hierdie land en al sy mense. Hy is beslis nie daar om 'n nuwe beleidsplan aan die owerheid en 'n nuwe program aan die kerk voor te skrywe nie".

Ook die *prediking op Geloftefees* het onder die soeklig gekom, en wel na aanleiding van 'n brief van dr. A. G. S. Gous, die jeugsekretaris van die N.G. Kerk, wat die mening uitgespreek het dat die prediking 'n meer positiewe karakter moet dra. Die veroordeling van allerlei euwels wat by name genoem word, bring ons nie verder nie. Dit bring nie net ons jeug in opstand nie, maar elke Christen "wat soek na 'n positiewe bevrydende boodskap uit die evangelie van Christus". Die prediking moet niks anders wees nie as suiwere Christus-prediking. "Ons moet eerder by elke geleentheid Christus in sy suiwere vorm bring en Hy sal ons volk en ons jeug van hulle sondes verlos".

Dan was daar, onder die opskrif "Geloftepreek in Londen skok Afrikaners" *(Die Burger,* 18.12.67), die berig van 'n Geloftepreek wat in Londen gehou is. Dit het gegaan oor Eseg. 16:23. Die skokkende van hierdie preek was, volgens die berig, die vergelyking van die Afrikaanse volk in sy afvalligheid met 'n straatvrou... Israel, die vrou van God, het ontug gepleeg. Dieselfde God wat vir Israel hieroor kwaad geword het, het by Bloedrivier die Afrikaner se roepstem gehoor. Ons het 'n Afrikanernasie geword op Gods genade en God het ons as verloste mense uitgekies, omdat ons taak is diens aan God ..."

Soos Israel

In die laaste geval is dit duidelik waar die fout lê. Die fout lê nie juis waar dit gesoek is nie. Die Skrif gebruik in Esegiël en op meer plekke die beeld van 'n straatvrou vir die afvallige volk (die uitwerking van die beeld deur die prediker daargelaat). Die fout lê in *die onoordeelkundige vereenselwiging Van die Afrikaanse* uol/c *met Israel.* Dit is 'n Skrifuitlegkundige fout waaraan predikers en sprekers hulle al te dikwels skuldig maak by Geloftefeeste. Hieraan sal ernstig aandag gegee moet word om die saak met ons Geloftefeeste in die wortel reg te stel. Die Skrif moet reg verklaar en reg toegepas word.

Ons geskiedenis met sy Bloedrivier is nie Openbaringsgeskiedenis nie. En tog, as ons sit en luister of 'n oordenking lees, dan is dit asof ons met ons vaderlandse geskiedenis oor die grense van die gewone geskiedenis gevoer word in die geskiedenis van die Openbaring, en wel in sy Ou-Testamentiese bedeling.

As daar dan ook maar gewys sou word op die einde van die geskiedenis van Israel, wat ondanks alles wat God aan hulle gedoen het in hulle geskiedenis, en ondanks al die waarskuwings van die profete om terug te keer tot die wet en die getuienis, op sy weg voortgegaan het tot hulle ondergang. Is daar enige rede om te dink dat ons volk met wat God aan ons volk in ons geskiedenis gedoen het, dit tot 'n beter einde sou bring?

Hierdie soort prediking laat ons nie alleen leeg huis toe gaan nie, maar beroof ons van alle hoop in die toekoms van ons volk. Die geskiedenis van Israel het wel iets vir ons te sê. Die boodskap is: As dit van ons moet afhang, dan is ons 'n volk vir wie daar geen daeraad is nie.

Ons moet met die bedroewende feit rekening hou dat daar 'n deel van die volk en van ons jeug is wat nie so volksverbonde voel dat hulle hul die offers wil getroos wat die godsdiens aan hulle stel, bv. in kleredrag, in wyse van vermaak, in denkwyse nie. Die

---

[1] *Woord en Daad,* jg. X/XI, Desember/Januarie 1968/69, p. 1, 4, 6, 8.

voortbestaan van die volk is vir hulle nie 'n genoegsame motief nie. Die Joodse volk kon ook nie daartoe beweeg word om een Sabbat te hou soos dit behoort nie, al was die toekoms van die volk daarmee gemoeid, ten spyte van die verontwaardiging van die geestelike leidsliede teen die skare wat die wet nie onderhou nie, en veral teen die Sabbatskenders, die bewerkers van die ondergang van die volk.

Was daar nie ook iets verkeerd by die geestelike leidsliede nie? Ja, seker. Die fout was *nie* dat die nasionale voortbestaan afhanklik gemaak is van die vervulling van die gebooie van God nie, maar dat die nasionale voortbestaan die oriënterings-punt gemaak is van die vervulling van die gebooie van God; dat daarin die motief gesoek is vir die vervulling van die gebooie van God, van Sabbatsheiliging, kleredrag, ens.

Laat die geskiedenis van Israel vir ons hierdie les leer: 1) Gehoorsaamheid aan God is die onmisbare voorwaarde vir volksbestaan, en 2) Volksbestaan is 'n ongenoegsame motief om die juk van die wet te dra. Dit is die spanning waarin ons beland deur 'n onoordeelkundige vereenselwiging van ons Afrikaanse volk met Israel — Israel as "Godsvrou" en ons "Geloftevolk".

Soos 'n Sabbat

Dit *moet* vanselfsprekend opgevat word "soos 'n Sondag", ondanks die Israelitiese uitdrukkingswyse. Die Gelofte is, reg opgevat, "soos 'n Sondag". Dit beteken 'n dag van Woordverkondiging. By alles wat op Sondag nie gedoen moet word nie, is die belangrike dit wat wel gedoen moet word, nl. om te gaan luister na die verkondiging van die Evangelie. In die Gelofte is trouens sprake van die oprigting van 'n huis vir die Here. In die Evangelie gaan dit om Christus, om verlossing van sondes en die ewige lewe. As Geloftedag gehou word "soos 'n Sondag" bring dit ons van die Bloedrivier na die Bloed van die Kruis. Dit is ewe vanselfsprekend dat die bedoeling van die vaders nie kon gewees het om nog 'n Sabbat naas die bestaande Sabbatdae in te stel nie. Hulle het tog seker so goed as ons geweet dat 'n mens nie 'n Sabbat kan instel *nie. 'n Dankdag soos 'n Sabbat* moet op een lyn gestel word met ons dankdae en dae van verootmoediging, wat ook *soos 'n Sabbat* waargeneem behoort te word, en met die bediening *van* die *Woord* gepaard moet gaan.

Maar wat het dit nou (verlossing van sondes en die *ewige* lewe) met die volksbestaan te doen? Die antwoord is: Die Evangelie van skuldvergifnis en versekering van die ewige lewe lei tot 'n dankbare lewe van die verloste, en die dankbare lewe bestaan in die vervulling van die wet van God, wat leer om God lief te hê bo alles en ons naaste soos onsself — veral ons vader en moeder, ons voorgeslagte, ons volk. Volksliefde is nie maar 'n emosie wat sommige het en ander nie het nie, of sommige te veel en ander te min het nie, maar dit is 'n gebod van die Here, en dan ondergeskik aan die liefde tot God.

Die Evangelie van verlossing het baie te doen met ons volkslewe. Wat beteken dit nie vir 'n volk om burgers te hê wat ook burgers van die Koninkryk van God is nie — burgers, wat die burgerlike wette gehoorsaam, maar nie uit vrees vir straf nie, maar ter wille van die gewete; wat nie net nalaat wat hulle nie mag doen nie, en doen wat hulle verplig is om te doen nie, maar veel meer as wat hulle verplig is om te doen; burgers, wie se liefde nie beperk is tot hulle self, hulle huis nie, maar wat uitgaan tot hulle volk, en verder, oor die grense van hulle volk. As kinders van die Koninkryk. Ons kan ons Geloftefees nie op 'n seënryker wyse vier nie as om dit ooreenkomstig die Gelofte te vier *soos 'n Sondag,* ons te stel onder die Evangelie van Christus en daaraan hefinner te word wat die Evangelie van Christus beteken, nie maar vir die individu nie, maar ook vir ons volkslewe en vir ons volksbestaan.

Geloftedag 'n Kerkdag

"Soos 'n Sondag" beteken dat die Afrikaanse volk kerklik moet saamkom, d.w.s. as gelowiges. Dit is maar altyd die volk wat Kerk *toe* gaan — elke Sondag, die gelowiges van die volk. Ons kan Kerk en volk nooit losmaak van mekaar nie, al val hulle nie saam nie. Dit is die *gelowiges van die volk* wat hulle kom stel onder die Evangelie om daaruit krag te kom put, onder meer óók as sout in die volkslewe en op Geloftedag spesiaal met

die oog op die volkslewe.

Ons sal op hierdie dag saamkom om, in aansluiting by Bloedrivier, rekenskap te gee as kerke veral ook van ons sendingtaak, die oorwinning van die heidenvolkere met die swaard van die evangelie. Ons kan ons beroem op baie heidene wat bekeer is en op groot geldbedrae wat daarvoor geoffer is. Kan ons ons daarop beroem dat ons van een heidense volk 'n Christenvolk gemaak het? Daar is selfs stemme gehoor dat sekere tradisies behoue moet bly, al is hulle nie Christelik nie, ter wille van die bewaring van die etniese eenheid. Ons moet ons maar indink in die posisie waarin Christene verkeer onder 'n volk wat self nog heidens is. Dit skyn dan tog nodig te wees vir die kerke om hulle in hierdie opsig rekenskap van hulle "program" te vra.

Daar is nie alleen die taak om van die heidense volkere Christelike volkere te maak nie, maar ook om 'n Christelike volk, ons eie, te bewaar teen verheidensing, nie in die barbaarse nie, maar in die moderne sin van die woord. Dit wil sê die kerke sal hulle op Geloftedag ook rekenskap moet gee van hulle evangelisasietaak, om die afvallige volksgenote en jeug tot Christus te bring en so ook tot die regte volksverbondenheid. Dit is dus ook 'n dag waarop die euwels, wat aan ons volkslewe sy Christelike karakter ontneem, terdeë onder oë gesien moet word.

Wat egter veral nie vergeet moet word nie, is die herinnering aan die roeping om ons Christelike geloof positief uit te lewe in ons volkslewe, te meer nog omdat ons geroep is om aan die heidense volkere te toon wat 'n Christelike volkslewe is. Dit geld nie alleen ons kleredrag en ontspanningslewe nie, maar elke terrein van die lewe, ook die politieke. Ons stem saam dat Geloftedag nie 'n dag van politieke toesprake is nie, of om 'n nuwe beleidsplan aan die owerheid voor te skryf nie, maar om hierteenoor te stel dat dit 'n dag moet wees waarop ons telkens ons beleid en die toepassing daarvan in die lig van die Evangelie kom stel, en ons afvra of dit in alle opsigte daaraan beantwoord.

Net die Afrikaners?

Deur ons Geloftedag te hou soos 'n Sondag, met die Woordverkondiging in die middelpunt, sal ons dit moontlik maak dat ook ander volksgroepe saam Geloftedag kan vier. Geloftefees het net soveel betekenis vir ander volksgroepe, ook vir die Nie-blanke volkere. Vir hulle was die Bloedrivier die weg tot verlossing deur die Evangelie. Dit is die grootste datum ook in hulle volksgeskiedenis. Geloftedag moet saam gevier word, nie juis deur uiterlik saam te kom nie. As 'n dankdag *soos 'n Sondag* open dit die weg tot gesamentlike danksegging vir die groot dade van God, elk in sy eie taal.

Een Kerk?

Geloftedag herinner ons aan die tyd toe ons ook nog kerklik een was. Die herinnering moet ons nie net met weemoed vervul nie, maar ook met diepe ootmoed — 'n ootmoed wat daarin tot uitdrukking moet kom dat ons na die verlore eenheid moet soek. Van hierdie roeping tot 'n eenheid moet die kerke hulle juis op Geloftedag telkens weer rekenskap gee.

Die vraag na die regte manier waarop Geloftedag gevier moet word, het veral ná die jongste Geloftefees weer sterk na vore gekom. Dit blyk ook uit die beroep van die uitvoerende komitee van die F.A.K. in *Die Transvaler* (14.11.68), waarin gewys word op die belangrike plek wat die godsdiensoefening daarby moet inneem. Die F.A.K. spreek van *'n erediens.* Hou dit in dat die viering van Geloftedag na die verskillende kerke verwys moet word? Dit is seker nodig dat hierdie en nog ander vrae in verband met die viering van Geloftedag in oorleg met veral die Afrikaanse Kerke onder die oë gesien moet word.

24. KERKROEPING, VOLKERE EN POLITIEKE BELEID [1]

In die vorige uitgawe van *Woord en Daad* het die slotgedeelte van prof. K. Runia se indrukke oor Suid-Afrika gevolg, waarin dit oor die kerklike lewe gaan.

Prof. Runia se hoofgedagtes

In 'n (tussen-) sinnetjie word die betrokkenheid van die Kerk by die politieke situasie sterk beklemtoon. Dit lui: "'n Kerk hang tog nie soos 'n newel in die lug nie, maar bestaan uit lewendige mense". Die betrokkenheid van die Kerk blyk dan ook duidelik uit sy hele artikel. Die kerklike lewe in Suid-Afrika kan nouliks bespreek word sonder dat die sg. apartheidsvraagstuk daarby betrek word.

'n Gevaar waarop prof. Runia wys (en waarop ons gerus kan let), is dat die Kerk op so 'n wyse betrokke kan wees dat dit geheel en al ingetrek kan word in die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling en daarby in so *'n* mate dat die Kerk die beleid nie alleen "sonder ernstige bevraging volg nie, maar dat daar selfs teoloë en predikante is ('n klein minderheid, so stel prof. Runia dit baie beskeie) wat hierdie beleid Skriftuurlik probeer fundeer en dit dus as 'n van God geopenbaarde en deur God bepaalde beleid wil sanksioneer".

By hierdie opsomming van prof. Runia se artikel sou die volgende bygevoeg kon word: 'n Herinnering aan hierdie soort oorbetrokkenheid van die Kerk sit seker ook opgeslote in sy beklemtoning van die gemeenskap van die heiliges as iets wat nie net bely nie, maar ook beleef moet word.

Ons antwoord

Ons mag aan die laaste stelling nie iets probeer afdoen met die argument dat ons in 'n onvolmaakte en sondige wêreld leef nie. Die sonde mag sekerlik nie as 'n verskoning vir 'n gebrekkige vervulling van ons roeping gebruik word nie. As ons die gemeenskap van die heiliges bely en ons skiet tekort in die uitlewing daarvan, dan moet dit 'n saak wees van hartgrondige skuldbelydenis en bekering in plaas van 'n afweging daarteen van soveel goed wat gedoen word en dikwels selfs met die nie onbekende waarskuwing teen 'n "oordrewe skuldgevoel" op die koop toe nie.

Dit is selfs moontlik om van die nie-belewing van die gemeenskap van die heiliges (nl. oor die volks- en kleurgrense heen) 'n gevaarlike teologiese dogma te maak. Dit geskied dan min of meer deur die volgende redenasie: Die eenheid van die Kerk en die gemeenskap van die heiliges is 'n saak van die geloof. Bely ons dan nie elke Sondag nie: Ek glo in 'n heilige, algemene, Christelike Kerk; ek glo in die gemeenskap van die heiliges?

En omdat dit 'n saak van die geloof is, behoort die gemeenskap eintlik nie tot uitdrukking te kom nie, nog organisatories in kerkverband, oor die etniese grense heen, nog in die persoonlike omgangslewe en maatskaplike lewe. Vir die volle belewing van die gemeenskap van die heiliges sou ons veral ook versigtig moet wees, omdat dit die veelvormigheid van die Kerk bedreig.

Verder gevoer

Hierdie argument word selfs verder gevoer: Volkereverskeidenheid is veral daar om die Kerk in sy veelkleurigheid tot openbaring te bring. Die "skeidsmure" moet dan nie as obstruksie vir die belewing van die geestelike gemeenskap gesien word nie, maar juis as noodsaaklik om 'n ineenvloeiing van kleure in 'n kleurlose eenvormigheid te voorkom.

Dit het dan geen nadere betoog nodig nie dat Kerk en teologie hiervolgens nie alleen volkome inpas by 'n beleid van volkereskeiding nie, op watter wyse ook al, maar dit selfs ook kerklik en teologies sanksioneer.

Maar teen hierdie "verskeidenheidsteologie", waarin die nadruk val op die

---

[1] Vgl. *Woord en Daad,* Des. 1969/Jan. 1970 en Feb. 1970, p. 11-13.

verskeidenheid in die eenheid, kom die waarskuwing om by die verskeidenheid die eenheid in die gemeenskap nie te vergeet nie. Prof. Runia herinner tereg daaraan dat die geloof in die gemeenskap ook beleef moet word, en dan nie alleen organisatories in kerkverband nie, maar ook in broederlike gemeenskap. Dit is volgens prof. Runia die kernprobleem wat betref die kerklike lewe in Suid-Afrika.

Prof. Runia noem dit met reg ons kernprobleem. Hieroor is daar o.i. minstens drie standpunte te onderskei:

Een uiterste

Juis omdat die Kerk nie soos 'n newel in die lug hang nie, maar uit mense bestaan, kom die vrae na ons: Is so 'n geestelike of broederlike gemeenskap verenigbaar met allerlei skeidingsmaatreëls op ander terreine van die lewe? Maak die handhawing van skeidingsmaatreëls, naas die belydenis van broederlike gemeenskap, nie van ons gesplete mense met twee lewes, 'n afsonderlike natuurlike en 'n afsonderlike geestelike nie?

Kom die werklike belewing van die gemeenskap van die heiliges nie in werklikheid daarop neer dat die landsbeleid i.p.v. sonder ernstige bevraging gevolg te word, van die wortel uit bevraagteken moet word nie? Beteken dit dat die Kerk die Regering nie net gedweë moet volg nie, maar selfs in konflik met die Regering te staan moet kom? As die Kerk, ook in Suid-Afrika, voor 'n besliste keuse geplaas word, dan moet God tog meer gehoorsaam word as mense, selfs al beteken dit dat om met sy (eie) owerheid in 'n stryd betrokke te wees 'n saak is waaroor daar nie ligtelik gedink moet word nie.

As dit die roeping van die kerke is om, in die woorde van prof. Runia, aan al die bewoners van die land te toon dat die Christelike geloof alle verskille oorbrug en om 'n werklike, ware, lewende gemeenskap tot stand te bring wat alle natuurlike verskille in 'n hoëre geestelike saamvoeg (en ons kan hier nie van prof. Runia verskil oor die kerklike roeping nie), dan sou die werklike belewing van die gemeenskap van die heiliges verder beteken dat 'n deurbraak gemaak moet word wat die eie volksbestaan (waarmee die kerke in Suid-Afrika soos die kerke in elke land ter wêreld ten nouste verbonde is, want die kerk bestaan uit volksverbonde mense) op die spel plaas.

Net soos die stryd met die eie owerheid is dit ook geen geringe en eenvoudige saak nie. Tree belydende Christene dan nie in oorlogstyd teen belydende Christene op met volle goedkeuring van die Kerk wanneer die volk in sy bestaan bedreig word nie?

Impliseer hierdie redenasie nie dat die gemeenskap van die heiliges en die volksgemeenskap onverenigbaar is nie? Dat volksverbondenheid in die Kerk moet verdwyn en dat die geestelike gemeenskap die natuurlike gemeenskap moet verdring nie?

Die ander uiterste

In die Suid-Afrikaanse omstandighede doen 'n verskynsel van 'n ander uiterste hom ook voor, nl. sodanige oorbetrokkenheid van die Kerk by die situasie dat die alle pogings van owerheidsweë tot handhawing van volksverskeidenheid veroordeel as in stryd met fundamentele Christelike beginsels. Teenoor die "verskeidenheidsteologie" verteenwoordig dit 'n "eenheidsteologie" van die ander pool. Daar is duidelike spore van sodanige teologiese denke in Suid-Afrika aanwesig veral by die nie-Afrikaanse kerke en wat hier bekend staan as die liberale teologie. Dit wil die volkere-verskeidenheid laat verdwyn in 'n geestelike gemeenskap (in teëstelling met die "verskeidenheidsteologie" wat die geestelike gemeenskap in die lug laat hang).

Die derde weg

Albei die vorige rigtings lei weg van die gereformeerde pad, wat geen teëstelling tussen die geestelike en die natuurlike lewe kan gedoog nie.

As dit in hierdie land met sy verskeidenheid inwoners die geval is dat die geestelike gemeenskap die natuurlike bedreig, dan kan dit slegs wees omdat die natuurlike

gemeenskap in sy samestelling onnatuurlik of abnormaal is. Dit is die toestand en probleem van baie volke in een land met 'n aantal komplekse faktore in geskiedenis, beskawing, kultuur en geloof wat die weg na 'n natuurlike eenheid ernstig versper.

Saamgevat

Nader belyn, trek die probleem vir ons hierin saam: Maatreëls wat noodsaaklik is vir die beskerming van die eie volksbestaan werk ook beperkend in op die volle belewing van die gemeenskap van die heiliges; volle belewing van die belydenis hou 'n bedreiging in vir die eie volksbestaan omdat die Kerk nie soos 'n newel in die lug hang nie.

Ons standpunt

Sien ons die probleem reg, dan is die roeping van die kerke ook duidelik. Die roeping van die kerke wat die gemeenskap van die heiliges met mekaar bely en hul belydenis ook ongehinderd wil belewe en wat nie onverskillig teenoor hul eie volk staan nie, bestaan daarin, om op grond van hierdie belydenis wat hulle gemeenskaplik het, saam te staan en die volke in Suid-Afrika te roep, elk tot sy eie gebied, en tot die bereidheid om te offer wat hiervoor nodig is, ter wille van selfbehoud en om alle halfslagtigheid en sleurgang te bestraf.

Immers, die bestaan van 'n verskeidenheid van volke in politieke geskeidenheid (afsonderlikheid) is op sigself geen verhindering van die belewing van die gemeenskap nie.

Dit gaan vir die Kerk hier nie net om 'n politieke beleid nie, maar om sy kerklike belydenis en die ongehinderde uitlewing daarvan. Val die kerklike en die volksbelang hier saam, dan is dit omdat vir hulle wat die Koninkryk van God en sy geregtigheid eerste soek, al hierdie dinge bygevoeg sal word — ook 'n beveiligde volksbestaan.

Die uitvoerbaarheid van gebiedskeiding is 'n ander saak, so lank die beginsel vas staan. Vir die uitvoerbaarheid geld die Woord van Christus aangaande die geloof, soos 'n mosterdsaad, wat berge versit.

25. DIE BYBEL HET VOORUIT GESÊ VAN "WATERBESOEDELING" [1]

Die saamval van die Bybeljaar en die Waterjaar herinner aan die ruim plek wat water in die Bybel inneem. Op die eerste en op die laaste bladsy van die Bybel lees ons van water.

Alles was eers *net* water, so lees ons op die eerste bladsy, en dan lees ons van waters bó en waters ónder, van see en vasteland, van riviere wat vastelande deurkruis, met name die rivier van die hof van Eden met sy verdeling in vier lope, die lewensare vir mens, dier en plant.

Op die laaste bladsy lees ons ook van water — van die rivier met die lewende water en sy weelderige oewers.

Water in die Bybel

Dit gaan in die Bybel altyd om water. Vanself dink 'n mens aan die sondvloed toe die fonteine van die groot watervloed en die sluise van die hemel oopgemaak is. Daar is die water uit die rots in die woestyn, want daar het intussen ook woestyne ontstaan.

Wie kan aan die Psalms dink sonder om ook aan water te dink, 'n roep om water en dank vir water? Ons hoor van water van die eerste psalm tot in die laaste lofpsalm — van die gelowiges wat soos bome aan die watersome groei en die ongelowiges wat wegwaai soos kaf; van waters waar rus is; van die wildsbok wat na die waterstrome smag; van stroompies wat die Godstad verbly; van reëndruppels wat die dor aardkors deurweek en van die bruisende waters van die see en sy verwoestende golwe (met die gedagtes wat dit opwek in verband met die volkerewêreld en volkslewe); van die gelowiges, nog eens, wat in die dorsland nie alleen hulle waterfonteine vind nie, maar dit ook in 'n fonteinland omskep.

Nuwe dinge

In die boeke van die profete hoor ons ook baie van water. Die wonderlike dinge (nuwe dinge) wat sal gebeur, so hoor ons hier, is dat daar weer 'n droë pad deur die sterk waters sal wees en (omgekeerd) waters in die woestyn en riviere in die wildernis.

Dan laat die Bybel al wat van water gesê word, saamloop in Christus, die Water van die Lewe wat Self sterwend van dors gesmag het om waterstrome te laat neerdaal, die Heilige Gees, oor al die volke, tale en lande om nie alleen die dors te les nie, maar van die wat drink, fonteine te maak wat verkwikking en lewe bring waar hulle gaan. Die Bybel is 'n boek vol van water.

Groot opdamming

Toe het daar in die geskiedenis 'n groot opdamming plaasgevind. In plaas van 'n kanaal te wees, het die Kerk 'n dam geword. Die damwal was die Latynse taal, die Roomse kerktaal. Die waters kon egter deur geen wal, hoe sterk ook, gekeer word nie. Die wal het gebreek. Die water van die lewe het weer sy vrye loop gekry, sodat die nasies van die aarde weer oor die groot dade van God in hulle eie taal kon hoor en God kon prys. Dit was die Hervorming. Die Kerk het weer 'n kanaal geword in plaas van 'n dam.

Hervorming

Die water het reeds voor die Hervorming oor die wal begin stoot. Dit was die begin. Daar was al vertalings of bewerkings soos die rymbybel van Jacob van Maerlandt, die Limburghse leven van Jesus (1275), die historiebybels, die Delftse Bybel (1477) in Holland, en die vertaling van Wiclef en diesyne in Engeland. Dit was nog almal uit die Roomse Bybel, die Vulgaat. Die breek van die wal moes kom, en dit het finaal gebeur met Luther se vertaling, sy Bybel in die taal van die volk vir die volk, die Bybel in Duits, wat op 22 September 1522 verskyn het en bekend is as die September-testament (slegs

---

[1] *Woord en Daad,* November 1970, p. 3-5.

die Nuwe Testament).

"Bybelmaand"

Dit lyk of September, die maand voor ons hervormingsmaand, die maand van eerste Bybeluitgawes geword het: Die eerste volledige Hollandse Bybel, nl. die Liesveldt-Bybel, 6 Sept. 1626; die Statevertaling, 17 Sept. 1637; die Revised Version (die eerste hersiene vertaling uit die nuwe grondteks), Sept. 1952.

Hierby moet ook nog die "Good News for Modern Man" kom, wat op 15 Sept. 1966 verskyn het en nie al te vriendelik in Suid-Afrika beoordeel is nie, maar wat as 'n goeie, behoudende, moderne vertaling beoordeel moet word. Dit is in die daaglikse spreektaal vertaal, die soort taal waarin die Nuwe Testament oorspronklik geskryf is, nl. in koinè (d.w.s. gewone, alledaagse) Grieks en nie in die verhewe (klassieke) Grieks wat ons op die universiteite leer nie. Die Bybel is die Boek vir die volk in die taal van die volk.

Vandag is die Bybel (volgens jongste opgawes wat ons onder oë gehad het) in 242 tale vertaal, en in 1 237 tale (vertaalde gedeeltes bygereken) sinds die 15e eeu. So het die waters van die lewe weer vryelik onder die nasies gevloei oor die aarde sinds die Hervorming.

Rol van genootskappe

Ons Waterjaar is ook ons Bybeljaar: Die herdenkingsjaar van die stigting van ons Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, aanvanklik as hulp-Bybelgenootskap van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, op 3 Augustus 1920. Vanself het die Bybelgenootskappe met hulle reusewerk weer duidelik onder ons aandag gekom.

Dit het 'n mens tot die besef gebring dat die verspreiding van die Bybel onder die volkere van die wêreld in hulle tale, waarvoor die Bybelgenootskappe spesiaal gestig is, verreweg nie sou gekom het waar dit is nie, as dit nie vir die Bybelgenootskappe was nie, en met name van die B. en B. Bybelgenootskap, die moeder van die Bybelgenootskappe, ook van Suid-Afrika.

Dit het ook die Protestantse Kerke in hulle eenheid laat sien, nieteenstaande alles wat hulle verdeel. Hoe? Rondom die Bybel, die vertaling en die verspreiding daarvan — om in hierdie beginsel van die Reformasie hulle eenheidsband te vind.

Die wal breek

Hierby het ons ook verneem van 'n aandrang van die kant van die Roomse Kerk tot deelname aan hierdie arbeid om die Bybel tot die nasies te bring. Dit beteken niks minder nie as dat Rome die grondbeginsel van die Reformasie aanvaar het om die Woord vir homself tot die nasies in hulle eie taal te laat spreek en te laat drink van die waters van die lewe.

Die wal het gebreek en die waters het hulle loop. Dit sê die 1 237 tale vir ons. Dit spreek egter ook van die reusetaak wat nog wag. Ons is nog nie halfpad daarmee nie. Meer as die helfte van die taalgroepe van die wêreld het nog nie die Bybel nie. Die nood van Afrika is die grootste. Suid van die Sahara wag meer as 600 uit die 700 vir die Bybel.

Volke in Suid-Afrika

Dit vervul 'n mens met dankbaarheid dat al die volke van Suid-Afrika die Bybel in hulle taal besit. Die jongste toevoeging is die Namabybel wat in 1967 verskyn het. Dit is op een na die jongste Bybel in die tale van die wêreld. Ook hier is egter nog 'n groot taak, nl. die verspreiding van die Bybel in Rhodesië, Zambië en Malawi, terreine wat die S.A. Bybelgenootskap van die B. en B. Genootskap oorgeneem het.

Om die Bybel binne die bereik van elke mens, elke kind, te bring, word dit versprei teen 'n minimale prys, nl. teen 'n derde van wat dit kos. Dit is net moontlik deur die vrywillige bydraes van kerke en van Bybellesers om mense so te laat drink van die waters waaraan ons onsself verkwik.

Boosaardige kringloop

Die Bybeljaar is ook die Waterjaar, 'n jaar van Bybelfeeste en Waterfeeste. By die laasgenoemde het dit veral gegaan om ons volk waterbewus te maak met die oog op waterbesparing, maar tereg ook met die oog op waterbesoedeling en -vergiftiging, veral as gevolg van die nywerheidsontwikkeling.

Ons staan hier voor 'n boosaardige kringloop: Groter aanvraag vir water vir nywerheidsontwikkeling en die vergiftiging van water hierdeur. By die waterbesoedeling kom ook die lugbesoedeling wat die lewe van die mensheid bedreig. Die lewensbronne word 'n lewensbedreiging. Daar is selfs sprake van 'n geleidelike vergiftiging van die see, sodat alle lewe daar ook bedreig word.

Besoedeling

In die Bybel (die boek Openbaring) lees ons ook van die *grootskaalse bronnevergiftiging, van die riviere en* die *water*fonteine, van die see en van die besoedeling van die lug. Mens het net nie geweet dat dit so letterlik in vervulling sou gaan nie.

Die vraag na water het ook geword die vraag na suiwer water en die suiwering van water.

Suiwering

Die dringende vraag na die water van die Bybel het ook 'n vraag geword van suiwer water en om die suiwering daarvan. Hier gaan dit om die water van die lewe.

Ons lees die Woord van God net in die vorm van vertaling. Dit laat altyd iets van die oorspronklike agter, van die glans daarvan.

Ontdekkings

Ons leer nog altyd om beter te vertaal. Ontdekkings bring veral helderheid omtrent die betekenis van woorde en uitdrukkings waaromtrent daar nie altyd helderheid bestaan het nie, en die helder water van die bron enigsins vertroebel het. Ons kry altyd meer kennis van die tyd waarin die Bybel ontstaan het. Dis alles suiweringsmiddels. Daarom moet ons nuwe vertalings altyd verwelkom, soos die nuwe vertaling wat die S.A. Bybelgenootskap ter hand geneem het, hoe verknog ons ook is aan die oue. Dit gaan maar om meer helderheid van die water van die lewe in 'n taal wat almal verstaan, ook die kind en, *soos* Tyndale dit al uitgedruk het, die man agter die ploeg.

Suiwerste Bybelteks

Die vraag na suiwer water en die suiwering daarvan is ook 'n vraag na die suiwerste Bybelteks. Ons is ver verwyderd van die bron, ook deur die tyd, bykans 2 000 jaar. Die Bybel in die oorspronklike handskrif van die geïnspireerde skrywers bestaan nie meer nie. Dit is (glo ons) *om wyse* redes van ons weggeneem. In die plek daarvan het ons die Bybel in duisende afskrifte ontvang.

Mees gedrukte boek

Die Bybel is die mees gedrukte boek in die wêreld. Dit is ook die eerste gedrukte boek van die eerste drukpers (1456). Dit is die mees gelese Boek. Daarom is dit ook die Boek van die boeke, die Boek (wat die woord "bybel" in sy Griekse *woord*-oorsprong ook beteken). Ook omdat dit die Boek is wat ons verreweg in die meeste handskrifte besit van alle boeke van die oudheid.

Anders as ons gedrukte Bybels wat presies eenders is tot met 'n enerse drukfoutjie, is daar nie twee afskrifte van die Bybel wat presies eenders is in elke klein besonderheid nie. Deur die eeue het dit menslikhede, soos verskrywings, vergissings, onhelderhede in die teks opgeneem en meegevoer wat die helderheid hier en daar vertroebel.

Die duisende handskrifte, elkeen met sy eie verskrywings en korreksies (wat ook vertroebeling is) stel ons in staat om nie alleen te glo nie, maar ook te sien en te weet,

dat wat ons voor ons het as ons die Bybel in die hand neem, die stroom van die lewende water is.

Suiweringsmiddels

Intussen het die wetenskaplike ook agtergekom watter soort foute 'n afskrywer maak en is hulle in staat om by teksverskille tot die bron deur te dring.

Hier is dan die suiweringsmiddels om die onsuiwerhede wat in die loop van die tye in die teks ingedring het, uit te suiwer: Die menigte handskrifte en die beginsels van die tekskritiek.

Hoe verder hoe nader

Die Bybel is nie net die Boek met die meeste afskrifte nie, maar ook met die oudstes, wat 'n mens die naaste aan die bron bring. Een van die wonderlike verskynsels wat die Bybel se gang deur die geskiedenis begelei, is dat hoe verder ons van die Bron beweeg het, hoe nader ons aan die Bron gebring is, en wel deur verrassende ontdekkinge juis in die 20e eeu, nl. in Egipte (in die dertigerjare) en in Qumran aan die Dooie See (in die veertigerjare).

Ons is nou in besit gestel van handskrifte van bykans die hele Nuwe Testament wat ons tot 'n eeu en 'n half van die bron terugbring. Deur die Dooie-Seerolle is ons nie minder nie as 1 000 jaar nader gebring aan die bronne van die Ou Testament met 'n wonderlike bevestiging van die oorgelewerde teks.

As daar sprake is van 'n hersiene Bybel volgens die nuutste teks, dan beteken *nuutste* hier die *oudste* teks, die naaste aan die outentieke bron.

Verhelderend

Ook dit het ons aan die Verenigde Bybelgenootskappe te danke dat hulle ons van 'n algemeen aanvaarde en gesuiwerde teks voorsien het wat minstens 1 000 jaar ouer is as die teks waarop ons huidige vertaling grootliks berus.

Weer eens. Dit is weinig anders, maar dit is verhelderend van wat hier en daar nie so helder was nie. Ons kan net verlangend uitsien na ons hersiene Bybel op die grondslag van hierdie teks.

Vertolking

Geheel anders as die moeilikhede wat oorbrug moet word by die vertaling of oneffenhede wat meegevoer is in die teksoorlewering en die uitsuiwering daarvan deur die hulpmiddels wat aan ons gegee is, is die vertolking (verstaanbaarmaking) van die Woord van God in terme van die denkwyse van ons moderne tyd.

'n Voorbeeld: Die opstanding van Christus soos die Evangelies dit verhaal, pas eenvoudig nie in die patroon van die (natuur-) wetenskaplik gekondisioneerde denke van ons tyd nie. As ons die opstanding van Christus daarenteen "vertaal" of "vertolk" as 'n nalewing van Christus in 'n nuwe toekomstige mensheid met die agterlating van diegene wat geleef het, dan *verstaan* ons dit, maar dan het ons bron van lewende water besoedel en is dit vergiftig.

Ons noem nog hierdie voorbeeld: In die dood van Christus word die dood van God gesien, en so is die dood van Christus die verlossing van die mens: Sy bevryding van alle gesag, ook van God en sy Woord. Hier het ons die klanke van die Nuwere Teologie, die Teologie van die Revolusie, gewikkel in die mantel van die Evangelie: Die Evangelie-waters is besoedel met die revolusie.

Vooruit gesê

Die besoedeling van die water van die lewe is ook deur die Bybel vir ons vooruit gesê. Ons weet op grond van die Bybel dat die teëstander in die gedaante van die Godsaligheid sal kom.

Wie het egter kon voorsien dat dit op so 'n wyse sou kom? Maar so het die Bybel ons

toegerus om die leuen van die waarheid te skei en om die water van die lewe te bewaar teen vergiftiging. Ons moet die Woord van God nie onderwerp aan ons denkwyse nie, maar ons denkwyse aan die Woord van God. Ons moet die water van die lewe bewaar teen besoedeling en vergiftiging.

26. DIE STEM VAN DIE GESKIEDENIS [1]

Ons gaan hier nader in op die referaat van prof. B. Spoelstra oor die Bybel en die Afrikaanse volkerebeleid voor die jeugkongres van Sabra, wat in 'n vorige uitgawe aangekondig is. Ons lig 'n aantal stellinge uit en gee dit deur met gedagtes wat dit by ons wakker gemaak het.

Die bedoeling is dat die leser self van hierdie gedagte-prikkelende referaat kennis moet neem (verkrygbaar by Sabra, Posbus 2768, Pretoria), waarin ou waarhede dikwels 'n nuwe klank kry, soms 'n bietjie anders as wat pns dit miskien graag wil hoor. Die belangrike is egter dat dit ons na die geskiedenis laat luister. As die een en ander vir onë vreemd klink, moet ons maar met die geskiedenis afreken of die geskiedenis met ons laat afreken.

Geen rasseleer nie

Dit klink seker ongewoon om te verneem dat ons verniet na 'n rasseleer in ons geskiedenis gaan soek. Is dit dan nie die ou tradisionele uitgangspunt van die Afrikaner as dit oor die verhouding van Blank en Nie-blank gaan nie? Nee, hoor ons, die rasseleer is 'n latere indringsel, hier in die 20e eeu. Uit Duitsland tussen die twee wêreldoorloë dan? In werklikheid 'n bietjie vroeër: "Die onderskeiding Europeaan en Nie-Europeaan of Blank en Nie-blank, d.w.s. die rassebegrip, is later onder Engelse invloed in die Unie van Suid-Afrika ingeburger".

Dit roep gedagtes op soos hierdie: As ons eers onlangs weer moes begin om van volke te leer praat en nie van rasse nie, dan is dit 'n aanduiding hoe diep ons denkwyse onder die Engelse invloed gekom het, en as dit daarby dan nog so moeilik gaan om weer anders as oorheersend in terme van kleur te dink, dan is die woordjie "ingeburger" goed op sy plek. Ook nog dit: As daar nog baie van ons goeie Afrikaners is wat die volksgedagte laat verdwyn agter die van ras en kleur, dan moet ons dit sien as 'n nasleep van die Brits-Imperialistiese denkwyse. "Dit is die Engelse Imperialisme met sy een Ryk onder een heerskappy wat die volkere-verskeidenheid laat verdwyn het agter die rasse-teëstelling", en: "binne hierdie een Ryk het die teëstelling Blank-nie-Blank (ras) die volke-skeiding vervang".

Hoe sou die vaders tot hierdie diep insig gekom het waaraan ons so swaar leer? Hulle was nie eens mense met baie geleerdheid nie. Hulle het dit geleer op die pad van die geskiedenis, met die Bybel op die trekpad en op pad weg van die Imperialisme af.

Op die pad van die geskiedenis het hulle met die nie-blankes kennis gemaak, die een groep na die ander, en gesien dat die nie-blankes nie almal eenders is nie. Hulle het nie teen die kleur vasgekyk en alles daaragter laat verdwyn nie. Dit kan natuurlik na die ligte kant toe ook gebeur. Die vrees bestaan dat dit as bedreiging op die oomblik aanwesig is vir ons Afrikaanse volk, nl. dat sy eie-heid in 'n "Blanke volk" kan verdwyn. Dit laat ook die gedagte opkom of dit nie moontlik een van ons kernprobleme kan wees en ook die oorsaak van 'n soort innerlike gespletenheid in ons volkslewe nie, dat dit wat vir die behoud van die blankedom nodig is ("nasionale eenheid"; immigrasie) terselfdertyd 'n bedreiging van ons volks-eie kan inhou ...

Een van die mooiste getuienisse uit die geskiedenis is dat hierdie wilde (in so baie opsigte verwilderde en barbaarse) mense as mense en ook menslik behandel is, en nie soos wilde diere uitgeroei is nie (soos ongelukkig wel die geval in Amerika en Australië was). Hulle het die nie-blanke volke op hulle pad ontmoet met die Bybel, wat leer dat alle mense van een ouerpaar afkomstig is. (Dit is net uit die Bybel dat 'n mens dit kan weet.) "Hierdie mense-eenheid onder die volkere-verskeidenheid op aarde en die volkere-verskeidenheid binne die mense-eenheid is moontlik die opvallendste van ons Afrikaner-volkebeskouing", aldus prof. Spoelstra. Hierdie insig het die ou vaders ontvang op die pad van die geskiedenis en uit die Bybel — die Boek op hulle trekpad — wat nooit

---

[1] *Woord en Daad,* Februarie 1971, p. 16-18.

die volkere laat verdwyn in 'n mensheid nie (in Openb. 21 lees ons nog van nasies) en ewe min die mensheid en menslikheid laat verdwyn in nasies en in nasionalisme, maar elke mens, hoe vreemd ook en van watter kleur ook, laat sien as medemens, as naaste. Mooi voorbeelde word uit die geskiedenis genoem.

Die *erfenis van die vaders*

Hulle het die nie-blanke volkere ontmoet op pad weg van die Imperialisme af na 'n eie, vrye vaderland tussen en naas die ander volkere. "Die Afriktoer het in sy geskiedenis aan die volke hulle woonplekke gegun. Daar was 'n Oosgrens in die Kaapkolonie..."

"Die Engelse Imperialisme wat gebiede ingelyf het by die een Ryk, onder een heerskappy van die Britse kroon, was aan die Afrikaner vreemd."

Ons luister hier na klanke uit die geskiedenis wat tot nadenke stem. Dan is die Republiek wat ons terug ontvang het met sy swart-wit-patroon, die erfenis van die vaders soos dit deur die meul van die Imperialisme gegaan het — die resultaat van die politiek van vreedsame penetrasie en disintegrasie. Dan was die terugontvang van die Republiek nie net 'n heuglike gebeurtenis nie, maar ook die aanvaarding van 'n swaar verantwoordelikheid, d.i. van konsolidasie en van integrasie (in die regte sin van die woord: om saam te bring wat saamhoort).

Ons vang hierdie stem uit die geskiedenis op juis op 'n tydstip waarop ons met ons volkerebeleid onontwykbaar te staan gekom het voor die geografiese (die belangrikste) aspek daarvan. Ons sal dan moet afsien van die idee van die histories gewordene as norm. Ons sal moet vra hoe die historiese geword het wat dit is. So sal die geskiedenis moet meespreek in die uiteindelike grensbepaling.

Daar het, wat die Kleurlinge betref, in die jongste tyd op een punt groot helderheid gekom. Daar sal vir hulle geen ander vaderland gemaak word nie. Wat hier bygevoeg is, nl. dat daar geen integrasie sal wees nie, is nie so helder nie. Hier kom allerlei vrae op. Daar sit ongetwyfeld groot wysheid in die gedagte dat die probleem verder oorgelaat moet word aan die komende geslag, omdat hulle miskien beter in staat sal wees om die Kleurlingvraagstuk as vraagstuk op homself te kan sien, mits die huidige geslag dit ver genoeg kan bring met die volkere wat wel op eie vaderlande aangewese is. Intussen is daar genoeg vir die Kleurlinge om te doen en om vir hulle te doen. Ons pad moet in ieder geval weg van oorheersing af, om in lyn met ons geskiedenis te bly.

Gemengde huwelike

"Hoe vreemder die familie-agtergrond, nasionale of sosiale agtergrond ... hoe sterker die weerstand teen 'n huwelik, en indien iemand 'n ongelowige was, was die huwelik buite die kwessie" (2 Kor. 6:14).

So word die stem van die geskiedenis vir ons opgevang in verband met die gemengde huwelike. Die wat Ex. 34:16, Deut. 7:1, 2 en ander uitsprake in die Ou Testament op gemengde huwelike, soos ons dit vandag verstaan, laat sien, moet maar die Statebybel (wat met sy kanttekeninge die Leerboek des vaders was) opslaan om te besef hoe verkeerd en gevaarlik dit is — ook gevaarlik, want dan word kleur (of ras) vereenselwig met geloof. Die volke van die lande met wie God in Deut. 7:1, 2 en elders sy volk uitdruklik verbied het om te trou, is hulle wat in die heidense gruwels van die afgodery bly steek het. Dit lees ons in die kanttekeninge by Esra 9:1. Die gemengde huwelik wat die Bybel uitdruklik verbied, is 'n huwelik tussen 'n gelowige en 'n ongelowige — al is dit uit die eie volk. So het die vaders die Ou Testament (Ex. 34:16, ens.) in die lig van die Nuwe Testament (2 Kor. 6:14) verstaan.

Gevaarlike afgronde

As die geloof so deur die verwantskappe sny, sny dit die afkoms en volksverband dan nie heeltemal uit nie? In hierdie strik het die vaders nie geloop nie. Van afkoms het hulle baie gemaak. Hoe is daar nie altyd na die familie uitgevra nie? Veral as dit om 'n huwelik

gaan. As 'n huwelik met 'n ongelowige uitgesluit is, al is dit uit die eie volk, beteken dit nie dat 'n huwelik met 'n gelowige by voorkeur uit die eie volk uitgesluit is nie.

Vra ons weer hoe die vaders die weg hier gevind het, dan is die antwoord ook weer: Met die Bybel op hulle pad — die Bybel met die plek wat bv. geslagsregisters daarin inneem, die Ou Testament met sy baie geslagsregisters en die Nuwe Testament wat met die geslagsregister van Jesus Christus begin met sy (algemeen) menslike afkoms en ook sy Joodse afkoms, sonder dat die een die ander verdring.

Die Christelike liefde, so het hulle die Bybel verstaan, is nie 'n eenderse liefde nie. Die Christelike liefde skakel voorliefdes en weerstand teen die vreemde (die ander kant daarvan) nie uit nie — "hoe vreemder... hoe sterker", maar altyd op dieselfde vlak. Deurslaggewend was egter net die geloof.

Hierdie natuurlike voorliefde wat deur die Christelike liefde nie uitgesluit word nie, is die bodem waaruit ons volk gegroei het. Dit het "vanself" hieruit gegroei, sonder die hulp van 'n rasseleer — die sg. rasseleer is niks anders nie as dat die (een) menslike geslag in twee soorte opgebreek word en die verskeidenheid vervang word met 'n onoorbrugbare teëstelling van blank en nie-blank.

Hulle het verder uit die Bybel geleer dat die huwelik nie maar 'n persoonlike saak, 'n saak van persoonlike willekeur is nie, maar 'n saak van gehoorsaamheid aan die wil van God, wat saambring wat bymekaar pas. Gehoorsaamheid aan die wil van God is ook gehoorsaamheid aan die ouers (vyfde gebod), wat ook die belange van die gemeenskap insluit.

Net so verwoestend as die willekeurige huwelik vir die volkslewe is, is die vrye liefde, nl. die misbruik van die gawes van voortplanting, wat die Skrif aan die huwelik bind, vir blote singenot en selfbevrediging.

"Ons volkslewe is gebou op hierdie hoogskatting van die huwelik volgens die wil van God". Die vaders het hulle pad moes vind langs diep afgronde. Hulle het die pad ook gevind langs die afgronde (enersyds) van 'n "kleurlose internasionalisme" wat die sonde in die verdeling van die mensheid Ih nasies in plaas van die verdeeldheid van die nasies te soek en (andersyds) 'n "bloot op homself gerigte nasionalisme" wat net 'n oog het vir die verskeidenheid van nasies en (so kan ons maar byvoeg) van die verdeling in nasies 'n verdeeldheid van nasies maak met die leer van 'n onoorbrugbare kloof tussen blank en nie-blank.

Kleurchristendom

Van die een gevaar (kleurlose nasionalisme) word ons goed bewus gehou. Die laasgenoemde gevaar moet veral ook nie uit die oog verloor word nie, dit wat prof. Spoelstra (soos dit lyk) in die oog het as hy verwys na een of ander vorm van "verwaande nasionalisme soos die van Israel". Dit sien ons as die gevaarlike in die misbruik van uitsprake soos Ex. 34:16 met die vermenging van Christendom, blankedom en nasionalisme wat dit inhou. Dan moet ons maar ook luister na Rom. 2:19 e.v.

Die eenheid in Christus

Dit is 'n diepgaande gedagte wat uit die geskiedenis opgevang word hierdie: "God red in Jesus Christus nie net individuele mense (siele) nie, maar die geslagte en nasies word in hulle gelowiges gered". Dit is miskien nie so uitgesproke in die geskiedenis te vind nie, maar dit sit in die voorgaande opgeslote. Wat ons hier hoor, is niks anders nie as die leer van die verbond (net miskien in enigsins ander woorde as gewoonlik): In die saad van Abraham sal nie net alle geslagte (Gen. 12:3), maar ook alle nasies van die aarde (Gen. 22:18) geseën word; "gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies..." (Matt. 28:19); die voortgang van die evangelie (volksgewyse) van Jerusalem af altyd verder tot aan die uiterste van die aarde (Hand. 1:8).

As ons goed luister, hoor ons hier die stem agter ons "wanneer ons na regs of na links wil gaan", aan die een kant: die opbreking van die Kerk in volkskerke of nasionale

kerke, en ander kant: die eenheid van die kerk soek in "gesamentlike aanbidding" of gemeenskaplike eredienste (wat sal die taal wees?) in plaas van dit in die eenheid van belydenis te soek en te bewaar in 'n kerkverband wat hom nie deur nasionale of kleurgrense laat beperk nie. Op hierdie wyse kom die eenheid en verskeidenheid ook in Christus tot uitdrukking en het ons hier nie alleen 'n ontmoeting van *gelowiges* uit die verskillende volkere nie, maar ook van *volkere* in hulle gelowiges op die grondslag van 'n gemeenskaplike belydenis, en word daar iets van die werklikheid beleef dat Christus die vyandskap tussen die volkere tot niet gemaak en die onoorbrugbare teëstelling tussen volkere deur sy bloed weggeneem het sonder om die volkere in 'n kleurlose eenheid te laat verdwyn (Ef. 2:14).

Volk en nasie

Van hierdie onderskeiding word nie veel gemaak nie: Abraham is tot 'n groot "nasie" gemaak in wie alle "volke" geseën sal word; Israel word as "nasionale volk" onderskei van Israel as nasie in Christus; die hedendaagse gedagte van 'n "Blanke volk met twee tale" vind geen steun in die Bybel nie; die "Afrikaanse volk" is nie maar 'n groep van 'n "Blanke volk" nie, maar 'n volk met 'n eie taal.

In die lg. twee gevalle word gewoonlik van die onderskeiding van volk en nasie gebruik gemaak en van 'n Blanke nasie met twee tale en van die Afrikaanse volk as 'n groep van 'n Blanke nasie gepraat.

Dit bly egter 'n vraag of hierdie onderskeiding ons veel verder bring, want die nasie is eintlik maar die volk, gesien van sy staatkundige kant en die volk die nasie van die kant van sy gemeenskaplike afkoms. Daarom is die vrees dat een nasieskap 'n sekere bedreiging inhou vir 'n eie volksidentiteit nie sonder grond nie.

Wil ons egter die twee identiteite (Afrikaans en Engelssprekend) ongerep bewaar, dan is daar nie 'n ander weg nie as die nasionale skeiding van die twee volke nie. 'n Verwysing na België en Switserland wil maar nie oortuig nie, want wat die proses daar teëhou, is die feit dat die verskillende volksdele in daardie lande (anders as hier) in verskillende dele van die lande woon. In België en Kanada wil dit buitendien ook maar nie tot rus kom nie.

Ons vaders het geweet dat as jy twee soorte saad suiwer wil hou, jy dit nie in dieselfde akker moet saai en dat dit die betekenis van Lev. 19:19 is. Hulle het naby die Bybel, maar ook naby die natuur, gelewe.

Die alternatief sal wees om na die dominant te vra. Dit hang af van die lewenskragtigheid van die een en die ander kultuur, die worteling daarvan in die bodem en die positiewe uitlewing daarvan.

As daar 'n stem van die geskiedenis is wat die Afrikaner behoort te verstaan, dan is dit dat dominering, die opdring van die eie aan 'n ander, presies die teenoorgestelde uitwerking het as wat daarmee beoog word.

27. LUNTEREN (1) [1]

"Daar is enersyds vreugde vanweë die ontmoeting, maar ons kan dit nie verheel nie dat daar tussen die Suid-Afrikaanse Susterskerke en die van ons op belangrike punte moeilikhede ontstaan het, wat lyk of dit nuwe vrae opwerp", het die praeses van die Sinode, dr. P. G. Kunst, gesê toe hy geantwoord het op die groetes wat die Suid-Afrika afgevaardigdes oorgebring het namens hul kerke, die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Geref. Bantoekerk van S.A. en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Dit was juis vanweë die moeilikhede dat hierdie S.A. kerke, wat met die Geref. Kerke in Nederland in korrespondensie staan 'n uitnodiging ontvang het na die sittinge van die Sinode, 2-6 Maart in Lunteren, waar die besluite van die Geref. Ekumeniese Sinode van Lunteren 1968, i.s. rasseverhoudinge in behandeling geneem sou word. Dit was die wens van die Gereformeerde Kerke in Nederland dat dit sou geskied in die aanwesigheid van die Geref. Kerke in Suid-Afrika.

Bewaarde eenheid

Die belangrike beslissing het geval op Vrydag 6 Maart: Die Geref. Kerke in Nederland het in hulle Sinode besluit om die beslissinge van die Geref. Ekumeniese Sinode oor rasseverhoudinge te bekragtig, nie maar in die aanwesigheid van die verteenwoordigers van die Geref. Kerke van Suid-Afrika nie, maar ook nadat hulle vryelik aan die besprekings kon deelneem. Dit was 'n aangrypende oomblik toe die afgevaardigdes uit die Sinode vertrek het ná hierdie beslissing, op Vrydagmôre, onderwyl die Sinode Ps. 134:1-3 staande sing en die praeses, dr. Kunst, elke afgevaardigde 'n handdruk gegee het, wat seker ook die betekenis ingehou het van 'n broederhand van 'n *bewaarde* eenheid en gemeenskap.

Amendemente

Om die betekenis van hierdie beslissing in te sien, moet dit gesien word in die lig van enkele amendemente wat daarby ingedien is.

'n Eerste amendement was dat die Sinode die minderheidsrapport wat op die Geref. Ekumeniese Sinode van 1968 gedien het sonder stemming moet aanvaar. Hierdie minderheidsrapport kom in kort daarop neer dat S.A. sy apartheid moet laat vaar vir integrasie en dat die S.A. Kerke die volk en owerheid daartoe moet beweeg. 'n Tweede amendement: Die Sinode moet dit as sy oordeel uitspreek dat die besluite van die Geref. Ekumeniese Sinode vir 1968 ook inhou dat niemand enkel op grond van die feit dat hy tot 'n bepaalde ras of volk behoort enige menslike reg, soos die vryheid om self sy woonplek of sy werk wat by hom pas, te kies, ontsê mag word nie. Die belangrike is egter die motivering van hierdie amendement, nl. dat "helaas baie in die kerke van Suid-Afrika in die besluite van die Ekumeniese Sinode geen verwerping van sowel groot as klein apartheid gehoor het nie".

Nie veroordeel nie

Die Sinode het besluit om die beslissinge van die G.E.S. sonder meer te aanvaar. In die lig van die genoemde amendemente, wat ter syde gelaat is, kom die besluit seker minstens hierop neer dat die Sinode hom nie geroepe gevoel het om die apartheidsbeleid te veroordeel nie en ook nie om die weg af te sny vir die Afrikaanse Kerke om hulle te kan beroep op die besluite van die G.E.S., soos veral in die laaste amendement uitdruklik versoek nie. Dit gee ons ook rede om te kan sê dat persberigte wat gespreek het van 'n ondubbelsinnige veroordeling deur die Geref. Kerke van Nederland van die apartheidsbeleid, nie op 'n juiste indruk berus het van wat op hierdie Sinode van Lunteren plaasgevind het nie.

Die besluit van die Sinode van die Geref. Kerke in Nederland om die beslissinge van die Ekumeniese Sinode van Lunteren i.s. rasseverhoudinge te handhaaf sonder 'n nadere

---

[1] Woord en *Daad,* Mei 1970, p. 3-4.

vertolking, het 'n verdere betekenis.

Onderskeiding

In die besluite van die Ekumeniese Sinode word 'n belangrike onderskeiding gemaak, die onderskeiding nl. tussen beginsel en metode, tussen 'n doel en die weg daarheen. Die besluite trek saam in liefde en geregtigheid met die keersy hiervan: verwydering van alle vorme van diskriminasie. Dit kan egter langs verskillende weë geskied, nl. langs die weg van afsonderlike ontwikkeling ("waaraan elke rassegroep die voorkeur kan gee", en wat ook op verskillende "maniere" mag geskied, "van plek tot plek", punt 13 van die besluite).

Volgens die voorgestelde amendemente is daar net een pad, die van integrasie. Dan word van integrasie 'n beginsel gemaak wat altyd en oral geld, 'n ideologie, of (wanneer daarvoor 'n beroep op die Skrif gedoen word) 'n dogma, 'n soort belydenis in plaas van 'n blote beleid. "Jesus het op aarde gekom om skeidsmure weg te neem. Hy wil een liggaam, by Hom is die dominant die eenheid van die menslike geslag... Ek vra dringend aan die Suid-Afrikaanse kerke: Is hulle daartoe bereid om hulle bydrae te lewer dat volle medeseggenskap binne die Republiek Suid-Afrika ontstaan?" (prof. Verkuyl op die Sinode).

"Breek de muren af!"

In sy onlangs verskene boek "Breek de muren af", trek prof. Verkuyl vanuit Ef. 2:14 (waar ons lees dat Christus die "middelmuur van skeiding" afgebreek het), 'n direkte lyn na 'n veelrassige Kerk en verder na 'n veelrassige samelewing. Ons het hier baie duidelik met 'n teologie te doen: 'n Integrasie-teologie.

Opvallend genoeg kom ds. L. H. Kwast in 'n bespreking van hierdie boek van prof. Verkuyl in die *Friese Kerkbode* (13 Maart) ongeveer tot dieselfde gevolgtrekking: "Ik kon ook vragen: komt in het uitgangspunt dat prof. Verkuyl heeft gekozen, niet een stuk doperse theologie om de hoek kijken?"

Integrasieteologie

Seker moet ons Christelike beginsels deurwerk in die maatskaplike en staatkundige lewe. Maar die Skrif gee tog geen "bloudrukke" (ds. Kwast), van 'n bepaalde maatskaplike orde nie.

Die ander betekenis van die Sinode van Lunteren wat ons hiermee wou beklemtoon, is dat, in die handhawing van die besluite van die Ekumeniese *Sinode sonder* hierdie *amende*mente, die Geref. Kerke in Nederland hulle nie met die integrasieteologie, wat aan die amendemente ten grondslag lê, vereenselwig nie.

Apartheidsteologie

Natuurlik bestaan daar ook iets soos 'n apartheidsteologie, d.w.s. 'n teologie waarin apartheid tot 'n beginsel verhef word, 'n Skriftuurlike beginsel. Ongelukkig sal ons ook moet toegee dat hierdie apartheidsteologie hier in Suid-Afrika glad nie ontbreek nie, maar in die lug is, saam met 'n evolusionistiese apartheidsideologie (aparte stamvaders ten grondslag aan die menslike ontwikkeling).

Daarom moet die besluit van die Geref. Kerke in Nederland om die beslissinge van die Ekumeniese Sinode te handhaaf sonder die amendemente, nie gesien word as die groen lig om op die pad van apartheid voort te vaar, van skeiding tot skeiding nie. Daar het vir ons ook die rooi lig geskyn, nl. van 'n apartheidsteologie, van skeiding ter wille van skeiding. Ons moet nie maar net skei om te skei nie, maar om saam te voeg wat van nature saamhoort en wel om so die diskriminasie te laat verdwyn.

Daar was geen "dubbelsinnigheid" in die beslissinge van die Ekumeniese Sinode nie, soos beweer is ter motivering van die amendemente. Die Ekumeniese Sinode het in werklikheid maar net 'n *dubbele weg* oopgelaat, ook die van afsonderlike ontwikkeling — ter bereiking van die doel, nl. verdwyning van diskriminasie.

'n Derde amendement

Daar was nog 'n amendement, en wel in die vorm van 'n konsepbrief wat aan die Suid-Afrikaanse kerke gerig moet word. Vanuit die Sinode was daar kritiek op die bewoording van die brief. Dit is na die moderamen verwys vir herformulering. Op hierdie brief, soos deur die moderamen gerig tot die Suid-Afrikaanse kerke, gaan ons hier nie in nie. Dit lê nie op ons weg nie.

Wel kan ons ons enkele opmerkings veroorloof oor die konsepbrief. Daarin word die kerke in S.A. gewaarsku teen 'n apartheidsteologie, ons kan ook maar sê, 'n kleur-teologie. Van die apartheidsteologie word die kerke egter weggeroep na wat lyk na 'n integrasie, of 'n kleurlose teologie. Dit sou daarop neerkom om wat as 'n "dwaalleer" bestempel is, te vervang met wat na ons oortuiging ook as 'n dwaalleer bestempel moet word.

Dit is ongetwyfeld so dat bepaalde situasies waarin die kerk in verskillende lande geplaas is 'n bepalende invloed op die teologiese besinning kan hê. Hierteen is in die konsepbrief o.i. tereg gewaarsku. Hierby moet egter ook hierdie opmerking kom, dat die verskillende situasies waarin die Kerk in die verskillende lande geplaas is, ook kan dien om die oë te open vir aspekte van die waarheid wat anders nie sou raakgesien word nie.

Eenheid van kerk onder nasies

Hiermee sal seker rekening gehou moet word om die eenheid van die Kerk onder die verskillende nasies te bewaar. Dit is ook waar die kerke in die verskillende lande mekaar nodig het, naamlik om bewaar te word vir eensydighede en vir die verabsolutering van die een of ander aspek van die waarheid en waardeur hulle teenoor mekaar te staan kan kom in plaas van om mekaar aan te vul.

Teenoor 'n kleur-teologie en 'n kleurlose teologie is die Kerk geroep tot 'n kleurryke teologie, sodat op hierdie wyse die veelkleurige rykdom van God se wysheid onder die nasies verkondig sal word (Ef. 3:10).

28. LUNTEREN (2) [1]

(Die Gereformeerde Kerke in Nederland het 'n versoek aan ons Sinode gerig om 'n verteenwoordiger na hulle te stuur — om 'n deel van hulle sinode by te woon en om samesprekings te hou. Op die wyse kan sake wat ons ten opsigte van hulle en hulle ten opsigte van ons hinder, ter sprake kom en kan gelet word "naar wat wil voor elkaar dienen te betekenen vanuit de opdracht die Christus ons geeft". Prof. W. J. Snyman is hiervoor na Nederland gestuur en nadat hy nou teruggekom het, sal hy in 'n paar artikels oor sy besoek en bevindings handel.)

Lunteren is 'n betreklike klein dorpie in die mooi Gelderse landskap, die bosryke Veluwe. Dit het groot bekendheid in ons land verwerf, veral sinds die Ekumeniese Sinode in 1968 daar vergader het en Suid-Afrika met sy "rasseprobleem" vrywel die middelpunt van belangstelling was. Die eintlike vergaderplek is 'n paar myl van Lunteren geleë, naamlik *De Blije Wêreld,* 'n pragtige versorgings- en ontspanningsoord in die hoë bos, elke môre weer in 'n skoon wit kleed nadat die sneeu van die vorige dag gesmelt het. Met sy pragtige ruim sale dien dit ook as die vergaderplek van die Gereformeerde Nederland. Hier het ek 35 jaar gelede 'n jeugsaamtrek bygewoon en nóú weer die sitting van die Sinode. In die reël vergader die sinodes ook hier. Hier is 'n sinode nie alleen 'n samekoms nie maar ook 'n ware samesyn. Die ontvangs aan *De Blije Wêreld* was hartlik en vreugdevol. As ek dit hier neerskryf dan dink ek met groot waardering aan ons vriendelike en hulpvaardige gasheer en sy eggenote, wat ons daar so tuis laat voel het. 'n "Vruchtemandje" met uitgesoekte Suid-Afrikaanse vrugte het die S.A. gaste daar ingewag en is aan hulle oorhandig deur die sekretaresse van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Werkgemeenskap, 'n vriendeliggaam wat ons ook later in Den Haag ontvang het. Die verkeer en nadere kennismaking en gesprekke met sinodelede en ander besoekers tussen die sittinge van die sinode was besonder aangenaam en vrugbaar.

Dit was gou duidelik dat daar op hierdie mooi en vriendelike ontspanningsoord groot gespannenheid in die lug hang en dat daar spanning wag. Die groot ontvangsaal het altyd voller geword. Uit pamfletjies wat uitgedeel is, het die geblyk dat dit ondersteuners van die teëstanders van "apartheid" was wat na *De Blije Wêreld* opgetrek het, meestal jeugdiges, studente, blank en nie-blank. Maar sover moontlik was al wat Suid-Afrikaanse student was, man en vrou, ook daar. Ek wil weer vir hulle sê: "Dit was wonderlik om julle daar te ontmoet! Wat het julle aanwesigheid nie vir ons beteken nie". Maar "koud of warm" — ook vir die belangstelling van die andersvoelendes moet daar waardering wees, want dit is ook belangstelling. Dit het gegaan om die oortuiging van wat volgens die Skrif waar en reg is. Die eenheid van die Kerk was ook op die spel.

Die verloop

Die afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse kerke, dr. J. S. Gericke, dr. J. D. Vorster en prof. F. J. M. Potgieter (namens die Nederduitse Gereformeerde Kerk), ds. S. J. S. Ntloane (namens die Bantoe Ned. Geref. Kerk) en ekself (namens die Geref. Kerk in S.A.) het op uitnodiging met die moderamen gaan kennis maak, en ons is voorlopig daar verwelkom. Daarna is die afgevaardigdes by die opening van die Sinode ook aan die Sinode voorgestel en deur die praeses, dr. J. G. Kunst, daar verwelkom. Die woorde van die praeses was onder meer: "Daar is vanmôre vreugde by hierdie ontmoeting, maar ons kan dit ook nie verheel nie, dat daar tussen die S.A. susterkerke en die van ons op 'n paar belangrike punte moeilikhede ontstaan het, wat altyd meer vrae skyn op te werp... Ons moet mekaar in die oë kyk omdat in ons hart die oortuiging leef dat ons mekaar verder nodig het".

Waar ons self so betrokke was, bekyk ons maar die verloop van sake van die kant van die toeskouers af. (Aanhalings wat volg is uit persberigte.)

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 73, no. 2045, 15 April 1970, p. 8—9.

Eensaam

"Die Afrikaanse predikante het vrywel alleen gestaan..."

"Spreker na spreker het uiting gegee aan sy gevoelens dat Suid-Afrika met sy apartheidsbeleid op 'n prinsipieel verkeerde pad is .. ."

"Die pynlikste ervaring vir die Afrikaanse kerkmanne wat hierdie week die Gereformeerde Sinode in Lunteren besoek het, moes gewees het dat 'n Sinode van 'n kerk met dieselfde belydenis in oorgrote meerderheid volstrek anders blyk te dink oor die apartheidspolitiek as hulle..."

"Duidelik was dat die Gereformeerde Sinode die apartheidswetgewing veroordeel..."

"Die Suid-Afrikaanse gaste sal nie opnuut die Nederlandse Gereformeerdes as bondgenote in hulle politiek kan voorstel nie ..."

Standpunte

- "Die meeste lede van die Gereformeerde Sinode bekritiseer die apartheidsbeleid omdat dit tot politieke en sosiale onderdrukking van miljoene mense in Suid-Afrika lei. Hulle het gestel dat die beleid in stryd is met die Bybel."

- Die standpunt van die verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse kerke was daarenteen "dat die apartheidsbeleid daarop gerig is om elke groep van die bevolking tot volle ontplooiing te laat kom om sodoende die motiewe vir diskriminasie weg te neem". Of soos dr. Gericke dit kernagtig saamgevat het: "Ons het aangevoer dat, geoordeel na die ondervinding in ander lande soos Amerika, die oplossing van integrasie nog nie as geldig bewys is nie. Ons probeer ernstig en met eerlike bedoeling om 'n alternatief toe te pas en ons kan nie Skriftuurlik hieroor veroordeel word nie" *(Die Burger).*

Die afloop

Dit is belangrik om daarop te let dat daar sprake is van die *meeste* lede van die Sinode (en van die wat *gespreek)* het. Daar was van Nederlandse kant ook ander gevoelens. Ek noem slegs die name van ds. Van Til en dr. W. B. Weyland. Dr. Weyland het die vraag gestel (in die *Kerkblad* van Arnhem) of ons inderdaad die vraagstuk moet sien as rassevraagstuk en nie eerder as 'n volkerevraagstuk nie, soos Nederland dit self leer ken het in Indonesië, waar die verskillende volksgroepe (Javane, Chinese, Ambonnese, ens.) eie kerke verlang. Die Afrikaners het dus nie so *alleen* gestaan nie. Wat ek egter wil benadruk, is dat ons nie met 'n Nederlands-Suid-Afrikaanse teëstelling te doen het nie.

Meer nog, 'n sinode is nie maar 'n *spreektribune* nie, maar 'n *besluitende* liggaam. Die *spreker* gee nie die beslissing nie, maar diegene wat die verantwoordelike *beslissing* neem op grond van, of nieteenstaande dit wat gespreek is.

Daar was natuurlik skerp veroordeling van die "Suid-Afrikaanse" standpunt. Verder is in toesprake vir amendemente gepleit, onder andere om die minderheidsrapport (wat uit Nederland op die Geref. Ekumeniese Sinode gebring is — en waarin die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid veroordeel is) sonder stemming aan te neem. Maar ten spyte van al hierdie dinge het die Sinode met vrywel algemene stemme die beslissinge van die Ekumeniese Sinode aangeneem, wat ook op ons sinode, wat sy grondlyne betref, aangeneem is.

Die praeses, wat die vergadering met groot wysheid gelei het, het by die begin van die sitting gesê: "Dit mag blyk dat dit 'n historiese week sal wees hierdie". Terugsiende kan seker gesê word dat dit 'n historiese week wás, want die eenheid van die kerke, die Gereformeerde Kerke in Nederland en in Suid-Afrika, is bewaar.

Dit was 'n gevoelvolle oomblik by die afskeid: die Sinode en die aanwesiges het die afgevaardigdes Ps. 134 staande toegesing en die praeses het elkeen kom groet. Daar was stof tot groot dankbaarheid en blydskap.

29. LUNTEREN (3) [1]

Nodig: 'n kleurryke teologie

Die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland (G.K.N.) het die besluite van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (G.E.S.) aanvaar *ondanks* sekere minderheidsrapporte wat daarvoor ingedien is. Hieroor het ek in die vorige artikel gehandel. As ons nou wil vra na die *betekenis* van die besluit van die Sinode G.K.N. (waaroor daar nogal verskil van mening bestaan) kan dit vir ons as uitgangspunt dien: *dat die besluite van die G.E.S. ondanks, of sonder (as ons wil) die amendemente aanvaar is.*

Wat afgewys is

Een van die amendemente was dat die Sinode die *minderheidsrapport,* wat op die G.E.S. ingedien is, sonder stemming moet aanvaar. Hierdie minderheidsrapport het in kort hierop neergekom dat die apartheidsbeleid in S.A. deur integrasie vervang moet word en dat die kerke in S.A. daartoe 'n beroep op die owerheid behoort te doen. "Is die kerke in Suid-Afrika daartoe bereid om hulle bydrae te lewer dat volledige medeseggenskap binne die Republiek van Suid-Afrika ontstaan?" Aldus prof. Verkuyl, wat die minderheidsrapport by die G.E.S. en ook hierdie amendement onderteken het. Volgens 'n tweede amendement moes die Sinode van die G.K.N. tans in Lunteren dit uitspreek dat die besluit van Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1968 ook inhou dat niemand enkel op grond van die feit dat hy tot 'n bepaalde ras of volk behoort, enige menslike reg ontsê mag word, soos die vryheid om self sy woonplek, 'n skool vir sy kinders en 'n werkkring wat hom pas, te kies nie. Die belangrike is egter die *motivering* van hierdie amendement naamlik dat *"helaas baie in die kerke van Suid-Afrika in hierdie uitsprake geen verwerping van sowel groot as klein apartheid gehoor het nie".*

As die Sinode G.K.N. dan besluit om die beslissinge van die Ekumeniese Sinode *sonder* hierdie amendemente te bekragtig, dan kan dit tog moeilik iets anders beteken as dat die Gereformeerde Kerke in Nederland

— hulle nie geroepe gevoel het om die apartheidsbeleid in S.A. te veroordeel nie (eerste amendement),

— en ook nie om die weg vir die kerke in Suid-Afrika af te sny om 'n beroep op die besluite van die G.E.S. te doen nie (tweede amendement).

In ieder geval behoort dit duidelik te wees dat die mening wat in persberigta tot uitdrukking gekom het, naamlik dat die Sinode G.K.N. die apartheidsbeleid ondubbelsinnig veroordeel het, nie berus op 'n goeie indruk van wat op die Sinode werklik gebeur het nie. Die beslissinge van die G.E.S. is op die Sinode van Lunteren bekragtig sonder die amendemente waarin die apartheidsbeleid "ondubbelsinnig" veroordeel word!

Nie net één pad nie

Die handhawing van die besluite van die Ekumeniese Sinode oor rasseverhoudinge, en dit sonder verdere vertolking, het nog 'n verdere betekenis.

In die besluite van die G.E.S. word 'n belangrike onderskeiding gemaak: tussen *beginsel* en *metode,* tussen 'n *doel* en die *weg* daarheen. Die besluite trek saam in liefde *en geregtigheid* met die keersy hiervan (wat rasseverhoudinge betref): *verwydering van diskriminasie.* Dit kan egter langs verskillende weë geskied, naamlik langs die weg van *integrasie,* of langs die weg van *afsonderlike ontwikkeling* ("waaraan elke rassegroep die voorkeur kan gee" en wat ook nog weer op verskillende "maniere" mag geskied "van plek tot plek" lui dit in punt 13 van die besluite).

Volgens die voorgestelde amendemente is daar net één pad, die van *integrasie.* Dan

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 73, no. 2046, 22 April 1970, p. 8-10.

word egter van integrasie 'n *beginsel* gemaak en dit moet altyd en oral geld. Dan is dit 'n *ideologie,* of — met 'n beroep daarvoor op die Skrif — 'n *dogma,* 'n soort van *belydenis* in plaas van 'n blote *beleid.* Let op die volgende woorde: "Jesus het op aarde gekom om skeidsmure weg te neem. Hy wil een liggaam, by Hom is die dominant die eenheid van die menslike geslag... Ek vra dringend aan die Suid-Afrikaanse kerke: Is julle daartoe bereid om julle bydrae te lewer dat volle medeseggenskap binne die Republiek Suid-Afrika ontstaan?" (Prof. Verkuyl tydens die Sinode). Hier het ons 'n Integrasie-teologie.

Geen bloudruk in skrif nie

Prof. Verkuyl het onlangs 'n boek onder die titel *Breek de muren af* laat verskyn. Daarin handel hy ook oor Efesiërs 2:14 — waar ons lees dat Christus die "middelmuur van skeiding" afgebreek het — en hieruit trek hy 'n direkte lyn na 'n veelrassige Kerk en verder na 'n veelrassige samelewing. Hier het ons baie duidelik met 'n *teologie* te doen: 'n integrasie-teologie. Dit het my getref dat *ds. L. H. Kwast* in 'n bespreking van die boek van Verkuyl in die *Friese Kerkbode* (13 Maart) tot ongeveer dieselfde gevolgtrekking gekom het: "Ek kan ook vra: Kom in die uitgangspunt wat prof. Verkuyl gekies het nie 'n stuk doperse teologie om die hoek loer nie?" Ons Christelike beginsels moet verseker in die maatskaplike en staatkundige lewe deurwerk. Maar die Skrif gee tog geen "bloudrukke" (ds. Kwast) vir 'n bepaalde maatskaplike orde nie.

Die verdere betekenis van die Sinode G.K.N. om die beslissinge van die G.E.S. sonder die genoemde amendement te handhaaf, is dan dat die Gereformeerde Kerke in Nederland deur hierdie besluit van sy Sinode hulle nie met die integrasie-teologie (wat aan die amendemente ten grondslag lê) vereenselwig het nie.

Hierteen waak

Natuurlik bestaan daar ook so iets as 'n *apartheidsteologie.* Dit is 'n teologie waarin apartheid tot 'n *beginsel* verhef word — 'n Skriftuurlike beginsel. Laat ons ons dit maar nie ontveins nie dat hierdie apartheidsteologie in geselskap van 'n evolusionistiese apartheid-ideologie hier glad nie ontbreek nie.

Daarom moet die besluite van die G.K.N. om die beslissinge van die G.E.S. *sonder* die amendemente te handhaaf, nie gesien word as die groen lig om op die pad van apartheid van skeiding tot skeiding voort te vaar nie. Daar het vir ons ook geskyn die rooi lig van 'n apartheidsteologie, van skeiding ter wille van skeiding. *Ons moet nie maar net skei om te skei nie, maar om saam te voeg die wat van nature saamhoort en wel as 'n weg om diskriminasie te laat verdwyn.*

Die beslissinge van die G.E.S. Sinode was dus nie *"dubbelsinnig"* nie, soos ter motivering van die amendemente beweer is. Die G.E.S. het maar net 'n *dubbele* weg oopgelaat — ook die van afsonderlike ontwikkeling — om by die doel te kom, naamlik verdwyning van diskriminasie.

Kerke wat die besluit van die Ekumeniese Sinode aanvaar, sal seker verlangend uitsien na die dag wanneer apartheidsmaatreëls nie meer vermenigvuldig hoef te word nie, maar kan begin verminder.

'n Kleurryke teologie

Daar was nog 'n amendement, en wel in die vorm van 'n *konsepbrief* wat aan die Suid-Afrikaanse kerke gerig moet word. Vanuit die Sinode was daar kritiek op die bewoording van die brief. Dit is na die moderamen vir herformulering verwys. Op hierdie brief, soos deur die moderamen tot die Suid-Afrikaanse kerke gerig, gaan ek begryplikerwys nie in nie. Dit sou misplaas wees.

Wel veroorloof ek my enkele opmerkings oor die konsepbrief, aan die bespreking waarvan afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse kerke om begryplike redes hulle onthou het. Daarin word die kerke in Suid-Afrika (tereg) gewaarsku teen 'n apartheidsteologie, ek kan maar sê, 'n *kleur-teologie.* Dan word die kerke egter van 'n apartheidsteologie weggeroep na wat gelyk het na 'n integrasie- of 'n *kleurlose teologie.* Dit sou daarop

neerkom om wat as 'n "dwaalleer" bestempel is, te vervang met wat na ons oortuiging óók as 'n dwaalleer bestempel moet word — om een kwaad dus met 'n ander kwaad te vervang.

Dit is ongetwyfeld so dat bepaalde situasies waarin die Kerk in verskillende lande geplaas is, 'n *bepalende* invloed op die teologiese besinning kan hê. Hierteen is in die konsepbrief tereg gewaarsku. Hierby moet egter ook die opmerking kom dat *die verskillende situasies,* waarin die Kerk in verskillende lande gestel word, *kan dien om die oë te open vir aspekte van die waarheid wat anders nie so raakgesien word nie.*

Hiermee sal rekening gehou moet word om die eenheid van die Kerk onder die verskillende nasies te bewaar. Dit is egter ook waar die kerke in die verskillende lande mekaar nodig het, naamlik om bewaar te word vir eensydighede en vir verabsolutering van een of ander aspek van die waarheid om daarmee *teenoor* mekaar te staan te kom in plaas van mekaar *aan* te *vul.*

Teenoor 'n kleur-teologie en 'n *kleurlose* teologie is die Kerk geroep tot 'n *kleurryke* teologie, sodat op hierdie wyse die veelkleurige rykdom van God se wysheid onder die nasies verkondig sal word (Ef. 3:10).

Die eenheid van die Gereformeerde Kerke in Nederland en in Suid-Afrika is in hierdie saak bewaar. Ons moet die Here hiervoor dank, ook vir die groot genade aan die praeses, dr. P. G. Kunst met sy moderamen om die vergadering so te kon lei dat die eenheid bewaar is.

30. CHRISTELIKE WETENSKAP — BYGELOOF VERDRYF MAAR NIE GELOOF NIE [1]

Met die voorsittersrede van dr. S. Meiring Naudé het die afgelope jaarvergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns seker 'n hoogtepunt bereik. Die rede word hier vry *weergegee met* die gedagtes wat dit wakker geroep het.

Dit blyk dat die ontwikkeling van die natuurwetenskaplike denke, waaroor dit in die rede gegaan het, daarop neerkom dat die geheimsinnige natuur waardeur die mens hom aanvanklik omring gesien het, sy geheime aan die mens ontsluit, maar hom voor nuwe onverklaarbaarhede stel om die ondersoekende mens terug te bring by die Onbekende, wat Hom in Christus bekend gemaak het as die Skepper van alle dinge.

Die eerste lig wat vir die mensheid buite die besondere Openbaring in die duisternis opgegaan het, is, opvallend genoeg, deur die sons- en maansverduistering. Dit was toe die eerste keer opgemerk dat dit iets is wat reëlmatig gebeur (ongeveer ná elke 18 jaar).

Wie hierdie eerste skrede op die pad van die natuurwetenskap gesit het, en wanneer dit gebeur het, weet ons nie. Dit was voor 3700 v.C. reeds aan die sterrewiggelaars van die Chaldeërs bekend, soos ons ook uit die Bybel weet.

Eerste geheim

Die natuur het sy eerste geheim aan die mens geopenbaar. Dit is wetmatigheid. Die sonsverduistering was toe nie meer 'n teken wat onheil (oorlog) voorspel nie, maar 'n natuurverskynsel wat voorspel kon word.

Die geheel en al deur die natuur beheerste mens het profeet geword en het sy voet gesit op die koninklike weg van natuurbeheersing. Astrologie (sterrewiggelary) het oorgegaan in astronomie (sterrekunde).

Die geopenbaarde geheim word egter sorgvuldig deur die priesters bewaar. Met hul profetiese kennis heers die priesters oor konings en keisers. Al voortgaande het die wetenskap die mens van bygeloof en van priesterheerskappy verlos. "Bygeloof en animisme wyk alleen wanneer die wetenskaplike verstaan van alle vreesinboesemende verskynsels intree ..."

En die geloof?

Sou dit ook gesê kon word van die geloof? Moes die geloof ook die wyk neem voor die wetenskap? Dit is in hierdie verband van betekenis om daaraan te dink dat die Christendom ook begin het met die uitdrywing van geeste, en om te dink aan die woord van Christus: "Wie nie teen ons is nie, is vir ons". Wat egter op die weg van die wetenskap 'n uiters langsame proses is, geskied daar en dan op die magswoord van Christus en nou nog by die verkondiging van die Evangelie onder die heidense nasies, wat in die bygeloof gevange sit. Die groot gevaar is egter dat die leë plek opgevul word deur, miskien moderner, maar nog boser geeste as die wat uitgewerp is. Daarvoor kan die Christendom die mens net bewaar.

Ons luister egter na die geskiedenis van die natuurwetenskaplike denke. Dit leer ons dat, voordat die mens baie verder op die pad van denke kan vorder, daar eers by die mens 'n verandering van denkwyse moes kom. Volgens die ou denkwyse, waartoe die waarneming van die eerste beweging vanselfsprekend moes lei, was dat die mens en sy woonplek, die aarde, die spil is waaromheen alles draai, son, maan en sterre, die heelal.

Weg uit middelpunt

Die nuwe denkwyse is dat die waarnemende mens met sy woonplek moet verdwyn uit die middelpunt van sy denke. Die geskiedenis van die natuurwetenskaplike denke het geleer dat die mens die wonderlike gawe besit om hom te kan los maak van homself, van sy woonplek, van wat hy om hom waarneem, en hom te kan verplaas op 'n ander

---

[1] Woord en Daad, Sept. 1968, p. 1-2.

(se) standpunt, buite homself en sy woonplek.

Die geskiedenis van die natuurwetenskaplike denke het dit op 'n baie treffende wyse geleer, want toe die mens geleer het om homself uit die middelpunt van sy denke te verplaas, het die natuur sy dieper geheimenisse aan hom geopenbaar: Eers die van sy uitgestrekthede tot in sy laaste ondeelbaarhede, d.i. van die planetestelsel van die ruimtes tot die planetewêreld in die miniatuur, die atoom — alles in beweging volgens vaste wette. Daarmee het die natuur sy innerlike samestelling geopenbaar — ook weer een en al beweging, waartoe die natuurverskynsels in hulle uiteenlopenheid (magnetisme, elektrisiteit, lig, hitte, krag) hulle laat herlei, om die mens te bring by sy diepste geheim (soos daar gemeen is), nl. die van oorsaaklike samehang, of kousaliteit.

Met hierdie geopenbaarde verborgenhede kon die mens, wat begin het met die voorspelling van 'n sonsverduistering, nou optree as profeet van die natuur en die weg van koninklike natuurbeheersing betree soos nooit tevore nie, deur die insig in die wette wat dit beheers. Die weg daartoe was dat hy self priesterlik moes terugtree uit die middelpunt van sy denke.

"Suinige natuur"

Die groot vraag vandag is of daar iets is soos 'n "ongeïnteresseerde" wetenskap, 'n wetenskap waarby die eie belang of voortbestaan nie in of naby die sentrum staan nie. Die antwoord hierop is dat die natuur sy geheimenisse slegs gedeeltelik wou toevertrou aan die geo- (ego-, antropo-, etno-) sentriese mens. Die mens het nou die geheime, en dit bring swaar verantwoordelikhede mee.

Die verdwyning van die mens uit die middelpunt van sy denke, hou ook in, dat hy wat sien, ook gesien word, en wel deur homself, en so... hoe ontsettend klein, hoe onbeduidend nietig moet ons mense ons nie voel nie as ons dink dat die aarde waarop ons woon in die skier onmeetlike heelal net 'n minimale stoffie, 'n feitlike nul, uitmaak. Maar " ... hoe verbasend, andersyds, dat hierdie nietige skepsels op 'n toevallige klein planeet in staat is om met hulle verstand, indien nie wese nie, dan tog wel die bestaan en grootte van die elementêre boustene van die ganse, groot heelal noukeurig te kan waarneem en begryp!"

Groot en klein

Die mens sien homself in sy grootheid en kleinheid, groot in sy kleinheid, maar ook klein in sy grootheid. Die natuurwetenskap (en seker elke wetenskap) en die Christendom ontmoet mekaar hier op 'n diepe lewensbeginsel, wat so welbekend is uit die Evangelie. Hoe wonderlik is die saamvoeging van grootheid en kleinheid in die mens, die kroon van die skepping, soos die natuurwetenskap ons dit laat sien!

Dit laat ons boweal die grootheid sien van die Skepper van alle dinge, sowel in die onmeetlike en in die ondeelbaar kleine, wie se Naam in sy skepping soos in 'n mooi boek met groot en klein letters geskrywe staan (Art. 2, N.G.B.), maar veral ook daarin dat die mens deur Hom aangesien word, nie alleen in sy nietigheid nie, maar ook in sy afvalligheid.

Diepste geheim

Die natuur stel die navorser ook voor "planmatigheid" en "'n sinvolle orde". Hiermee openbaar die natuur aan ons sy diepste geheim, nl. "dat die natuur deur 'n doelgerigte, bomenslike Wil regeer en bestuur word". As daar in hierdie verband gesê moet word dat die fisiese navorsing dit "ontwyfelbaar bewys" en die fisiese navorser "nie anders kan nie" as om daardeur getref te word nie, dan volg hieruit dat as daar van 'n bevange wetenskap gespreek word, dit nie die Christelike wetenskap geld nie, maar die sg. neutrale of ongelowige wetenskap. Verder, dat as die fisiese navorser dit nie opmerk nie, dit daarop neerkom dat die oë moedswillig vir die werklikheid gesluit word, soos die Skrif ons ook leer (o.a. Rom. 1:19, 20), met die onvermydelike gevolg dat die mens hom oorlewer aan 'n onverbiddelike natuurwet.

Geloof nie verdryf

Ons vraag is of die wetenskap nie die geloof ook verdryf nie. Die antwoord kan wees dat die wetenskap nie die geloof verdryf nie, dat die geloof essensieel is vir die wetenskap. Anders val die mens, wat geroep is om die natuur koninklik te beheers, met sy wetenskaplike resultate en al terug in die posisie van die natuurbeheerste mens voordat die eerste lig van die wetenskap opgegaan het, met die verskil dat hy toe beheers is deur allerlei geeste, maar nou deur 'n koue en dooie natuurwet.

Daar het in ons tyd weer 'n groot verandering in die denkwyse gekom. By hierdie nuwe denkwyse word die ondersoekende mens veral gestel voor die Onbekende, wat Hom in Christus geopenbaar het as die Skepper van alle dinge. Daaroor handel ons in ons volgende uitgawe met ons waardering vir die rede onder bespreking as 'n bydrae tot die Christelike wetenskap.

31. VERLOSSING 'N TE SWARE TAAK VIR DIE WETENSKAP [1]

In 'n vorige artikel in hierdie verband was die slotsom dat daar nie 'n teëstelling tussen geloof en wetenskap bestaan nie. Die wetenskap het wel die bygeloof verdryf, maar nie die geloof nie. Die rede is dat die natuur nie net wetmatigheid en oorsaaklike samehang as sy geheim aan die wetenskaplike ondersoeker geopenbaar het nie, maar ook planmatigheid en doelgerigtheid. Die laaste wys heen na 'n persoonlike, bomenslike Wil, in en bo die natuurwet, waardeur alles regeer word. In plaas van die geloof te verdryf, roep die wetenskap eerder tot geloof.

Dringende wetenskap

Wetenskap dring selfs tot die geloof. By 'n "*onbevange beskouing*", so het ons verneem uit die voorsittersrede van dr. S. M. Naudé op die jongste vergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, "*kan ons nie anders nie* as om getref te word deur die besef dat die natuur deur 'n doelgerigte, bomenslike Wil regeer en bestuur word". (Die kursivering is van ons.)

Dit bestempel die ongelowige wetenskap as 'n bevange wetenskap, omdat dit die oë opsetlik sluit vir wat die natuur voor elkeen se oë openbaar. Dan is die ongelowige wetenskap ook 'n wetenskap wat die werklikheid vermink. Maar dan is die bewering, dat die gelowige wetenskap wat die heerlikheid van God aanskou en bewonder in sy werke, iets indra in die natuur, ook van alle grond ontbloot. Inteendeel, in die gelowige wetenskap kom die werklikheid pas tot sy volle reg.

Geloof

Die wetenskap roep die mens nie alleen tot die geloof nie, maar dit dring hom ook tot die geloof. In die ongeloof is daar altyd 'n element van moedswilligheid (Rom. 1:20, 21).

Die geloof is ook noodsaaklik vir die wetenskap. Ons kry ook hier met die onverbiddelike wet van oorsaak en gevolg te doen. Sien ons God in die natuur, soos die natuur dit klaarblyklik openbaar, dan weet die gelowige dat, al is hy met sy woonplek, die aarde, niks anders as 'n stippeltjie in die groot heelal nie, hy gedra word deur 'n persoonlike, albeskikkende Wil, die van 'n Almagtige en Alwyse Skepper, in Wie ons lewe, beweeg en is (Hand. 17:28). Sien ons dit nie, of liewer, weier ons om dit te sien, dan "kan dit nie anders nie", of die mens moet homself oorgelewer sien aan en as persoonlikheid sien verdwyn in 'n onpersoonlike ratwerk van oorsaak en gevolg.

As dit waar is dat die Voorsienigheid deur die wetenskap uit die wêreld verdryf is, soos 'n bekende wysgeer (Satre) gesê het, is dit dan 'n wonder dat die mens van die 20e eeu hom juis in sy persoonlikheid bedreig sien? Dieselfde wysgeer het ook gesê dit maak nie verskil of God bestaan of nie bestaan nie. Die groot verskil wat dit maak, behoort duidelik te wees, al sou dit net hierdie verskil wees: Die behoud of die verlies van 'n mens se persoonlikheid deur die geloof, al dan nie, in 'n Persoonlike God. Dit is met 'n mens ook hier volgens jou geloof. Van hierdie samehang van gevolg en oorsaak lees ons in Rom. 1:24-32.

Die wetenskap dring nie alleen tot die geloof nie, maar die geloof is ook noodsaaklik vir die wetenskap, nl. om nie deur 'n bevange wetenskap gevanklik weggevoer te word onder 'n heerskappy erger as die waarvan hy verlos is nie. Bose geeste is dan wel deur die wetenskap verdryf, maar slegs om die natuur in 'n monster te verander wat soek om te verslind.

Die fout

As dit kenmerkend is van ons tyd dat alle persoonlike en alle eiesoortige dreig om te verdwyn in 'n vormlose menigte, as die mens dreig om niks anders te word nie as 'n onderdeel, 'n funksie, 'n nommer in die toenemend gekontroleerde lewe; as selfs die mensheid in sy bestaan bedreig word deur die resultate van die wetenskap, moet die

---

[1] *Woord en Daad,* Februarie 1969, p. 8, 10.

fout dan by die wetenskap gesoek word? Die gelowige staan seker meer as eens voor die vraag hoe hy teenoor die hedendaagse ontwikkeling van die wetenskap moet staan. Kyk ons terug van die gevolg na die oorsaak, dan moet die antwoord wees dat die wortel van die bedreiging nie by die wetenskap gesoek moet word nie, maar by die valse lewens- en wêreldbeskouing, en met name by die natuurbeskouing wat die oë sluit vir wat die natuur so duidelik aan ons openbaar.

Hierin moet die wesenlike mistasting gesien word: van 'n verandering van denkwyse wat hom reeds in die vorige eeu aangemeld het, maar wat kenmerkend vir die 20e eeu geword het, nl. die eksistensialisme.

Hierdie nuwerwetse denkwyse tas daarin mis dat dit die fout soek waar dit nie gesoek moet word nie, by die *natuurwetenskappe,* en dat dit nie die fout soek waar dit wel gesoek moet word nie, nl. by die *natuurbeskouing...*

Wat help die ruimte van blik, so word gevra, as die mens self soos 'n stippeltjie in die ruimtes van sy natuurwetenskaplike wêreldbeeld moet verdwyn? As dit maar al was. Maar sy bestaan is ook 'n bedreigde bestaan, juis deur die resultate van die wetenskaplike navorsing.

Blikverandering

Op hierdie wyse het die mens met sy bestaan (eksistensie) in die middelpunt van sy denke te staan gekom. Dit is tog iets merkwaardigs dat die denkwyse of die filosofie van die 20e eeu 'n bestaansfilosofie moes word. Wat origens ook al van hierdie nuwe denkwyse met al sy ingewikkeldhede gesê kan word, kom dit in werklikheid op niks anders neer nie as op 'n terugkeer tot die ou en verlate vóór-Copernicaanse denkwyse, slegs in 'n nuwe vorm. Toe was die mens self met sy woonplek, die aarde, die spil waaromheen alles gedraai het, met die beperkinge op sy blik wat dit meegebring het. Nou is die mens met sy bestaan en voortbestaan (ook van sy woonplek) al hoe meer die spil waaromheen alles draai, ewe-eens met die beperkinge op sy blik wat dit meebring.

Hierdie nuwe denkwyse is in die lug. Ons asem dit daagliks in, al weet ons niks daarvan nie.

Dit het ook sy aantreklikhede. Die nadruk wat dit op die geesteswetenskappe laat val, doen weldadig aan. Ongelukkig gaan dit ten koste van die natuurwetenskappe, en wel as gevolg van die blikbeperkinge vanuit hierdie standpunt.

Wat die eksistensialisme verder aantreklik maak, is dat dit hom aandien as 'n bondgenoot teen die neutrale, die standpuntlose wetenskap en ook in sy verwerping van die idee dat dit in die wetenskap bloot gaan om die wetenskap. Maar wat is nou die nie-neutrale standpunt? Dit is om standpunt in te neem in onsself, in ons bestaan. Net dit (is belangrik en het ons belangstelling waarby ons ons betrokke voel en wat ons belange dien, veral ons hoogste belang, ons voortbestaan).

Bedreigde mens

Die twintigste-eeuse mens is 'n bedreigde mens. As 'n mens in jou bestaan bedreig word, dan veg jy immers daarvoor. Maar 'n mens moet daarby op jou hoede wees dat jy nie jou ewewig verloor nie en van die bestaan en die voortbestaan 'n lewensfilosofie maak. Dan het ons in die eksistensialistiese denkwyse verval.

By al die bedreiginge van ons volksbestaan moet ons oë oop wees vir hierdie nuwe bedreiging, nl. dat ons voortbestaan die spil word waaromheen alles, wetenskap, kuns, kultuur, ja, selfs ons godsdiens, draai, soos die son, maan en sterre om die aarde.

Christelike wetenskap is die wetenskap waarin dit nie om onsself gaan nie, maar om God. Christelike wetenskap is nie ego- of etnosentries nie, maar teosentries.

Opwaartse blik

Deur die bestaansbedreiging word die mensheid van die 20e eeu ook deur die natuur, wat hy deur sy wetenskap en daarmee ook homself vermink, dringend geroep

tot 'n verandering van denkwyse, maar dan nie tot 'n terugwaartse verandering van denkwyse nie, maar tot 'n verandering van denkwyse na bó, die verandering van denkwyse (metanoia) waartoe Paulus die heidene van sy tyd opgeroep het, 'n bekering "van hierdie nietige dinge tot die lewende God, wat hemel en aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het" (Hand. 14:15). Ons word daaraan herinner dat daar ook in ons wetenskaplike denke bekering moet wees tot die lewende God wat Hom in sy werke openbaar. In die natuurwetenskap, in elke wetenskap, moet dit gaan om sy heerlikheid te ondersoek soos in sy werke geopenbaar.

Bevryding

Christelike wetenskap sluit ook in die geloof in Christus, in Wie ons van ons bestaan verseker is. Daarom hoef ons wetenskap nie om ons bestaan te sentreer nie. Christelike wetenskap is die wetenskap van die verloste. Sy wetenskap is ook 'n verloste wetenskap — verlos van die las om die mensdom te verlos, 'n las wat vir die wetenskap te swaar is. Ons wetenskap is Godsdiens, en so staan dit ook in die beste diens van land en volk en mensheid. Dit geld ook ons kuns en kultuur.

Dan verval ook die gewaggel tussen geesteswetenskappe en eksakte wetenskappe. Alle wetenskappe is gelykwaardig, omdat dit in alle wetenskappe gaan om God — ook in die natuurwetenskappe.

Die Christelike wetenskap is ook 'n hoogs geïnteresseerde wetenskap. Die interesse draai egter nie om homself nie. Die Christelike wetenskaplike is geïnteresseerd in sy wetenskap as 'n kind in die wonderlike werke van sy Vader.

Ook voorwaarts

Teenoor die retrogressiewe verandering van denkwyse van ons tyd, wat ons hier onder oë gehad het, het die geskiedenis van die natuurwetenskaplike denke in ons tyd ons voor 'n ander verandering van denkwyse gebring — 'n progressiewe, waarop ons hoop om terug te kom.

Deel IV

WOORDVERKONDIGING

1. NUWE EN OU DINGE [1]

> Matt. 13:44-52 — *"Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring".*

Die woorde van ons oordenking is in die voorgelese gedeelte, in Matthéüs 13:52.

Na die vraag wat Jesus aan Sy dissipels vra, antwoord hulle Hom dat hulle al hierdie dinge verstaan. Dan voeg die Here daaraan toe dat elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die Koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer is wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring. Dit is dan die gedagte waarby ons met u wil stilstaan: Christus, die Huisheer en Sy skatte.

Dit is baie opvallend dat onse Here Jesus Christus hier spreek van die huisheer as 'n skrifgeleerde. Ons ken tog die uitsprake en veroordeling van die Here Jesus teenoor die skrifgeleerdes en Fariseërs en hoe skerp Hy teen hulle opgetree het. Die gedagte kom by ons op dat die Here Jesus skrifgeleerdheid eintlik verwerp. Dit is vir ons van besondere betekenis om te weet dat die Here dit juis nie teen skrifgeleerdheid het nie. Ons kom seker almal een of ander tyd met sektes in aanraking. Hierdie mense is veral gerig teen die Kerk en sy ampte en kerkmense word dikwels vereenselwig met (of genoem) Fariseërs. Dit is mense wat nie aan die Kerk wil behoort nie, omdat hulle hul nie skuldig wil maak aan Fariseïsme, dit is skynheiligheid, nie. Hierdie mense stel dit so asof ander mense, wat wel aan die Kerk behoort, eintlik val onder die groep wat die Here Jesus veroordeel het, nl. onder die Fariseërs en skrifgeleerdes.

Dit is vir ons ook van belang om hierdie dinge te weet met die oog op die gebruik van die Nagmaal. Ons het al gehoor dat mense nie vrymoedigheid het vir, of liewer, wegbly van die Nagmaal omdat hulle nie skynheilig wil wees nie. Dit word dan nou aangegryp teen die Kerk, teen die ampte en selfs teen die Nagmaal en 'n beroep word gedoen op die Here Jesus self, nl. dat Hy so skerp opgetree het teen die skrifgeleerdes en Fariseërs. Daarom is dit vir ons van besondere betekenis dat die Here Sy eie volgelinge skrifgeleerdes noem. Wat vir ons duidelik moet wees, is dat die Here Jesus nie skrifgeleerdheid as sodanig veroordeel nie, maar dat Hy onderskeid maak tussen 'n ware en 'n valse skrifgeleerde. Hier het ons dan die ware skrifgeleerde: dit is die werk van 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn haal.

Die Heilige Skrif is die skatkamers waaruit ons die skatte moet opdiep en uitgrawe. Daarom het ons skole nodig. Daarom het ons onderrig nodig en kan ons sonder geleerdheid nie klaarkom nie. Dit help om die Skrifte en hulle waarhede, die goud wat in hierdie myne opgeslote sit, uit te haal en om dit te bedien soos 'n goeie huisheer die skatte uitdeel aan sy mense.

Ons het almal die skat, ons het almal die Woord van God en ons moet almal daarin delf om die skatte daaruit te haal. Dit is tog maar al wat gedoen word deur ons voorgangers, die ampsdraers, waaronder ook die bedienaars van die Evangelie. Al wat gedoen word, is maar net om ons te help, om ons dieper in te lei in die Skrif en om die skatte wat daar in die Skrifte verborge is, uit te grawe.

Verder kry ons hier 'n baie treffende teëstelling. "Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n *leerling* geword het..." Die ware geleerdheid is om 'n leerling te wees, om 'n dissipel te wees van onse Here Jesus Christus. Dit is om aan die voete van die Here Jesus te sit, om gedurig te leer en om altyd 'n leerling te bly. Dit is om altyd 'n dissipel te bly.

Dit is onder baie treffende woorde dat die Here Jesus sy eerste ampsdraers gekies

---

[1] Preek afgetik vanaf bandopnamemasjien. P.C.S.

het, nl. die dissipels. Ons lees dat Hy hulle uitgekies het "om saam met Hom te wees", om maar net altyd by Hom te bly. Dit is om te sien wat Hy doen en om gedurig aan Sy lippe te hang. Daardie eerste ampsdraers moes niks anders doen as om te verkondig die dinge wat hulle gesien en gehoor het nie. So rus die apostelskap in die dissipelskap. Daarom, die ware skrifgeleerdheid waarvan die Here Jesus hier spreek, nl. om 'n geleerde te wees, is niks anders as om 'n leerling te bly nie. Dit moet 'n mens jou hele lewe lank doen, die Woord verkondig en uitdra. Daartoe is ons almal geroep: om verder te vertel. Daarom is dit nodig om altyd dissipels te bly, dit is leerlinge van onse Here Jesus Christus, dit is leerlinge van die Woord. Huisheer, skrifgeleerde, dissipel.

Maar ek dink nou nie alleen aan die ampsdraers nie. As ons van die huisheer lees, dink ons ook aan u, vaders en moeders, onderwysers en onderwyseresse. Wat 'n heerlike taak is dit nie vir elkeen van ons om te staan in Sy diens nie, ek wil maar sê: in die voortsetting van die apostelskap. Dit beteken om as huisvader en -moeder uitdelers te wees van hierdie skatte en om van ons kinders, wat aan ons toevertrou is, dissipels te maak. Dieselfde verhouding wat tussen die Here Jesus Christus en Sy dissipels was, moet ook in ons huise en in ons skole wees. Dit moet daarom gaan om ons kindertjies ook dissipels te maak van onse Here Jesus Christus. Dan is ons ook almal soos die huisheer waarvan die Here hier spreek, dit is huisvaders en huismoeders. U moet uit hierdie skat van die Woord van die Here uitdeel aan u kindertjies. Nie net vir hulle tydelike lewe, soos ons moeders maar gedurig doen nie, maar ook uit hierdie geestelike skat, om ons kinders daarin te laat deel. Huisheer, skrifgeleerde, leerling, dissipel in die Koninkryk van die hemel.

Dit was die samevatting van die hele prediking van onse Here Jesus Christus. Sy hele prediking het neergekom op een enkele onderwerp. Ons weet dit nou. Dit het gegaan oor die Koninkryk van die hemele. Wanneer ons dan opgeneem word in die diens van die Koninkryk, laat daardie gedagte ons tog altyd bybly, watter diens dit ook al mag wees, nl. dat dit nog altyd die voortsetting is van die werk waarvoor die Here Jesus na die aarde toe gekom het. Alles wat die Here gepreek het, ook die aanduiding van ons taak in hierdie wêreld, gaan oor die Koninkryk.

Die Koninkryk van die hemele is ook die samebinding van die kerke. Daar is so baie verskillende kerke. Daar is so 'n verbrokkeldheid van die Kerk. Dit moet aan een enkele ding toegeskryf word en dit is dat daar nie genoeg erns gemaak word met die prediking van die Koninkryk van die hemele nie. Daar is maar net een manier om kerke saam te bring en dit is om leerlinge te wees in die Koninkryk van die hemele, om die Koninkryk van die hemele reg te verstaan. Dit is waar al die verwarring op kerklike gebied vandaan kom. Ons het te min insig omtrent die Koninkryk van die hemele.

Dit gaan, verder, by ons meer om die Kerk self as om die Koninkryk. Daar is dikwels meer bekommernis oor die voortbestaan van die Kerk as wat dit daarom gaan om net 'n middel te wees in diens van die Koninkryk. Die Koninkryk moet ons saambind. As die Koninkryk ons nie saambind nie, verval 'n mens tog so maklik in wat ons noem kerkisme. Dit is dat die een kerk die ander wil verdruk in plaas daarvan dat ons saamstaan (gesamentlik staan) en saamgebind word deur daardie hoër diens waartoe ons geroep is — die diens van die Koninkryk. Die rede hiervoor is dit: die Koninkryk van die hemele is die samebinding van die Skrifte, van die hele Bybel. Die Woord van God is ryk. 'n Mens kan ook so maklik verward raak as vir hom gevra word: Waaroor gaan dit presies in die Woord van die Here? Al die dinge in die Bybel, van Génesis tot Openbaring, gaan net oor hierdie een ding, die Koninkryk van die hemele. Deur dissipels te wees, deur leerlinge te wees in die Koninkryk van die hemele, kry ons die regte insig in die Bybel.

Verder, omdat ons leerlinge is in die Koninkryk, in die Bybel, en waar dit in die Bybel gaan om die Koninkryk, kry ons ook insig in alles wat gebeur in die lewe en word ons ook saamgebind met die hele wêreldgeskiedenis. Ons weet dat die geskiedenis tog so verwarrend is. Nie net 'n mens se eie lewe kan vir hom verwarrend wees nie, maar ook al die dinge wat gebeur in hierdie wêreld. Maar as ons leerlinge is in die Koninkryk van

die hemele, het ons insig in die ganse geskiedenis van die wêreld. Want, waarom gaan dit presies in die wêreld? Gaan dit in die wêreld nie juis om die koninkryke nie? Die een koninkryk word opgerig teen die ander koninkryk. So is ons wêreldgeskiedenis van vandag niks anders nie as dat een koninkryk die ander hier op aarde verdring. Dit was die geskiedenis van die begin af, van Babel af: die oprigting van die een koninkryk teenoor die ander koninkryk en die een wat die ander onder die voete wil kry.

Hierteenoor staan die Koninkryk van God. Dit is dan waarom dit gaan, nl. om die koms van die Koninkryk en sy uiteindelike voleinding. Dit is die Koninkryk as 'n skat, waaruit ons nuwe en ou dinge te voorskyn moet haal. Hier sien ons die verskil tussen die valse en ware skrifgeleerdheid. Die skrifgeleerdheid ,wat die Here Jesus hier veroordeel, wil uit daardie skat alleen die ou dinge te voorskyn haal. Hulle wil net vashou aan die ou dinge. Ons ken ook die stryd in onsself, die stryd teen die ou dinge. Daar is dan diegene wat net wil vashou aan die ou dinge, net soos daar ander is wat weer al die ou dinge wil verwerp (omverwerp) en net wil streef na nuwe dinge. Ons het seker wel kennis geneem van die stryd wat ook in ons eie volkslewe aan die gang is tussen die ou en nuwe dinge.

Die Here Jesus veroordeel die skrifgeleerdheid wat net wil vashou aan die ou dinge. Dit was tog die kenmerk van die skrifgeleerdheid in die tyd van die Here Jesus, en ook die kenmerk van die Fariseërs. Hulle het met alle mag vasgehou aan die Ou Testament en aan die Wet, om deur middel van die vervulling van die Wet die nuwe dinge tot stand te laat kom.

Vir ons tyd kan ons maar net die Wet waaraan die skrifgeleerdes en Fariseërs vasgehou het, vervang met die natuurwet. Ons mense glo vandag in die natuurwet, dit is om deur vervulling en kennis van die natuurwet deur ons wetenskap die toekoms van hierdie wêreld te verseker. As die Skrif- en Wetsgeleerdheid van die ou tyd veroordeel moet word, omdat hulle net wou vashou aan die ou dinge, dan moet ook die geleerdheid en wetenskap van vandag veroordeel word vir soverre hulle net wil vashou aan die natuurwet en aan hierdie wêreld en sy dinge.

Hier het ons ewe-eens 'n valse behoudendheid. As daar iets is wat bekrompe is, dan is dit die ongelowige wetenskap. Daar kom nuwe dinge waarvan ons elke dag hoor, nuwe uitvindinge, nuwe gebeurtenisse — ons leef werklik in 'n tyd van nuwe dinge! Dink maar aan die verowering van die ruimtes en hoedat die gebeurtenisse in verband hiermee mekaar opvolg. En tog, met al hierdie dinge bly die wêreld maar dieselfde ou wêreld. Hierdie moderne wêreld met al sy uitvindings, met al sy nuwe dinge, bly maar die wêreld van die sonde en die dood. Daar *is* werklik niks nuuts onder die son nie en die wêreld bly oud en aan verandering onderhewig.

Daarteenoor is dit nou die wonderlike van die Koninkryk van God, dat dit daarin gaan om die nuwe dinge, dinge wat die oog nie gesien, die oor nie gehoor, en wat in die hart van die mens nie opgekom het nie. Die wonderlike nuwe dinge van die Koninkryk lê daarin dat dit vir ons vertel van vervulling. Daarom is dit Evangelie, die Evangelie van die Koninkryk. Soos iemand gesê het: "Dit is die heerlike van die Koninkryk dat die toekoms van die profesie oorgegaan het in die hede van die verlede".

Daardie groot klip van Daniël se droom het losgegaan en is besig om die aardse koninkryke te vermaal. Dink ons genoeg aan die heerlike werklikheid? Dat hier op aarde, te midde van al die koninkryke wat ons sien, ook 'n ander koninkryk, die Koninkryk van God, bestaan? Dit is die Koninkryk wat bestem is om die aardryk te vervul. Die Koninkryk is opgerig! Dit is die heerlike, die nuwe, wat gekom het. Dit is die blye boodskap van die Evangelie.

Maar nou is die treffende van die Koninkryk van God dit: dit is nuut, maar dit bevat ook ou dinge. Dit is vir ons belangrik om ook daarop te let dat die nuwe dinge voorop staan met betrekking tot die oue. Daar is eers sprake van nuwe dinge en daarna van ou dinge. Dit is nou die heerlike van die koms van die Koninkryk dat die nuwe dinge vir ons aangebreek het in hierdie ou dinge. In hierdie ou wêreld, in hierdie verskriklike kringloop waarin ons vasgevang is, het God die nuwe dinge ingeplant en het Hy sy Koninkryk

opgerig.

Laat ons dit so stel: die ewige jaartelling het 'n aanvang geneem met die koms van onse Here Jesus Christus. Ons jaartelling is 'n deel van die nuwe bedeling wat gekom het. Dit is die jaartelling van die Koninkryk van God wat gekom het om te bly tot in alle ewigheid. Die Here Jesus het met Sy koms die onsterflikheid kom inplant in die verganklikheid. Hy het die nuwe lewe kom inplant in hierdie ou wêreld. In die duisternis van die dood en van die sonde, het die Koninkryk van God gekom en terwyl dit nag is om ons heen, het God vir ons laat opgaan die Son van Geregtigheid en van die ewige lewe. So is die profesie van Sagaria vervul: "Teen die aand dan, sal dit lig wees". Die wêreld is besig om onder te gaan. Ons lewe in 'n wegsinkende wêreld. Maar God het sy Koninkryk ingeplant in hierdie wêreld om te bly tot in alle ewigheid en dan so dat met die nuwe wat gekom het, die oue nie opsy gesit is nie. In die nuwe dinge is die ou dinge opgeneem.

Die Bybel eindig met 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Dit is nie 'n ander aarde nie, nie 'n ander soort lewe nie, maar dieselfde lewe en dieselfde verhoudinge waarmee ons nou aanmekaar gebind is. Dit is dieselfde ou aarde wat vernuut word. Dit is hierdie lewe wat nou op die oomblik verdonker is deur die sonde en die dood. Dit is dieselfde lewe wat op die nuwe aarde voortgesit sal word sonder dood, dieselfde lewe wat ons eintlik nie anders ken nie as 'n lewe van droefheid en teleurstellings. Hierdie selfde lewe sal voortgesit word sonder droefheid — 'n lewe sonder trane — soos dit beskryf word aan die einde van die boek Openbaring. Dan eers sal ons sien die heerlikheid van die verloste lewe — lewe sonder sonde en dood. Dit is die ou dinge. Dit is hierdie lewe wat in die Koninkryk van God opgeneem sal word en wat vernuut word en wat sal bly tot in alle ewigheid.

So sal diegene wat leerlinge geword het in die Koninkryk van die hemele, die heerlike waarheid in hulle harte dra en daarmee verder gaan in die versekerdheid van die verlossing en van die ewige lewe.

Mag die Here ons daarin sterk om waarlik te wees leerlinge in die Koninkryk van die hemele en dat ons ook die skatte van die Koninkryk mag besit met sy nuwe en ou dinge.

Amen.

2. DIE BEKER VAN GOD [1]

Lydenspreek

Lees: Joh. 18:1-11.

Sing: Psalms 75:5; 119:23; 119:63; 73:10,

Teks: Joh. 18:11b: *"Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?"*

Dit is die beker van Getsémané, waaroor die Here Jesus tot driemaal gebid het: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan". Net vantevore het Jesus die pasga met sy dissipels gehou. "Pasga" beteken "verbygang", en herinner daaraan hoe die doodsengel by die huise van die Israeliete in Egipte verbygegaan het. Hier was geen verbygang moontlik nie. Die beker was vir Jesus bedoel. Dit was 'n beker van God.

Ons let op die *inhoud* en die *doel* van die beker.

1. *Die inhoud van die beker*

Die inhoud was bitter. Ons hoor dit in die klag: "My siel is diep bedroef tot die dood toe". Ons sien dit aan "die sweet" wat "geword het soos bloeddruppels wat op die grond val".

Daar is maar een weg wat ons kan inbring in Getsémané. Dit is die weg van die Skrif. Dit sal ons daarvoor bewaar om met eie denkbeelde en met eie gevoelens hierdie heiligdom van lyde te ontsier. Ook hier geld die woord: "Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond". Dit moet ons hier doen deur net die Skrif te laat spreek. Dit Skrif lei ons in Getsémané "oor die spruit Kedron": "Nadat Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor die spruit Kedron gegaan waar daar 'n tuin was, waarin Hy self gegaan het met sy dissipels". "Oor die spruit Kedron" was die weg van Dawid, as koning verstoot deur sy volk en as vader op vlug vir sy seun. Die bitterheid hier is nie net die voorsmaak van sy eie dood nie. Ja, die dood en die graf was inderdaad ook vir Jesus iets bitters. By die graf van Lasarus het Hy ook "geweldig bewoë geword", soos hier, "en Hom ontstel". Maar in sy dood was daar ook opgeslote die ondergang en die dood van sy volk, wat nie gewil het nie. In hierdie beker was ook nog die bitter van Jeremia: "Ag, was my hoof maar water en my oog 'n fontein van trane! Dan sou ek dag en nag beween die wat verslaan is van die dogter van my volk". En, van Paulus, wat ter wille van sy broers, sy stamgenote na die vlees, sou kon wens om self 'n vervloeking te wees, weg van Christus. Jesus staan hier as verworpe Koning en agter hierdie dood sien Hy die komende smarte van Jerusalem wat gesê het: "Laat sy bloed kom oor ons en ons kinders!" 'n Voorsmaak hiervan het Hy gehad toe vreemdes Hom kom soek het. Toe Hy hoor dat daar enige Grieke was wat Hom wou sien, het Hy gesê: "Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur!" Dit was oor sy vólk dat daar sweet was wat geword het soos bloeddruppels.

Die weg van Dawid "oor die spruit Kedron" was ook die van 'n vader wat moet vlug vir sy kind. Wat 'n bitterheid in die hart van Dawid? So staan Jesus hier. Wat sy dood nog verder so bitter sou maak, is dat Hy sou sterf as uitgelewerde deur sy eie, en daarby nog verloën sou word deur die wat Hom die naaste was. Die ontsteltenis was daar reeds by die aankondiging daarvan. "Toe Jesus dit gesê het, het Hy in sy gees ontsteld geword". So lees ons by die aanvang van die gedeelte waarin sowel die verraad as die verloëning voorkom. Die bitter hier is die bitter van Dawid wat sou wil gesterf het vir die seun wat hom vervolg. Dit is die bitter van Ps. 55: "Geen vyand wat my smaad nie, anders sou ek dit dra... maar jy 'n man soos ek, my vriend, en my vertroude!"

Van "ontsteltenis" by Jesus lees ons, behalwe hier, by die graf van Lasarus, by die gedagte aan die verwerping van sy volk, by die gedagte aan die verraad en verloëning uit sy naaste kring. Dit teken die bitter mengeling van hierdie beker. By die bitter van

---

[1] Uit: *"Uit die Ligbron",* dl. I, p. 173-178.

die dood dra Hy die skuldelas van 'n weerspannige volk en deurleef Hy die smarte van hom, van wie Hy gesê het: "Dit sou vir hom beter gewees het as hy nie gebore was nie". Wat 'n mengeling van bitterhede. 'n Mengeling van dood en sonde. Ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was ... Maar ons smarte — die het Hy gedra.

Die Skrif bring ons egter nog nader. Daar is ook verband tussen Getsémané en Moria. "Bly julle hier onderwyl ek dáár gaan bid", sê Jesus vir sy drie naaste dissipels, wat Hy ook die vertrouelinge van sy lyde maak. So het Abraham ook vir sy dienaars gesê: "Bly julle hier... ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid". Op die lydenspad kan ons mekaar net tot op 'n sekere punt vergesel. Ander bly op die helling staan. Daar is altyd 'n Moriatop wat ons alléén moet bestyg. So ook Abraham met sy seun. Dit was een van die steilste hoogtes in die heilige geskiedenis. Maar van hier kry ons enigsins 'n blik op Getsémané. Hier is dit ook 'n Vader wat sy Enigste offer. Die Here het van Abraham maar geëis wat Hy self sou doen, maar ook uiteindelik vir Abraham gespaar het. Op Moria sien ons die bitter van die Vader se kant wat moet offer. In Getsémané sien ons dieselfde, maar van die Seun se kant wat geoffer word. "My vader! ... hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?" Híér was geen ram in die struike nie. Die Seun wás die Lam, wat geslag moes word. Wie sal die bitterheid verstaan? 'n Seun, oorgegee deur sy eie Vader. Hier was nie slegs droefheid nie, maar ook verbasing. Hy het "begin om verbaas en baie benoud te word".

Hiermee het ons genader tot in Getsémané. Ons kan nou enigsins verstaan as ons hoor: "Nou is my siel baie bedroef tot die dood toe". Dit is die klag van Ps. 42: "Waar is jou God?" Soos Ps. 22 die psalm van die kruis is, so is Ps. 42 die psalm van Getsémané. Die oorsaak van hierdie klag is die vraag: "Waar is jou God?" So sal die spotters straks die spot kan dryf met sy kindskap en sy onwrikbare godsvertroue. Dit verklaar ook die sweet wat geword het soos bloeddruppels wat op die grond val. "Al u bare en u golwe het oor my heengegaan". Die ergste was: "Ek wil sê tot God: My rots, waarom vergeet *U* my?"

Dit is die vraag van Getsémané. Was daar ook 'n antwoord? Daar moes 'n antwoord gewees het, want hoor: "Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit nie drink nie?" Hy neem die beker wat die Vader Hom gegee het. Dit bring by die doel van die beker.

2. Die *doel van die beker*

Waar is God? Het die Here dan vergeet? Dit is vrae wat ons ook soms op die lippe neem in dae van donkerheid en nood. Is daar dan vir ons ook Getsémanés? Nee, want die antwoord op die vrae lê gereed. Ook in die opsig antwoord die Here al vóórdat ons Hom aanroep. Dit lê in die woord wat die Here gespreek het in die Paradys: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die aarde..." Maar hierdie woord was *besoeking* van die Here. Hiermee het die Here die mens *opgesoek* wat Hom verlaat het. Daarom is daar vir ons in die grootste bitter van die lewe nooit ruimte vir die vraag nie: "Waar is God?", maar dit bevat altyd die duidelike vraag van God: "Waar is ons?" "Waar is ek?"

Daar is vir ons geen Getsémané nie. Want, in Getsémané is dit anders. Dit is die Seun wat die Vader nooit verlaat het nie, maar altyddeur by die Vader was. Hy word deur die Vader verlaat. Net hier kon gevra word: Waar is God? Net hier was plek vir 'n waarom? "Ek wil tot God sê: My rots, waarom vergeet U my?" Daarom was die sweet van Getsémané soos bloeddruppels wat op die grond val.

Was hier ook 'n antwoord? Die enigste antwoord is ook hier die antwoord van die Skrif: "Só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê". En verder: "Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het..." Die doel van die beker was om hierdie Skrifte te vervul.

In die bitter van Getsémané was daar dus ook *liefde* — liefde in die eerste plek by die

Vader wat hierdie bitter beker ingeskink het. Sien dit in Abraham — 'n vader wat sy eie seun moes offer. Dan ook liefde by Hom wat dit geneem het. Sien dit in Isak wat geoffer moes word. 'n Seun verlaat deur sy vader. En dit om *sy* Vader ook ons Vader te maak: "Kyk wat 'n liefde die Vader ons betoon het, dat ons kinders van God genoem kan word!"

Die antwoord op Getsémané is dus ons verlossing. Die bitter van hierdie beker was om ons te verlos. Jesus is die Middelaar van ons verlossing. Daarom neem Hy die beker uit die hand van die Vader al was dit hoe bitter.

En nou, die beker wat die Vader ons gegee het, sal ons die nie drink nie?

Die beker is soms baie bitter, dis waar. Maar, dit bevat nooit iets giftigs of iets skadeliks nie. Dink aan Hom wat dit vir ons ingeskink het. Dit is die beker van God, wat om Christus wil ons Vader geword het. Daarom bevat dit ook nooit toorn nie. Dit is ook 'n middel tot 'n doel — nie betaling nie, maar tot genesing van krankheid. Lyde is die beproefde middel van God, onse heelmeester, vir die genesing van sonde.

Die doel van die middel is nie alleen genesing van sonde nie, maar dit is ook 'n bewaarmiddel teen sonde. Hoeveel stof tot dankbaarheid is daar vir ons lydendes en beproefdes, al is dit net daarvoor dat dit die geleenthede en ook die smaak vir die sonde verminder.

So het die Vader ook vir Paulus 'n beker ingeskink, die doring in die vlees. Ons weet nie presies wat dit was nie. Maar seker is, dat dit 'n bitter lyding was, en dat dit tot bewaring was teen sonde. Dit sê hy self daarvan, dit was dat hy hom nie sou verhéf nie. Nadat hy eers driemaal gebid het dat die Vader dit sou wegneem, het hy dit tog uit die hand van die Vader aangeneem.

So is ons ook altyd geneig om die beker weg te druk. Soos die kindertjies: as die bitter aan die lippe kom, dan druk hulle dit weg. Wat 'n moeite en selfs pyn veroorsaak dit dan vir die ouer wat weet dat daar behoudenis lê in die middel, al is dit bitter. So druk ons dikwels die beker weg wat die Vader ons gee.

Die beker wat die Vader ons gegee het, sal ons dit dan nie drink nie? Ja, dit is soms baie bitter, soms alsem. Maar dit is tot bewaring en genesing. Dit is heilsaam. Die beker is van die Vader. Hy weet hoeveel. Hy weet hoe dikwels. Hy weet ook hoe bitter.

Amen.

3. ONS KERKSEËL [1]

Matt. 16:18b: " ... op *hierdie rots sal Ek my gemeente bou".*

Aan hierdie woorde van ons Here Jesus Christus is ons Kerkseël ontleen, die aan ons van kindsbeen af so bekende stempel: die kerkie op die rots. Daarmee druk ons Kerk uit wat hy is, of bely om te wees en moet wees.

Waar ons hier saamgekom het, soveel duisende, om die honderdjarige bestaan van ons Kerk hier op die plek van herstigting feestelik te herdenk, staan ons stil by hierdie woorde van ons Here Jesus Christus aangaande die *Kerk op die Rots,* met ons Kerkseël steeds voor oë, om ons rekenskap te gee van ons bestaan as Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Ons let op die rots, waarop die Kerk gebou is;
op die Kerk, wat op die rots gebou is.

Omtrent die *Rots waarop die Kerk gebou is,* mag daar by ons geen onsekerheid wees nie, want dit gaan om die grondslag van die Kerk; om fundamentele dinge, waarsonder die Kerk geen Kerk kan wees nie.

Die apostels

Dit is slegs nodig om *rots* met die woord daarvoor in die oorspronklike te lees: "Jy is Petrus en op hierdie *Petra* sal ek my gemeente bou", om die noue verband te sien tussen die rots en die apostel Petrus. Maar dan moet daar tweërlei by. Die eerste is dat hierdie woord tot Petrus kom as hy Jesus bely het as "die Christus, die Seun van die lewende God". Die tweede is dat Petrus in sy belydenis optree as mondstuk van die apostels, tot wie die vraag van Jesus gerig is: "Wie sê julle is Ek?" *Dan is dit duidelik: Die rots waarop die Kerk gebou is, is die apostels, wat Christus bely het.* Om alle onsekerheid weg te neem: Dit is die verklaring wat die Skrif self gee. Die Kerk is "gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is (Ef. 2:20); "die mure van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels en van die Lam" (Openb. 21:14).

Christus, die uiterste Hoeksteen

Op grond van hierdie (en ander) uitsprake van die Skrif kan ons net so goed sê: Die rots waarop die Kerk gebou is, is Christus — soos die apostels hom bely het.

Ons moet hierdie belydenis (v. 16) nader besien. So maklik lees ons, uit gewoonte, by die kern daarvan verby. Ongetwyfeld val die nadruk daarop dat Hy die Seun van God is, die Eniggeborene, en dat Hy die Christus is, die beloofde Verlosser van sy volk (2 Sam. 7:13), ja, van die mensheid (Gen. 3:15), maar die belangrikste is: U, Jesus, wat ons gesien en gehoor het, soos ons U hoor preek het en gesien het in U dade, ook in die wonderwerke (en soos hulle Hom nog sal sien in die opstanding uit die dode), U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Die Skrif en die Kerk

Die rots waarop die Kerk gebou is, is Christus, soos die apostels Hom gesien en gehoor het en nader verklaar het en soos hulle dit vasgelê het in die Skrifte van die Nuwe Testament, saam met die Ou Testament, die onfeilbare Woord van God. Dit bring ons by die Heilige Skrif. Die Heilige Skrif is die konkrete, onwrikbare rots waarop die Kerk gebou is. *Daarmee staan of val die Kerk.* Daardeur word die Kerk gedra deur die eeue en geslagte. Daardeur word ons wat vandag leef, teruggebring tot die werklike Christus. Daardeur word die Kerk saamgebind tot 'n eenheid. Daardeur word dit beheers, sodat enige ander gesag wat hom laat geld — hoe groot of hoe klein, maak nie saak nie — die fondamente van die Kerk raak.

---

[1] *Eeufeesgedenkboek, Geref. Kerk in S.A.,* Potchefstroom, 1959, p. 135-142.

Hierdie preek is gelewer tydens die feesvierings van die Geref. Kerk in S.A. ten tyde van sy 100-jarige bestaan, te Rustenburg.

Gebou op die opstanding

Die Heilige Skrif stel voor 'n groot beslissing. Dit stel ons voor die eis om te glo op gesag en voor die eis van onvoorwaardelike onderwerping — soos die apostels Hom gehoor het. Ons moet ook glo in die wonderwerk, die wonder veral waarop alles uitgeloop het, dat Jesus opgestaan het uit die dode — so, soos die apostels dit gesien het. Dit is beslissend. Dit is beslissend dat hieraan vasgehou word "op die wyse waarop dit aan ons verkondig is" (1 Kor. 15:1-8). Dit is die rots waarop die Kerk gebou is; die toetssteen vir die Kerk om Kerk te wees: "Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en met ons hande getas het... verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê, en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus" (1 Joh. 1:1-3).

Ons eeufees op Opstandingsdag

Hieraan word ons veral herinner by hierdie eeufeesviering op Opstandingsdag. Die Kerk is opstandingskerk, dit gaan daarop terug, dit is gebou op die leë graf, die apostels is by uitstek opstandingsgetuies (Hand. 1:21; 1 Kor. 9:1). Die "kerk op die rots" met die randskrif: "die poorte van die hel (doderyk) sal dit nie oorweldig nie", kry vir ons weer volle betekenis. Ons sien dit met sy toringspitse reik tot in die ewige lewe. Op heerlike wyse beleef ons die eenheid van die Kerk in vergange geslagte, oor die dood en graf heen. Ons het gekom "by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en die tienduisende van engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van die eersgeborenes, wat in die hemele opgeskryf is, en by God, die Regter van almal, en by Jesus, die Middelaar van die Nuwe Testament, en die bloed van besprenkeling wat beter dinge spreek as die bloed van Abel" (Hebr. 12:22-24).

Petrus en die Kerk

Op grond van die reeds genoemde woordspeling: "Jy is Petrus — op hierdie rots (Petra) sal Ek my gemeente bou", moet ons tog ook 'n besondere betrekking sien tussen die apostel Petrus en die Kerk. Ons sien Petrus inderdaad gedurig op die voorgrond tree in die oudste Kerk. Hy is die eerste onder gelykes. Dit beteken dat die apostels nie los van mekaar staan nie. Hulle vorm 'n eenheidsfondament. Daar bestaan dus nie verskillende soorte kerke, 'n Petrus-kerk (die Roomse met hulle werkheiligheid), 'n Johannes-kerk (die Grieks-Ortodokse met sy mistiek), 'n Paulus-kerk (die Reformatoriese en veral die Gereformeerde met sy uitverkiesingsleer) nie. So hoor mens inderdaad, en nogal in Gereformeerde kringe, die bestaan van verskillende kerke naas mekaar verdedig. *Sulke aksent-kerke is skeefgetrokke geboue. Die Kerk moet die volle Raad van God verkondig.* Die apostels mag nie gesien word as los klippe wat saamgebind word tot 'n hoëre eenheid nie, maar as eenheidsfondament, "saamgeknoop" (Calvyn) in Petrus, die rots waarop die Kerk gebou is. As elke Kerk op hierdie fondament bou, dan kan daar maar net een Kerk wees. Laat elkeen dus toesien hoe hy daarop bou (1 Kor. 3:10).

Eenheid van die Skrifte

Vanuit hierdie belydenis van Petrus kry ons ook 'n blik op die eenheid van die Skrifte. Dit is: "Jesus, die Christus, die Seun van die lewende God", wat beloof is in die Ou Testament, gekom het in die Nuwe Testament en wat sal kom aan die einde van die dae. Hy "wat is en wat was en wat kom" (Openb. 1:4), of — wat dieselfde is — die Koninkryk van God wat beloof is in die Ou Testament, wat gekom het in Christus en wat ons in sy volkomenheid verwag met die wederkoms van Christus. Telkens kry ons sulke samevattinge van die Evangelie: Joh. 3:17; Rom. 1:1-3; 1 Kor. 15:3-7; 1 Tim. 3:16; 2 Tim. 1:9-10 — om maar 'n paar te noem, bergtoppe vanwaar ons die hele Skrif oorsien. So moet ons die Bybel lees.

Skrif en belydenis

Ons sien hier ook die eenheid van Skrif en belydenis. Uit hierdie belydenis van Petrus het die belydenis van die Kerk gegroei — eers die Twaalf Artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis, dan die Geloofsbelydenis van Nicéa en die van Athanasius en

uiteindelik, in die tyd van die Reformasie, ons Drie Formuliere van Eenheid, wat ons nie op een lyn stel met die Skrif self nie, maar wat direk wortel in die Skrif, onder die besondere leiding van die Heilige Gees gegroei het, die toets van die eeue deurstaan het, in bloed gedoop is en die rigsnoer is vir elke gelowige om die Skrif reg te verstaan. As ons maar net bou op die belydenisskrifte en dit handhaaf, dan sal daar nie drie Afrikaanse kerke gewees het nie, maar net een.

Gebou op genade

Die besondere betrekking tussen Petrus en die rots moet ook nog van 'n ander kant gesien word, naamlik in Petrus as voorbeeld. Nie van goeie werke nie maar as toonbeeld. Soos met die rots waarop die Kerk gebou is, so is dit met die Kerk wat daarop gebou is. Die apostels het nie alleen verkondig wat hulle gehoor en gesien het nie, maar ook wat hulle ervaar het. Ja, ervaar het. Belewinge, ervaringe, egter, in nouste samehang met die heilsfeite — Petrus weer by uitstek. Die rots (met die kerkie daarop) is 'n gevalle en weer opgerigte rots. 'n Gevalle rots, sy heerlike belydenis verdonker deur die verloëning (ook weer in naam van die ander) by die lyde van Christus, en 'n bitter deel van die lyde van Christus. En by die opstanding:

> Net soos 'n rots, gesterk, gestewig
>
> Teen storm en ongety,
>
> Is, U, o Heer vir my ... (Ps. 31:1).

Blydskap, nie alleen van teruggawe uit die dood nie, maar van skuldvergifnis — in besonder aan Petrus, eers in die verskyning aan hom alleen, dan in die herstelling in sy amp deur Petrus beantwoord met algehele oorgawe aan Christus, wat hom so tot die uiterste liefgehad het. Die gevalle en opgerigte rots is maar die keersy van die verworpe steen, deur God as hoeksteen neergelê — Christus wat "oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking". Dit is nie maar 'n leerstelling hierdie nie, maar soos die apostels Christus leer ken het in sy dood en opstanding, Petrus eerste en "laaste van almal" Paulus, wat hom uitdruklik tot voorbeeld stel in een van sy betroubare woorde: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondare te red van wie ek die vernaamste is. Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Christus in my as vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom glo tot die ewige lewe" (1 Tim. 1:15, 16). Wat in hierdie voorbeelde duidelik getoon word, eerste in Petrus en laaste in Paulus, is dat die menslike wil en werksaamheid geheel en al wegval in die deel van die verlossing en dat net genade bly — die rots, waarop die Kerk gebou is. Dit is ook 'n gebou vir die genade: die bediening daarvan in Woord en Sakrament waarin dit gaan om Christus — die Gekruisigde. Maar dit is meer. Prediking (en Sakramentsbediening) geskied in die Naam van Christus — die Opgewekte. In sy naam word vergifnis toegesê (en bevestig) aan die wat glo tot die ewige lewe.

Opstanding en vergifnis

Tussen vergifnis en opstanding is daar 'n noue verband. Sonder opstanding het Petrus nie die "versoeningswoord hoor ruis" nie. Sonder vergifnis is opstanding 'n verskrikking en die dood beter. Alleen met vergifnis is dit 'n blye boodskap. Dit word in die Kerk geskenk in naam van die Opgestane, uit wie se hand Petrus die sleutels van die hemelryk ontvang. Ons glo

> aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk ...
>
> die vergewing van sondes
>
> die wederopstanding van die vlees
>
> en 'n ewige lewe.

Op vergewing volg ook opstanding. Waar die skuld weg is, is die dood weg, eers geestelik in die heiligmaking, dan liggaamlik in die heerlikmaking.

Die diepste grond

Dit is die beslissinge waarvoor die Skrif ons stel. Ons moet glo in *wonders,* veral in die opwekking van Christus, en in die wonder van Gods genade in Christus, wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking. Ons kan maar net glo of nie glo nie. Glo mens nie, dan bly jy in jou sonde en dood. Glo jy, dan is dit enkel genade. Ook hiervan is Petrus 'n toonbeeld: "Salig is jy Simon, Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is". Dit bring by die uitverkiesing, die diepste grond van die Kerk, getoon in Petrus en gepredik, nie maar deur Calvyn of Paulus nie, maar deur Christus: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde dat U hierdie dinge verberg het vir die wyse en verstandige mense, en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Matt. 11:25). Met die verkiesing staan en val die Kerk. Dit is die rots waarop die Kerk gebou is met sy spitse in die hoogste hemele.

Waar geraak word aan die leë graf, aan die genade, aan die ewige verkiesing, raak dit die grondstene van die Kerk en word hervorming noodsaaklik.

By wat oor die Kerk wat op die Rots gebou is, in die voorafgaande reeds gesê is, volg nog enkele gedagtes.

Kerk en gemeente

1. Hier is sprake van *gemeente:* "Op hierdie rots sal ek my gemeente bou". Dit herinner ons weer daaraan dat daar nie so iets bestaan as 'n kerk en 'n gemeente, in die sin dat die kerk 'n geheel van gemeentes is en gemeentes onderdele van die kerk nie. Hoeveel moeite dit ons ook al kos, ons moet ons losmaak van hierdie gedagte. Maar dan ook van die gedagte dat daar verskillende kerke naas mekaar kan bestaan, 'n Gereformeerde Kerk, 'n Nederduitse Gereformeerde Kerk, 'n Hervormde Kerk, elkeen met sy gemeentes, of selfs van 'n Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika met sy gemeentes hier en 'n Gereformeerde Kerk in Holland en in Noord-Amerika met hulle gemeentes daar. Soveel kerke bestaan daar nie. *Daar is maar een Kerk:* die Kerk op die Rots. Dit bestaan nie uit gemeentes nie, maar uit gelowiges: al die gelowiges uit alle volke, tale en nasies, wat op elke plek hulle moet verenig tot 'n Kerk (of gemeente). As daar op een plek (anders as om natuurlike oorsake, taal of getal) meer as een Kerk is, dan kan dit nie anders as 'n gevolg van die sonde wees nie, van 'n ongewettigde of van 'n gewettigde afskeiding. Soos die gelowiges van elke plek hulle moet saambind tot 'n Kerk, so moet die gemeentes hulle verenig in kerkverband, nie om *'n* kerk te word nie maar omdat hulle een Kerk is, die gemeente van Christus, sy liggaam. En, omdat dit sy liggaam is, moet die kerkverband oor die landsgrense en ook oor die kleurgrense heen, sonder om dit uit te wis. Dit moet selfs oor die kloof van geskeidenheid heen. Die skynbaar vrome en verstandige gedagte dat die "verskillende Kerke" in vrede naas mekaar sal lewe en mekaar met rus sal laat om die Here te dien, elkeen volgens sy eie opvatting, rus op 'n verwronge kerkbegrip, wat ongelukkig ook al ingedring het in eie geledere. Hierdie valse kerkgedagte moet by ons uitgesuiwer word. *Ons kerkbegrip moet gereformeer word, anders kom die Kerk op 'n verkeerde spoor.* Ons glo tog in een Kerk, die heilige, algemene, Christelike. As ons dan glo in die een Kerk, dan moet alles gedoen word om die eenheid te bewaar — nie deur die verskille te verkleineer of uit te wis (soos in die verkeerde ekumeniese strewe van ons tyd nie); ook nie deur mekaar te verkleineer of te probeer uitwis (soos die Roomse Kerk) nie, maar deur met mekaar die verskille wat die verskillende kerke uitmekaar hou, onder oë te sien, al maak dit seer, en met mekaar te worstel om dit uit die weg te ruim op die grondslag van Gods Woord en die suiwere Belydenis, die rots waarop die Kerk van Christus gebou is.

Dit is die regte vorm van kerkverband by die geskeidenheid van die Kerk.

Die stene van die gebou

2. Die Kerk op die Rots bestaan uit gelowiges. Daar kan op die fondament gebou word met kaf, hout, hooi, stoppels, maar al wat sal bly, is die gelowiges, dit is die goud, silwer, kosbare stene. Kenmerk van 'n kerk mag nie gesoek word in sy getalle, groot gemeentes, sierlike en ruim kerkgeboue nie. Dit kom neer op die suiwere bediening van die Woord en Sakramente en toepassing van die tug. Daar moet oop- maar ook

toegesluit word. Dit kom neer op die vergadering van *gelowiges* deur die Woord en Gees van Christus.

Die amp van die gelowiges

Die geïnstitueerde Kerk is maar net daar vir die gelowiges, "om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus" (Ef. 4:12). Dit sal goed wees as ons hierdie woord van die apostel Paulus vasbind op die harte. Dit staan in verband met die "aktivering" van die gelowiges. Die sogenaamde aktivering van gelowiges tot groter deelname in die erediens het min om die lyf. Dit is 'n groot aktiwiteit van die gelowiges om te luister, om saam te bid. Die belangrike is die amp van die gelowiges en die uitlewing daarvan binne in die gemeente in onderlinge toesig, opbouing en hulpbetoon, maar ook na buite, op elke gebied van die lewe. In ons land is die amp van gelowiges ernstig in gedrang. Ons kan sê dit word doodgedruk enersyds deur 'n staat wat in toenemende mate beweeg op terreine waar hy nie tuis hoort nie, maar andersyds deur niemand minder as deur die kerke self nie, wat sélf wil doen wat die gelowiges moet doen, indiwidueel en verenigd, om te wees die lig van die wêreld en die sout van die aarde. Dat van lidmate in toenemende mate gespreek word as leke, is 'n aanduiding van die rigting waarin ons kerke beweeg. Die Reformasie het juis van leke gelowiges gemaak en die amp van die gelowiges in ere herstel. *As daar reformasie nodig is in die kerklike lewe van Suid-Afrika, dan is dit op hierdie punt.* Dit kom hierop neer dat die offisiële Kerke hulle sal bepaal tot hulle werk. Dit is om deur die diens van Woord en Sakramente, deur katkisasie en huisbesoek en uitoefening van die tug die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, ook in hulle optrede na buite. Die Kerk moet wees die arsenaal van die gelowiges.

Die volk van God

3. "Gemeente" of "kerk" het 'n baie spesifieke betekenis. Dit is die volk van God (sy gemeente), sy verkreë volk, sy eiendom (ons woord *kerk).* Dit wat Israel was. Maar dit is nou nie meer Israel, die afstammelinge van Abraham, nie. Dit is minder as Israel, net die gelowiges uit Israel — die ware Israel. Die ander is die kaf wat bestem is vir die vuur. Dit is ook meer as Israel: dit is die gelowiges uit elke nasie, ook uit ons eie nasie. Soos by Israel is die ongelowiges van elke nasie sy kaf. Die kerkie op die rots is nie maar 'n verloste enkeling nie. Dit is die mensheid, die verloste mensheid, gelowiges uit alle geslagte, volkere en tale, bestem om die nuwe aarde te beërf.

Teëbeeld van die kerk

Die teëbeeld van die kerkie op die rots is die ander gebou wat die mense buite Christus besig is om op te trek van die begin van die wêreld af. Dit is Babel, waarvan die spitse ook tot aan die hemel reik. Dit is die gebou van die mensheid wat sy heil soek in eie kragte, sy kultuur, sy wetenskap en tegniek. Hierdie gebou het al telkens inmekaar gestort. Die konstruksie het in ons tyd al weer groot hoogtes bereik. Die toringspitse raak al weer aan die hemel. Teen die mure van hierdie gebou staan die handskrif: "Geval, geval het die groot Babel". Om die "Kerkie op die Rots" staan: "Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie". Dit is op die rots gebou.

Slot

Hoe dankbaar moet ons nie wees nie dat ons daaromtrent met ons Heidelbergse Kategismus mag bely:

" ... dat ek daarvan 'n lewende lidmaat is en ewig sal bly."

Mag ons aan hierdie belydenis vashou in lewe en sterwe. Mag ons Gereformeerde Kerk altyddeur wees wat uitgedruk staan in ons kerkseël:

DIE KERK OP DIE ROTS.

Amen.

4. DIE UITNEMENDE WEG [1]

Lees: 1 Kor. 13.

Teks: 1 Kor. 12:31 (b) *"...en ek wys julle 'n nog uitnemender weg".*

Psalms: 18:1; 139:12; 46:1, 2; 133:1, 2.

Ons teksvers is ook die teks van die apostel Paulus. 1 Korinthiërs 13 is die preek oor die teks. Die preek is egter 'n lied. Dit gaan dan ook oor die liefde. Ons het hier die hooglied van die Nuwe Testament. Dit is heilige poësie; 'n heilige kunswerk. Die Woord van God bestaan nie net in wat dit vir ons sê nie, maar ook in hoe dit gesê word. Ook die vorm van Gods Woord is geïnspireerd. Ons het hier die uitnemende weg geteken in die uitnemendste vorm. Ook die vorm moet dien om die heerlike inhoud by ons tuis te bring. Daar moet dus wel deeglik rekening gehou word met die vorm waarin die Woord van God aan sy gemeente bedien word.

Die apostel besing hier die uitnemende weg. Eers wil hy by ons tuisbring hoe die liefde álles is. Dit doen hy in die *eerste drie verse,* en hy doen dit só: Hierdie drie verse bestaan elkeen weer uit drie deeltjies: 'n styging, 'n hoogtepunt, 'n val soos golwe wat swel, 'n hoogtepunt bereik en breek. So word vir ons as 't ware geteken hoe die liefde alles is, tot drie keer toe. Die hoogtepunt: "As ek die liefde nie het nie", word telkens hoër en die val daarna telkens dieper. So is die liefde alles, en is alles sonder die liefde niks nie. Eers die tale: "tale van mense". Nee, hoër nog: "tale van engele — en ek het die liefde nie". Waar val ons dan met hierdie uitnemende gawe van God? Dit val dan saam met die geluide van stukke metaal — blik, koper of wat ook al. So hol is taal sonder liefde. Ook godsdienstige taal. Ook die gebed. "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie ...", het die Here Jesus gesê, en ook: "as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie . .." Die tong, die spraak is 'n heerlike gawe van God, maar alleen as dit in diens staan van die liefde, anders is dit 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif (Jak. 3:8).

Die tweede styging is langer en gaan hoër (v. 2): Die gawe van profesie — die heerlikste gebruik van die tong, verkondiging van die Woord van God. Meer nog, die gawe van die verstand en sy hoogste gebruik: die verstaan van die Skrifte, die weg van die saligheid en van die Openbaring van God in sy werke. Hoër nog: die geloof, wat berge kan versit. Die val is nog dieper: Met dit alles, is ek, sonder die liefde, "niks". So is die liefde álles. En, Paulus sê dit — die prediker van die geloof. Hy sê dieselfde as Jakobus, die prediker van die werke, 'n Geloof sonder werke, sonder liefde, is 'n dooie geloof. Dieselfde ook as Jesus: "Here, Here het ons nie in u Naam geprofeteer (of, gepreek!) en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"

Die derde styging klim nog hoër: Liefdadigheid sonder liefde! (v. 3). Ja, so iets bestaan ook, meer as wat ons dink: om ander te help uit eiebelang. Is dit nie soos die volkere mekaar vandag verbystrewe om onderontwikkelde gebiede te help, wat hulle miskien eers uitgebuit het nie? Die mens kan wonderlike dinge doen uit selfsug. Die liste van die eieliefde is onpeilbaar en bedrieg selfs hom wat die werktuig daarvan is, sê 'n Skrifverklaarder hier. 'n Mens kan liefde bewys uit eieliefde, uit selfsug. Meer nog, sê die apostel, 'n mens kan die brandstapel bestyg uit eersug. Bedrieglik is die hart bo alle dinge (Jer. 17:9). Daarom moet ons gebed gedurig wees: Die afdwalinge, wie bemerk hulle. Spreek my vry van wat verborge is ... Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes, en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg" — die weg van die liefde.

Dit bring ons by die *tweede beweging* van hierdie lied, waarin die liefde besing word

---

[1] Uit: *Die Lewende Woord,* Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom (1960?), no. 3. Vgl. *Langs Groen Weivelde,* Potchefstroom, 1952, p. 17—22.

soos dit sy weg vind deur hierdie lewe (verse 4-7), wat ons so moet lees:

Die liefde is lankmoedig — vriendelik is die liefde;

die liefde is nie jaloers nie — praat nie groot nie;

is nie opgeblase nie — handel nie onwelvoeglik nie;

soek nie sy eie belang nie — word nie verbitterd nie;

reken die kwaad nie toe nie — is nie bly oor die

ongeregtigheid nie, maar is bly met die waarheid.

Dit bedek alles,

glo alles, hoop alles,

verdra alles.

In die vorige verse was dit valle, neerstortings, soos die Jordaan by sy oorsprong in die hange van die Hermon, om dan vol en stil te loop tussen sy oewers met sy kronkelinge.

Hier het ons die liefdestroom soos dit kronkelend sy weg vind deur die hindernisse en versperringe van die lewe heen. Ja, want dit is 'n stroom, die hemelse stroom, wat in 'n sondige wêreld en deur sondaarsharte sy loop moet vind soos 'n rivier om rante en berge heen.

Laat ons nou die stroom van naderby volg. Dit gaan teen die kwaad, kwaad wat ons aangedoen word. Dit vloei daaromheen: "die liefde is lankmoedig". Dan is daar die kwaad wat ander ly. Dit vloei daarheen uit om aan te vul en op te vul: "vriendelik" of "weldadig is die liefde". Maar ons is sondaars. Daarom verstaan ons, sondaars, in hierdie sondige wêreld die liefde beter in wat dit nié is nie en wat dit nié doen nie: 'n Ander het wat ek nie het nie, of is, wat ek nie is nie. Dan bruis dit daar nie teen op nie, maar vloei rustig daaromheen: "die liefde is nie jaloers" of "afgunstig nie". Ek het (besitting, gawes, kultuur...) wat ander nie het nie, of in die mate het nie. Die liefde pronk daar nooit mee nie. Wat bereik ons anders daarmee as om tot aanstoot, 'n voorwerp van struikeling te wees vir ander? Dit doen die liefde nie: "dit praat nie groot nie". Dit laat ons ook nie uitswel buite die perke om teen 'n ander aan te dring, ander, langs of voor ons, opsy te dring of in gedrang te bring nie. Daarvoor behoed die liefde ons: "dit is nie opgeblase nie".

Dit kan ons oorkom met ons gawes, soos dit die geval was met die Korinthiërs, met hulle kennis sonder liefde — die kwaal ook van ons tyd, met sy wetenskap as die een en al. Ons kan dit doen met ons belange, deur van ons eie belang die een en al in die lewe te maak. Dit kan ook gebeur met waardes. Kommunisme is niks anders as so 'n opgeblasenheid nie, letterlik en figuurlik. Die materiële is immers die een en al. Daarmee word alle ander waardes verdring. Daarmee tree dit ook buite sy grense en dring dit hom op aan alle mense.

Hierdie opdringing en verdringing van mekaar is voortdurend aan die gang in die samelewing. Ook in die volkerewêreld, waar die een hom dikwels in sy grootheidswaan aan 'n ander opdring, by hom indring of hom verdring. "Kyk, die waters rys op uit die noorde en hulle sal 'n oorlopende stroom word; ja, hulle oorstroom die land en sy volheid, die stad en die wat daarin woon; en die mense sal skreeu, en al die inwoners van die land sal huil" (Jer. 47:2). Dit is hierdie uittrede buite die oewers wat die wêreld maak tot 'n woeste, onstuimige see, soos ons dit vandag weer beleef. Wat is die vloedgolf uit die Ooste en oor Afrika, wat dreig om ons te verswelg, anders as die terugslag op die ver voortgedrongenheid van die Weste. Hierdie storm kan stilgemaak word as die wêreld dit maar wou aanvaar: die liefde, wat leer om nie buite die walle te tree nie, maar om binne die aan ons deur God gestelde grense en perke te bly; om tevrede te wees met ons beskeie plek en ons te voeg in die geheel en ons beskeie bydrae te lewer tot die geheel. Dit is goeie gedrag, nie onfatsoenlik wees nie, ook as

nasies. Dit is die liefde nie: "dit is nie onwelvoeglik nie".

Ons het gekom by die wesenlike van die liefde: Dit is soos 'n stroom wat altyd wegvloei van homself: "dit soek nie sy eie belang nie". Dit vloei van homself weg, ook wanneer dit verongelyk word. Dit bruis selfs hierteen nie op nie: "dit word nie verbitterd nie". Nie dat dit die kwaad opkrop vir latere afrekening nie. Nee: "dit reken die kwaad nie toe nie". Dit bid soos Christus, en in Christus, om vergewing. Is dit omdat vir die liefde die kwaad geen kwaad, die sonde geen sonde is nie? Neem die liefde genoeë met die kwaad? Dan is die liefde geen liefde meer nie, want steeds vloei dit weg van die ongeregtigheid en saam met die waarheid. Die waarheid is dat die sonde ongeregtigheid is, oortreding teen God, en dat God die ongeregtigheid straf met 'n ewige straf. Daarom neem dit nooit genoeë met die kwaad nie, allermins van 'n ander: "dit is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly met die waarheid". So vind dit sy weg tussen die sondaar en sy sonde heen. Daarom staan dit soveel van die sondaar uit: "dit bedek alles ... verdra alles". Die geheim is: Die oordeel van die liefde daar tussenin: "dit glo alles" en "hoop alles" van hom wat sondig is, soos die vader van die verlore seun.

So vind die liefde sy weg altyd en oral, deur die sondige wêreld heen, al kronkelend soos 'n rivier, wat nooit vasloop nie, nooit doodloop nie maar altyd deurloop — ook deur die dood heen om uit te mond in die ewige lewe. Hiermee open die *derde* of *slotbeweging* van die lied van die liefde: "Die liefde vergaan nimmermeer nie". Ons staan by hierdie uitmonding, op die strand met 'n uitsig op die ewige lewe. Daar is 'n lyn wat deurloop uit hierdie lewe in die ewige lewe. By al wat vergaan, bly die liefde staan.

Daar is inderdaad baie wat vergaan. Ook waardevolle dinge: "profesieë — hulle sal tot niet gaan". In werklikheid het dit reeds lankal tot niet gegaan. In Paulus se tyd was daar nog 'n nalewing daarvan. Nou is daar nie meer 'n profeet met 'n woord van God wat ander nie het nie. Ons het elkeen die geleentheid om alles van die Here te weet wat ons moet weet. Ons het in hierdie lewe reeds iets van die ewige lewe — die vrye toegang tot God sonder die tussenkoms of voorspraak van 'n mens. Daarom verval profesieë, omdat ons almal profete is. Ons kan maar byvoeg: dat ook priesters wegval, omdat ons almal priesters is. In hierdie verlies van profete en van priesters en eindelik ook van konings sit 'n groot wins: "hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En... hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid" (Openb. 22:4, 5).

Ook "tale — hulle sal ophou". Nie "taal" nie. Wat wel vergaan, is die buitengewone tale. Dit het in werklikheid ook al lankal vergaan en plek gemaak vir die verkondiging van die Woord van die Here en lofsegging aan die Here in baie tale. En nou, hier op die oewer: Is wat gehoor word die vreeslike stilte, soos wanneer geluister word en niks anders gehoor word as die stilte van die dood nie? Nee, ons hoor die geruis van waters. Dit is stemme, duisende en nog eens duisende uit alle stamme, volke en tale, wat saamvloei, "soos die geluid van baie waters" (Openb. 14:2), om "liefd' en lof" te verklank, die hoogste bestemming van tong en taal.

Ook "kennis — dit sal tot niet gaan". Hierdie soort kennis, naamlik wat met soveel moeite en inspanning verower is, nogtans op sy beste altyd stu-kennis bly, onderhewig aan soveel eensydighede en nog altyd meer en meer in vakkennis opgebreek word, waarby die blik op die geheel lig verlore raak. Al is die maan reeds betrek in die veld van ondersoek deur ruimtevaartuie en verre sterrehemele deur die teleskoop, is daar nog niks om oor te roem nie. Dit bly maar 'n nietige stukkie van die heelal. Die wetenskap is 'n waardevolle gawe, maar vanuit die einde gesien, is dit werklik nie die een en al wat daar vandag van gemaak word nie. Geleerdheid sal wegval om plek te maak vir 'n ander soort kennis, deur die apostel beskryf as 'n onmiddellike, begrypende kennis, soos die liefde ken: "ten volle . . soos ek ten volle geken is".

Die liefde is egter nie al wat bly nie. Die uitmonding is in drie strome: "En nou bly geloof, hoop, liefde — hierdie drie". Het die geloof dan nie daar plek gemaak vir aanskouing nie? Ons moet onthou dat daar 'n saligmakende geloof is maar ook 'n saligheid in die geloof. Geloof is, ten diepste, kinderlike vertroue. Dit vergaan nooit nie.

Dit is saligheid. In hierdie lewe smaak ons die begin daarvan. Daar sal dit volkome wees: volle belewing van ons kindskap in volkome vertroue. In Openbaring het ons 'n uitsig op die ewige lewe in sy uiterlike heerlikheid (Openb. 21:1-4). Hier sien ons ook iets van die innerlike kant van die ewige lewe.

Ook hoop sal bly, want hoop is lewe. Ons kan hierdie lewe beskryf as 'n lewe van teleurgestelde verwagtings; dikwels van hoop teen hoop. Daar sal dit wees 'n lewe van vervulde verwagtings, maar ook van afwagtings en vervullinge uit die onuitputlike rykdomme van God se heerlikheid tot in ewigheid.

Van wat bly, is egter die liefde "die grootste". Immers, ook daar is dit *'n* liefde wat alles glo en alles hoop. Die geloof en die hoop is gerig op die God van die Liefde, wat Hom eens en vir altyd geopenbaar het in die gee van sy Geliefde in die dood vir ons. Daar sal dit ten volle beantwoord word deur liefde, bowenal tot God en ook tot almal en alles wat Hy so liefgehad het.

Alles loop uit op die liefde.

Dit is die uitnemende weg.

Mag ons dit bewandel. Dan het ons dit, wat aan alles kleur en waarde gee; dit, wat oral en altyd die weg laat vind deur die lewe en wat die aanvang is van die ewige lewe reeds in hierdie lewe.

Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die Heer gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Amen.

5. DIE EINDEVANGELIE [1]

"Vrees God. .., *want die uur van sy toorn het gekom"* (Openb. 14:7b).

Hierdie laaste verkondiging van die Evangelie geskied op 'n heel besondere wyse: "deur 'n engel" en "in die middel van die lug", sodat almal dit terselfdertyd kan hoor. Vir ons wat weet dat klank deur luggolwe gedra word en net hoorbaar gemaak moet word, klink dit nie meer so wonderlik nie. Om klanke op te vang van oral oor die wêreld het iets doodgewoons geword. Tog is dit iets besonders. Die wat lees en oplet, sien hierin *'n* voorteken van die einde, wanneer dit elkeen tegelykertyd in die ore sal klink uit die lug: "Vrees God want die uur van sy oordeel het gekom".

Dit gaan in hierdie laaste verkondiging van die Evangelie dan ook om die hele mensheid, "die bewoners van die aarde". Dit is gerig tot "alle nasies en stamme en tale en volke".

Ons sien hier: Nasies sal daar wees tot aan die einde van die wêreld, nieteenstaande alles wat gedoen word om nasies uit te wis en nieteenstaande baie meen dat die tyd vir nasies verby is.

Wat 'n mens egter verbaas, is om te verneem dat daar dan nog geëvangeliseer moet word aan die einde. Hieruit moet ons aflei: 'n Kenmerk van die eindtyd sal eerder wees 'n toenemende ontkerstening van Christelike nasies as 'n kerstening van heidense nasies of ewewydig hiermee. Moet ons die groot afval nog verwag? Of is dit aan die gang. Baie meen die tyd van die Christendom is verby, ook baie Christene. Dan teken *dit ons tyd as eindtyd.*

Die troos is: Die gesigte wat voorafgaan, die 144 000 op die berg Sion, hier in Openbaring 14, en "die groot menigte wat niemand kon tel nie'', "uit alle nasies en stamme en volke en tale" (Openb. 7:9), is die vrug van die verkondiging deur die eeue. Daar is gelowiges uit alle nasies. Alle nasies (en geslagte) is gered in hulle gelowiges.

Die verdere troos is; die uitgestrekte arms van die Here tot die nasies, tot die allerlaaste, soos vir Jerusalem: "As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou..." (Luk. 19:42) — en dan nog op so 'n buitegewone wyse. Dit is vir die mense, vir die nasies, so 'n diep ernstige saak.

Hier, op die allerlaaste, hoor ons die Evangelie op sy eenvoudigste, in sy hoofsaak, soos by 'n sterfbed. Dit is: "Vrees God..., want die uur van sy oordeel het gekom". So ook die Prediker in sy laaste hoofstuk, die laaste verse: "Die hoofsaak van álles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense, want God sal élke werk bring in die gerig wat kom oor ál die verborge dinge, goed of sleg". Dit is die Alfa en die Omega.

Johannes noem dit die ewige Evangelie.

Die betekenis hiervan sien ons as ons hierdie laaste verkondiging van die Evangelie lê langs die eerste:

"Vrees God..., want die uur van sy oordeel het gekom". So hoor Johannes, die apostel, dit op Patmos.

"Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemele is naby". So verkondig Johannes die Doper dit in die woestyn.

Dit is een en dieselfde, die een, onveranderlike, evangelie vir elke mens, aangepas by elke tyd.

"Bekeer julle" van die eerste tyd het geword: "Vrees God ..." in die laaste tyd. Dit teken die tye. In die eerste tyd (Johannes die Doper) is God baie gevrees. Godsdiens was die een en al. Maar God is toe verkeerd gevrees. Vandaar: "Bekeer julle".

---

[1] *Almanak van die Gereformeerde Kerk in S.A.,* Potchefstroom, 1963, p. 151—154.

"Vrees God" sê vir ons waarheen die mensheid ontwikkel, die nasies en die volkere, alle nasies. Die evolusie is: altyd minder vrees vir God, totdat die vrees vir God wég is van die aarde. Vandaar die evangelie vir die eindtyd: "Vrees God..."

Die profetiese woord gee ons hier 'n toetssteen in die hand vir ons tyd. Ons kan ons tyd profeties beoordeel. Ons *kan op die oorlosie kyk, elke gelowige.*

Ons tyd is seker nie gekenmerk deur afwesigheid van vrees nie. Inteendeel. Vrees is *die* kenmerk van ons tyd. Ons kan ons eeu beskryf as die eeu van angs. Maar juis nie van vrees vir God nie maar van mensevrees: vrees van die een mens vir die ander; van die een volk of ras vir die ander. Wat is oorsaak en wat gevolg? Het mensevrees die plek kom inneem van vrees vir God of die vrees vir God heeltemal verdring? Dit is die een sowel as die ander. Omdat die mense God nie vrees nie, daarom is hulle uitgelewer aan mekaar. Nou gaan die vrees vir God ook heeltemal skui.1 agter die vrees van die mense vir mekaar. Hulle is meer bevrees vir mekaar as vir God.

Dan staan ons tyd geteken as eindtyd, in die beskrywing van die mense van die eindtyd (Openb. 21:8) staan die "vreesagtiges" vooraan. Dit is tekenend vir die eindtyd, en vir ons tyd. Daarom beteken "bekering" vir ons tyd: afwending van mensevrees en terugkeer tot die vrees vir God: om nie te vrees vir die wat die liggaam doodmaak nie, maar vir Hom wat die liggaam en die siel kan verderwe in die hel (Matt. 10:28). En, terugkeer tot die vrees van God is ook die enigste genesing van mensevrees wat die wêreld en die volkere tans in sy dodelike greep het.

Die prediking: "Bekeer julle", moet nog deurgaan maar dan tot die "primitiewe" volkere, wat hulle afgode nog vrees. Vir die moderne, verligte mens van vandag moet die prediking wees: "Vrees God...", omdat by hom geen vrees vir God is nie, net vir homself.

Dit word verder aangevul met: "... gee Hom heerlikheid ... en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het". Dit gaan hier om God as Skepper. God moet gevrees word as Skepper. Die eindevangelie gryp terug na die begin, Openbaring na Génesis. Met die Skepping val ook die Verlossing. Die Skepping is ook evangelie.

Elke tyd het sy eie stryd. In die oudste Kerk was dit oor die nature van Christus. By die Reformasie het dit gegaan oor die geregtigheid van die geloof. En in ons tyd? Dit gaan juis oor die Skepping. Die evolusieleer is besig om die skeppingsgeloof te verdring, op universiteite en op skole, in teorie, maar ook in ons hele praktiese uitkyk, ook in ons politiek; nie alleen in die natuurwetenskap nie, maar ook in die teologie: die mens swaai sy septer in altyd wyer sfere en verower met wetenskap en tegniek die een gebied na die ander.

Die eerste artikel van die Geloofsbelydenis is in gedrang: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde". Met die geloof aan die begin val ook die geloof aan die einde. Watter sin het dit vir die wat miljoene vermenigvuldig vir die begin, om te glo in 'n laaste uur? Staan ons dan nie nou in die twintigste eeu aan die begin van groot dinge nie, die hand gelê op die laaste samestellende deeltjies van die stof, die voet op pad na die hemelruimtes en die oog gerig op 'n nuwe toekoms vir die mensheid. En dit terwyl dieselfde mens op hierdie nuwe hoogtes van vooruitgang en beskawing met kragte in sy hand staan wat katastrofaal kan wees en ook baie plotseling. Tot die hoogs ontwikkelde mensheid, daarby gekenmerk deur 'n beklemmende afwesigheid van verantwoordelikheidsin, kom die boodskap van die einde:

" ... die uur van sy oordeel het gekom".

Die uur ...

Die tyd het gekom dat eeue jare, jare maande, maande dae, dae ure, geword het en ure die laaste uur. Tyd krimp. "Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n úúr dat julle dit nie verwag het nie (Matt. 24:44). "Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na die en die stad gaan en daar 'n jaar deurbring en

handel drywe ..." (Jak. 4:13). Dit geld ook nasies in hulle berekeninge vir hulle toekoms. Die eindevangelie verkondig nie net die einde, einde en inmekaarstorting van 'n trotse beskawingsgebou nie, maar ook 'n begin: begin van smarte sonder einde.

In die verse wat volg, het ons een van die weinige plekke in die Skrif waar die gordyn enigsins gelig word op die ewige rampsaligheid, soos Openbaringe 20 dit doen met betrekking tot die ewige geluksaligheid. Die beskrywing van die ewige smart is dat dit óngemengd is en ónonderbroke ("dag en nag"), sonder mededoë en sonder einde. Dit beskryf die vreeslikheid van God. "Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God" (Hebr. 10:31).

Is dit evangelie? Ja, dit is nog altyd evangelie, die laaste soos die eerste: dat God dit laat verkondig tot die laaste toe en ten laaste op so 'n aangrypende wyse, voordat dit kom, sodat tot die laaste toe nog die toevlug geneem kan word tot Hom, die Lam, wat die gerig vir ons gedra het om genade te vind in vindenstyd.

Ons tyd is, by alles wat daarvan gesê kan word, nog genadetyd. Dit maak die verkondiging van die Evangelie ook so dringend: "Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig... Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen". As hierdie drang ontbreek, is dit omdat ons nie genoeg deurdronge is van die vrees van God nie, en omdat ons nie genoeg ag gee op die tekens van die tyd nie.

6. TERUGBLIK EN TOEKOMSBLIK [1]

> Jes. 54:2: *"Maak die plek van jou tent wyd en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in".*

Die woorde van ons teks bevat 'n terugblik en 'n oproep vir die toekoms, dit is: "Maak die plek van jou tent wyd en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in", ook in verband met die vers wat volg: "Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk" en met die vers wat voorafgaan: "Jubel onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig, jy wat geen weë gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê die Here. Die terugblik sit in die tent-gedagte in ons tekswoorde vervat, waarby ons eerste stilstaan:

Terugblik — tent en tempel

Die tent herinner aan die tabernakel wat deur die Israeliete van plek tot plek opgeslaan en dan weer afgebreek is op die woestynreis. Die opmerklike is dan dat die profeet hier teruggryp op die woestynreis, na die tabernakel en nie na die tempel nie, as beeld van die Kerk waarop die profesie sien. Die tabernakel en die woestyn het dan tog blywende betekenis ook vir die Nieu-Testamentiese Kerk. Dit laat die Kerk sien op sy pelgrimsreis deur die eeue, deur die geslagte heen, na die stad wat fondamente het en herinner ons daaraan dat ons hier geen blywende stad het nie. Die tempel van Jerusalem is dan die beeld van die triomferende Kerk. Ons lei dit ook af van wat die Here Jesus sê van Filadelfia: "Die wat oorwin, Ek sal hom 'n pilaar maak in die tempel van my God, en hy sal daar nooit uitgaan nie, en Ek sal op hom die naam van my God skryf, en die naam van die stad van my God, van die Nuwe Jerusalem, en my nuwe Naam". Ingebou in die tempel wat bestem is om ewig te bly. Die sigbare Kerk is soos die tabernakel wat met die volk van God saamtrek — eintlik: Die volk van God op die trekpad, soos hulle voorttrek van plek tot plek, deur die droë laagte waar hulle "haas van dors verkwyn" totdat hul voet in Sion staan, die ewige tempelberg. Die tabernakel was bedoel vir die reis. Daarom was dit gemaak, nie van stene met pilare en fondamente nie, maar met seile, penne, lyne, want dit moes opgebreek en weer opgeslaan word. Hier is gedurige afwisseling, omwisseling, afbreek en opslaan. Gedurige uitgang en ingang. Geslagte wat kom, geslagte wat gaan. Wat Paulus sê van die gelowige: "Want ons weet dat as ons tentwoning afgebreek word ons 'n gebou van God het, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig in die hemele", geld ook van die Kerk. Dit is die verskil tussen tempel en tentwoning. Van die tempel staan daar: "Hulle sal daar nie meer uitgaan nie". "Pilare in die tempel van my God", groot en klein. Gevestig om ewig te bly. Ingebou in die ewige tempel. Maar hier is nog uitgang, gedurige uitgang.

Die oorgang na die triomferende Kerk

Aandoenlik sal dit wees om die lidmateregister van hierdie gemeentes na te gaan om te sien hoeveel bladsye van name oorgeblaai moet word om by die eerste lidmaat te kom wat nog lewe, hoeveel weer omgeslaan moet word om te kom by die tweede, en by die derde ... Ook, om te tel hoeveel name saam met die wat nog lewe op die lidmateregister voorkom. So moet ons tog óók tel, want die strydende en die oorwinnende Kerk is een. Laat ons dan nou 'n oomblikkie stilstaan by hierdie feestelike geleentheid en terugkyk op die pad, en terugdink aan geslagte wat heengegaan het, vaders, moeders, kindertjies, bouers van ons kerk, ouderlinge, diakens, leraars vanaf die stigters van ons Kerk, en laat ons so die gemeenskap van die heiliges vir 'n oomblik

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 62, nr. 1534, 17 Feb. 1960, p. 3, 4, 5, 6.

Hierdie rede is in ons eeufeesjaar deur prof. W. J. Snyman by twee streekfeeste uitgespreek — te Burgersdorp en Gobabis. Dit sal goed wees as die hele Kerk van die ryke inhoud daarvan kennis neem.

belewe, die eenheid van die Kerk, waarvan ons hier maar 'n klein gedeeltetjie is. Ons doen dit met die woord aan die Hebreërs in gedagte:

"Julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van die eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdigers, en by Jesus, die Middelaar van die Nuwe Testament, en die bloed van besprenkeling wat beter dinge spreek as die bloed van Abel". Ook met Ps. 45:14-16 in gedagte:

Hul word met vreugde voortgelei;
en almal, in hul Koning bly,
mag intree — hoogste gunsbewys! —
in koninklike pragpaleis.

Wanneer u vaders heen moet gaan,
sal in hul plek u nakroos staan.
U vestig hul met vaste hand
as vorste in die ganse land.

Ek sal, o Vors, U eer bewys,
u Naam deur die geslagte prys.
Die volke sal, in U verblyd,
U loof vir ewig en altyd.

'n Heerlike uitgaan en ingaan wat ons só kan besing! So beantwoord die sigbare Kerk aan sy roeping: Die aardse Sion, wat die hemelse voed; die voorhof van die hemelse pragpaleis. Hoe heerlik om te weet dat, as die name hier doodgetrek word, hulle ingeskryf staan in die Boek van die Lewe van die Lam!

Die ander uitgang uit die Kerk

Daar is egter ook 'n ander uitgang. 'n Uitgang waarin ook die onbestendigheid van die sigbare Kerk uitkom, 'n pynlike en droewige, want die uitgang waaroor ons dit net gehad het, is in werklikheid nie die droewige nie. Dit is, wanneer die Kerk wat ons moeder is, weier om haar kinders te voed met die ware spyse, of hulle voed met dit wat geen brood is nie — haar kinders verwaarloos, laat kwyn, van haar verwyder, van haar huis vervreem. So moes kerke meer dan eens verlaat word. Ook so vertoon die sigbare Kerk in sy geskiedenis die tentgestalte wat afgebreek en weer opgeslaan moet word, deformasie en reformasie.

Dit het gebeur in 1517.

En in 1859?

Was dit kinders, ongehoorsame, opstandige, stout kinders wat van 'n treurende moeder weggeloop het? Dit het óók meer keer in die kerkgeskiedenis gebeur. Van die vroegste tye af was daar skeurmakery, sektevorming, kinders wat weggeloop het. So is, so word tot vandag toe die "afskeiding" bestempel. Kinders wat weggeloop het om 'n nietige oorsaak, net maar gesange.

Wat sê die geskiedenis?

Die "nietige" gesange was vir die Kerk van soveel gewig dat kinders wat gesmeek het dat die gesange waarin hulle gif geproe het, en waarin gif was, nie op hulle afgedwing moet word nie, bestempel is as "deurboorders van die liggaam van Christus" (voorgeskiedenis in die Kolonie) en eindelik die deur gewys is. Dit is wat gebeur het op 11 Jan. 1859. Dit is iets om oor te treur. Maar ook om oor bly te wees. Dat die kinders, ons vaders, vasgestaan het tot op die einde teenoor 'n moeder wat in haar optrede geen moeder meer was nie.

Toekomsblik

Wat moet gebeur? "Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou

tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in".

Die prediking

Die woord vir die toekoms is: Slaan jou penne styf, dit is diep in. Dit moet geskied in die prediking. By die prediking moet ons die penne diep inslaan, ek bedoel: in die dieptes van verlorenheid, maar ook in die dieptes van God, van sy ewige ontferming, in sy verkiesende liefde. Daarom het dit tog ten diepste by ons vaders gegaan, om die verkiesing. Kenmerk van die Kerk van die 19e eeu, die eeu van afskeidings (Holland, 1834, Noord-Amerika, 1857), was oral, ook hier, oppervlakkigheid op godsdienstige gebied. Die Kerk is losgemaak van God en verlê in die mens, in sy verstand (verstandsgodsdiens), in sy gevoel (gevoelsgodsdiens, metodisme) en in sy wil (strewers-godsdiens). Ons vaders het die Kerk weer aan God gebind, aan sy verkiesende liefde. So alleen sal ons as kinders in die plek van ons vaders staan.

Hoe staan dit met die prediking in ons kerk? Is dit in hierdie sin diep? Met ootmoedige dankbaarheid dink ons daaraan dat op elke klassisvergadering nog steeds deur ons kerkrade verklaar kan word van die prediking in ons Kerk dat dit eenvoudig is volgens Gods Woord. Eenvoud en diepte sluit mekaar nie uit nie. Ons wil geen ingewikkelde en swaar preke hoor nie. Die prediking moet eenvoudig bly volgens Gods Woord, die vrug van verdieping in Gods Woord. Mag die Here ons steeds bevoorreg met predikers wat vir ons op heldere en eenvoudige wyse die dieptes van Gods Woord ontsluit.

Kennis by die lidmate

Om diep te bly, veronderstel dit ook kennis by die lidmate. Hoe staan dit met ons kennis van die Skrif en ons Belydenisskrifte in vergelyking met ons vaders en moeders? Was daar vooruitgang? Is die peil gehandhaaf? Vrees omklem die hart dat daar vervlakking is in hierdie kennis by ons jong geslag. Vir die voortbestaan van ons kerk is dit noodsaaklik dat die penne diep ingeslaan word op katkisasie, in die huisgodsdiens, en veral ook in persoonlike Skriflesing en Skrifondersoek. Die Here het dit so beskik dat ons met ons eeufeesviering ook weer 'n Bybel met kanttekeninge ontvang. Laat ons dit met groot dankbaarheid ontvang en daar baie gebruik van maak. Dit is jammer dat van ons skole in hierdie verband nie veel verwag kan word nie. Ons gemengde skole is nie bevorderlik vir verdieping van hierdie noodsaaklike kennis nie, eerder vir vervlakking.

Kerklike tug

Die penne moet diep en styf ingeslaan word ook by die kerklike tug, waarsonder die Kerk wel toeneem in grootte, maar ook in vlakheid en maklik verloop. Dit kom waarlik nie aan op die getal name op die lidmateregister nie, maar hoeveel daar geskrywe staan in die Boek van die Lewe van die Lam. Tug is die bande tussen die sigbare en onsigbare Kerk, die tentlyn van die penne na die top van die paal. Die eenheid tussen die sigbare en onsigbare Kerk moet steeds bewaar word. Saam met die prediking is die bediening van die sleutels van die Koninkryk van die hemele. Word die tug verwaarloos, dan vervlak die prediking tot evangelisasieprediking binne in die Kerk, en neem dit die plek in van opbouende prediking vir die gelowiges.

Diepte maar ook ruimte

Die verdere woord vir die toekoms is: "Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan..." Daar moet ruimte wees by die diepte, nie sonder diepte nie soos by 'n tuglose kerk, 'n volkskerk, 'n kerk wat die hele volk wil omvat nie. Ruimte sonder diepte is veral 'n gevaar van die twintigste eeu. Die is die eeu van ekumeniese bewegings, van deurbraak: Lang lyne, wye tentdoeke wat kerke oorspan; oorkoepeling van verskillende kerke onder een dak met vervlakking van die verskille tot blote aksente. Teen hierdie gevaar moet ons waak selfs by ons ekumeniese sinode in soverre ook hier verskillende kerke, wat nie met mekaar in kerkverband staan nie onder een "sinodale" dak gebring word.

Diepte moet by die ruimte bewaar word, maar ook ruimte by die diepte, soos in ons

openlike verklaring: "Almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en dit met ons wens te bely en te betrag, nooi ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap". Die blik is hier ruim. Dit gaan oor eie kerkgrense heen na baie gelowiges met dieselfde belydenis as ons in ander kerke.

Dit is deurdronge van die noodsaaklikheid dat geloofsgenote ook huisgenote moet wees. Intussen skyn dit of daar op grond van 'n soort opvatting van "minder of meer suiwer" 'n sekere gelatenheid gekom het ten opsigte van die geskeidenheid.

Waar is ons werfkrag? Dit gaan tog om die suiwere belydenis en belewing van die waarheid, wat nie ons waarheid is nie, maar die van Christus. Ons moet, elke lidmaat, dit uitdra na ander, wie ook, oor die kerkgrense heen en so ons tentdoeke oopspan en die lyne lank maak. Ook met die oog op die kerkloses. Die Kerk mag hulle nie los nie al het hulle die Kerk gelos. Die verlorene mag nie gesien word as verworpene nie, maar as verlore skaap, verlore seuns en dogters, wat teruggebring moet word in die boesem van die Kerk langs die weg van bekering en vergewing. So moet die tentdoeke oopgespan word in die evangelisasiewerk. Deur evangelisasie behou die Kerk die band met ons volk, wat vroeër wel, nou helaas nie meer saamval met die Kerk nie. Maar die Kerk mag ook nie bly staan by die eie nasie nie, soos Israel wou doen. Israel wou 'n volkskerk. 'n Volkskerk is enersyds te ruim en te vlak, andersyds te eng: "Maak die plek van julle tent wyd en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie!" Volgens vers 3 gaan dit hier eintlik om die sending. Dit moet "na regs en links uitbreek", "nasies in besit neem". Die Kerk is volkerekerk, vergadering van uitverkorenes uit alle nasies. Met die sending gaan dit oor die grense sonder om dit uit te wis. Ons toekomswoord is 'n oproep tot sending. Met sending het die "ontstaan van ons kerk in 1859 ten nouste saamgehang, ook ons planting in 1652 (gebed van Jan van Riebeeck). In sending is die bestaan van ons kerk versekerd.

"Verhinder dit nie!"

Daar is 'n noue samehang tussen geestelike en natuurlike wasdom (v. 1). Die verkiesing gaan deur die geslagte heen. Die Kerk is ook moeder van die gelowiges daarin, dat in haar skoot kindertjies gebore word vir die ewige lewe. As die geboortesyfer daal, dan is dit die begin van die einde. Daardeur het koninkryke verdwyn.

Die Gereformeerde Kerk voer die stryd teen die modernisme. In sy lewe is die Gereformeerde Kerk aangetas deur die modernisme. Laat ons onthou: Die Kerk is 'n tent wat opgerol kan word, ook die Gereformeerde Kerk. Om nie opgerol te word nie is dit nodig dat daar uitbreiding sal wees, geestelike en natuurlike, deur sending, deur evangelisasie, in die geslagte. Om in die uitbreiding nie te verloop nie, moet die penne vas ingeslaan wees.

Amen.

7. TERUGKEER EN OPSTANDING [1]

> *"En in die dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dán sal hom die wat verlore is in die land van Assur en die wat verdryf is in Egipteland, en hulle sal die Here aanbid op die heilige berg in Jerusalem"* (Jes. 27:13).

Ons moet dit lees in die lig van 1 Kor. 15:32: *"in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word".* Die terugkeer van die volk Israel sien op die opstanding uit die dode.

Basuin

Kan ons soveel betekenis heg aan een woordjie: die basuin? Dan moet ons maar die hele gedeelte, Jes. 25-28, rustig deurlees. Dan is dit duidelik dat Jesaja deur die ballingskap en terugkeer die opstanding uit die dode sien: "U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan (26:19) ... jou stem sal uit die grond opkom soos die van 'n afgestorwene" (28:4, 5). Ook Eségiël: "Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel. En julle sal weet dat Ek die Here is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit julle grafte laat opkom, o My volk!" (37:12, 13). Soos die volksliggaam — ook die tienstammeryk "wat verlore is in die land Assur en die wat verdryf is in Egipteland", so sal elke stofdeeltjie van die menslike liggaam wat verlore is in die stof van die aarde versamel word by die laaste basuin, met die opstanding uit die dode — die van die gelowiges in onverderflikheid. Ons kan sê: Die opstanding van die dode is vir die profeet simbool van die terugkeer. Maar, die terugkeer is ook simbool van die opstanding uit die dode. So verklaar die Nuwe Testament die terugkeer van Israel uit die ballingskap baie letterlik. Dit sien "letterlik" op die opstanding van die liggaam. Só leer die O.T. die opstanding uit die dode. Ons hoef nie te soek na 'n teks hier en daar nie. Die hele geskiedenis van Israel, die geskiedenis van Israel se ballingskap en terugkeer sien op Christus — op sy dood en opstanding (vgl. veral Hos. 6:12) en op die dood en opstanding van die wat in Christus is. Dit het ook geestelike betekenis — bekering, die dood van die oue mens en die opstanding van die nuwe. Maar dit het ook letterlike betekenis: die opstanding van die liggaam.

Dit sien ook vooruit

Hiermee is egter nog nie alles gesê nie. Ballingskap en terugkeer sien nie alleen *simbolies* op die dood en opstanding van Christus en van die gelowiges in Christus nie, dit sien ook *vooruit* op die opstanding uit die dode. Dit is ook voorteken van die opstanding uit die dode en die einde van die wêreld. So moet ons Rom. 11:15 verstaan: "Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?" Die terugkeer van Israel sien hier, geestelik, op hulle bekering. Maar ook letterlik, op die opstanding uit die dode op die jongste dag, waarvan dit die voorteken is, die versameling van almal uit Israel en uit elke volk en taal en nasie, wat in Christus gesterf het.

Die opstanding uit die dode het ook iets te sê vir nasies

Dit leer 'n nasie-in-nood nie alleen uitsien na 'n hoopvolle toekoms in hierdie wêreld nie, maar deur die dood in die ewige lewe.

Ons verwag volgens die belofte 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. En op die nuwe aarde 'n groot menigte wat niemand kan tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale. Dit is gelowiges uit alle geslagte en nasies. Maar in die gelowiges in hulle veelvuldigheid van geslagte en nasies.

Christus is die Hoop van die nasies.

Die Banier van die volke (Jes. 11:10).

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 62, nr. 1547, 18 Mei 1960, p. 11.

8. TUIN EN WOESTYN [1]

> *Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid* (Gal. 5:22).
>
> *Die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid* (Gal. 5:19-21).

Die tuin van die Here

Met die uitstorting van die Heilige Gees is profesieë vervul soos Jes. 32:14-16: "die paleis is verlate, die stadsgewoel is in eensaamheid verander. .. totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte; dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord word self vir 'n bos gereken" en: "Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die laagtes; Ek sal die woestyn 'n waterplas maak en die dorsland waterbronne. Ek sal in die woestyn gee die seder, die akasia en die mirt en die wilde olyfboom; Ek sal in die wildernis plant die sipres, die plataan en die denneboom" (41:18, 19). Hierdie, en dergelike uitsprake, wat baie in die profesieë voorkom, moet ons maar net in verband bring met die paradys, die tuin met sy waterstrome en sy lustige plantegroei, waarmee die Bybel begin (Gen. 2:8-16), en waarmee die Bybel ook weer eindig (Openb. 22:1-5), om te verstaan wat die uitstorting van die Heilige Gees beteken. Dit beteken dat die Koninkryk van die Hemele nie meer net iets toekomstigs is, waarna ons verlangend uitsien nie, maar dat dit gekom het en nou aanwesig is op aarde. By al die koninkryke en heerskappye op aarde is daar ook die Koninkryk van God. Of, wat dieselfde is: Die paradys is nie meer net iets van die vergange waaraan ons alleen maar met heimweë kan terugdink nie, maar die paradys, die tuin van die Here is (in geestelike sin) reeds 'n werklikheid op aarde. Dit het werklikheid geword in die Kerk. Die Kerk is die tuin van die Here. So moet die Kerk ook sy roeping verstaan. Die roeping van die Kerk is om tuin van die Here te wees in hierdie wêreld. En, hier is die vrugte van die tuin. Dit is: "liefde", "blydskap", "vrede", "lankmoedigheid", "vriendelikheid", "goedheid", "getrouheid", "sagmoedigheid", "selfbeheersing", 'n heerlike verskeidenheid van allerhande vrugte soos in die paradys met sy allerhande bome, wat God laat uitspruit het, en begeerlik was om te sien en goed was om van te eet.

Die tuin van die Here val nog meer op, en is des te aanvalliger, in sy teëstelling. Gal. 5:22 staan skerp teenoor Gal. 5:19-22: die werke van die vlees: "owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge ..." 'n Uitspruitsel, amper nog ryker en weeldiger as die van die paradys. Ook onder die vloek van die Here God was, en is, die aarde geweldig vrugbaar; vrugbaar aan "dorings en distels". Ons moet hier nie soek na ordelikheid nie. Dit is woeste struikgewas: laaghede, fyn en growwe uitwasse, barbaarse en beskaafde sondes, alles deurmekaar. In die geharwar is daar een gemeenskaplike kenmerk: almal het dorings, haak- en steekdorings, wat die siel skeur (owerspel, hoerery...), wat die liggaam verwoes (brassery, dronkenskap...), wat die een die ander verskeur (twis, tweedrag...), wat mens self verteer (jaloersheid, afguns...). So lyk dit buite. Dis dorings en distels.

"Die werke van die vlees is openbaar... *maar* die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid .. ."

Die Kerk is 'n oase in 'n woestyn, 'n tuin in 'n woeste wildernis, en dfcaraan ontworstel.

Die tuin bedreig

En, laat nou die aan die wildernis ontworstelde landery of tuin aan homself oor! Elke tuinier weet dit: Onkruid neem die tuin weer in. Die wildernis wil die land herower. Die teëstelling tussen woestyn en tuin, tussen Kerk en wêreld, tussen Christus en heidendom, tussen Gees en vlees is 'n aktiewe teëstelling. "Die vlees begeer teen die

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 62, nr. 1552, 22 Junie 1960, p. 4 en 5.

Gees". Dan is ons roeping nog duideliker. Ons kan onsself maar net afvra: Is ons so getrou, elkeen met die stukkie tuin aan hom toevertrou, ons eie hart, ons huis, ons kinders? Sorg ons daarvoor soos vir ons landerye, ons blomtuintjie? Die onkruid staan nie stil nie. Die dorings en distels slaan altyd weer op. Die vlees begeer teen die Gees.

Die vlees begeer egter nie alleen teen die Gees nie maar "die Gees begeer ook teen die vlees". Die tuin moet nie alleen nie ingeneem word deur die woestyn nie, maar die woestyn moet deur die tuin verower word. Die woestyn moet altyd meer tuin word. Dit is ons taak.

Volk en Kerk was by ons aanvanklik een. Ons volksgeskiedenis begin met 'n tuin, 'n groentetuin aan die suidelikste punt van Afrika. Van hieruit is die land aan woestyn en wildernis ontworstel. Dit is belangrik. Maar belangriker is die ontginning van die land tot 'n geestelike tuin. Dit is ons sendingtaak.

Maar, hoe lyk dit op ons Christelike volksakker? Daar word deur deskundiges beweer dat die woestyn ons land langsaam maar seker van die westekant af inneem. In geestelike sin is dit gewis die geval dat die woestyn besig is om in te dring. Wat Gal. 5:19-21 laat sien is alledaags. Al hierdie onkruidsoorte is nog ewe bekend as in Paulus se tyd. Ons koerante is daar elke dag vol van. Die ergste is dat dit alles groei nie buite, maar binne die omheining, op ons eie Afrikaanse volksakker. Dorings en distels neem die tuin eerder in as dat die wildernis daardeur verdring word. Dit beteken dat daar 'n uitwissing van grense aan die gang is, veel erger as die gedugte integrasie. As die tuin die woestyn nie wen nie, dan wen die woestyn die tuin.

Die wildernis oorwin

Die profeet Miga het van die bondsvolk van sy tyd gesê: Die beste van hulle is soos 'n doringstruik, die mees opregte erger as 'n doringheining... die aarde sal 'n wildernis word vanweë sy inwoners, weens hulle handelinge (7:4, 13). So ver kan dit kom met die tuin. Hoe sal ons die woestyn keer? Die antwoord is kort en eenvoudig: Deur die waterstrome van die suiwere bediening van die Woord en sakramente. Langs hierdie kanale vloei die Heilige Gees in die harte en deur die harte oor die volksakker om dit te besproei. So laat die Here God weer riviere ontstaan op die kaal heuwels en fonteine in die laagtes en laat Hy die dorsland verander in waterbronne en die woestyn in 'n vrugteboord.

Teenoor die baie "werke" van die vlees staan die "vrug" van die Gees. Dit is die liefde. Net liefde. Dit staan ook eerste. Die ander vrugte is alleen maar skakeringe van liefde in die wisselende omstandighede en situasies van die lewe waarin ons gestel word.

Deur die Heilige Gees word die liefde uitgestort in onse harte. Die Heilige Gees doen dit deur die Woord. So win die tuin van die Here dit op die woestyn en sal daar ook hier in ons, deur woestyn en wildernis bedreigde vaderland vir 'n doringboom 'n sipres opgaan en vir 'n distel 'n mirt (Jes. 55:13).

9. MENSWAARDIGHEID [1]

"Is julle nie baie meer werd as hulle nie?" (Matt. 6:26b).

Menswaardigheid het 'n slagwoord van ons tyd geword en in die nouste verband daarmee: menslike sorg. Die een mens is bekommerd oor die ander; die een volk oor die ander. Behalwe kerksorg en ouerlike sorg, hoor ons van staatsorg, maatskaplike sorg, volkeresorg. Die staat is nie meer net regeerder en regter nie, maar ook vader van die volk, en die onderdane kinders van die staat wat vir hulle sorg en ook vir hulle dink. Die vaderlike omsien na die onderdane omvat enigiets van voeding tot opvoeding. Dan is daar maatskaplike sorg: die sorg van die een mens vir die ander in georganiseerde vorm spesiaal met die oog op 'n menswaardige bestaan in die moderne maatskaplike lewe wat dreig om die mens te ontmenslik met sy masjien, motor en fabriek. Die menslike sorg het ook wêreldomvang aangeneem in volkeresorg. Dit kan seker as een van die uitstaande kenmerke van ons tyd gesien word, dat volkere ook geleer het om om te sien na mekaar; die meer bevoorregte na die minderbevoorregte. En, in die middelpunt van hierdie wêreldsorg staan Afrika. Die hele wêreld bekommer hom oor Afrika met sy onderontwikkelde volkere. Die sorg omvat: geld, opvoeding, wetenskaplike opleiding, tegniese bekwaammaking, beskawing. Alles met die oog op 'n menswaardige bestaan.

Orde onder versorgers

Sorg, dus van alle kante en van allerlei soort, sodat die een versorger die ander in sy ywer wil verdring: die een volk die ander in sy sorg vir 'n derde; en die een soort sorg die ander: die maatskaplike sorg die van die Kerk, of, omgekeerd die kerklike sorg die maatskaplike. Die verwardheid maak dit nodig dat orde gebring moet word onder die baie versorgers. Die neiging is dat maatskaplike sorg en ook kerklike opgeneem word in staatsorg en die van al die state onder die Verenigde Volkere, wat hom oor al die nasies bekommer.

Ons mag sekerlik nie bloot negatief staan teenoor die na mekaar omsiende mense en volkere nie. Inteendeel. Ons kan ons alleen maar daaroor verbly dat ons in 'n tyd lewe dat die een volk omsien na die ander en volkere toesien dat die een nie met die ander doen wat hy wil nie, en dat die sterkere die swakkere nie uitbuit soos in die verlede nie, maar liefs 'n helpende hand uitsteek om op te hef; ook die een mens na die ander en die owerheid na die onderdaan.

Om te help

Ons sien daar selfs Goddelike sorg in. Hy sorg vir die voëls van die hemel en vir die lelies van die veld. So sorg die Here ook vir mense, deur mense. Hierdie wedloop tussen die Christelike Weste en die Kommunistiese Ooste om Afrika — nou nie meer om te buit nie, maar om te help — moet ons sien as Goddelike sorg vir mense deur mense. Selfs al geskied hierdie hulp om selfsugtige oogmerke. Dit is God wat die ontwikkelde en verrykte nasies dwing om die ander te help om nie self onder te gaan nie. So sien ons die Godsregering in die geskiedenis. Die nasies wat in die 19e eeu geneem het, moet in die 20e eeu gee om nie te verloor nie. Alleen maar, elkeen sal voor God rekenskap moet gee vir sy motiewe.

Waar dit egter op aankom, is dat al hierdie menslike sorg en besorgdheid vir mekaar in al sy vorme nie in staat is om te bring by 'n menswaardige bestaan nie.

Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Vir die mens, wat geskape is om nie te sterf nie, is 'n menswaardige bestaan niks minder nie as: die ewige lewe. Geen aangebragte rykdomme kan hiervan verseker nie. Geen voeding, selfs opvoeding nie. Geen beskawing nie. Ook geen staat-, volkeresorg of maatskaplike sorg nie. Vir 'n menswaardige bestaan is die mens, geskape in onverganklikheid, alleen versekerd in Christus. Alleen in Christus is daar rus vir die nasies wat op die oomblik besig is om die wêreld om te keer vir dit wat nie kan versadig nie. So staan die onvervangbare sending van die Kerk weer duidelik

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 62, nr.1566, 28 Sept. 1960, p. 7.

voor ons in die nood van die tyd. Dit is om te bring tot 'n menswaardige bestaan in Christus.

10. TEKENS VAN DIE TYD [1]

"Al sy leërskare val af... soos vye afval van die vyeboom" (Jes. 34:4).

"Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot..." (Mark. 13:28).

Sanksies

Hiervan lees ons in Openbaring: Hy (die valse profeet) "maak dat aan almal, klein en groot, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word, sodat niemand kan *koop* of *verkoop* nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het". Terwyl ons dit skrywe, is hierdie bedreiging wat Suid-Afrika betref, net afgewend, vir die huidige, maar, die georganiseerde wêreldmag het ons as 'n gedugte werklikheid leer ken. Dit het hom laat voel as 'n ontsettende mag, wat beskik oor die bestaan of nie-bestaan van nasies in hierdie wêreld. Wat sou geword het as alle handel en verkeer tussen ons en ander nasies plotseling moes beëindig word? Dit sou die geval gewees het as 'n paar stemme anders was. *Die bedoeling van sanksies is om 'n ideologie, 'n leerstelling af te dwing.* Ons wil egter nie verkeerd verstaan wees nie. Die uiteindelike teëstelling is dit nog nie. Dit het nou nog gegaan om 'n Christelike nasie aan die een kant en Christelike en nie-Christelike nasies aan die ander kant. Die laaste teëstelling sal wees tussen geloof en ongeloof, tussen Kerk en wêreldmag. Tog is hierdie sanksies 'n teken van die tyd. Ons het 'n voorsmaak gekry van wat die volk van God te wagte is as die antichristendom toeslaan. Hy sal toeslaan met sanksies, sê Openbaring. Ons kan ons 'n voorstelling vorm van die "groot verdrukking" van die eindtyd.

Teenoor die groot verdrukking wat oor ons hoofde hang, staan die opofferinge wat ons sal moet maak, bykans ewe groot as die verdrukking wat ons bedreig. Die offer sal bestaan in dele van ons volksliggaam.

Ons volk het hom in 'n hoë mate afhanklik gemaak van die arbeid van nie-blankes. Hulle verrig in ons midde veelal die arbeid van laer besoldigdes en ongeskooldes. Die arbeid waarvoor hoër kwalifikasies vereis word, is nog in die hande van die blankes — die hoof en die romp is wit, maar die liggaamlik swetende deel van die arbeidskorps is vir 'n groot gedeelte nie-blankes — die hande en voete van die liggaam is gekleurd. Dit plaas ons in 'n uiters afhanklike en kwesbare posisie. Om hierdie ongewenste situasie te bestry, sal 'n operasie nodig *wees,* en dit sal gewis 'n swaar operasie wees. Baie meen ons sal dit nie oorleef nie. Daar is egter nie 'n keuse nie, as ons ons leer met die lewe wil bevestig. Besien ons dit in die teken van die tyd, dan moet ons sê: Dit waarvoor anders baie tyd nodig was, sal moet gou gebeur. As langebaanbeleid staan dit in die teken van die tyd veroordeeld.

Gelykmaking

Die dreigende sanksies is egter 'n teken van die tyd in sy leerstelling, sy dogma, wat dit dissiplinêr wil handhaaf. Dit is die dogma van 'n raslose of van 'n veelrassige gemeenskap wat meen om natuurlike verwantskap en aanhorigheid te kan ignoreer. Dit glo in 'n gefabriseerde eenheid en eendersheid. Dit is die eenheid van Babel. Die sanksies staan onmiskenbaar in die diens van die Babelse eenheid in sy teëstelling tot die eenheid van Christus en die Kerk, waarin die natuurlike verwantskappe van die volk, die gesin en so meer behou word.

Gedrogte

In Openb. 9:9 lees ons van sprinkane: " ... hulle het borsharnasse gehad van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde, wat opruk na die oorlog. En hulle het sterte gehad soos die van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte". Hulle koning was Apóllion, Verderwer. In Openb. 9:17-19 het ons 'n beskrywing van perde en perderuiters. Die perderuiters is gepantser met vuurrooi en

---

[1] Die *Kerkblad,* jg. 64, nr. 1628, 13 Des. 1961, p. 11, 13, 15.

blou en swawelgeel borsharnasse. Die koppe van die perde was soos leeukoppe en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Hulle mag was in hulle bek en hulle sterte. Hulle sterte was soos slange met koppe, wat skade aanrig. Toe Openbaring geskryf is, was daar nog nie sulke dinge nie.

Kommentare oor die boek Openbaring in die vorige eeu en selfs in die begin van hierdie eeu was daarmee in verleentheid. Súlke gedrogte, menslike skeppinge, sluip vandag deur ons oseane, kruip oor ons aardbodem en vlieg deur die lug, tot in die buitenste ruimtes. Verlede maand was die afbeelding te sien van die Amerikaanse agt-motorige projektiel, Saturn. In vergelyking hiermee is die gedrogte van Openbaring nie meer snaaks nie. Die gedrogte doen ook nog iets anders as om onheilspellend te wees. Dit kom bevestig vir ons die Skrif as die profetiese Woord van God. Verder sê dit vir ons: Die mens strek hom nou uit na die boonste ruimtes. Is dit die begin van 'n nuwe tydperk? Waarskynliker is dit die laaste Babel wat sy voltooiing nader "waarvan die spits aan die hemel reik" (Gen. 11:4). Dit herinner ons ook daaraan: Die einde van die geskiedenis is nie die mens wat opklim na die hemel nie, maar God wat neerdaal na die aarde om Babel, wat gebou word van die aarde na die hemel, te verwyder en te vervang met die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal op die aarde (Openb. 21:10).

Die grootprater

Ons beskawing dra dan ook sy eie vernietiging in sy hand. Die gees uit die afgrond is by uitstek die grootprater, soos ons lees in Openb. 13:12. Hy sit ook die daad by die woord en laat selfs "vuur van die hemel reën" (13:13). Al hierdie dinge word duideliker in ons tyd. Daarom kan ons spreek van 'n apokaliptiese tyd, die tyd waarin die duistere boek Openbaring (die Apokalips) hom aan ons ontsluit. Die jaar wat verbygaan het so 'n grootprater opgelewer. Sy woorde was: "Mag God (in wie hy nie glo nie) gee dat ons nooit nodig sal hê om so 'n bom te laat ontplof nie". Dit is met verwysing na die 100 Megaton-bom, nadat hy die 50 Megaton laat ontplof het. Dit word gesê dat hierdie *hom* 35 myl bokant die aarde ontplof het, dat dit 'n vuurbal laat ontstaan het van vyf myl in deursnee en dat dit duisende keer so groot is as die Amerikaanse kernbom wat op een keer 120 000 Japannese laat sterf het. As Openb. nou spreek van een derde van die mensheid wat meteen sal sterf hier op die aarde, hoef dit nie meer profeties-digterlik verklaar te word nie. En, as daar in die laaste dae spotters sal kom oor die idee van die vergaan van die wêreld (2 Petrus 3:3) dan is dit, om die minste daarvan te sê, onwetenskaplik. Die mense is besig met die ontbinding van die grondelemente. Daar word met vuur gespeel.

Die Thessalonicense en ons

Die Thessalonicense het geweet wat ons nie weet nie, naamlik (2 Thess. 2:6, 7). Maar ons sien wat hulle nie gesien het nie. Ons sien die wettelose: Die skepper van chaos, om uit die chaos 'n nuwe wêreld te skep, wat hom in die plek stel van God, die Skepper en Christus, ons Verlosser. En nou kan ons miskien iets verstaan van wat hulle geweet het en ons nie geweet het nie. Dit wat hom weerhou is: Die bindinge van huisgesin, familie, stamverwantskap, volKsgemeenskap, staatsverband, wat God gegee het om die kwaad te weerhou in sy deurwerking, en die ergste is dat die Westerse beskawing dit self help afbreek het, sodat die nuwe gelukstaat gebou kan word op die puin.

Skepping of evolusie

In Openb. 14:6, 7 lees ons van die laaste evangelieboodskap voor die einde. Dit geskied deur 'n engel in die lug, sodat al die mense (nog altyd verdeel in nasies, stamme, volke en tale) dit op een slag kan hoor. Met ons kommunikasiemiddels van vandag klink dit vir ons nie meer so fantasties nie. Ons almal kon terselfdertyd hoor wat in die V.V.O. aangegaan het, deur die lug. Die laaste boodskap is: "Vrees God... want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het". *In die evangelie van die einde gaan dit om die begin: Die Skepping, en om God die Skepper, wat nie meer gevrees word nie.* Elke tyd in die

geskiedenis het die Kerk sy besondere vraagstukke gehad. In die begin was dit die twee nature van Christus. In die Reformasietyd het dit gegaan om die regverdigmaking deur die geloof. En nou? Dit gaan nou om die skepping. Skepping of evolusie is die groot vraagstuk van vandag. Die skepping is in gedrang: Die begin.

Dit teken ons tyd as eindtyd. Die begin van die einde miskien. Dit sê vir ons geslag wat hom so besig hou met 'n gryse verlede (miljoene jare) en so besig is om aan 'n uiteindelike toekoms te bou: " ... die uur van sy toorn het gekom". Ure verloop nie maar net in dae en maande en jare en eeue nie. Die tyd is ook besig om korter te word. Van die eeue kom dit altyd vinniger in sy afloop tot jare, maande, dae ... ure en tot die laaste uur van beslissing. Ons moet maar ook ons dae en ure leer tel. "Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie ..."

'n Apokaliptiese tyd

Wat Jesaja gesien het as vallende vye, sien Markus as botsels van die vyeboom. In tweërlei opsig is die onheilspellende dinge wat ons belewe ligtekens: 1. Hulle is tekens van die waaragtigheid van die Skrif as die Woord van God; dit is uitbotsels van die Woord. 2. Hulle is voortekens van die koms van Christus; ons verneem daarin, en ook in die ontwrigting van die natuur, aardbewings, droogtes, oorstromings, die voetstappe van Christus. Hy kom.

Daarom kan ons sê: Ons leef in 'n apokaliptiese tyd. Dit beteken Openbaringstyd, 'n tyd van wonderlike vervulling van die Boek Openbaring. Ook 'n tyd van die heerlikheid van Christus en van die openbaarmaking van die kinders van God, waarna die hele skepping reikhalsend verlang. Dit beteken ook beslissingstyd, met die nadruk op die nóú: Wat ons moet doen, moet ons maar gou doen.

11. KENŌSIS (ONTLEDIGING) [1]

" ... *maar het Homself ontledig"* (Filippense 2:7).

Hierdie woorde van die apostel Paulus het aanleiding gegee tot groot stryd in die Kerk, wat tot vandag toe nog nie uitgestry is nie. Dit gaan hier, saam met die laaste woorde van die vorige vers, oor diep sake. Wat was die verhouding van die Seun tot die Vader voor sy vleeswording? Was Hy aan die Vader gelyk? Wat sou dan die bedoeling wees dat Hy dit *geen roof geag* het *om aan God gelyk te wees nie* (v. 6)? En, na sy vleeswording — het Hy sy Godheid afgelê en niks meer as gewone mens geword nie? Wat wil dit dan sê: Hy het Homself ontledig? Met hierdie vrae is ons midde in die kenōsisstryd. *Kenōsis* beteken *ontlediging.*

Dit is gewigtige vrae hierdie. Die vraag is of van hierdie wonderlike uitspraak nie soseer 'n teologiese vraagstuk gemaak is nie dat uit die oog verloor is wat Paulus eintlik met hierdie woorde vir ons wil sê? Om dit raak te sien, moet ons na die heel begin teruggaan. Die woorde *aan God gelyk* (in die vorige vers) en *aan die mense gelyk* (in hierdie vers) herinner ons aan Adam wat *soos God* wou wees (Génesis 3:5). Die weg van Adam en die weg van die sondige mensheid tot vandag toe is die weg van onder na bo, van die aarde na die hemel (Babel). Die weg van Christus was die weg uit die hoogte na die diepte, van die hemel na die aarde. Die weg van Adam was en is die van die mens wat *soos God* wil wees. Die weg van selfverheffing. Van mensvergoddeliking. Die weg van 'n rower wat gegryp het en nog gryp na wat hy nie was en nie is nie, en ook nie kon en mog wees nie.

Die weg van Christus was dat Hy aan sy goddelike heerlikheid wat Hy gehad het, nie vasgeklem het nie. Hy het dit vrywillig prysgegee. Hy wat *soos God* was, en ook God was, het nie alleen mens geword nie, maar 'n dienskneg onder die mense. Ja, Hy het *soos 'n misdadiger* geword en aan die kruis gesterf. Die weg van Adam was en is die weg *van neerstorting* (Openb. 18:2). Die weg van Christus is die weg *van verlossing.*

Dit wil Paulus vir ons in die lig van Génesis hier sê. En, na die vleeswording — het Hy toe nog sy goddelike natuur gehad? Wat sou die *ontlediging* dan beteken? Dit moet ons in die lig van die Evangelies sien. Die Evangelies leer: Hy was nog die Alwetende. Hy ken die gedagtes van Natánael onder die vyeboom. En ook die hele verlede van die Samaritaanse vrou. Hy beskik nog oor sy goddelike mag — Hy doen wonderwerke — reinig melaatses, laat dowes hoor... wek dooies op.

Die Evangelies leer egter nog 'n groter wonder as hierdie wonders: Jesus wat ánder verlos het en Homself kón verlos het, het aan die kruis bly hang en gesterf, en dit, terwyl die mense Hom uitdagend toeroep: "U wat ander verlos het, verlos uself". Dit was ontlediging. Nie dat Hy Homself nie kon verlos nie. Hy kón. Juis omdat Hy kon, maar nie wóú nie. Dat Hy ook daar oor sy goddelike mag beskik het, maar met dit al, teen die uitdaging van mense in, aan die kruis gebly en gesterf het — *vir ons.*

Die ontlediging was die ontlediging van *die liefde.* Wat Paulus eintlik dus vir ons wil sê, ten minste in die Filippense-brief, is dat hulle hul nie die een bo die ander moet stel nie. So moet ons die uitspraak in sy naaste verband lees (Filipp. 2:3-5). Die *aan God gelyk* en *aan mense gelyk* herinner aan daardie ongelykheid onder die Filippense.

Dit gaan oor verhoudinge — van die Seun tot die Vader (voor die vleeswording); van sy goddelike tot sy menslike natuur (na die vleeswording); maar ook oor menslike verhoudinge, van gelykheid en ongelykheid — die vraagstuk ook van vandag.

Wat wil Paulus vir ons hier sê? Wat leer die Skrif ons oor hierdie brandende vraagstukke van gelykheid en ongelykheid? *Nie* gelykheid of gelykstelling nie, maar ongelykheid. Maar dan nie die een bo die ander nie. Daar is meerderes en minderes. Maar: Die meerdere moet die mindere dien (Matt. 20:28). En dan ook dit daarby (uit die wyere verband): Sonder dat ons daardeur prysgee wat ons is. In sy ontlediging het Christus gebly wat Hy was.

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 67, nr. 1765, 9 Sept. 1964, p. 5, 6.

12. ONS IN CHRISTUS — CHRISTUS IN ONS [1]

> *Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ék nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself in my oorgegee het. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.* — (Gal. 2:20; 3:28).

Ons moet hierdie twee gedagtes nie losmaak van mekaar nie. "In Christus" val alle onderskeidinge weg, nasionale (Jood en Griek), sosiale (slaaf en vryman), natuurlike (man of vrou). In Christus is ons almal een. Soos die eenheid van die menslike geslag in Adam verbreek is deur die sonde, so is die eenheid van die menslike geslag weer herstel in Christus. In Christus is alles wat in die hemel is, sowel as wat op die aarde is, onder een hoof vergader (Ef. 1:10). Dit is so: In Christus val die verskeidenhede nie weg nie — die van slaaf en vryman en van Jood en Griek net so min as die van man en vrou.

Maar dit is nie wat Paulus hier wil sê nie. As ons dit hier wil inlees, dan verlê ons die klem van wat Paulus hier wil sê. Dit lê hier nie op die verskeidenheid nie, maar op die eenheid. Daaruit dat die verskeidenheid tussen man en vrou nie wegval nie, volg nog nie dat dit nie die geval is met slaaf en vryman en van Jood en Griek nie. Paulus wil sê dat selfs die fundamentele onderskeiding, die van man en vrou met betrekking tot Christus nie tel nie. Só een is ons in Christus, ondanks alle verskille.

So is dit met ons in Christus!

Maar "Christus is ook in ons". Só in ons, dat Paulus sê: "ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my" (2:20). Dit moet ons egter nie so verstaan asof Paulus self verdwyn soos die mistikus van die middel-eeue: mediteer en mediteer totdat hy in vervoering raak en verdwyn met sy ek, en soos die geval is, wanneer ons van ons godsdiens 'n saak van die gevoel maak nie. Dan keer ons die saak weer om, en maak ons van "Christus in ons" weer 'n "ons in Christus". As Paulus sê "ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my", dan verdwyn Paulus nie. Paulus bly Paulus: "Wat *ek* nou in die vlees lewe, leef *ek* deur die geloof in die Seun van God wat *my* liefgehad het". Hier is geen sprake van die uitwissing van persoonlikheid en van individualiteit nie.

Ons kan eerder sê: So het Paulus eers waarlik Paulus geword, Petrus waarlik Petrus, Johannes waarlik Johannes, die Jood waarlik Jood en die Griek waarlik Griek. "Ons in Christus" — dit laat die eenheid sien in Christus, die een Hoof in wie ons almal saamgevat is en in wie ons almal saam gesterf en saam opgestaan het en erfgename geword het van die ewige lewe.

"Christus in ons" — dit laat die verskeidenheid, die individuele sien in die eenheid, sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige (veelkleurige) wysheid van God bekend gemaak kan word, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het *in Christus onse Here* (Ef. 3:10, 11).

---

[1] *Die Bondsbode,* jg. 16, 1964, p. 7.

13. GODSDIENS EN ARBEID [1]

> *Simon Petrus sê vir hulle: Ek gaan vis vang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met* jou. En *hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie. En toe dit al dag geword het, staan Jesus* op *die strand; maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie. En Jesus sê vir hulle: My kinders, het julle nie 'n stukkie om te eet nie? Hulle antwoord Hom: Nee. En Hy sê vir hulle: Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in staat om dit te trek nie. Daarop sê die dissipel — die een vir wie Jesus liefgehad het — vir Petrus: Dit is die Here! En toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, gord hy sy bokleed om — want hy was naak — en werp homself in die meer —* (Joh. 21:3-7).

Dit is iets wonderliks dat die dissipels, te midde van die heerlike gebeurtenisse wat hulle beleef het — die geopende graf, die werklikheid van die opstanding — teruggekeer het na hulle gewone arbeid. Hulle het nie só in vervoering geraak dat hulle alles om hulle heen vergeet het nie. Hulle dink, te midde van die heerlike belewenisse, nog aan die gewone dinge van die lewe — aan verantwoordelikhede en huisgesinne waarvoor gesorg moet word.

Wat sê dit vir ons van ons Christelike godsdiens? Dit sê vir ons dat 'n mens jou nie hoef los te maak van hierdie lewe met sy verpligtinge, sy take en roepinge nie. Dit sê vir ons dat ons nie hoef op te klim, weg uit hierdie lewe en uit die aardse dinge om so by die hemelse en die geestelike dinge te kom nie. *Ons* hoef nie op te klim nie. Dit is die Here wat *na ons toe kom.* Dit leer hierdie stukkie opstandingsgeskiedenis ons. Die Here God kom na ons toe in ons *alledaagse lewe,* ook daar waar ons *werk.* Dit laat glans op ons arbeid val. Opstandingsglans.

Sit daar miskien teleurgestelde verwagting in Petrus se woorde as hy vir sy mededissipels sê: "Kom ons gaan visvang"? Of dalk protes? Of ongeduld? Nee, daar sit opgewektheid in. Arbeidsvreugde. Die sleurgang is weg. Hoe kan dit anders, te midde van soveel heerlike dinge wat hulle saam beleef het?

So kan ons mekaar ook opwek tot vreugdevolle arbeid. Ons kan ook vir mekaar sê: "Kom ons tel die *kruis* maar weer op, en ons dra dit met blymoedigheid". Want dit is te midde van sulke heerlike gebeurtenisse en blye verwagtings. Hoe heerlik is dit dat ons arbeidsweek ingesluit is tussen Sondag en Sondag, die opstandingsdag, omring as 't ware deur herinneringe aan die opstanding en die ewige lewe.

Maar hier is meer. Die Here kom ook na hulle toe *in* hulle arbeid. Die verskyning was immers só dat die Here na 'n nag van vrugtelose arbeid, Hom aan hulle openbaar as die Bekroner van hulle arbeid. Ja, die bekroning geskied langs die weg van arbeid. "Gooi die net weer uit, vir die soveelste keer". Hy is die Bekroner van die arbeid en Hy bekroon *so* dat hulle *tot* die erkentenis moes kom dat dit die Here is.

Wie is dit wat ons gesondheid en kragte gee? Wie is dit wat geleenthede gee? Wie gee te midde van al die wisselvallighede die bekroning? *Dit is die Here.* So moet ons die Here sien in ons arbeid. Daar is dus 'n allernouste band tussen godsdiens en arbeid — *alle* arbeid, nie net geestelike arbeid nie. Daar is nie arbeid wat ons nader bring aan die Here en arbeid wat ons verder wegneem van die Here nie. Die Here kom tot hierdie manne in die weg van die *doodgewone, nederige* arbeid. Hy roep hulle wel tot geestelike arbeid — om vissers van mense te wees — dog juis in noue aansluiting by hulle gewone beroep. Die Here Jesus gebruik ook dikwels die beeld van *saad* en *oes.* Dit doen die onderwyser, die sakeman, ook die wat ly en met trane saai.

Laat ons leer: Geen werk is 'n skande nie. Alle arbeid is diens, noodsaaklike diens.

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 67, nr. 1746, 29 April 1964, p. 3, 4.

Die van die hand en van die voet en van die brein. Die nederigste arbeid is ewe noodsaaklik vir die liggaam. Solank ons dus net sekere werk wil doen en ander werk benede ons ag en oorlaat aan andere, wat nie tot ons volksliggaam behoort nie, is die toekoms van ons volk in die weegskaal. Elke werk is 'n goddelike roeping. In elke arbeid dien ons die Here ook deur mekaar te dien.

Dan sien ons ook die Here na sy dissipels kom in die weg van *vergeefse arbeid.* Dit is die besondere van hierdie derde en laaste verskyning: "In daardie nag het hulle niks gevang nie" — maar om dan juis in die vergeefse arbeid aan hulle bekend te maak, op 'n wyse wat nooit vergeet word nie: Die Here is die Bekroner van die arbeid. Of om aan hulle, in die bekroning van die arbeid, te laat sien en sê: Dit is die Here!

En so is daar nog hierdie verband tussen Christus en ons arbeid, tussen arbeid en geloof: Ons moet *glo* dat die Here die Bekroner van ons arbeid is en in die bekroning van ons arbeid moet ons die Here sien — sy heerlikheid soos dit ook aan die dissipels getoon is. Dit is juis op hierdie punt waar ons so geneig is om ons arbeid en godsdiens te skei: Ons sien ons eie eer en eie heerlikheid in die resultate van ons arbeid en wil ook daarmee ons toekoms verseker. Nee, ons moet die heerlikheid van die Here sien in die vrugte van ons arbeid en Hom dien deur die vrugte van ons arbeid — ook deur mekaar daarmee te dien.

Jesus, die Bekroner van die arbeid, staan op die *oewer* van die see na die nag van vergeefse arbeid. Hierdie lewe is nie die tyd van insameling, nie die oestyd nie, maar saaityd. *"Die wat met trane saai, sal met gejubel maai. Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; Hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra"* (Ps. 126:5, 6). Dit is die *anderkant.*

Die nette moet na die anderkant uitgegooi word. Net op Jesus se woord. In die geloof. Ons glo in die opstanding en die ewige lewe. In die skynbaar vrugtelose arbeid, ook wanneer ons die arbeidskragte ons voel verlaat, moet die oog maar gerig bly op Jesus op die oewer. Hy is die Bekroner van al ons arbeid. En in die geloof het ons die sekerheid dat ons moeite, lyde en smarte ... nie tevergeefs is in die Here nie.

14. VERDEEL EN HEEL [1]

> *Want die woord van God is lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart* — (Hebr. 4:12).

Die grootste skeiding, het iemand gesê, is die skeiding van die self teen die self, d.i. wanneer mens teen jouself verdeeld raak en teen jouself raak. Dit is ellendig. Daar is egter 'n groter skeiding. Dit is die skeiding tussen ons self en God. Die ongelowige het gewoonlik vrede met homself. Ja, dit is so te sê kenmerkend van die ongelowige dat hy tevrede is met homself; sy selfvoldaanheid; die afwesigheid van stryd in homself. Maar dit is 'n gevaarlike vrede. Dit is 'n vrede wat nie werklik vrede is nie. Die einde is 'n wrede ontnugtering. "Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie". Die wurm wat nie sterf — sal dit nie wees die self ewig teen homself nie?

Die ongelowige het soms ook onvrede met homself. Hy kan ook teen homself raak. Dit is 'n verskriklike verdeeldheid. Dan kan sy hand teen homself raak, soos met Judas. Die sonde het ook hierdie gevolg dat 'n mens onvrede met jouself kan kry — buite God. Dit is dan die droefheid van die wêreld, wat die dood werk. Die gelowige het ook onvrede met homself. Hy is nooit met homself tevrede nie. Hy raak ook teen homself, ja, hy haat homself vanweë sy sondes, in die diepste van sy siel, maar om homself terug te vind in God. God het my lief, ondanks my sonde, my onwaardigheid. So vind ek myself terug in God, in sy liefde.

Dan verstaan ons dit: Wie sy lewe (homself) vind, sal dit verloor, en wie sy lewe (homself) verloor, om My ontwil, sal dit vind. Dit is soos die woord van God, skerper as die tweesnydende swaard, indring tot die skeiding van die siel en gees, en van die gewrigte en murg... Dit sny deur my innerlike self en verdeel my teen myself: "Ek ellendige mens, wie sal my verlos...", maar om te heel: "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here".

Die grootste kloof is tussen God en mens.

Die tweede grootste is die tussen my self en self.

Die derde, die tussen mens en mens.

Die tweesnydende swaard dring ook deur tot die intiemste bande, ook familiebande. Dit bring ook verdeling in die volkslewe. Maar ook om te heel; om die familie, die volk homself waarlik te laat vind in Christus. Ook die mensheid — om hom as nuwe mensheid terug te vind in Christus, uit alle volke, tale en nasies.

---

[1] *Die Bondsbode,* April 1964.

15. VAN DIE AARDE AF — VAN DIE MENSEKINDERS AF WEG [1]

> *U sal hulle vrug van die aarde af verdelg en hulle nageslag van die mensekinders af weg* — (Ps. 21:11).

Die eerste lyn loop deur na Matt. 5:5: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe". Dit is dus die ongelowiges, wat eintlik *van die aarde af* sal verwyder word. Die gelowiges is op die oomblik nog vreemdelinge op aarde, maar dit is 'n vreemdelingskap in hulle vaderland, soos die geval was met Abraham, Isak en Jakob. Hulle was vreemdelinge in die land van die belofte. Maar, die land van die belofte was uiteindelik vir hulle en hulle nageslag. So is die aarde die land van die belofte vir die gelowiges. Dit is vir hulle en hulle nageslag bestem. Nie die gelowiges nie, maar die ongelowiges sal verwyder word. "U sal hulle vrug van die aarde af verdelg". Op die nuwe aarde sal geregtigheid woon (2 Petr. 3:13). Daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie (Openb. 21:27). Die aarde is die erfdeel van die regverdiges.

Soos die eerste lyn van Ps. 21:11 deurloop na Matt. 5:5, so loop die tweede lyn deur na Matt. 3:18. Dit is nie die gelowiges wat losgemaak word van die mensheid om as los indiwidue of "siele" verlos te word nie. Nee, dit is juis die ongelowige wat uiteindelik afgekap word van die boom van die mensheid om as los indiwidue verlore te gaan. Daarin bestaan die vereensaming, los van God en van alle verwantskappe. Presies waarvoor die mens nie gemaak is nie. Die wêreld van vandag laat daar reeds iets van sien in die toenemende massalisering en indiwidualisering van die mens wat gepaard gaan met die verval van die natuurlike bindinge van familie en volksgemeenskap. Wat is groter eensaamheid as die eensaamheid in die massa?

In die gelowiges word nie maar *net* mense of siele nie, maar die mensheid verlos in sy vertakkinge en verwantskappe van geslagte en nasies. Nooit lees ons dat Jesus sy volk verwerp het nie. Hulle het Hom verwerp — saam met die konings van die aarde (Hand. 4:25-27). Met hierdie verwerping was die wat Hom verwerp het verlore vir hulle volk en vir die mensheid, want Christus is die wortel van Dawid, die tweede Adam. In Hom is die volk van Israel behoue en die mensheid in *al sy* geledinge.

Dit alles kom daarop neer dat die volk van God hom nooit mag losmaak van die mensheid nie en die gelowiges hulle nooit mag losmaak van hulle volkslewe nie. Die lewe van 'n volk gaan deur sy (ware) gelowiges heen in hulle geslagte. Dit is die betekenis van die *verbond.* Ons moet vashou aan die verbond. Die verbondsgedagte sluit ook in: Verbondenheid aan jou volk, in sy geslagte.

Dit is die ongelowiges wat verwyder sal word "van die aarde af... en hulle nageslagte van die mensekinders af weg". "Die sagmoediges sal die aarde beërwe". "Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi".

---

[1] *Die Bondsbode,* Jan.—Feb. 1964.

16. DIE VRUG VAN DIE LAND [1]

"In die dag sal die Spruit van die Here wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel" (Jes. 4:2).

— Immigrasie kan selfs lei tot ondergang van 'n volk, tensy 'n wit gelaatskleur vir ons die enigste kenmerk geword het vir ons volk.

— Die volk wat nie kan bou op sy huisgesinne nie, en wat nie meer gebou word uit sy huisgesinne is, is gedoem tot ondergang.

— Gebrek aan geboortes is 'n duur besparing.

— Die ware betekenis van die vyfde gebod.

Die koms van Christus in die vlees het veral te doen met die huisgesin: Die geboorte van 'n Kind. Maar dit het ook te doen met land en volk. Die huisgesin staan tog nie los van land en volk nie. Gaan die huisgesin, dan gaan ook land en volk. Land en volk sal ons nie kan behou met immigrasie nie. Dit kan 'n (bykomende) seën wees, maar ook tot 'n groot vloek. Dit hang alles daarvan af waarmee ons ons geledere aanvul. Dit kan selfs lei tot ondergang van 'n volk, tensy 'n wit gelaatskleur vir ons die enigste kenmerk geword het vir ons volk. In ieder geval sal dit ons nie teen ondergang behoed nie. Die volk wat nie kan bou op sy huisgesinne nie, en wat nie meer gebou word uit sy huisgesinne nie, is gedoem tot ondergang. 'n Volk wat vir sy voortbestaan afhanklik geword het van aanvulling van buite, is besig om onder te gaan.

Gebrek aan geboortes is 'n gevolg van 'n sug na weelde. Dit is 'n besparing met die oog op weelde, genot en gemak. Dit is 'n duur besparing. Dit lê die volkslewe op die altaar van eie gerief. Miskien kry ons netnou helde wat hulle lewe wil lê op die altaar van die volk. Miskien is dit helde wat eers gehelp het om die wortel van die volkslewe af te sny: Kinders vir die volk. Weelde, gemak- en genotsug was nog altyd een van die vernaamste oorsake van die ondergang van volkere, ook daarin dat jy 'n ander volk vir jou laat werk as houtkappers en waterputters.

'n Afbreker

Gebrek aan geboortes kan ook 'n diepere, miskien meer onselfsugtige, oorsaak hê: Om die bloedjies 'n donker toekoms in die land te bespaar. Wat 'n verskriklike sirkelgang: Geen vertroue in die toekoms van land en volk nie, en nou self, deur hierdie gebrek aan vertroue, 'n afbreker van die toekoms en aandadig aan die ondergang van volk en vaderland. Waar is die vrug van hierdie land? Waarom is hulle min — die toekomstige erfgename van die grond of die besitting? Is dit dat die enkeles 'n groter deel, 'n beter begin, sal kry? *Daar is ander wat gereed sit om dit in te neem, ander wat baie is en nie het nie.* Ons moenie Kommunisme in die openbaar bestry en in ons huise bevorder nie. Die volk staan op die bodem van die huis. Die toekoms van land en volk staan en val met die vrug van die land. As dit verskrompel dan is dit die boom wat verdor. Dan is die boom nie werklik in die land gewortel nie. Hy wil die vrugte van die land geniet, soos die slegte landbouers van die gelykenis (Matt. 21:33-46). Of: Hy glo nie aan die toekoms van die land en aan die toekoms van die volk nie — soos Agas, wat hulp in die buiteland gaan soek het (altyd 'n baie duur hulp), en uit ongeloof die teken van die Here geweier het.

Die bekende profesie van die "maagdelike geboorte", die teken van Jes. 7:14 wat Agas ontvang, staan in die gedeelte van Jesaja (hoofstukke 1-7), wat beheers word deur die gedagte van die land en sy vrugte en die Vrug van die land, en moet in hierdie lig gelees word. Christus is die Spruit, die Vrug van die land. Die Kind wat gebore is, is uit die hemel. Maar Hy is gebore uit 'n vrou. Hy is van hemelse afkoms, maar het ook 'n aardse afkoms. Hy het sy geboortegrond gehad, sy vaderland, sy moedertaal, soos ons Hom hoor roep aan die kruis, as Hy van sy Vader verlaat word. Die terugkeer van die

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 65, nr. 1680, 16 Jan. 1963, p. 4, 6.

ontwortelde Israel was vir niks anders nie as dat Christus, die Israel, in sy land gebore sou word. Daar moes Hy gebore word, in Betlehem, by name (Miga 5:1), die Vrug van die land.

Sonde en ontug

Ook sou Hy wees tot "sieraad en heerlikheid", tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. Die ware versiering in plaas van die ydele getooi en vertoon van blare, die weelde-getooi van "oorversiersels" en "hoofversiersels" en "pronkgordels" en "pronkgewade", van "handsakkies" en "handspieëltjies" en "tulbande" en "wye mantels" (Jes. 3:18-23). By hierdie uitwendige versiering en weelderigheid het hulle hul sierlike land ontsier deur sonde en ontug. *Die mooi plekke van die land, waar die terpentynboom groei, het plekke van sonde geword en van ontug* (Jes. 1:29), *soos die natuurlike parke en fonteine naby ons stede, die pragtige strande, die mooi plekke en baie vakansie-oorde van ons mooi land.* Daarom sou dit met die volk gaan soos met hulle land, soos die terpentynboom waarvan die blare verdor, en soos 'n tuin wat geen water het nie (Jes. 1:30). Daarvoor het die Here tog nie die mooi land gegee nie. Dit sou 'n verwoesting word en 'n wildernis (Jes. 6:11) net soos hulle, die tuin van verlustiging, wat wilde druiwe voortgebring het (Jes. 5:2, 7) ... totdat die Spruit sou kom, die Vrug van die land "tot sieraad en heerlikheid" en "tot hoogheid en versiering" vir die vrygeraaktes van Israel. Hy sou die ware versiering wees vir die land en die ware versiering bring vir die volk, wat bestaan in "die verborge mens van die hart, in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God" (1 Petr. 3:4).

In Christus, die Vrug van die land, is die toekoms van land en volk verseker

Ons glo tog in die Opstanding uit die dode. Die wonder van die afgekapte boom is die spruit (Jes. 6:13, vgl. Jes. 11:1). Ook so was Christus die Vrug van die land, die Koringkorrel wat sterf om nie alleen te bly nie, maar baie vrug te dra (Joh. 12:24; Jes. 53:10), die Eersteling van die wat in Christus ontslaap het (1 Kor. 15:20). Die land is dan werklik 'n dode-akker, waar gesaai word in verganklikheid en opgewek word in onverganklikheid en waar gesaai word in oneer en opgewek word in heerlikheid (1 Kor. 15:42, 43). Die wonder van die dorre aarde is altyd weer die nuwe uitspruitsels. Dit wys al na die nuwe aarde waarin geregtigheid woon (2 Petr. 3:13; Jes. 66:22). So sal ook hulle nageslag en hulle naam bestendig wees (Jes. 66:22). Dit is woorde vir Israel. Maar ook in Christus, vir elke volk.

Geloof in Christus, die Vrug van die land, beteken geloof aan die toekoms van land en volk en daarom ook vrugte vir die land: Kinders, 'n Gelowige volk is 'n volk wat groei. Dit is nie so dat die belofte by die vyfde gebod "dat julle lank sal lewe in die land wat die Here julle God aan julle gee" in die Nuwe Testament verval het nie. In die lig van die vervulling het dit geword: Vir altyd.

17. KONINKRYK EN NASIES [1]

> " ... *en voor Hom sal* al *die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei"* (Matt. 25:32).
>
> " ... *die een sal aangeneem en die ander verlaat word"* (Luk. 17:34-39).

Uit hierdie woorde by Matthéüs is dit duidelik, dat dit by die wederkoms van Christus en die uiteindelike oprigting van die Koninkryk om nasies gaan. Ons sien hier nasies voor die Regterstoel staan. Sekerlik, dit gaan ook om individue. Dit is duidelik uit 2 Kor. 5:10, om maar een van die baie plekke te noem. Elkeen sal daar op sy eie voor Christus staan, met alles wat dit inhou. Maar ons moet nie vergeet nie: *Nasies sal ook voor Christus verskyn, as nasies,* elke *nasie.*

So word ons daaraan herinner, dat Christus se Koningskap oor al die nasies gaan, ook oor die nie-Christelike nasies. *"Al die nasies sal voor Hom versamel word".* Sy Koninkryk omvat die nasies. Daar sal die nasies rekenskap moet gee, wat die een teen die ander gedoen het (Amos 1:1-2:3). Dáár sal dit seker eers aan die lig tree wie die eintlike skuldige(s) was by volksrampe wat hier veroorsaak is. Dit sal egter nie alleen gaan oor verhoudinge na buite nie, maar ook oor verhoudinge na binne (Amos 2:4-9), oor die optrede van die een volksgenoot teenoor die ander, soos Matthéüs dit hier verderaan beskrywe. Ons moet hierdie "hongeriges", ens., nie net sien as gelowiges wat honger ly nie. Dit sal ook gaan oor ons optrede teenoor die "vreemdeling" in ons midde. In dit alles is ons nasies nie maar net verantwoording skuldig aan onsself, of aan ander nie, maar aan die Here, die Koning van die konings.

Net die naam

Die "afskei van mekaar", die apartsetting, moet ons sekerlik nie opvat as 'n skeiding tussen Christelike nasies aan die een kant en nie-Christelike nasies aan die ander kant, sodat die Christelike nasies die "skape" en die nie-Christelike nasies die "bokke" is nie. Moontlik sal daar nasies wees waar die Christendom nog nie deurgewerk het "op alle terreine van die lewe" nie. Ook in hierdie opsig kan die Koninkryk baie onverwags wees. Onverwags kan ook Christelike nasies aan die linkerkant te staan kom in sover hulle net die naam het, die vorm, in hulle instellinge en insettinge, maar nie die ware geloof nie; die deurwerking (en nawerking) van die Christendom en nie meer die wortel nie.

Hoe sal die skeiding dan wees?

Matthéüs leer in wat volg op vers 32, dat die skeiding sal wees in die nasies en deur die nasies heen, 'n skeiding tussen die gelowiges en on(skyn-)gelowiges in elke nasie. Dit sal die groot apartsetting wees, dáár.

Wie (of, wat) word gered en wie (of, wat) gaan verlore? " ... die een sal aangeneem en die ander verlaat word". Tot driemaal toe word hierdie droewige woorde herhaal. Dit gaan hier om die intiemste lewensverbande en verhoudinge. Dit word deursny van familiebande, volksbande. Dit lyk of hierdie natuurlike lewensbande hier opsy gesit word. Dit is egter nie so nie. Dit word nie opsy gesit nie, dit word deursny...

Die wat behoue bly, is die gelowiges.

Wát behoue bly is die geslagte, in hulle gelowiges, en die nasies, in hulle gelowiges

Dit is nie die gelowiges wat afgesonder word uit hulle geslagte en uit hulle nasies, sodat hulle nou al by voorbaat onverskillig moet begin staan teenoor familie en volk nie. Nee, die ongelowiges is per slot van rekening die kaf wat verwyder word uit hulle geslagte en uit hulle nasies. So kom die nasies in die .gerig. Dit is om gelouter te word, soos 'n mens silwer louter.

Dit is wat Johannes die Doper reeds geleer het omtrent die byl wat aan die wortel lê

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 65, nr. 1678, 12 Des. 1962, p 5, 7, 9.

en die bome wat uitgekap word. Die tuin bly (Matt. 3:10). Die tuin — die gelowiges in hulle geslagte en in hulle nasies. So het Petrus ook gespreek, met verwysing na 'n woord van Moses: "....elke siel wat nie na die Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word" (Hand. 3:23). Daarvoor is die familiebande en bande met die volk ook daar om mekaar te meer op te wek om na die Profeet te luister.

18. VIR VOLK EN VADERLAND [1]

> *"As ons Hom so laat begaan, sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasies albei afneem... dit (is) vir ons voordelig dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie"* (Joh. 11:48, 50).

Jesus word hier geoffer op die altaar van volk en vaderland. Ook Jesus kom so in die ry te staan van sovele wat hulle lewe moes gee en gegee het vir die behoud van volk en vaderland. Hy, één vir baie.

Dit is voordelig, sê Kajafas, en spreek daarmee 'n algemeen aanvaarde waarheid uit. Die lewe van volk en vaderland is tog meer werd as van een; die voortbestaan van die gemeenskap as die van die indiwidu. Daarom moet 'n mens jou lewe feil hê vir volk en vaderland. Dit is gewoonlik die kostelike lewes wat geoffer word op die altaar van volk en vaderland. Dit is die lewe in sy bloei en in sy volle krag wat neergevel word op die slagvelde. Maar hoe kostelik en waardevol ook, dit is altyd die lewes van enkelinge, ter wille van die voortbestaan van die gemeenskap. 'n Mens kan ook sê dat 'n volk eers 'n vaderland sy eie kan noem, as sy bodem gedrenk is met sy eie bloed. Altyd, natuurlik, slegs vir die verdediging daarvan teenoor die veroweraar. Die vergote bloed verbind vaderland en volk onlosmaaklik aan mekaar.

Helde en verraaiers

So sterwe baie op die altaar van volk en vaderland op die slagveld, as helde. Andere voor die vuurpeloton en aan die galg as verraaiers. Wanneer die lewe van 'n indiwidu 'n gevaar inhou vir die bestaan van die volk, het die owerheid die reg en die plig om so 'n enkeling te neem en dood te maak ter wille van die bestaan van die gemeenskap, die baie. Dit is soos Jesus sy lewe moes offer vir volk en vaderland. Sy dood was 'n kruisdood. Die kruis van toe is niks anders nie as die galg van vandag. Jesus kom dan in die ry te staan van hulle wat hulle lewe geoffer het, nie as helde op die slagvelde nie, maar as verraaiers aan die galg. Jesus het gesterf aan die kruis as politieke misdadiger, as agitator. "As ons Hom so laat begaan, sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem".

Of dit dan as helde is of as misdadigers, dit is die enkeling wat sy lewe offer, of wie se lewe geoffer word vir die gemeenskap. Dit is die lewe van die enkeling wat opgaan in die gemeenskap, want die volk, die gemeenskap is meer as die enkeling.

Enkeling raak verswelg

Hierdie leer van Kajafas het vandag die vorm van 'n ideologie aangeneem in die (nasionaal) Sosialisme en in die Kommunisme. In albei gevalle gaan die enkeling op in die gemeenskap. Dit gaan nie om die voortbestaan van die enkeling nie, maar om die volk of die mensheid. Die mense is golfies wat kom en gaan. 'n Gelukkige volk, of 'n gelukkige mensheid, eendag, as ons nie meer bestaan nie, maak dit die moeite werd dat ons geleef het. Dit is die enigste troos van hierdie ideologieë.

In die gedeelte wat voorafgaan (Joh. 11:1-44) is dit egter duidelik dat dit by Jesus gaan om die redding van die enkeling, en dan nie net vir die tydelike lewe nie, maar uit die dood en die graf, vir die ewige lewe. Die treffende is, dat dit juis die oorsaak word dat Jesus moet sterf vir die gemeenskap. So knoop hierdie gedeelte by die vorige aan. Nou moet Jesus sterf. Lasarus, wat Hy uit die dode opgewek het, ook (Joh. 12:10).

As ons nou 'n plek soos Jes. 49:9 lees naas Joh. 11:43, dan is dit duidelik dat die woord waarmee Jesus Lasarus uit die graf roep, dieselfde is as die waarmee God sy volk geroep het uit die ballingskap. Dit gaan daar om die behoud van volk en vaderland, " ... Ek gee u as 'n verbond van die volk, om die land weer op te rig, om verwoeste erfenisse te laat beërwe..." (Jes. 49:8).

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 62, nr. 1567, 5 Okt. 1960, p. 2, 5.

Die gangbare verklaring is dan (ook in gereformeerde kringe!): Die verlossing van die volk Israel is maar net simbool van die verlossing van die enkeling. So word dan die hele O.T. profesie, wat te doen het met die volk Israel en sy vaderland vergeestelik en geïndiwidualiseer, d.i. van toepassing gemaak slegs op die enkeling.

Soos die uitspraak van Kajafas die enkeling laat verdwyn in die volksgemeenskap, so bring hierdie laaste beskouing in 'n lyn met ('n soort "Christelike") liberalisme en indiwidualisme wat ons onverskillig maak vir volk en vaderland, of ten minste 'n tweespalt bring tussen ons godsdienstige en ons nasionale lewe.

As ons die Skrif so lees, dan lees ons dit verkeerd.

Inderdaad is die geskiedenis van Israel simbolies, maar nie van enkelinge nie, maar van Een, naamlik Christus. Die ballingskap en terugkeer sien op Christus wat plaasvervangend gesterf en opgestaan het "vir die volk". "En nie alleen vir die volk (Israel) nie, maar ook *om* die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg" (Joh. 11:52), d.i. die gelowiges uit alle volkere. Ook die gelowiges gee hul lewe vir volk en vaderland en verbly hul grootliks in die vooruitsig om weer terug te ontvang, waarvoor goed en bloed geoffer is. In sy gelowiges staan 'n volk ook op, geestelik en liggaamlik, om sy vaderland as ewige erfenis op die nuwe aarde te ontvang.

19. VAN VOLK TOT VOLK [1]

> Jer. 25:32: *"So sê die Here van die leërskare: Kyk onheil gaan uit van volk tot volk".*
>
> Luk. 24:46, 47: "En *Hy sê vir hulle: So is geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem* of en *verder".*

Die Bybel is ook 'n Boek vir nasies. 'n Boek waar alle nasies, watter ook, by betrokke is. Jeremia het 'n Woord van die Here vir elke nasie. Met name word hulle opgesom in hoofstuk 25 vanaf vers 18 "... suiwer nasies" en ook nasies met "gemengde bevolkings", ja, "al die koninkryke van die aarde". Die Bybel het vir die nasies 'n boodskap — 'n tweeledige: 'n Heilsboodskap "van volk tot volk", "van Jerusalem af en verder" (Luk. 24:46, 47). Maar ook — 'n onheilsboodskap: "Kyk onheil gaan uit van volk tot volk" (Jer. 25:32), ook van Jerusalem af en verder. Lees Jer. 25:18-26. In Handelinge word die heilsboodskap verhaal soos dit gaan van volk tot volk, van Jerusalem af en verder. As Christelike volk staan ook ons in diens van die heilsboodskap soos dit nou gaan van volk tot volk.

Maar, die Woord van die Here, die Boek vir die nasies bevat ook 'n onheilsboodskap vir die nasies. Hoe graag ons ook wil hê dat daar liewer nie onheilsprofete moet wees nie, die evangeliepredikers, die boodskappers van die heil (Jes. 52:7) is ook boodskappers van onheil. Jesus, die Prediker van die heil, was ook 'n Prediker van onheil. Jesus het die ondergang van hierdie wêreld vas en seker gepredik.

Die heilsboodskap en die onheilsboodskap is één

Die onheilsboodskap is om te bring by die boodskap van heil, en is ook bedoel vir die wat die heilsboodskap nie aanneem nie. Ook vir die wat hoor en hoor, sodat hulle nie meer hoor nie en bestempel moet word as "'n nasie wat na die Here nie geluister het nie" (Jer. 7:28), soos gedurig herhaal in ons hoofstuk (25:3, 4, 7, 8) en in die hele boek Jeremia. Dán kom die onheilsboodskap om weer te laat luister na die heilsboodskap in Christus.

Daar gaan vandag 'n onheilsboodskap "van volk tot volk". Dit gaan deur die hele wêreld — die gedruis en gedreun nie net van 'n "wilde barbaredom" en van Rusland nie, maar ook van Amerika en Frankryk met hulle kerntoetse, al is dit ondergronds. Luister daarna as aksentueringe van Gods Woord: Dieselfde Woord wat die heilsboodskap bevat, die evangelie van verlossing ook vir nasies. "Welgeluksalig is die volk wat die geklank ken..."

In die middel

Die heilsboodskap en die onheilsboodskap klink baie eenders: ondergaan en opstaan. Dit plaas die Christusgebeure in die middel van die geskiedenis. Dit is tog waarby die heilsboodskap vir die nasies aanknoop: Luk. 24:46-47. So beheers die kruis die wêreldgeskiedenis. Daardie "moet" van Luk. 24:46 lê oor die lewe van elke volk, van elke mens, gelowig of ongelowig. Dit is die heilsboodskap en ook die onheilsboodskap, met hierdie verskil:

Die heilsboodskap: ondergaan — opstaan.

Die onheilsboodskap: opgaan — ondergaan.

So seker as daar vir elke nasie (en beskawing) 'n opgang is, so seker ook 'n ondergang, soos vir elke ongelowige. En, so seker as wat daar vir elke nasie 'n ondergang is, so seker ook 'n opstaan in Christus, soos vir elke gelowige. Verder: soos die heilsboodskap die wêreld ingaan met die Doop "van volk tot volk" (Matt. 28:19) en

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 61, nr. 1544, 27 April 1960, p. 9, 17.

met die nagmaal (Luk. 22:16-20), so gaan ook die onheilsboodskap van volk tot volk, met die teëbeeld van die Doop en van die Nagmaal. Hier is die teëbeeld van die Nagmaal: "Neem hierdie beker van die wyn van grimmigheid uit my hand en gee dit aan al die nasies ... Drink sal julle!" (Jer. 25:15-28). Ons hoor daar weer van aan die einde (Openb. 19:15). Dus, die een of die ander: Of die bloed van Christus òf gedrenk in eie bloed.

Daar is ook die teëbeeld van die Doop, van "indompeling". Die ander "redding" van nasies: Indompeling in die wêreldmag; "opgaan" in die eenheid van Babel, om te dink soos die wêreld dink en te wees soos die hele wêreld is, op straf van ontsegging van lewensmiddels, van die tafel van die wêreld; op straf van sanksies, van ekonomiese boikot. Hiervan lees ons in Openb. 13:16-18. Maar oor hierdie opkomende wêreldmag, soos oor elke wêreldmag, staan geskrywe: Ondergang! (Openb. 18:2).

Aftakeling

Ons belewe tans die aftakeling van so 'n wêreldmag — die Westerse. Dis die onheilsboodskap vandag "van volk tot volk". Ons sien daarby hoe vryheid kan lei en ook lei tot chaos. Wat moet ons doen? Self luister, te midde van die rumoer van die volkere, en die opstandige nasies laat luister na die heilsboodskap van Christus, wat ondergegaan en opgestaan het vir alle nasies. In sy Naam hulle doop. Hulle leer onderhou alles wat Hy ons beveel het. Ook deur ons voorbeeld.

20. JESUS EN DIE SAMARITAANSE [1]

> *En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie* — (Joh. 4:9).

— Verkondig net God se Woord. Dan is die jag na aktualiteit oorbodig.

— Die nasies het mekaar nodig.

— Die Christendom benadruk die afhanklikheid van alle nasies van Christus.

— Die saligheid is nie van nie, maar uit die Jode. Nasies word gebruik om die Evangelie aan mekaar te bring.

— Het ons nie van die Evangelie iets Westers gemaak nie?

— Om draer van die Evangelie te wees, is 'n groot verantwoordelikheid. Daar is egter groot heil in opgeslote, nie net vir die wat dit ontvang nie, maar ook vir die wat dit bring.

Ons hoef die Woord van die Here nie aktueel te maak deur die prediking nie. Die Woord van die Here is aktueel. Ons moet maar net die Woord predik. Dan is ons prediking aktueel. Lees maar Joh. 4:9: "En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: ‚Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie' ". Met hierdie woorde is ons meteen geplaas midde in ons tyd en omstandighede: Weiering om van mekaar iets te weet, met mekaar iets te doen te hê, mekaar iets te gee of van mekaar iets te ontvang, op grond van aparte nasieskap. Dit is, in moderne taal, boikot, soos die wat op die oomblik op ons toegepas word. Dit is ook iets wat ons by die naderende einde moet verwag. Volgens Openb. 13:16 en 17 is dit die tugmiddel van die antichris om die wêreld eenders te maak, eenders te laat dink en voel, en om geen verskil van mening en optrede toe te laat nie. Dit, deur die deelname aan mekaar se lewensmiddele te ontsê.

Wat het die Woord van die Here vir ons in hierdie baie aktuele saak en situasie te leer? Die Here sê vir ons: Die een (ook die een nasie), het die ander nodig. Nie een (ook geen enkele nasie) is selfversorgend nie. Die een het die hulp van die ander nodig, wedersyds. Dit is die groot betekenis vir ons, nou nog, daarvan dat Jesus, wat 'n Jood was vir 'n vrou wat 'n Samaritaanse was gevra het: Gee vir My water om te drink; dat Jesus, wat die Seun van God was, Die Selfgenoegsame, vir 'n vrou, wat 'n nietige mens was, gevra het: Gee vir My water om te drink.

Wie Jesus is

In sy antwoord aan die Samaritaanse vrou wat Hom maar net aansien vir 'n Jood, sê Jesus Wie Hy inderdaad is en waaroor Hy beskik: "As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink..." Oor die alomvattende en vir almal onontbeerlike gawe beskik Jesus nie as Jood nie, maar as Seun van God. Dit sou anders lei tot die uiterste imperialisme: afhanklikheid van alle nasies van die Joodse, en verjoodsing van die hele wêreld, soos bv. wanneer die gedagte vandag by Amerika sou bestaan om die wêreld te Amerikaniseer, soos dit by die Britte bestaan het om die te Angliseer, by die Duitsers om dit te Germaniseer, en by die Roomse om dit te Katoliseer, ens., in plaas van dit werklik te Christianiseer. Die Christendom maak almal, alle nasies, alleen afhanklik van Christus, en nooit eensydig afhanklik van mekaar nie, al is hulle van mekaar afhanklik.

Tog is Christus, die Seun van God, na sy menslike natuur afkomstig uit die Jode. "Die saligheid is" wel nie van die Jode nie, maar tog "uit die Jode" (v. 22). God gebruik die een nasie om die Evangelie te bring na die ander. Dit is die wesenlike van sending. Dit beteken dat die Kerk onder die een nasie die Evangelie oor die eie grense sal bring na

---

[1] *Die Kerkblad,* jg. 62, nr. 1561, 24 Aug. 1960, p. 13, 14.

die ander. Dit hou die moontlikheid in dat ook die Evangelie onderwerp kan word aan boikot. Dit is ook baie aktueel: Die Ooste, wat die Christendom verwerp as Westers; naturelle wat die Evangelie met argwaan bejeën, omdat dit kom van die blanke. Het die Weste daar nie groot skuld aan nie? Het die Weste nie van die Evangelie iets Westers gemaak nie? soos die Jode dit wou verjoods. Word blankedom en Christendom nie ál te veel deur ons vereenselwig nie? Dan moet ons ons nie daaroor verwonder dat die Ooste die Evangelie nie wil ontvang nie, omdat dit uit die hand van die Weste ontvang moet word; dat die gekleurde dit nie wil ontvang uit die hand van die blanke nie, en dat hulle in hulle verwerping van die heerskappy van die blanke Weste ook die Christendom verwerp, soos die Samaritaanse niks aan Jesus wou gee en van hom wou ontvang nie, omdat Hy 'n Jood is.

'n Wonder

Daar het egter 'n wonder gebeur, 'n groot omkering. Eers vra Jesus: "Gee vir My water om te drink". Nou die vrou: "Here, gee my... water..." Die verandering is dat die vrou wat vir Jesus nie water wou gee om te drink nie, nie maar gewillig geword het om dit te gee nie, maar dat sy nou water gevra het, sy vir Hom. Dit is omdat sy agtergekom het Wie Hy was: nie maar 'n Jood nie; en, wat die gawe was wat Hy gebring het: nie maar 'n Joodse gawe nie. Kan die wonder nog gebeur? Die omkering? Dat arme Afrika nie maar gewillig sal wees om te gee nie, maar selfs om te ontvang, ál is dit van 'n blanke? Dit kan: As ons dit maar net baie duidelik laat wees: Dit gaan nie om ons nie; dit gaan om Christus. En: dit gaan nie om iets van ons nie, maar om 'n (direkte) gawe van God; as ons maar daarin kan slaag om die Evangelie suiwer deur te gee, sonder Westerse bymengsels en bymotiewe.

Die geskiedenis begin daarmee dat Jesus vra: Gee vir My water om te drink. Dit eindig hiermee dat Jesus vir sy verwonderde dissipels kon sê: "Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie" (v. 32). Ook Jesus het verkwikking ontvang: "My spyse is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het..." (v. 34).

Die verkwikking vir die vrou was: Om vergewing te ontvang en die ewige lewe. Die verkwikking vir Jesus was: Om vergewing te skenk en die ewige lewe. Daar is 'n groot verantwoordelikheid aan verbonde om draer te wees van die Evangelie, van die gawes van God. Maar daar is groot heil in opgeslote, nie net vir die wat dit ontvang nie, maar ook vir die wat dit bring.

21. DIE WONDER VAN AANNEMING [1]

> *Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is* — (Joh. 1:11-13).

Die opspraakwekkende hartoorplanting het ook die betekenis dat dit ons die ou Bybelse waarhede nuut laat verstaan. Ons dink hier veral aan die wonder van Inkarnasie, die Vleeswording van die Woord. Dit is die Woord waarmee die evangelie van Johannes begin en waarvan hy sê: "In die begin was die Woord en die Woord was by God, en die Woord was God". Hoewel die Woord self God was, was daar tog 'n groot verband tussen Hom en die Skepping, want "alles het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie".

Daarom kon Johannes sê by die koms van die Woord, die Seun van God in die vlees: "Hy het na sy eie gekom". Hy het na hulle gekom wat aan Hom hulle bestaan, ja, hulle lewe, te danke het. "In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense". Hulle was op Hom aangelê soos die oog op die lig en die liggaam op die lewe. Die koms van Christus is dan ook bekend as die wonder van die Inkarnasie. Ons kan dit ook noem Inkorporasie, of Inplanting.

Ingeplante woord

Die Brief van Jakobus spreek inderdaad van die *ingeplante woord:* "Ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red". Dit is "die woord van die waarheid waardeur ons voortgebring is, sodat ons die eerstelinge van sy skepsele kan wees". Die koms van Christus was die inplanting van die lewe in die liggaam van 'n sterwende mensheid. 'n Mensheid vir wie daar anders geen hoop meer was nie, iets soos wat by die hartoorplanting gebeur het. Die laaste het geweldige groot opspraak verwek, tot aan die uiterstes van die aarde. Die groot inplanting in die liggaam van 'n sterwende mensheid het in die grootste stilte geskied.

Hier was egter ook 'n groot teleurstelling. Johannes sê: "Hy het na sy eie gekom en sy eie het Hom nie aangeneem nie". Ons kan dit ook omsit in die taal waarmee ons in die jongste tyd so vertroud geraak het: Hy is deur die liggaam (van mensheid), waarin Hy ingeplant is, verwerp. Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. In hierdie enkele woorde beskryf die Bybel vir ons, in 'n taal wat ons nou nog beter kan verstaan, die tragiek van die mensheid. Dit het hier inderdaad gegaan om die inplanting van 'n nuwe Hoof in die plek van die verdorwe hoof van die mensheid. Hom, die ingeplante Hoof, het die liggaam nie aangeneem nie. Die liggaam het Hom verwerp.

Ons ken die geskiedenis van die verwerping. Magte in die liggaam van die mensheid het in reaksie gekom teen die nuwe ingeplante liggaamsdeel. Magte van verset is wakker geroep in die liggaam. Die liggaam wou Hom nie aanvaar nie. Reeds by sy koms was daar nie plek vir Hom nie. Ons sien Herodes, die maghebber, in beweging kom teen die Lig, die mag van die dood gemobiliseer teen die Lewe. So was die hele geskiedenis van Jesus 'n geskiedenis van verwerping deur sy eie. Hulle het nie gerus nie voordat hulle Hom uitgewerp het aan die kruis.

Onbegryplike reaksie

Hierdie reaksie is so onbegryplik. Die apostel Petrus sê hiervan: "Die Leidsman tot die *Lewe* het julle *doodgemaak".* Dit word deur hom nog aangrypender beskrywe. Hy sê: "Julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n *moordenaar* aan julle geskenk word en die Leidsman tot die lewe het julle doodgemaak". Die onsinnigheid van verwerping sien ons ook hierin uitkom dat die Vors van die lewe, wat gekom het om lewe te gee en dit ook getoon het, o.a. deur die opwekking van Lasarus, moes sterf. Die

---

[1] *Woord en Daad,* jg. IX, no. 65, Februarie 1968, p. 9, 11.

opwekking van Lasarus was selfs die oorsaak van die beslissing dat Hy moes sterf, sê Johannes. Hulle het selfs besluit om Lasarus wat deur Jesus uit die dode opgewek is, ook dood te maak.

Dit lyk alles so onmoontlik. Met wat hier onder ons gebeur het, is dit op 'n treffende wyse by ons tuisgebring: Die verwerping deur die liggaam van 'n oorgeplante orgaan, wat die lewe moet red. Ons het die verwerpingsprobleem leer ken as die probleem by oorplanting. Dit is egter die ou probleem. Dit is wat die liggaam van die ou mensheid gedoen het by die inplanting van sy nuwe Hoof. Die verwerping gaan nog steeds deur.

Ons kan ons maar net afvra hoe staan ons wêreld vandag met sy wetenskaplikheid, ook die wetenskaplike Christelike wêreld, teenoor die verskyning en die geskiedenis van Jesus. Ons bedoel: teenoor die opwekking van Lasarus wat al dae dood was en waar dit nie maar gegaan het om 'n klein verlenging van 'n sterwende lewe nie. Hoe sou dit vandag staan met die geloof in die opstanding van Jesus self, en met die geloof in die toekomstige opstanding uit die dode?

Die reaksie van ons moderne tyd en ook van die Christendom, "sy eie", is grootliks verwerpend, as dit gaan om die letterlikheid van hierdie waarhede.

Die wonder van die aanneming

Die apostel Paulus spreek ook van hierdie negatiewe reaksie. Hy sê daarvan: "Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie, want dit is vir hom dwaasheid" (1 Kor. 2:14). En: "Wat die vlees bedink, is die dood, wat die Gees bedink is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink vyandskap is teen God, want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Rom. 8:6, 7). Die natuurlike mens kan hierdie dinge (die wonder van die vleeswording, van die opstanding) nie aanneem nie, al wil hy. Maar hy wil ook nie. Ons sien hier ook die grond van die negatiewe reaksie. Dit is vyandskap *teen God.* Die mens wil nie deur God se wondermag gehelp wees nie. Hy glo nie daarin nie. Hy wil homself red deur sy eie kennis en mag.

Innerlike wonder

Waar Johannes spreek van die verwerping, spreek hy ook van *aanneming.* Daar was en is inderdaad ook aanneming. Dit is die ligstraal in die donker: "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo". Maar in een asem word hier ook gespreek van die wonder van die aanneming: " ... hulle wat in sy Naam glo, wat nie uit die bloed of uit die wil van n man nie, maar uit God gebore is" (Joh. 1:11-13).

Naas die wonder van die inkarnasie is daar ook die (innerlike) wonder van akseptasie. Sonder die laaste baat die eerste nie. Die geboorte van Jesus is die wedergeboorte van 'n sterwende mensheid. Hy is deur die liggaam verwerp. Maar God het self gesorg vir die aanneming — deur die geloof. Dit doen Hy deur die innerlike wonder van die wedergeboorte. Dit is die goddelike voorsorg in die aanneming.

Op treffende wyse het ons die noodsaaklikheid van die aanneming leer ken. By die inkarnasie, die inplanting van die lewende in die liggaam van 'n sterwende mensheid, is ons gestel voor die dringende vraag van aanneming. Aanneming is om te glo — "Almal wat Hom aangeneem het... hulle wat in sy Naam glo", sê Johannes (1:12). Maar om te glo, is ook om van harte aan te *neem,* en daarom maak die geloof ons Christus en al sy weldade deelagtig. "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe".

22. DIE SIMBOLIEK VAN DIE GETALLE IN OPENBARING [1]

Hier kom die wysheid te pas — (Openb. 13:18a).

Dit word dikwels gesê dat die boek Openbaring verwarrend is. In sekere sin is dit waar. Dit bevat wêreldgeskiedenis, en die wêreldgeskiedenis is dikwels baie verwarrend, soos nóü weer. Dit is nie altyd maklik om die deurlopende lyne in te sien nie. Tog is dit daar. Dit is die volvoering van God se raadsplan waar alles vas en seker is. So ook Openbaring. By nadere beskouing blyk dat ons hier te doen het met 'n goddelike kunswerk, waarby elke onderdeel pas in die geheel en alles bereken is tot in die kleinste besonderheid. Dit blyk veral uit die getalle. Ons het hier 'n heilige getalleleer. Die regte insig kan ons alleen kry deur die Heilige Gees (Openbaring 13:18). In Openbaring kom slegs sekere getalle voor. Dit is die volgende: 3; 3½ ; 4; 7; 10; 12; 24; 42; 144; 666; 1 000; 1 260; 1 600; 144 000. Dit is nie maar willekeurige getalle nie. Ons kan al hierdie getalle herlei tot drie, nl. 3, 4, 10. Hieruit is al die ander op een of ander wyse saamgestel. Ons let dus eers op hierdie drie getalle.

Die goddelike getal en die getal van die skepping

Drie is die goddelike getal. God is nie bloot één nie, maar die Drie-enige. Dit sien ons reeds by die seënbede, 1) van Hom wat is ..., 2) en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, 3) en van Jesus Christus (Openb. 1:4).

Vier is die getal van die *skepping* na sy vier windstreke (7:1, 2; 9:14; 20:8). Van betekenis is hier die vier lewende wesens. Ons vind hulle in die troongesig, waar hulle saam met die 24 ouderlinge God in sy oordele aanbid (4:6, 8) en ook die Lam wanneer Hy die Boek van God se raadsplan ontvang en open (5:14) en by die voltrekking (14:3), waarin hulle ook self deelneem (6:1 en 15:7). Hulle verteenwoordig die skepping. Ons leer: die hele skepping het deel aan die verlossing (Rom. 8:22). Die einde is 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde (Openb. 21:1).

Die getal 10 druk *afgemetenheid* en *afronding uit.* God het die hele wet saamgevat in 10 gebooie. Opmerklik is egter dat die getal 10 in Openb. nooit verbind word met God nie, maar altyd met Satan en sy magte. Smirna sal 'n verdrukking hê van 10 dae (2:10). Die lyding, hoe kort of hoe lank ook, sal 'n *einde* hê. Die draak, d.i. Satan, het 10 horings (12:3). So ook die dier uit die see, d.i. die Antichris (13:1; 17:3, 7, 12, 16). Dit beteken hulle mag sal tot 'n volkomenheid kom, maar sal 'n einde hê.

Die verbondsgetal

Dit bring by die saamgestelde getalle. Hier neem die getal sewe 'n besondere plek in. Dit is die grondgetal van Openbaring: sewe briewe van Christus met sewe sterre in sy regterhand aan die sewe gemeentes, die sewe goue kandelaars; sewe fakkels, nl. die sewe Geeste; 7 seëls, sewe basuine, sewe skale met die sewe laaste plae. Die Lam het sewe horings en sewe oë. Die draak het sewe koppe en sewe krone. So ook die dier uit die afgrond. Die dier, waarop die vrou sit, is sewe berge, d.i. sewe koninkryke.

Die getal sewe is saamgestel uit drie en vier. Dit beteken: verbinding van die Drie-enige God met die menslike geslag. Dit is die *verbondsgetal.* Hierby moet ook 'n tweede betekenis in die oog gehou word, in aansluiting aan die skeppingsweek, en so druk dit *volheid* uit.

Die sewe gemeentes simboliseer die Kerk van alle eeue. Die briewe van Christus is dus gerig tot die *hele* Kerk, tot elke gemeente. Elke gemeente sal hom op een of ander wyse terugvind in één van hierdie gemeentes. Dit sê ook *wat* die Kerk is: nie 'n vereniging van mense nie, maar 'n vereniging van God en mense, drie plus vier. Die sewe gemeentes val ook uiteen in drie en vier, vgl. die kortere slot by die laaste vier. Dieselfde indeling kry ons by die sewe seëls, die sewe basuine, die sewe plae. Ons kan

---

[1] *Die Bondsbode,* Jan.—Feb. 1951. Vgl. *In die Skriflig,* Des. 1971 (12-20), Mrt. 1972 (4-10), Junie 1972 (16-25); *Die Huisgenoot,* 28 Mrt. 1958, 31.

die sewe gemeentes verder onderskei na eweredige en oneweredige getalle: 1—3—5—7 word bestraf, 2—4—6 word aangemoedig. Die geskiedenis van die Kerk bestaan in groot trekke in deformasie en reformasie.

Boek Openbaring alles behalwe verward

Die leser het seker al opgemerk waarom hierdie heilige getal dan ook verbind word met Satan en sy magte. So ook die getal drie. Ons antwoord is: Satan is 'n nabootser. Teenoor die heilige Drie-eenheid kry ons die onheilige drie-eenheid; die draak, d.i. Satan, die dier uit die see, d.i. die Antichris, en die dier uit die aarde, d.i. die valse profeet; so ook, teenoor Christus, aan Wie gegee is alle mag in hemel en op aarde (Matt. 28:18), kry ons die *magsvolheid* van Satan saamgetrek in die antichris (Openb. 13:7).

Die getal sewe vorm ook die grondwerk van Openbaring. Die boek bestaan uit sewe dele: 1-3; 4-7; 8-11; 12-14; 15-16; 17-19; 20-21. Dit val ook weer uiteen in drie plus vier: 1 — die worsteling op aarde van die Kerk en wêreld (1-11); en 2 — die diepere agtergrond as 'n stryd tussen God en Satan (12-22). Die innerlike eenheid van die boek blyk ook hieruit, dat die sewe basuine voortkom uit die sewende seël, en die sewe plae uit die sewende basuin. Dit is dus duidelik dat die boek Openbaring alles behalwe verward is, maar dat dit noukeurig inmekaar sit tot in die fynste besonderhede.

Die ander saamgestelde getalle: 3½ (Openb. 11:9, 11) bring ook by 42 maande (11:2; 13:5) en 1260 dae (11:3; 12:6), d.w.s. 3½ jaar, ook genoem "'n tyd, tye en 'n halwe tyd". Dit is sewe, die getal van die volkomenheid, halfpad deurgesny. Dit sal gebeur met die prediking van die twee getuies, met die vervolging van die vrou in die woestyn, met die heerskappy van die antichris, maar ook die *dood* van die twee getuies, word afgebreek deur hulle opstanding.

O.T. en N.T. Kerk uitgedruk in getalle

Volgens hierdie rekenkunde is sewe en twaalf dieselfde, albei saamgestel uit drie en vier, die een drie plus vier, die ander drie maal vier: dieselfde gemeenskap met God, maar in die laaste geval veel inniger, as die vrug van die genadebedeling. Twaalf met sy samestellings is derhalwe die getal van die Kerk. Die vrou met die twaalf sterre (12:1) is die O.T. Kerk; 24 is die verbinding van die Ou- en Nieu-Testamentiese Kerk. Hoe fyn die boek Openbaring inmekaar sit, blyk ook daaruit dat daar 12 keer sprake is van die 24 ouderlinge.

Volgens hierdie berekening kan die 144 000 (Openb. 7:1-4) nie sien op die kerk uit die Jode nie, maar moet dit sien op die *geheel* van die uitverkorenes, en op die *innige eenheid* van die Ou- en Nieu-Testamentiese Kerk: 12 maal 12 maal 1000.

Die beskrywing van die triomferende Kerk, die nuwe Jerusalem (Openb. 21) word geheel beheers deur die getal 12. Dit is Openb. 21:3: "Kyk die tabernakel van God is by die mense" uitgedruk in heilige syferskrif. In die Kerk is egter die menslike geslag en die skepping verlos: die nuwe Jerusalem is 'n kubiek met sy vier kante gerig na die vier hoeke van die aarde. Sy prag straal uit in 12 edelgesteentes.

Die getal 666

Daar bly nog die getalle 1 600 en 666 oor. Die bloed uit die parskuip stroom 1 600 stadië (200 myl, 14:20) ver, d.w.s. ons het met die eindoordeel te doen: vier maal vier maal tien maal tien maal tien: die einde sal wees 'n wêreldslagting, waarin die ganse mensheid betrokke sal wees.

Oor die getal 666 is daar boekdele geskryf. Hiervan word gesê: Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal bereken, want dit is die getal van 'n mens (13:18). Dit is die mens-getal, die mens sonder God, die sondemens. Die getal sewe is die getal van die mens met God. Sonder God kom dit nooit tot rus nie. Rus is daar alleen in die gemeenskap met God deur Jesus Christus (Matt. 11:28).

23. GEDAGTES VIR VRUGBARE SKRIFSTUDIE [1]

Die vrugbaarste vir alle Skrifstudie is om die Skrif gereeld te lees — elke dag, minstens een uur as dit kan, en liefs as dit stil is in die môre voor die drukte van die lewe begin. En, om dit dan te lees soos dit moet gelees word, as *die Woord van God vir ons.* Wat 'n voorreg om die Bybel te hê en om ons dan so enige oomblikke te kan afsonder met die Woord van die Here vir ons. 'n Mens hoor van Christelike bewegings, soos die Morele Herbewapening, wat met die dagtaak nie aangaan voordat hulle 'n tydjie afgesonder het met die Here nie. Dit beteken dan om 'n tydjie stil te sit en te verneem wat die Here vir hulle sê. Daar sit iets goeds in en dit is navolgenswaardig as ons dan maar net luister na wat die Here vir ons sê uit sy Woord wat Hy vir ons gegee het.

Dit is goed om boeke te lees oor die Bybel. Maar niks kom by die Boek van die boeke nie. Dan kry die boeke oor die Bybel ook eers vir ons betekenis en kan ons die boeke oor die Bybel ook reg lees en dit om dit te lees met 'n oordeel van onderskeiding. Dit is onnodig om te sê dat ons die Bybel ook gereeld as huisgesin saam moet lees, soos ons dit gewoonlik doen aan tafel. Ons moet ons daaglikse godsdiens nie nalaat nie. Maar ons moet nie vergeet nie: ons godsdiens is ook 'n persoonlike saak. Elke lid van die huisgesin moet elke dag sy uurtjie hê met sy Bybel. Wat sê die Here vir my? En dan nie net maar oor my nie, maar ook oor alles waarvoor die lewe my stel.

En dan is dit die beste om die Bybel deurlopend te lees, telkens weer van vooraf. Altyd sal daar weer nuwe skatte te voorskyn kom. Hoe aangetrokke ons ook mag voel tot sekere gedeeltes van die Bybel, bv. die Psalms of die Bergpredikasie, ons moet altyd onthou dit is onderdele van die Bybel. Soos ons in 'n eentonige landskap soms onverwags op 'n aangrypende toneel afkom, so word ons soms op die aangrypendste wyse toegespreek in gedeeltes waar ons dit miskien nie verwag nie.

Dink maar aan die gelykenis van die kosbare pêrel en van die skat in die akker: Ons kan na die Bybel gaan om die kosbare pêrels daarin te soek, en ons sal dit seker vind. Maar ons moet ook gaan soos die man wat sy plig doen en spit en grawe en onverwags op die skat afkom, wat hy vir niks wil verkoop nie.

Ons keer weer terug tot die toneel in die landskap: Dit is eers in die geheelbeeld van die landskap wat daardie enkele toneel sy betekenis kry. Om die Bybel dan waarlik met vrug te lees, is wanneer ons dit so lees *dat ons nooit by die besonderhede die geheel uit die oog verloor nie.* Dit is die woorde van die Bybel. God spreek daarin "baie keer" en op "baie maniere" en dit val uiteen oor 'n tydperk van baie eeue, soos ons lees in Hebr. 1:1, en tog trek alles saam in één Woord en die Woord is Christus (Joh. 1:1). Eintlik moet ons sê: dit gaan in die Bybel om die *koms van Christus.* Nader: Die koms van Christus in vooruitsig (Gen. 3:17); die koms van Christus vervul (die Evangelies), en sy uiteindelike koms (Openbaring). As ons sê: Die koms van Christus, dan sê ons meteen: Die koms *van die Koninkryk van God,* want die koms van Christus is die koms van die Koninkryk van God. In die Bybel gaan dit dus om die koms van die Koninkryk van God, eers in vooruitsig en dan in sy aanvanklike en in sy uiteindelike koms. Hiermee het elke leser sy rigsnoer, waarmee hy of sy die weg sal vind deur die Skrifte. Só moet ons die Bybel lees. Dit is soos die Here Jesus self vir ons leer om die Skrifte te ondersoek. Lees Joh. 5:39. Dit is die kosbare pêrel, die Skat in die akker (Matt. 13:44-46).

Ruimte ontbreek om verder hierop breedvoerig in te gaan. Ons gaan nog net op een bergtop in die Bybel staan om dit te oorsien, dit is Luk. 24:25-27. Daar spreek die Here Jesus ná sy opstanding met sy dissipels, wat die Skrifte gelees het en nie verstaan het nie. Die Here Jesus het vir hulle die Skrifte so uitgelê van Moses en al die profete af, dat dit alles (die hele Ou Testament) op Hom sien, op sy dood en opstanding. Toe het hulle oë oopgegaan (v. 32). Die geskiedenis van Israel is (saamgevat): Ballingskap en terugkeer. Dit is die geskiedenis van die mensheid (van die Paradys af): Dit is ballingskap en terugkeer in Christus, wat vir ons gesterf en opgestaan het, tot vergewing

---

[1] *Die Bondsbode.*

van ons sondes, in Wie ons geestelik opstaan in die bekering (terugkeer uit die ballingskap van sonde) en liggaamlik opstaan (terugkeer uit die ballingskap van die dood) by sy wederkoms. In die Ou Testament is dit alles afgebeeld in die offerdiens en in die geskiedenis van Israel. Die Evangelies verhaal die koms van die Koninkryk in Christus. So moet ons die geboortegeskiedenis lees. Die Koninkryk van God het van die hemele gekom. Die beloofde Koning is gebore, die Seun van God. Vandaar die lofsange. Met die versoeking in die woestyn sien ons die heerskappy van Satan wankel op sy fondamente.

In die prediking van Jesus hoor ons van die Koninkryk en sy geregtigheid, die volmaakte gehoorsaamheid waartoe dit bring (Bergpredikasie) en van sy aanvanklike en uiteindelike koms (gelykenisse). In die wonderwerke sien ons die Koninkryk. Dit is nie maar 'n geestelike verlossing nie, maar verlossing van die hele mens, na siel en liggaam, en ook van die hele skepping. Met Pinkster sien ons die Koninkryk kom om te bly op aarde as vrug van die dood en opstanding van die Here Jesus en ons sien dit uitbrei oor die aarde, van Jerusalem af en verder. Dit is die boek Handelinge. In die Sendbriewe sien ons die ontvouing van die Koninkryk en al sy geestelike weldade in wedergeboorte, geloof, regverdigmaking, heiligmaking en heerlikmaking. Daarin dat dit alles in gewone herderlike briewe geskied, sien ons hoe die Koninkryk aansluit by die alledaagse lewe met sy vraagstukke en die hele lewe omvat. In Openbaring sien ons die uiteindelike koms van die Koninkryk met die wederkoms van Christus en die neerdaling van die nuwe Jerusalem op die nuwe aarde.

In dit alles sien ons die openbaring van God in sy trou, sy almag, sy genade en goedertierenheid, maar ook in sy gestrenge oordeel oor die wat nie geglo en Hom die eer gegee het nie.